
# NGKERK

# 350



350 JAAR GEREFORMEERD · DIE HOOP BESKAAM NIE ·

N G KERK

350

# N G KERK
# 350

*Eenhonderd bakens in die geskiedenis van die Nederduitse Gereformeerde Kerk*

*1652–2002*

†

Hoofredakteur: George Hofmeyr

LUX VERBI.BM

VOORBLAD

*Sondagskoolkinders voor die NG kerk op Caledon, ca 1870. Die kerk is op 1 Januarie 1813 ingewy. Die 'vrolike' fasade het oorwegend rococo- en Kaapse neo-Klassieke stylelemente met twee unieke engelfigure. Die argitek van dié sierlike kerk is onbekend. Dit is in 1876 vervang deur 'n groter struktuur wat deur CO Hager ontwerp is.*

*FOTO DEUR HE FRIPP*
*KAAPSTAD: HOPKINS-VERSAMELING, KAAPSTAD ARGIEFBEWAARPLEK*

HOOFREDAKTEUR
MNR GS (GEORGE) HOFMEYR
Afgetrede Direkteur, Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede
Tans vryskut-historikus, toeristegids en navorsingsgenoot, Departement Kerkgeskiedenis
Universiteit van Pretoria

REDAKTEURS
DS PJ (JOHAN) BOTES
Predikant van die NG Gemeente, Kaapstad (Groote Kerk)
DR W (WILLIE) BROWN
Predikant van die NG Gemeente, Monte Vista
DR FM (FRITS) GAUM
Hoofredakteur, *Die Kerkbode* en *Lig*
Voorsitter, CNW-Media
PROF JW (HOFFIE) HOFMEYR
Departementshoof, Departement Kerkgeskiedenis, Universiteit van Pretoria
DR AR (ANDRÉ) OLIVIER
Predikant van die NG Gemeente, Kaapstad (Groote Kerk)
Deeltydse dosent in Ekklesiologie, Universiteit van Stellenbosch

HOOFMEDEWERKERS
DR D(DAN) SLEIGH
MNR J (JAN) VAN DER POLL
PROF PB (FLIP) VAN DER WATT

MEDEWERKERS
PROF JC (HANNES) ADONIS
MEV V (VIDA) LE ROUX ALLEN
DS K (KALLIE) AUGUST
PROF AC (ATTIE) BARNARD
DR PW. (PIETER) BINGLE
DS PJ (JOHAN) BOTES
MEV M (MARIANA) BOTES
DS DP (DAVID) BOTHA
DR WJ (WILLIE) BOTHA
DS HJD (HERBERT) BRAND
DR W (WILLIE) BROWN
DR D (DIONNE) CRAFFORD
PROF P (PIETER) COERTZEN
DS HC (HENNO) CRONJE
DR C (CORNELIA) DE KOCK
DR GC (CON) DE WET
DR WA (WIM) DREYER
PROF J (JANNIE) DU PREEZ
PROF EP (EVERT) GROENEWALD
DR FM (FRITS) GAUM
DR J (JOHAN) HAMILTON
DS MR (ROCHÉ) HEYNS
MNR GS (GEORGE) HOFMEYR
PROF JW (HOFFIE) HOFMEYR
PROF C (CHRISTINA) LANDMAN
DS HJ (HANS) LINDE
DR C (CHRIS) LOFF
PROF PGJ (PIET) MEIRING
DS D (DENNIS) NAIDOO
DR MM (THYS) NIEWOUDT
DR AR (ANDRÉ) OLIVIER
PROF CM (MARTIN) PAUW
PROF PC (PIETER) POTGIETER
DR JC (CELESTINE) PRETORIUS
DR OHS (OCKIE) RAUBENHEIMER JR
DS N (NOËL) SCHREUDER
DR D (DAN) SLEIGH
PROF DJ (DIRKIE) SMIT
DR MJ (MIKE) SMUTS
PROF PJ (PIET) STRAUSS
DS FA (FREEK) SWANEPOEL
DR RB (BOTHA) VAN AARDE
DR J (JOHAN) VAN DER MERWE
DS W (WILLIE) VAN DER MERWE
PROF PB (FLIP) VAN DER WATT
MNR HP (PIETER) VAN DER WESTHUIZEN
DS J (KOBUS) VAN DER WESTHUYZEN
PROF PR (FLIP) VAN DIJK
DR WJ (WILLEM) VAN ZIJL
PROF PA (PIETER) VERHOEF
DR J (JAN) VISAGIE

REDAKSIONELE ADVISEURS
PROF PC (PIETER) COERTZEN
PROF JW (HOFFIE) HOFMEYR
PROF PJ (PIET) STRAUSS

HOOFFOTOGRAWE
MNR REINIER BRÖNN
MNR ANDRÉ PRETORIUS
MNR ABRIE SWIEGERS
MNR WILLEM MALHERBE

ADVISEURS: ILLUSTRASIES
DR GABEBA ABRAHAMS-WILLIS
DR ISAAC BALIE
MEV CHRISTA BOTES
MEV MARIANA BOTES
DS DAVID BOTHA
MEJ LORETHA DU PLESSIS
DR JOHAN FRONEMAN
MEJ HERMA GOUS
MNR JOH GROENEWALD
MNR OTTO LIEBENBERG
MNR HEINIE ODENDAAL
PROF MARTIN PAUW
DR CELESTINE PRETORIUS
DR BOTHA VAN AARDE
MNR PATRICK VAN WYK
PROF NIGEL WORDEN

STATISTIEK
PROF JANNIE DU PREEZ
DR JOHANNES ERASMUS
MEV HENDA GAUM
PROF JURGENS HENDRIKS
PROF MARTIN PAUW

SEKRETARIEEL
MEV ANNALET HOFMEYR
MEV MARIE LAMBRECHTS

Kopiereg 2002 © Lux Verbi.BM
Posbus 5, Wellington 7654

Alle regte voorbehou

Alles wat moontlik is, is gedoen om die eienaars
van kopiereg in die aanhalings en illustrasies
wat in hierdie boek gebruik is, op te spoor.
Ons vra by voorbaat verskoning vir enige
moontlike onbewuste weglating in hierdie verband.

Geen gedeelte van hierdie werk mag
sonder die skriftelike verlof van die uitgewer
gereproduseer of in enige vorm of langs enige
weg weergegee word nie, hetsy deur fotokopiëring,
plaat- of bandopname, vermikrofilming of enige
ander stelsel van inligtingbewaring.

Ontwerp deur Willem Jordaan
Taalredigering deur Gretha Aalbers
Geset in Plantin deur Lux Verbi.BM
Skandering van illustrasies en foto's deur
The Scan Shop, Kaapstad

Gedruk en gebind deur
NBD/Paarl Print, Drukkerystraat, Kaapstad

Eerste uitgawe, eerste druk 2002

ISBN 0 7963 0052 6

# Donateurs

Ons dank aan die volgende donateurs wat bygedra het tot die navorsing en publikasie:

DIE GROOTE KERK KAAPSTAD

DIE LW HIEMSTRA TRUST
Wat hulle beywer vir die publisering van unieke werke in Afrikaans

N G KERK-UITGEWERS

DIE UNIVERSITEIT PRETORIA
Departement Kerkgeskiedenis

# Bedankings

Die publikasie van 'n boek van hierdie omvang binne 'n betreklike kort tydsbestek sou onmoontlik gewees het sonder die hulp en samewerking van talle instansies en persone. Die groot aantal organisasies wat by die samestelling van hierdie feespublikasie betrokke was, het navorsingsinrigtings soos argiewe, museums en biblioteke ingesluit. Die betrokke hulpvaardige personeel word opreg bedank. Veral wyle ds HC Hopkins se fotoversameling by die Kaapstad Argiefbewaarplek was van onskatbare waarde, asook die versamelings in die NG Kerkargiewe in Bloemfontein, Kaapstad en Pretoria. Die volgende instansies verdien spesiale vermelding:

*Beeld*
Bybelgenootskap van Suid-Afrika
Casteel de Goede Hoop
Casteel Militêre Museum
Consort Ex Cargo
*Die Burger*
*Die Kerkbode*
Iziko Museums van Kaapstad
Kaapstad Argiefbewaarplek
Kerkraad en personeel, NG Gemeente Kaapstad
Kerkrade van verskeie ander gemeentes
Kommissie vir Getuienisaksie, Kaapstad
Kunsstigting Rembrandt van Rijn
McGregor Museum, Kimberley
Morawiese Sendingmuseum, Genadendal
Nasionale Afrikaanse Letterkundige Museum, Bloemfontein
Nasionale Biblioteek van Suid-Afrika, Kaapstad
Naspers, Kaapstad
NG Kerkargief, Bloemfontein
NG Kerkargief, Kaapstad
NG Kerkargief, Pretoria
Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein
Rust-en-Vreugd, Kaapstad
SA Erfenis Hulpbronagentskap, Bloemfontein
SA Erfenis Hulpbronagentskap, Kaapstad
SA Filateliediens, Pretoria
SA Sendinggestig-museum, Kaapstad
Saakgelastiges en personeel van die verskillende sinodes van die NG Kerkfamilie in SA en die buiteland
The Scan Shop, Kaapstad
Sentrum vir Bewaringsopvoeding, Wynberg, Kaapstad
Sinodale Kommissie vir die Diens van Barmhartigheid, Kaapstad
Stellenbosch Museum, Stellenbosch
Suid-Afrikaanse Kultuurhistoriese Museum, Pretoria
Teologiese Fakulteite, Universiteite van Pretoria, Stellenbosch en die Vrystaat
Vrouediens van die NG Kerk, Kaapstad
William Fehr-versameling, Kaapstad

Benewens al die medewerkers, adviseurs en ander persone wat elders vermeld word, is daar talle individue wie se bydrae in amptelike verband en andersins graag genoem word. Daar kan noodwendig nie aanspraak op volledigheid gemaak word nie. Vir die verskaffing en kontrolering van inligting, deskundige advies, beskikbaarstelling van foto- en beeldmateriaal, toestemming vir publikasie en bystand op talle ander maniere, word dank aan die volgende persone betuig:

mev Anna-Marie Brink
mev Marise Bronkhorst
mej Johanna Burger
mev Jeanette Coetzee
ds Marius Cornelissen
mev Sophie de Jager
prof Dawid de Villiers
prof Kay de Villiers
dr Janette Deacon
prof Hans du Plessis
mej Hannetjie du Preez
dr Ben du Toit
mev Bronwyn Fortuin
mnr Jan Fourie
mev Susara Fourie
mev Leonie Fraser
mev Dinkie Froneman
mnr Ebrahim Ganief
prof Gerhard Geldenhuys
me Marion George
mev Charlotte Gericke
mej Herma Gous
mnr Natie Greeff
prof Leon Hattingh
mnr Deon Herselman
mnr Danie Hofmeyr
mev Linda Hofmeyr
dr Lou Hofmeyr
mev Hanna Hopkins
me Sigi Howes
mnr Philip Hutchings
mnr Neels Jackson
mnr Ernie Jacobs
mnr Russell Jones
mnr Stephen Keet
mnr John Kramer
ds Gerrit Kritzinger
mev Elana Lategan
mev Erika le Roux
mnr Marius le Roux
mnr Bob Lightley
mnr Sammie Loots
mev Hester Louw
mev Senobia Lutz
dr Fana Malherbe
mev Wilma Malherbe
mnr Cecil McDonald
mnr Robert Meas
mnr Hannes Meiring
mev Wenda Melck
me Lalou Meltzer
mnr Andrew Mitchell
me Fadwa Moerat
sers Claude Mullins
mnr Chezray Nathan
mej Loret Oberholzer
mnr Brian Oliver
mej Driske Olivier
mnr John Oxlee
me Anet Pienaar
mev Estelle Pretorius
mev Liza Reyneke
mev Elzé Rossouw
mev Laetitia Rossouw
mnr Pieter Rossouw
dr Helena Scheffler
mnr Karel Schoeman
mnr Bernard Scholtz
mej Michelle Sedras
mnr Christie Sheldon
me Zahida Sirkhotte
mev Brenda Smal
mnr Achmat Smit
dr Etienne Smit
mev Mariaan Smuts-Wiles
mnr Stephan Spies
mev Carol Stone
mnr Frans Stroebel
mev Erika Terblanche
me Lizelle Terblanche
mnr Justus Tsungu
mev Mims Turley
mnr Martiens van Bart
mnr Henk van Capelle
mnr Ashley van Dieman
mnr Hendrik van Huyssteen
mnr Peter van Schaik
mnr Lukas van Vuuren
mev Fiona van Wyk
mej Marietjie van Zyl
mev Irma Vermeulen
mev Sanette Vermeulen
mnr Johan Volsteedt
mnr Hennie Vos
dr Deon Wege

# Inhoudelik


11 VOORWOORD EN VERANTWOORDING
12 NG KERK: WAARVANDAAN?
16 VROEË HISTORIESE MOMENTE VAN DIE KERK
18 TYDLYN

**EERSTE ERA** (1652-1804)

28 1 **1652** DIE GESAG VAN KERK TEENOOR STAAT
30 2 **1652** MET PREEKBUNDEL EN PLAKKAAT
32 3 **1652** DIE EERSTE 'SIECKENTROOSTERS' OF 'KRANCKENBESOEKERS'
34 4 **1652** KERKDIENSTE IN DIE FORT EN KASTEEL
36 5 **1652** DIAKONIE EN DIAKONAAT
38 6 **1652** VROEË KAAPSE BEGRAFNISGEBRUIKE EN GRAFTE
40 7 **1657** VAN VRYBURGERS TOT VEEBOERE
42 8 **1658** HAND AAN HAND MET DIE ONDERWYS
44 9 **1662** DIE KAAPSE KERK EN DIE KOIKOI
46 10 **1665** DIE EERSTE PREDIKANT EN DAARNA
48 11 **1686** 'N NUWE GEMEENTE OP STELLENBOSCH
50 12 **1687** MY ERFENIS IS VIR MY MOOI
54 13 **1688** DIE FRANSE GEREFORMEERDE VLUGTELINGE
56 14 **1704** VAN MOEDERKERK TOT GROOTE KERK
58 15 **1737** DIE MORAWIESE SENDING ONDER DIE KOIKOI
60 16 **1743** DIE GEMEENTES VAN ROODEZAND EN ZWARTLAND
62 17 **1746** DIE IDEAAL VAN 'N KAAPSE KLASSIS
64 18 **1780** 'N LUTHERSE GEMEENTE AAN DIE KAAP
66 19 **1789** DIE KANSEL – WAAR DIE WOORD REGEER
68 20 **1792** DIE OPKOMS VAN SENDINGGENOOTSKAPPE
70 21 **1795** DIE VRYE 'REPUBLIEKE' EN DIE KAAPSE KERK
72 22 **1799** HET ZUID-AFRIKAANSCH ZENDELINGS GENOOTSCHAP

**TWEEDE ERA** (1804-1902)

76 23 **1804** DIE *PROVISIONELE KERKEN-ORDE* - KERKORDE OF STAATSORDE?
78 24 **1814** ANGLISERING EN DIE SKOTSE PREDIKANTE
80 25 **1815** HET WEESHUIS – DIE EERSTE KINDERHUIS
82 26 **1818** BIJBELVEREENIGING EN BIJBELGENOOTSCHAP
84 27 **1820** DIE OOS-KAAP: SUID-AFRIKAANSE SMELTKROES
86 28 **1824** DIE EERSTE SINODE VESTIG 'N KERKVERBAND
88 29 **1829** DIE VOORSTE GESTOELTES
90 30 **1830** 'SING TOT SY EER ... EN LOOF BY INSTRUMENTESPEL'
92 31 **1834** SLAWE: VRYGESTEL DEUR DIE DOOP
94 32 **1837** DIE VOORTREKKERS – 'EEN REIZENDE GEMEENTE'
96 33 **1838** DINGAANSDAG, GELOFTEDAG, VERSOENINGSDAG
98 34 **1841** 'WENBURG': EERSTE VRYSTAATSE GEMEENTE
100 35 **1841** KATEGESE EN SONDAGSKOOL – TEKENS VAN HOOP
102 36 **1842** NUWE 'WETTEN EN BEPALINGEN' EN 'N NUWE NAAM
104 37 **1842** DIE EERSTE TRANSVAALSE GEMEENTE IN ONSTUIMIGE TYE
106 38 **1843** ORDONNANTIE 7: VRYHEID OF VERKNEGTING?
108 39 **1843** ST STEPHENS: KERK VAN VRYGEMAAKTE SLAWE
110 40 **1849** DIE BODE VAN DIE KERK
112 41 **1853** DIE HERVORMDE KERK – VRY EN ONAFHANKLIK
114 42 **1857** DIE 'ZWAKHEID VAN SOMMIGEN'
116 43 **1859** 'N KWEEKSKOOL OP EIE BODEM
118 44 **1859** DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA
120 45 **1860** 'N GOLF VAN HERLEWING
122 46 **1862** DRIE HOFSAKE SKUD DIE KERK
124 47 **1864** 'N KLEIN SINODE DOEN GROOT WERK IN NATAL
126 48 **1865** DIE VRYSTAATSE SINODE 'UIT DEN BOESEM DER GEMEENTEN'
128 49 **1867** MÉÉR AS DIE GESKITTER VAN DIAMANTE

130 50 **1874** DIE HUGENOTE SEMINARIE IN DIE WAGENMAKERSVALLEI
132 51 **1874** VAN 'CHRISTELIJKE JONGELIEDEN' TOT CHRISTEN-STUDENTE
134 52 **1875** AFRIKAANS – KOMBUISTAAL TOT KANSELTAAL
138 53 **1877** UITREIKING IN AFRIKA
142 54 **1881** DIE ONTWAKING VAN VADERLANDSLIEFDE
144 55 **1881** DIE NG SENDINGKERK IN AFSONDERLIKE KERKVERBAND
146 56 **1881** 'N MODEL VIR LIDMATE MET SPESIALE BEHOEFTES
148 57 **1882** DIE EERSTE TEHUISE VIR BEJAARDES
150 58 **1885** KERKVERENIGING IN DIE ZAR
152 59 **1886** DIE KERK EN DIE GOUE STAD
154 60 **1890** VAN VROUESENDINGBOND TOT VROUEDIENS
156 61 **1899** DIE ANGLO-BOEREOORLOG EN DIE KERK

**DERDE ERA** (1902-1961)

160 62 **1902** HERONTWAKING EN HEROPBOU NÁ DIE ANGLO-BOEREOORLOG
162 63 **1907** DIE STREWE NA KERKLIKE EENHEID
164 64 **1914** DIE REBELLIE – 'N KRISIS VIR DIE KERK
166 65 **1915** 'N REDDINGSAKSIE VIR ARMOEDE
168 66 **1924** DIE EREDIENS: TOE EN NOU
172 67 **1932** DIE NG KERK VERSUS DU PLESSIS
174 68 **1933** DIE BYBEL IN AFRIKAANS
176 69 **1935** DIE SENDINGBELEID KRY GESTALTE
178 70 **1938** 'N TEOLOGIESE FAKULTEIT VIR TUKKIES
180 71 **1938** KERK, VOLK EN KULTUUR
182 72 **1939** KAPELAANSDIENSTE IN TYE VAN OORLOG EN VREDE
184 73 **1943** DIE KERK NOORD VAN DIE ZAMBEZI
186 74 **1944** DIE *PSALM- EN GESANGEBOEK*: 'N TRIOMF VIR KERK EN TAAL
188 75 **1948** VAN PREDIKANT TOT PREMIER
190 76 **1952** DIE VAN RIEBEECKFEES – VOLKSFEES OF KERKFEES?
192 77 **1957** 'N KERK VIR DIE LAND VAN DIE NAMIB
194 78 **1960** DIE COTTESLOE-BERAAD

**VIERDE ERA** (1962-2002)

198 79 **1962** EEN LIGGAAM EN EEN GEES
200 80 **1963** DIE NG KERK IN AFRIKA
202 81 **1965** VAN NG INDIËRKERK TOT REFORMED CHURCH IN AFRICA
204 82 **1969** MEDIA IN DIENS VAN DIE EVANGELIE
206 83 **1974** JEUG TOT JEUG
208 84 **1974** STEMME VIR EN TEEN APARTHEID
210 85 **1978** 'N TEOLOGIESE FAKULTEIT VIR DIE VRYSTAAT
212 86 **1982** 'N *STATUS CONFESSIONIS* LEI TOT DIE BELYDENIS VAN BELHAR
214 87 **1982** VROUE IN DIE KERKRAAD EN OP DIE KANSEL
216 88 **1986** MET *KERK EN SAMELEWING* DEUR DIE RUBICON
218 89 **1990** BELYDENIS, VERGIFNIS EN VERSOENING BY RUSTENBURG
220 90 **1994** DIE EENHEID VAN DIE GELOWIGES
222 91 **1994** DIE SINODE VAN VERSOENING
224 92 **1994** 'N NUWE ERA – 'N NUWE BARMHARTIGHEIDSDIENS
226 93 **1994** TOEKOMSSKOK OF TOEKOMSVISIE?
228 94 **1995** DIE NG KERK WORD 'N WÊRELDKERK
230 95 **1995** VORDERING OP DIE EKUMENIESE WEG
232 96 **1997** WAARHEID EN VERSOENING
234 97 **2001** 'N JAAR VAN HOOP WORD 'N ERA VAN HOOP
236 98 **2001** NUWE HOOP VIR KERKEENHEID
238 99 **2001** KOM, LAAT ONS SING!
240 100 **2002** DIE NG KERK SE FEESJAAR
242 NG KERK: WAARHEEN?
244 STATISTIEK
248 BIBLIOGRAFIE
250 REGISTER

# Voorwoord en verantwoording

Op 6 April 2002 gedenk ons die vestiging van die Protestants-gereformeerde geloof in Suid-Afrika 350 jaar gelede met die aankoms van Jan van Riebeeck en sy geselskap.

Die vestiging van 'n VOC-handelspos aan die Kaap verteenwoordig weliswaar nie die begin van die Suid-Afrikaanse geskiedenis nie, maar tog in 'n groot mate die oorgang na ons land se gedokumenteerde geskiedenis. Uit 'n kerkhistoriese perspektief het die NG Kerk saam met ander gereformeerde kerke 'n besondere rol in die verloop van dié geskiedenis gespeel. Daarom is dit gepas dat die verhaal van die kerk by hierdie geleentheid en op hierdie wyse gedokumenteer word.

Die verloop van 350 jaar in die geskiedenis van die kerk word by wyse van 100 kernagtige bydraes vertel – bakens wat elk 'n belangrike moment, aspek of keerpunt verteenwoordig. Om leesbaarheid te verhoog, is die bakens in vier eras ingedeel, wat elk oor 'n bepaalde fase in die geskiedenis handel en met 'n kritiese oorsig ingelei word. Verdere toeligting word verskaf met sowat 650 illustrasies en foto's, waarvan baie die eerste keer in 'n publikasie verskyn. Dit sluit 'n 'galery' van kerkfigure in. 'n Klassieke tipografiese aanslag is gekies om 'n tydlose en kosbare publikasie daar te stel. Statistiese gegewens, tydlyne, feiteflitse, 'n bibliografie en register verhoog verder die bruikbaarheid van die boek. Daar word gehoop om hiermee 'n beskeie bydrae tot die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing in die algemeen en dié van die kerk in die besonder te maak. Dit gee hopelik ook 'n perspektief op die talle raakpunte tussen ons kerkgeskiedenis, kultuurgeskiedenis en sekulêre geskiedenis.

Met die keuse van 100 bakens is daar gepoog om 'n omvattende en oorsigtelike beeld van die NG Kerk in al sy fasette te gee. Deur die medewerking van meer as 'n honderd kundiges op verskillende gebiede word sover moontlik 'n gebalanseerde verhaal vertel en kom 'n geïntegreerde geheelbeeld uiteindelik na vore. Daar kan egter noodwendig nie op algehele volledigheid of objektiwiteit aanspraak gemaak word nie. Nogtans bied die boek 'n perspektief op die lig én donker van die NG Kerk se verhaal. Daar is nie geskroom om die dwalinge van die kerk krities en sonder verontskuldiging te beskou nie. Andersyds is gepoog om die positiewe werksaamhede en beeld van die kerk op gepaste wyse uit te dra.

Die evaluering en erkenning van die verlede, met al sy kenterings en krisisse, bring uiteindelik herlewing en heropbou. Telkens het keerpunte ook vir die kerk boodskappe van hoop gebring, soos ook vandag die geval is. Van die bemoedigende tekens vir die toekoms wat in hierdie boek duidelik na vore kom, is die vervaging van kleurgrense in die NG Kerk, die toenemende besef dat die 'sendingveld' nie meer gerusstellend ver is nie, maar hier by ons, en die beweging in die rigting van groter eenheid in die gereformeerde familie. Die wens is dat hierdie publikasie ook sal bydra om die tydlose boodskap oor te dra: Die hoop beskaam nie.

## SLEUTELTERME

Verskeie terme wat deurgaans in die boek gebruik word, verdien verdere toeligting. Die *Kaapse Kerk* verwys na die kerk in die eerste tweehonderd jaar van die Nederduitse Gereformeerde Kerk se geskiedenis. Die naam *Nederduitse Gereformeerde Kerk* is eers in 1842 aanvaar en val min of meer saam met die noordwaartse migrasie van gereformeerdes, asook die ontstaan van die Nederduitsch Hervormde Kerk (1853) en die Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika (1859).

Die begrip *gereformeerd* is in Nederland en sedert 1652 algemeen aan die Kaap gebruik. Dit is van die Franse *l' Eglise réformeè* afgelei – die naam van Calvyn se kerk. Die suiwerder Nederlandse vorm van dié naam, die Hervormde Kerk, is periodiek as wisselvorm gebruik. Die naam *Nederduits* is afgelei van Neder-Duitsland wat Nederland se Germaanse of Dietse oorsprong aandui – die geografiese en taalkundige bakermat van die meeste setlaars in die VOC-era. Dit is sinoniem met *Nederlands* of *Hollands*. Die begrip *Nederduits* was tot die negentiende eeu selde in kerkkonteks gebruik. Die kerk is vanaf 1806 egter toenemend aangedui as die *Dutch Church* of *Dutch Reformed Church* (Nederduitse Kerk) omdat verskeie Engelse kerke na die tweede Britse oorname in 1806 hulle verskyning gemaak het. Die benaming *Nederduits* en die Engelse ekwivalent is dus gebruik om die kerk te onderskei. Ná die bevestiging en formalisering van dié naam by die sinodesitting van 1842 sou die kerk voortaan bekend staan en voortbestaan as die Nederduitse Gereformeerde Kerk.

## ERKENNINGS

Hierdie publikasie was slegs moontlik danksy 'n reusepoging van 'n groot groep mense, wat elders by name bedank en vermeld word. Die eerste gedagte aan so 'n publikasie het grotendeels in die geledere van die NG Gemeente Kaapstad (Groote Kerk) ontstaan. Op 'n voorstel van mnr Stephan Spies, besturende direkteur van Lux Verbi.BM, is die oorspronklike konsep om die verhaal van die ses gereformeerde gemeentes in die VOC-era te vertel, uitgebrei tot die volle verhaal van die NG Kerk oor 350 jaar. Vanweë faktore soos die lang tydperk wat die Kaapse Kerk beslaan, die betrokkenes by die projek en die beskikbare navorsingsfasiliteite het die boek in 'n mate 'n Kaapse inslag.

Die meer as 50 medewerkers, almal kundiges op hulle gebied, se bydraes vir die 100 bakens moes letterlik binne weke nagevors en geskryf word. Die drie hoofmedewerkers het elkeen op unieke wyse bygedra tot die publikasie. Die redakteurs het onmisbare insette gelewer ten opsigte van die konseptualisering, omvattende beplanning en afronding van die projek. Hulle raad en bystand te alle tye word opreg waardeer – ook ten opsigte van die keuse van illustrasies, byskrifte en feiteflitse. Soos elders blyk, is van talle navorsingsbronne gebruik gemaak. Die redaksie neem verantwoordelikheid vir die feiteflitse, byskrifte en keuse van illustrasies. Die menings van die redaksie verteenwoordig nie noodwendig dié van die medewerkers nie en andersom. Ek noem verder graag die name van Marie Lambrechts van *Die Kerkbode* en my vrou, Annalet. Sonder hulle reusebydrae sou publikasie binne die beskikbare tyd nie moontlik gewees het nie. Die professionele insette van die uitlegkunstenaar, Willem Jordaan, en taalredakteur, Gretha Aalbers, was van groot waarde om die boek uiteindelik te laat vorm aanneem. Scan Shop moet vermeld word vir die hoogstaande reproduksies wat hulle voorsien het. Die personeel van Lux Verbi.BM, wat onder groot druk gewerk het, word opreg bedank vir hulle aandeel. Peter van Schaik, wat die projek bestuur het, verdien veral vermelding.

Met hierdie spanpoging word die groei van die gereformeerde geloof en van die NG Kerk in Suid-Afrika gedenk. Mag dit dien tot die uitbouing van kerk en koninkryk in die toekoms.

Soli Deo Gloria
Aan God al die eer!

GEORGE HOFMEYR


1

# N G Kerk: Waarvandaan

Ná die eerste 350 jaar van die Nederduitse Gereformeerde Kerk se verhaal kan tereg gevra word waarvandaan die kerk kom en hoe het dit tot hier gekom? Die antwoorde hierop kan ongetwyfeld help om die NG Kerk te evalueer en 'n toekomsperspektief te gee.

DIE NEDERLANDSE GEREFORMEERDE ERFENIS

Die gereformeerde geloof in Suid-Afrika is in 1652 deur die Nederlandse koloniste na die Kaap gebring. Die Verenigde Oos-Indiese Kompanjie (VOC) het toegesien dat sy halfwegstasie op pad na en van die Ooste slegs deur die Nederlands Hervormde Kerk of Gereformeerde Kerk van daardie tyd bedien word.

Die Klassis (Ring) van Amsterdam het oorhoofse toesig oor die kerk aan die Kaap gehou. Dit het onder meer beteken dat die klassis inspraak gehad het oor talle aspekte, insluitende die keuse van leraars en gemeentes. In die afwesigheid van predikante is die kommandeurs of goewerneurs van VOC-handelsposte bygestaan deur sieketroosters, voorskrifte en preekbundels.

Die Nederlandse Kerk van die sewentiende eeu is deur 'n besondere spiritualiteit en gevestigde struktuur gekenmerk. Dit was 'n Protestantse en meer spesifiek 'n gereformeerde kerk. Van 1618 tot 1619 is die aard, struktuur en funksionering van die kerk deur die Sinode van Dordrecht vasgestel. Die Dordtse Kerkorde is nagevolg en die Dordtse Leerreëls het die derde belydenisskrif van die Drie Formuliere van Eenheid gevorm. Hierdie riglyne het benewens die Nederlandse Geloofsbelydenis en die Heidelbergse Kategismus die grondslag van die kerk gevorm. Dit was ook 'n uitvloeisel van 'n historiese proses wat onder invloed van die Geneefse hervormer Johannes Calvyn in Nederland sy beslag gekry het.


Die Kaapse Kerk het steeds by die Dordtse inrigting en belydenis gehou, maar ander invloede het na vore gekom, soos die humanisme. Die Hollandse gereformeerde inslag aan die Kaap is met die aankoms in 1688 van die Hugenote met hulle sterk geloofsoortuigings verder gevoed. Die houvas van Nederland het egter daarvoor gesorg dat die Hugenote se invloed beperk was en dat hulle betreklik gou vernederlands het.

Teen die agtiende eeu was die Nederlandse nedersetting aan die Kaap lank nie meer 'n verversingspos nie, maar 'n volwaardige kolonie. Die Kaapse Kerk het al hoe meer bewus geraak van die eiesoortige eise van geloofsbeoefening hier aan die suidpunt van Afrika. Die omstandighede het gevra dat die gemeentes aan die Kaap mekaar ondersteun. 'n Tyd lank het die Kaap selfs sy eie 'klassis' gehad waar hy op 'n beperkte skaal sy eie bediening kon reël. Nederland het egter gou sy houvas bevestig deur die ontbinding van die 'gecombineerde kerckvergaedering' in 1759.

Die Nederlandse kerkinrigting het noodwendig tekorte gehad. Dit het nie genoegsaam ruimte gebied vir 'n sendinguitreiking na die inheemse inwoners van Afrika nie. Die Morawiese sendingpoging het die Kaapse Kerk daarvan bewus gemaak. Na Georg Schmidt se terugkeer na Europa in 1743 het die sendingnood die kerk al hoe meer aangespreek. Sendinggenootskappe het in die laaste dekade van die ag-



2



3



4

tiende eeu na vore gekom. Dit was veral die invloede van die piëtisme en Nadere Reformasie wat die Kaapse Kerk meer sendinggerig gemaak het.

Die Nederlandse gereformeerde geloof kon ook nie al die Christene bedien nie. Gelowiges van Lutherse belydenis het hul vir hulle eie bediening gepleit. Dit is egter eers ná 'n lang proses in 1779 aan hulle vergun.

Die invloed van die Europese humanisme, met sy beklemtoning van die mens se rol in die verhouding teenoor God het die gereformeerde geloof verskraal. Die sogenaamde 'Doppers' was een groep wat die verskraalde geloof aangevul en gekorrigeer het met die werke van die 'oude schrijvers'. Dit was skrywers wat veral vanuit die Nadere Reformasie gekom het en probeer het om die gereformeerde geloof meer lewensgerig te maak.

### ANGLO-SAKSIESE INVLOEDE

Die negentiende eeu was vir die Kaapse Kerk 'n ingrypende periode. Verskeie faktore het sy aard en karakter blywend gevorm. Die Britse oorname van die Kaap in 1806 het die kerk se Nederlandse voedingsbron beperk en die kerk uitgelewer aan invloede uit die Anglo-Saksiese wêreld.

Nederland kon nie meer genoeg predikante voorsien nie, wat die Britse owerheid die geleentheid gegee het om in te gryp. Die gedagte het ontstaan dat Engelssprekende leraars sou kon help met die verengelsing van die Kaap. Hoewel dit 'n kontensieuse stap was, is dit tot die krediet van lord Charles Somerset, die goewerneur, dat predikante uit die Skots-Presbiteriaanse kerk gewerf is. Hierdie kerk het die naaste in belydenis aan die Kaapse Kerk gestaan. Die invloed van die Skotse predikante was beduidend. Die kenmerkende oortuiging van die Skots-Presbiteriaanse Kerk was dat die lewe van 'n gelowige Bybelgetrou moes wees – selfs al kom dit in konflik met die gemeenskap en owerheid. Die Skotse predikante was evangeliesgesind en het die kerk se bediening gelei om godsvrug na te streef.

Die Kaapse Kerk het algaande die realiteite van die Britse besetting in oënskou geneem. Die invloed van die Klassis van Amsterdam is beëindig en die Kaapse Kerk moes sy voete vind. Daar was gevolglik 'n dringende behoefte aan 'n sinode, wat uiteindelik in 1824 die eerste keer byeengekom het. Die rol van hierdie vergadering het vanweë verskeie faktore in die kerk oorheersend en bepalend geword. Sinodale besluite was bindend op gemeentes. Die sinode het al meer 'n gesagstruktuur as 'n vergadering geword. Sendingprojekte is ook deur die sinode onderneem en verskeie instellings tot stand gebring.

Die Groot Trek en sy gevolge het die Kaapse Kerk op gebreke gewys en nuwe eise gestel. Die noue band tussen die kerk en die Britse koloniale owerheid was nie vir die Voortrekkers aanvaarbaar nie en hulle was skepties oor die Anglo-Saksiese invloed. Met die koms van hulle eie leraar uit Nederland, ds D van der Hoff, het hulle hulle van die Kaapse Kerk gedistansieer. Hulle het aanspraak gemaak op die voortsetting van die Nederlandse gereformeerde geloof as die ware Nederduits Hervormde Kerk, 'n naam wat by afwisseling deur die Kaapse Kerk gebruik is.

Die Kaapse Kerk met sy humanistiese inslag het die




5



6

'Dopper'-groep van die Voortrekkers ook nie aangestaan nie. Hulle het besluit om hulleself los te maak van die Kaapse Kerk en die Nederduitsch Hervormde Kerk en terug te gryp na die oorspronklike Dordtse riglyne vir die gereformeerde geloof. Daarom het hulle die naam Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika gekies.

Die eise van die kerk in Suider-Afrika het meegebring dat die Nederduitse Gereformeerde Kerk – soos hy homself sedert 1842 genoem het – nie meer na Nederland of Skotland wou opsien vir predikante nie. Met die opening van die Kweekskool op Stellenbosch in 1859 het die NG Kerk twee hoogleraars uit eie bodem aangestel. Proff J Murray en NJ Hofmeyr was evangeliesgesinde teoloë, 'n ingesteldheid wat uiteraard 'n groot invloed op hulle studente gehad het.

Sedert die middel van die negentiende eeu het die Anglo-Saksiese invloed uit die VSA sterker geword. Die verskynsel van herlewings het die evangeliesgesinde predikante aangegryp. Dit is gesien as 'n besondere werking van die Heilige Gees en daarvoor is baie gebid. Uit hierdie atmosfeer is die Pinksterbidure gebore. Die jaarlikse Pinksterdienste is moontlik die beste uitdrukking van die spiritualiteit van die NG Kerk. Die beste vertolker hiervan was dr Andrew Murray.

Die evangeliesgesinde dominees het sterk klem gelê op onderwys en sending. Deur hulle toedoen het onderwysinstellings soos Paul Roos Gymnasium, Paarl Gymnasium, Grey Kollege en Hugenote Kollege tot stand gekom. Sending was vir evangeliesgesindes die duidelikste teken van godsvrug. Die vrug van sending moes egter kerklik bedien word, wat nie maklik was binne 'n multi-kulturele samelewing nie. Die NG Kerk het gekies vir 'n eiesoortige bediening.

Die besluit oor die 'zwakheid van zommigen' was voordelig vir lidmate wat liewer op rassegrondslag geskei wou wees. En tog was dit nie die oorweging toe ds Andrew Murray se afsonderlike eredienste voorgestel het nie. Die 'swakheid' het ook gegeld vir die kultuurgroepe wat nie die Nederlandse dienste kon volg nie, maar meer baat gevind het by afsonderlike dienste in hulle idioom. Dit het gegroei tot afsonderlike gemeentes en in 1881 tot 'n eie sinode – die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk.

## NUWE RIGTINGS IN DIE TWINTIGSTE EEU

Die groeiende imperialisme van Brittanje het 'n vaderlandsliefde by Afrikaners wakker gemaak. Dit is aangehelp deur twee oorloë wat vyandiggesindheid teen die Anglo-Saksiese wêreld gekweek het. Die Afrikaans-gereformeerde kerke was teleurgesteld in die Engelse kerke. Die NG Kerk het homself gevolglik al meer gesluit vir invloede uit Brittanje en na Nederland en selfs die VSA geluister.

Aan die einde van die Anglo-Boereoorlog in 1902 moes die kerk weer sy voete vind. Gelowiges wat 'n afkeer van die Britse owerheid gehad het, moes bedien word. Die kerk het hierby aangesluit en Afrikaner-nasionalisme in sy bediening geakkommodeer. Dit het die nodige impetus verleen om die armoedevraagstuk daadwerklik aan te pak. Die vraag ontstaan egter of hierdie ingesteldheid die kerk gehelp het om op 'n Bybelse manier die vraagstukke van 'n multikulturele land te hanteer.

Om vir die onderskeie bevolkingsgroepe voorsiening te maak, het die NG Kerk oplossings in verskeie oorde gesoek. Die Duitse sendingwetenskap en die leer van soewereiniteit in eie kring van dr Abraham Kuyper van Nederland is twee belangrike invloede op die kerk se regverdiging van afsonderlike ontwikkeling, of apartheid. Die kerk se bediening met verskillende sinodes vir die verskillende bevolkingsgroepe is ook op dié model gebou. Daarvan getuig die stigting van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika vir swart mense en die Reformed Church in Africa vir Indiërs.

7



8


*1 Skildery van 'Avondmaal' deur Lambert Jacobsz (1598-1636) uit die Von Dessin-bemaking, 1761.*
GROOTE KERK-VERSAMELING. FOTO: J VAN DER POLL

*2 Die Hervormer Johannes Calvyn (1509-1564) het beslag gegee aan die gereformeerde Protestantisme.*
GROOTE KERK-VERSAMELING. FOTO: J VAN DER POLL.

*3 Die Sinode van Dordrecht (1618-1619) het die belydenisskrifte van die Nederlandse Kerk omskryf.*

*4 Die Hervormer Martin Luther (1483-1546), grondlegger van Protestantisme wat met sy volgelinge teen die Rooms-Katolieke Kerk se lerings en praktyke 'geprotesteer' het.* GROOTE KERK-VERSAMELING. FOTO J VAN DER POLL.

*5 Africae deur J Speed, 1626 – kort voor 'kerkplanting' aan die suidpunt van die kontinent, 1652.* FEHR-VERSAMELING.

*6 Die Portugese ontdekkingsreisigers het met die oprigting van klipkruise (padraos), soos dié by Angra Pequena, Namibië, gebiede in die naam van die koning en Rooms-Katolieke Kerk geproklameer.*
NASIONALE BIBLIOTEEK VAN SA.

*7 Die Here XVII het bestaan uit sewentien direkteure van ses Nederlandse handelskamers van die VOC.*

*8 Gedurende die VOC-era het die Nederlanders na die San as 'Bosjesmans' verwys. Hulle geloof in bonatuurlike magte is dikwels in rotstekeninge weerspieël. Dié San-tekening, een van sowat 15000 Suid-Afrikaanse rotskunsterreine toon 'n rite deur medisynemense (shamans) - dikwels in 'n beswyming. Tydens die VOC-era het die kerk nie na die San uitgereik nie.* ERKENNING: J DEACON.

*9 Maritge Voogt, 'n gelowige vrou - deel van ons Nederlandse erfenis. Willem Stad (1873-1959) na Frans Hals (1581-1666).*
ERKENNING: HOLLAND COLLECTIE H VAN CAPELLE.

Die spanning wat ontstaan het as gevolg van prof J du Plessis se hantering van kritiese teologiese vraagstukke het die NG Kerk ook genoodsaak om antwoorde van buite te soek. Die konflik met Du Plessis het die kerk verder oopgestel vir die invloede van die Gereformeerde Kerken van Nederland, die Vrye Universiteit in Amsterdam en van Princeton in die VSA. Hierdie invloede het die NG Kerk weer gehelp om meer konfessioneel met sy geloof om te gaan.

Gedurende die twintigste eeu het die wêreld gekrimp. Ekumeniese bewegings het in verskeie wêreldliggame uitdrukking gevind. Die Internasionale Sendingraad, die Wêreldraad van Kerke, die Gereformeerde Ekumeniese Sinode en ander het die NG Kerk nie onaangeraak gelaat nie. Aanvanklik het die NG Kerk entoesiasties gedeel in die ekumeniese ideaal en daaraan meegedoen. Namate die wêreldliggame meer krities oor die kerk se regverdiging van apartheid geword het, het die NG Kerk meer krities teenoor hierdie liggame gestaan. Hulle invloed het gevolglik afgeneem. Dit was eers ná die politieke omwenteling van 1994 weer moontlik om wisselwerking met dié ekumeniese liggame te bewerkstellig.

Die grootste invloed op die bediening van die NG Kerk in die tweede helfte van die eeu was egter afkomstig van die VSA, met sy voorliefde vir die prakties-werkbare benadering. Talle ondersoek-kommissies het die VSA besoek om te gaan leer hoe om die evangelie op die mees effektiewe manier te bedien. Verskeie modelle het in die NG Kerk inslag gevind, maar goeie begronding het egter nie prioriteit geniet nie. Die gevolg is dat die NG Kerk teen die einde van die 20ste eeu al hoe meer na sy identiteit begin soek het. Die besef en erkenning dat apartheid 'n politieke en kerklike dwaling was, het die soeke na 'n nuwe karakter aangehelp.


Die NG Kerk van 2002 is 'n gereformeerde kerk wat hoofsaaklik vanuit Nederlandse en Anglo-Saksiese bronne



9

gevoed is. Op 'n unieke manier vloei die twee strome in die NG Kerk ineen. Die evangeliese spiritualiteit wat eie aan die kerk is, wil graag lewensprakties wees. Daar is voortdurend 'n soeke na 'n lewe voor die aangesig van God (*coram Deo*). Dit is 'n tipiese evangeliesgesinde ingesteldheid.

Die NG Kerk is na 350 jaar steeds 'n gereformeerde kerk wat deur sy geskiedenis óf op 'n historiese óf 'n konfessionele manier aanspraak maak dat hy hom hou aan die gereformeerde belydenisskrifte.

WILLIE BROWN





# Vroeë historiese momente van die kerk

4vC Geboorte van Jesus Christus
29nC Kruisiging en opstanding van Christus en uitstorting van Heilige Gees
54-68 Keiser Nero en eerste amptelike vervolging van Christene
70 Jerusalem word vernietig
144 Marcion begin om sy dwalings oor die Bybelboeke te verkondig
160 Opkoms van Montanus met sy dwaling oor die wederkoms
312 Konstantyn, eerste Christen-Romeinse keiser, kom tot bekering
313 Edik van Milaan verklaar die Christelike geloof tot staatsgodsdiens
318 Arius verwerp Christus se Godheid
325 Geloofsbelydenis van Nicéa word aanvaar by die Konsilie van Nicéa
354 Geboorte van Augustinus, bekende kerkvader uit Afrika, wat 'n belangrike rol in die Rooms-Katolieke en latere Protestantse kerke gespeel het
381 Konsilie van Konstantinopel verwerp Arius se dwaling oor die Godheid van Christus
410 Rome word deur die barbare verower en kom tot 'n val
432 Patrick land in Ierland en verkondig die evangelie
451 Konsilie van Chalcedon aanvaar die belydenis van die twee nature van Christus
496 Koning Clovis van Frankryk kom tot bekering
540 Geboorte van pous Gregorius die Grote, wat die pouslike amp verstewig het
570 Geboorte van Mohammed, stigter van Islam
596 Gregorius vestig die kerk in Engeland onder pouslike gesag
632 Mohammed sterf en Moslems begin met heilige oorloë
690 Willibrord land aan die monding van die Ryn en begin met sendingwerk
722 Bonifasius begin met sendingwerk in die gebied van die huidige Duitsland
742 Geboorte van Karel die Grote, wat die Heilige Romeinse Ryk aan die kerk gebind het
900 Begin van Kluniaanse Hervorming, wat erns met die geloof beklemtoon het
1054 Skeuring tussen Oosterse en Westerse Kerk
1077 Die Investituurstryd tussen pous en keiser bereik 'n hoogtepunt met die erkenning deur die keiser van die hoër gesag van die pous
1090 Geboorte van Bernardus van Clairvaux, wie se mistieke geloofsbeoefening 'n groot invloed op Martin Luther gehad het
1095 Begin van Kruistogte, waartydens Christene die Heilige Land probeer bevry het van die Sarasene (Islam)
1182 Geboorte van Franciskus van Assisi, wat die armoede-ideaal beklemtoon het
1212 Sogenaamde Kinderkruistog




*Kruistogte (1095-1291)*



*Konstantyn die Grote*



*Karel die Grote*



*John Wesley, vader van Metodisme*

1215 Vierde Lateraanse Konsilie stel die transsubstansiasie-leer in die nagmaal vas
1252 Thomas van Aquino begin in Parys doseer. Sy *Summa theologica* vorm die basis van die Rooms-Katolieke Kerk se leer
1291 Einde van laaste kruistog
1384 Dood van John Wyclif, Engelse kritikus van die Rooms-Katolieke Kerk
1416 Johannes Huss sterf op brandstapel as ketter
1453 Einde van Bisantynse Ryk met die val van Konstantinopel
1455 Johann Gutenberg, pionier van die boek-drukkuns, druk eerste Bybel
1498 Savonarola van Florence, voorloper van die Hervorming, word tereggestel
1517 Die Hervorming begin met 95 stellinge van Martin Luther

*Die Kruising van Christus.* RENBRANDT VAN RIJN



# Tydlyn




Diaskruis by Kwaaihoek (1488)





*Gedenkseël, Johannes Calvyn*



*Model van VOC-skip* Afrika *(1680)*




*Grondplan van die Kasteel (1679)*



*Moederkerk, Stellenbosch (1686)*


| | WYER KONTEKS | SA KERKKONTEKS |
|---|---|---|
| 1488 | Bartholomeus Dias seil om Cabo de Boa Esperanca | |
| 1497 | Vasco da Gama seil om Kaap en ontdek seeroete na Indië | |
| 1501 | | Rooms-Katolieke kapel in Mosselbaai opgerig |
| 1510 | Dood van Francisco de Almeida en 57 volgelinge ontmoedig Portugese kolonisasie | |
| 1517 | Begin van Hervorming met Martin Luther se 95 stellinge | |
| 1536 | Johannes Calvyn begin met bediening in Genève | |
| 1561 | Nederlandse Geloofsbelydenis | |
| 1563 | Heidelbergse Kategismus | |
| 1596 | Edik van Nantes verleen godsdiensregte aan Protestante | |
| 1602 | Verenigde Oos-Indiese Kompanjie (VOC) gestig | |
| 1618 | Begin van Sinode van Dordrecht | |
| 1619 | Dordtse Leerreëls opgestel | |
| 1635 | | Oprigting van Rooms-Katolieke kapel in Natal |
| 1647 | Janszen en Proot skryf gunstige verslag oor Kaap ná stranding van Haerlem | |
| 1648 | Einde van Tagtigjarige Oorlog | |
| 1652 | Jan van Riebeeck vestig 'n halfwegstasie aan die Kaap<br>Oprigting van die Fort | Vestiging van gereformeerde 'religie' uit Nederland aan die Kaap<br>Bediening van eerste nagmaal deur ds J Backerius<br>'Sieckentrooster' W Wijland lei eerste godsdiensoefeninge |
| 1653 | | Bediening van eerste doop deur ds F Fonten |
| 1654 | | Eerste dankdiens |
| 1657 | Eerste vryburgers | |
| 1658 | Aankoms van eerste georganiseerde groep slawe | |
| 1659 | Eerste oorlog tussen VOC en Koikoi | |
| 1662 | | Doop van Eva (Krotoa) |
| 1665 | | Koms van eerste predikant, ds J van Arckel<br>Bevestiging van eerste kerkraad |
| 1666 | Begin met bouwerk aan Kasteel | Dood van ds Van Arckel<br>Aankoms van tweede leraar, ds J de Vooght |
| 1673 | Tweede VOC-Koikoi-oorlog | |
| 1679 | Simon van der Stel word goewerneur<br>Voltooiing van Kasteel | |
| 1685 | Edik van Nantes herroep en begin van Protestantse vervolging | |
| 1686 | | Stigting van Stellenbosch-gemeente |
| 1688 | | Koms van Hugenote |
| 1691 | | Stigting van Paarl-gemeente (Drakenstein) |
| 1694 | Aankoms en vestiging van Sjeg Yusuf en Moslem-volgelinge | |




*Titelblad van Franse Bybel uit Hugenote-era (1688)*



*Hugenote-gedenkteken in Franschhoek (1688)*




*NG Kerk Zwartland op Malmesbury (1745)*



*Lutherse kerk Strandstraat, Kaapstad (1780)*





*Ds HR van Lier (1764-1793)*



*Morawiese kerk Elim (1792)*


| | WYER KONTEKS | SA KERKKONTEKS |
|---|---|---|
| 1699 | WA van der Stel word goewerneur | |
| 1704 | | Moederkerk se eerste permanente kerkgebou ingewy |
| 1707 | | Ds P Kalden en goewerneur Van der Stel verban |
| 1713 | Eerste pokke-epidemie | |
| 1737 | | Koms van Georg Schmidt, eerste Morawiese sendeling |
| 1738 | San-oorlog | |
| 1743 | Besoek van baron Van Imhoff | Stigting van Tulbagh-gemeente (Roodezand) |
| 1744 | | Georg Schmidt staak sendingwerk |
| 1745 | | Stigting van Zwartland-gemeente (Malmesbury) |
| 1746 | | Kaapsche Classis (Gecombineerde Kerckvergaedering)<br>Eerste Suid-Afrikaansgebore predikant, ds P van der Spuy, begin bediening |
| 1752 | | Honderdjarige VOC-herdenking: Feesrede deur ds P van der Spuy |
| 1755 | Tweede pokke-epidemie<br>Rijk Tulbagh stel prag-en-praalwette in | |
| 1759 | | Afskaffing van Gecombineerde Kerckvergaedering |
| 1767 | Derde groot pokke-epidemie | |
| 1779 | Kaapse Patriotte word invloedryke beweging<br>Eerste Oosgrensoorlog | Toelating van Lutherse Kerk, eerste ander Christenkerk |
| 1780 | | Aankoms van ds A Kolver, eerste Lutherse predikant |
| 1786 | | Aankoms van sendinggerigte ds H R van Lier |
| 1787 | Geboorte van Shaka Zoeloe | |
| 1789 | Franse Revolusie | Inwyding van Anreith-kansel in Groote Kerk |
| 1792 | Stigting van Baptiste Sendinggenootskap in Engeland | Stigting van Graaff-Reinet-gemeente |
| 1793 | W Carey begin met sendingwerk in Indië | Hervatting van Morawiese Sending |
| 1794 | | Aankoms van ds MC Vos wat sending bevorder |
| 1795 | Vrye 'republieke' van Swellendam en Graaff-Reinet<br>Eerste Britse Besetting van Kaap na Slag van Muizenberg<br>Stigting van Londense Sendinggenootskap (LSG)<br>Stigting van Metodistekerk in Brittanje | Vestiging van eerste Engelse kerke |
| 1798 | | Stigting van Swellendam-gemeente |
| 1799 | Knegte-opstand | Totstandkoming van Zuid-Afrikaansch Zendelings Genootschap<br>Aankoms van dr JT van der Kemp en drie ander sendelinge van LSG |
| 1801 | | Sendingwerk onder Bechuana begin by Kuruman<br>Begin van sending by Klaarwater (Griekwastad) |
| 1802 | | Stigting van Bethelsdorp deur LSG |
| 1803 | Aanvang van Bataafse bewind | |
| 1804 | De Mist se skoolorde | De Mist se kerkorde |












*Het Weeshuis, Kaapstad (1815)* — *Gedenkseël van Bybelgenootskap (1818)* — *Dr Andrew Murray – gedenkseël (gebore 1828)* — *Moskee te Rylands*

| | WYER KONTEKS | SA KERKKONTEKS |
|---|---|---|
| 1805 | | Begin van Namakwaland-sending deur LSG |
| 1806 | Tweede Britse Besetting | Eerste diens van Metodistekerk (Wesleyane) |
| 1807 | Evangelische Gezangen in Nederland gepubliseer | |
| 1812 | *Swarte Ommegang* | Stigting van eerste Presbiteriaanse gemeente |
| 1814 | Britse Besetting bekragtig by Kongres van Wene<br>Lord Charles Somerset begin met angliseringsbeleid | Besluit om Skotse predikante te werf<br>Evangelische Gezangen eerste keer aan Kaap gesing |
| 1815 | Slagtersnek-opstand<br>Napoleon by Slag van Waterloo verslaan | Stigting van weeshuis |
| 1816 | Shaka word Zoeloe-opperhoof<br>Algemeen Reglement vir kerk in Nederland | |
| 1817 | | Aankoms van eerw R Moffat |
| 1818 | | Stigting van Bybelgenootskap |
| 1819 | | Aankoms in Suid-Afrika van dr John Phillip, Britse filantroop van LSG |
| 1820 | Aankoms van Britse Setlaars | Werwing van Skotse predikante |
| 1822 | | Aankoms van ds A Murray sr |
| 1824 | | Eerste sinode van Kaapse Kerk<br>Ds Abraham Faure begin *Het Nederduitsch Zuid-Afrikaansch Tijdschrift*<br>Begin van Lovedale Sending onder Xhosa<br>Eerw R Moffat begin sendingwerk op Kuruman |
| 1826 | | L Marquard as eerste sendeling van Kaapse Kerk georden |
| 1828 | Afskaffing van diskriminasie teen Koikoi deur Ordonnansie 50<br>Hoogtepunt van Difaqane (Volksverskuiwing)<br>Dood van Shaka Zoeloe | Stigting van Zuid-Afrikaansch Athenaeum (Universiteit van Kaapstad) in Groote Kerk |
| 1829 | | Paryse en Rynse Sendinggenootskappe begin sendingwerk |
| 1833 | | Paryse Sendinggenootskap begin werksaamhede onder Basotho's |
| 1834 | Vrystelling van slawe<br>Stigting van Berlynse Sendinggenootskap<br>'Afscheiding' in Nederland<br>Instelling van Wetgewende Raad | Kerk bedien vrygestelde slawe |
| 1836 | Begin van Groot Trek | |
| 1837 | | Buitengewone sinodesitting keur Groot Trek af<br>Eerste kerkraad en leraar van die Voortrekkers<br>Eerste Rooms-Katolieke biskop aangestel |
| 1838 | Slag van Bloedrivier | Gelofte van Bloedrivier<br>Berlynse Sendinggenootskap begin sendingwerk by Zoar |







*Dr Abraham Faure* — *St Stephenskerk, Kaapstad (1857)* — *Toringkerk, Paarl* — *Christelike Strewers-vereniging (1874)* — *Gehoorgestremdes, Skool vir Dowes (1881)*


| | WYER KONTEKS | SA KERKKONTEKS |
|---|---|---|
| | | Stigting van Pietermaritzburg-gemeente |
| 1839 | Eerste Kaapse Superintendent-generaal van Onderwys | Aankoms in Kaapstad van dr David Livingstone, sendeling-ontdekkingsreisiger |
| 1840 | | Stigting van eerste Vrystaatse gemeente, Winburg<br>Reglement van 1842 maak kerk vryer van staatsinmenging |
| 1841 | Oprigting van eerste sinagoge in Suid-Afrika | |
| 1842 | Britse anneksasie van Natal | Sinode besluit op benaming Nederduitse Gereformeerde Kerk<br>Stigting van eerste Transvaalse gemeente, Potchefstroom<br>Ordonnansie 7 vervang De Mist se kerkorde |
| 1843 | | Eerste Sinodale Sendingkommissie aangewys |
| 1846 | Stigting van Evangeliese Alliansie | Stigting van Bloemfontein-gemeente met ds Andrew Murray jr as eerste leraar |
| 1847 | | |
| 1848 | Brittanje annekseer Vrystaat | Aankoms van R Gray, eerste Anglikaanse biskop<br>Stigting van *De Gereformeerde Kerkbode* |
| 1849 | | Dr A Faure lewer feesrede by tweede eeufeesherdenking |
| 1851 | Eerste Basotho-oorlog | |
| 1852 | Onttrekking van Brittanje uit Oranjerivier Soewereiniteit met Sandrivier-konvensie<br>Totstandkoming van Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) | Stigting van Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika (NHK) |
| 1853 | Instelling van Verteenwoordigende Raad aan Kaap | Biskop Colenso word Anglikaanse biskop in Natal<br>Stigting van Pretoria-gemeente |
| 1854 | Sir George Grey word goewerneur<br>Totstandkoming van Republiek van Oranje-Vrystaat ná Bloemfontein-konvensie | Stigting van Grey Kollege in Bloemfontein met steun van NG Kerk |
| 1855 | | |
| 1856 | Begin van Xhosa-'selfmoord' | Besluit oor afsonderlike eredienste vanweë die 'zwakheid van sommigen' |
| 1857 | | Kaapse Kerk besluit oor sendingwerk buite Kolonie<br>Stigting van NG Gemeente St Stephens, Kaapstad<br>Opening van Kweekskool, Stellenbosch |
| 1859 | Charles Darwin publiseer *Origin of species* oor evolusie | Stigting van Gereformeerde Kerke in SA<br>Worcester-konferensie begin van geestelike herlewings |
| 1860 | Aankoms van Indiër-arbeiders in Natal<br>Opening van SA Biblioteek<br>Spoorlyn tussen Kaapstad en Wellington geopen | Aankoms van H Gonin en A McKidd, eerste buitelandse sendelinge van NG Kerk |
| 1861 | | Eerste Pinksterbidure, Paarl |




*Bannelingbeeld, Vrouemonument (1899-1902)*



*Einde van Eerste Wêreldoorlog (1918)*



*Mynwerkerstaking (1922)*




*Hoeksteenlegging Voortrekkermonument (1938)*



*Besoek van Britse koningsgesin (1947)*

| | WYER KONTEKS | SA KERKKONTEKS |
|---|---|---|
| 1862 | | Eerste burgerlike hofbeslissings oor liberale stryd |
| 1863 | | Eerste buitelandse sendingwerk van NG Kerk by Saulspoort en Soutpansberg |
| 1864 | | Eerste Natalse sinode |
| 1865 | | Eerste Vrystaatse sinode<br>Verhoor van Biskop Colenso<br>Bekendstelling van eerste Xhosa-vertaling van Bybel |
| 1867 | Ontdekking van eerste diamant by Hopetown | |
| 1874 | | Stigting van Christelijke Jongelieden Vereniging |
| 1875 | Vrywillige Beginsel in Kaapse Parlement aanvaar<br>Stigting van Genootskap van Regte Afrikaners | |
| 1877 | Anneksasie van ZAR | Sendingwerk begin by Mochudi (Botswana)<br>Opening van Sendinginstituut, Wellington |
| 1878 | Einde van Negende (laaste) Oosgrensoorlog | Stigting van Normaalskool vir onderwysstudente, Kaapstad |
| 1879 | Slag van Isandhlwana (Anglo-Zoeloe-oorlog)<br>Stigting van Afrikanerbond | |
| 1880 | Vyfde Basotho-oorlog | |
| 1881 | Einde van Eerste Vryheidsoorlog ná Slag van Amajuba | Kerk begin opkomende nasionalistiese bewustheid van Afrikaner in ag neem<br>Eerste sinode van NG Sendingkerk<br>Stigting van Instituut vir Dowes, Worcester |
| 1882 | | Opening van eerste ouetehuis, Kaapstad |
| 1885 | | Totstandkoming van Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerk |
| 1886 | Ontdekking van hoofgoudrif aan Witwatersrand | Stigting van Predikante-Sendingvereniging |
| 1887 | Brittanje verower Zoeloeland | |
| 1888 | | Begin van sendingwerk in Malawi |
| 1890 | | Totstandkoming van Vrouesendingbond |
| 1891 | | Begin van sendingwerk by Morgenster in Mashonaland (Zimbabwe)<br>Stigting van Instituut vir Blindes, Worcester |
| 1892 | | Stigting van Etiopiese Kerk |
| 1893 | Aankoms van Ghandi in Durban | |
| 1896 | Jameson-inval in ZAR | |
| 1898 | | Stigting van Kakamas-arbeidskolonie |
| 1899 | Uitbreek van Anglo-Boereoorlog | Vrystaatse sinode aanvaar verantwoordelikheid vir sendingwerk in Zambië<br>Opstel van Adres oor Oorlog deur Kaapse Moderatuur aan Britse Hoë Kommissaris |





*Feesprogram Van Riebeeckfees*



*Britse premier H MacMillan en dr HF Verwoerd (1960)*



*1960-opstande*



*Begrafnis van dr HF Verwoerd (1966)*



*Kindermonument Bloemfontein*

| | WYER KONTEKS | SA KERKKONTEKS |
|---|---|---|
| 1899 | | Biddag vir vrede, 20 Augustus<br>Vroue-vredespetisie<br>Omvattende oorlogsbediening deur NG Kerk |
| 1900 | | *The truth about the Boer and his church* deur Kaapse predikante gepubliseer<br>Begin van bediening aan buitelandse krygsgevangenes<br>Predikante Vergadering by Stellenbosch |
| 1901 | Dood van Koningin Victoria | |
| 1902 | Einde van Anglo-Boereoorlog<br>Vrede van Vereeniging<br>Dood van Cecil J Rhodes | Dankdag vir vrede, 13 Julie |
| 1903 | | Eerste sinodes ná Anglo-Boereoorlog |
| 1904 | Dood van pres SPJ Kruger | Stigting van Sionistekerk |
| 1905 | | Publikasie van *De Zending Kerk,* eerste kerkblad van NGSK |
| 1906 | Bambatha-rebellie, Natal | |
| 1907 | | Stigting van Raad van Nederduitse Gereformeerde Kerke |
| 1908 | | Transvaalse Kerk stig vier sendingstasies in Mosambiek<br>Kaapse Kerk begin met sendingwerk in Nigerië |
| 1910 | Totstandkoming van Unie van Suid-Afrika<br>Eerste Wêreldsendingkonferensie (Edinburgh) | |
| 1911 | | Hereniging van sinodes van NG Kerk misluk |
| 1912 | Stigting van South African Native National Congress (ANC) | |
| 1913 | Inwyding van Vrouemonument<br>Aanvaarding van Naturelle Trust en Grondwet wat bepalend was vir latere tuislandbeleid | |
| 1914 | Stigting van Nasionale Party<br>Uitbreek van Eerste Wêreldoorlog<br>Uitbreek van Rebellie | |
| 1915 | | Buitengewone vergadering van Raad van Kerke |
| 1916 | Pres MT Steyn by Vrouemonument begrawe | |
| 1917 | Kommunistiese Revolusie in Rusland | Opening van evangelisteskool, Wellington |
| 1918 | Einde van Eerste Wêreldoorlog<br>Spaanse Griep in Suid-Afrika<br>Stigting van Afrikaner Broederbond | |
| 1922 | Mynwerkerstaking | |
| 1928 | Tweede Wêreldsendingkonferensie | Begin van Du Plessis-stryd |
| 1929 | | Begin van opleiding van leraars vir NGSK |
| 1931 | | Opening van Minnie Hofmeyr-skool vir maatskaplike werksters, Worcester |



Van die hoof figure tydens die vryheidstryd



Nuwe Afrikaanse Bybelvertaling (1983)




Optog tydens vryheidstryd (1992)

| | WYER KONTEKS | SA KERKKONTEKS |
|---|---|---|
| 1932 | | Burgerlike hofbeslissing in Du Plessis-saak |
| 1933 | Hoogtepunt van ekonomiese depressie | Eerste volledige Afrikaanse Bybelvertaling |
| 1936 | | Stigting van SA Raad van Kerke (SARK) |
| 1937 | | Stigting van Teologiese Fakulteit, Universiteit van Pretoria |
| 1938 | Simboliese Ossewatrek<br>Hoeksteenlegging van Voortrekkermonument | |
| 1939 | Uitbreek van Tweede Wêreldoorlog | |
| 1941 | | Onttrekking van NG Kerk aan SA Raad van Kerke |
| 1944 | | Publikasie van *Psalm- en Gesangeboek* in Afrikaans |
| 1945 | Einde van Tweede Wêreldoorlog | |
| 1946 | Stigting van Gereformeerde Ekumeniese Sinode | |
| 1948 | Stigting van Wêreldraad van Kerke<br>Nasionale Party wen verkiesing | |
| 1949 | Wet op Gemengde Huwelike aanvaar | |
| 1950 | Groepsgebiedewet en Wet op Bevolkingsregistrasie word hoekstene van apartheid<br>Kommunisme in SA onwettig verklaar<br>Wet op Bantoe-owerhede aanvaar | |
| 1952 | Van Riebeeckfees<br>Wette op Aparte Geriewe en Bantoe-onderwys aanvaar | |
| 1954 | Publikasie van Tomlinsonverslag, wat bepalend was vir tuislandbeleid | |
| 1955 | Stigting van Black Sash<br>Opstel van Freedom Charter | |
| 1956 | Einde van Kleurlingstemreg | |
| 1957 | | Eerste sinode van NG Kerk in SWA (Namibië) |
| 1959 | Stigting van Pan Africanist Congress (PAC) | |
| 1960 | Sharpeville-opstand | Cottesloe-beraad |
| 1961 | Suid-Afrika word 'n republiek<br>ANC en PAC onwettig verklaar<br>Stigting van Umkonto we sizwe<br>Kaptein Luthuli ontvang Nobel-vredesprys | Onttrekking van NG Kerk aan Wêreldraad van Kerke |
| 1962 | Vatikaanse Konsilie II bevorder samewerking tussen Rooms-Katolieke Kerk en Protestantse Kerk | Eerste Algemene Sinode van herenigde NG Kerk |
| 1963 | Rivonia-verhoor | Stigting van NG Kerk in Afrika (NGKA)<br>Stigting van Christelike Instituut |
| 1966 | Sluipmoord op dr HF Verwoerd in Parlement | |
| 1967 | Eerste hartoorplanting deur prof Chris Barnard, | |
| 1968 | seun van NG Sendingkerk-leraar | Eerste sinode van Reformed Church in Africa (RCA) |

*Bisho-opstande (1992)* *Tydens die vryheidstryd* *FW de Klerk, staatspresident (1989-1994)* *Nelson Mandela, president (1994-1999)*

| | WYER KONTEKS | SA KERKKONTEKS |
|---|---|---|
| 1971 | | Publikasie van eerste studiegids van Bybelkor |
| 1974 | | Publikasie van *Ras, volk en nasie,*<br>Jeug-tot-jeugaksie |
| 1976 | Soweto-opstande | |
| 1977 | Dood van Steve Biko | |
| 1978 | | Stigting van Vrystaatse Teologiese Fakulteit |
| 1979 | SACLA-kerkkonferensie | Christelike Instituut as 'staatsgevaarlike' organisasie gesluit |
| 1982 | | *Status confessionis* opgestel<br>Apartheid word as kettery verklaar (Ottowa)<br>Toelating van vroue tot amp van diaken in NG Kerk |
| 1983 | Stigting van die United Democratic Front (UDF) | Nuwe Afrikaanse Bybelvertaling verskyn |
| 1984 | Noodtoestand in Suid-Afrika<br>Aartsbiskop Desmond Tutu ontvang Nobelvredesprys<br>Paswette herroep | |
| 1985 | | Publikasie van *Kairos*-dokument |
| 1986 | | NG Kerk aanvaar *Kerk en samelewing* as beleidsdokument<br>NGSK aanvaar Belydenis van Belhar as belydenisskrif<br>Afstigting van Afrikaanse Protestantse Kerk |
| 1989 | | Publikasie van *Road to Damascus* |
| 1990 | Vrylating van mnr Nelson Mandela<br>Onafhanklikwording van Namibië | Apartheid as sonde erken, Rustenburgberaad |
| 1991 | Nasionale Vredesverdrag | |
| 1993 | Oorgangsregering in Suid-Afrika | |
| 1994 | Nuwe Grondwet aanvaar<br>ANC wen demokratiese verkiesing<br>Pres N Mandela en mnr FW de Klerk ontvang Nobelvredesprys | Totstandkoming van Verenigende Gereformeerde Kerk (VGK)<br>Sinode van Versoening van die NG Kerk<br>Prof JA Heyns vermoor |
| 1995 | Totstandkoming van Waarheid-en-versoeningskommissie | |
| 1996 | | Voorlegging van NG Kerk aan Waarheid-en-versoeningskommissie |
| 1999 | | Hertoelating van NG Kerk tot Wêreldbond van Gereformeerde Kerke |
| 2000 | Nuwe millennium | Geloofsverklaring 2000 |
| 2001 | | Publikasie van *Liedboek van die kerk*<br>NG Kerk vier Jaar van Hoop |
| 2002 | | NG Kerk herdenk 350 jaar in Afrika |

WILLIE BROWN EN GEORGE HOFMEYR

# 1652-1804



Om die era van 1652 tot 1804 in Suid-Afrika in perspektief te kan beskou en 'n beeld op die Suid-Afrikaanse werklikheid te verkry, is dit noodsaaklik om die destydse Nederlandse gebeure en strominge te verstaan.

Die Nederland van die sewentiende eeu was om verskillende redes bekend as die Goue Eeu. Sedert die middel van die sestiende eeu het Nederland 'n sterk kulturele en intellektuele ontwikkeling beleef. Skrywers en digters soos Joost van den Vondel, Jacob Cats en PC Hooft het na vore getree. Die wetenskap het 'n bloeityd beleef. Nederlandse instrumentmakers het bygedra tot ontwikkelinge op die terrein van die mikroskopie, die astronomie, die wiskunde en die seevaart. Ook ten opsigte van die skone kunste het Nederland in meer as een opsig 'n Goue Eeu beleef, met meesters soos Rembrandt van Rijn, Frans Hals en Jan Vermeer.

Gedurende die Tagtigjarige Oorlog (1566-1648) het die Nederlandse industrie wat voor dié oorlog nog swak ontwikkel was, so vinnig gegroei dat Nederland 'n belangrike Europese nywerheidsland geword het. Hierdie ontwikkeling is onder meer moontlik gemaak deur die migrasie van vakmanne uit die suidelike Nederlande na die noordelike provinsies. Van die belangrikste produkte was tekstielware, teëls, porselein, papier, boeke en selfs bier. Die grootste nywerheidsentrum was Amsterdam, met 'n verskeidenheid silwer- en goudsmede, leerlooierye, seepfabrieke, saagmeulens en skeepswerwe.

Twee faktore wat die destydse nywerheidsontwikkeling bevoordeel het, was eerstens die feit dat windmeulens gebruik is om die masjinerie in die industrieë aan te dryf. Tweedens het die uitstekende kanaalstelsel goedkoop en gerieflike vervoer moontlik gemaak. Intussen het Nederland ook sy seevissery- en seevaartbedryf verder uitgebou en homself as 'n handelsmoondheid gevestig. Sy kundigheid in die seevaart, wat uit die Middeleeue dateer, het grootliks tot sukses in hierdie verband bygedra.

### 'N HANDELSREUS

'n Ander faset van die Nederland van die sewentiende eeu, was die omvangryke aktiwiteite van die Verenigde Oos-Indiese Kompanjie (VOC). Die totstandkoming van dié magtige handelsryk in 1602 was die gevolg van gebeure tydens die laaste kwart van die sestiende eeu. Vroeër was Antwerpen in die suidelike Nederlande (die huidige België) die finansiële en handelskern van die Westerse wêreld. Italianers, Duitsers, Portugese en Spanjaarde het vandaar saketransaksies en uitvoere gereël. Vanweë konflik tussen Spanje en die noordelike Nederlande, onder die leiding van die Prins van Oranje, is Antwerpen algaande as primêre sakekern deur Amsterdam vervang.

Die gebrek aan natuurlike grondstowwe het Nederland daartoe gedwing om seevaart en seehandel as die basis van sy nuwe ekonomiese ontwikkeling en magsuitbreiding te vestig. Tot in daardie stadium was die groot bedreiging en mededinger vir die Nederlandse skeepvaart dié van die Portugese. Tot 1595 was Portugal die enigste seevarende nasie wat die seeroete om die Kaap van Goeie Hoop na die Ooste, met al sy rykdomme, geken het. Toe die Nederlanders in 1595 die eens geheime inligting oor die Kaapse seeroete na die Ooste bekom, het dit gelei tot 'n vermenigvuldiging van

kleiner handelsmaatskappye in Nederland, wat met die Ooste handel wou dryf.

Aangesien dié klein handelsmaatskappye die effektiwiteit en winsgewendheid van die Nederlandse handel benadeel eerder as bevoordeel het, het dit in 1602 tot 'n amalgamasie in een groot handelsmaatskappy, bekend as die Verenigde Oos-Indiese Kompanjie (VOC) gelei. Die VOC is uit ses belangrike Nederlandse handelskamers gefinansier, naamlik Amsterdam, Middelburg, Hoorn, Enkhuizen, Delft en Rotterdam. Hierdie invloedryke handelskamers is deur sewentien verkose direkteure bestuur, wat bekend was as die Here XVII. Hulle het die beleid van die VOC beide binne- en buitelands bepaal, voorgeskryf en ook die bevelvoerders van die onderskeie kolonies aangestel.

Die hoofdoel van die VOC was die bevordering van hulle handelsbelange. Met die oog hierop het die Kompanjie, vanweë die ligging van die kolonies, 'n verskeidenheid gedelegeerde magte van die Nederlandse regering ontvang. Dit was om binne hulle invloedsfeer (van Kaap Agulhas ooswaarts tot aan Kaap Hoorn) ooreenkomste in die naam van die regering te sluit, en om enige gewenste militêre, ekonomiese en politieke optrede uit te voer.

### 'N HALFWEGPOS AAN DIE KAAP

Die vestiging van Nederlandse setlaars aan die Kaap in 1652, onder leiding van Jan van Riebeeck, moet teen hierdie agtergrond beskou word. Dit bevestig ook dat die primêre doel met die Kaapse vestiging nie godsdienstig was nie, maar ekonomies. Dit was immers 'n strategiese verversingspos vir die skepe tussen Nederland en die Ooste. Teen die middel van die sewentiende eeu was die VOC wêreldwyd gevestig, en was die aanvoorwerk gedoen om van hulle strategiese Kaapse halfwegpos na en van die Ooste 'n sukses te maak.

Die Kompanjie het as die grootste handels- en skeepvaartmaatskappy 'n deurslaggewende rol gespeel in die gedokumenteerde geskiedenis van ons land tussen 1652 en 1795. Dié rigtinggewende tydperk van 143 jaar in die Suid-Afrikaanse geskiedenis is deur historiese mylpale gekenmerk wat ná 350 jaar steeds rimpelings veroorsaak – ook wat die verhaal van die Nederduitse Gereformeerde Kerk betref. Die stewige fondamente wat deur die Verenigde Oos-Indiese Kompanjie gelê is, behels verskeie nalatenskappe:

* Die Christelik-gereformeerde godsdiens het deur die VOC aan die Kaap wortel geskiet en permanent gevestig geraak.
* Islam is tydens die VOC-era permanent in Suid-Afrika gevestig.
* Die oorsprong van Afrikaans kan na die betrokke era teruggevoer word.
* Die ontmoeting tussen die Koikoi en die VOC het 'n sentrale rol in die Suid-Afrikaanse geskiedenis gespeel.
* Die VOC-tydperk het aanleiding gegee tot Oosterse kultuurbeïnvloeding ten opsigte van onder meer taal, musiek, die kookkuns en die boukuns.
* Die georganiseerde invoer van slawe sedert 1658 het 'n ingrypende invloed op die Kaapse bevolkingsamestelling en die ekonomie gehad.
* Op regsgebied het die Romeins-Hollandse Reg sy beslag gekry, benewens 'n stelsel van plaaslike landdroste en heemrade.
* Op administratiewe vlak was daar 'n sentrale owerheid met 57 gedesentraliseerde buiteposte, insluitende Robben- eiland en Mauritius.
* Suid-Afrika se unieke Kaaps-Hollandse argitektoniese styl en 'n wye verskeidenheid kuns- en kultuurskatte vorm die belangrikste aspekte van ons ryk driedimensionele VOC-erfenis.


Met die Britse besettings van die Kaap in onderskeidelik 1795 en 1806, kon die nuwe Britse regering voordeel trek uit 'n proses wat reeds gedurende die VOC-era ontstaan het. Dit was die opkoms van 'n inheemse koloniale burgery, 'n staatsdiens, heemrade ('n juriestelsel), kerkrade en 'n sterk offisierskorps. Die nuwe Britse owerheid het uit die staanspoor die ervaring en vermoëns van hulle Nederlandse voorgangers gebruik en in sekere opsigte daarop voortgebou.

HOFFIE EN GEORGE HOFMEYR

*In die Suid-Afrikaanse koloniale geskiedenis vanaf 1652 is daar ook in kerklike opsig grondslae gelê en vestigingspatrone geskep wat wyd uitgekring het. In die VOC-era is sterk klem gelê op handelsbelange en eiebelang. Nogtans het die Verenigde Oos-Indiese Kompanjie as wêreldhandelsmoondheid die visie en volharding gehad om die Protestants-gereformeerde geloof 350 jaar gelede hier in pioniersomstandighede te vestig. Dié mosterdsaadjie het intussen 'n boom met baie vertakkings geword wat stewig in Afrika gewortel is. Die kerk se verhaal in die betrokke era was een van lig en donker, waar die lig tog geseëvier het. Die groter belang van kerk en koninkryk is raakgesien en gedien.*

*Hierdie* K'ang hsi-*erdeskottel (ca 1710) is 'n unieke Kaapse erfenis – ook wat kwaliteit en grootte betref. Dit simboliseer die Nederlandse invloed aan die Kaap in 'n Afrika-konteks tydens die VOC-era. Dit word vergestalt in die VOC-skepe en die vroeë Kaapse nedersetting met 'n byna Middeleeuse kerk – dit was net ná die voltooiing van die Kaapse Moederkerk in 1704. Uit die afbeelding blyk duidelik dat die kunstenaar nooit aan die Kaap was nie.*

*FEHR-VERSAMELING*



I

# 1652. Die gesag van kerk teenoor staat

Die aard van die verhouding tussen kerk en staat was in die afgelope 350 jaar van die Suid-Afrikaanse geskiedenis dikwels 'n probleem. Die rede hiervoor is dat beide instansies hulle kon beroep op die Goddelike gesag waarmee hulle as instellings beklee is. Die kronieke van die Kaapse Kerk vertel hierdie verhaal.

Van die beginjare van die VOC-nedersetting het die godsdienstige versorging van die nedersetters, soos alle ander sake, by die Politieke Raad berus. Hierdie owerheid het as die administratiewe liggaam van die VOC kerklike aangeleenthede uit die staanspoor by wyse van instruksies en resolusies gereël. Dié voorskrifte het op verskeie sake betrekking gehad, soos formele kerkordeninge, prosedures en gebruike by eredienste, kerklike ampte en kerklike amptenare. Dit het ook vir biddae, die doopbediening en huwelikbevestigings gegeld. Die Politieke Raad het selfs volle beheer oor kerklike eiendomme en fondse gehad. Daar was dus feitlik geen kerklike vlak wat nie aan owerheidsinmenging onderhewig was nie.

### GROEIENDE DRANG NA SELFSTANDIGHEID

Met die konstituering van die eerste gemeente van die Kaapse Kerk in 1665 en die gevolglike daarstelling van die ampte van predikant, ouderling en diaken het daar wel 'n mate van skeiding tussen die kerklike en staatkundige terreine gekom. Die owerheid sou hierna nie langer alles regstreeks behartig nie, maar die geestelike belange van die inwoners en hulle gemeentes aan die kerkrade toevertrou. Dit het nog geen selfstandigheid vir die kerk verseker nie, want alle kerklike besluite moes steeds aan die Politieke Raad vir goedkeuring voorgelê word. Die owerheid sou hierbenewens sy patronaatsreg tot aan die einde van die Kompanjiesbewind in 1795 voortsit en streng toepas.

Die owerheid het nie slegs predikante gesalarieer, geplaas en verplaas nie, maar kon ook hulle dienste beëindig en hulle sonder meer afdank. Die VOC-administrasie het verder die aanstelling van sieketroosters en kosters behartig, asook die oprigting van kerke en pastorieë, die stigting van gemeentes én die vasstelling van hulle grense.

Die gebrek aan groter selfstandigheid is moontlik daaraan toe te skryf dat die Kaapse Kerk eintlik twee meesters moes dien. Benewens die VOC het die paternalistiese houding van die Nederlandse moederkerk die Kaapse Kerk klein en afhanklik gehou, deur voortdurend raad en leiding te gee. Hierdie onderhorigheid het die selfstandigheid van die Kaapse Kerk vir byna anderhalwe eeu gestrem.

Alhoewel daar van 'n kerklike verset teen die owerheid se gesag en status geen sprake was nie, het die Kaapse Kerk tog nie in die *status quo* berus nie. Teen die einde van die agtiende eeu is 'n groeiende drang na selfstandigheid teenoor die staat bespeur. Só was daar in 1792 'n versoekskrif van die Gemeente Graaff-Reinet wat die owerheid versoek het om in kerklike sake volgens 'kerklike reëls' te handel. Die kerkraad van die Gemeente Kaapstad het staatsinmenging ook as 'drukkend' ervaar.

### STAATSINMENGING DUUR VOORT

Met die eerste Britse oorname van die Kaap in 1795 het ook die nuwe regering sy gesag in kerklike sake dadelik laat geld.



2





INSTRUCTIE

Voor de

PREDIKANTEN

en de

ZIEKENTROOSTERS

Te AMSTERDAM,

By ADRIAAN WOR, Drukker van de Ed. Ed. Heeren Representanten van zyne *Doorlugtige Hoogheit* en verdere Heeren Bewinthebberen van de Oost Indische Compagnie. *Met Privilegie.*

3.4

1. *Aankoms van VOC-skip* Noordt-Nieuwlandt *in Tafelbaai op 21 Augustus 1762. Die simbole van kerk en staat – voorlopers van die Groote Kerk en die Kasteel – is sigbaar teen Tafelberg se hange.* FEHR-VERSAMELING
2. *Silwernagmaalbekers met die VOC-monogram daarop, 1669. Dit is deur Daniël Egt vir die Gemeente Kaapstad uit silwer riksdaalders gemaak en is die oudste bekende Kaapse silwer. Die deksels is in 1796 deur MG Lotter gemaak. Groote Kerk-versameling.* FOTO: J VAN DER POLL
3. *Die Kasteel – belangrikste simbool van kerk en staat in Suid-Afrika. Dit is in 1679 voltooi en is die oudste bestaande struktuur waarin Protestantse kerkdienste gehou is. Die kloktoring (1697) is ons oudste kerktoring. Die simbole op die pediment weerspieël die VOC se oorheersende invloed, met die Nederlandse leeu en die stadswapens van die ses handelskamers wat die Here XVII gevorm het.* FOTO: J VAN DER POLL
4. *Die VOC het selfs kerklike riglyne aan predikante en sieketroosters gegee. Dié Instructie van 1657 bevat onder meer gebede voor en na afloop van 'nootweder' (slegte weer) op Kompanjieskepe.* KAAPSTAD ARGIEFBEWAARPLEK

## FEITEFLITSE

1. Daar is al grappenderwys gesê dat daar in die VOC-era net een Here was - die Here XVII.
2. Tafelberg was aanvanklik as Hoerikwaggo (berg van die see) onder die Koikoi bekend. Die naam Tafelbaai is in 1601 deur Joris van Spilbergen gegee.

Veral die politieke kommissaris, as die vernaamste verteenwoordiger van die owerheid in kerksake, het toenemend 'n oorsaak van wrywing tussen kerke en die staat geword. Sy teenwoordigheid in kerkraadsvergaderings het die staatsgesag beklemtoon. Die owerheid se verwagting dat kerkrade die eed van getrouheid aan die Britse vors moes aflê en die feit dat die versuim hiervan kon meebring dat die uitoefening van enige kerklike ampswerk belet word, was vir baie nóg 'n voorbeeld van gesagsmisbruik.

Die Bataafse Bewind (1803-1806) het in baie opsigte die bestaande verhouding (en dikwels spanning) tussen kerk en staat voortgesit. Kommissaris J A de Mist, as verteenwoordiger van die Nederlandse gesag aan die Kaap, het met die daarstelling van sy kerkorde die staatsheerskappy vergroot. Die owerheid het feitlik alles gedoen, van die aanstelling, verplasing en besoldiging van predikante tot die verkiesing van kerkrade. In sekere gevalle is selfs die tye van kerkdienste deur die staat bepaal en 'n sinode kon slegs met die goedkeuring van die owerheid saamgeroep word. Kerkrade het darem die vryheid gehad om kerkgeboue se sitplekgelde vas te stel. Die kerklike situasie het gevolglik al meer uitgewys dat die Kaapse Kerk nie 'n staatskerk was nie, maar 'n staatsdepartement!

Die oppergesag van die staat is deur die tweede Britse Besetting ná 1806 gehandhaaf, maar het ook voortdurende spanning tussen die kerk en die owerheid geskep. Dit het tot 'n openlike konfrontasie by die sinode van 1837 gelei. Die teenwoordigheid van die kommissarisse-politiek, maar veral staatsinmenging in talle kerklike aangeleenthede, het 'n storm van protes ontketen.

Briewe en deputasies na die goewerneur het onder meer daartoe gelei dat die daaropvolgende sinode in 1842 'n nuwe kerklike reglement goedgekeur het. Dit is deur die owerheid as Ordonnansie 7 van 1843 gepromulgeer. Ondanks baie gebreke wat aan dié nuwe staatswetgewing gekleef het, is die kerk tog toegelaat om sy interne sake te bestuur. Die owerheid het in baie bepalinge egter steeds 'n magsposisie behou.

Verskeie hofsake omstreeks 1862 rondom kerklike persoonlikhede, soos ouderling H H Loedolff van Malmesbury, ds J J Kotze van Darling en ds T F Burgers van Hanover, het telkens op 'n neerlaag vir die kerk uitgeloop. Die eenvoudige rede hiervoor was dat die betrokke reglement en ordonnansie nie volkome vryheid van kerk teenoor staat gewaarborg het nie.

Die wysiging en uiteindelike herroeping van Ordonnansie 7 sou eers in die twintigste eeu plaasvind, wat die selfstandigheid van die NG Kerk teenoor die staat verseker het.

FLIP VAN DER WATT



1

# 1652. Met preekbundel en plakkaat

Met die aankoms van Jan en Maria van Riebeeck en sowat 130 Nederlandse nedersetters in Tafelbaai op 6 April 1652 het hulle noodwendig voor talle probleme, maar ook uitdagings te staan gekom.

Gelukkig was kommandeur Jan van Riebeeck, toe slegs 32 jaar oud, en sy vrou, Maria, skaars 22, besonder geskik vir hierdie reusetaak. Hulle was verantwoordelike en idealistiese verteenwoordigers van die Verenigde Oos-Indiese Kompanjie (VOC). Jan van Riebeeck sou tydens die tien jaar van hulle verblyf aan die Kaap in verskeie opsigte 'n groot sukses maak van die vestiging van 'n verversingspos, wat uiteindelik 'n Nederlandse koloniale nedersetting geword het.

As diep gelowiges was die Van Riebeecks ook waardige draers van die gereformeerde geloof. Maria het 'n kerklike agtergrond gehad aangesien haar vader, Abraham de la Quellerie, 'n predikant was. Benewens Jan van Riebeeck se rol as pionier en nie-amptelike grondlegger van die Protestantse geloof in Suid-Afrika, word die sogenaamde Van Riebeeck-gebed ook aan hom toegedig. Dit is deur hom en van sy opvolgers gebruik by die gereelde vergaderings van die VOC se Politieke Raad, die hoogste besluitnemende en uitvoerende gesag aan die Kaap van 1652 tot 1795.

'n Afrikaanse weergawe van 'n gedeelte van die gebed lui:


'O barmhartige, genadige God en Hemelse Vader, dit het U Goddelike Majesteit behaag om ons te roep tot die bestuur van sake van die Algemene Verenigde Nederlandse geoktrooieerde Oos-Indiese Kompanjie alhier aan die Kaap die Goeie Hoop, en waar ons vir hierdie doel met ons Raad in u Heilige Naam vergader is om met hul advies sodanige besluite te neem tot hoogste diens van die gemelde Kompanjie, tot handhawing van die reg, en ... voortplanting en uitbreiding mettertyd van u ware gereformeerde Christelike leer tot lof en eer van u Heilige Naam, en tot voordeel van ons here en meesters, waartoe ons sonder u genadige hulp nie by magte is nie.

So bid ons U derhalwe, o allergenadigste Vader, dat U ons met u vaderlike wysheid wil bystaan, en op hierdie vergadering lei, om ons harte sodanig te verlig dat alle verkeerde drifte, misverstande en ander derglike gebreke van ons verwyder sal word, ten einde ons harte van alle menslike hartstogte te reinig, en ons in ons gemoed só ingestel sal wees om in ons beraadslagings niks voor te neem of te besluit wat nie tot verheerliking en lof van u allerheiligste Naam en tot die hoogste diens van ons here en meesters sal strek nie, sonder om enigsins eie voordeel of profyt in ag te neem.

Ons begeer dit en nog meer wat nodig mag wees vir die uitvoering van die pligte wat ons opgelê is en tot ons saligheid. Ons bid en begeer dit in die Naam van u geliefde Seun, ons Heiland en Saligmaker, Jesus Christus, wat ons leer bid het ...'

Die Ons Vader-gebed het hierna gevolg. Daar word





2.3



4



1. *Die bekende uitbeelding deur Charles Bell (1850) van die ontmoeting in 1652 tussen die Nederlandse setlaars onder leiding van kommandeur Jan van Riebeeck en Herrie die Strandloper (Autshomoa).* NASIONALE BIBLIOTEEK VAN SUID-AFRIKA
2. *Grafsteen van Maria van Riebeeck, wat op 35-jarige ouderdom in Malakka (Batavia) oorlede is.* IZIKO MUSEUMS
3. *Die sogenaamde Van Riebeeck-gebed, wat sedert 1652 deel van die Suid-Afrikaanse kerklike en politieke tradisie geword het.* KAAPSTAD ARGIEFBEWAARPLEK
4. *Skaalmodel (deur Bob Lightley) van die Goede Hoop, wat die Kaap op 6 April 1652 met die Drommedaris en die Reijger bereik het.* IZIKO MUSEUMS
5. *Johan Anthoniszoon van Riebeeck (1619-1677) – hy het na 1653 deurgaans die naam Jan gebruik. Hy het onder meer die Nederlandse gereformeerde geloof in Suid-Afrika gevestig. Dit is onseker hoe hy gelyk het en hierdie is een van verskeie afbeeldings.* KOPIE VAN OLIEVERFSKILDERY DEUR D CRAEIJ (1650): FEHR-VERSAMELING
6. *Maria de la Quellerie ((1629-1664). Sy is op 28 Maart 1649 met Jan van Riebeeck getroud.* KOPIE VAN OLIEVERFSKILDERY DEUR D CRAEIJ (1650): FEHR-VERSAMELING
7. *Grafsteen van Jan van Riebeeck, wat op 19 Januarie 1677 in Batavia begrawe is.* IZIKO MUSEUMS








5.6.7

vandag aanvaar dat die Van Riebeeck-gebed 'n standaardgebed van die VOC was wat by plaaslike omstandighede aangepas is. Dit is al as 'n 'winkelgebed' bestempel, omdat die winsmotief van die VOC duidelik daarin weerspieël word. Dit bly nietemin merkwaardig dat die Kompanjie die uitgesproke missie én oortuiging gehad het om die gereformeerde geloof in Suid-Afrika te vestig en te bevorder.

### GETROUE GODSDIENSBEOEFENING

Die Nederlandse setlaars se eerste kerkbyeenkoms op Suid-Afrikaanse bodem is in April 1652 op die tweede Sondag ná hulle aankoms gehou. Ná dié 'Christelycke oeffeninge' het die geselskap met skuite by die Soutrivier gaan visvang. Daar is toe meer as 900 'schone steenbraessems ende eenige andere vis ende harders' gevang. (Dit was sekerlik ons eerste geval van Sabbatsontheiliging!)

Die eerste volwaardige erediens is op 12 Mei 1652 gehou, toe ook nagmaal gebruik is. Die predikant by daardie geleentheid was ds Johannes Backerius van een van die verbyvarende skepe wat in Tafelbaai aangedoen het. Tot met die bevestiging van die eerste leraar van die gemeente Kaapstad in 1665 kon slegs geordende predikante van sodanige besoekende skepe die sakramente bedien.

Gewone dienste is deur sieketroosters gelei wat 'n 'goet sermoen' uit 'n erkende preekbundel voorgelees het. Vanweë die inspannende fisiese werk wat Van Riebeeck se manskappe op weeksdae moes verrig, was daar Sondae net een diens.


Afgesien van uitstappies en selfs visvang op Sondae het Van Riebeeck streng toegesien dat die godsdiens nie verwaarloos word nie. Toe sommiges tydens die eerste lente van die dienste begin wegbly, het hy 'n plakkaat met regulasies uitgevaardig.

Hiervolgens kon niemand 'sonder consent ofte straffe' van eredienste wegbly nie. Die strawwe was swaar: vir 'n eerste oortreding is 'n week se wynrantsoen verbeur en vir 'n tweede ongemagtigde niebywoning 'n maand se soldy boonop. Indien 'n persoon 'n derde keer agtereenvolgens van die kerkdiens sou wegbly, kon 'n jaar se arbeid sonder betaling op openbare werke 'in de kettingh' volg. ('n Mens dink onwillekeurig hoeveel hedendaagse lidmate van die NG Kerk sonder wyn of salaris én in kettings sou wees!)

Die eerste sieketrooster aan die Kaap, Willem Wijland, het in 1655 die godsdienstige aktiwiteite by die nedersetting soos volg opgesom: 'Alle avonden, wanneer het volck [die VOC-amptenare] gegeeten heeft, [doen] wy het avontgebedt mit een veers twe ofte dree te singen ... ende Sondaegh so lese ick een predicatie voor.'

Pioniers en predikers het dus by wyse van preekbundels en plakkate 'n deurslaggewende rol in ons vroeë kerkgeskiedenis gespeel.

GEORGE HOFMEYR

I


# 1652. Die eerste 'sieckentroosters' of 'kranckenbesoekers'

Behalwe wanneer predikante van besoekende skepe die Woord en sakramente bedien het, was die handjie vol VOC-pioniers aan die Kaap van 1652 tot 1665 vir hulle geestelike heil aangewese op 'sieckentroosters'. Vir die Verenigde Oos-Indiese Kompanjie was die winsmotief die primêre oorweging. Dit was dus voordeliger om van die goedkoper en makliker bekombare dienste van sieketroosters eerder as van predikante gebruik te gemaak.

### PLIGTE EN PERKE

Uit die omvattende navorsing van JP Claassen, kerkhistorikus, blyk dat voornemende sieketroosters eers 'n getuigskrif oor hulle lewe en godsdienstige opvattings moes gee. Hulle is ook oor die Christelike leer en oor hulle sang- en leesvermoë getoets. Die 'sieckentroosters', wat ook as 'kranckenbesoekers' bekend was, moes hulself voorts 'reguleren' volgens voorskrifte van die Ring van Amsterdam en hulle neerlê by enige opdragte van die Kompanjie. Hulle was immers betaalde amptenare. In dié VOC-nedersetting aan die Kaap was kerk en staat duidelik nie geskei nie.

Die voorskrifte vir die amp van sieketrooster is breedvoerig in die VOC se 'Instructie voor de Predikanten ende Sieckentroosters, van 1696 beskryf. Die sieketroosters se take was veelvuldig en veeleisend. Hulle moes Sondae vir 'vermaningen ende ander Christelycke oeffeningen ende gebeden' sorg. Hulle het ook die samesang gelei, uit die Bybel gelees en Sondag 'n 'goet sermoen' uit 'n erkende preekbundel voorgelees. Daar is gevolglik soms na hulle as 'vermaners' en 'voorlezers' verwys.

Die sieketroosters moes hiernaas die oggend- en aandgebede (huisgodsdiens) lei en toesien dat dit goed bygewoon word. Gevangenes is bygestaan en gereelde besoeke is gebring en 'troostelycke vermaningen' aan siekes gegee. Hulle was verder verantwoordelik vir kategese. Daar kon in April 1664 gerapporteer word dat die kinders van slawevroue en 'n paar Koi-kinders die Onse Vader-gebed kon verstaan en resiteer.

Sieketroosters moes hulle pligte én perke ken en is nie toegelaat om te preek nie. Só is daar teen onsuiwere of teologies onverantwoordbare leerstellings gewaak, omdat sieketroosters geen grondige teologiese opleiding gehad het nie.

### VIER GEESTELIKE PIONIERS

Vier kleurryke persone het tot 1665 as sieketroosters in die eerste Kaapse gemeente opgetree. Die eerste was Willem Barendtsz[oon] Wijland, wat op 6 April 1652 saam met Jan van Riebeeck op die Drommedaris die Kaap bereik het. Sy aansoek is eers afgekeur omdat hy 'weinig of geen kennisse heeft van de Musyke'. Hy is nietemin in November 1651 tot die amp toegelaat – slegs ses weke voor sy vertrek na die Kaap.

Wijland word by verskeie geleenthede in Van Riebeeck



2




3

1. *Skaalmodel van die Fort (1652), wat op die huidige Paradeterrein in Kaapstad geleë was. Die eerste sieketrooster se seun is op 6 Junie 1652 in die nog onvoltooide Fort gebore. Die Van Riebeecks se woning (in die middel agter) is as die eerste gereformeerde kerk in Suid-Afrika gebruik.* CASTEEL MILITÊRE MUSEUM. FOTO: J VAN DER POLL
2. *Sieketrooster Ernestus Back, wie se voorliefde vir Bacchus tot sy ontslag in 1665 gelei het. Sy optrede vanweë sy drankprobleem is deur kommandeur Wagenaer en die Politieke Raad in samehang gesien met 'n komeet (destyds 'n slegte voorteken). Dit is beskryf as 'een ijzelicken steert sterre [wat] aen den hemel is comen te dreigen'.* SPOTPRENTTEKENING DEUR JACKSON
3. *Voorstelling van Bernert Wijland se doop op 20 Augustus 1653 in die Fort – die eerste gereformeerde dopeling in Suid-Afrika.* PANEEL BY KINDERMONUMENT, BLOEMFONTEIN. FOTO: R BRÖNN
4. *Abraham van Riebeeck (1653-1713), een van die Van Riebeecks se agt kinders en latere goewerneur-generaal van Nederlands Oos-Indië. Hy is op 25 Desember 1653 gedoop en was die tweede gereformeerde dopeling aan die Kaap.* KAAPSTAD ARGIEFBEWAARPLEK
5. *Ds P Baldeus (1629-1671), een van talle besoekende predikante, wat tot 1665 die enigste persone was om die sakramente aan die Kaap te bedien.*
6. *Afbeelding van sieketrooster J Steendam.* JP CLAASSEN, DIE SIEKETROOSTERS IN SUID-AFRIKA

se Daghregister vermeld, soos op 6 Junie 1652: 'Savonts is den sieckentroosters vrou van een jonge soon bevallen, sijnde 't eerste kint dat binnen 't fort de Goede Hope geboren is ... daar tot noch niemand anders als hij in woont.' Bernert Wijland was ook die eerste gereformeerde dopeling in Suid-Afrika. Hy is op 20 Augustus 1653 deur ds Fredericus Fronten gedoop.

Wijland moes, soos alle sieketroosters, gereeld aan die Ring van Amsterdam en die Here XVII verslag doen van sy werksaamhede. Hy het egter slegs op 20 April 1656 só 'n verslag gestuur. Hy rapporteer hierin oor die geestelike toestand en bedrywighede aan die Kaap, asook oor die kommerwekkende geestelike en sosio-ekonomiese omstandighede onder die Koikoi.

Wijland se eie betrokkenheid by die Koikoi het pogings ingesluit om van die jongmense by hom te laat inwoon, asook 'om hem lesen en schriven te leeren ende ock van hem haar spraeke te leeren, om door dat middel haer tot het licht der waerheyt te brengen'. Hy het klaarblyklik nie veel sukses met die Koikoi se taal óf hulle kerstening gehad nie. Hy was nietemin 'n waardevolle skakel op geestelike vlak in 'n stadium toe daar nog geen sprake van 'n georganiseerde sendingaksie was nie. Wijland het in Maart 1656, ná byna vier jaar as die eerste sieketrooster aan die Kaap, na Batavia vertrek.

Wijland is opgevolg deur Pieter van der Stael, wat nog minder musikaal as sy voorganger was. Ná vyf onsuksesvolle pogings is hy ondanks sy goeie hoedanighede nog steeds '... seer onbequaam in het singen ...' bevind. Van der Stael is nietemin in September 1655 deur die Klassis as sieketrooster aanvaar. Van der Stael se vrou, Geertruidt, was 'n suster van Jan van Riebeeck. Hy was ook 'n familielid van Wijland, na wie hy as sy 'cousijn' verwys. Die gesin het Tafelbaai in Maart 1656 bereik.


In teenstelling met Wijland se enkele verslag, het Van der Stael tussen 1656 en 1663 jaarliks aan die Ring van Amsterdam gerapporteer. Hy het in sy agt verslae die Kaap onder meer as 'een seer goede en gesonde plaats' vir 'n krankebesoeker beskou. Van der Stael het kort na die aankoms van die eerste georganiseerde groep slawe in 1658 begin om hulle veral in die Christelike godsdiens te onderrig. Die familiebande met die Van Riebeecks was waarskynlik die rede vir die Van der Staels se vertrek na Batavia in September 1663, nadat kommandeur Jan van Riebeeck en sy gesin op 7 Mei 1662 daarheen vertrek het.

Van der Stael se opvolger, Ernestus Back, het die Kaap in September 1663 bereik. Hy het hom as onderwyser onderskei, maar het 'n drankprobleem gehad. Dit het tot herhaaldelike skorsings en selfs vermanings deur kommandeur Zacharias Wagenaer gelei. Hendrik Lacus, die fiskaal, moes noodgedwonge by geleentheid as voorleser optree. Wagenaer was uiteindelik verplig om Back te ontslaan. Hy is opgevolg deur Jan Jorisz. Graa wat in Mei 1665 in die Kaap aankom. Hy is egter net 'n maand daarna, op 7 Junie, net ná die oggenddiens, aan 'n hoë koors oorlede.


Twee maande later, in Augustus 1665, is ds Joannes van Arckel as die eerste Protestantse predikant in Suid-Afrika georden. Dit was die einde van 'n era waartydens die betrokke vier sieketroosters pionierswerk op geestelike vlak verrig het.

GEORGE HOFMEYR


4




5



6




1

# 1652. Kerkdienste in die Fort en Kasteel

Kerk en godsdiens in die Verenigde Oos-Indiese Kompanjie (VOC) se diens was ondergeskik aan die Here XVII in Nederland – daaroor was geen onduidelikheid nie. Predikante en sieketroosters in diens van die VOC oorsee was dus onder die beheer van die plaaslike bevelvoerder.

Onder die VOC is geen ander belydenis as die gereformeerde geloof vir openbare dienste aan die Kaap toegelaat nie, met uitsondering van die Lutherane laat in die agtiende eeu. Georganiseerde sendingwerk, wat die aanpassing van die Kaap se inheemse bevolking by veranderde omstandighede sou kon vergemaklik, is ook eers teen die einde van die Kompanjie se bestuur toegelaat.

### DIE EERSTE VESTING DIEN AS EERSTE KERK

Die eerste Nederlandse vesting aan wal is Fort de Goede Hoop genoem. Dit het bestaan uit grondmure, versterk met grassooie, om 'n oop vierkant met 'n bastion op elke hoek. Die middelste gebou teen die agtermuur was die 'Kat' of vesting, met onder meer 'n vergadersaal. Hier het VOC-amptenare, besoekers van oorsee, Kompanjiedienaars wat vryburgers geword het en Koihoofde vergader. Van Riebeeck se eie klein Beleidsraad het ook hier byeengekom. Gebeure is dan bespreek en die toekoms bepaal – rys of koring, vrede of oorlog, straf of verskoon? Hierdie saal was dertien jaar lank ook die land se eerste gereformeerde kerk.

Bywoning van kerkdienste was verpligtend vir VOC-dienaars. Gewoonlik was dit 'n predikasie voorgelees deur 'n sieketrooster. As daar 'n predikant van 'n Nederlandse skip teenwoordig was, is gepreek en die nagmaal gevier. Dit is soms gevolg deur 'n doop, 'n huwelik of die lykrede van 'n begrafnis. Die eerste troue in die Fort was tussen die jong Koi-meisie Krotoa (of Eva) en die VOC-amptenaar Pieter van Meerhoff.

Tydens die eerste oorlog in 1659-1660 tussen die VOC en die Koina, soos die Koikoi toe bekend was, het vryburgers uit die Liesbeeckvallei op Sondae die voorlesing van die sieketrooster in die fortifikasie bekend as Coornhoop aangehoor. Dit was om aanvalle tydens die verpligte kerkdiens in die Fort te verhoed. In 1663 het kommandeur Z Wagenaer 'n kerkklok uit Nederland aangevra om die burgers en posvolk, soos almal op die buiteposte genoem is, in die omgewing van die buitepos De Schuer (die latere Groote Schuur) op te roep na kerkdienste in die skuur. Hulle was toe al ver buite hoorafstand van die klok in die Fort.

### KERKDIENSTE IN DIE KASTEEL

Die buitelyn van die nuwe Kasteel, wat die Fort moes vervang, is in 1665 uitgemeet, waarna 'n houtloods as werkwinkel en pakhuis opgerig is. Ds Van Arckel, die Kaap se eerste predikant, het versoek dat 'n deel hiervan as kerk en



2

1. *Die Kasteel (1679) en grag, Kaapstad. Die vier hoekstene van dié 'roijale fortresse' met al vyf bastions is op 2 Januarie 1666 gelê – een daarvan deur ds J van Arckel. Die Kasteel het sedertdien 'n belangrike rol in die Suid-Afrikaanse geskiedenis gespeel, as administratiewe, militêre, wetlike, politieke, kommersiële, sosiale en kerklike setel.* CASTEEL DE GOEDE HOOP
2. *Skaalmodel in die Goue Akker, Kaapstad, van die Fort de Goede Hoope (1652) in die agtergrond en die Wagenaerdam in die middel. Van Riebeeck se Oude Waterplaets (voor) is in 1663 vervang met kommandeur Wagenaer se 'drincwater-back' in die Varschrivier, wat op Tafelberg ontspring het. Water, groente, vrugte en vleis is aan verbyvarende skepe voorsien – die hoofredes vir die totstandkoming van die VOC-halfwegstasie en die Kompanjiestuin in 1652. Die sluiskanaal van die Wagenaerdam is die oudste bewaarde VOC-struktuur.* BURGER-VERSAMELING: NASIONALE BIBLIOTEEK VAN SA
3. *Voorstelling deur D Skelton van die vertrek in die Fort wat ook as kerk gebruik is. Volgens 'n beskrywing van die saaltjie tydens 'n erediens in 1666 het daar leeuvelle, luiperdvelle en bokhorings teen die mure gepryk. 'n Opgestopte sebra teenoor die ingang is darem voor kerkdienste verwyder. Die interieur het geen twyfel gelaat nie dat die Nederlanders hulle in 'n Afrika-konteks bevind het.* I CALVIN, THE ROMANCE OF SOUTH AFRICA

algemene vergaderplek afgeskort word. Die loods het van Januarie 1666 tot die einde van 1677 as kerk gedien.

In die nuwe Kasteel het die kommandeurshuis, waarmee in Augustus 1674 begin is, 'n raadsaal gehad wat ook as kerk sou dien. Dit was tussen die bastionne Oranje en Leerdam aan die westekant van die kasteelplein geleë. Hierdie raadsaal was algemeen bekend as die 'Kat'. Hier is ná die sloping van die houtloods in 1677 kerk gehou.

Die bedoeling was dat die raadsaal net tydelik as kerk sou dien. Goewerneur J Bax van Herentals het al in 1677 'n perseel vir 'n kerk, met kerkhof en hoë omringende muur, in 'n onbenutte deel van die Kompanjiestuin laat uitmeet. In April 1678 het Bax die eerste fondamente van die kerk gelê, maar ná sy dood twee maande later het die werk tot stilstand gekom. Die fondamente van die kerk, met die grafte van Bax en ds Hulsenaar in die kelder, het verlate bly lê. Kerkdienste is intussen in die Kasteel voortgesit.

Hoë kommissaris Hendrik Adriaan van Reede tot Drakestein, op besoek in 1685, het bevind dat die saal in die Kasteel nog groot genoeg was vir die Kaapse gemeente. Om strategiese redes het hy verder aanbeveel dat 'n dwarsmuur met strukture soos wonings en pakhuise oor die Kasteel se binneplein gebou word. Dit het nuwe woonkwartiere vir die kommandeur ingesluit – weer met 'n groot raadsaal wat as kerk kon dien. Op 22 Mei 1695 is die eerste keer hier in die Nieuwe Kat gepreek. Die saal is tot 1704 as kerk gebruik.

Bouwerk aan 'n kerk is eers weer in 1699 op die oorspronklike kerkperseel voortgesit. Die ou fondamente is verwyder omdat die gebou, wat 21 jaar tevore ontwerp is, te klein sou wees. In Desember 1700 het goewerneur WA van der Stel die eerste steen van die nuwe fondamente gelê. Die kerkhofmuur is in 1701 voltooi en op 6 Januarie 1704 is dié kerkgebou deur ds Petrus Kalden ingewy.

Wat die godsdiens op die Kaap se 57 buiteposte betref, het die Kompanjie van die poshouers verwag om saans 'n gebed voor te lees. Kommandeur Wagenaer het by geleentheid 'n sieketrooster na Robbeneiland gestuur. Daar was by tye permanente sieketroosters in die personeel van afgeleë poste soos Delagoa Baaij en selfs Mauritius. Op die buitepos Soetemelks Valleij aan die Riviersonderend het die Morawiese sendeling Schmidt soms omgesien na die geestelike behoeftes van die Kompanjie se posvolk en van die Koina in hulle diens.

Die prominente rol wat godsdiensbeoefening in die Fort en Kasteel gespeel het, beklemtoon nie net die noue band tussen die owerheid en die kerk aan die Kaap nie, maar ook die waarde wat aan die gereformeerde geloof geheg is en die toewyding waarmee dit beoefen is.

DAN SLEIGH

3





1

# 1652. Diakonie en diakonaat

As gereformeerdes bely ons dat die diakonaat – die barmhartige uitreiking na sorgbehoewendes – tot die wese van die kerk behoort. Daarom glo die NG Kerk ook dat die diakenamp ter wille van die uitbreiding van die evangelie ingestel is.

### DIE 'ARMEFONDS'

Die handjie vol lidmate met wie die gereformeerde geloof op 6 April 1652 aan die Kaap gevestig is, het sonder verwyl hulle geldelike bydraes as 'assignatie' vir die 'diaconij' aan die Here XVII en die Ring van Amsterdam laat oorbetaal. Die ring het egter die geld teruggestuur om in trust te belê vir latere plaaslike gebruik.

Sodoende het daar 'n 'Diaconij'- of 'Arme'-fonds ontstaan wat algaande aangevul is met kollektes by die 'ordinarij praedickdagen' en legate, asook met 'armbusse' by die pastorieë, herberge, skepe en selfs 'taphuize' (kroeë)! Dié fonds het dus reeds bestaan toe die gemeente van Kaapstad in 1665 met een ouderling en een diaken gestig is.

Verarming het met die groeiende getal vryburgers en veeboere toegeneem. Die eerste kerkraadsnotules was in wese 'diaconij'-notules wat die noukeurige oorweginge en toeseggings geboekstaaf het van kos, klere en kontant aan armes, benewens toelaes en huisvesting aan weduwees en pleegsorg ('besteeding' met toelaes) vir wese. Mediese dienste en medisyne aan arm siekes deur die 'diaconij-dokters' is ook gelewer, asook begrafnisse vir die armes. Dit het die onkoste van die 'doodgraver', die doodskleed en die draers ingesluit, asook 'n 'algemeene doodskist' wat beskikbaar was vir 'diaconijs weegen'-begrafnisse.

Weens die vervlegtheid van die kerk en die owerheid het die diakonie feitlik die rol van die latere welsynsdepartemente én van kinderhowe vervul. 'n 'Onnut subject', Sophia Brits, is sodoende deur die diakonie na Batavia verban en die ses kinders van Evert Colijn wat hy verwaarloos en 'onbarmhartiglijk kastijden het', is van hom weggeneem. Colijn het sonder sukses na die goewerneur geappelleer en hierna versoek dat sy seun ten minste beskikbaar gestel word vir 'handreijkinge' (om in die tuin en met die melk van die koei te help). Dit is hom ook geweier, maar die diakonie het hom wel tegemoet gekom deur 'n slaaf aan te koop en die persoon gratis beskikbaar te stel!

### DIAKONAAT EN DIAKONIE WORD GESKEI

Die diakonaat is tot 1804 deur die onderskeie diakonieë beoefen. In sy kerkorde van daardie jaar het die Bataafse kommissaris-generaal JA de Mist hierdie verantwoordelikheid na die kerkrade oorgedra. Dit was die eerste stap in die skeiding tussen die diakonie en die diakonaat – 'n breuk wat mettertyd wyer sou word. Afsonderlike diakonie-vergaderings is hierna afgeskaf en kerkrade as geheel het die pligte van die diakonaat oorgeneem. Die diakens moes egter steeds vir die insameling van fondse sorg. Die dienste wat gelewer is, was hierna ook tot elke gemeente se grense beperk.

Met die eerste sinode in 1824 was dit vir die kerk moontlik om na behoeftes te kyk wat wyer as gemeentegrense gestrek het en nie deur een kerkraad onderneem kon word nie. Die gemeenskapslewe het meer gekompliseerd geraak en nuwe behoeftes, benewens armoede, het aandag geverg. Barmhartigheidsdienste is oor 'n wye spektrum gelewer:

* Ds C Rabie van Piketberg is geraak deur sy lidmaat Theuns Smit se doofstom seun wat nie met die evangelie bereik kon word nie. Hy het dit met sy kollega, ds W Murray van Worcester, bespreek. Hulle het die saak voor die sinode van 1880 gelê. Die volgende jaar is die Skool vir Dowes gestig. Die huidige internasionaal-toonaangewende Institute vir Dowes en Blindes op Worcester het hieruit ontwikkel.

* Die lot van arm, grondlose boere is deur ds BPJ Marchand raakgesien. In die negentigerjare van die 19de eeu het hy die inisiatief geneem en met welslae die saak by die sinode bepleit om grondgebied by Kakamas deur selfarbeid van die boere onder besproeiing te plaas. Die 'onmoontlike' het gebeur: Ná 1898 is dié wildernis deur eerwaardes Schröder en Lutz in 'n lushof omskep.

* Na die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) was daar minstens 20 000 oorlogswesies. Die Bittereinder ds AP Kriel het die Langlaagte-weeshuis tot stand gebring – die eerste van



2



3



4

baie wat sou volg. Sedertdien is duisende sorgbehoewende kinders hier 'n tweede kans gegee.

* In 1902 open die Predikante-Vereniging van Kaapstad die Magdalena-tehuis vir ongehude moeders – meisies wat vroeër dikwels verwerp is.

Al hierdie dienste, soos op baie ander diensterreine, was sinodaal georganiseer. Ondanks hulle diakonale aard, was dit los van die ampswerk van die diakens. Vir die beheer van elke afsonderlike diens is 'n bestuur of raad benoem wat elkeen afsonderlik aan die sinode verslag gelewer het. Ná 1915 is die werksaamhede tuisgebring onder die Sinodale Kommissie vir die Diens van Barmhartigheid.

'n Verwikkeling uit 'n totaal ander hoek het die diakens in 1875 nog verder laat wegbeweeg van hulle evangeliese ampstaak. Lank nadat die predikante nie meer staatsamptenare was nie, is hulle salarisse nog van staatsweë bepaal en betaal. Teen die helfte van die 19 de eeu het daar van regeringskant stemme daarteen opgegaan. Dit het in 1875 op wetgewing uitgeloop wat die 'vrywillige beginsel' ingevoer het. Die kerke sou voortaan self vir die salarisse van hulle leraars verantwoordelik wees.

Die kerkrade het nie altyd oor die nodige fondse hiervoor beskik nie en ook nie oor die infrastruktuur om die fondse te vind nie. Die diakens het egter die lidmate se bydraes vir die diakonaat ingesamel en hulle is toe ingespan om terselfdertyd fondse vir die 'instandhouding van die erediens' in te samel. Dit was die begin van die diakonale plig van kerklike geldinsameling. Diakens se hooftaak, die diakonaat, het hierna hoogstens 'n bysaak geword. Die diakonie en die diakonaat is in wese van mekaar geskei, hoewel die diakonale dienste in die kerk tot groot hoogtes ontwikkel is.

Ondanks die NG Kerk se belydenisskrifte, kerkorde en liturgiese formuliere wat die diakonaat skrifuurlik aan die diakenamp verbind en dit bykans twee eeue lank prakties só geïmplementeer het, is die praktyk vandag nie daarvolgens nie en roep dit om herstel.

THYS NIEUWOUDT

1. *Halwe VOC-stuiwer van Batavia, 1644. Armbusse is gebruik vir 'aalmoese voor de armen' – vandaar die uitdrukking ' 'n stuiwer in die armbus (of armbeurs) gooi'. Deesdae word fondse ook by die kerkbasaar (Oosterse stamwoord) of kermis (vervorming van kerkmis – wydingsfees) ingesamel.* IZIKO-MUSEUMS
2-4. *Duite van Nederlandse provinsies van onderskeidelik 1730, 1742 en 1759. Die duit was 'n byna waardelose muntstukkie. Iemand wat in die spreekwoordelike sin geen bloue duit besit het nie, was grootliks van kerklike bystand afhanklik.* IZIKO-MUSEUMS
5. *Silwer VOC-ducatoon, 1728.* IZIKO-MUSEUMS
6. *VOC-gulde (1790), eerste Nederlandse geldmiddel aan die Kaap. Vanweë die internasionale skeepsverkeer was daar aanvanklik 'n verskeidenheid van munte, soos die Spaanse reaal, aan die Kaap in omloop. Die latere Kaapse rijksdaalder is hoofsaaklik vir boekinskrywings gebruik. Soos die Amerikaanse dollar is dit afgelei van die Oostenrykse thaler.* IZIKO-MUSEUMS
7. *'n Kollektebekken (1840) in die Groote Kerk, Kaapstad, wat die tradisionele kollektesakkies vervang het.* GROOTE KERK-VERSAMELING. FOTO: J VAN DER POLL
8. *Mariginalis, 1749. (Detail van diakonale uitgawes vir armsorg.)* NG KERKARGIEF, KAAPSTAD



5




6

7



8


Marginalia's d' Anno 1749



I




2

# 1652. Vroeë Kaapse begrafnisgebruike en grafte

Die seeroete na die Ooste en die stigting van 'n Nederlandse halfwegpos aan die Kaap in 1652 deur die Verenigde Oos-Indiese Kompanjie het ook Europese begrafnisgebruike hierheen gebring.

Persone wat onderweg na of van die Kaap ter see gesterf het, is in seil toegedraai en oorboord gelaat, maar daar was uitsonderings. Die liggaam van die aangewese goewerneur Van Reede van Oudtshoorn is vier maande lank in 'n loodgevoerde kis in brandewyn bewaar, totdat hy op 12 April 1773 met groot vertoon in Kaapstad begrawe is. Sy grafsteen is in die buitemuur van die Groote Kerk ingemessel.



3

BEGRAFNISSE NA GELANG VAN RANG EN STATUS

Die deftigheid van 'n begrafnis is deur die oorledene se sosiale status bepaal. 'Aansprekers' is gestuur om familielede en bekendes na die begrafnis te nooi en die tyd en plek daarvan aan te kondig. Swart klere, sluiers of linte, óf die geld daarvoor is aan lede van die prosessie, soos slippedraers, voorsien. Tydens siekte-epidemies is byeenkomste egter so veel as moontlik vermy.

Begrafnisse was gewoonlik bedags, maar daar was uitsonderings, soos in die geval van goewerneur Tulbagh, wat ná sononder by lanternlig begrawe is. Die eksentrieke JG de Grevenbroek se lyk is deur twee slawe in sy blou kombers toegedraai en ook ná sononder op die werf van die plaas Welmoed weggelê.

Die armstes en die mees laagbesoldigde arbeiders, soldate en matrose is eers net in 'n kombers toegedraai, maar van 1710 is VOC-dienaars wel in kiste begrawe. Daar was verskillende tipes doodkiste, soos dié met spits- of plat deksels. Herbruikbare kiste was aan die voetenent oop, sodat die lyk daaruit in die graf kon gly.

Daar was geen kerkdiens tydens 'n begrafnis nie. Die stoet het van die sterfhuis na die kerkhof beweeg, tensy die graf in die kerk self was. Die grafgrawer het 'n regeringskontrak gehad, maar is uit oorledenes se boedels betaal. In 1761 het een Kaapse weduwee dié kontrak by 'n ander oorgeneem. In 1740 het 'n graf in die kerkhof 'n Kapenaar 50 gulden gekos, en dubbeld soveel vir 'n vreemdeling.

Van die vroegste gedokumenteerde begraafdes was 'n paar tereggestelde veroordeeldes wat in die beeskraal agter die Fort begrawe is. 'n Tydelike houtloods, wat op versoek van ds J van Arckel afgeskort is, het van 1665 tot 1677 as kerk en begraafplek gedien terwyl die Kasteel in aanbou was. Ds Van Arckel, die eerste predikant van die Kaapse Kerk, was een van die eerstes wat hier begrawe is.





4·5

1. *Heraldiese roubord van Wynand Muys met drie muise daarop. Rouborde is vooraan begrafnisstoete van vooraanstaandes gedra, waartydens 'huilebalken' en 'tropsluiters' soms gehuur is om luidkeels te ween en die stoet groter te maak. Muys was bevriend met Rijk Tulbagh en sy oudste seun is paslikerwyse Rijk Muys gedoop. (Die spreekwoordelike arm kerkmuis verwys na die feit dat daar in 'n kerk so min te ete is.)* GROOTE KERK-VERSAMELING. FOTO: J VAN DER POLL
2. *Heraldiese brandglasvenster van die NG kerk, Stellenbosch (ca 1725). Dit was deel van 'n bestelling van 17 glasvensters uit Amsterdam. Sibilla Pasman was die weduwee van Jan Lobsten (Loubser) en die datum 1723 verwys moontlik na die inwyding van die Gemeente Stellenbosch se tweede kerk.* STELLENBOSCH MUSEUM. FOTO: W MALHERBE
3. *Begrafnisstoet van Baron Pieter van Reede van Oudtshoorn, 13 April 1773.* KAAPSTAD ARGIEFBEWAARPLEK
4. *Grafsteen van Baron Pieter van Reede van Oudtshoorn (1714-1773). Die dorp Oudtshoorn is na sy kleindogter genoem.* FOTO: A PRETORIUS
5. *As deel van die Nederlandse gereformeerde erfenis is oorledenes soms binne die kerke in Kaapstad, Stellenbosch en Tulbagh begrawe. Benewens ses goewerneurs is die oorskot van heelwat ander persone in die huidige Groote Kerk in Kaapstad begrawe. Die steentjies op die Bataafse vloerteëls verwys na vroeëre grafte.* FOTO: J VAN DER POLL

Toe die houtloods ontruim is, is die beendere, ook dié van Eva (Krotoa) opgegrawe en na 'n gesamentlike graf verwyder.

Kommandeur Bax het reeds in 1677 'n perseel vir 'n kerk en kerkhof in die Kompanjiestuin aangewys. Ds P Hulsenaar en goewerneur Bax is in die kelder van die beplande kerk begrawe. In die kelder van die nuwe kerk, wat in 1704 voltooi is, is onder andere goewerneurs Simon van der Stel, Van Assenburg, De Chavonnes, Noodt, Van Kervel en Tulbagh begrawe. Hoewel Bax amper dertig jaar voor die inwyding begrawe is, het ds F Valentyn later sy grafsteen en dié van andere uit die tydperk voor 1704 daar opgemerk.

In 1710 is die soldate-kerkhof die eerste keer ommuur. 'n Tweede terrein is in 1720 uitgemeet vir 'n nuwe kerkhof. Daar was ook 'n slawekerkhof en die Macassar-kerkhof vir Moslems.

### HOOGGEPLAASTES EN VOORAANSTAANDES

Goewerneur Maurits de Chavonnes se militêre begrafnis op 14 September 1724 het met heelwat seremonie en swier gepaard gegaan. Die stoet wat van die Kasteel na die kerk gemarsjeer het, het bestaan uit 'n afdeling burgerruitery van 60 man, gevolg deur 'n afdeling burgerinfanterie van 70 man, 'n garnisoen voetvolk van 450 man met hulle onderskeie vaandels en tien musikante met hulle instrumente (almal in rouklere). Die vier trompette was in swart gedrapeer, en so ook die goewerneur se perd. Die lyfwagte het met die oorledene se ampstaf, vaandel en familiewapen gevolg, en daarna ses aansprekers en die lykswa met swart gedrapeerde perde, asook vier slippedraers met twaalf assistente. Die 'bloedvriende' het hierna gevolg, dan lede van die Raad van Justisie en daarna die Burgerrade en Heemrade. De Chavonnes se oorskot is in die kelder van die kerk begrawe. Hierna het die erewag van soldate en burgers buite in die kerkhof drie salvo's geskiet. Kanonne op die Kasteel se bastions het 72 minuutskote geskiet. Ses weke lank is die klokke van die Kasteel en die kerk vier keer daagliks 'n uur lank gelui.

'n Roubord vir vooraanstaandes, met die oorledene se familiewapen en persoonlike besonderhede, is soms teen betaling in die kerk ten toon gestel. Dit was by uitsondering in die vorm van 'n gebrandskilderde glasruit vir kerkvensters, soos dié van Sibilla Pasman in die kerk van Stellenbosch.

Wynand Willem Muys, na wie die bergpiek en Kaapstadse voorstad Muizenberg waarskynlik heet, was vernaam genoeg om met so 'n roubord vereer te word. Hy het gevorder van bottelier tot hoofluitenant van die garnisoen, tot kommissaris van die buiteposte én van siviele en huweliksake. Muys was in 1739 saam met goewerneur Swellengrebel en sekunde Tulbagh voor in die begrafnisstoet van die goewerneur Van Kervel se vrou. In 1747 was hy weer tussen die 'bloedvrinden' in die stoet van goewerneur Swellengrebel se vrou. Hy en sy seun Rijk Muys het in 1753 in mevrou Tulbagh se stoet gestap, saam met tien Swellengrebels, twee Tulbaghs en vyf Le Sueurs. Hy het inderdaad tussen die hoës beweeg.

Vanweë die hoë sterftesyfer tydens die sogenaamde 'pokke'-epidemie in 1755 is die kerkhof van die gemeente Kaapstad gesluit en 'n nuwe kerkhof aan die Buitengracht aan die gemeente toegewys. Slegs drie stene van al die honderde gestorwe VOC-dienaars is aan die Kaap bewaar.

Begrafnispraktyke van die VOC-era gee ons 'n beeld van die sosiale orde van destyds, waarin die kerk tot in die dood 'n prominente rol gespeel het.

DAN SLEIGH



I

# 1657. Van vryburgers tot veeboere

Die Vereenigde Oostindische Compagnie (VOC) se doel met die vestiging van 'n nedersetting aan die Kaap in 1652 was baie spesifiek: die Kompanjie se vlote moes op die seeroete tussen Wes-Europa en Nederlands-Indië van voorrade voorsien word en siek bemanningslede moes mediese behandeling ontvang. Die halfwegstasie aan die Kaap is deur VOC-amptenare beman, wat ook die eerste gereformeerde gemeente uitgemaak het.

Dit het spoedig duidelik geword dat die Kaap as 'n maritieme aanvullingstasie nie aan die hoë verwagtings voldoen het nie. Van Riebeeck het voortdurend met ernstige tekorte aan vars voedsel te kampe gehad. Dit het meegebring dat skippers die Kaap begin vermy en eerder by St Helena aangedoen het om voorrade aan te vul.

Van Riebeeck het dus kort ná sy aankoms vertoë tot die Here XVII gerig vir die vestiging van 'n vrye boeregemeenskap wat vir die Kompanjie landbouprodukte kon verbou. Die meriete van sy voorstel is ingesien en daar is goedkeuring gegee om dit op die proef te stel. Op 21 Februarie 1657 is die eerste nege VOC-amptenare op hulle eie versoek uit diens ontslaan en is hulle die geleentheid gegee om as vryliede 'n bestaan te probeer maak. Daarmee het 'n belangrike nuwe ekonomiese en maatskaplike groep in die Kaapse samelewing – en dus ook in die kerklike lewe – ontstaan.

## 'N GEMEENSKAP VAN VRYBURGERS

Die vryburgers het van die begin af 'n belangrike rol in die kerklike ampte gespeel. Die inrigting van die kerklike regering aan die Kaap het hoofsaaklik berus op goewerneur-generaal Anthonie van Diemen se kerkorde van 1643. Dit het onder meer bepaal dat die helfte van die kerkraadslede uit die geledere van amptenare en die ander helfte uit die vryburgers gekies moes word. In die plattelandse gemeentes was dit egter nie altyd moontlik nie, omdat daar te min amptenare gewoon het. Die betrokke kerkrade het daarom grotendeels uit vryburgers bestaan. Uit die geledere van die kerkraadslede het daar dikwels persone soos Adam Tas na vore getree wat 'n leidende rol in die vryburger-gemeenskap gespeel het.

Die vryburgers as groep het nuwe eise aan die Kaapse Kerk gestel, omdat hulle eiesoortige probleme ondervind het. Veral gedurende die beginjare het baie van die vryburgers in skuld en armoede verval en die diakonieë van die verskillende gemeentes moes by verskeie geleenthede finansiële en ander hulp aan noodlydendes verleen. Daarbenewens was hulle ook nie gevrywaar teen maatskaplike probleme soos onderlinge twiste, dronkenskap, ontug, huweliksprobleme, dobbelary en kindermishandeling en -verwaarlosing nie. Daar was ook diegene onder hulle wat aangekla is van ernstige misdade. In sulke gevalle is dit van die Kaapse Kerk verwag om sy lidmate pastoraal te versorg en te begelei.

Die vryburgers se meelewing met die kerklike lewe, soos die bywoning van eredienste en die gebruik van die sakramente, het nie verskil van dié van die VOC-amptenare nie. Daar was wel soms klagtes oor hulle swak kerkbywoning. Terwyl die amptenare deur 'n plakkaat van 1665 verplig is om Sondae kerkdienste by te woon, is die vryburgers nie onder dieselfde dwang geplaas nie. Die groot afstande wat sommige vryburgers van die platteland na die kerk moes aflê, is ook as rede vir ongereelde kerkbywoning aangevoer. Oor die algemeen het hulle egter die sakramente – en veral die doop – gereeld gebruik.

Soms het daar spanning tussen die vryburgers en hulle predikante ontstaan. Dit was veral omdat die leraars self



2

1. *Kaart van die Kaap en omstreke, ca 1690.* KAAPSTAD ARGIEFBEWAARPLEK
2. *'n Grondbrief van die plaas Vredenburg, distrik Stellenbosch, wat in 1691 aan Hendrik Elberts toegeken is. Die koms van die vryburgers en trekboere het bygedra tot 'n gevorderde grondstelsel wat aanvanklik op vrypag en erfpag gebaseer was.* STELLENBOSCH MUSEUM. FOTO: W MALHERBE
3. *Die voorhuis van 'n veeboergesin in die Oos-Kaap, ca 1818. Die ruitlose venster, kerse, geweer, kruithoring, wateremmer, wyerandhoede, kiste, voetstofie, vlieëwaaier en ander gebruiksvoorwerpe is tiperend van die tyd en omstandighede.* KARIKATUURTEKENING DEUR R DINGLEY. IZIKO MUSEUMS
4. *Kapstylhuise, Puntjie (Distrik Riversdal). Dié vakansiehuisies is in die styl van die tipiese veeboerwonings gerekonstrueer. Die boumateriaal van veral dekriet en kapbalke was maklik bekombaar. Die kapstylhuise is deur trekboere gebruik waar hulle langer as gewoonlik oorgestaan het. Veeboerpioniers het dikwels ook hartbeeshuisies (hardebiesieshuisies) opgerig.* LANTERN

amptenare was wat deur die Kompanjie aangestel en besoldig is en nie deur die kerkrade beroep is nie. Hulle is dus noodwendig deur sommige vryburgers as pionne van die owerheid beskou. Dit was die geval in die burgers se stryd teen Willem Adriaen van der Stel, wat goed bevriend was met ds Petrus Kalden. Adam Tas verwys na Kalden, wat terselfdertyd 'n welgestelde boer op die spogplaas Zandvliet was, as die 'paap' en 'den gevijnsden Tempelier'. Daar was egter ook ander oorsake vir swak verhoudings met kerklike amptenare. In 1687 het drie lidmate van die Stellenbosse gemeente geweier om kerkdienste by te woon vanweë die sieketrooster, Sybrand Mankadan, se beweerde ergerlike lewe. Hy het geweier om hulle in tye van droefheid te besoek.

### TREKBOERE BEWEEG NA DIE BINNELAND

Omdat die beskikbare landbougrond om die Kaapse Skiereiland spoedig onvoldoende geraak het om al die burgers te akkommodeer, het hulle mettertyd die binneland dieper binnegedring op soek na geskikte grond. Dit het gelei tot die ontstaan van nuwe nedersettings by Hottentots-Holland, Stellenbosch, Drakenstein en die Land van Waveren.


Met die opkoms van veeboerdery gedurende die agtiende eeu het boere al dieper die binneland ingetrek op soek na weiveld en water. Hulle is spoedig gevolg deur die owerheid, wat nuwe drosdye gevestig het om die burgers onder die Kompanjie se administratiewe beheer te hou. Daarna het kerklike gemeentes ontstaan om in die geestelike behoeftes van die inwoners te voorsien. In dié proses het nuwe gemeentes ontstaan op Stellenbosch (1686), in Drakenstein (1691), by Roodezand (die huidige Tulbagh, in 1743) en twee jaar later ook in die Swartland (Malmesbury).

Die noord- en ooswaartse beweging van die trekboere het die Christelike godsdiens oor groot gebiede van die Kaapse binneland tot so ver as Swellendam en Graaff-Reinet versprei. Die gevolg daarvan was dat daar teen die einde van die Kompanjiesbewind in 1795 reeds ses gemeentes van die Kaapse Kerk bestaan het.


CON DE WET



3



4



1

# 1658. Hand aan hand met die onderwys

Met die aankoms van die Nederlandse pioniers aan die Kaap in 1652, was onderwys van 'n elementêre aard en is dit hoofsaaklik deur die kerk bedryf en bevorder. Die sterk gereformeerde geloofstradisies van die setlaars het meegebring dat 'n minimum opvoedkundige geletterdheid, as vereiste vir aanneming, bereik moes word. Gebede, aanhalings uit die Bybel en die Heidelbergse Kategismus is dus geleer en voorgedra, benewens 'n basiese opleiding in lees, skryf en rekeningkunde.

## KERK, OWERHEID EN ONDERWYS IN DIE HOLLANDSE ERA

Die sieketroosters het ook as ons land se eerste onderwysers opgetree. Die eerste sieketrooster, Willem Wijland, het reeds onsuksesvol geprobeer om van die Koikoi te leer lees en skryf. Hierna is 'n VOC-slaweskool sonder enige ouderdomsbeperkings op 17 April 1658 geopen. Die eerste onderwyser by dié skool was die sieketrooster Pieter van der Stael. As 'aansporing' het leerlinge op skooldae 'n sopie brandewyn en 'n bietjie tabak ontvang!

Die eerste openbare skool in die Kaap met hoofsaaklik kinders van VOC-werknemers, dateer van 1663. Sieketrooster Ernestus Back was die eerste onderwyser, maar ná sy ontslag in 1665, is Daniel Engelgraaf uitsluitlik as onderwyser aangestel. Hy word dus beskou as die eerste permanente onderwyser in Suid-Afrika. Die besoekende VOC-kommissaris, Hendrik Adriaan van Reede tot Drakestein, het in 1685 'n afsonderlike skool vir slawekinders tot stand gebring.

Die eerste skool vir blanke kinders buite Kaapstad is in 1683 in Stellenbosch gestig. Daar is veral in die binneland van private 'leermeesters' of 'schoolmeesters' gebruik gemaak. Dorpskole was gewoonlik onder beheer van kerkrade. 'n Volgende mylpaal was goewerneur Maurits Pasques de Chavonnes se 'ordonnantie van de School ordening' van 1714, waarvolgens die 'Heere Scholargen' beheer oor die skole in die Kolonie sou uitoefen.

In 1743 het die besoekende goewerneur-generaal van die VOC, baron Gustaf van Imhoff, onder die indruk gekom van die betreurenswaardige kerklike en onderwystoestande in die binneland. Dit het gelei tot die stigting van die gemeentes van Roodezand en Zwartland, asook die aanstelling van sieketrooster-skoolmeesters aldaar.

Die Reglement van Skolarge is vervolgens in 1782 by die Politieke Raad ingedien. Die verpligtinge van onderwysers is omskryf, hulle vergoeding nader bepaal en die organisasie van skole op 'n vaster grondslag geplaas. In die laaste dekade van die agtiende eeu het die vestiging van verskeie sendinggenootskappe in Suid-Afrika 'n belangrike verdere stimulus vir onderwys onder gekleurdes gegee.

Kommissaris-generaal JA de Mist het tydens die Bataafse bewind (1803-1806) 'n groot invloed op die bestuur van die Kaap gehad. Tydens 'n uitgebreide inspeksiereis het hy besef dat die nuwe goewerneur, JW Janssens, se beskrywing van die betreurenswaardige onderwystoestande nie oordrewe was nie. Dit het gelei tot De Mist se *School-ordre voor de volksplanting aan de Kaap de Goede Hoop op* 11 September 1804.

Die eerste gedeelte van dié ordonnansie, wat in 1805 deur Janssens gepromulgeer is, het onder meer 'n uiteensetting gegee van die oprigting en administrasie van verskillende tipes openbare skole. Daar is ook voorsiening gemaak vir die Kommissie van Skolarge (ook bekend as die Skoolkommissie).

4



5



6





2



3

1. *Die Hamiltonsaal, koshuis-eetsaal by Grey Kollege, wat deur sir Herbert Baker ontwerp is. Die skool (1855) is die oudste onderwysinrigting in die destydse Transgariep en is bekend vir sy akademiese en sportprestasies. Onder sy oudleerlinge is die rugbykaptein Morné du Plessis, asook krieketkapteins Kepler Wessels en Hansie Cronje.* FOTO: R BRÖNN
2. *Personeel en studente van die Normaal School by Rust-en-Vreugd in Kaapstad, 1889.* KAAPSTAD ARGIEFBEWAARPLEK
3. *Die Paarl Gymnasium, met sy Egiptiese argitektoniese detail, is in 1858 as seunskool deur ds GWA van der Lingen gestig.* FOTO: A PRETORIUS
4. *Dr PE Faure (1811-1882). Hy was die dryfkrag agter die stigting van twee Engelstalige skole in Wynberg, Kaap.*
5. *Ds FGT Radloff (1842-1928), een van talle NG predikante wat Christelike onderwys vanaf die 1850's noord van die Gariep bevorder het. Hy was stigter van die Eunice-skool (1876) in Bloemfontein.* KAAPSTAD-ARGIEFBEWAARPLEK
6. *Dr Abraham Faure (1795-1875), jare lank lid van die Suid-Afrikaanse Kollegeraad (voorloper van die Universiteit van Kaapstad) en eerste professor in Nederlands.*

Dié ordonnansie was 'n waterskeiding omdat openbare onderwys as verantwoordelikheid van die staat erken is, met die gepaardgaande skeiding tussen die onderwys en die kerk.

Verskeie skole het onder die verligte Bataafse bestuur van 1803 tot 1806 tot stand gekom. Die belangrikste hiervan het voortgevloei uit die stigting in 1802 van die Zuid-Afrikaansche Maatschappy tot Nut van het Algemeen en die opening van sy skool in 1804 in Kaapstad. Die Tot Nut van het Algemeen-skool het veral in reaksie op die angliseringspogings as 'n Hollandse skool gefloreer en het teen 1834 uit 360 leerlinge en 11 onderwysers bestaan. Verskeie latere bekende kerkleiers van die NG Kerk het hier skoolgegaan. 'Godsdienst ... naar de voorschriften van het Boek der Boeken' het 'n sentrale posisie ingeneem. Die Tot Nut van het Algemeen-skool het sy deure in 1870 finaal gesluit nadat dit algaande sy uniekheid verloor het toe dit 'n dubbelmedium-skool geword het.

## NG KERK EN ONDERWYS ONDER BRITSE BEWIND

Na die Tweede Britse Besetting in 1806 het die angliseringsbeleid geslagte lank 'n ingrypende invloed op die onderwys en kerk uitgeoefen. English Free Schools is in 1813 ingevoer en op 5 Julie 1822 het Engels die amptelike taal in die Kaapkolonie geword. Die Britse tydperk is in die onderwys verder gekenmerk deur 'n toenemende sekularisering en die gevolglike afskaling van die NG Kerk se rol. Dit is aangehelp deur die provinsialisering van die onderwys vanaf 1839. Die NG Kerk het egter deurgaans by die onderwys betrokke gebly. Talle opvoedkundige instellings en skole het veral vanaf die middel van die negentiende eeu op inisiatief en deur bemiddeling van die NG Kerk ontstaan:

* Op 23 Januarie 1878 het die NG Kerk die Normaal School in Kaapstad as opleidingsinrigting vir onderwysers in Suid-Afrika tot stand gebring. Dit was die kerk se eerste inrigting vir hoër onderwys ná die totstandkoming van die Kweekskool in 1859. Dr Andrew Murray en dr JR Whitton het vanaf die opening van die Normaal School in 1878 tot sy sluiting in 1915 onderskeidelik as voorsitter en rektor van die Kuratorium gedien.

* Sir George Grey, Kaapse goewerneur, het £5 000 aan die NG Kerk geskenk vir die oprigting van Grey Kollege in Bloemfontein. Die skool is op 17 Januarie 1859 amptelik geopen met ds (later dr) Andrew Murray as eerste skoolhoof. Dit was die eerste skool in Transgariep en voorloper van die Grey Universiteitskollege, die latere Universiteit van die Vrystaat.

* Ander voorbeelde van betrokkenheid van die NG Kerk by skole was Eunice in Bloemfontein (ds G Radloff), die Paarlse Gymnasium (ds GWA van der Lingen) die Stellenbosch Gymnasium, voorloper van die Universiteit van Stellenbosch, en die Hoër Meisieskool Bloemhof (ds JH Neethling). Hierbenewens was dr Philip Faure vir die totstandkoming van die bekende Wynberg Boys' High School en die Wynberg Girls' High School verantwoordelik.

Die NG Kerk se bydrae tot die onderwys het gegroei van die beskeie pogings van die sieketroosters tot toegewyde predikante wat bekende skole en opvoedkundige inrigtings tot stand help bring het.

GEORGE HOFMEYR



# 1662. Die Kaapse Kerk en die Koikoi

In die voorgeskrewe gebed wat aan Jan van Riebeeck gegee is om by sy aankoms aan die Kaap in 1652 te lees, is die wens uitgespreek dat die 'ware gereformeerde Christelijke Leere mettertijt mochte voortgeplant ende verbreijt worden' onder die inheemse bevolking. Tydens die Kompanjie se bewind aan die Kaap het daar egter weinig van hierdie vroom versugting tereggekom.

STRUIKELBLOKKE

Die feit dat daar aanvanklik nie veel aandag deur die Kaapse Kerk aan die kerstening van die Koikoi gegee is nie, is waarskynlik deels te wyte aan stromings in die Nederlandse Calvinisme, wat nie 'n hoë prioriteit aan sendingaktiwiteite gegee het nie.

'n Gebrek aan onderwysgeleenthede was 'n verdere belemmerende faktor vir die Koikoi om as lidmate van die kerk gedoop te word. Van volwasse dooplidmate is verwag om oor 'n mate van formele kennis van die Christelike leer te beskik, maar dit was nie vir die Koikoi geredelik bekombaar nie. Hulle is deur die eerste sieketrooster aan die Kaap, Willem Wijland, beskryf as 'berofte van alle kennisse Gods'.


Daar was tog individue aan die Kaap wat steeds gehoop het dat dit moontlik sou wees om, soos in Nederlands-Indië, die inheemse bevolking te oorreed om die Nederlandse godsdiens, taal en kultuur te aanvaar. Wijland het by twee geleenthede Koikoi-seuns by hom laat inwoon om hulle te leer lees en skryf en te kersten, maar sonder veel sukses.

Jan en Maria van Riebeeck was meer suksesvol. Hulle het die Koi-meisie Krotoa aan huis geneem, haar 'n Westerse opvoeding gegee en in die Christelike godsdiens onderrig. Op 3 Mei 1662 was sy 'de eerste van dese ingebore lantsluiden' aan wie die doop bedien is, toe sy deur die besoekende predikant ds Petrus Sybelius in die kerk gedoop is en die naam Eva ontvang het. Haar burgerlike huwelik met die Deense chirurgyn, Pieter van Meerhoff, in April 1664 is later ook in die kerk ingeseën. Hoewel Eva na die dood van haar man 'n afvallige lewe gelei het, is sy nogtans toegelaat om 'n kind te laat doop en is sy begrawe in die timmerloods in die Kasteel wat as kerk gedien het. In Maart 1669 is 'n Koiweeskind aan die vryburger Hendrik Reynz toevertrou vir 'n Christelike opvoeding, maar die kind is kort daarna oorlede.

Ds Petrus Kalden, wat in 1695 leraar van die Kaapse gemeente geword het, was 'n yweraar vir die sending. Hy het dit betreur dat die Koikoi nog 'sitten in soo een duystere oncunde, buyten kennis van de waren God, en vreemdelingen van de verbonden des genaden'. Hy het dus hulle taal begin aanleer om die Woord beter aan hulle te kan bedien. In 1705 het die reisiger Francois Valentijn 'n Koikoi op ds Kalden se plaas Zandvliet aangetref wat 'n deeglike kennis van die Bybel gehad het. Toe Kalden in 1707 saam met WA van der Stel en ander amptenare na Nederland teruggeroep is, het hy die Here XVII versoek om hom toe te laat om op Zandvliet te bly en sy werk onder die Koikoi voort te sit. Dit is geweier en met Kalden se vertrek na Nederland in 1708 het hy 'n Koikoi saamgeneem om gedoop te word.

Die Kaapse Kerk het wel soms kommer uitgespreek oor die gebrek aan godsdienstige ywer onder die Koikoi. In April 1703 het die kerkraad van Drakenstein in 'n brief aan die

1



Klassis Amsterdam hulle ten gunste van kerstening uitgespreek. Hulle het egter bygevoeg dit is 'wel te wensen, maar niet als door d'almogende hand van onsen barmhertigen God op die tyd, wanneer de volheid der heidenen sal ingaan, schijnt te konnen geschieden'. In 1738 het die Gekombineerde Kerkvergadering aan die klassis berig dat daar nog geen positiewe blyke van bekering onder die Koikoi was nie.

'N SENDINGAKSIE

Die eerste sendingaksie onder die inheemse bevolking is nie deur die gereformeerde kerk aan die Kaap onderneem nie, maar deur die Morawiese sendeling Georg Schmidt. Hy het in 1737 met die goedkeuring van die VOC 'n nedersetting onder die Koikoi by Baviaanskloof (later Genadendal) gestig. Hy het egter teenstand van die predikante gekry, omdat die kerk die Morawiërs as 'n sekte beskou het. Veral toe Schmidt begin het om bekeerlinge te doop, het hy teenstand gekry en daar is smalend na hom as 'n 'Hottentots-bekeerder' verwys.

Die Gekombineerde Kerkvergadering aan die Kaap het die Klassis Amsterdam gevolglik versoek om uitsluitsel te gee oor Schmidt se reg om die doop te bedien. In hierdie omstandighede het Schmidt in 1744 na Europa teruggekeer. Sy werk het blykbaar tog die gewete van die Kaapse Kerk aangespreek, want die klassis het opdrag gegee om geskikte persone van gereformeerde oortuiging te stuur om die Koikoi van die Overberg in die Christelike godsdiens te onderrig. Daar is egter geen bewyse dat die opdrag uitgevoer is nie.

Die kerk se pogings tydens die VOC-era om die Koikoi aan die Kaap te kersten het dus weinig vrugte opgelewer.

CON DE WET




2

1. *'n Afbeelding in* Historische Reize door d'Oostersche Deelen van Asia *(1711) deur Abraham Bogaert. Dit toon 'n groep Koikoi naby die huidige Bloubergstrand met hulle vee en matjieshutte. Die Skiereilandse Koikoi het toe uit groepe soos die Strandlopers en Watermans (hulle Hollandse benamings) bestaan. Die skepe in Tafelbaai en die VOC-nedersetting aan die voet van Tafelberg was in verskeie opsigte 'n leefwêreld verwyder – ook ten opsigte van godsdiensopvattings.*
KAAPSTAD ARGIEFBEWAARPLEK
2. *Die sendeling JJ Kicherer en drie 'Hottentotten' van die Zakrivier-sendingstasie – Maria en Klaas Fortuin en Martha Arendse. Dié gravure is gemaak ná hulle besoek aan Londen in 1803.* KAREL SCHOEMAN: J J KICHERER EN DIE VROEË SENDING, 1799-1806
3. *Koi-man in tradisionele en Westerse kleredrag, 1811.*
F STEEB. KAAPSTAD ARGIEFBEWAARPLEK
4. *'n Afbeelding deur HA Chatelain van 'n kaart van Suidelike Afrika met Koikoi en die altyd-teenwoordige wilde diere. Die Koikoi is in tradisionele drag met onder meer karosse, kraleversierings en assegaaie.* KAAPSTAD ARGIEFBEWAARPLEK

3



4





1

# 1665. Die eerste predikant en daarna

Ná die stewige Christelike fondamente wat die eerste vier sieketroosters gelê het, het ds Joannes van Arckel as eerste predikant van die gereformeerde geloof in Suid-Afrika op 18 Augustus 1665 in Tafelbaai aangeland. Saam met hom was sy suster Elizabeth.

## DIE EERSTE LERAAR IN DIE EERSTE GEMEENTE

Van Arckel se teologiese studies aan die Universiteit van Leiden is deur die VOC gefinansier. Hy is ook deur die Kompanjie na die Kaap gestuur én besoldig, in 'n stadium toe predikante die rang van onder-koopman beklee het. Hy het op 23 Augustus 1665 sy bediening begin met die hou van twee dienste in die Fort de Goede Hoop, toe hy ook nege kinders van 'Nederlantsche ouders' gedoop het. Dit was die amptelike konstituering van die eerste Christelike gemeente in Suid-Afrika.

Die kerkhistorikus, prof Flip van der Watt, skryf opsommend oor dié gebeure:

'Nog in dieselfde jaar is die eerste kerkraad benoem: Abraham Schut, 'n militêre amptenaar, as ouderling en Jan Reiniersz, 'n melk- en vrugteboer', as diaken. By hulle bevestiging moes die formuliere van die gereformeerde kerk onderteken word... In sy klein en netjiese handskrif lê Van Arckel ook die eerste 'Kerkenboek van de Caap van Goede Hope' aan en só word ook met die doop-, lidmaat- en trouregister 'n begin gemaak.'

Op 2 Januarie 1666 het ds Van Arckel saam met die kommandeur, sekunde en fiskaal die vier fondamentstene by die 'steene royale fortresse' (die Kasteel) gelê. Die volgende dag het Van Arckel koorsig begin voel. Hierdie 'eerste uytgesonden en wettich gestelde predicant' is minder as twee weke later op 13 Januarie 1666 op 28-jarige ouderdom oorlede.

Joannes van Arckel, wat dus vir minder as vyf maande die eerste predikant in die eerste gemeente was, is begrawe onder die timmerloods in die binneplein van die Kasteel, wat in aanbou was. Die Politieke Raad het hom waarderend beskryf as 'onsen goeden Leeraer, rechten voorganger, en leyder tot aller Christelycke deuchden'. Van Arckel was inderdaad 'n waardige voorganger van die duisende predikante wat ná hom die Nederduitse Gereformeerde Kerk sou dien.

Reeds voordat ds Van Arckel in 1665 bevestig is, het 41 leraars aan die Kaap gepreek of aangedoen op pad na of van die patria (vaderland). Hy was op sy beurt die voorganger van 44 predikante wat tydens die VOC-era (1652-1795) die gemeentes aan die Kaap bedien het. Byna almal was Nederlanders, wat die innige verbondenheid met die patria versterk het.

Die Klassis (Ring) van Amsterdam was daarvoor verantwoordelik om die dominees vir die Kaap te eksamineer en te voorsien. Hulle het grootliks daarin geslaag om geskikte en toegewyde persone te kry. Die Here XVII het die finale aanstellings gedoen en by hulle aankoms aan die Kaap het die predikante onder die gesag van die kommandeurs (later goewerneurs) en die Politieke Raad geval. Dit was dikwels moeilik om gewillige kandidate te vind wat bereid was om so ver van Nederland te gaan vir die bediening. Daar was gevolglik soms vir lang tussenposes vakatures in gemeentes.

## 'N NUWE BEDELING

Die politieke omwentelings van 1795 tot 1806 het die kerklike lewe en die voorsiening van predikante ingrypend verander. Tussen 1806 en 1824 het net twee leraars uit Nederland gekom – ds JWL Gebhard en ds J Spijker. Die Afrikaanse predikante wat na vore gekom het, is wel aan die Nederlandse universiteite by Utrecht, Groningen en Leiden opgelei.

Die politieke bande met Nederland is dus met die Engelse bewind verbreek, maar nie die geestelike band nie. Die Kaapse Kerk het openlik gepleit vir Hollandse dominees, maar die tekort aan voldoende beskikbare gelegitimeerdes het in die hand gespeel van lord Charles Somerset met sy angliseringsbeleid. In 1818 het die Londense Sendinggenootskap sendelinge gestuur om as leraars diens te doen. Hulle was die Skotte dr G Thom, dr J Evans en ds J Taylor. Somerset het dr Thom in 1820 gestuur om Engelse leraars

2


3.4




te werf vir die 'Calvinistic Church of this place'. Die gekeurde leraars is eers na Nederland om Hollands aan te leer.

Dr Thom was gelukkig in sy keuse van di Andrew Murray sr, Colin Fraser, George Morgan, Henry Sutherland en A Smith. Hierdie vroom Skotse predikante en dié wat sou volg, het 'n reusebydrae tot die ontwikkeling van die Kaapse Kerk gelewer. Hulle het respek vir die dikwels vroom koloniste gehad en het gou die harte van die lidmate gewen. Die destydse Skotse Kerk was streng gereformeerd, onder die invloed van John Knox.

Die gedagte om plaaslik opleiding te verskaf, is verder gevoer toe die jong predikant Abraham Faure in 1817 'n seminarium vir die plaaslike voorsiening van predikante voorstel. Sy visie het uiteindelik in 1859 met die oprigting van die Kweekskool op Stellenbosch gestalte gekry. Behalwe vir die tekort aan leraars was die ander groot motivering vir só 'n inrigting dat dit as teenvoeter moes dien vir die sogenaamde liberale idees waarmee sommige leraars wat in Europa opgelei is, na Suid-Afrika teruggekeer het.

Die totstandkoming van die Kweekskool op Stellenbosch in 1859 het meegebring dat die meeste studente hulle voorgraadse studies hier voltooi het en dikwels nagraads oorsee studeer het. Veral die Universiteit van Utrecht het tot ongeveer 1910 groot aftrek van nagraadse studente uit Suid-Afrika gekry. Daarna het 'n swaai gekom na die Vrije Universiteit van Amsterdam, wat in die daaropvolgende jare talle akademiese personeel vir plaaslike opleidingsentra voorsien het. Die bekende teologiese seminarie by Princeton in die VSA het ook sy kwota nagraadse studente uit Suid-Afrika vir uitmuntende diens toegerus.

Die puik teologiese fakulteite aan die verskillende Suid-Afrikaanse universiteite en ander opvoedkundige inrigtings het mettertyd al groter ondersteuning gekry en 'n onberekenbare bydrae gemaak in die voorsiening van predikante en sendelinge.

ANDRÉ OLIVIER EN GEORGE HOFMEYR

1. *Ds Helperus Ritzema van Lier (1764-1793), predikant van Kaapstad van 1786 tot 1793. Hy was 'n toegewyde natuurwetenskaplike, skrywer, prediker en sendingvriend.* KAAPSTAD ARGIEFBEWAARPLEK
2. *Graf van ds HR van Lier wat in 1791 op die preekstoel van die Gemeente Kaapstad inmekaar gesak het as gevolg van 'n 'zware bloedspuwing … een gevaarlijke borstaanval'. Hy is in 1793 op 28-jarige ouderdom oorlede. Vanweë sy liefde vir die natuur is hy op die VOC-buitepos 't Nieuwland begrawe.* FOTO: G HOFMEYR
3. *Ds F le Sueur (1701-1757), predikant van Kaapstad en voorsitter van die eerste vergadering van die Gekombineerde Vergadering.* GROOTE KERK-VERSAMELING
4. *Ds C Fleck (1756-1820), predikant van Kaapstad. Hy was medestigter van die Bybelvereniging en die voorsitter van 1818 tot 1820.* GROOTE KERK-VERSAMELING
5. *Sinodegangers in die binnehof van die Ou Hugenotegedenksaal, Kaapstad, 1903.* NG KERKARGIEF, KAAPSTAD
6. *Eerste bladsy van die VOC se 'Instructie' vir predikante en sieketroosters, 1657.* KAAPSTAD ARGIEFBEWAARPLEK
7. *Handtekeninge van Kaapse leraars sedert 1665.* GROOTE KERK-VERSAMELING



5

6.7


3

INSTRUCTIE
Voor de
PREDIKANTEN
en de
ZIEKENTROOSTERS,
*Die zig in den dienst van de Generaale Nederlantsche Geoctroyeerde Oost Indische Compagnie zullen willen begeeven.*


I.


Alle Predikanten en Ziekentroosters zullen zig, in de bedieninge van hun ampt en beroep reguleeren naar de ordre en de particuliere instructie, die hun, met approbatie van de Representanten van zyne Hoogheit en verdere Bewindhebberen, ten dien einde by de Classes in de respective Steden van de Kameren van de Compagnie, alwaar zy aangenoomen zyn, mede gegeeven zullen worden, en voorts, zoo veel de civile conservatie en de burgerlyke gehoorzaamheit aangaat, zoo in Indië als op de reize, gelyk als alle andere officiers en dienaars van de Compagnie, aan de gestelde Overheden, zoo wel te water als te lande, onderworpen zyn, en zig voorts in alles, niets uytgezondert, moeten reguleeren naar den generaalen Artikelbrief, en deeze en andere Instructien, by de Representanten van zyne Hoogheit en verdere Bewindhebberen alhier, of wel by den Gouverneur Generaal en Raden van Indië gemaakt, of nog te maaken.

II.

De Predikanten en Ziekentroosters zullen goede zorge draagen, en by de Overheden van de respective schepen en op de Comptoiren …

A 2



1


# 1686. 'n Nuwe gemeente op Stellenbosch

Die oudste permanente struktuur in Suid-Afrika wat uitsluitlik vir kerkdoeleindes opgerig is, was die Godshuis – soos dit destyds genoem is – op Stellenbosch. Die kerkie het in Desember 1710 afgebrand tydens 'n verwoestende brand wat 'n groot deel van die dorp getref het. Net die fondament het behoue gebly.

### 'N EILANDJIE IN DIE EERSTERIVIER

Toe Simon van der Stel op 12 Oktober 1679 die Kaap bereik het, was die klein VOC-nedersetting in Tafelbaai deur 'n sandvlakte van die binneland geïsoleer. Benewens die Kompanjie-amptenare en garnisoen, wat toe 287 persone uitgemaak het, het die nedersetting se bevolking andersins bestaan uit 87 vryburgers, 55 vroue en 117 kinders, 30 knegte en 191 slawe. Tipies van destyds is die inheemse Koikoibevolking statisties buite rekening gelaat.

Hoewel daar sedert 1672 'n buitepos by Hottentots-Holland in die omgewing van die huidige Lourensrivier was om graan te verbou, was die koringproduksie onvoldoende. Op 3 November 1679 het Van der Stel dus te perd op 'n inspeksiereis van die Kasteel oor die Kaapse Vlakte na Hottentots-Holland vertrek. Hy het op 8 November die omgewing van die huidige Stellenbosch bereik en dit beskryf as 'n potensieel belangrike en vrugbare landbougebied. Dieselfde nag het hy op 'een kleijn eilantje rontsom met versch water omstroomt' geslaap. Aangesien 'ten voorsz plaetse noijt eenige voorgaende opperhooft en zijn geweest, is't selve genaemt Stellenbosch'. Landbou-uitbreiding aan die oewers van die Eersterivier het hierna spoedig gevolg.

Die gepaardgaande kolonisasie het tot kerklike, opvoedkundige en ander behoeftes gelei. Op 28 September 1683 het die Politieke Raad gevolglik 'n versoek van boere van die Stellenbosch-omgewing oorweeg vir 'een bequam persoon als schoolmeester om de jeught te instrueren en op de gewoone rustdagen een sermoen te leesen ... om haar ook by cranckte &a. in haar uijtterste te connen troosten'.

Die versoek is goedgekeur en Sybrand Mankadan is aangestel as voorleser en skoolmeester van Stellenbosch. Die Kompanjie is terselfdertyd versoek om 'n woning vir die skoolmeester op te rig, wat as vergaderplek vir onderwysdoeleindes gebruik kon word. Dit was die eerste huis op Stellenbosch.

### GRONDSLAG VIR 'N GODSHUIS


Op 16 Julie 1685 het kommissaris Van Reede tot Drakestein skriftelike instruksies uitgereik vir die bestuur van sake aan die Kaap, met inbegrip van Stellenbosch. Daar is in die uitleg van Stellenbosch onder meer voorsiening gemaak vir 'n kerkgebou en 'n kerkhof. Volgens die Instruksie het Van Reede voorsien dat die oprigting van 'n kerkgebou weens ander dringende werk voorlopig uitgestel word en dat die gemeente voorlopig van 'n 'opgeslaegen loots' gebruik moes maak.

Meer as 'n jaar later, op 29 Julie 1686, het Simon van der Stel weer Stellenbosch besoek. Dié middag het hy 'behoorlijke ordres tot den opbouw van Gods- en Compagnieshuijsen' gegee. Die volgende dag is Douwe Gerbrandts aangewys as opsiener van die kerkhof, wat op die terrein van die toekomstige kerkgebou was. Daar is ook bepaal dat ses gulde betaal moes word vir elkeen wat in die kerkhof begrawe word, benewens drie gulde vir die grawe van 'n graf.

Voor die einde van Augustus 1686 het Van der Stel 'n geselskap ambagsmanne en arbeiders – vyf Duitse knegte, tien steenmakers en veertien slawe onder bevel van baastimmerman Adriaan van Brakel – na Stellenbosch gestuur om die kerk en raadshuis te bou. Op 13 Oktober 1687 het die kommandeur self ook aan huis van 'n vryburger die eerste



2



3

preek deur ds Johannes Overneij bygewoon. Drie kinders is by dié geleentheid gedoop.


Op 5 Januarie 1687, tydens 'n volgende besoek van die kommandeur en ds Overneij aan Stellenbosch, is Gerrit van der Bijl as eerste ouderling en Dirk Coussé as eerste diaken van die nuwe gemeente bevestig. In die daaropvolgende week het ds Overneij en die twee kerkraadslede by al die ingesetenes van Stellenbosch huisbesoek gedoen, onder meer met die doel om hulle na die nagmaal te nooi. Daar was toe 52 lidmate van die kerk op Stellenbosch uit 'n totaal van sowat 130 koloniste.

Op 13 Februarie 1687 het Van der Stel in 'n brief van Douwe Steyn, die nuwe bou-opsigter, kennis geneem dat 'men eindelijk den grondslag van 's Heren huijs an Stellenbosch op morgen sal leggen'. Die 'nieuwgeboude kerck', die eerste permanente kerkgebou op Stellenbosch én in Suid-Afrika, is op 19 Oktober 1687 in gebruik geneem. Die diens is deur ds Johannes van Andel waargeneem. Onder die aanwesiges was die kommandeur, raadspersone en heelwat plaaslike inwoners.

Hoewel ds Van Andel van die gemeente Kaapstad steeds oorhoofs verantwoordelik was vir die bediening op Stellenbosch, sou ds Pierre Simond, die Hugenote-predikant, vanaf 1688 gereeld op Stellenbosch preek en onder toesig van die kerkraad arbei.

Dit was die nederige begin van Stellenbosch se omvangryke kerkhistoriese bydrae, wat die stigting van die Kweekskool insluit.


PIETER COERTZEN



4.5.6


1. *Die oorspronklike kerkie (1687) op Stellenbosch, wat toe nog 'n gehuggie was.* EV STADE (1710), STELLENBOSCH MUSEUM
2. *Die ruïnes van die oudste gereformeerde 'Godshuis' in Suid-Afrika (1687-1710) met een van die vroegste grafte van Christelike oorsprong.* FOTO: H VOS, STELLENBOSCH MUSEUM
3. *Die ingang van die Grosvenorhuis Museum, Stellenbosch. Die palm-motief op die pediment is ontleen aan die Statevertaling van Psalm 92:13 – 'De regtvaardige sal groeijen als een palmboom...'.* STELLENBOSCH MUSEUM. FOTO: W MALHERBE
4. *Ds Meent Borcherds (1762-1832) was 44 jaar lank predikant van Stellenbosch.* KAAPSTAD ARGIEFBEWAARPLEK
5. *Ds JH Neethling (1826-1904) was vir 46 jaar die plaaslike predikant. Hy staan bekend as die 'Vader van Stellenbosch' vanweë sy rol op kerklike en opvoedkundige gebied.*
6. *Ds T Herold (1788-1857), predikant van Stellenbosch van 1831-1857. Hy was voorheen predikant van George en Heroldsbaai is na hom genoem. Hy het die vyf veroordeeldes ná die Slagtersnekrebellie bygestaan voor hulle teregstelling op 9 Maart 1816.* NG KERKARGIEF, KAAPSTAD
7. *Die neo-Klassieke voorgewel van La Gratitude, woonhuis (ca 1798) van ds Meent Borcherds in Dorpstraat, Stellenbosch. Hy het op dié eiendom sy traktement deur wynbou aangevul om sy groeiende gesin te onderhou. Die Alsiende Oog bokant die gewelvenster is uniek.* FOTO: W MALHERBE
8. *'n Gebrandskilderde glasvenster (ca 1725) in die Moederkerk, Stellenbosch – die naambord van die gesiene heemraad Philip Morkel.* STELLENBOSCH MUSEUM. FOTO: W MALHERBE

7



8





1

# 1687. 'My erfenis is vir my mooi'

Vanweë die visuele aard en kwaliteite van argitektuur verteenwoordig dit die vergestalting en verkonkretisering van die NG Kerk se geskiedenis oor die afgelope 350 jaar. Dit simboliseer ook ons Europese tradisies ten opsigte van die gereformeerde geloof en kerkbou. Style soos die Barok, neo-Klassisisme en neo-Gotiek in ons kerkargitektuur en die invloed daarvan op kerkargitekte bevestig hierbenewens 'n regstreekse verband met ons oorsese argitektoniese erfenis.

Kerke in hierdie en ander style het later 'n eie Suid-Afrikaanse idioom ontwikkel, met veral plaaslike Kaaps-Hollandse invloede. Hierdie 'historiese' style word waarskynlik die beste vergestalt in die ontwikkeling van kerkargitektuur op Stellenbosch wat deur die behoeftes van die gemeente (en selfs 'n brand) met verloop van eeue gegroei het.

## VAN HALKERKIE TOT KAAPSE BAROKKERK


Die eerste struktuur in Suid-Afrika wat vir gereformeerde kerkdoeleindes opgerig is, was die langwerpige kerkie op Stellenbosch wat op 19 Oktober 1687 ingewy is. Die kloktorinkie in die middel van die nok is op versoek van goewerneur Simon van der Stel bygevoeg. Dit was 'n eenvoudige reghoekige Europese haltipe-kerkie met 'n staandak. Hierdie 'fraay kerkje' is op 17 Desember 1710 tydens 'n tierende Suidooster in 'n brand vernietig wat ook die Drosdy en 'n belangrike deel van die 'Colonie van Stellenbos' in puin gelê het.

Hierna is 'een onnoozel pershuijs' (wynkelder) vir amper twaalf jaar vir eredienste gebruik. Die oprigting van die tweede kerk op Stellenbosch het in 1717 begin – daar is selfs 'n 'lotterie' uitgeskryf om fondse in te samel. Dié eerste kerk op die terrein van die huidige NG Moederkerk, was kruisvormig. Dit is na baie onderbrekings en teëspoed vroeg in 1723 voltooi. Die ingebruikneming van die gebou was waarskynlik met die Nagtmaal Paase op 28 Maart 1723.

Hoewel dié gebou vir die daaropvolgende 91 jaar as kerk gedien het, is daar min bekend oor die argitektoniese kenmerke daarvan. Gelukkig het daar natekenings van twee sketse uit 1757 van 'n anonieme kunstenaar behoue gebly. Hiervolgens het die kruisvormige kerkie 'n hoë rietdak gehad met 'n Kaaps-Hollandse holbol-voorgewel met Barok-kenmerke en origens reguit endgewels. Bokant die hoë voordeur is die datum 1722 in vergulde syfers aangebring. Die syvensters was boogvormig en binne die ringmuur om die kerk was 'n vrystaande kerkklok.

## 'N KLASSIEKE KAAPS-HOLLANDSE STYL

Die uitbreidings wat Stellenbosch vanaf 1780 gekenmerk



2

het, het 'n groter kerk genoodsaak. Nadat daar besluit is om die bestaande gebou te vergroot en George Wiehahn se gewysigde planne aanvaar is, het die herbouings vroeg in 1814 begin.


Die bouplanne het voorsiening gemaak vir die verlenging van die bestaande vleuels, behalwe die oosvleuel wat reeds in 1807 deur die toevoeging van 'n konsistorie verleng is. Die uitbreidings het meegebring dat die herboude struktuur se grondplanne dié van 'n Griekse kruiskerk was – met sy vier ewe lang vleuels. Die veranderings het veroorsaak dat die bestaande gewels afgebreek moes word, met die gevolglike nuwe aansigte in die neo-Klassieke Kaaps-Hollandse idioom. Die hoofaansig het bestaan uit gewelmotiewe met pilasters (vals pilare) bokant 'n imponerende deur en waaiervormige bolig.

Die kleurskema van die interieur het vir variasie gesorg, met 'helderwit gekalkte mure, blou plafonne, blou gordyne voor die vensters, grys gemarmerde galerye en bruin geskilderde mansbanke op die dieprooi van die groot vierkantige vloerstene, terwyl die hoë orrel met sy vergulde pype en versierde balustrade 'n vrolike noot vanuit die westelike vlerk geslaan het', soos beskryf deur Hugo en Van der Bijl. Dié vergrote kerk kon 500 kerkgangers akkommodeer.


GOD EN GOTIEK

Die steeds groeiende gemeente moes vanaf 1859 weer besin oor óf nogmaals 'n nuwe kerk óf 'n vergroting van die bestaande gebou. Die plaaslike Duitsgebore argitek, Carl Otto Hager, se planne vir ingrypende herbouing is uiteindelik aanvaar met James Jardine van Worcester as bou-aannemer. Die buitekant is ook suksesvol in die neo-Gotiese styl aangepas en vergroot. 'n Korrespondent van *De Kerkbode* was in die uitgawe van 14 November 1863 vol lof vir Hager en die Boukommissie ten opsigte van die 'geheelen vorm, in het dakwerk boven, in de vensters bezijden, in de rijzige, krachtige bogen, in ruimte en hoogte, in gelijkvormigheid van stijl'.

Die inwyding van die neo-Gotiese Moederkerk het op 31 Oktober 1863 plaasgevind. Onder die aanwesiges was sinodegangers en hoogwaardigheidsbekleërs soos goewerneur Wodehouse en sy vrou. Ná die gebruiklike kerklike optog en ander formaliteite, is die inwydingsrede deur prof NJ Hofmeyr gelewer. Hager was hierna nog vir die ontwerp van die toring verantwoordelik, wat in 1866 voltooi is. Vanweë die talle NG kerke wat Otto Hager ontwerp het, het hy waarskynlik die belangrikste eksponent van die Kaaps-Gotiese styl geword, waar hy die neo-Gotiese en Kaaps-Hollandse



3


4



5
6

7


argitektoniese elemente suksesvol gekombineer het. Soos in die geval van die Moederkerk het hy ook periodiek neo-Gotiese preekstoele ontwerp.

Vir die gelowige Hager was die neo-Gotiek by uitnemendheid 'n styl tot eer van God. Soos kenmerkend van die styl, versimboliseer die opwaarts strekkende lansetvormige vensters die biddende opsien na God. Hager was ook lief om pilare, pilasters en eksterne steunbere as neo-Gotiese versierings te gebruik, asook nagemaakte torinkies op sy kerkfasades.

Otto Hager het hierna sy argitektoniese veelsydigheid op Stellenbosch bevestig en sy naam verder gevestig met sy verbouings aan die Kweekskoolgebou. Die oorspronklike Drosdy-gebou van 1687 is weer eens deur Hager op hierdie terrein in 'n oorwegend Kaaps-Georgiaanse 'doepelde verdieping' omskep. Dit is in 1905 waarskynlik die sewende keer herbou, tot sy huidige argitektoniese voorkoms.

Die Kollege-gebou van die Stellenbosse Gymnasium (tans bekend as die Ou Hoofgebou) is ook deur Hager ontwerp. Dit is op 6 November 1886 amptelik geopen, waartydens onder meer 60 afgevaardigdes van die NG Sinode teenwoordig was. Hierdie enigste niekerklike ontwerp van Hager het sedertdien een van die waardigste voorbeelde van die neo-Klassieke styl in Suid-Afrika geword.

Stellenbosch het dus 'n toonaangewende rol in Suid-Afrika se kerkhistoriese argitektuur gespeel,en vergestalt die argitektoniese erfenis van die NG Kerk.





GEORGE HOFMEYR



8

1. *Plakprent van gras van die NG Moederkerk, Stellenbosch (1814-1862) deur Petronella Camijn, ca 1820.* FOTO: JC PRETORIUS
2. *Afbeelding van Moederkerk, Stellenbosch (1723).* STELLENBOSCH MUSEUM
3. *Grondplan van die Griekse kruiskerk, NG Gemeente, Stellenbosch (1826).*
4. *NG Moederkerk, Stellenbosch (1863).* FOTO: W MALHERBE
5. *Dr en mev Anton Rupert, wat beide al 'n groot bydrae gelewer het tot die bewaring van ons kerkhistoriese erfenis.*
6. *Argitek CO Hager en sy bouspan by die NG Moederkerk, Stellenbosch, 1862.* STELLENBOSCH MUSEUM
7. *Hoeksteenlegging van die NG kerk, Aberdeen (1906).* NG KERKARGIEF, BLOEMFONTEIN
8. *Gerard Moerdijk, wat verantwoordelik was vir die ontwerp van 94 kerke (meestal NG kerke).*
9. *Die Kasteel, met 'n prototipe van die Kaaps-Hollandse gewelstyl en die oudste kerktoring.* FOTO: J VAN DER POLL
10. *Kosterhuis en konsistorie van die gemeente Kaapstad in die Barokstyl.* KAAPSE ARGIEF
11. *Oprigting van Geloftekerk, Pietermaritzburg. Reliëfpaneel, Voortrekkermonument.* FOTO: STEPHEN KEET
12. *Neo-Gotiese NG kerkgebou, Piketberg.* FOTO: A PRETORIUS
13. *Neo-Klassieke Moederkerk, George (1842)* FOTO: A PRETORIUS
14. *Neo-Gotiese 'hallekerk', Jacobsdal.*
15. *NG kerk Philippolis (1871), ontwerp deur R Wocke.* FOTO: A PRETORIUS
16. *Die 'Afbreek Commissie' met die sloping van die kerkie op Lady Grey, 1911.* KAAPSTAD ARGIEFBEWAARPLEK
17. *Die neo-Bisantynse Ooskerk in Pretoria.* FOTO: A SWIEGERS
18. *Houtmodel van die Grootkerk, Bosmanstraat, Pretoria.* NG KERKARGIEF, PRETORIA. FOTO: A SWIEGERS
19. *Eduardiaanse kerksaal, Riversdal.* FOTO: A PRETORIUS
20. *Neo-Kaaps-Hollandse NG kerkgebou, Napier.* FOTO: A PRETORIUS
21. *Afbeelding van NG kerkgebou, Rietfontein-Suid, Pretoria.* NG KERKARGIEF, PRETORIA
22. *NG Kerk, Faerie Glen, Pretoria.* FOTO: A SWIEGERS
23. *Ou begraafplaas, Franschhoek. Argitektoniese style is vroeër selfs in grafte weerspieël.* FOTO: A PRETORIUS
24. *Ou Reitz-pastorie, Somerset-Wes – tans 'n luukse restaurant.* OU PASTORIE COUNTRY HOUSE & RESTAURANT
25. *Bronswapen van die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede wat talle NG kerkgeboue tot gedenkwaardighede verklaar het.*
26. *Muntstukke wat agter die hoeksteen van die NG kerk, Prins Albert gevind is.* FOTO: F MALHERBE

9.10.11.12.13
14.15.16.17
18.19.20.21.22
23.24.25.26









Nederduitse Gereformeerde Gemeente
Rietfontein-Suid


WELKOMSGROET

Ds. en Mevrou A. H. Botha

4 Februarie 1967





LE NOUVEAU TESTAMENT, C'EST A DIRE, La Nouvelle Alliance de nostre Seigneur JESUS CHRIST.

HET Nieuwe Testament, Ofte Alle Boecken des Nieuwen Verbondts onses Heeren JESU CHRISTI.


Nu eerst Door last van de Hoog: Moog: Heeren Staten Generael der Vereenighde Nederlanden / ende volgens 't Besluyt van de Synode Nationael / gehouden tot Dordrecht, in de Jaren 1618 ende 1619 / Uyt d'oorspronckelijcke Griecksche Tale in onse Nederlandtsche getrouwelick overgeset.

EXSPECTANDO.

t'AMSTELREDAM, By JOANNES van RAVESTEYN, Boeck-verkooper en Ordinaris Drucker deser Stede / 1672.



1



Le livre de Registre des Enfans Qu'on á Baptizé dans nôtre Eglise françoise de drakestein Du depuis le 29 aoust l'annee 1694.

le 29 aoust 1694. Philippe Rodolf fils de monsieur jacque de la Sanoye et madame le clair, le temoins Et Rodolf pallemand et sa famme.

Jan fils de jan haance et marguerite bachet ont fait Baptizer leur Enfant le 11 desembre 1694. le pere et la mere sont leur temoins

le 25 decembre 1694. Anne roux fille de paul roux et glaudine Seugnete le temoins et françois du toijt et Anna Retif

22 avril 1695 Anna Caterina fille de hernes frederik Waltre et Caterina le temoins et hansel [illegible] et Marie La noy

8 maj 1695. Laina fille de françois du toij et Susanne Seugnet le temoins et pierre [illegible] et Sara le clair

5 juin 1695. Marie fille de daniel terrier et de Sara jacob le temoins jean de buze et marie janne de pret

2

# 1688. Die Franse gereformeerde vlugtelinge

Die Franse vlugtelinge wat in 1688 as deel van 'n amptelike kolonisasiepoging van die VOC na Suid-Afrika gekom het, was oorspronklik lidmate van die gereformeerde kerk in Frankryk. Dié kerk het as gevolg van die reformatoriese idees van Martin Luther en veral Johannes Calvyn ontstaan.

Ná die eerste sinode van hierdie kerk in 1559 in Parys het die benaming 'Huguenot' vir sy lidmate algemene gebruik geraak. In Suid-Afrika self is daar aanvanklik nie van die Franse as Hugenote gepraat nie. Benaminge wat wel in historiese dokumente gevind word, is 'Fransche Vluchtelingen', 'de Uytgeweecken Pietmontoissen off Dalluyden', 'de fransche gereformeerde vluchtelingen', 'de France vrijingesetenen van Drakenstein', 'overgekomen fransen Refugiees' en 'de franse Coloniers'.

Van die Hugenote het Frankryk ná 1685 verlaat, toe die Edik van Nantes herroep is en die gereformeerde godsdiens in daardie land onwettig verklaar is. Ander het Frankryk al vroeër in die sestiende en sewentiende eeu verlaat weens vervolging en onder meer na die huidige België en Nederland uitgewyk. Soveel vlugtelinge het hulle in die loop van jare in Nederland gevestig dat daar 'n Franssprekende kerk tot stand gekom het – die sogenaamde Waalse Kerk.

DIE FRANSE GEMEENTE

Vóór 1688 het daar al Hugenote by die Kaap aangekom en ná 1699, toe die Here XVII versoek is om nie meer Franse na die Kaap toe te stuur nie, sou daar ook nog Hugenote die Kaap bereik. Baie minder Hugenote het na Suid-Afrika as na ander wêrelddele gekom.

Van die eerste Kaapse Hugenote is by Stellenbosch gevestig. Die georganiseerde groepe wat vanaf April 1688 die Kaap bereik het, het veral in die Bergriviervallei gaan woon, van die Olifantshoek, of Coin Français (die hedendaagse Franschhoek), al langs die loop van die Bergrivier tot in die omgewing van die hedendaagse Wellington. Later het van die Hugenote hulle in die Zwartland en Waveren (die latere distrikte van Malmesbury en Tulbagh) gevestig.

Die Franse gemeente was dus versprei tussen Drakenstein en Stellenbosch. Die Drakensteinse gemeente is aanvanklik as 'n wyk van die Stellenbosse gemeente beskou, waar daar nog geen leraar was nie. Die Franse predikant, ds

Pierre Simond, moes een Sondag op Stellenbosch en die volgende week op Drakenstein preek. Hy moes ook as voorsitter van die kerkraad van Stellenbosch optree.

Op 15 Junie 1689 het Pierre Simond namens die Franse by die Here XVII aansoek gedoen om 'n eie 'consistorie' te vorm vir 'n eie Franssprekende gemeente. Op 28 November 1689 het 'n afvaardiging die Politieke Raad ontmoet en versoek om 'n 'aparten Kerkenraad voor haar te mogen hebben', maar die versoek is nie toegestaan nie. Die Here XVII het wel op 6 Desember 1690 goedgekeur dat die Franse 'n eie kerkraad kon kry, vanweë die belemmeringe wat deur hulle verspreidheid meegebring is, soos kerkbesoek en katkisasie. Só het die gemeente Drakenstein in die loop van 1691 tot stand gekom.

Binne die eerste maande na hulle aankoms, terwyl die Hugenote nog deel van die Stellenbosch-gemeente was, het hulle 'n eie vergaderplek bekom. In 1694 is grond naby die huidige kerk by Simondium aan die gemeente toegewys vir die oprigting van 'n eie kerkgebou. Hier het hulle self 'n saaltjie gebou wat tot in 1716 as kerk gedien het. Dit was volgens die reisiger Kolbe 'n lae struktuur van klei met 'n plat rietdak. Die kerkraad skryf in 1713 'dat ons gewesene predikant Petrus Simond een stukie land verkreeg, daar wij selfs een hokie timmerde, alwaar wij ons tegenwoordig ook nog vergaderen'.

Teen 1717 het die gemeente eiendom bekom waarop die huidige Strooidakkerk van die Paarl geleë is. Op 7 Junie 1720 is die voorganger van dié kerk deur die gemeente in gebruik geneem. Hierdie gemeente is onder Pierre Simond se bediening gevestig. Dit het ná 1714 onder die geestelike leiding van ds Van Aken dermate begin groei dat dit in 1729 beskryf is as die ywerigste hier te lande.

### VERREIKENDE INVLOED

Die Hugenote het eers in die loop van die agtiende eeu meer welvarend geword. Die Franse taal het ook teen 1725 as 'n gesproke taal aan die Kaap verdwyn en die Hugenote is algaande in die Hollandse gemeenskap opgeneem. Hulle nalatenskap was oor meer as drie eeue op vele terreine in Suid-Afrika sigbaar. Deur die Hugenote is die gereformeerde geloof, Calvinisme en die kerklike lewe baie versterk. Pierre Simond se herdigting van die Psalms, wat hy in 1699 aan die Kaap begin het en wat in 1703 ná sy vertrek in Amsterdam gepubliseer is, is die eerste gereformeerde kerklik-teologiese werk wat aan die suidpunt van Afrika geskep is.

Deur die Suid-Afrikaanse geskiedenis tref ons die name van Hugenote-afstammelinge in leiersposisies aan: tydens die Groot Trek en die Vryheidsoorloë, in die politiek, as digters, skrywers, komponiste, kultuurleiers, Bybelvertalers en Psalmberymers. Dwarsdeur Suid-Afrika word die Hugenote op talle maniere in herinnering geroep. Veral die Hugenote museum en Hugenote-monument op Franschhoek dien as blywende herinnering en simbole vir die Franse vlugtelinge se monumentale bydrae in Suid-Afrika.

PIETER COERTZEN

3




1. *Titelblad van die Nuwe Testament in Frans en Nederlands wat aan die Kaap deur die Hugenote gebruik is (1672). Frans as kerktaal is spoedig deur Nederlands verdring en die Franse Bybelvertaling deur die Statebybel.* SA FILATELIEDIENS
2. *Doopregister van die Gemeente Drakenstein vanaf 1691. Dit was die voorloper van die gemeentes van Franschhoek en die Paarl.* KAAPSTAD ARGIEFBEWAARPLEK
3. *Kommissaris-generaal Hendrik Adriaan van Reede tot Drakestein (ca 1636-1691). Hy het in 1685 'n algemene inspeksie van VOC-nedersettings aan die Kaap onderneem en belangrike aanbevelings gemaak. Die eerste nedersetting in die Bergriviervallei, die Drakensteinstreek, is deur Simon van der Stel na hom genoem.* KAAPSTAD ARGIEFBEWAARPLEK
4. *Die neo-Gotiese NG kerkgebou op Franschhoek, wat in 1847 ingewy is en in 1883 tot sy huidige Griekse kruisvorm vergroot is. Van die agtiende eeu tot met die oprigting van die kerk was daar 'n rookaltaar op die Hugenoteplaas Champagne, as teken vir valleibewoners dat 'n besoekende predikant 'n kerkdiens gaan hou.* FOTO: A PRETORIUS
5. *Die Strooidakkerk in die Paarl is die oudste NG kerkgebou wat nog as sodanig gebruik word. Dié kruisvormige kerk met Kaaps-Hollandse stylelemente is deur maj GC Küchler ontwerp. Dit is op 28 April 1805 ingewy.* FOTO: A PRETORIUS



4

5





1

# 1704. Van Moederkerk tot Groote Kerk

Die eerste permanente kerkgebou vir die gemeente Kaapstad, die eerste gemeente in Suid-Afrika, is op 6 Januarie 1704 op die terrein van die huidige Groote Kerk in Kaapstad deur ds Petrus Kalden ingewy. Só het die moedergemeente 'n moederkerk gekry.

Die gedagte aan 'n permanente plek van aanbidding het in 1674 ontstaan. Volgens die Daghregister van 26 Desember 1674 is daar ywerig 'aan 't nieuwe kerkje' gewerk op 'n terrein naby die goewerneurswoning. Op 9 April 1678 is die hoeksteenlegging vir 'n 'proper kerckje' deur goewerneur Bax en lede van die Politieke Raad waargeneem. Dit is egter spoedig daarna voorlopig gestaak. Met kommissaris Van Reede tot Drakestein se besoek in 1685 het hy in die kerkhof nog net die fondamente van 'een kruyskerk' gesien.

### EINDELIK 'N EIE AANBIDDINGSPLEK

Pogings is verskeie jare en leraars later hervat toe die kerkraad op 10 Maart 1699 besluit het om goewerneur Willem Adriaen van der Stel vir die oprigting van 'n kerkgebou te nader. Ds Kalden en die goewerneur was goed bevriend en hy het ongetwyfeld sy invloed gebruik om vir die gemeente 'n eie aanbiddingsplek te verkry. WA van der Stel het op 28 Desember 1700 die hoeksteen gelê. Die kerkgebou is drie jaar later voltooi, grotendeels met geld uit die armfonds van die gemeente, en in 1704 ingewy. Goewerneur Simon van der Stel, vader en voorganger van WA van der Stel, is in 1712 in die Moederkerk begrawe. Vyf ander goewerneurs is mettertyd ook hier begrawe.

Die groot klok wat vandag nog in die Groote Kerk hang, is in 1726 deur Jan de Grave gemaak. Dit het die klok vervang wat in Mei 1725 uit die toring neergestort het. In 1800 het 'n tweede, kleiner een uit Londen aangekom, asook 'n slaghorlosie met vier wyserplate uit Amsterdam.


Die oorspronklike kerkgebou het 39 jaar lank onveranderd gebly. Dit is later vergroot deur galerye by die ingange aan te bring. Tien jaar later is die kansel teruggeskuif vir meer ruimte en in 1779 is die gebou as geheel vergroot. In 1771 is die kerktoring verhoog – die huidige weerhaan op die kerktoring dateer waarskynlik van 1809.

Voordat die Moederkerk opgerig is, moes die gemeente tevrede wees met meer beskeie plekke van aanbidding. Die eerste Protestantse nagmaal op Suid-Afrikaanse bodem is op 12 Mei 1652 in 'n woon- en pakkamer wat in die nuwe Fort in aanbou was deur ds Johannes Backerius bedien. Teen Augustus 1652 was die Van Riebeecks se woning en 'n aanliggende saaltjie voltooi. Dit is ook as plek van aanbidding gebruik en kan as die eerste kerk van die NG Kerk in Suid-Afrika beskou word.

Dié saaltjie in die Fort het spoedig te klein geword vir die groeiende gemeente. 'n Houtskuur, wat in die middel van die binneplein van die toekomstige Kasteel opgerig is, is teen 1665 'tot een kerck gedestineerd'. Ons kerk se eerste leraar, ds Joannes van Arckel, is in 1666 onder die vloer van die houtloods in die Kasteel begrawe. 'n Beter ingerigte kerkie of saal in die middel van die muur (of oorspronklike 'Kat') tussen die kasteelbastions Leerdam en Oranje is in 1677 by die voltooiing van die Kasteel betrek. In 1695 het die kerk weer verskuif na een van die sale in die Nieuwe Kat. Die saal het agt jaar lank as kerk gedien, tot met die inwyding van die Moederkerk in 1704.

### MOEDERKERK MAAK PLEK VIR GROOTE KERK

Die Moederkerk sou byna 140 jaar later 'n opvolger kry – die Groote Kerk. Dit sou egter nie sonder slag of stoot gebeur


A° 1701.
Onkost reekening
der Caapsche kerke, in de Maand
Januarij

8. d° Voor 2. Troffel ringen - - - - - - 1,12,—
11. d° Voor 2. Schoots=Vellen - - - - - 3,—,—
13. d° Voor een half aam - - - - - - 3,—,—
15. d° Hend: Van Engelen Voor 12. daagen
arbeids=loon à 4. ß. daags - - - - 18,—,—
— d° aan Francis Voor 3. daagen arbeids=
loon à 10. dubb=daags - - - - - - 3,12,—
17. d° aan de Cassier, Voor 6. Schoppen, slag,
linen en Zeil gaaren - - - - - 24,—,—
21. d° aan Johannes Brink, Voor een half
aam en een Water emmer - - - 7,8,—
26. d° aan de Cassier, Voor 25. lb. bus=kruit 25,—,—
En Voor 25. Cooperweiker deelen - - 27,10,—
27 & 28. d° aan 't Volk 6. Vlessen wijn - - 4,8,—
29. d° aan Botma, Voor ½ aam wijn 15,—,—
— d° Voor een anker brandewijn - - 30,—,—
31. d° aan Pieter Lens Waage maaker
Volgens reek - - - - - - - - 26,8,—
— d° aan Herman Pothoff, Voor 20. daag
arbeids=loon à 4. ß. daags - - - 30,—,—
— d° aan Robbert Robbertz Voor 11
daagen arbeids=loon à 4. ß. daags - - 16,8,—
— d° aan Maurice, Voor 5. daagen ar=
beids=loon à 10. dubb=daags - - - 6,4,—
de Transport= f=241,6,—

2

*1. Deel van Kaapse panorama van 3,8 meter (ca 1808) deur Josephus Jones. Die betrokke gedeelte toon die Moederkerk met 'n deel van sy rietdak (1704) en die kerktoring wat destyds bo die oorwegend Kaaps-Hollandse en Georgiaanse geboue uitgetoring het. Die toring is in die ontwerp van die nuwe kerk van 1841 geïnkorporeer.* KUNSSTIGTING REMBRANDT VAN RIJN

*2. 'Rekening van Onkosten' by die oprigting van die Moederkerk, Januarie 1701. Daar is op dié bladsy vyf keer sprake van uitgawes vir wyn en brandewyn.* NG KERKARGIEF, KAAPSTAD

*3. Foto van die Moederkerk kort na die voltooiing daarvan in 1841 – waarskynlik een van die vroegste foto's in Suid-Afrika.*

*4. Twee historiese kerkklokke in die Groote Kerk-toring. Die groot klok is deur J de Grave in 1726 vervaardig en die kleiner een deur Thomas Mears dateer van 1800.* FOTO: J VAN DER POLL

*5. Die stukadoorsroset teen die gepleisterde plafon van die Groote Kerk. Die vrystaande gewelf van 1 023 vierkante meter verseker 'n uitstekende akoestiek, soos voorsien is deur Herman Schutte, die argitek en boukontrakteur.* FOTO: J VAN DER POLL

## FEITEFLITS

Daar was heelwat komiese insidente in die Moederkerk, soos toe 'n dame tydens 'n erediens glo met stoel en al deur die vloer verdwyn het. Sy is op die graf van een van die goewerneurs gevind, steeds op die stoel.

nie. Die vonk wat die twis begin het, was 'n stuk pleistering wat in 1835 van 'n kapiteel van een van die vier groot pilare van die ou kerk afgestort het. Daar is toe bevind dat die gebou struktureel onveilig was en op 31 Oktober 1836 is besluit om die hele struktuur behalwe die kerktoring en konsistorie te sloop.

'n Klagte teen die sloping is deur beswaarmakers by die 'goewerment' ingedien. Dit het daartoe gelei dat die kerkraad afgedank en die dominees nie betaal is nie. Die kerkraad het ná raadpleging met die regering geweier om die nodige dokumente aan die sinode te gee. Die hele saak het hierna ooreenkomstig die kerkorde van De Mist geskied en selfs die goewerneur het betrokke geraak. Gedurende 1837 het die twis selfs in die sinode 'n draai gemaak. Dr Andrew Murray het die kerkraad berispe en die sinode het die kerkraad skuldig bevind aan verset teen die ring.

Op 27 Desember 1836 kon die eerste fondamente van die Groote Kerk nietemin gelê word. Daar is vier meter diep gegrawe om die byna drie meter breë onderste laag klippe vir die fondamente te lê. Bouwerk aan die huidige kerkgebou, die Groote Kerk, is in 1841 onder toesig van Herman Schutte, argitek en bouer, voltooi. Die ontwerp het voorsiening gemaak vir die behoud van die historiese toring van 1704 en die preekstoel. Die Anreith-preekstoel is tydens die bouwerk op sy oorspronklike posisie met houtplanke toegebou sodat bouwerk daaromheen kon voortgaan. Die gebou is op 31 Januarie 1843 onder groot belangstelling ingewy.

Die Groote Kerk word vandag letterlik oorskadu deur die Groote Kerkgebou wat benoud om die toring ingepas is. Die kerkgebou met sy neo-Klassieke en veral neo-Gotiese argitektoniese elemente spog nog steeds met een van die grootste vrystaande dakkonstruksies in die Suidelike Halfrond. Toeriste oor die wêreld besoek die kerk daagliks om die grootsheid van die gebou en kansel te bewonder.

Gelowiges moes groot oor God gedink het toe hulle die huidige Groote Kerk en sy voorganger gebou het!

ANDRÉ OLIVIER



3





4·5



I

# 1737. Die Morawiese sending onder die Koikoi

Die eerste sendeling in Suid-Afrika was die Morawiër Georg Schmidt. Hy het in 1737 in die Overberg begin werk.

Hierdie denominasie het in 1457 in Morawië in die huidige Tsjeggiese Republiek tot stand gekom. Toe die Rooms-Katolieke Kerk die Morawiërs in 1722 vervolg het, het hulle na Sakse gevlug, waar hulle 'n nedersetting tot stand gebring het wat hulle Herrnhut genoem het. Van daar het hulle boodskappers na die verdrukte lede van dié kerkgroep in Morawië en na Christene in ander lande gestuur.

### DIE MORAWIËRS RAAK BETROKKE

Die Morawiërs se werk het wyd bekend geword – in 1736 ook by Hieronimus van Alphen, 'n Amsterdamse predikant. Hy het die Hernhutters, soos die Morawiërs soms genoem is, versoek om sendelinge na die Kaap te stuur. Die versoek was amptelik op uitnodiging van die Klassis (Ring) van Amsterdam waaronder die Kaapse gemeentes geval het. Die Morawiërs moes onder die Koikoi, destyds bekend as Hottentotte, kom werk. Hulle is so genoem na aanleiding van woorde wat geklink het na hoitoitoi wat tydens 'n verwelkomingsdans vir vreemdelinge herhaal is.

Daar was destyds reeds gemeentes van die gereformeerde geloof in Kaapstad, Stellenbosch en Drakenstein (Paarl) onder beheer van die Amsterdamse Klassis. Slawe van die Kompanjie kon hulle kinders skool toe stuur, waar hulle godsdiensonderrig ontvang het. Sommige koloniste se slawe is privaat onderrig.

Die Koikoi was egter buite die gesagsfeer van die VOC en ook feitlik buite die belangesfeer van die plaaslike kerke. Die algemene siening was dat hulle nie gekersten kon word nie. Die Kompanjie se belang by die Koikoi was hoofsaaklik beperk tot vee, wat hulle vir tabak, brandewyn en krale geruil het om tot 1699 skepe van vleis te voorsien.

Die koloniste se grondbesetting het die Koikoi nadelig getref. Ruilhandel het hulle verarm en hoewel daar 'n verbod op veeruilery met hulle was, het burgers die praktyk voortgesit. Vryburgers het weiregte in die vorm van VOC-leenplase ontvang. Dit het tot herhaalde en dikwels grootskaalse skermutselings gelei waarin die Koikoi die onderspit gedelf het. Van hulle vee wat op Vryburgers se grond gewei het, is toegeëien. Die pokke-epidemies, wat waarskynlik deur matrose uit Batavia na die Kaap gebring is, het hulle getalle verder drasties verminder.

### EERSTE SENDELING IN SUID-AFRIKA

Die Morawiërs het besluit om Georg Schmidt, 'n jong leerlingslagter en kok, na die Kaap te stuur. Die Kompanjie het hom gratis na die Kaap laat reis. By sy aanvanklike vestiging in 1737 op 'n veepos aan die Sonderendrivier het hy 'n verarmde en verstrooide Koi-nasie gevind. Schmidt kon nie die



2




3




4

1. *Genadendal aan die voet van Baviaanskloof, GF Angas, ca 1845. Naas Kaapstad was Genadendal ná 1800 die grootste nedersetting. Genadendal het een van die eerste drukperse gehad waarop* 'De Bode' *vanaf 1859 gedruk is, asook die eerste opleidingskollege vir onderwysers (1838) in Suid-Afrika.* GENADENDAL-SENDINGMUSEUM
2. *Die Morawiese Sendingkerk op Genadendal, wat in 1891-1893 opgerig is. Dit toon onmiskenbare Duitse argitektoniese invloede.* FOTO: J VAN DER POLL
3. *Gedenksteen vir Georg Schmidt, Genadendal.* FOTO: J VAN DER POLL
4. *Georg Schmidt (1709-1785) van die Morawiese Kerk. Hy was van 1737 tot 1744 die eerste Suid-Afrikaanse sendeling by Baviaanskloof (sedert 1804 bekend as Genadendal).* GENADENDAL-SENDINGMUSEUM,
5. *Magdalena se Bybel, wat sy as dopeling van Schmidt ontvang het. Met die hervatting van sending-aktiwiteite op Genadendal in 1792, het Magdalena die betrokke Bybel vir die drie Morawiese sendelinge gewys.* GENADENDAL-SENDINGMUSEUM
6. *Die klokstoel en klok (1798), simbool van Genadendal. Ds Meent Borcherds van Stellenbosch (1762-1832) het die Morawiese Kerk as 'n 'sekte' beskou en deur sy toedoen kon dié klok vir 'n lang tyd slegs gelui word met die owerhede se goedkeuring. Borcherds het beweer dat die gelui van die klok op Stellenbosch gehoor kon word.* FOTO: J VAN DER POLL



5



6

Koi-taal baasraak nie en hy het eers met 'n tolk godsdiensonderrig gegee. Hy het op die veepos 'n Koi-man gevind wat Hollands kon praat, wat hierna die godsdienstaal van die omgewing geword het.

Ná ses maande by die veepos het Schmidt na die skilderagtige Baviaanskloof vertrek, vandag bekend as Genadendal. Die vallei was destyds onbewoon, waarskynlik omdat dit te koud en moerasagtig vir veeboerdery was. Schmidt het hier ook met godsdiensonderrig begin. Daar is huisies vir ses getroude pare opgerig en Schmidt het probeer om met tuinbou die Koikoi van hulle nomadiese leefwyse te laat afsien sodat hy sy werk ononderbroke kon voortsit. Hulle het egter veeboerdery verkies en hulle moeilik aangepas by hande-arbeid.

In 1742 het Schmidt sy ordeningsbrief ontvang waarin hy aangemoedig is om bekeerde Koikoi te doop. Die nuus dat hy 'Hottentotte' gedoop het, het Kaapse predikante bereik. Hulle was nie daarmee gediend nie – veral nie nadat die Kaapse Kerk in 1738 in 'n 'herderlike brief' van die Amsterdamse Klassis teen die Hernhutters gewaarsku is nie. Schmidt is in Kaapstad onder kruisverhoor geneem. Twee van sy dopelinge het ook voor die goewerneur en predikante verskyn. Hoewel hulle beïndruk was deur die twee se antwoorde, is Schmidt ten strengste verbied om weer te doop.

'n Gefrustreerde Georg Schmidt het hierna van sy oorsese gemeente goedkeuring ontvang om na Duitsland terug te keer. Voordat hy in 1744 uit die Kaap vertrek het, het hy goewerneur Swellengrebel versoek om nie sy 26 gemeentelede van hulle woonplek te verwyder nie. Schmidt het toe een van sy dopelinge aangestel om toesig oor die werk en eiendom te hou totdat hy of 'n opvolger sendingwerk kon hervat.

'n Reisiger wat hierdie deel van die Overberg in 1772 besoek het, skryf dat hy verneem het van 'n groepie Koikoi wat in die Baviaanskloof woon. Daar was nog 'n bejaarde Koi-vrou wat gereeld uit die Bybeltjie gelees het wat Schmidt aan haar gegee het. Die drie Morawiese sendelinge wat in 1793 die baanbreker Georg Schmidt se werksaamhede op die latere Genadendal voortgesit het, is begroet deur die toe reeds bejaarde en halfblinde Magdalena, een van sy dopelinge. Sy het haar dogter gevra om vir hulle uit Schmidt se Bybel te lees.

Uit die klein begin van 1737 het die Morawiese Kerk in Suid-Afrika van krag tot krag gegroei.

KALLIE AUGUST



1



2

# 1743. Die gemeentes van Roodezand en Zwartland

Baron GW van Imhoff het in 1743 onderweg na Batavia by die Kaap aangedoen en 'n reis deur die destydse VOC-nedersettings onderneem. Hy het met skok vermeld dat die inwoners 'eerder na eene versaameling van blinde heydenen als een Colonie van Europeërs en Christenen komt te gelyken'.

Kerkbywoning is destyds deur lang afstande bemoeilik en dit het sedelike verval en 'n gebrek aan behoorlike opvoeding vir die koloniste tot gevolg gehad. Op versoek van Van Imhoff het ds FC le Sueur van Kaapstad en ds W van Gendt van Stellenbosch ondersoek gaan instel. Hulle het aanbeveel dat daar dadelik twee nuwe gemeentes gestig word, wat van "bequaame leeraars" en sieketrooster-onderwysers voorsien moes word. Goewerneur Swellengrebel se daaropvolgende opdragte het gevolglik in 1743 tot die totstandkoming van die gemeente Roodezand in 't Land van Waveren (die huidige Tulbagh) gelei. Twee jaar later is die gemeente Zwartland (Malmesbury) gestig.

## TOT STIGTING VAN DIE GEMEENTES

Landdros Pieter Lourensz het vroeg in 1743 opdrag van die Politieke Raad gekry om 'n geskikte kerkperseel in Roodezand te identifiseer. Kaapstad se diakoniefonds het rentevry bygedra tot die oprigting van 'n kerkie wat in 1748 voltooi is. Dit is in 1793 vergroot tot die huidige Griekse kruiskerk – die oudste bewaarde NG kerkgebou, wat tans as museum dien.

Ds Arnoldus Mauritius Meiring, stamvader van die Meiring-familie, was die eerste leraar op Tulbagh. Die eerste diens is op 16 September 1743 gehou en die eerste kerkraad (twee ouderlinge en twee diakens) is kort hierna deur die Politieke Raad goedgekeur. Die eerste erkende sieketrooster, Johannes Verbeek, is uit die plaaslike gemeenskap aangestel.

Kerkregtelik het periodieke vrae opgeduik. Ds Meiring het die Gekombineerde Kerkvergadering van 1747 gevra of




3

'n predikant geoorloof is om 'n kind in sy eie huis op 'n weeksdag te doop. Toestemming is wel verleen, indien twee lede van die kerkraad teenwoordig was. In 1792 weer is die Politieke Raad versoek om te besluit of 'n kind in sy tuisgemeente gedoop moes word. Die koster se inkomste, een riksdaalder per dopeling, is drasties verminder as lidmate hulle kinders elders laat doop het, veral as hulle dit 'op de willekeurigste wijze na hun zinnelijkheid en gemak overeenkomst'.

Soms het die owerhede hulle hand oorspeel in kerklike beslissings. Ds JF Bode is in 1758 as tweede leraar van Kaapstad aangestel. Met die koms van ds J Serrurier in 1760, het die VOC besluit om ds Bode na Roodezand te verplaas. Hy het hom hierteen verset en ná 'n lang stryd in Kaapstad aangebly. Ds R Harders, die tydelike plaaslike pastorale hulp, is hierna permanent in Roodezand aangestel.

Met die totstandkoming op 18 Junie 1804 van 'n nuwe landdrosdistrik by Roodezand is die naam van die streek, die dorp én die gemeente verander na Tulbagh ter ere van Rijk Tulbagh, die 'in dese Colonie so seer geachten Gouverneur Tulbagh'. Presies 100 jaar ná die stigting van die gemeente


Soli Deo gloria.

Het boek der Gedoopte Kinderen
De Kerk gemeente in van 't Land van Waveren
Sedert 't jaar 1743
Waarin deeze Kerk gemeente haar begin heeft genomen

| No. | Anno 1743 | |
|---|---|---|
| 1. | Kint – Louis<br>Vader Jan Jordaan.<br>Moeder Susanna Jordaan.<br>Getuigen Louis Jordaan, en Maria Gilcome | 7 Sept |
| 2 | Kint Dirk<br>Vader Dirk Boyden,<br>Moeder Aletta Harmensen,<br>Getu – Marthinus Bekker, en Johanna Protorius. | 7 |
| 3 | Kint Johannes Stephanus<br>Vader Jan Olivier, Cornelis zoon.<br>Moeder Sicilia du Preez.<br>Getu. Stephanus Bekker, en Sara Olivier. | 7 |
| 4 | Kint Elisabeth.<br>Vader Jacobus du Preez,<br>Moeder Maria Susanna Theron.<br>Getu – Pieter de Vos, en Elisabeth Theron. | 7 |

Bovengem: jaar zijn 'er vier kinderen gedoopt. { drie soons / een Dogter

4

in 1743, het 'n kerkskeuring vanweë ds R Shand se eng en onversetlike houding gelei tot die ontstaan van die gemeente Kruisvallei en die oprigting van 'n nuwe kerk. Dit was 'n blye dag vir beide gemeentes toe daar in 1935 weer 'n hereniging plaasgevind het. Daar was nietemin toe reeds drie plaaslike kerkgeboue met 'n verbintenis met die NG Kerk binne hierdie betreklik klein gemeenskap – die oorspronklike kerkgebou van 1793, die Kruisvallei-kerk en die Sendingkerk.

Die stigting van die gemeente Zwartland in 1745 het twee jaar ná dié van Roodezand plaasgevind. Die plaas van die weduwee van Pieter van der Westhuyzen is deur 'n ruiltransaksie bekom. Sieketrooster Wietse Botes het in 'n kamer op die kerkplaas begin met 'godsdiensoefeninge' en onderwys. Botes was byna 30 jaar sieketrooster en het die kerkraad baie hoofbrekens besorg, onder meer met drankverkope op die kerkterrein!

Deur die Politieke Raad se toedoen is ds Rutger Weerman op 27 Junie 1745 as predikant van die Zwartland-gemeente bevestig. Die diakoniefonds van Kaapstad het weer eens geld beskikbaar gestel en die eerste kerkie is in 1751 voltooi.

### STAATSINMENGING

Die kerk het hom soms deur die staat laat misbruik en het, by gebrek aan behoorlike kerklike gesag, staatsinmenging geduld. In Zwartland se geval het ds GC Croeser en sy twee ouderlinge in 1761 'n jong vrou wat meineed gepleeg het, die nagmaal belet en deelname aan die gemeente ontsê. Sy het by die Raad van Justisie geappelleer. Hiermee is 'n suiwer kerklike saak voor die burgerlike hof gebring en die sensuur van die kerkraad is tersyde gestel. In plaas daarvan om teen hierdie inmenging in kerklike sake te protesteer, moes die kerkraad van Kaapstad 'n vernederende bestraffing aan Zwartland gaan oordra.

In 'n ander geval is die plaaslike predikant, ds J Scholtz, in 1820 deur die gemeente Kaapstad by die Britse goewerneur aangekla omdat hy twee Kaapse paartjies privaat getrou het en 'n Kaapse kind gedoop het. Die behoefte was groot om 'n hoër kerklike bestuur daar te stel wat sulke sake sonder inmenging van die staat kon besleg. Dit was kort hierna, vanaf die eerste sinodesitting in 1824, wel moontlik.



5

1. *Die Oude Kerk op Tulbagh, die oudste bestaande kerkgebou in Suid-Afrika. Dit vorm deel van die plaaslike museumkompleks.* SKETS: HANNES MEIRING
2. *Baron Gustav Wilhelm van Imhoff (1705-1750), goewerneur-generaal van Nederlands Oos-Indië, wat die VOC-nedersettings in 1743 ondersoek het. Dit het tot die stigting van die gemeentes van Roodezand en Zwartland gelei.* ARGIEFBEWAARPLEK, KAAPSTAD
3. *Die kunstenaar Charles D'Oyly het in 1832 hierdie pentekening van Tulbagh gemaak. Die kerk en drosdy (1806) buite die dorp is sigbaar.* KAAPSTAD ARGIEFBEWAARPLEK
4. *Die oudste dopregister, van die NG Gemeente Tulbagh. Die eerste inskrywing was 16 September 1743.* NG KERKARGIEF, KAAPSTAD
5. *Ds JC le Febre Moorrees was vanaf 1833 tot 1881 predikant van die Zwartland-gemeente op Malmesbury. Gedurende sy dienstyd is 'n nuwe kerk gebou. Die aangrensende dorp Moorreesburg is na hom genoem. Hy was ook die vader van prof Adriaan Moorrees.* NG KERKARGIEF, KAAPSTAD
6. *Die Zwartland-pastorie in die Kaaps-Hollandse boustyl.* KAAPSTAD ARGIEFBEWAARPLEK



6

Die dorp se naam is in 1829 na die hertog van Malmesbury hernoem. Talle begaafde predikante het in hierdie gemeente gedien. Een van die bekendste leraars was ds Le Febre Moorrees, na wie die buurdorp Moorreesburg genoem is. Hy was ook die vader van die bekende en beminde prof Adriaan Moorrees. Ds MC Vos, die groot sendingpionier wat veral by die kerstening van slawe betrokke was, was in die gemeentes van Roodezand en Zwartland werksaam. Hy het hier heelwat teenstand vanweë sy verligte opvattings gekry en die vrug op sy arbeid sou eers baie later gepluk word.

Die gemeentes van Tulbagh en Swartland, die vierde en vyfde oudste gemeentes van die NG Kerk in Suid-Afrika, is vandag lewenskragtige voorbeelde van God se genade vir sy kerk.

MARIANA BOTES



1

# 1746. Die ideaal van 'n Kaapse klassis

'n Langgekoesterde ideaal is op 19 Januarie 1746 bewaarheid toe afgevaardigdes van al die gemeentes aan die Kaap vir die eerste keer bymekaargekom het. Volgens die notule was dit 'n 'Gecombineerde Kerk Vergadering aan Cabo de Goede Hoop'. Ds F le Sueur van Kaapstad het as *praeses* of voorsitter opgetree.

Tot in daardie stadium het die gemeentes onafhanklik van mekaar gefunksioneer, maar daar was ongetwyfeld 'n behoefte aan 'n kerkverband. Naburige kerkrade het met toestemming van die owerheid bymekaargekom om mekaar te raadpleeg. Daar was talle kerklike probleme wat opgelos moes word – soms selfs van komiese aard. Met die oprigting van die kerk by Drakenstein het die baasmesselaar sy sestien slawe só mishandel dat hulle uiteindelik by die predikant gaan kla het. Dié het toe met die messelaar gaan praat. Dit het daartoe gelei dat die messelaar met 'n sambok op die dominee afgestorm het sodat hy 'genootsaakt was hem met een kinnebakslagh terug te dryven'.

## DIE BEHOEFTE AAN 'N 'GROOTEN KERKRAAD'

Die versoek vir 'n Kaapse klassis was aanvanklik afkomstig van die Hugenote-predikant, ds Pierre Simond. In hulle antwoord het die Here XVII op die wenslikheid van samekomste in 'n 'grooten kerkraad' gewys, dit wil sê die kerkraad van Kaapstad met verteenwoordigers van buitegemeentes.

Die groot afstand tussen die Kaap en Nederland het noodwendig die verband met die Klassis Amsterdam ten opsigte van regstreekse bestuur bemoeilik. Hoewel die owerheid gesag oor die kerk uitgeoefen het, kon die klassis min steun verleen. Uiteindelik het die Kaapse owerhede die verteenwoordigers van verskillende gemeentes byeengeroep, omdat hulle nie die behoefte aan jaarlikse klassikale vergaderings kon weier nie. Nadat goedkeuring uiteindelik uit Nederland verkry is, was daar wel goeie wense en seënbedes uit Nederland. Daar is egter versoek dat die vergadering eerder 'n 'Coetus of Conventus' genoem moes word wat jaarliks aan die Klassis van Amsterdam verslag doen, soos met ander buitelandse kerke die geval was.

Die rede vir hierdie versoek was dat die voorregte wat deur die sinode aan 'n klassis toegeken word, insluitende die eksaminering van proponente en predikante asook die aanstelling en bevestiging van predikante, nie in die kerklike vergadering aan die Kaap afgehandel kon word nie. Die plaaslike vergadering was tevrede en het hulleself as 'n 'Gecombineerde Kerkvergaedering' bestempel. Hierdie voorstel is deur die Klassis van Amsterdam verwelkom.

## 'N GEKOMBINEERDE KERKVERGADERING

Uit die staanspoor was daar geen twyfel oor die karakter van die vergadering nie – dit wás 'n klassis, met ander woorde 'n kerkvergadering van plaaslike kerke wat gemeenskaplike sake behandel. Die Gekombineerde Kerkvergadering het dus 'n breër gesag uitgeoefen, nie noodwendig 'n hoër gesag nie. Dit het van die begin af in beginsel en praktyk die aard en karakter van 'n ringsvergadering gehad. Die algemene vergadering het ooglopend voldoen aan die bepalings van die Kerkorde van Dordt oor klassikale vergaderings.

Die byeenroeping van die Gekombineerde Vergadering op 19 Januarie 1746 was van onskatbare waarde. Dit was veel meer as net 'n eerste stap tot die selfstandige organisasie van die Kaapse Kerk. Dit het ook die Kaapse gemeentes in 'n praktiese en lewende verband tot mekaar gestel. Nogtans het die klassikale vergadering, enersyds onder die patronaatreg van die Kompanjie en andersyds onder die toesig van die Klassis van Amsterdam, nie heeltemal tot sy reg gekom nie. Albei gesagstrukture was immers vreemd aan die gereformeerde kerkreg. Die belangrikste besluit wat dié vergadering waarskynlik geneem het, was oor kerkvisitasie. Hierdeur is die band tussen die vyf gemeentes hegter gesmee en het dit gelei tot 'n kerkvisitasiereglement. Die eerste datum vir visitasie is aangeteken as 2 Februarie 1756.

Die Gekombineerde Vergadering of ring is onverwags in 1759 deur die Politieke Raad afgeskaf. Dit was die gevolg van 'n onbesonne optrede van die vergadering deur op sy eie ook met die Sinode van Suid-Holland, verteenwoordig deur die Klassis van Delft en Schieland, te korrespondeer. Slegs vier briewe was ter sprake, maar dit was genoeg vir die kerklike owerheid om in te gryp. Dit het moontlik gespruit uit sinodale provinsialisme en die opkomende Lutherse kwessie oor die bou van 'n kerk aan die Kaap.

Hierdie saak is pertinent gestel in 'n skrywe van die genoemde klassis op 1 Desember 1757. Die Sinode van Suid-Holland het die versekering gegee dat daar met die korrespondensie niks anders beoog is as die behartiging van die ware belange van die 'allerheiligste geloof' aan die Kaap nie. Die blaam het waarskynlik by die Politieke Raad gelê, wat die gekombineerde vergadering in die Kaap sonder magtiging of inagneming van al die feite afgeskaf het. Die verlange na 'n herstelde kerkverband blyk uit talle destydse briewe. Die Klassis van Amsterdam was egter ook ontevrede oor die korrespondensie met Suid-Holland en het probleme met die owerheid voorsien. Ondanks al die pogings en selfs die goedgesindheid van die Here XVII het die Politieke Raad sy standpunt gehandhaaf.

Hierdie optrede van die VOC was 'n doelbewuste poging om die Kaapse Kerk in 'n posisie van onderhorigheid te hou en afhanklik van die owerheid te maak. Die afskaffing van die Gekombineerde Vergadering was ook 'n gevoelige slag omdat dit die kerkregtelike ontwikkeling aan die Kaap ontwrig en vertraag het. Die Bataafse owerheid sou gelukkig na 1803 nuwe moontlikhede vir 'n bevredigende kerkverband skep.

ANDRÉ OLIVIER




2.3

1. *Die NG kerkgebou op Tulbagh, ca 1900. Volgens oorlewering het Britse soldate tydens die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) 'n tyd lank in die kerk gekampeer. Die Roodezand-gemeente was by die eerste Kaapse Klassis betrokke.* KAAPSTAD ARGIEFBEWAARPLEK
2. *Ds F le Sueur (1700-1758),* praeses, *of voorsitter, van die eerste Gekombineerde Vergadering. As voorloper hiertoe is die gemeentegrense op sy uitnodiging in die nuwe konsistorie in Kaapstad op 30 Augustus 1745 vasgestel.* KAAPSTAD ARGIEFBEWAARPLEK
3. *Ds P van der Spuy (1722-1809), eerste Suid-Afrikaans gebore predikant. Hy was leraar van die Gemeente Drakenstein (Paarl) toe die Gekombineerde Vergadering 'n belangrike kerklike rol gespeel het. Hierna was hy tot 1781 predikant in die Gemeente Kaapstad.* GROOTE KERK-VERSAMELING
4. *'n Deel van die historiese silwerversameling van die Groote Kerk, Kaapstad.* GROOTE KERK-VERSAMELING. FOTO: J VAN DER POLL
5. *Silwer inkstaander wat in 1737 deur Matthias Lotter vir die Groote Kerk in Kaapstad gemaak is.* GROOTE KERK-VERSAMELING. FOTO J VAN DER POLL




4



5

1



# 1780. 'n Lutherse gemeente aan die Kaap

Omdat die Calvinisme gedurende die sewentiende eeu die grondslag van die Nederlandse samelewing gevorm het, was die gereformeerde godsdiens die enigste geloof wat in die Kaapse nedersetting beoefen is. Soos in Nederlands-Oos-Indië, was almal verplig om in die Kaapse Kerk te aanbid en dáár die sakramente te gebruik óf te ontbeer.

## DIE KAAPSE LUTHERANE

Nogtans het nie al die Europeërs aan die Kaap die gereformeerde geloof aangehang nie. Afgesien van enkele Katolieke, was daar veral heelwat lidmate van die Lutherse Kerk, wat hoofsaaklik uit Duitsland en die Skandinawiese lande afkomstig was. Duitsers was immers op groot skaal deur die VOC in diens geneem. Selfs in Nederland het die Lutherane destyds 'n sterk aanhang gehad en hulle getalle is ook van daar af aangevul.

Die meeste Lutherane het hulle godsdiens ten volle in die Kaapse Kerk uitgeleef. Die goeie verhouding wat daar tussen lidmate van dié twee kerke bestaan het, is deur 'ondertrouery' versterk. In 1734 het die Kaapse Kerkraad aan die Klassis Amsterdam berig dat baie kinders van gereformeerde moeders Lutherse vaders gehad het.


Ondanks hierdie goeie verhouding was dit 'n kwelvraag hoe daar aan die Lutherane se geestelike behoeftes voldoen kon word. Die eerste Kaapse kerkraad het dus reeds in 1665 besluit om Lutherane op versoek tot die nagmaal toe te laat, mits hulle gedrag onberispelik was. Twee besoekende Lutherse sendelinge het nietemin in 1706 hulle teleurstelling uitgespreek oor hulle geloofsgenote se skynbare godsdienstige onverskilligheid.

Toe die Kaapse Kerkraad in 1714 die Klassis Amsterdam versoek het om duidelikheid te gee oor die toelating van Lutherane tot die nagmaal, is die besluit van 1665 bekragtig. Dit was op voorwaarde dat hulle die leer van regverdigmaking moes onderskryf. Die kerkraad het gevolglik besluit dat die geloof van Lutherane wat die nagmaal wou gebruik eers deur twee ouderlinge getoets moes word. Twee jaar later het niemand nog van die vergunning gebruik gemaak nie.

## DIE LUTHERANE EN VRYE GODSDIENSBEOEFENING

Nadat die Lutherane hulle vir 'n eie kerk en kerkraad begin beywer het, het hulle die Politieke Raad in 1742 versoek om 'n versoekskrif aan die Here XVII te rig om 'n eie predikant te beroep. Die Politieke Raad het dié versoek van die hand gewys, vermoedelik omdat die Raad beïnvloed is deur ds F le Sueur, 'n ywerige kampvegter vir die behoud van die Kaapse Kerk se bevoorregte posisie. Nieteenstaande dié terugslag het die Lutherane met die besoek in 1743 van baron Van Imhoff, goewerneur-generaal van die VOC, 'n soortgelyke versoekskrif met 84 handtekeninge aan hom oorhandig. Van Imhoff was die Lutherane se saak goedgesind en het dit ondersteun.

Op 1 September 1744 het die Here XVII vrye godsdiensbeoefening aan die Lutherane in Batavia toegestaan. Daar is egter besluit om 'n beslissing oor die versoek van die Kaapse Lutherane uit te stel totdat dit sou blyk 'hoedanig zig deese zake te Batavia zal schikken'. Die Lutherane was dus nog steeds op die Kaapse Kerk aangewese om aan hulle die nagmaal te bedien en hulle kinders te doop. Hulle kon wel eredienste en nagmaal volgens die Lutherse gebruik vier




2



3

1. *Die Lutherse kerkkompleks in Strandstraat, Kaapstad. Die Lutheraan Martin Melck het in 1774 hier op sy eiendom 'n 'pakhuis' vir kerkdoeleindes laat oprig kort voor die toelating van die Lutherse geloof in 1779.*
   *Anton Anreith, een van die groot getal Duitsers aan die Kaap, was betrokke by die ontwerp van die oorspronklike kerk en die preekstoel. Die pastorie regs (Martin Melckhuis) met sy unieke dakkamer is in 1781 opgerig. Die kosterswoning (links) dateer van dieselfde tydperk.* HC DE MEILLON. KAAPSTAD ARGIEFBEWAARPLEK
2. *Buiteblad van 'n Bybel (1766) wat deur die kerkraad van Stellenbosch aan Martin Melck geskenk is uit erkenning vir sy ruim finansiële bydrae waarmee waardevolle kerksilwer in 1766 uit Amsterdam aangekoop is. Sy skenking was uit waardering vir sy vrou, Anna Hop, 'n lidmaat van die Kaapse Kerk, deur wie hy die modelplaas Elsenburg bekom het. Melck het uiteindelik 11 plase besit.* W MELCK
3. *Ds AL Kolver (ca 1742-1797). Hy was predikant van die Lutherse Kerk in Rotterdam (1766-1780) en Kaapstad (1780-1796).*
4. *Vooraansig van die ou Evangeliese Lutherse kerkie (1854) op Stellenbosch. Dit is deur die Lutheraan CO Hager ontwerp.* FOTO: W MALHERBE

wanneer Lutherse predikante op verbyvarende skepe die Kaap aangedoen het.

Gedurende die daaropvolgende drie dekades het Lutherane sporadies pogings aangewend om die reg van vrye godsdiensbeoefening te verkry. Ná die dood in 1751 van Rijk Tulbagh, teenstander van die Lutherse Kerk, het hulle pogings momentum gekry. Martin Melck, 'n welvarende en leidende lid van die Lutherse gemeenskap, het intussen 'n pakhuis wat hy laat bou het aan die Lutherane geskenk om vir kerklike doeleindes te gebruik. Kerkdienste was egter nog nie geoorloof nie en daar was dus sprake en gerugte van 'ondergrondse' kerk-aktiwiteite.

Op 1 April 1778 het die konsistorie van die Lutherse Kerk in Amsterdam 'n versoekskrif aan die Here XVII gerig en die reg van vrye godsdiensbeoefening vir hulle geloofsgenote aan die Kaap versoek. In 'n verdere petisie het die Kaapse Lutherane die versekering gegee dat hulle die onderhoud van 'n predikant en kerkgebou kon finansier. Die Politieke Raad het gevolglik by die Here XVII aanbeveel dat die reg op openbare godsdiensbeoefening aan die Lutherse Kerk vergun word, mits die predikant 'n gebore Hollander sou wees.

In 'n resolusie van 18 Oktober 1779 het die Here XVII finaal goedgekeur dat 'n Lutherse gemeente aan die Kaap gestig word, op voorwaarde dat die gemeente self verantwoordelikheid aanvaar vir die traktement van die predikant en die onderhoud aan die kerkgebou. Daarmee het hulle uiteindelik hulle doel bereik en dieselfde godsdiensvryheid verkry wat hulle geloofsgenote in Batavia reeds sedert 1744 geniet het.


Op 15 Maart 1780 het die Konsistorie van die Lutherse Kerk in Amsterdam ds AL Kolver, predikant van die Lutherse gemeente in Rotterdam, as leraar vir die Kaapse gemeente by die Here XVII aanbeveel. Sy benoeming is bekragtig en op 10 Desember 1780 het hy sy intreepreek in Kaapstad gelewer 'voor een ontzaggelyken toevloed van menschen'. Die Lutherse gemeente het destyds uit 442 lidmate bestaan, van wie 27 vroue was. Die meerderheid van die lidmate was van Duitse afkoms.

Hiermee is die Kaapse Kerk se bevoorregte posisie as enigste erkende Protestantse kerk aan die Kaap beëindig. Dit was ook die begin van 'n bloeitydperk vir die Lutherse Kerk.

CON DE WET



4



1.2.3

# 1789. Die kansel – waar die Woord regeer

Die Groote Kerk se kansel is 'n merkwaardige kunswerk. Sedert die amptelike ingebruikneming daarvan op 29 November 1789 verteenwoordig dit ook meer as twee eeue se gereformeerde kerkgeskiedenis. Belangrike gebeure in Suid-Afrika se geskiedenis het voor hierdie preekstoel afgespeel.

Dié imposante kansel het die kewer-verweerde preekstoel van 1704 vervang. Dit beklee 'n sentrale en oorheersende plek in die interieur, soos dit in 'n gereformeerde kerk verwag kan word. Die kansel is ontwerp en gebou deur die Duitsgebore meestervakman Anton Anreith, bygestaan deur timmerman Jan Jacob Graaf. Dit is binne agtien maande teen 'n minimale koste voltooi.

Die preekstoel, gemaak van duur Indiese hout, rus op die rûe van twee leeus met hulle pote op 'n boekrol. Die leeus kan as simbole van krag, beskerming en oorwinning beskou word. Die baldakyn-dakkie van die preekstoel is met reliëfwerk versier. 'n Vaas wat waarskynlik 'n graf-urn as 'n simbool van verganklikheid simboliseer, staan bo-op.

Volgens oorlewering is die kansel van die Lutherse Kerk in Strandstraat aanvanklik deur Anreith vir die Groote Kerk gemaak. Die naak Hercules-figure was glo vir die kerkraad onaanvaarbaar en die preekstoel is toe deur die Lutherane oorgeneem. Volgens 'n ander anekdote het Anreith se eerste ontwerp van drie vrouefigure met min klere nie die kerkraad geval nie. Anreith het hom vererg en toe leeus ontwerp wat hulle glo wel sou kon waardeer!


Waar die prediking in die Middeleeue verstil het en die misterie van die sakrament oorheersend in die erediens geword het, het die Hervorming die Woord en belydenis sentraal geplaas. Daarvan is die preekstoel en die oopgeslane Bybel 'n simbool. Die kerkhistorikus prof TN Hanekom het by geleentheid gesê: 'Met ons aan die suide loop God eintlik 'n tweede myl met Afrika.' Die eerste myl was uit die noorde, maar die evangelie is deur Islam verdring. Die tweede 'myl', waarvan die Groote Kerk se kansel 'n blywende simbool is, is weer noordwaarts gerig.

Die herdenkingsdiens in 1989 om die 200-jarige ingebruikneming van die Anreith-preekstoel te herdenk, is deur ds J van der Westhuysen gelei. Sy teks was 2 Timoteus 4:1-4 en hy het gesê: 'Op die preekstoel regeer die Woord ... As jy minder sê, dan skeep jy af; as jy meer sê, dan trek jy skeef.' Hy het bygevoeg 'dat die kansel nie 'n troontjie vir 'n belangrike meneertjie of 'n troon vir 'n grootmeneer is nie. Dis 'n dienspos vir God se bode.'

### AS DIE KANSEL KON PRAAT

In 1789 was die talentvolle jong ds Helperus van Lier 'n medeleraar in die gemeente. Vreesloos het hy oor Christus gepreek en die kerkraad oor onbetrokkenheid aangespreek. Na net vyf jaar in die bediening het hy in 1791 op die preekstoel inmekaar gesak. Van Lier het kort daarna sy emeritaat aanvaar en in 1793 op 28-jarige ouderdom gesterf.

In 1904 het die oorskot van president Paul Kruger tydens 'n roudiens voor die kansel gelê. Afrikaners was nog platgeslaan ná die vernietigende Anglo-Boereoorlog. Prof NJ Hofmeyr van Stellenbosch het die preek gelewer en 'n plaaslike leraar, ds AI Steytler, het gebid vir die 'volk, ver-



4

*1. Die sogenaamde Londt-preekstoel van die Rynse Verenigde Gereformeerde kerk op Stellenbosch. Dit is in 1863 deur die NG Gemeente Stellenbosch geskenk toe dit deur 'n neo-Gotiese kansel vervang is.* FOTO: W MALHERBE
*2. Die bejaarde dr Andrew Murray op die preekstoel van die Groote Kerk, ca 1910.* GROOTE KERK-VERSAMELING
*3. Die preekstoel uit soliede stinkhout van die NG kerkgebou, George.*
*4. Die interieur van die kerk van die NG Gemeente Valleisig in Pretoria met sy moderne preekstoel. (Dié foto van ds D van den Berg is nié op 'n Sondag geneem nie!)* FOTO: A SWIEGERS
*5. Posseël (1965) met 'n afbeelding van die Anreith-preekstoel, Kaapstad.* SA FILATELIEDIENS

## FEITEFLITSE

1. Met 'de plechtige gedachtenisviering van het 100-jarige bestaan van den Preekstoel in de Groote Kerk' op 29 November 1889, het dr JJ Kotze Nehemia 8:5 as teks geneem: 'Esra die skrifgeleerde het op 'n houtverhoog gestaan ...'
2. Ds Petrus Kalden, vertroueling van WA van der Stel, het die wynplaas Zandvliet in 1699 van die goewerneur ontvang. Toe hy een Sondagoggend 'n wa by die Moederkerk, Kaapstad, hoor verbyrammel, het hy die koster beveel om te gaan vasstel of dit nie sy Zandvliet-wyn is wat aangekom het nie. Dié insident is verewig in DJ Opperman se *Vergelegen.*

laten, verwoest ... weldra om het geopend graf ... van den geloofsheld Paul Kruger'.

Meer onlangs in 1961 was daar die veelbesproke preek van ds Gustav Bam waaroor Piet Cillié, destyds redakteur van *Die Burger,* bely het dat hy 'n 'skoep' by hom verby laat gaan het. Die preek het tot in die Parlement opslae gemaak. Senator Jannie Olivier het vir dr AJ van der Merwe van die Groote Kerk gebel en gesê: 'Terwyl die Afrikaners die verdrukking van Ou Israel deur Egipte steeds gesien het as parallel met die Britse verdrukking van die Afrikaner, het broer Gustav bevind dat dit nou eerder heenwys na die verdrukking van die gekleurde volke in Suid-Afrika deur die blankes.' Cillié het op 13 November 1996 in *Die Burger* die eer postuum aan Bam gegee onder die opskrif: 'Gustav Bam: Jong profeet in die Groote Kerk (1961)'.

'n Opskudding het weer op die kansel ontstaan met die preek op ringsendingsondag in Augustus 1988, toe ds Herbert Brand, leraar van St Stephens-gemeente, kerkgangers in beroering gebring het. Hy het gesê: ''n Klein, maar menslik magtige, blanke minderheid beset selfsugtig soveel as moontlik van hierdie wye en droewe land van ons ... En met die meedoënlose hebsug van Agab en Isébel lê ons beslag op die wingerd van Nabot, die veragte Distrik Ses – geen kilometer van hierdie Huis van God af nie!' Koerante het hierna met groot opskrifte oor die uitstappery van heelwat aanwesiges gerapporteer. *Die Burger* het berig: 'Mense uit Groote Kerk oor preek'. *Rapport* het verwys na 'Ds Brand en sy Damaskus-pad' en *Cape Times* na die 'Groote Kerk walkout during rebel anti-apartheid sermon'.

Presidente se pad het ook voor die kansel van die Groote Kerk langs geloop. Staatspresidente Jim Fouché, Marais Viljoen en PW Botha is hier ingehuldig. Oudpresident Nelson Mandela het op uitnodiging van die kerkraad 'n erediens op 7 Februarie 1999 bygewoon en na afloop van die diens gesê: 'Ek was baie getref en aangedaan deur u gebaar. Ek het u daarmee hoor sê ... dat die kerk in die veranderde omstandighede van ons land nie sou terugdeins van die nuwe uitdagings nie.'

Die kansel van die Groote Kerk is met die 350ste herdenking van die NG Kerk in 2002 steeds 'n simbool van geloof en hoop.

JOHAN BOTES




5



1

# 1792. Die opkoms van sendinggenootskappe

Vroeë maar geïsoleerde aanduidings van sendingwerk en 'n sendingbewussyn aan die suidpunt van Afrika was tydens die VOC-era merkbaar. Ondanks die aanvanklike ongeorganiseerde kerklike lewe en 'n moeilike vestigingsfase was daar tog by uitsondering sprake van informele sendingwerk. Dit was egter nie die kerk as sodanig nie, maar individuele persone wat leiding in hierdie verband begin neem het. Die Kaapse Kerk sou self eers baie later ontwaak ten opsigte van sy sendingroeping en -taak.

Die relatiewe gebrek aan sendingywer aan die Kaap gedurende die eerste deel van die agtiende eeu was simptomaties van die situasie in Europa. Die kerk was in baie opsigte geestelik koud, sonder 'n belangstelling in sendingwerk. Groot internasionale sendingfigure soos William Carey, Bartholomeus Ziegenbalg en Robert Morrison het egter teen die tweede helfte van die agtiende eeu na vore getree. Verskeie kerklike en nie-kerklike sendinggenootskappe het in hierdie tydperk tot stand gekom.

### DIE BEGIN VAN DOELGERIGTE SENDING

Die negentiende eeu het as dié groot eeu van sendingywer en -aktiwiteite bekend geword. Dit was die tydperk van 'n grootskaalse beweging om die Christelike evangelie aan die 'heidense' wêreld te bring. Talryke probleme op sendingvelde en die behoefte aan koördinasie van aktiwiteite het tot internasionale sendingkonferensies gelei. Suid-Afrika sou onvermydelik by hierdie sendingbeweging betrek word.

Die groot ontwaking van die sendinggedagte en opbloei van sendingywer het uiteraard na Suid-Afrika oorgewaai. Al meer gelowiges aan die Kaap het in die sending begin belangstel. Heelwat van die koloniste het erns begin maak met die geestelike voorligting en opvoeding van die slawe en Koikoi in hulle diens of onder hulle sorg. Voorlopers van die sendinggedagte en die evangelisasie van gelowiges aan die suidpunt van Afrika was veral mense soos ds HR van Lier, ds MC Vos en mev Machtelt Smit.



2

Dié sendingmomentum wat in die agtiende eeu begin het, het in die laaste dekade van die negentiende eeu 'n hoogtepunt bereik. In 1792 is die Baptiste Sendinggenootskap in Europa gestig. Dieselfde jaar het die Morawiese Sendinggenootskap hulle werksaamhede onder die Koikoi her-



3



4



MICHIEL CHRISTIAAN VOS,
EMERITUS PREDIKANT van SWARTBERG (nu CALEDON),
IN ZUID-AFRIKA.

Dit is 't gelaat van VOS, veeleer een *Lam* in trekken,
Dat d' eerbied kan in 't hart voor ſtillen ootmoed wekken:
Een *Vos*, om Voſſen, die den wijngaard ſchade doen,
Met list bij heil'ge list, te stuiten in hun woên;
Een MICHAEL in kracht, om JEZUS eer te ſchragen;
Een CHRISTIAAN in deugd, om JEZUS beeld te dragen.
Tuig, *Neêrland! Afrika!* tuig, *Azië!* van hem,
Die ons deez' bladen gaf, al zwijgt zijn' prieſterſtem.

*T.*

1. *'Langhuis' en kerk by die Morawiese sendingpos Mamre. Dit is in 1806 op die vroeëre militêre VOC-buitepos, bekend as Groene Kloof, aangelê. Die uitgebreide werksaamhede hier was tiperend van die sending oplewing sedert die jare negentig van die agtiende eeu.* KAAPSTAD ARGIEFBEWAARPLEK
2. *Die Union Chapel, eerste Kongregasionalistiese kerk van die Londense Sendinggenootskap (in die hoek) met dr J Philip se huis (met luike, regs daarvan) op Kerkplein, Kaapstad. Hierdie geboue was slegs sowat 200 meter van die Moederkerk geleë, maar het 'n heel ander gesigspunt verteenwoordig. Die sendeling, Robert Moffat, het in 1820 hiervandaan na die sendingveld vertrek. Die sendingreisiger, dr David Livingstone, het in 1841 ook 'n paar weke hier gebly.* KAAPSTAD ARGIEFBEWAARPLEK
3. *Ds MC Vos (1759-1825). Hy was 'n gekwalifiseerde Kaapse silwersmid. Vanaf sy bediening in sy eerste gemeente, Tulbagh, het hy aktief by die sending betrokke geraak. Hierdie afbeelding van hom met bygaande gediggie is gemaak ná sy aftrede as predikant in die Gemeente Caledon.* KAAPSTAD ARGIEFBEWAARPLEK
4. *Dr John Philip (1777-1851). Hy het as sendeling-filantroop en superintendent-generaal van die LSG met sy opvattings en optrede dikwels in stryd gekom met die Oosgrensboere en die Kaapse Kerk.* KAAPSTAD ARGIEFBEWAARPLEK

vat. Die Duitse sendelinge Hendrik Marsveld, Daniel Schwinn en Johann Kühnel het hulle toe met die hulp van poshouer Jan Theunissen by Baviaanskloof gevestig. Hy het die belange van die Koikoi in só 'n mate bevorder dat hy as 'Hottentotsgod' bekend was. Onder dié drie sendelinge se leiding is die Baviaanskloof-sendingpos uitgebou tot die prominentste kerklike en kulturele sentrum in Suid-Afrika. Dit was in 'n stadium in die negentiende eeu die grootste nedersetting naas Kaapstad. Dié sendingstasie is in 1804 tot Genadendal hernoem.

Binne die bestek van 'n paar jaar het twee invloedryke sendinggenootskappe ontstaan wat 'n bepalende rol in sendingaktiwiteite in Suid-Afrika sou speel – die Londense Sendinggenootskap in 1795 en die Nederlandse Sendinggenootskap in 1797. Vier sendelinge van die Londense Sendinggenootskap – Johannes Theodorus van der Kemp, Johannes Kicherer, John Edmonds en William Edwards – het reeds in 1799 in die Kaap aangekom.

KAAPSE PREDIKANTE RAAK BETROKKE

Dr Van der Kemp en ds MC Vos het dadelik die inisiatief geneem vir 'n byeenkoms van plaaslike belangstellendes in die sending. Sodoende het De Zuid-Afrikaansche Maatschappij tot bevordering van Christus Koninkrijk (die latere Suid-Afrikaanse Sendinggenootskap of SASG) op 22 April 1799 in Kaapstad tot stand gekom. Ds Vos van die Kaapse Kerk was een van die eerste direkteure van dié inheemse sendinggenootskap. Die sendingbewuste lede van die kerk het in die stigting van 'n eie plaaslike organisasie 'n redelike sterk algemene beweging gesien en kleiner groeperinge by dié groter aksie ingeskakel.


Ondanks groot vrug op die arbeid van hierdie en ander sendinggenootskappe, was daar 'n gevoel binne die Kaapse Kerk dat sendingwerk van die kerk vervreemd kon raak. In die praktyk het dit ook gebeur dat die SA Sendinggenootskap sonder die toestemming van plaaslike kerkrade op plekke soos Stellenbosch en Wellington gewerk het. Intussen is sendingwerk ook onder die slawebevolking onderneem – aanvanklik deur Pieter Kuijpers en later deur ene Manenberg. Ander prominente predikante soos JP Serrurier, A Faure en SP Heyns het in die direksie van die Sendinggenootskap gedien en belangrike bydraes gelewer.


Intussen het daar spanning tussen die sendinggenootskappe en die Bataafse owerheid (1803-1806) ontwikkel. Dit het veral oor die vraag gegaan of die sendinggenootskappe nie op die kerk en andere se terrein oortree het nie. In die kerkorde van De Mist (1804) is gevolglik bepaalde reëlings oor sendingwerk getref. Godsdienstige vergaderings in openbare lokale wat nie met die kerk geassosieer was nie, is verbied. Sendelinge is ook nie toegelaat om binne of in die onmiddellike omgewing van gevestigde gemeentes op te tree nie.

Die toestroming van buitelandse sendinggenootskappe – elkeen met sy eie spesifieke sendingbeleid, godsdiensstyl, werksmetode en willekeurige besetting van die binneland – het reaksie van amptelike kerklike kant byna vanselfsprekend gemaak. Ondanks hierdie negatiewe reaksies kon en sou die NG Kerk veral ná die middel van die negentiende eeu nie sy sendingverantwoordelikheid ontduik nie.

Samewerking met verteenwoordigers van dié genootskappe is voortdurend nagestreef en uitgebrei. Op hierdie en baie ander maniere is die saak van die sending en die Koninkryk nie net gedien nie, maar ook uitgebou.

HOFFIE HOFMEYR

1 

2 

# 1795. Die vrye 'republieke' en die Kaapse Kerk

Vroeg in die agtiende eeu het die vryburgers die ontwaking van 'n politieke bewussyn beleef. Die ideale van die vryburgers het uiteindelik gestalte gekry met die totstandkoming van die republieke van Graaff-Reinet en Swellendam in 1795.

In hulle politieke denke was die vryburgers veral bewus van die Patriotbeweging in Nederland. Dié Patriotte se wêreldbeskouing was gebaseer op die humanistiese opvattings van denkers soos Thomas Hobbes, John Locke, David Hume, Adam Smith en Jacques Rousseau. Hierdeur is die Calvinisties-teokratiese denke op die agtergrond geskuif. Gebeure soos die Franse Revolusie en die Amerikaanse Vryheidstryd het die Nederlandse beweging en later die Kaapse Patriotte verder gestimuleer. Daar is onweerlegbare bewyse dat Montesquieu se geskrifte oor die Franse Revolusie onder die Kaapse koloniste bekend was.

### DIE STEM VAN DIE VOLK IS DIE STEM VAN GOD

Hierdie politieke stromings en invloede het die Kaap vanaf omstreeks 1778 bereik. Die suksesvolle optrede van ontevrede burgers teen goewerneur WA van der Stel vroeër in die agtiende eeu was vir die Kaapse Patriotte nog helder voor die gees. Die lywige Burgermemoire van 1779 en die Nadere Memoire van 1782 wat deur afgevaardigdes van die Kaapse burgers by die VOC ingedien is, het burgerlike optrede versterk. Dit is gevolg deur versoekskrifte aan die State-Generaal van Nederland. Die stelselmatige agteruitgang van die gesag van die VOC het die Kaapse Patriotbeweging verder bevorder.

Die burgers van Swellendam en Graaff-Reinet het veral sterk oor burgerregte en oor die wanbestuur van die VOC gevoel. In Junie 1795 het 'n groot groep ontevredenes gevolglik na Graaff-Reinet opgeruk en geëis dat persone wat kerklike én owerheidsampte beklee, uit een van dié ampte moes bedank. Die gehate landdros Maynier is in die proses deur FR Bresler vervang. In dieselfde jaar is daar in Graaff-Reinet en Swellendam agtereenvolgens selfstandige republieke uitgeroep. Burgers het hulle teen die VOC as owerheid verset en op Nederlandse beskerming aangedring.

Die basiese beginsels van Patriotdenke, soos die skeiding van kerk en staat asook die skeiding van regsprekende en wetgewende magte, het in dié twee Kaapse republieke na vore gekom. Daar was sprake van populêre Patriotbegrippe soos 'n volkstaat en *Vox Populi, Vox Dei* (die stem van die volk is die stem van God). Die Patriotdenke uit Nederland en die denkrigtings van die Franse Revolusie het toe reeds die buitedistrikte van die Kaap bereik en beïnvloed. Verder het die lewensomstandighede van die pioniers meegebring dat hulle hulleself geestelik as onafhanklik van Europa en midde-in Afrika beskou het.

### GEMEENTESTIGTING IN GRAAFF-REINET EN SWELLENDAM

Intussen het die Kaapse Kerk ook in afgeleë gebiede gevestig geraak en verder ontwikkel. Die stigting van die gemeente Graaff-Reinet in 1792 het saamgehang met die groeiende veeboer-bevolking in hierdie geïsoleerde en uitgestrekte grensdistrik. Die gemeenskap het heelwat ontberinge in die vorm van droogtes, strooptogte, onrus en onsekerheid geken. Die teenwoordigheid van die kerk in hulle midde het dus vir hulle baie beteken.

Die eerste predikant, wat die gemeente van 1792 tot 1795 bedien het, was ds JH von Manger. Hy het ongelukkig geen rekord van kerkraadsaktiwiteite gehou nie. Dit sou dus

eers in die dienstyd van sy opvolger, ds HW Ballot, wees dat 'n behoorlike beeld nagelaat is van die opbou van die gemeente met betrekking tot kerkbou, Woordverkondiging en herderlike sorg.

Die opstand rondom die inhegtenisneming van Adriaan van Jaarsveld in Januarie 1799 het heelwat onrus en ongelukkigheid in die gemeente veroorsaak. Gelukkig is dit danksy die bemiddeling van ds Ballot bevredigend opgelos. Algaande het dié gemeente gegroei tot een van die prominentstes en welvarendstes in die Oos-Kaap. Verskeie bekende predikante het minstens 'n deel van hulle bediening hier deurgebring. Ds Andrew Murray sr en sy seun ds Charles Murray het dié gemeente onafgebroke van 1822 tot 1904, vir 82 jaar met toewyding en onderskeiding gedien.

Die gemeente Swellendam, die sewende gemeente wat aan die Kaap tot stand gekom het, is in 1798 gevestig. Ds Von Manger was ook hier die eerste predikant, ná sy bediening in Graaff-Reinet. In 1801 is onder sy leiding met die oprigting van 'n kerkgebou begin, wat in 1802 voltooi is. Soos Graaff-Reinet het dié gemeente ook later 'n besondere uitbreiding en prominensie beleef. Die invloed wat die kortstondige bestaan van die Republiek van Swellendam in 1795 op die kerklike aktiwiteite uitgeoefen het, was uiteindelik van korte duur.

## NAGEVOLGE

Die burgerlike aksies van die republieke van Graaff-Reinet en Swellendam het nie veel byval by die plaaslike of Kaapse kerkgemeenskappe gevind nie. Daar is ook geen besondere voorkeur aan die kerk gegee nie, hoewel heelwat lidmate daarby betrokke was. Hierdie afstand tussen die Kaapse Kerk en sommige van sy lidmate was die gevolg van die kerk se onderhorige posisie aan die VOC. Die Patriotte se vryheidsgees was ook nie in 'n Calvinistiese lewensbeskouing gewortel nie, maar eerder in 'n liberale gedagtewêreld.

Van groter selfstandigheid vir gemeentes het daar gedurende die VOC-bewind en net daarna egter min tereg gekom, hoofsaaklik vanweë onderhorigheid aan die owerheid maar ook gebondenheid aan die Nederlandse Kerk. Alhoewel daar geen daadwerklike verset van die kerkinstellings teen owerheidsgesag was nie, was daar ook nie volkome aanvaarding deur die Kaapse Kerk nie. In 1792 het die gemeente Graaff-Reinet 'n versoekskrif aan die owerheid gerig om in kerklike sake volgens die kerkorde te handel. In dieselfde jaar het die kerkraad van Kaapstad gekla dat bepaalde praktyke wat deur die owerheid afgedwing is, drukkend en in stryd met die kerkorde was.

Die republikeinse gedagte wat in 1795 met die stigting van die republieke van Graaff-Reinet en Swellendam gebore is, is voortgesit deur die totstandkoming van die Voortrekkerrepubliek Natalia, die Zuid-Afrikaansche Republiek en die Republiek Oranje-Vrystaat in die negentiende eeu. Die republikeinse beweging het op 31 Mei 1961 met die totstandkoming van die Republiek van Suid-Afrika nog 'n mylpaal bereik.

HOFFIE HOFMEYR



3

*1. Die neo-Gotiese kerkgebou van die NG Gemeente Graaff-Reinet is deur J Bisset ontwerp en deur boukontrakteurs Grant en Dowie opgerig. Dit is een van talle NG kerke wat veral gedurende die negentiende eeu deur Engelse argitekte ontwerp en deur Engelse vakmanne gebou is. Dié sandsteengebou is op 10 September 1887 ingewy.* FOTO: A PRETORIUS

*2. Die H-vormige pastorie (1812), bekend as Reinethuis, Graaff-Reinet. Bekendes soos di Abraham Faure, Andrew Murray sr, Charles Murray, JF Naude (vader van dr Beyers Naude) en DF Malan was predikante van die gemeente.* FOTO: G HOFMEYR

*3. Silhoeëtskildery van ds JJ Kicherer, sy vrou Clara en hulle dogtertjie Anna, ca 1810 – waarskynlik in die pastorie, Graaff-Reinet.* JC PRETORIUS EN OUDE KERK VOLKSMUSEUM, TULBAGH

*4. Die kerk van die NG Gemeente Swellendam, wat op 10 Junie 1911 ingewy is, is op die terrein van die vroeëre kerk van 1802 geleë. Soos Graaff-Reinet is Swellendam ook na 'n vooraanstaande egpaar uit die VOC-era genoem – goewerneur Hendrik Swellengrebel en sy vrou Helena ten Damme.* FOTO: J OXLEE (SPIX INTERNATIONAL)

*5. Skets deur lady Anne Barnard van ds JH von Manger (1767-1842) en 'n dogtertjie. Sy was waarskynlik Petronella, dogter van landdros Anthony Faure van Swellendam.* JC PRETORIUS

*6/7. Graaff-Reinet is genoem na goewerneur Cornelis Jacob van de Graaff en sy vrou, Hester Cornelia Reynet.* KAAPSTAD ARGIEFBEWAARPLEK





4 5





6 7



1

# 1799. Het Zuid-Afrikaansch Zendelings Genootschap

Het Zuid Africaansch Genootschap van de Kaap de Goede Hoop tot Bevordering en Uitbreiding van Christus Ryk (ZAG) is op 22 April 1799 aan huis van Albert van der Poel in Kaapstad onder voorsitterskap van ds MC Vos gestig.

Die onmiddellike aanleiding daartoe was die aankoms van vier sendelinge van die Londense Sendinggenootskap, dr JT van der Kemp, JJ Kicherer, John Edmond en William Edwards. Dit was ook die kroon op die werk van dr Helperus van Lier, wat die Groote Kerk van 1786 tot 1793 bedien het.

AANLOOP TOT DIE SUID-AFRIKAANSE SENDINGGENOOTSKAP

Van Lier was besiel met die ideale van die evangeliese herlewing binne die Protestantse kerke in Europa gedurende die laaste dekades van die agtiende eeu. Hy het dus die Christelike gemeenskap van Kaapstad opgewek tot onderlinge geestelike ondersteuning, asook 'n drang om die evangelie aan nie-Christene (veral slawe en Koikoi) te verkondig. Onder Van Lier se leiding is daar in 1788 in Kaapstad 'n bid-en-werkvereniging gevorm wat spoedig sowat 60 lede (gereformeerdes en Lutherane) gehad het. Die doel met die vereniging was om die 'kleurlingen' (vry swartes en Koikoi) en slawe met die evangelie bekend te maak. Hulle het op vasgestelde dae van die week vergader vir gebed en onderlinge opbou en het godsdiensonderrig aan slawe en Koikoi in hul diens gegee.

Onder die leidende sendingfigure van dié bid-en werkvereniging was Van der Poel self, Cajus Slotsboo (later sekretaris van die ZA Genootschap), Jan van Zulk (wat later by Wagenmakersvallei gearbei het), asook Pieter Kuypers en PJ le Roux (wat albei onder geestelik versonkenes op die Tafelbaaise strandgebied gewerk het). Op Stellenbosch het JN Desch en Mewes Bakker tot hierdie groep behoort. Onder die prominente vroue was dit Machtelt Smit, oprigter van die eerste Sondagskool vir slawekinders, en sendingmedewerkster Aaltjie van der Heyden en die weduwee MA Möller, wat die sendingwerk met ruim geldelike bydraes ondersteun het.

Die sending-inisiatief het nie met die vroeë dood van Van Lier op 28-jarige leeftyd in 1793 verflou nie. Veral met die koms van ds MC Vos na Roodezand (Tulbagh) in 1794 het die sendingywer onder sy leiding uitgebrei na die platteland en daar sterk posgevat. Vos was ook die aangewese persoon om saam met dr Van der Kemp beslag te gee aan die totstandkoming van die eerste inheemse sendinggenootskap in Suid-Afrika.

Binne enkele jare ná die stigting van die ZAG in Kaapstad was daar hulpgenootskappe op die vernaamste plattelandse sentra soos Stellenbosch, Drakenstein, Wagenma-



2



3



4

*1. Die SA Sendinggestig in Langstraat, Kaapstad. Hierdie gemeente is in 1937 amptelik ingeskakel by die NG Sendingkerk as die SA Gestig-gemeente, wat in 1975 na Belhar verskuif het.* SA SENDINGGESTIG-MUSEUM

*2. Het Gesticht, Paarl (1813) – die vierde oudste kerkgebou in Suid-Afrika. 'Gestigte' of 'oefenhuise' is vir godsdiensonderrig, kategese, bidure en algemene onderrig gebruik, maar is nie as volwaardige kerke beskou nie. Die Paarlse Gesticht is in 1819 deur die plaaslike Sendinggenootskap en later deur die NG Gemeente Paarl oorgeneem.* FOTO: J VAN DER POLL

*3. Ds MC Vos (1759-1825). Hy het in die eerste direksie van die Genootskap gedien en baie bygedra om die Kaapse Kerk tot sendingywer aan te wakker.* KAAPSTAD ARGIEFBEWAARPLEK

*4. Die weduwee Machtelt Smith (1749-1821). Sy was 'n merkwaardige sendingfiguur wat haar veral beywer het vir die verbetering van die lot van slawe en gevangenes. Dr John Philip en Karel Schoeman het biografieë oor haar gepubliseer.* KAAPSTAD ARGIEFBEWAARPLEK

*5. Die huidige kerkgebou van die SA Gestig in Belhar naby Kaapstad. Die sinode van die NG Sendingkerk het in 1986 die Belydenis van Belhar hier aanvaar. Die vereniging van die NG Sendingkerk en die NG Kerk in Afrika in 1994 het ook hier plaasgevind.* FOTO: C LOFF

kersvallei, Roodezand, Swellendam en Graaff-Reinet. In Kaapstad (1802-1804) en elders is geboue bekend as 'gestichten' opgerig. Dit was vir die byeenkomste van die lede van die Genootskap en godsdiensoefeninge en -onderrig vir die 'heidene'. Geen eredienste is aanvanklik toegelaat nie.

Die Genootskap se naam is in 1846 amptelik verander na Het Zuid Afrikaansch Zendelings Genootschap (ZAZG). Dit het uiteindelik bekend gestaan as die SA Sendinggenootskap (SASG). Die meerderheid van die lede het aan die NG Kerk behoort, maar die opset was van die begin af ekumenies. Aanvanklik het lidmate van die Lutherse Kerk en ná 1820 ook leraars en lidmate van ander Protestantse kerke in die direksie gedien. In 1834 het die sinode van die NG Kerk 'n poging aangewend om die Genootschap as sendingorgaan van dié kerk oor te neem. Die direkteure wou egter nie die ekumeniese karakter prysgee nie.

### NOUER BANDE MET DIE NG KERK

Die Genootskap het nietemin gedurende die tweede helfte van die negentiende eeu stelselmatig nader aan die NG Kerk beweeg. In 1937 is die gemeente wat deur die ZAG opgebou is en in die Gestig in Langstraat aanbid het, op eie versoek by die NG Sendingkerk ingeskakel met die naam SA Gestig. Hierdie gemeente het gedurende 1975-1978 na Belhar verskuif en 'n nuwe kerkgebou betrek. In 1983 is die Suid-Afrikaanse Sendinggenootskap as 'n direksie formeel deur 'n hooggeregshofbevel ontbind.

Die ryk nalatenskap van die ZAG en sy hulpgenootskappe het uiteindelik die erfenis van die NG Sendingkerk geword. Die enigste buitestedelike sendingstasie van die Genootskap, Zoar naby Ladismith, het ook by die NG Sendingkerk ingeskakel.

Hoewel die Genootskap en sy hulpgenootskappe aanvanklik geen amptelike bande met die NG Kerk gehad het nie, het dit 'n deurslaggewende rol gespeel om 'n 'sendinggees' binne dié kerk te kweek. Volgens hoofregter JA Truter, 'n lojale ondersteuner, was die werk en invloed van die ZAG die sleutel tot die vreedsame verloop van die vrystelling van die slawe in 1834-1838. Sendingleiers van die NG Kerk, soos Abraham Faure, GW Stegmann en Andrew Murray jr, het ook noue bande met die ZAG gehad.

Die opset en werkswyse van die Genootskap het hierbenewens as voorbeeld gedien vir die vorming van die sendingbeleid van die NG Kerk. Tot 1820 was die beleid van die ZAG om bekeerlinge te werf en voor te berei vir lidmaatskap van die gevestigde kerke. In 1819 het die direksie op aanbeveling van dr John Philip besluit om, soos die Londense Sendinggenootskap, die bekeerlinge in 'n gemeente te organiseer. Die gemeente wat só tot stand gekom het, het gefloreer.

Al het die SA Gestig-gemeente in Kaapstad eers in 1937 by die NG Sendingkerk ingeskakel, kan dit in gees en opset beskou word as die 'moedergemeente' van die NG Sendingkerk. As sodanig was dit die invloedryke nalatenskap van die Suid-Afrikaanse Sendinggenootskap aan die NG Kerkfamilie.

DAVID BOTHA



5

# 1804-1902



Die negentiende eeu word gekenmerk deur verskeie hoofstromings. Dit was ten eerste die beëindiging van die hoofsaaklik Nederlandse invloed op kerk en samelewing in die Suid-Afrikaanse konteks. Hiernaas is dit die era waarin die omvattende Europese vestiging en gebiedsuitbreiding van die groter Suid-Afrika buite die Kaapkolonie plaasgevind het. Dit was ook die tydperk van ingrypende swart volksverhuisings. Laastens is die groot konflik in die Suid-Afrikaanse geskiedenis, die stryd tussen Boer en Brit óf Afrikaner-nasionalisme versus Britse imperialisme, tydens hierdie era op die spits gedryf. Elk van hierdie prosesse word kortliks in perspektief geplaas.

Dat die Nederlandse invloed in Suid-Afrika op kerk en samelewing deur die betrokkenheid van die VOC omvattend was en in 'n sekere mate nog bestaan, kan nie betwyfel word nie. Naas sovele staatkundige, sosio-ekonomiese, kultuurhistoriese, argitektoniese, taalkundige, ideologiese en verskeie ander invloede uit die sewentiende-eeuse Nederland en daarna, kan die Suid-Afrikaanse kerklike wêreld se Protestants-gereformeerde wortels in ons stamland nooit misgekyk word nie.

Die Nederlandse gereformeerde tradisie met al sy dimensies het in hierdie era dieper gevestig geraak. Verskeie invloede sou gedurende hierdie era verder verdiep en verbreed. Die sterk Kuyperiaans-gevormde gereformeerdheid en uiteindelik ook die neo-Calvinisme het 'n belangrike stempel op die Suid-Afrikaanse gereformeerde kerke afgedruk.

### KERKGEBEURE ONDER BRITSE BEWIND

Benewens faktore van buite het die aanvanklike homogene Kaapse gereformeerde kerk veral gedurende die 1850's in verskillende vertakkinge uitgegroei. Dit was toe die Nederduitsch Hervormde Kerk in 1853 en kort daarna die Gereformeerde Kerke in 1859 'n eie koers ingeslaan het. Hiernaas was daar die kontroversiële besluit van 1857 rondom die 'zwakheid van sommigen', waarmee die weg na 'n rasgeskeide NG Kerk gebaan is.

Dié era het hierbenewens die omvattende Europese vestiging van die groter Suid-Afrika meegebring. Die trekboere en later die Boere-pioniers met die Groot Trek het dieper in Suid-Afrika in beweeg, waar 'n verskeidenheid van inheemse kultuurgroepe gevestig was. Terselfdertyd het Britse immigrasie en vestiging in die Wes-Kaap en Oos-Kaap algaande verder in die binneland plaasgevind. Dit het op sy beurt 'n groot invloed op die kerk en samelewing in Suid-Afrika gehad en die minder gekompliseerde en meer gelokaliseerde samestelling van die sewentiende en agtiende eeu onherroeplik verander.

Die permanente vestiging van die Britse invloed aan die Kaap in 1806 en die aankoms van die Britse Setlaars in 1820 het ook 'n groot invloed op kerklike vlak gehad. Die sterk outokratiese benadering van die Britse amptenary het skerp reaksie uitgelok. Dit was nie net die Afrikaner met sy ontwakende patriotisme wat probleme daarmee gehad het nie, maar ook inheemse groepe het moeilik daarmee saamgeleef. Britse goewerneurs het in 'n stadium oor alle uitvoerende en wetgewende mag beskik en het selfs die mag gehad om regsuitsprake te negeer. Veral Lord Charles Somerset het hom daaraan skuldig gemaak.

Somerset sal ook onthou word as die 'vader' van die angliseringsbeleid wat uiteindelik in meer as een opsig nie geslaag het nie. Die ingevoerde Skotse predikante het later 'n ingrypende rol in die NG Kerk gespeel. Reaksie teen anglisering het in 1875 tot die stigting van die Genootskap van Regte Afrikaners en die Eerste Taalbeweging aanleiding gegee.

Gedurende hierdie era is die werklikheid van swart volksverhuisings, bekend as die Mfecane of Difaqane, in die binneland van Suid-Afrika beleef. Dit het sy oorsprong in Natal gehad toe Shaka bo ander swart leiers uitgestyg het en die Zoeloe-koninkryk in die teenswoordige KwaZulu-Natal gevestig het. Mededinging om mag, invloed en grondgebied het tot groot spanning en onsekerheid gelei en uiteindelik ook tot 'n migrasieproses oor groot dele van suidelike en sentraal-Afrika. Baie swart groeperinge het voor die Zoeloekrygers uitgevlug, maar het hulle weer teen die Sotho's en Swazi's vasgeloop.

Een van uitvloeisels van die Mfecane was die migrasie van die Matabeles onder Silkaats na die huidige Zimbabwe. In die Oos-Kaap het dit gelei tot die vestiging van die Mfengu's onder die Xhosa, wat op hulle beurt vroeër vanweë die militêr sterker voorgangers van die Zoeloe-nasie suidwaarts beweeg het.

## 'N ERA VAN KONFLIK

Die konflikte gedurende hierdie era was nie net tussen die nasate van die Nederlandse setlaars en die Britse setlaars óf die latere stryd tussen Boer en Brit gedurende die Anglo-Boereoorlog nie – soos genl Christiaan de Wet dit gesien het. Dié tydperk is verder gekenmerk deur die nege Oosgrensoorloë tussen Bantoe, Boer en Brit, in die woorde van prof W MacMillan. In 1879 het die Anglo-Zoeloeoorlog ook die toekomstige Suid-Afrikaanse opset beïnvloed en help bepaal.

Selfs die filantropiese faktor het in die betrokke era wye implikasies gehad. Die verreikende invloed van dr John Philip, sekretaris van die Londense Sendinggenootskap, is hier en in die buiteland gevoel. Sy rol was bepalend vir die lot van baie swartes en bruines. Veral oosgrensboere het dr Philip se filantropiese optrede egter as ongevraagde inmenging en kritiek beskou en vir sommige het dit bygedra tot hulle besluit om die Britse juk af te skud en die trekpad te kies.

Die betrokke tydperk het hierbenewens 'n sentrale rol gespeel ten opsigte van latere samelewings- en sosio-ekonomiese patrone. Deur immigrasie én migrasie in veral die Oos-Kaap tydens die Groot Trek, die Grensoorloë en die Xhosa-selfmoord is 'n etnografiese en demografiese bloudruk daargestel. Stewige fondamente vir apartheid is ook in die 1850's hier deur Britse administrateurs onder leiding van Sir George Grey gelê.

Hierdie era het terselfdertyd 'n belangrike basis gevorm vir 'n breër Suid-Afrikaanse konteks vir kerk én staat. Daar is met die Loedolff-saak begin om weg te beweeg van die Kaapse Kerk se oorheersende invloed van 1652 tot 1862. Ná meer as twee eeue is vir die eerste keer wyer as die Kaapse geografiese grense in ekumeniese verband gedink. Gebeurtenisse soos die Groot Trek, die staatkundige verbreding van die grenslyne en die aanraking met ander kulture het die Suid-Afrikaanse leefwyse en sosiale patrone op sigself onherroeplik verander. Die ontdekking van diamante en goud het dieselfde uitwerking op die toekomstige sosio-ekonomiese dinamika van Suid-Afrika en selfs wyer gehad.

Dit was hierbenewens 'n era waarin 'n indrukwekkende galery van persoonlikhede 'n onmisbare en onmiskenbare rol in die verhaal van die NG Kerk gespeel het. Onder die destydse leiersfigure was dr Abraham Faure (stigter van *De Gereformeerde Kerkbode* en die Kweekskool), Sarel Cilliers ('vader' van die Gelofte), dr Andrew Murray (veelsydige skrywer, sending-pionier en opvoedkundige), 'Vader' Kestell (kulturele en ekonomiese ikoon), president MT Steyn (staatsman, krygsman en Godsman), eerwaarde Japie Lutz (eerbiedwaardige ingenieur) en Abraham Kriel (versiende 'vader' van die Abraham Kriel-kinderhuis.

Uiteindelik het die betrokke era uiteenlopende gevolge op kerk en samelewing in Suid-Afrika gehad. In baie opsigte was dit een van die deurslaggewendste fases in die Suid-Afrikaanse geskiedenis. Dit is in hierdie konteks dat die wye verskeidenheid bakens in die kerkgeskiedenis wat hier belig word, ontstaan en die toekoms help bepaal het.

HOFFIE EN GEORGE HOFMEYR

*Dr Andrew Murray word deur baie kenners as die grootste kerkleier in die afgelope 350 jaar van die NG Kerk se geskiedenis beskou. Hy versinnebeeld by uitstek die tweede era van die NG Kerk met sy bediening wat oor meer as die helfte van dié era gestrek (1849 tot 1906) en baie terreine geraak het. Murray was 'n begaafde en begeesterde kerkleier wat by ses geleenthede moderator van die Kaapse Sinode was. Hy het ook 'n onmisbare bydrae gelewer as versiende onderwysfiguur, piëtistiese sendingondersteuner, praktiese strateeg en formidabele filosoof, asook spiritualis, evangelis, herlewingsgesinde en vriend van die jeug. Murray was hierbenewens onvermoeide organiseerder, kerkstigter in die noorde en internasionaal bekende skrywer met meer as 200 publikasies uit sy pen – waarvan sommige in verskeie tale vertaal is. As deel van 'n groep evangelies-gesinde predikante het hy 'n godvrugtige lewe na die eise van die Woord van God beklemtoon. Murray se standbeeld voor die Groote Kerk, met sy een hand op die Bybel en 'n vermanende vinger, tipeer hom en die NG Kerk se bediening. Dit was die kerk se boodskap om gehoorsaam te leef met die Bybel as rigsnoer in onsekere en dikwels stormagtige tye.* FOTO: J VAN DER POLL



1

# 1804. Die *Provisioneele Kerken-ordre* – kerkorde of staatsorde?

Op 1 Oktober 1801, tydens die Napoleontiese oorloë, het Engeland en Frankryk 'n voorlopige ooreenkoms onderteken vir die teruggawe van Nederland se kolonies wat deur Engeland verower is. Hierdie ooreenkoms het op 28 Maart 1802 finaal beslag gekry met die ondertekening van die vredesverdrag van Amiens.

Ná die finale ontbinding van die VOC in 1798 sou die Bataafse bewind in Nederland die Kaap beset. Op 21 Februarie 1803 is die Nederlandse vlag dus in Kaapstad gehys, met Jacob Abraham Uitenhage de Mist as kommissaris-generaal en Jan Willem Janssens as goewerneur. De Mist moes die destyds reeds uitgestrekte kolonie se ekonomie, handel, onderwys en godsdiens reël en ook aandag gee aan probleme op die Oosgrens.

De Mist was reeds vanaf 1795, met die totstandkoming van die Bataafse Republiek, 'n prominente lid van die Comité voor de coloniën en bezittingen aan de kust van Guinea en Amerika. In Mei 1795 is hy ook tot die Nasionale Vergadering verkies, wat 'n nuwe grondwet vir die Verenigde Nederlande moes opstel ná die ontbinding van die State-Generaal. Die *Dagverhaal der Handelingen van de Nationale Vergadering* het heelwat van sy opvattinge oor die verhouding tussen kerk en staat weerspieël.

## 'N EIETYDSE DOKUMENT

De Mist was 'n voorstander van skeiding tussen die kerk en staat as instellings, met dié voorbehoud dat dit nie soos in Frankryk moes wees waar die staat geen verantwoordelikheid vir godsdiens of sedes aanvaar het nie. De Mist het 'n hoë premie op godsdiens binne die staat geplaas en ook sterk opvattings oor godsdiensgelykheid gehad. Sy siening hieroor het gespruit uit sy standpunte oor die gelykheid van mense, wat volgens De Mist gelykheid voor God en nie gelykheid as 'n natuurlike reg was nie. Hoewel kerk en staat geskei was, moes die owerheid volgens De Mist steeds kerke beskerm. Dit het aspekte soos kerkeiendomme en openbare orde behels, asook maatreëls teen die ondermyning van openbare sedes.

Hierdie sienings van De Mist is vervat in die *Provisioneele Kerken-ordre voor de Bataafsche Volksplanting aan de Kaap de Goede Hoop* wat hy kort na sy aankoms opgestel het. Selfs ná die Tweede Britse Besetting van die Kaap in 1806 sou hierdie belangrike dokument nog dekades lank gebruik word om die verhouding tussen die owerheid en die kerke verder te reël. Hoewel dit as die 'Provisioneele Kerken-ordre' bestempel is, omdat dit aanvanklik deur 'n goedkeuringsproses moes gaan, was dit dus allesbehalwe voorlopig.

De Mist se kerkorde was in wese 'n kerkordonnansie. Dit het bestaan uit 52 artikels met twee hoofdele. Die eerste deel was getiteld 'Algemene Beginselen en Bepalingen' en die tweede hoofdeel 'Houdende Voorschriften omtrend het behoorlyk Bestuur der toegelaaten Kerk-Genoodskappen binnen deze Volksplanting'.

2



## OMVATTENDE BEPALINGS

Die *Provisioneele Kerken-ordre* het kerkgenootskappe wat 'n Hoogste Wese eerbiedig van gelyke beskerming deur die wette van die land verseker. Dit het ook die bevoorregting van een godsdiens verbied en kerkgenootskappe erken wat reeds tydens die Britse Besetting aan die Kaap gevestig was. Nuwe kerkgroepe moes egter eers die nodige toestemming van die owerheid ontvang. Dit het kerklike leerstellings toegelaat, maar kon die uitwerking hiervan op die staat en die individu beoordeel. Daar is verder bepaal dat die owerheid goedkeuring moes verleen om kerke te bou en byeenkomste te hou.

Verskeie raakpunte met die onderwys is ook in die bepalings beskryf. Dit het gegeld vir godsdiensonderrig, verlof tot private en openbare onderwys en die verhouding tussen kerke en openbare onderwys. Aspekte soos sendingwerk, die onderhoud van behoeftiges en aanwending van armefondse, en die bestuur van kerkgenootskappe is verder aangeraak.

Die kerkorde het hierbenewens bepalings gehad oor die beroeping, verplasing en vergoeding van predikante. Kerkraadslede in nuwe gemeentes moes deur 'n landdros aangestel en deur die goewerneur goedgekeur word. Daar is voorts vereis dat lidmate in verafgeleë gebiede minstens vier maal per jaar besoek moes word vir geestelike versorging en om hulle te vermaan om die landswette na te kom. Selfs hulle kerklike bydraes is geformaliseer. Daar is ook bepaal dat kerkrade jaarliks finansiële state aan die landdroste moes voorlê en dat kerklike administrasie oorhoofs die goewerneur se verantwoordelikheid was. Allerlei reëlings ten opsigte van vergoeding of pensioene van predikante en hulle weduwees is verder in die bepalings vervat.

'n Algemene kerkvergadering is hierbenewens in die vooruitsig gestel, met voorsiening dat daar telkens twee politieke kommissarisse by sodanige vergaderings (sinodes) aanwesig moes wees. Hiermee is die weg gebaan vir sinodesittings, wat egter eers 20 jaar later, in 1824, werklikheid geword het.


Ten slotte is bepaal dat bestaande gebruike en reëlings wat strydig met die kerkorde was, is '... ingetrokken, vernietigd, en gesteld buiten effect'.

## BETEKENIS

De Mist se *Provisioneele Kerken-ordre voor de Bataafsche Volksplanting aan de Kaap de Goede Hoop* is in 1843 deur die Britse owerheid herroep, hoewel dit intussen sonder meer aanvaar is as geldend vir kerke.

Hoewel De Mist se kerkorde bepaalde voordele ingehou het, soos die algemene kerkvergadering, 'n vaste traktement en pensioene vir leraars en hulle weduwees, het dit tot spanning tussen kerke en die owerheid gelei. Die aanwesigheid van die sogenaamde kommissarisse-politiek in kerkvergaderings en die seggenskap van die owerhede oor die kerk was 'n las vir die kerke. Van die skeiding van die kerk en staat het daar min tereggekom. In werklikheid was die Kaapse Kerk deur die *Provisioneele Kerken-ordre* aan die owerheid verkneg.

PIETER COERTZEN



4

1. *Profieltekening van Jacob Abraham Uitenhage de Mist (1749-1823), kommissaris-generaal van die Bataafse Republiek (1803-1806). Benewens sy kerkorde en skoolorde, was hy ook vir 'n huweliksorde verantwoordelik. Hierna was dit nie meer nodig vir voornemende paartjies om in die Kaap te gaan trou nie.* KAAPSTAD ARGIEFBEWAARPLEK
2. *Die neo-Klassieke NG kerk op Uitenhage wat op 27 Augustus 1843 ingewy is.*
3. *'n Toneel by Piekenierskloof tydens De Mist en sy geselskap se uitgebreide binnelandse inspeksiereis (1803) van 167 dae met vyf waens, 60 osse en 25 ryperde.* KAAPSTAD ARGIEFBEWAARPLEK
4. *Met die stigting in 1804 van 'n nuwe landdrossetel, is dit ter ere van De Mist Uitenhage genoem. Hy het ook goedkeuring verleen vir die gebruik van sy familiewapen. In navolging hiervan het De Mist in Julie 1804 die Van Riebeeck-familiewapen, hier afgebeeld, aan die stadsvaders van Kaapstad oorhandig.*

3





1

# 1814. Anglisering en die Skotse predikante

Die kerk in Suid-Afrika en veral die NG Kerk is in die eerste anderhalfeeu van sy bestaan sterk beïnvloed deur die Nederlandse gereformeerde wêreld, en in mindere mate deur die Lutheranisme en die Morawiese tradisie uit Sentraal- en Oos-Europa. Ná die Britse Besetting van die Kaap in 1806 het Engelse en Skotse invloede op die kerk al sterker na vore getree. Ook die NG Kerk sou nie daardeur onaangeraak bly nie.

### VERENGELSING TOT IN DIE KERK

Die eerste omvangryke proses van die verengelsing van die Kaap het teen 1812 onder die leiding van lord Charles Somerset begin. Dit het 'n verskeidenheid vorme aangeneem. Al meer moes amptenare 'n behoorlike vaardigheid in Engels as gebruikstaal hê en op dié manier het die staatsdiens geleidelik verengels. Die tragiese Slagtersnek-gebeure, toe 'n aantal boere in konflik met die Britse owerheid omgekom het, het baie van die Kaapse burgers nog meer van die Britse owerheid vervreem.

Met die aankoms van die Britse Setlaars teen 1820 het die verengelsingsproses verdere momentum gekry. Dit sou veral die staatsdiens, regspraak en onderwys wees wat sterk verengels het. Na 1822 het Engels die amptelike taal geword.

Godsdiens is ook gebruik om die proses van verengelsing verder te voer. In die destydse wyduitgestrekte kolonie wat die Britte oorgeneem het, was daar slegs 'n negetal gemeentes, waarvan ses binne 'n radius van 120 km van Kaapstad geleë was. Die stigting van nuwe gemeentes, veral in die verafgeleë distrikte, was 'n dringende noodsaaklikheid. Die plaaslike tekort aan predikante was egter 'n beperkende faktor. Hierdie tekort sou relatief maklik uit Nederland aangevul kon word, maar die Britse owerheid het verkies om predikante van die Skotse Presbiteriaanse Kerk, wat groot ooreenkomste met die Calvinistiese NG Kerk vertoon het, na Suid-Afrika te bring.

Daar was dus vroeg in die negentiende eeu sterk Skotse invloede in die NG Kerk wat tot vandag toe bespeur kan word. In sommige kringe is egter gevoel dat die Skotse predikante onder die invloed van die Wesleyaanse denke gestaan het, en gevolglik van die Calvinisme verwyderd geraak het en 'n moralistiese vorm van Metodisme in hulle teologiese beskouinge gehad het.

### DIEP SPORE

Verskeie Skotse predikante het diep spore op die NG Kerk se geskiedenis gelaat. Van die belangrikste name is dié van di Evans, Taylor en Thom, wat die voorlopers was. Ander Skotte wat na Suid-Afrika gekom het, ná 'n tydelike verblyf in Nederland om die taal aan te leer, was di Andrew Murray sr, Henry Sutherland, Colin Fraser en George Morgan. Teen 1837 het Skotse predikante reeds die helfte van die Kaapse Sinode uitgemaak.

Waarskynlik die belangrikste invloed het van die Murray-familie gekom, wat in die twintigerjare van die negen-



2




3



4



5



6

1. *Hierdie neo-Klassieke kerk, die Presbiteriaanse Moederkerk in Suid-Afrika, se hoeksteen is op 9 November 1827 gelê ná 'n nagmaal in die Groote Kerk. Verskeie NG gemeentes het tot die boukoste van die St Andrewskerk bygedra wat op 24 Maart 1829 ingewy is.* KAAPSTAD ARGIEFBEWAARPLEK
2. *Mev Maria Susanna Murray (1809-1889), was die eggenote van ds Andrew Murray sr, een van die oorspronklike Skotse predikante. Van hulle elf kinders (op die foto) het vyf van die ses seuns NG predikante geword en vier van die vyf dogters is met predikante getroud.* KAAPSTAD ARGIEFBEWAARPLEK
3. *Lord Charles Somerset (1767-1831), outokratiese Kaapse goewerneur van 1814 tot 1826. Hy was bekend vir sy angliseringsbeleid ten opsigte van kerk, staat, taal en onderwys.* KAAPSTAD ARGIEFBEWAARPLEK
4. *Ds Colin Fraser (1796-1870), een van die oorspronklike Skotse predikante. Fraserburg is na hom genoem.*
5. *Dr George Thom (1788-1842) het in opdrag van goewerneur Somerset predikante in Skotland vir die Kaapse Kerk gewerf.*
6. *Ds Henry Sutherland (1791-1879) na wie Sutherland genoem is, was NG predikant van Worcester van 1824 tot 1860.*

tiende eeu in Suid-Afrika aangekom het. Dit was uit hierdie familie dat een van die eerste professore aan die Teologiese Kweekskool te Stellenbosch, naamlik John Murray, maar ook die baie bekende predikant, kerkleier en skrywer, dr Andrew Murray, gekom het. Laasgenoemde se invloed was besonder groot. Hy was egter veral in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika en ook die Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika onder verdenking vanweë die feit dat hy in sekere sin vaandeldraer van veral Metodistiese invloede was.

Benewens Skotse Presbiteriaanse invloede sou ook Metodistiese invloede in die NG Kerk voortleef, in die negentiende en minder regstreeks in die twintigste eeu. Dit was juis hierdie invloede wat op die reeds bestaande invloede van die Nederlandse Nadere Reformasie (gereformeerde piëtisme) uit die sewentiende en agtiende eeu voortgebou het, om uiteindelik 'n baie spesifieke evangeliese stroming in die NG Kerk daar te stel. Hierdie evangeliese stroming het baie verskillende kante gehad: aan die een kant is gesê dat die NG Kerk daardeur in 'n ongesonde vroomheidstroming beland het. Aan die ander kant het hierdie stroming 'n bepaalde teologiese benadering, die sogenaamde 'common sense realism', na vore gebring en die voedingsbron gevorm waaruit 'n hele aantal prominente teoloë en kerkleiers van die twintigste eeu na vore getree het. Onder hulle is bekende name soos Johannes du Plessis, Ben Marais, Bennie Keet, David Bosch, Beyers Naude en Willie Jonker.

Of die verengelsingsbeleid in die NG Kerk geslaag het, is te betwyfel. Engelse eredienste is wel gedurende die negentiende eeu, veral in gemeentes van die Kaapse Kerk, gehou. Die Skotse predikante het egter meestal Hollands aangeleer en baie is met Afrikaanse meisies getroud. In werklikheid het die beleid van anglisering grootliks geboemerang. Die positiewe invloed van die Skotse predikante het neerslag gevind in dorpsname soos Robertson, Mcgregor, Sutherland, Fraserburg en Murraysburg.

Die Skotse invloed op die teologiese inslag van die NG Kerk was ongetwyfeld ingrypend. In die huidige worsteling in die NG Kerk rondom vernuwingstendense en charismatisering, en die nadenke oor die kerk se identiteit, sal die Skots-evangeliese invloede nie buite rekening gelaat kan word nie.

HOFFIE HOFMEYR



1

# 1815. Het Weeshuis – die eerste kinderhuis

Op 26 September 1815 is die land se eerste kinderhuis, die Suid-Afrikaanse Weeshuis, in Kaapstad deur ds JP Serrurier van die Gemeente Kaapstad ingewy. Die geleentheid is hoofsaaklik deur kerkraadslede van dié gemeente en van die Evangelies-Lutherse Kerk bygewoon.

Die gedagte aan 'n kinderhuis het by Margaretha Anna Möller (gebore Heyning) ontstaan. As jong kinderlose weduwee is sy sterk beïnvloed deur ds HR van Lier, wat van 1786 tot 1793 predikant van die Gemeente Kaapstad was. In 1799 het sy in 'n brief aan sir George Yonge, destydse goewerneur, aangebied om geld te skenk vir 'n inrigting vir bejaarde dames. Yonge het verlof gegee en ook 'n eiendom aan die bopunt van Langstraat vir 'Een Weduwee en Oude Vrouwen Woning' geskenk.

Die fondament van die gebou is gelê, maar die bouwerk het nie gevorder nie. Mev Möller het intussen besef dat daar 'n groter behoefte aan 'n kinderhuis as 'n tehuis vir bejaardes was. In 1807 het sy dus van die goewerneur, graaf Caledon, toestemming gevra om liewer 'n tehuis vir haweelose kinders op te rig. Hy het goedkeuring verleen en selfs 5 000 riksdaalders bygedra. In 1814 het Somerset nog 8 000 riksdaalders rentevry uit die Weeskamer se fondse voorgeskiet.

Die huis is waarskynlik deur die bekende Franse argitek, Louis Michel Thibault, ontwerp. Slegs maande voor die inwyding daarvan in September 1815 is mev Möller op 6 Januarie 1815 oorlede. Sy het die tehuis ook in haar testament ruim begunstig.

VLYTIGE EN NUTTIGE LEDE VAN DIE GEMEENSKAP

Die doel van die inrigting is duidelik geformuleer: '... to take charge of fatherless and motherless children of both sexes without any exception, they being left by parents who have possessed the Protestant Religion; to provide them with food and clothes, enable them to enjoy a moral and Christian Education and finally to make them industrious and useful members of civil Society.' Slegs ouerlose kinders uit wettige huwelike is aanvaar. Die direksie sou uit drie lede van die Gemeente Kaapstad en drie lede van die Lutherse Kerk in Strandstraat bestaan. Die beheerraad bestaan nog steeds uit verteenwoordiges van die twee kerkrade.


Die kinders het skoolonderrig van die huisvader ontvang. Godsdiensonderrig is benadruk. Die meisies het onder meer naaldwerk geleer. Die seuns kon hulle aanvanklik as skrynwerkers, kuipers, grofsmede, skoenmakers en kleremakers bekwaam. Die meisies kon ook van agtien jaar af tydelik by gesinne geplaas word om huishoudelike take te vervul. Daar was egter 'n opvatting dat die meisies as huishoudsters of bediendes gebruik kon word en hulle is dikwels swak behandel.

Streng strawwe het gegeld en lyfstraf is algemeen toegepas. 'n Pakkamer het as 'tronk' gedien en kinders is periodiek daar in afsondering opgesluit met slegs water en brood. Hulle is selfs met 'n blok en ketting aan een been opgesluit. Hierdie straf is net in die ernstigste gevalle toegepas. Van 1836 is strafmaatreëls versag en het vermaning 'n groter rol begin speel. Artse het ook na die kinders se

1. *Die Suid-Afrikaanse Weeshuis in Langstraat, Kaapstad. Dit is waarskynlik deur die argitek Louis Thibault ontwerp en was die voorloper van die Suid-Afrikaanse Kinderhuis.* KAAPSTAD ARGIEFBEWAARPLEK
2. *Die voorstoep van Het Weeshuis teen die einde van die negentiende eeu.* KAAPSTAD ARGIEFBEWAARPLEK
3. *Die Abraham Kriel-kinderhuis, Johannesburg, ca 1910. Dit was aanvanklik as die Langlaagte-weeshuis bekend, maar is sedertdien na ds AP Kriel (1850–1928) genoem. Hy het hom ná die Anglo-Boereoorlog beywer om die lot van duisende oorlogwesies te verlig.*
4. *Margaretha Anna Möller, gebore Heyning (1743-1815). Sy was 'n welgestelde weduwee wat die visie gehad het om Het Weeshuis en 'n 'Fonds der Weduwee en oude Vrouwen' te stig. Haar reusebydrae van £14 000 voorsien vandag nog onregstreeks in die behoeftes van kinders en bejaardes.* SUID-AFRIKAANSE KINDERHUIS, KAAPSTAD
5. *Mev Maria Kloppers (1868-1951), nog 'n baanbreker op die gebied van kinderhuise. Die Maria Kloppers-kinderhawe in Johannesburg is na haar genoem.* NG KERKARGIEF, PRETORIA



2



3





4·5

gesondheid omgesien. Dr Abercrombie het hulle jare lank gratis behandel. Die Afrikaanse digter C Louis Leipoldt, destyds mediese inspekteur van skole, was in 1919 die kinders se huisdokter.

Die verhaal van die kinderhuis is 'n algemeen-menslike een. Die grootste probleem was om geskikte huisouers te vind. Vir die eerste 35 jaar het huisouers vir kort termyne gedien. Die huisouer-probleme is in 1850 op die spits gedryf toe dit geblyk het dat die huisvader vir een van die meisies se swangerskap verantwoordelik was.

Van 1850 het die direksie beter aansoeke vir huisouers ontvang en kon geskikter persone aangestel word. Die kinders se omstandighede het toe aansienlik verbeter. Ene mej Jamiesson het in 1867 geld vir die aankoop van 'n speelterrein aan die direksie geskenk. Kinders is ook gereeld op uitstappies geneem.

Die weeshuisgebou het ook 'n betekenisvolle funksie op ander gebiede vervul. Die destydse South African College (later Universiteit van Kaapstad) het van Oktober 1829 tot Januarie 1841 klasse daar aangebied. Die Suid-Afrikaanse Museum het ook van 1838 tot 1855 hulle versamelings in die gebou gehuisves.

Die historikus GM Theal het van die kinderhuis gesê: 'Several of those reared and educated within its walls have attained positions of eminence in the colony.' Hy het egter nie name genoem nie. Albertus Appel het ook reeds in 1842 met dankbaarheid teruggekyk op sy kinderjare in die Weeshuis: 'Daar het niet meer dan myn pligt is om uw zeer geagte Heeren Dankbaar te blyven voor uwe Milde goedheid aan mij beweezen te hebben, van mij hier in het Weeshuis gezet te hebben, alwaar alle mogelijke zorgen voor myne opvoeding genomen is geworden ...'


### VERHUISING

In 1923 is die weeshuisgebou verkoop. 'n Huis wat aan CF Spilhaus behoort het en as Arthur Seat bekend was, is in Kotzestraat in Tuine gekoop. Dit is in 1970 gesloop om vir die huidige Kinderhuis plek te maak. Daar is vergeefs geprobeer om die oorspronklike weeshuisgebou as argitektoniese sieraad te bewaar en dit is in 1981 gesloop. Slegs Orphan Street en Orphan Lane aan die bopunt van Langstraat herinner ons vandag dat daar eens 'n weeshuis was. Hoër op herinner Jamiessonstraat verbygangers aan 'n speelterrein waar weeskinders eens kon speel.

Die visie, godsdiensywer en onbaatsugtigheid van mev Margaretha Möller het uiteindelik 'n monument en baken van die NG Kerk se bydrae op maatskaplike terrein geword. Benewens die pioniersrol wat dit in die geskiedenis van die Universiteit van Kaapstad en die oudste museum in Suid-Afrika gespeel het, was dit 'n voorloper van soortgelyke instellings soos die bekende Abraham Kriel-kinderhuis.

Die Suid-Afrikaanse Kinderhuis in Kaapstad bied vandag nog steeds 'n heenkome vir sorgbehoewende kinders uit alle gemeenskappe.

CORNELIA DE KOCK



1

# 1818. Bijbelvereeniging en Bijbelgenootschap

Die Hollandssprekendes aan die Kaap het twee rigsnoere vir hulle gereformeerde geloof en lewe gehad. Dit was die Statenbijbel – voorsien van kanttekeninge en met die berymde psalms en gesange, die belydenisskrifte, die kategismus en liturgiese formuliere meermale in een band – en die bekende preekbundels. Dié skaars en duur publikasies, wat by 'negotianten' gekoop is, is as kleinode op die gevaarlike en moeisame trekpad tot by die verste voorposte saamgeneem.


### 'N GROOT VRAAG NA BYBELS

Teen die einde van die agtiende en die begin van die negentiende eeu het daar in Brittanje en in Europa genootskappe tot stand gekom met die doel om die Bybel te versprei. Die Nederlandse Bybelgenootskap, wat in 1814 opgerig is, sou weliswaar deur die Hollandssprekendes aan die Kaap as die voorkeur-leweransier gesien kon word. Nietemin het die British and Foreign Bible Society (BFBS), wat met sy wêreldomvattende visie op 7 Maart 1804 gestig is, reeds van 1806 verskeie besendings Bybels na die Kaap gestuur. In die lig hiervan het die destydse goewerneur en ds Christiaan Fleck van die gemeente Kaapstad omstreeks 1812 met die BFBS gekorrespondeer. Soòs elders, was die strewe aan die Kaap om 'n soortgelyke organisasie op eie bodem te hê. Gevolglik is die Zuid-Afrikaansche Bijbelvereeniging (ZABV) op 19 Mei 1818 onder leiding van ds Fleck in Kaapstad gestig.

Ten einde die beskikbaarheid van Bybels verder te bevorder – ook met die oog op die toenemende getal Engelssprekendes – het 'n hulpvereniging van die BFBS op 23 Augustus 1820 aan die Kaap tot stand gekom.

Ondanks aansienlike aflewerings wat gereeld uit Nederland en Engeland aangekom het, was die vraag na Bybels plaaslik só oorweldigend dat die twee organisasies saam nie genoegsaam daarin kon voorsien nie.

Terwyl die ZABV gedurende die eerste drie dekades




2

van sy bestaan van krag tot krag gegaan het, het die aktiwiteite van die Hulpgenootskap van die BFBS so te sê tot stilstand gekom. Die onvermoeide ywer van TJ Bourne het gelukkig daartoe gelei dat Het Zuid-Afrikaansch Hulp Bijbelgenootschap (BG) op 29 Julie 1846 heropgerig is.

Nieteenstaande moeilike omstandighede het die Bybelgenootskap van Suid-Afrika (BSA) gedy. Danksy meer aggressiewe werwing, asook ruimer ondersteuning wat toenemend van die NG Kerk afkomstig was, het die Genootskap teen die einde van die negentiende eeu reeds sowat 600 000 Bybels in Suider-Afrika versprei!

UITGEWERY EN BYBELGENOOTSKAP

By die ZABV het die klem gaandeweg verskuif na die verspreiding van psalm- en gesangboeke, liturgiese materiaal en ander Christelike leesstof onder kerklidmate. Van die nagenoeg negehonderd titels wat deur die Nederlandse Tractaatgenootskap tot aan die einde van die negentiende eeu gepubliseer is, is derduisende eksemplare van elkeen deur die ZABV se afdelings versprei.

Die noue verbintenis wat daar vanaf die stigting van die ZABV in 1818 met die NG Kerk gehandhaaf is, het 85 jaar later daartoe gelei dat dit op 27 November 1903 deur die sinode van dié kerk as 'n kerklike werksaamheid oorgeneem is. 'n Gedenkwaardige mylpaal is bereik toe die Afrikaanse Psalm- en Gesangeboek van die ZABV op 29 Oktober 1944 amptelik in gebruik geneem is. Dit was bowendien vanpas dat die naam van die Bijbelvereeniging in 1950 verander is na NG Kerk-Uitgewers (NGKU), soos dit met kleiner wysigings vandag nog bekend staan. Hoofsaaklik vanweë statutêre oorwegings het NGKU as 'n sinodale werksaamheid op 27 September 1974 oorgegaan in 'n ingelyfde vereniging sonder winsoogmerk. Vandag staan Lux Verbi.BM onder bestuur van Naspers, met 'n aandeel van 50%, terwyl die gereformeerde belydenis steeds gehandhaaf word.


'n Luisterryke mylpaal is op 22 Oktober 1978 gevier toe die hersiene Psalm- en Gesangebundel in gebruik geneem is. Die grootste oplaag – 'n wêreldrekord van meer as 'n miljoen eksemplare – van enige boek wat nog in Suid-Afrika gedruk en gebind is, was binne 'n maand uitverkoop. Sedertdien is dit tien keer herdruk. Op 28 Oktober 2001 is dit as amptelike sangbundel van die Afrikaanse kerke vervang deur die *Liedboek van die Kerk*.

Deurgaans het die BSA, onafhanklik van enige kerk, toegewyd gekonsentreer op die korrekte weergawe van die Bybelteks in die verskeidenheid tale van Suider-Afrika. Hiertoe sou die NG Kerk nie slegs materieel mildelik bydra nie, maar sou veral deur die sleutel-insette van sy Ou- en Nuwe-Testamentici en ander kundiges deurslaggewend daaraan meedoen.

'n Tydige fakkel is op 28 Desember 1933 deur die BSA aangesteek toe die Afrikaanssprekendes in die donker dae van die Groot Depressie die Bybel in hulle eie taal kon lees. Vyftig jaar later publiseer die BSA op 2 Desember 1983 *Die Bybel: Nuwe Vertaling.* Intussen en sedertdien het die een mylpaal na die ander gevolg, met die Bybel vandag in al die tale van Suid-Afrika, behalwe Suid-Ndebele, beskikbaar, ook in braille en op oudiokasset.

In die beginjare is dit as uiters wenslik beskou dat die Bijbelvereeniging en die Bijbelgenootskap saamsmelt. Terugskouend was dit waarskynlik tot groter seën vir kerk en koninkryk dat die twee organisasies afsonderlik bly funksioneer het. Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika het wetenskaplik bly waak oor die vertalings van die Bybel se grondteks, en hiernaas dra die NGKU die Bybel se boodskap in die gereformeerde tradisie deur middel van die gedrukte media uit. Organisatories afsonderlik, organies een, bly hulle 'n vuurtoring vir die gedrukte Evangelie.

WILLEM VAN ZIJL



3·4·5

1. *Die oorhandiging van 'n Bybel deur Britse setlaars aan Jacobus Uys in 1836 by Grahamstad. Uys was hierna as 'Koos Bybel' bekend.* VOORTREKKERMONUMENT. FOTO: STEPHEN KEET
2. *Titelblad van ou Statenbijbel ca 1750. Die Statevertaling deur die Nederlandse State-Generaal is gebruik tot met die eerste Afrikaanse Bybelvertaling in 1933. Dié Bybel se invloed blyk uit Afrikaanse plekname, persoonsname en uitdrukkings.* GROOTE KERK-VERSAMELING. FOTO: J VAN DER POLL
3. *Ds G Morgan (1798-1880) was vanaf 1846 medesekretaris van die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap se Suid-Afrikaanse Hulpvereniging. Dit is in 1820 gestig en in 1846 heropgerig.*
4. *Ds C Fleck (1756-1820), medestigter van die Bybelvereniging en voorsitter van 1818 tot 1820.* GROOTE KERK-VERSAMELING
5. *Dr JJ Kotze (1835-1899), voorsitter van die Bybelvereniging van 1880 tot met sy dood.* GROOTE KERK-VERSAMELING
6. *Eerstedagkoevert van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika, 1987.* SA FILATELIEDIENS
7. *Die silwerplaatjie op die sogenaamde Cruywagen Statebybel in die Groote Kerk lui: 'Ter gedagtenisse gegeven door den Heer IMC Cruywagen Burger Ritmeester en Regeerend Ouderling en desselfs Huisvrouw Juffrouw G A Heyning' (ca 1750).* GROOTE KERK-VERSAMELING. FOTO: J VAN DER POLL
8. *Van die ou Statebybels het leeromslae met koperknippe gehad vir beskerming, veral as die Woord op die trekpad moes gaan.* GROOTE KERK-VERSAMELING. FOTO: J VAN DER POLL



6



7



8



1

# 1820. Die Oos-Kaap: Suid-Afrikaanse smeltkroes

Die Oos-Kaap kan in baie opsigte as die smeltkroes van die huidige Suid-Afrikaanse samelewing bestempel word. In die storm-en-drang-jare van ons geskiedenis het hier ingrypende kultuuraanpassings, vestigingspatrone én wrywing ontstaan. Dit het ook tot die vestiging van die Christelike geloof onder die Xhosa gelei.

## OORLOG EN VREDE, IMMIGRASIE EN MIGRASIE

Die Oos-Kaap was in die agtiende eeu reeds 'n betwiste gebied waar die nomadiese San en Koikoi grootliks voor die Xhosa uitgewyk het. Vanaf 1779 tot 1878 was hier nege Grensoorloë wat letterlik Suid-Afrika se Honderdjarige Oorlog geword het. Die Grensoorloë was aanvanklik hoofsaaklik 'n magstryd oor grondbesit tussen die noordooswaarts bewegende trekboere en die suidwaartse migrasie van Xhosa-stamme.

Met die aankoms en vestiging van sowat 4 000 Britse setlaars in die Oos-Kaap in 1820, het hulle dus hoofsaaklik met die Xhosa in aanraking gekom. Die permanente vestiging van die Engelse invloedsfeer in die Oos-Kaap het vanaf die Sesde Grensoorlog in 1835 meegebring dat dit hierna feitlik uitsluitlik 'n magstryd tussen die Britse 'rooibaadjies' en die Xhosa-krygers was.

Die Oos-Kaap se demografiese patroon en kulturele dinamika is vanaf 1836 ingrypend deur die Groot Trek verander. Die meeste van die sowat 10 000 Voortrekkers was van hierdie gebied afkomstig. Hulle vertrek het die Engelse invloed verder versterk. Ná die Agste Grensoorlog (1850-1853) het sir George Grey met 'n beleid in die Oos-Kaap begin om die Xhosa tot 'die beskawing en die Christendom' te oortuig. Grey se ampstermyn van 1854 tot 1861 is gekenmerk deur drastiese hervormings ten opsigte van veral stamgebruike, die regstelsel en die onderwysstelsel, asook gesondheidsdienste en openbare werke.

Grey se hervormings, wat indirek die tradisionele Xhosa-leefwyse bedreig het, was 'n belangrike faktor in die aanloop tot die sogenaamde Xhosa-selfmoord, wat van 1856 tot vroeg in 1858 geduur het. Dié groot veeslagting is grotendeels meegebring deur voorspellings van 'n 'toordokter', Umhlakaze, en twee profetesse dat al die blankes op 'n gegewe dag in die see gedryf sou word as die Xhosa hulle gesaaides en vee vernietig. Toe die voorspelling nie vervul word nie, het minstens 50 000 Xhosas uiteindelik aan hongersnood omgekom.

Duisende Xhosas het gevolglik na die Wes-Kaap gestroom op soek na werk. Dit was in wese die begin van die migrasie na die stede. Die passtelsel is ook aangepas en voornemende Xhosa-werkers moes eers vir werk registreer.

Die latere Suid-Afrikaanse rassebeleid het dus in verskeie opsigte reeds in die Oos-Kaap sy beslag gekry. Aspekte soos die trekarbeidstelsel, passtelsel en arbeidsburo's was ná 1948 ook kenmerkend van die apartheidsbeleid. Die mite dat die Afrikaner uitsluitlik vir die kollektiewe skuld van apartheid verantwoordelik is, hou dus nie rekening met die invloed van die Britse koloniale beleid nie.

'n Ander hoeksteen van Grey se Oos-Kaapse beleid was Europese immigrasie. Die grootste van dié immigrasieskemas was die vestiging tussen die Xhosa-bevolking van 2 362 soldate en 556 vroue en kinders van die Brits-Duitse Legioen in 1857. 'n Verdere 2 145 Duitse landbou-setlaars het ook in 1858 en 1859 na die Oos-Kaap geïmmigreer.

Die vestiging van die Engelse invloed in die Setlaarswêreld het gelei tot omvangryke sendingaktiwiteite deur sendinggenootskappe soos dié van die Wesleyane, Presbiteriane en die London Missionary Society.

## DIE NG SENDING: STIGTING EN STUKRAG

Vanweë al hierdie faktore is dit dus begryplik dat die NG Kerk se werk onder die Xhosa aanvanklik beperk was. Die eerste georganiseerde NG sendingaksie in die Oos-Kaap was

afkomstig van die NG Gemeente Cradock in 1843. In Burgersdorp het ds John Murray in 1847 ook met sendingwerk begin. Eerw John Bennie het vanaf 1855 in Middelburg (Kaap) en ds SP Helm van die gemeente Umtata sedert 1900 ook onder die Xhosa gewerk.

Die amptelike aanvang van sendingwerk deur die NG Kerk in die Transkei was egter eers in 1929, met die stigting van die Rietvlei-sendingstasie onder die Griekwas in die Kokstad-omgewing. Hierna is sendingposte by Isilimela naby Port St Johns (1932), Cala (1935) en Decoligny naby Umtata (1941) gestig. 'n Sendingontwaking sedert 1956 het tot die stigting van vyf nuwe sendingstasies in die Transkei en twee in die Ciskei gelei. Op agt Transkeise dorpies is ook sendelinge geplaas.

Die Oos-Kaapse sendingbenadering van die NG Kerk was omvattend. Die belangrikste aspekte hiervan was 'n gereelde gebedsbrief en evangelisasiewerk by wyse van individuele besoeke, veldtogte en ondersteuning aan gevangenes. Dit was benewens die oprigting van primêre, sekondêre en opleidingskole met 'n Christelike inslag en leesklasse vir ongeletterde volwassenes. Geneeshere en verpleegsters het in 60 algemene en teringhospitale bystand verleen en gehelp met die oprigting van klinieke en die opleiding van swart verpleegsters. Die voorsiening van Christelike literatuur deur middel van boekwinkels en hulp met die hersiening van die ou Xhosa-Bybelvertaling het voorts aandag gekry.

Die groot sendingbakens van die NG Kerk in die Oos-Kaap is die totstandkoming van die Efata Skool vir Blindes en Dowes in 1958, die Efata welsynsvereniging vir nasorgwerk in 1966, Khayalethemba-kinderhuis vir sorgbehoewende kinders in Mdantsane in 1968 en 'n fabriek in die hervestigingsdorp Dimbaza. 'n Evangelisteskool is in 1941 by Decoligny geopen, wat in 1958 'n teologiese skool geword het, waar ook Christelike maatskaplike werksters vir 'n deel van hulle kursus opgelei word.


### VAN TEENSTAAN TOT SAAMSTAAN

Die NG Kerk het aanvanklik teenstand van sommige ander denominasies ondervind. Die Wesleyaanse Kerk het in 'n stadium aangedring op die streng toepassing van 'n bepaling dat die standplase van kerke van verskillende denominasies agt kilometer van mekaar moes wees. Dit het meegebring dat 'n konstabel letterlik oor heuwels en deur dale met 'n ketting 'n 'wettige' standplaas vir 'n nuwe NG kerk moes bepaal.

Die gesindheid teenoor die NG Kerk het later sodanig verbeter dat 'n Anglikaanse priester teenoor 'n kollega tydens die inwyding van die Efata Skool vir Blindes en Dowes opgemerk het: 'People may say of the DRC what they like, but she's got the deeds.' Daar was ook gesamentlike sendingkonferensies en sendingstudiegroepe. Van die sendelinge is by verskeie geleenthede versoek om dienste in kerke van ander denominasies waar te neem – selfs in die Anglikaanse katedraal in Umtata.

Dit is 'n versugting dat die NG Kerk en die Verenigende Gereformeerde Kerk spoedig as één kerk die uitdaging van die nog onvoltooide Oos-Kaapse sendingtaak saam met ander kerke sal aanvaar.

JANNIE DU PREEZ EN GEORGE HOFMEYR



2



3


1. *Aankoms van die Britse Setlaars in 1820 in Algoabaai, waar Port Elizabeth later ontstaan het.* THOMAS BAINES: FEHR-VERSAMELING
2. *Sir George Grey (1812-1898), Kaapse goewerneur en hoë kommissaris, 1854-1861.* KAAPSTAD ARGIEFBEWAARPLEK
3. *Ds JH Hofmeyr (1835-1908), Oos-Kaapse kerkleier en verskeie kere moderator. Hy en sy seun was gesamentlik 73 jaar onafgebroke in die bediening op Somerset-Oos.* NG KERKARGIEF, KAAPSTAD
4. *Geslagsregister van BJ van Rensburg, met 'n afbeelding van die NG kerk op Cradock (1868) daarop. Die gebou is 'n vereenvoudigde weergawe van St Martins in the Field, Londen.* NASIONALE KULTUURHISTORIESE MUSEUM
5. *Silwertroffel met inskripsie wat gebruik is by die hoeksteenlegging van Cradock se NG kerk, 15 Junie 1864.* KAAPSTAD ARGIEFBEWAARPLEK
6. *'n Gehoorgestremde leerling van die Efata Skool vir Blindes en Dowes wat geleer word om te liplees en klank waar te neem.*






4·5

6





1

# 1824. Die eerste sinode vestig 'n kerkverband

'En zoo staan wij dan nu op dit aandoenlijk en plechtstatig ogenblik voor het oog van Jezus Christus, den Gezalfden des Vaders, ons gezegend Hoofd en Heer ... Welaan! laat ons eene vergadering houden ...'

Met hierdie woorde het die eerste moderator, ds Jan Christoffel Berrangé, op 2 November 1824 die eerste sinode van die Kaapse Kerk geopen.

Dit was inderdaad 'n langverwagte en 'aandoenlijk en plechtstatig' oomblik. Die Kaapse gemeentes het voorheen geen kerkverband gehad nie, hoewel hulle sedert die VOC-tydperk aan die Klassis van Amsterdam verbind was. Daar was wel ook 'n Gecombineerde Vergaedering van 1746 totdat die Politieke Raad dit in 1759 beëindig het. Tydens die tweede Britse besetting van die Kaap, na 1806, het die gemeentes dus los van mekaar gefunksioneer.

### AANLOOP TOT DIE EERSTE SINODE

De Mist se kerkorde van 1804 het bepaal dat die eerste sinode reeds in November 1805 moes plaasvind. Die Britse oorname het dié plan verydel en die gemeentes moes twee dekades wag voordat hulle in 'n amptelike vergadering byeen kon kom.

Die jongste predikant van die 'hoofdplaats' in Kaapstad, ds Abraham Faure, het die inisiatief ten opsigte van die eerste sinode geneem. Hy het sy kollegas in Kaapstad, Stellenbosch en Graaff-Reinet oortuig om ooreenkomstig artikel 46 van De Mist se kerkorde die owerheid se goedkeuring te kry vir die byeenroep van 'n sinode.

Verskeie faktore het so 'n vergadering dringend noodsaaklik gemaak, soos die toesig oor predikante en die kwessie van eredienste. Die gebrek aan 'n kerkverband tussen gemeentes met dieselfde belydenis was immers vreemd aan die gereformeerde geloof. Op 5 Julie 1824 het die Kerkraad van Kaapstad dus die leiding geneem en die ander gemeentes opgeroep vir die eerste sinode.

### 'N LUISTERRYKE GELEENTHEID

Die Kaapse koerante het met afwagting en entoesiasme die sinodesitting in November 1824 begroet. Op 30 Oktober was die publiek teenwoordig by die sinode se voorlopige werksaamhede. Die geleentheid is opgeluister met musiek en seremonies. Die langsdienende leraar, ds Meent Borcherds, het op 1 November vir dié geleentheid uit Handelinge 26:22 gepreek. Die volgende dag het die 24 afgevaardigdes van twaalf van die bestaande veertien gemeentes in die konsistorie van die Groote Kerk hulle geloofsbriewe voorgelê. Die politieke kommissarisse, sir JA Truter en PJ Truter, het die regering by hierdie geleentheid verteenwoordig, omdat alle sinodale besluite aan die owerheid onderworpe was vir goedkeuring.

Die prosessie het uiteindelik van die konsistorie na binne beweeg waar die teenwoordiges hulle plekke ingeneem het. Regs van die preekstoel het die politieke kommissarisse gesit en links was die moderatuurstafel. Voor die preekstoel was 'n lang tafel waar die afgevaardigdes volgens die stigtingsdatums van hulle onderskeie gemeentes gesit het.

Ná die openingsrede deur ds Berrangé as moderator het die publiek die kerk verlaat. Dit was aanvanklik nodig om 'n kommissie te benoem om 'n 'Algemeen Reglement voor het bestuur der Nederduitsche Hervormde Kerk in Zuid-Afrika' op te stel. Hiervoor is swaar geleun op Nederlandse kerkordes, hoewel die groeiende invloed van die Skotse leraars sedert 1820 ook merkbaar was. Die Algemeen Reglement van 1824 het aan die owerheid 'n beherende seggenskap oor die kerk verleen en aan sinodes 'n 'hoër' gesag bo die plaaslike gemeentes gegee.

### RIGLYNE WORD NEERGELÊ

Die Kaapse Sinode was beslis in voeling met die tendense en oortuigings van daardie tyd. Orals in Europa asook in Suid-Afrika was daar 'n sending-oplewing met die ontstaan en vestiging van sendinggenootskappe. Voorbereidings is dus ook getref om 'n reglement vir die werk van sendelinge op te stel wat by die daaropvolgende sinode gefinaliseer is.

Die eerste sinode van 1824 het die Kaapse Kerk saamgebind en 'n selfbewussyn geskep. Hulle was nie meer van Nederland afhanklik nie. Dié besef het daartoe bygedra dat

*1. Uitbeelding van die Kaapse sinodesitting van 1873 toe dit nog in die Groote Kerk gehou is. Die eerste sinodesaal wat spesifiek deur die NG Kerk vir dié doel opgerig is, was die Hugenote Gedenksaal van 1903 in Koningin Victoriastraat, Kaapstad.* KAAPSTAD ARGIEFBEWAARPLEK

*2. 'n Gedeelte van die ou konsistorie van die Groote Kerk, Kaapstad. Die eerste sinode is op 2 November 1824 hier gekonstitueer en die geloofsbriewe van die afgevaardigdes ontvang.* NG KERKARGIEF, KAAPSTAD

*3. Handtekeninge van afgevaardigdes van die eerste sinode van November 1824, soos dit onderaan die notule van die eerste vergadering verskyn. Dit sluit die handtekeninge van ds JC Berrangé as voorsitter en ds M Borcherds as sekretaris in.* NG KERKARGIEF, KAAPSTAD

*4. Dr Abraham Faure (1795-1875). Hy het na sy aankoms in die Gemeente Kaapstad in 1822 die inisiatief geneem vir die byeenroeping van 'n sinodale vergadering.* NG KERKARGIEF, KAAPSTAD

*5. Sir John (Johannes Andreas) Truter (1763-1845), die kommissaris-politiek wat goewerneur Somerset by die sinode van 1824 verteenwoordig het.* NG KERKARGIEF, KAAPSTAD

*6. Prosessie van sinodegangers met hulle kenmerkende manelle en pluiskuile, ca 1940.* NG KERKARGIEF, KAAPSTAD

*7. Interieur van die sinodesaal van die derde Hugenote Gedenksentrum, Kaapstad. Die groeiende getal gemeentes en sinodale bediening in die jare vyftig van die twintigste eeu het dié sinodesaal genoodsaak, wat in 1965 betrek is.* DIE KERKBODE



2







3-4-5

die moderator by die sewende sitting op 9 November voorgestel het dat die Kaaps-Hollandse Kerk sy eie predikante moes oplei. 'n Kommissie is benoem 'tot een maken van een plan voor de oprigting eener Theologische Kweekskool', bestaande uit vyf afgevaardiges – Von Manger, Faure, Murray, Thom en Smith. Met die elfde sitting het ds Abraham Faure 'n 'Ontwerp van een Reglement voor het Theologische Seminarium' voorgelê. Faure se entoesiastiese visie sou in 1859 met die opening van die Kweekskool in Stellenbosch bewaarheid word.


Ná veertien sittings het die eerste sinode op 18 November 1824 sy werk afgehandel. Die amptelike sluiting het die vorm van 'n konferensie aangeneem, waarheen goewerneur Somerset en die publiek uitgenooi is. Op 22 November is die laaste sitting se notule goedgekeur en is die sinode luisterryk afgesluit.

Die sinode van 1824 was nie 'n eenmalige vergadering nie. Daar is besluit om tweejaarliks te vergader. Die sinodes moes ook meer as 'n vergadering wees en sy eie administrasie behartig. Die gemeentes moes sorg vir 'n sinodale fonds. Funksionarisse is aangestel om die administrasie te hanteer en ds Abraham Faure is dienooreenkomstig as *quaestor* aangewys.

Die eerste sinode van 1824 het die basis en riglyn van 'n belangrike instelling van die NG Kerk geword wat steeds 'n primêre besluitnemingsbevoegdheid het. Die sinodes het sedertdien ook die mondstuk vir die kerk geword. Sinodale uitsprake is hierna noodwendig met groter gesag beklee as dié van kerkrade.




6



7

WILLIE BROWN



I

# 1829. Die voorste gestoeltes

Op die Kaapse Sinode van 1829 is 'n besluit geneem wat vir ons vandag vreemd en selfs onbegryplik voorkom. Dit was die besluit om nie meer spesiale sitplekke in kerke toe te wys aan 'Capteins, Luitenants, Chirurgyns, Veldcornets en Brandmeesters' en hulle gades nie, maar wel nog aan gekose heemrade, oudheemrade, kerkraadslede en hulle gades.

Die begeerte om by openbare geleenthede die 'voorste gestoeltes' te beklee is 'n tipies menslike eienskap en 'n eeue oue gebruik wat reeds in Bybelse tye voorgekom het, toe die skrifgeleerdes in die voorste banke in die sinagoges gesit het (Lukas 20:46). Die gebruik van gereserveerde sitplekke in Nederlandse kerke dateer van die veertiende eeu. Vanaf die sewentiende eeu het standverskille toenemend tot spesiale 'heeren- en vrouwenbanken' in Nederland gelei waar vroue afsonderlik volgens die rang van hulle mans gesit het. Eresitplekke was ook in die Nederlandse kolonies soos Batavia en die Kaap gebruiklik. Dit was selfs die geval in die eerste kerkie van Drakenstein – 'een schuur van zeer sober aansien'.

STOUTMOEDIGE POUE

Besoekers aan die Kaap in die agtiende eeu was verbaas oor die weelderige lewe en statusbewustheid van VOC-amptenare. Heelwat probleme het met die plasing van amptenare en hulle gades in begrafnisstoete, in die kerk en by amptelike en sosiale geleenthede ontstaan. Dié rangbewustheid het veral onder die vroue voorgekom. Volgens die bekende Kaapse reisverslag van Peter Kolbe was die 'wijfjes' ontsteld as 'n ander vrou se stoel volgens hulle onregmatig voor hulle by sosiale byeenkomste en in kerke geplaas is.

In 'n stadium moes die kerkrade selfs reglemente opstel vir die 'plaatzen der Juffrouwen' (soos die getroude vroue destyds genoem is). Dit was 'n lang ranglys, met die gades van hoë amptenare, kerkraadslede, die sieketrooster, gewese amptenare en ander boaan. Dit het die koster, wat die stoele van die vroue in die regte volgorde moes rangskik en 'n klein vergoeding daarvoor ontvang het, hoofbrekens besorg.

Kolbe skryf dat die vroue – hy noem hulle stoutmoedige poue! – hulle ontevredenheid oor 'n foutiewe plasing van hulle stoele in die kerk luidkeels te kenne gegee het. Hierdie struweling het tot in die negentiende eeu voortgeduur toe ds Abraham Faure in 1828 met die kerkraad van Stellenbosch besluit het dat daar na die derde gelui 'geen opjaging van sitplekke' meer mag wees nie! Ontevredenheid oor plasings kon 'n kerkraad ure aaneen op die een vergadering na die ander besig hou.

Die posisie van die kerkstoele van vroue was klaarblyklik vir die mans ook van groot belang. In 1718 het die sekunde, Abraham van Cranendonck, en die ingenieursoffisier, Pieter Gijsbert Noodt (die latere goewerneur), in Kaapstad hof toe gegaan oor die kerksitplekke van hulle eggenotes. Die hof het bevind dat mev Van Cranendonck se stoel agter dié van mev Noodt geplaas moes word.

Humeure het soms ook opgevlam oor foutiewe plasings. In Stellenbosch is ene mev Ulkers in 1809 uit haar stoel gepluk deur 'n astrante jongman wat plek vir sy vriendin wou maak. Die humeurige landdros Andringa van Stellenbosch het in 1812 daarop aangedring dat aan die vrou van die assistentlanddros - hy het toevallig Stoel geheet – en



2



3

1. *Die binnekant van die Moederkerk in Kaapstad soos dit ná die voltooiing daarvan in 1704 gelyk het. Vroue het afsonderlik in die middel van die kerk gesit op stoele wat deur die koster in rangorde geplaas is. Rouborde van vooraanstaande burgers hang teen die mure.* GROOTE KERK-VERSAMELING
2. *Interieur van die Groote Kerk tydens die herdenkingsdiens van die driehonderdjarige bestaan van die gemeente op 23 Oktober 1965. Die foto toon die tradisionele kerkbanke wat vanaf die middel van die negentiende eeu algaande die kerkstoele in NG kerke vervang het. In die kerk op Stellenbosch het elke bank sy slot en sleutels gehad waarmee die paneeldeure gesluit is.* GROOTE KERK-VERSAMELING
3. *Tydens 'n reis deur die Overberg in 1798, het lady Anne Barnard dié skets gemaak van Catharina van Reenen in die kerk, met haar een voet op die geliefde voetstofie. Slawe moes dikwels voetstofies en stoele kerk toe dra óf hulle eienaars met sambrele of parasols teen reën en son beskerm. Vername dames is in 'n stadium in 'draagkoetsen' kerk toe en terug vervoer.* KAAPSTAD ARGIEFBEWAARPLEK

**FEITEFLITS**

Om die swierige leefwyse in kolonies aan bande te lê, het goewerneur Tulbagh in 1755 die Here XVII se Pragt- en Praalwette by Kaapse omstandighede aangepas. Uitspattighede ten opsigte van selfs begrafnisse en begrafnismale is deur Rijk Tulbagh beperk.

aan die vrou van die tweede sekretaris, Van Blommenstein, sitplekke toegeken moes word. Toe aan die landdros verduidelik is dat dit strydig met die reglement van die kerkraad was, het hy sy humeur verloor: 'Smijt dan voor den donder, de stoel van mijn vrouw ook maar de kerk uijt, dan sal ik daar ook uijt blijven!'

### DIE EINDE VAN DIE ERESITPLEKKE

In Nederland het ereplekke in die kerk in die loop van die negentiende eeu verdwyn. Dit kan toegeskryf word aan faktore soos die invloed van die Franse Revolusie met sy beginsel van gelykheid, en die opkoms van piëtisme met sy beklemtoning van sondebesef, wedergeboorte en bekering. Aan die Kaap was dié stryd geleidelik en soms bitter. Dit het tot die gewraakte sinodale besluit van 1829 gelei.

In 'n paar gemeentes was daar hewige verset teen die afskaffing. In die gemeente van Stellenbosch, waar die kerkgebou in 1844 van 'n nuwe plankvloer en kerkbanke in plaas van kerkstoele voorsien is, is die banke vir die eerste keer verhuur. Die sentrale deel van die kerk was nog deur die stoele van die vrouelidmate beset, maar daar is besluit om slegs die voorste vyf rye vir die oudste vrouelidmate te reserveer en die orige stoelsitplekke deur loting aan te wys. Dit was die einde van eresitplekke.

Ná die voltooiing van die derde kerkgebou in Stellenbosch in 1863 het daar weer eens 'n twis ontstaan toe die kerkraad besluit het om sitplekke en familiebanke toe te ken volgens die aantal jare van kerklidmaatskap van aansoekers. Voor die aanvang van die eerste diens in die nuwe kerk het ontstelde lidmate in die kerkgebou saamgedrom en die koster moes geweld gebruik om die orde te herstel. Sommige lidmate het selfs gedreig om uit die kerk te bedank. Volgens *De Zuid-Afrikaan* was dit 'n lawaai en verwarring '... zooals men sints de tijden van Babels torenbouw nog niet heeft gezien'.

In die Kaapstadse gemeente het die stelsel van eresitplekke verdwyn toe die Groote Kerk in 1841 in gebruik geneem is. Heelwat gemeentes het ook besluit op summiere afskaffing. Die verhuring van sitplekke in baie ander gemeentes het nietemin steeds ontevredenheid veroorsaak. 'n Geleidelike oorskakeling is dikwels toegepas.

Teen die helfte van die twintigste eeu was daar in Suid-Afrika slegs enkele gemeentes waar banke nog verhuur is. Gesprekke oor die gebruik al dan nie van die voorste gestoeltes deur hoogwaardigheidsbekleërs en diegene wat 'gesien' wil word, duur soms nog steeds voort!

CELESTINE PRETORIUS



I

# 1830. 'Sing tot sy eer ... en loof by instrumentespel'

Die ingebruikneming van 'n nuwe orrel op 11 Julie 1830 deur die Gemeente Kaapstad was 'n belangrike dag vir die gemeente.

Jan Hoets, sewentigjarige vermoënde weldoener, het in 1826 die reusebedrag van 60 000 Kaapse gulde vir 'n nuwe orrel geskenk. Hy het die hoop uitgespreek dat die orrel '... een welluidend, sierlijk en naae de groote van het kerkgebouw g'evenredigd Orgel' moes wees. Dit was in 'n stadium toe die gemeentesang in die Gemeente Kaapstad nie na wense was nie, waarvoor die bestaande orrel die skuld gekry het.

Die inwydingsrede by dié geleentheid is deur ds Abraham Faure gelewer. Sy preek het gegaan 'over de gepastheid en nuttigheid van muzyk by Godsdienstige verrigtingen'. Die orrelis was Frans Grondeler, 'n goed onderlegde musikus.

### DIE VIER ORRELS VAN DIE GEMEENTE KAAPSTAD

Die Hoets-orrel van 1830 was die derde van die Gemeente Kaapstad. Die eerste kerkorrel in Suid-Afrika is reeds in 1737 in gebruik geneem. In 1735 het Jan Posse, Suid-Afrika se eerste orrelbouer, 'n orrel in opdrag vir die dogter van goewerneur Jan de la Fontaine gebou. Toe die goewerneur egter kort daarna na Nederland terugkeer, het die Kaapse gemeente dit aangekoop.

In 1752 het dié orrel probleme begin gee en die kerkraad het Stephanus Baier toe versoek om 'n nuwe instrument te bou. Dit is in 1754 voltooi en het 16 registers gehad en was 8,5 meter hoog. Baier het dit eiehandig uit beskikbare materiaal gebou wat deur die Kompanjie aangekoop is. Die Baier-orrel is in 1788 deur timmerman JP Leopold opgeknap.

Die Hoets-orrel van 1830 is deur die Engelse firma Bevington gebou en deur Thomas Hitchcock geïnstalleer. Dit het hierna vir 127 jaar diens gedoen, waartydens dit etlike kere herstel of vergroot is. Die Kaapse firma Bredell het reeds in 1857 reparasies onder toesig van die destydse orrelis, Frederick Logier, gedoen. In 1898 het GW Price die orrel gerestoureer en vergroot. 'n Derde manuaal is toe bygevoeg en pype vir vyftien nuwe registers is aangebring. Die orrel is in 1923 verder verbeter en vergroot en het toe uit 39 registers en 2 456 pype bestaan.

Eers in 1957, nadat kenners (insluitende die beroemde dr Albert Schweitzer) geraadpleeg is, het die orrel van 1830 plek gemaak vir 'n nuwe orrel met vier manuale, 74 registers en 5 426 pype. Dit is in Holland deur Pels & Zoon gebou en deur R Müller geïnstalleer. Mnr Japie Malan, jare lank orrelis van die Groote Kerk, en prof Gawie Cillié, destydse orrelis van die Moederkerk in Stellenbosch, het die orrel tydens 'n erediens op 1 Desember 1957 feestelik in gebruik geneem. Dit is steeds die grootste kerkorrel in Suid-Afrika en is na omvattende restourasiewerk weer in April 2002 in gebruik geneem.

### VAN PSALMBUNDEL TOT LIEDBOEK

Gemeentesang was nog altyd 'n integrale deel van die erediens in die NG Kerk. Die gemeentesang in die vroeë kerke van die Hervorming was gewoonlik onbegeleid onder leiding van 'n voorsanger. Dit was ten spyte daarvan dat die kerke dikwels oor groot orrels beskik het. In die Kaap was die gemeentesang aanvanklik ook onbegeleid. Adam Tas het in 1705 gekla oor die voorsanger in Stellenbosch, omdat dié so '... droevig en langsaam en laag gezongen (heeft)'.

Die besluite van die Sinode van Dordrecht (1618-1619) het 'n stewige houvas op Nederlandse kerkmusiek uitgeoefen. Slegs die psalms, soos berym deur Petrus Datheen (ca 1530-1588), is gesing. Datheen se psalmberyming was 'n vertaling van die Franse teks in die Geneefse Psalter van 1562. In teenstelling met die werk van 23 jaar deur medewerkers aan die Geneefse Psalter was Datheen se beryming ná vier jaar gereed.

Die Geneefse melodieë is in die Datheen-bundel behou, maar die beryming was van 'n swak gehalte. Woord-




2


1. *Die Groote Kerk-orrel van 1957, die grootste Suid-Afrikaanse kerkorrel, soos dit tans lyk. Dit is in 2002 gerestoureer.* ERKENNING: OUDE MEESTER STIGTING VIR UITVOERENDE KUNSTE
2. *Die koorgalery van die NG kerk van Robertson tydens 'n kooruitvoering, ca 1960.*
3. *Met die inwyding van die Hoets-orrel op 11 Julie 1830 was die Moederkerk in Kaapstad stampvol. Benewens die hoofdiens was daar baie toehoorders by die aanddiens en die Engelse oggenddiens waar die 72e Regiment saam met die orrel opgetree het. Daar was 'n groot aantal koorsange by die oggenddiens.*
4. *Silhoeëttekening van Jan Hoets wat in 1830 die geld vir die sogenaamde Hoets-orrel geskenk het uit 'dankbaarheid vir sy voorspoed'. Hy is in 1836 op 84-jarige ouderdom oorlede.*
5. *Moderne tegnologie soos die laserskyf (CD) word gebruik om kerkmusiek tot sy volle reg te laat kom en klanksuiwerheid te verseker.* DIE KERKBODE
6. *Prof F W Jannasch (1853-1930), kerkmusikus, komponis, asook medestigter en eerste direkteur van die Stellenbosse Musiekkonservatorium in 1908.* NG KERKARGIEF, KAAPSTAD
7. *Gewyde kerkmusiek word aktief deur die radio bevorder. Die program 'Loof die Here' is in 2002 reeds 30 jaar deur Fanie Smit aangebied.* DIE KERKBODE

aksente was dikwels botsend met die metrum wat die musiek vereis en het sodoende die sing daarvan nadelig beïnvloed. Hierdie probleme het nietemin nie verhoed dat die beryming van Datheen spoedig geliefd geword het nie. Die Kaapse gemeentes het aanvanklik uit die Nederlandse psalmbundel gesing. Dit was eers in 1773 dat die sogenaamde State-vertaling of die 'nuwe rym' van die Psalms verskyn het en Datheen se 'ou rym' amptelik vervang is.

'n Ander vernuwing in die Nederlandse kerksang was die amptelike ingebruikneming van die *Evangelische Gezangen* op 1 Januarie 1807. Dit was 'n toevoeging van 192 gesange tot die Psalmbundel van 1773. Dit is op 14 Januarie in 1814 in die Kaap in gebruik geneem. Talle lidmate van die NG Kerk het dit verwelkom, maar daar was heelwat vir wie dit aanstoot gegee het. Dit het tot verskil van mening en spanning gelei – uiteindelik ook tot afskeiding en die ontstaan van die Gereformeerde Kerke in 1859.

Die Nederlandse sangbundel, waaruit gesing is by die orrelinwyding op 11 Julie 1830 in die Groote Kerk, is eers op Hervormingsdag 29 Oktober 1944 vervang deur die eerste volledig vertaalde Afrikaanse Psalm- en Gesangebundel. Op 22 Oktober 1978 is 'n hersiene en uitgebreide uitgawe in gebruik geneem. Dit is op sy beurt op 28 Oktober 2001 vervang deur die nuwe *Liedboek van die Kerk*.

H PIETER VAN DER WESTHUIZEN



KOORGEZANGEN

*Welke by de INWYDING van het nieuwe KERK-ORGEL in de Nederduitsche Hervormde Kerk alhier door het Liefhebbery Zangkoor zullen worden gezongen,*

Op ZONDAG den 11den JULY 1830.

*Voor de Voorafspraak, door het Koor alleen.*

DANKLIED.

Van 't reinst gevoel doordrongen,
Stygt, God! van duizend tongen,
Het danklied tot uw eer.
Ook wy, o Hemelsch' Vader!
Wy buigen ons te gader,
Aanbiddend voor u neer,
O Heer van orde!

*Solo.*—Wiens gunst kroont aller wegen,
Heel d'aard met heil en zegen,
Wie tooit natuur met pracht?

*Tutti.*—Gy zyt het, Heer van orde!
Die door een enkel, *'t worde,*
'T Heelal hebt voortgebragt.

*Solo.*—Wie schiep de duizend bollen,
Die door het luchtruim rollen,
Wier glans het oog bekoort?

*Tutti.*—Gy waart het, eeuwig Wezen!
Uw liefde nooit volprezen,
Riep ze uit het niet hervoort.

Wy wyden, diep bewogen,
Voor uwen troon gebogen,
U 't lied der dankbaarheid.
Laat onze vreugde-tranen,
Den weg ons tot u banen,
O God, die eeuwig zyt!

Laat ons deez' aard begeven,
Geen graf zal ons doen beven,
De dood is ons gewin.
De jubeltoon van allen,
Styg naar omhoog, en valle
In 't koor der Eng'len in.

*Voor de Predikatie,*

EVANGELISCH GEZANG No. 1,

*Vers 1, door het Koor alleen,—Vers 2, 3 en 4, door de Gemeente.*

*Tusschen de Predikatie, door het Koor alleen.*

LOFZANG.

De mensch leeft en bestaat hier
Slechts voor een korten tyd.
Heel 't wereldrond vergaat eens
Met al zyn heerlykheid.
Een wezen slechts is eeuwig,
Wys en goed te gader,
En aller scheps'len vader.

*Solo.*—Dat wezen is heilig. *Tutti.*—Halleluja!
Het is almagtig. Halleluja!
Ook is het alwetend. Halleluja!
[illegible]
Halleluja! Amen.
Eeuwig zing al d'aard te zamen:
God is heilig! Halleluja!
Halleluja! Amen, Amen.

*Na de Predikatie, voor het Gebed.*

PSALM CL. *vers 1, door het Koor alleen, vers 2 en 3, door de Gemeente.*

*Na het Gebed, voor het uitspreken van den Zegen, door het Koor alleen.*

LOFZANG.

Tot u, o eeuwig God!
Treed thans ons Zangkoor nader;
Tot u, die grooter zyt
Dan d' Eng'len al te gader.
Hoe heilzaam is [illegible] gevoelvol neer-
Te zingen tot uw lof, [geknield.
Die heel ons hart [illegible]
Verheft hem hoog, den Heer,
Gy dankbre stervelingen!
Harmonisch moet ons lied
Tot voor zyn zetel dringen;
Hy leent ook ons het oor,
Hoe plegtig voor zyn troon
Geheel de Hemel juicht.
Den Vader en den Zoon [schen tongen.

*Solo.*—Almagtige! steeds wordt door aller men-
Eeuw uit, eeuw in, eeuw uit, eeuw
In, u lof en prys en dank gezongen.

*Tutti.*—Wie is by, die uw magt,
Oneindige! doorziet?
Wy staan verbaasd, ontroerd,
En zinken weg in 't niet,
Wie is een God, als gy,
Alwetende! wy vallen voor uwen zetel neer.
Van al de duizendtallen,
Die eens uw liefde schiep,
Stygt, Eeuwige! tot uw lof,
De dankbre jubeltoon,
Vereend naar 't Hemelhof.
Steeds zullen wy uw eer
De wereld door doen hooren,
Zoo statig als 't gezang
Der zaal'ge Eng'len-koren.
Weergalm' ons dankbaar lied,
Halleluja! den Heer!
Den Heer! Halleluja!
Halleluja! kniel neer,
Zingt eeuwig tot zyn eer!


AVONDKERK.—Er zullen door het Liefhebbery Zangkoor by den aanvang en het sluiten van den Godsdienst twee Lofzangen worden gezongen. En by het uitgaan der Kerk zal door eenige Liefhebbers, met accompagnement van het Orgel, toepasselyke Orchest-muzyk worden uitgevoerd.

*Gedrukt door P. van Breda, Kaapstad.*



3.4
6.7









1.2



3

# 1834. Slawe: Vrygestel deur die doop

Die Kaapse Kerk se reaksie op die vrystelling van slawe in 1834 kan teruggevoer word na die Gereformeerde Sinode van Dordrecht in 1618-1619. Op hierdie sinode is belangrike besluite geneem ten opsigte van die posisie van slawe in Christelike huishoudings.

### DIE SINODE VAN DORDRECHT KEN REGTE AAN SLAWE TOE

Die vraag is gestel of 'n kind of kinders wat uit heidense ouers gebore is en wat deel uitmaak van 'n Christelike huishouding ook gedoop behoort te word. In antwoord op hierdie vraag is verwys na die aartsvader Abraham in Genesis 17. In die gereformeerde huishoudings van dié tyd aan die Kaap was dit die praktyk dat die hoof van die huis daarvoor moet sorg dat so 'n kind of persoon gedoop word. Dit sluit ook die slaaf (slawe) in wat deel uitmaak van die betrokke huishouding en wat regtens ook die Christelike onderwys behoort te ontvang. Gereformeerde predikante het wel die reg gehad om die doop om bepaalde redes te weier. Gedoopte slawe het dieselfde regte gehad as ander Christene.

Alhoewel hierdie regte by die Sinode van Dordrecht nie uitgespel is nie, impliseer dit die volgende: die reg om te getuig in 'n hof; die reg om in die huwelik te tree; die reg om te erf; die reg tot 'n Christelike begrafnis; en dat gedoopte slawe nie aan heidene verkoop mag word nie, maar wel as geskenk of erfstuk aan ander Christene bemaak mag word. Hierdie belangrike besluit van Dordrecht benadruk veral die volgende: Gedoopte slawe geniet gelyke regte van vryheid soos alle ander Christene en mag nooit aan heidene verkoop of gegee word nie. Die sinode het hom wel nie uitgespreek oor presies hoe lank ná die doop 'n slaaf vrygelaat moet word nie. Daar is ook nie besluit in watter stadium in die lewe van die slaaf sy of hy gedoop mag word nie.

### DIE DOOP BEVESTIG VRYHEID


Die volgende vraag wat in die verband gestel kan word, is hoe bogenoemde besluite van Dordrecht aan die Kaap geïnterpreteer en toegepas is en watter gevolge dit vir die kerklike en burgerlike lewe in die gebied gehad het. Indien die doopregisters van die VOC bestudeer word, blyk duidelik dat individuele slawe-eienaars en die VOC hulle slawe op verskillende wyses gedoop het. Van die 2 543 slawe wat gedurende die periode 1652 tot 1795 gedoop is, is 1 715 slawekinders wat aan die Kompanjie behoort het, gedoop. Hierdie slawe is almal op verskillende tye in die teenwoordigheid van 'n senior amptenaar van die VOC gedoop.

Vir die besoekende kommissaris Adriaan van Rheede was dit 'n groot skok toe hy agterkom dat 'n groot aantal van die slawe van Christelike en Europese ouers was. Hy het onmiddellik besluit om die bestaande regulasies te wysig. Hierdie veranderinge van die regulasies het tot in 1795 van krag gebly. Hy het beveel dat geen Kompanjieslaaf (-slawe) verruil, uitgevoer of weggegee mag word nie. Die herkoms van slawe moes aangeteken word en hulle moes in die Christelike geloof onderrig word. Gedoopte slawe wat in die Kaap gebore is, moes op veertigjarige leeftyd en na 30 jaar

1. *Hadji Abdullah (Karel), 'n Moslem-priester in gebed. Sedert die aankoms van die eerste slawe aan die Kaap in 1658 het die meeste van hulle tot die Islam-geloof behoort, hoewel dit nie amptelik erken is nie. Die slawe het nuwe geloofsdimensies na Suid-Afrika gebring.* FEHR-VERSAMELING
2. *Nazea, Kaapse Moslemvrou en slawe-afstammeling in haar wandeldrag. GF Angas, ca 1847.* FEHR-VERSAMELING
3. *Twee slawe wat aan die Kaap opgeveil is, ca 1820. In 1834 met die afskaffing van slawerny aan die Kaap was daar sowat 34 000 slawe.* KAAPSTAD ARGIEFBEWAARPLEK
4. *'n Afbeelding van Anna de Koning, dogter van die vrygemaakte slavin Angela van Bengale. Anna is met kaptein Oloff Bergh getroud. Hulle het tien kinders gehad en by Oloff se dood in 1724 het Anna vier plase en vyf huise geërf.* KAAPSTAD ARGIEFBEWAARPLEK
5. *'n Gedenkprogram met Sjeg Yusuf se graftombe of kramat* (kiramat *is die Arabiese woord vir verering) by Macassar, Faure. Hy is in 1694 as politieke gevangene van Java met 49 volgelinge na die Kaap verban. Hulle is gevestig op die plaas Zandvliet wat aan ds Kalden behoort het. Dit is een van die ironieë in ons geskiedenis dat twee geestelike leiers van opponerende gelowe hulle op dieselfde plek en tyd saam bevind het.*
6. *Die Ou Slawelosie, Kaapstad (ca 1880). Dit was langs die Kaapse Moederkerk geleë, maar wêrelde van mekaar verwyder ten opsigte van geloof en sosiale stand. Die oorspronklike slawelosie is in 1679 deur die VOC laat oprig en is algaande vergroot. Dit het uiteindelik gemiddeld 500 naamlose en gesiglose slawe geakkommodeer voordat dit in 1811 in regeringsgeboue omskep is.* KAAPSTAD ARGIEFBEWAARPLEK.
7. *Die gerestoureerde slawekerkie op die plaas Nieuwe Plantatie (tans deel van die Grand Roche Hotel), Paarl.* FOTO: A PRETORIUS



4




5

diens vrygelaat word. Die doop word genoem as 'n voorwaarde vir vrylating. Uit bogenoemde is dit duidelik dat gedoopte Kompanjieslawe weliswaar nie onmiddellik vrygelaat is nie en dat nie alle gedoopte slawe vrygelaat is nie.

In die jare na die vrystelling het die meeste slawe in die Christelike godsdiens onderrig ontvang. Baie van hulle het op sendingstasies soos Genadendal, Groenkloof en Elim gaan woon. Die gesamentlike getal het vermeerder van 2 500 tot ongeveer 4 000 tussen 1838-1840. Die sendingstasies was 'n uitweg vir baie voormalige slawe vanweë die moeilike lewensomstandighede op die plase. Onderwys en die doop het aan sommige op Stellenbosch, waar die bekende skole van die Rynse Sending was, die deur geopen na 'n beter toekoms. Dit is veral die kinders van voormalige slawe wat in dié opsig baie gebaat het.

Christelike onderwys en die doop het aan voormalige slawe die vertroue gegee om onafhanklik te lewe van hulle vorige plaaseienaars. Op grond van hulle nuwe vryheid het hulle aangedring op volledige beheer oor hulle lewe en hulle kerke. Iets hiervan sien ons in die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Gestig (1799), die NG Gemeente St Stephens in Kaapstad en die Rynse Sendingkerk te Stellenbosch.

HANNES ADONIS



6



7



1

# 1837. Die Voortrekkers – 'een reizende gemeente'

Erasmus Smit kan as die eerste leraar van die Voortrekkers beskou word, al was hy nie 'n geordende predikant nie. Hy het as weeskind sy jeugjare in Amsterdam deurgebring en is aanvanklik as kleremaker opgelei. Hy is in September 1802, ná 'n jaar se opleiding deur die Nederlandsche Zendelinggenootschap, as sendeling aanvaar.

Na sy aankoms in die Kaapkolonie teen die einde van 1804, het Smit in verskeie distrikte as sendeling en onderwyser gewerk. Hy is in Junie 1813 op die ouderdom van 35 jaar met die dertienjarige Susanna Catharina Maritz, suster van die Voortrekkerleier, getroud. Hy het Graaff-Reinet in September 1836 met sy vrou verlaat en die Groot Trek onder leiding van Maritz meegemaak. Die bewaarde gedeelte van sy dagboek van November 1836 tot Januarie 1839 is steeds 'n belangrike historiese bron vir die bestudering van hierdie landverhuising.

## DIE EERWAARDE AS GEESTELIKE BEGELEIER

Smit was onder baie van die Emigrante, soos die Voortrekkers hulleself dikwels genoem het, nie gewild nie en het dikwels veronreg en bedreig gevoel. Hy was onder meer beswaard omdat die Wesleyaanse sendeling, eerw James Archbell, wat sendingwerk onder die Barolong gedoen het, ook vir die Trekkers eredienste in die omgewing van Blesberg (Thaba 'Nchu) gehou het. Daar bestaan ook aanduidings dat Smit hom periodiek aan drankmisbruik skuldig gemaak het, hoewel dit moeilik is om dit onomstootlik te bewys. Ondanks sy klaerige hulpeloosheid, sy persoonlikheid en swak gesondheid, was hy 'n diep gelowige mens en het hy tog in 'n mate in die geestelike behoeftes van die Voortrekkers voorsien.

Die Trekkers onder Maritz het teen 19 November 1836 die suidelike hange van die Blesberg bereik, waar hulle 'n paar weke saam met die Voortrekkerleier Hendrik Potgieter en sy mense oorgestaan het. Met die verkiesing van die eerste Voortrekkerbestuur op 2 Desember 1836 aan die Blesberg (Taba 'Nchu) is ook 'n huwelikshof tot stand gebring wat burgerlike huwelike kon voltrek. Sommige van die egpare het hulle na afloop van die burgerlike plegtigheid na eerwaarde Smit gewend om die huweliksband ook kerklik te bevestig. Diegene wat teen Smit gekant was omdat hy nie 'n geordende leraar was nie, het egter die kerklike bevestiging uitgestel tot 'n aanvaarbare predikant beskikbaar was.

Smit se standpunt was dat hy nie kinders gaan doop voordat hy nie deur die Emigrante as hulle leraar aangestel is nie. Hoewel hy pynlik daarvan bewus was dat hy nie almal se goedkeuring geniet het nie, het hy tog ná herhaalde versoeke ingestem om die doop te bedien. Die eerste kind, Adriana Petronella Potgieter, is sodoende op 17 Maart 1837 op die trekpad aan die Blesberg gedoop.

## SMIT KRY TEENSTAND

Die verkiesing van die eerste kerkraad op 8 Februarie 1837 was vir Smit 'n ongehoorde stap, aangesien hy nie in die saak geken is en ook nie teenwoordig was nie. Johannes Stephanus Maritz, broer van Gert Maritz en Voortrekkerleier in eie reg, is as ouderling gekies en Sarel Cilliers en ene Viljoen (moontlik Lucas Cornelis Viljoen) as diakens. Hierdie gebeurtenis toon duidelik dat Smit nie in die binnekring van leiers en ander besluitnemers beweeg het nie. Smit het blykbaar met sy geestelike bediening voortgegaan, terwyl Sarel Cilliers as pas aangestelde diaken ook gereelde dienste in sy eie laer gehou het. Mettertyd het die verhouding tussen hulle baie gespanne geraak.

Vroeg in April 1837 het Piet Retief se trekgeselskap by die ander Voortrekkers in die omgewing van die Vetrivier



2

1. *Hierdie uitbeelding deur WH Coetzer oor die Voortrekkers se afwaartse tog teen die steil hange van die Drakensberge is geïnspireer deur Raphael se Madonna van die Stoel. Coetzer se werke oor die Groot Trek insluitende sy ontwerp vir vyftien tapisserie-panele, vorm die hoogtepunt van sy kuns. Die pioniers was aanvanklik nie as Voortrekkers bekend nie, maar as die "Emigrante Boere', mense wat ontevrede was met die Britse owerheid. Hulle was steeds lojaal teenoor die kerk, maar het die onsimpatieke houding van die Kaapse Kerk ná hulle emigrasie teleurstellend beleef.* ERKENNING: ONS KUNS
2. *Een van die ossewaens tydens die inwyding van die Voortrekkermonument op 16 Desember 1949. Ná meer as 100 jaar was die invloed wat die Groot Trek op die psige van die Afrikaner en die ontluiking van Afrikaner-nasionalisme gehad het, sterker as ooit.* NG KERKARGIEF, PRETORIA
3. *Eerw Erasmus Smit (1778-1863), dikwels ongewilde leraar van die 'Reizende Gemeente der Gereformeerde Kerk naar Port Natal'.* KAAPSTAD ARGIEFBEWAARPLEK
4. *Die Voortrekker Piet Retief (1780-1838). Hy was eerw Smit goedgesind en het hom as leraar van die Trekkergemeenskap aangestel. Hy en sy geselskap is op 6 Februarie 1838 by die kraal van Dingane doodgemaak.* KAAPSTAD ARGIEFBEWAARPLEK
5. *Dié gedenkseël gee 'n aanduiding van die onderskeie trekroetes van die sowat 10 000 Voortrekkers wat byna uitsluitlik uit die Oos-Kaap afkomstig was. Hierdie streek is vanweë die tekort aan predikante yl bedien.* SA FILATELIEDIENS

aangesluit. Retief was die ou leraar uit die staanspoor goedgesind. Op 17 April 1837 is Retief as goewerneur of opperbevelhebber van die hele Trekkergemeenskap verkies en Gert Maritz as voorsitter van die nuwe Politieke Raad. Hy het sy posisie as magistraat of 'regter' behou. Ses ander persone is tot lede van die Raad verkies.

Smit was bevrees dat die Voortrekkers wat hom nie as leraar wou hê nie, 'n predikant uit die Kaapkolonie sou bekom. Die NG Kerk in die Kaapkolonie het die emigrasie egter steeds afgekeur en daar was dus nie predikante wat dit graag wou waag om by die reisigers aan te sluit nie. Retief het dus besluit om Smit as predikant van die Trekkergemeenskap aan te stel en blykbaar voorgestel dat Smit homself as leraar moet bevestig. Daar was gemeentelede wat hierteen beswaar gemaak het. Ondersteuners van Maritz en Potgieter, insluitende Sarel Cilliers, was ten gunste daarvan dat 'n ander predikant uit die Kolonie beroep moet word en dat Smit net vir een jaar aangestel word. Retief het die versoek op 'n taktvolle wyse van die hand gewys. Op Sondag 21 Mei 1837 het hy Smit met 'n inleidende toespraak aan die woord gestel en het die Emigrante sonder verdere beswaar toegekyk hoe Smit homself as leraar van die reisende gemeente bevestig.

Tussen April en November 1837 het die Trekkers van die Vetrivier-omgewing in die Transgariep oor die Drakensberg na Natal verskuif. Op Sondag 3 Desember 1837 het Smit gedurende 'n kerkdiens aan die Thukela (Tugela) die name van die tweede kerkraad aangekondig, wat kennelik kort tevore op Retief se inisiatief verkies is. Die kerkraadslede was Francois Retief en Carel van der Merwe as ouderlinge en Christiaan Liebenberg en Roelof Dreyer as diakens. Die eerste kerkraad het blykbaar nooit werklik gefunksioneer of met Smit saamgewerk nie.

Nieteenstaande ontevredenheid oor Smit se kwalifikasies as leraar en periodieke pogings om hom met 'n ander leraar te vervang, is hy tog as leraar erken en toegelaat om sy bediening voort te sit. Ná die Slag van Bloedrivier het die Smits saam met talle ander na Pietermaritzburg verhuis. Hier het hy nog opgetree as leraar in die ope lug, onder tentseile, in woonhuise en uiteindelik in 'n rietkerkie.

Die ou leraar het op 9 Februarie 1841 sy emeritaat aanvaar en hy is deur eerw Daniel Lindley opgevolg. Ondanks sy swak gesondheid het sy vrou voor hom gesterf, op 27 Julie 1863. Agt dae later is Erasmus Smit in die ouderdom van 85 jaar oorlede. Hy het nooit in die Geloftekerk, wat kort na sy aftrede ingewy is, gepreek nie.

JAN VISAGIE




3



4




5



I

# 1838. Dingaansdag, Geloftedag, Versoeningsdag

Teen die einde van 1838 het die Voortrekkers se moreel 'n laagtepunt bereik. Groot lewensverliese is by Italeni gely, Piet Retief en sy volgelinge is by Kwa-Matiwane (Moordkoppie) by Dingaanstat uitgewis, gevolg deur die massamoorde op die Voortrekkers langs die Bloukrans- en Boesmansrivier. Die Emigrante (soos die Voortrekkers ook genoem is) in Natal is feitlik leierloos gelaat ná die vroeë dood van hulle leier Gerrit Maritz op 23 September 1838.

Met die aankoms van Andries Pretorius en sy verkiesing as hoofkommandant op 26 November 1838, was daar weer rede vir optimisme onder die Voortrekkers. Die sogenaamde Strafkommando, later bekend as die Wenkommando, het op 27 en 28 November 1838 met sowat 57 waens van die Klein-Thukela deur die binneland na Dingane se stat by Mgungundlovu getrek.

'TOT ZYNS NAAMS GEDAGTENIS'

Aan die Thukela-rivier het Andries Pretorius na aanleiding van Sarel Cilliers se gereelde voorlesings uit veral die Ou Testament op die gedagte van 'n gelofte aan God gekom. Daar was vir die Trekkers 'n treffende ooreenkoms tussen die Israeliete se stryd teen vreemde groepe en hulle eie stryd teen Dingane en die Zoeloes. Die oorspronklike teks van die gelofte het nie bewaar gebly nie, maar ons beskik wel oor Jan Bantjes se dagboekweergawe, 'n brief van Pretorius van Desember 1838 aan JN Boshof, 'n brief van Sarel Cilliers aan ds H van Broekhuizen van Februarie 1866 en Cilliers se Joernaal. Daar is verder sowat nege later opgetekende herinneringe van oud-Voortrekkers.

Volgens hierdie bronne het die gelofte gelui dat, as God die Voortrekkers die oorwinning skenk in die stryd teen Dingane, hulle 'n kerk sou bou, en dat hulle en hulle nageslag die dag van oorwinning altyd ter ere van God sou herdenk. Andries Pretorius het die gelofte soos volg opgesom: '... wy [hebben] alhier onder elkanderen besloten hebben, om den dag onzer overwinning zynde Zondag, den 16 dezer maand December, onder ons gansche geslacht te doen bekend worden, en dat wy het aan den Heer willen toewyden, en vieren met Dankseggingen, en zoo als wy, voor dat wy tegen den vyand streden, in het openbaar gebed beloofd hebben, zoo ook, dat zoo wy de onverwinning *(sic)* verkrygen mogen, wy den Here tot zyns naams gedachtenis, een huis stichten zullen, alwaar Hy ons zulks aanwyzen zal ...'.

Die drie 'gemeentes' waarin die kommando verdeel was en wat onder die geestelike leiding van Sarel Cilliers, Karel Landman en Pieter Joubert gestaan het, het nie besware teen die aflegging van 'n gelofte gehad nie. Die meeste historici aanvaar dat die gelofte die eerste keer op 9 Desember 1838 aan die Wasbankrivier afgelê is, waar die hele kommando blykbaar by Pretorius se tent byeengekom het en Cilliers die aandgodsdiens gelei het. Ná die sing van vyf verse van Psalm 38 en 'n gebed, het Cilliers uit Rigters 6 gepreek, oor Gideon wat Israel van die Midianiete moes bevry. Hierna is die gelofte by wyse van 'n gebed afgelê en in die daaropvolgende dae tydens elke aandgodsdiens herhaal, tot en met die Slag van Bloedrivier op 16 Desember.

'VIEREN MET DANKSEGGINGEN'

Die gelofte is in 1864 vir die eerste keer op die Bloedrivier-terrein herdenk, na aanleiding van 'n voorstel in die Ring van die NG Kerk van Natal. 'n Klipstapel is by die middelpunt van die oorspronklike laer aangebring, volgens die aanwysings van verskeie persone wat nog by die veldslag betrokke was.

In 1868 het die Volksraad van die Zuid-Afrikaansche Republiek 16 Desember tot 'n openbare vakansiedag verklaar. Vir Dingaansdag, soos dit destyds genoem is, was daar egter eers belangstelling met die ontwaking van Afrikanernasionalisme na die anneksasie van die ZAR in 1877 en die




2



3

1. *'n Bekende voorstelling in die Voortrekkermonument van Sarel Cilliers tydens die aflegging van die gelofte voor die Slag van Bloedrivier, 16 Desember 1838.* VOORTREKKERMONUMENT-MUSEUM. FOTO: STEPHEN KEET
2. *Eerstedagkoevert van die Geloftekerkie in Pietermaritzburg, 1988. Op die seël verskyn 'n afbeelding van 'n Pierneef-skildery.* SA FILATELIEDIENS
3. *Die herdenking van Geloftedag het veral na die Eerste Vryheidsoorlog (1881) 'n belangrike rol onder Afrikaners gespeel. Die Ncome-museum by die Bloedrivier-terrein gee ook 'n ander perspektief op die gebeure daar. Hierdie foto is by die inwyding van dié museum in Desember 1999 geneem, met die gerekonstrueerde walaer in die agtergrond.* FOTO: G HOFMEYR
4. *Sarel Cilliers (1801-1871). Hy het bekend gestaan as die 'Vader van die Gelofte' en die 'Profeet van die Groot Trek' vanweë sy geestelike leiding. Hy was aanvanklik teen die gelofte gekant aangesien hy getwyfel het aan die praktiese nakoming daarvan. Hy het hom later by Kroonstad gevestig waar hy dikwels as ouderling gepreek het.*
5. *Andries Pretorius (1792-1852), wat as die held van Bloedrivier bekend geword het. Hy het die aflegging van die gelofte voorgestaan.*
6. *'n Gerekonstrueerde laer van 64 waens by Bloedrivier.* GELOFTEKERKMUSEUM

Transvaalse Vryheidsoorlog in 1881, toe groot feeste by Paardekraal gehou is. Kleiner Dingaansfeeste is in 1887 by Ermelo en in 1892 op Heidelberg gehou. Die vyftigjarige herdenking van die gelofte is in 1888 by Bloedrivier gevier en is onder andere deur pres Paul Kruger en genl Piet Joubert bygewoon. In die Vrystaat is die eerste Dingaansdagviering in 1893 in die distrik Vrede gehou en in 1894 is die dag tot openbare vakansiedag in dié modelrepubliek verklaar.

Met Uniewording in 1910 het Dingaansdag 'n nasionale vakansiedag geword en het herdenkings meer algemeen geword. Dit het 'n hoogtepunt bereik tydens die Voortrekker-eeufeesvierings in 1938 en ook met die inwyding van die Voortrekkermonument op 16 Desember 1949, toe die gelofte prominent herdenk is. Op aandrang van die Raad van Kerke het die Nasionale Regering in 1952 'n wet aanvaar wat 16 Desember as Geloftedag geproklameer het. Die dag moes hierna deur alle Suid-Afrikaners as 'n Sondag eerbiedig word. Dié herdenkings het nietemin ná 1952 'n nasionalistiese, eksklusiewe en politieke inslag behou.


Dit is begryplik dat 16 Desember nie vir die onderskeie kultuurgroepe in Suid-Afrika dieselfde betekenis het nie. Die vertolking van Geloftedag as 'n oorwinning van wit oor swart het die groot meerderheid persone van kleur asook 'n groeiende aantal blankes vervreem en 'n simbool van weerstand geword. Historiese gebeure, soos die stigting van Umkhonto weSizwe en die begin van die ANC se gewapende stryd op 16 Desember 1961, was vir die meerderheid Suid-Afrikaners van groter belang as die gelofte en die Slag van Bloedrivier. Dié faktore het die weg gebaan tot die omskepping van Geloftedag in Versoeningsdag, soos dit in die Grondwet van 1994 vervat is.

By die onthulling op 16 Desember 1999 van die Ncome-museum by die bestaande Bloedrivier-terrein, waar 'n herinterpretasie van die 1838-gebeure uitgebeeld word, het dr Mangosuthu Buthelezi, as regstreekse afstammeling van die Zoeloe-koningshuis, 'n nuwe gelofte aan die hand gedoen:

'Laat dié dag beskou word as 'n nuwe gelofte wat ons saambind in die gedeelde toewyding om 'n nuwe land te bou deur die gesamentlike stryd teen armoede, ongelykheid, korrupsie, misdaad en 'n gebrek aan dissipline op alle vlakke.'

JAN VISAGIE






4-5



6



1

# 1841. 'Wenburg': Eerste Vrystaatse gemeente

Wie die verweefdheid van die geskiedenis van die NG Kerk met dié van die Afrikaner ken, sal nie verbaas wees dat Winburg as die oudste NG gemeente in die Vrystaat ontstaan het nie. Dit was 'n uitvloeisel van die Groot Trek of emigrasie na die binneland van Suid-Afrika vanaf 1836.

Een van die Voortrekkerleiers, Andries Hendrik Potgieter, het feitlik die hele gebied tussen die Vet- en die Vaalrivier op 13 Junie 1838 van die Bataung-kaptein, Makwana, vir 'n aantal beeste verruil. Aangesien Potgieter en sy volgelinge met die Trekkers in Natal verskil het oor die eindbestemming van die Trek, het hulle hulle in die omgewing van die huidige Winburg en verder noord tot by die huidige Potchefstroom gevestig. Ná onderhandelings tussen Potgieter en Andries Pretorius het die Winburg-Potchefstroom-gebied na 16 Oktober 1840 'n adjunkraad van die Republiek Natalia gevorm. Die Volksraad sou in Pietermaritzburg gesetel wees.

### DORP- EN GEMEENTESTIGTING OP WINBURG


Die behoefte aan dorpstigting in die omgewing van Winburg is gou aangevoel. Oor die presiese plek waar die dorp aangelê moes word, was daar, soos dikwels in ons dorps- en kerkgeskiedenis, nie eenstemmigheid nie. Die gemoedere het só hoog geloop dat, toe die voorstanders van die dorpstigting op die plaas Waayfontein van JF de Beer by 'n vergadering van belangstellendes die uitslag in hulle guns kry, hulle dadelik besluit het om die nuwe dorp 'Wenburg' te noem. Op 8 Oktober 1841 het die Volksraad in Pietermaritzburg die dorpstigting op Waayfontein goedgekeur. Die naam Wenburg is mettertyd vervang deur Winburg.

Soos gebruiklik, het die Natalse Volksraad ook in die geval van Winburg op 16 Januarie 1841 'n kerkraad vir dié gemeente aangewys. Daar is hierbenewens bepaal dat die nuut aangestelde Voortrekkerpredikant en Amerikaans-Presbiteriaanse sendeling, Daniel Lindley, ook Winburg sou bedien. Lindley kon egter eers in Maart 1842 die Winburg-omgewing besoek.

Tydens hierdie besoek het Lindley die aangewese kerkraad in die amp bevestig, 'n aantal paartjies getrou, talle belydenis van geloof laat aflê én 331 kinders gedoop. Die groot getalle kan toegeskryf word aan die pioniersomstandighede van destyds waaronder van hierdie mense selde 'n predikant gesien het. Beide die doop- en lidmaatregisters van Winburg – dit is die vroegste amptelike dokumente van die gemeente uit hierdie tyd – dateer vanaf 31 Maart 1842.



2








3·4·5

1. *Die neo-Gotiese NG sandsteenkerk op Kerkplein, Winburg – soos dit vandag daar uitsien.* FOTO: H GOUS
2. *Die nuwe kerk in aanbou in 1899, met die gekapte sandsteenblokke duidelik sigbaar op die voorgrond. Die oorspronklike kerkgebou is afgebreek om vir 'n groter en doelmatiger struktuur plek te maak. Soos destyds dikwels gebruiklik was by NG kerke, was die argitekte en boukontrakteurs Engels – in dié geval selfs in die aanloop tot die Anglo-Boereoorlog. Die onvoltooide kerk is gedurende die oorlog in 'n Britse veldhospitaal omskep.* NG KERKARGIEF, BLOEMFONTEIN
3. *Gedenkalbum met die inwyding van Winburg se nuwe NG kerk op 18 Maart 1904. Die hoofingang en kerktoring het hier 'n ereplek, met weerskante foto's van pres MT Steyn en ds JJT Marquard. Ds Marquard was die plaaslike predikant tydens die inwyding en moderator van die NG Kerk in die Vrystaat. Die dorp Marquard is na hom genoem.* NG KERKARGIEF, BLOEMFONTEIN
4. *Die NG kerk op Philipolis – een van die oudste Vrystaatse gemeentes, met een van die oudste kerkgeboue. Die oorspronklike saalkerkie van 1871 is deur argitek Wocke ontwerp en in 1895 deur argitek Hawkins vergroot.* FOTO: H GOUS
5. *Die hoeksteen van die Winburg-kerk is op 20 Januarie 1899 deur pres MT Steyn gelê.* FOTO: H GOUS

### VERSKILLE OOR DIE STIGTINGSDATUM

Gereformeerd-kerkregtelik beskou vind gemeentestigting normaalweg deur 'n ring op aanbeveling van 'n kerkraad plaas. Teen 1841 was daar egter nog geen ring in die Republiek Natalia nie. Boonop is sekere kerklike werksaamhede, na gelang van die gebruike in die Kaapkolonie én hulle begrip van artikel 36 van die Nederlandse Geloofsbelydenis, tydens die uittog van die Emigrante en onmiddellik daarna in elk geval deur die politieke owerheid gereël. Gemeentestigting en die aanwysing en besoldiging van predikante deur die Volksraad is dus destyds aanvaar as die aangewese weg.

Die bestaan van sulke gemeentes is later in die lig van nuwe beskouings en gebruike nie as 'onwettig' bevraagteken nie. Die Volksraad het wel soms as 'n soort meerdere vergadering, ring of sinode opgetree. Dit was byvoorbeeld ook die Transvaalse Volksraad wat die belangrike versoek van die Algemene 'Hervormde' Kerkvergadering in Transvaal in 1859 afgekeur het om by die Kaapse Sinode van die NG Kerk in te skakel.

Teen hierdie agtergrond kan die stigting van die NG Gemeente Winburg tot 1841 teruggevoer word, omdat die besluit dat die lidmate van hierdie omgewing 'n gemeente vorm, reeds in 1841 geneem is. In die ongewone destydse omstandighede moes die bevestiging van 'n kerkraad en daarmee 'n behoorlike ordening van die bediening van die Woord, sakrament en tug in die gemeente, wag tot Lindley se besoek in 1842. Die meningsverskille oor die stigtingsdatum van die Winburg-gemeente duur in sommige kringe steeds voort. Dit bly egter die oudste Vrystaatse gemeente.

Winburg beskik tans oor 'n sierlike sandsteen-kerkgebou in neo-Gotiese katedraalstyl. In die destydse tradisie van 'n noue band tussen die NG Kerk en die staat, is die hoeksteen van die gebou op 20 Januarie 1899 deur president MT Steyn gelê. Britse troepe het die gebou half voltooid en sonder 'n dak tydens die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) as hospitaal gebruik. Die kerk is in 1904 voltooi.

Die gemeente Winburg het ook tydens die Rebellie van 1914 'n verskil van mening beleef. Hieruit het die 'Rebelle'-gemeente van Rietfontein in 1917 tot stand gekom.

PIET STRAUSS



1

# 1841. Kategese en Sondagskool - tekens van hoop

Die geloofsvorming van kinders was sedert die Hervorming vir die gereformeerde kerke van sentrale belang.

In die voetspore van die Jode en eerste Christene het die Hervormers kategismusse geskryf en kinders voorberei vir volwaardige lidmaatskap van die kerk. Hierdie vorm van onderrig het die koloniste aan die Kaap via die Sinode van Dordrecht (1618-1619) bereik. Kinders van Christene is in skool en kerk godsdienstig onderrig. Die Voortrekkers het tydens die Groot Trek die onderrig aan kinders voortgesit. Dit was in wese die kategese-lyn wat tot vandag nog soos 'n goue draad deur ons kerkgeskiedenis loop.

### ONTSTAAN VAN SONDAGSKOLE

'n Belangrike ontwikkeling, wat die NG Kerk se denke en praktyk grootliks beïnvloed het, was die ontstaan van die Sondagskool in Engeland. Robert Raikes het in 1780 die eerste Sondagskool begin vanweë sy besorgdheid oor die lot van straatkinders, wat ses dae per week in fabrieke gewerk het. Kinders is nie slegs uit die Bybel geleer nie, maar ook gehelp om te lees en skryf. As uitgewer van 'n koerant en drukker het Raikes die Sondagskool-gebruik bevorder. Dit het vinnig veld gewen, onder meer in die Verenigde State van Amerika. Hierdie stelsel bestaan reeds sedert 1844 in Suid-Afrika.

Sondagskole in ons land is aanvanklik veral vir gemeentekinders gehou en was nie primêr toegespits op minderbevoorregte buitekerklike kinders nie. Vir die NG Kerk het dit grootliks gegaan oor die persoonlike geloofslewe van kinders en hulle vorming tot bruikbare lede van die kerk. Later is tog ook in toenemende mate na buitekerklikes uitgereik.

In 1925 is die Algemene Sondagskoolkommissie van



2

die Gefedereerde Kerke gestig. Die publikasie van *Die Kindervriend* en *Môrelig* en *Die Katkisasieboek* is deur dié Kommissie oorgeneem. In 1930 is die Sondagskooldepot en in 1959 die Sondagskoolgebou in Bloemfontein geopen.

### TOTALE BEDIENING

Die totstandkoming van die Algemene Jeugkommissie in 1966 kan as 'n draaipunt beskou word ná die kerkvereniging van 1962.

Ná 1966 is 'n meer holistiese benadering gevolg. Kategese is gesien as die totale bediening aan dooplidmate en het die Sondagskool en die katkisasie saamgesnoer. Omvattende en gedifferensieerde leerplanne is ontwikkel en boeke en hulpmiddels is voorsien. In 1974 is kleuterkategese ook ingevoer en later afsonderlike leerboeke vir kleuters gepubliseer, asook vir verstandelik gestremdes. 'n Afsonderlike reeks van drie boeke met kleurskyfies, *God praat met my*, is voorsien. 'n Eenvoudiger belydenis is in 1986 deur die Algemene Sinode aanvaar. Boeke vir die kategese van volwassenes is hierna ook geskryf.

Die kinders is lank deur middel van die Bybelkennis-eksamens aangemoedig om hulle Bybelkennis op te skerp. Later is dié eksamens vervang met die standaardtoetse, wat tans met die oop Bybel afgelê word.

Kategete-opleiding is van vroeg reeds as baie belangrik beskou. In 1934 is *Die Sondagskool. Handleiding vir Voorgangers en Onderwysers* deur ds PK Albertyn gepubliseer en in 1942 het dr E Greyling se *Godsdiensonderwys in die kerk* verskyn. In 1966 was die kursus van die Gefedereerde Sondagskoolkommissie nog in volle swang. Toe 'n nuwe reeks kategeseboeke aan die begin van die sewentigerjare bekend gestel is, is deeglike opleiding aan kategete by konferensies en deur middel van handleidings gegee. In 1977 is *Bekwaam om te leer* deur die Algemene Jeugkommissie en Bybelkor bemark.

Dit is later opgevolg deur die sewe modules van *Kategeet vir Christus*. Die Jeugkommissie het begin om opleidingskursusse in twee sessies te publiseer wat ook op die internet beskikbaar is. Die verhoudingskategese word tans baie beklemtoon in 'n strewe na toegewyde, opgeleide en goed toegeruste kategete.

Kerklike kategese is aanvullend by en ondersteunend tot die taak van ouers, wat onder meer op kategese berus. In die nuutste kategesereeks (1997-2000) is doelbewus op ouerbetrokkenheid gefokus.

Die hoogstaande vlak van die kategesebediening in die NG Kerk is deels te danke aan voortdurende navorsing. Dit het in 1966 gelei tot 'n omvattende verslag van die Sondagskoolstudiekommissie. In 1989 is die resultate van 'n landswye tienerondersoek ook bekend gemaak.

Aanvanklik was die kategesemateriaal slegs deur die kerk se amptelike kommissies voorsien. Alternatiewe kategesemateriaal is sedert die negentigerjare bemark. Die erediens, kategese en gesin in onderlinge samehang is beklemtoon, onder meer deur BUVTON (Buro vir Voortgesette Teologiese Opleiding en Navorsing op Stellenbosch) se *Leesrooster*. *Kruislogika* beklemtoon weer selfwerksaamheid en leer-deur-ervaring.

Die jongste kategesereeks plaas die klem op onderrig, viering en diens. Selfwerksaamheid word ook bevorder deur interaktiewe ervaringsleer. Die toelating van kinders tot die nagmaal deur die Algemene Sinode in 1998 het daartoe gelei dat gesprekke oor die nagmaal reeds vanaf graad 4 in die leerplan ingesluit is. Daar is gepoog om die gebrek aan Bybelkennis te ondervang deur die *Bybelleesboek 1-5*, waardeur die Bybel in 'n siklus van vyf jaar deurgelees kan word. Die kinders se *Doenboek* en *Bybeldagboek* dien hierbenewens om die inhoud van die ontmoeting in te skerp deur in die aand toepaslike Skrifdele te lees.


1. *Sondagskoolkinders voor die NG kerk in Caledon, ca 1860. Hierdie sierlike gebou is op 1 Januarie 1813 ingewy. Die streek, aanvanklik bekend as Zwartberg of 'het warme Bad', is in 1813 na die Britse goewerneur, die hertog van Caledon, genoem. Die kerk is gesloop om plek te maak vir die groter en doelmatiger kerk van 1876.* KAAPSTAD ARGIEFBEWAARPLEK
2. *'n Groepie katkisante van die NG Gemeente Kaapstad (Groote Kerk), 2000. Aktiwiteite maak deesdae dikwels deel uit van die kategese-program. Die eerste Sondagskool in Suid-Afrika is in 1841 in die Voortrekker-gemeente Pietermaritzburg gehou. Die eerste Sondagskool van die Kaapse Kerk is in 1844 in die gemeente gehou. Die betrokke kerkraadsnotule van 26 Mei lui: 'Zoo heeft de Kerkeraad der Gereformeerde gemeente in de Kaapstad besloten, een [zondagschool] op te richten.'* FOTO: M VAN ZYL
3. *'Catechesazie Klas', 1907. Jongmense is destyds in die loop van veertien dae gekatkiseer voordat hulle toegelaat is om openbare belydenis van hulle geloof af te lê. Elkeen wat die destydse 'Boerematriek' afgelê het, het 'n belydende lidmaat van die NG Kerk geword en is toegelaat om nagmaal te gebruik.* KAAPSTAD ARGIEFBEWAARPLEK
4. *Afbeelding van die Trichardt-trekgeselskap wat uitspan in die Laeveld onderweg na Delagoabaai, 1838. By die kakebeenwa sit die 77-jarige Daniel Pfeffer met die Bybel, besig om die drie kinders van Louis Trichardt te katkiseer.* KINDERMONUMENT, BLOEMFONTEIN. FOTO: R BRÖNN

Soos die grondlegger van die Metodiste, John Wesley, dit gestel het, kan die Sondagskool (en kategese) as een van die hoopvolste verskynsels in die Christelike kerke sedert die dae van die Apostels beskou word. Die NG Kerk se volgehoue en toegespitste aandag aan kinders in die kategese deur toegewyde Christen-kategete en leraars, maak dit een van die belangrikste verskynsels vir die toekoms.

LOUIS DRESSEL


3


4


WETTEN EN BEPALINGEN

VOOR HET BESTUUR

DER

Nederduitsch-Gereformeerde Kerk,

IN ZUID-AFRIKA.

Gerevideerd in de Algemeene Kerkvergadering, gehouden in de Kaapstad, op den 1sten November en volgende dagen van het Jaar 1842;

EN BEKRACHTIGD DOOR

EENE ORDONNANTIE VAN DEN WETGEVENDEN RAAD OP DEN 8sten NOVEMBER, 1843, EN OP DEN 11den NOVEMBER, 1851;


*Met de veranderingen in de Algemeene Kerkvergaderingen gemaakt, gehouden op den 12den en 13den October, en volgende dagen van de jaren 1847, 1852, 1857, en 1862—1863.*

KAAPSTAD:
BIJ N. H. MARAIS, LANGESTRAAT.

1864.

1


2


3

# 1842. Nuwe 'wetten en bepalingen' en 'n nuwe naam

Artikel 46 van De Mist se kerkorde het die Kaapse Kerk in staat gestel om in 1824 sy eerste sinodesitting te hou. Dit is opgevolg deur die sinodes van 1826, 1829 en 1834 waartydens daar sprake was van betreklike goeie samewerking met die owerheid.

Daar was tog 'n onderliggende spanning aanwesig. Die feit dat die Britse goewerneur al die besluite van die kerk moes goedkeur, het meegebring dat die derde sinode eers in 1829 gehou kon word, omdat die besluite van die voorafgaande twee sinodes nog nie aanvaar was nie. Dit was ten spyte daarvan dat De Mist se kerkorde bepaal het dat daar elke twee jaar sinodes gehou moes word. In 1837 is 'n vervroegde sinode gehou omdat daar probleme in die gemeentes van Tulbagh en Kaapstad was vanweë owerheidsinmenging. Die gebeure was sekerlik die aanleiding tot die beskrywingspunt van dr W Robertson van Swellendam by die sinode van 1837 dat 'n kommissie aangewys word om die bestaande kerklike wette te hersien.

Die sinode van 1842, amptelik bekend as die Zesde Vergadering van de Algemeene Synode der Nederduitsch Gereformeerde Kerk van Zuid-Afrika, het op 1 November in die 'Consistoriekamer' van die pas ingewyde Groote Kerk byeengekom. Reeds op die tweede sittingsdag het die vergadering die hersiene *Wetten en Bepalingen voor het bestuur der Nederduitsche Gereformeerde Kerk in Zuid-Afrika* oorweeg. Dit is op 14 November 1842 tydens die twaalfde sittingsdag afgehandel. Die goedgekeurde en later gepubliseerde dokument het uiteindelik 282 artikels behels wat in ses afdelings verdeel is.

### DIE 282 ARTIKELS BEPAAL DIE REËLS

Die eerste deel van tien artikels het algemene bepalinge bevat. Daar is spesifiek bepaal dat die Reglement van Orde in alle kerkvergaderings in ag geneem moes word. Artikels 11-25 het oor die algemene kerkvergadering gehandel. Die bestuur van die ringe en gemeentes is vervolgens behandel. Ar-

tikels 55 tot 74 het bepalings gehad oor 'Godsdienstige Onderwys; – Godsdienstige Onderwyzers en derselver vereischten, en toezigt op het Godsdienstig Onderwys'. Daar is onder meer goedgekeur dat predikante uit die buiteland deur die aktuarius aan die Kaap gelegitimeer moes word. By hierdie geleentheid moes die leraar 'n verklaring onderteken '... dat hy de leer welke in het formulier van Eenigheid der gereformeerde kerk vervat is, beschouwt overeenkomstig Gods Heilig Woord te zyn'.

Die laaste en breedvoerigste deel van die bepalings (artikels 75 tot 282) het bestaan uit verskillende reglemente. Daar was benewens die 'Reglement op het uitoefening van Kerkelyk Opzigt en Tucht' ook voorskrifte vir die 'Wyze van handelen voor het Rings-Bestuur' (ten opsigte van appèlle en geskille). Hiernaas was daar 'n 'Reglement op de Vacaturen, alsmede op de beroeping en het ontslag van Predikanten', asook 'n 'Reglement voor het Predikants Weduwen Fonds'.

Die bedoeling van die nuwe 'Wetten en Bepalingen ...' was duidelik om die kerkorde van De Mist te vervang. Die hersieningskommissie het hulle opdrag só verstaan dat hulle beide die kerkorde én die Algemene Bepalinge van 1824, soos aangevul by daaropvolgende sinodes, in hersiening moes neem.

NUWE BEPALINGS GETROU AAN OU BEGINSELS

Kerkhistorici en kerkregtelikes het al periodiek aangetoon dat die hersiene wette en bepalings van 1842 steeds deur die Nederlandse Reglement van 1816 beïnvloed is. Hiervolgens is die kerk as 'n genootskap van persone beskou waar die posisie van die plaaslike gemeente ten gunste van die gesag van die sinode ingeboet is. Die sinodes is as hoogste gesag beskou en frases soos 'Hooger Kerkelijk Collegie', 'hoogere Kerkbestuur' en 'mindere Bestuursvergaderingen' dui op kollegialistiese invloede waaruit die gees van die Reglement van 1816 spreek.

'n Belangrike verdere bewys dat die kerk nie van tradisies en beginsels wou afwyk nie, was juis op 14 November 1842 by die sinode toe die naam van die kerk vasgestel is as die 'Nederduitsche Gereformeerde Kerk van Zuid-Afrika'. Dit het 'n einde gemaak aan al die verwarrende terme voor 1842. Daar is tot in daardie stadium afwisselend gepraat en verwys in korrespondensie en dokumente na veral die 'Gereformeerde Kerk', die 'Hervormde Kerk', en die 'Reformed Church'. Sinonieme soos die 'Dutch Reformed Church', die 'Nederduitsche Hervormde Kerk in Zuid-Afrika', en 'De Hollandsche Gereformeerde Kerk' is ook soms gebruik.

Die Kaapse Sinode het in sommige opsigte klaarblyklik doelbewus geprobeer om homself van die Nederlandse Algemene Reglement van 1816 te distansieer. Dit was deur van 'n 'Algemeene Kerkvergadering' te praat eerder as van 'n 'synode' of 'synodale vergadering', terme wat indertyd in die Algemene Reglement gebruik is.

Die kerklike tug is hierbenewens noukeuriger omskryf as in die Nederlandse dokument en konsekwent deurgevoer ten opsigte van die formulier. Daar is verder doelbewuste pogings aangewend om weg te doen met bestuurskolleges wat só kenmerkend was van die Reglement van 1816. Terselfdertyd is gepoog om die funksies en pligte van die kerkrade duidelik te omskryf.



4

1. *Titelblad van die 'Wetten en Bepalingen', 1864.*
2. *Prominente predikante van die NG Kerk, ca 1850.*
NG KERKARGIEF, KAAPSTAD
3. *Nagmaalviering deur sinodegangers in die Groote Kerk, 1936.*
NG KERKARGIEF, KAAPSTAD
4. *Dr J Froneman, hoof van die NG Kerkargief in Pretoria, met swaelstertpak en pluiskuil wat vroeër as ampsdrag gebruik is. Die bynaam vir lidmate van die NG Kerk, Gatjieponners, is ontleen aan die swaelstertpakke (gatjaponners in die volksmond).* FOTO: A SWIEGERS
5. *Ampseël van die Gemeente Kaapstad, 1851.*
NG KERKARGIEF, KAAPSTAD




5

Die 'Wetten en Bepalingen' van 1842 het die Formuliere van Enigheid voorts spesifiek vermeld as die simbole waarin die leer van die kerk geformuleer is. Van alle leraars in die kerk is verwag om die akte van toelating tot die bediening in die kerk te onderteken en daarmee te kenne te gee 'dat hij de leer welke in het formulier van Eenigheid der Gereformeerde Kerk vervat is, beschouwt overeenkomstig Gods Heilig Woord te zyn'.

Toe die *Wetten en Bepalingen voor het bestuur der Nederduitsche Gereformeerde Kerk in Zuid-Afrika* op 14 November 1842 goedgekeur is, was dit 'n belangwekkende dag in ons kerkgeskiedenis. Die NG Kerk het toe enersyds sy huidige naam aanvaar. Andersyds het die gebeure by dié sinode onmiskenbaar te kenne gegee dat die kerk nie wil afwyk van sy gereformeerde herkoms, tradisie en identiteit nie.

PIETER COERTZEN

1



Die volksbeweging bekend as die Groot Trek wat vanaf 1836 die Suid-Afrikaanse geskiedenis ingrypend sou verander, was deels 'n politieke emansipasie. Dit was 'n doelbewuste poging om weg te trek van die Britse owerheid met die oog op 'n eie onafhanklike staat. Die Voortrekkers was veral afkomstig uit die Oosgrensdistrikte van die destydse Kaapkolonie en het hulle ná matelose ellende en ontberings mettertyd in die Transgariep gevestig. Dit was die gebied noord van die Groot- of Oranjerivier, nou bekend as die Garieprivier.

## GODSDIENS OP DIE TREKPAD

Die moeilike omstandighede op die trekpad en later in meer gevestigde gebiede in die binneland het die Voortrekkers geensins verhinder om hulle godsdiens te beoefen en selfs later die kerklike lewe te organiseer nie. 'n Wesenlike probleem was dat geen Kaapse predikant die Groot Trek wou meemaak nie, sodat baie van die Trekgroepe etlike jare van gereelde Woordbediening en sakramente ontsê is.

Reeds op die trekpad is nietemin in navolging van die kerklike gebruik in die Kaapkolonie ouderlinge en diakens aangewys. Die kerkraadslede het in die Voortrekkerlaers gesorg vir 'boekevat' en by die ontstaan van nedersettings was dit ook hulle wat na die godsdienstige belange van die Trekkers omgesien het. Die Woord van God was die rigsnoer en godsdiensoefeninge 'n permanente en integrale deel van dié pionierslewe.

Waar die kerk dus wel in die gestalte van gelowiges in samekomste om die Woord en aanbidding aanwesig en lewenskragtig was, was daar nog geen formele ordening van die kerklike lewe in die vorm van gemeentes nie. Wekroepe tot die Kaapse Kerk om predikante te stuur wat kon help om die kerklik-godsdienstige lewe te organiseer, was in daardie omstandighede onmoontlik.

Een van die vroegste pioniersnedersettings in hierdie streek het aan die oewers van die standhoudende Mooirivier ontwikkel. Die Voortrekkerleier Andries Hendrik Potgieter en sy volgelinge het hier in Desember 1838 die dorpie Potchefstroom aangelê. Dit was die eerste permanente 'Europese' nedersetting noord van die Vaalrivier en sou tot 1860 as die hoofstad van die Zuid-Afrikaansche Republiek dien.

## DANIEL LINDLEY, KERKPIONIER IN DIE TRANSGARIEP

Eerw Daniel Lindley het hom as Amerikaanse sendeling kort ná die Groot Trek in Natal bevind waar hy hom die lot van die herderlose Voortrekkergemeenskappe aangetrek het. Hierdie simpatieke houding en belangstelling in die Voor-

trekkers het daartoe bygedra dat die Volksraad hom in 1841 as leraar aangestel het. Dit was nadat Lindley die nodige dokumentasie getoon het dat ' ... hij een geordend predikant is van de Presbijtriaansche Kerk ...'. Die Presbiteriane het in leer en kerkregering ooreenkomste vertoon met die Kaapse Kerk, waaraan die meerderheid Voortrekkers verbonde was.

Eerw Lindley kan in sekere opsigte beskryf word as grondlegger van die NG Kerk in die Transgariep. Hy het dadelik begin om die kerklike lewe in die destydse Natal, die Vrystaat én Transvaal te organiseer. Hy het dit as 'n prioriteit beskou om die wyd verspreide lidmate te besoek in 'n gebied wat die Republiek van Natalia ingesluit het en tot by Winburg en Potchefstroom gestrek het.

Aan die einde van Maart 1842 het Daniel Lindley by die Mooirivier aangekom en kennis gemaak met die godsdienstige leiers van daardie omstreke. Op 26 Maart 1842 het hy daar lidmate 'aangeneem' en die volgende dag die doop van 'n aantal kinders behartig. Verder het hy gesorg dat 'n behoorlike lidmate- en doopregister bygehou word. Hierdie handelinge kan as die stigtingsdatum van die oudste gemeente in die Transvaal beskou word. Die destydse herderlose pioniersomstandighede word weerspieël deur die feit dat die name van 103 belydende lidmate en 188 dooplidmate in die vroegste twee registers opgeteken is.

Eerw Lindley het hierna die Potchefstroom-gemeente gereeld besoek. 'n Meer positiewe houding by die Kaapse Kerk teenoor hierdie en ander eertydse lidmate wat hulle permanent buite die koloniale grense gevestig het, het daartoe gelei dat predikante-deputasies periodiek hulle opwagting by Potchefstroom en elders gemaak het. Dié simpatieke leraars het by sulke geleenthede die Woord en sakramente bedien en ander noodsaaklike pligte vervul.

Ongelukkig was nie een van hierdie predikante gewillig om hulle onder die lidmate te vestig nie. Die Mooiriviergemeente sou dus grootliks herderloos bly totdat ds Dirk van der Hoff op 6 Junie 1853 uit Nederland as eerste permanente leraar in Potchefstroom ontvang en 'verklaar' is. Stormagtige politieke én kerklike omstandighede het egter meegebring dat Van der Hoff nog dieselfde jaar die Nederduitsch Hervormde Kerk gestig het. Gemeentes soos Potchefstroom was hierna vir lank weer kerklik aan hulle eie lot oorgelaat.

Die gemeente Mooirivier het intussen reeds op 1 November 1841 'n kollektelys met die oog op die oprigting van 'n kerkgeboutjie rondgestuur. Ds Andrew Murray jr van Bloemfontein het met sy derde besoek aan Potchefstroom dienste gehou in 'n onvoltooide kruiskerk. Murray en sy broer, ds J Murray, het dié kerkgebou op 19 April 1851 ingewy.

Die huidige imposante neo-Gotiese kerkgebou se hoeksteen is op 3 Februarie 1894 deur pres Paul Kruger van die Zuid-Afrikaansche Republiek gelê. Die ontwerp van die gebou word aan Richard Wocke toegeskryf.

Die twis en tweedrag in Potchefstroom, soos elders tydens die Rebellie, het tot die afstigting van die gemeente van Mooirivier op 5 Februarie 1917 gelei. Die bestaande gebou het hierna die 'Rebellesie'-gemeente gehuisves.

FLIP VAN DER WATT




2

1. *Kerkgebou van die NG Gemeente Potchefstroom. Ds (later prof) John Murray het die inwyding van die eerste kerkgebou in 1851 waargeneem tydens 'n besoek aan lidmate in die 'overvaalsche' gebied.* GEDENKBOEK, NG KERK POTCHEFSTROOM, 1842-1992
2. *Ds Daniel Lindley (1801-1880), bekende Voortrekkerleraar en vroeëre Amerikaanse sendeling. Hy het in Maart 1842 by die Mooirivier 'n groot aantal lidmate aangeneem en kinders van Voortrekkers gedoop. Hy word erken as die stigter van die oudste 'overvaalsche' gemeente.* KAAPSTAD ARGIEFBEWAARPLEK
3. *Die swaartepunt van die NG Kerk in die voormalige Transvaal het algaande na Pretoria as hoofstad verskuif. Die kerk van 1885 en die Paleis van Justisie simboliseer hier 'n noue verbintenis, hoewel die verhoudinge in die destydse ZAR tussen die Volksraad en die NG Kerk by tye gespanne was.*
4. *Die koor van die gemeente Potchefstroom, 1915.* NG KERKARGIEF, PRETORIA

3



4



1 


# 1843. Ordonnantie 7: Vryheid of verknegting?

Die sinode van die Kaapse Kerk het nie in 1842 onmiddellik sy hersiene 'Wetten en Bepalingen' aan gemeentes bekend gemaak nie. Die vernaamste rede was dat hulle eers die owerheid se goedkeuring daarvoor wou verkry.

Hierdie bepalings moes die kerkorde van De Mist vervang, wat deur wetgewing aanvaar is en dus net deur die wetgewer herroep kon word. Daar is verder aangevoer dat deur aan die 'Wetten en Bepalingen' wetlike sanksie te gee, dit meer gesag sou hê. Wetlike status vir die bepalings kon die Kaapse Kerk in staat stel om, indien nodig, die hulp van 'n regter in te roep om dit toe te pas.

Ná voorleggings deur die Moderatuur en die politieke kommissarisse het sir William Porter, die destydse prokureur-generaal, in opdrag van sir George Napier as Kaapse goewerneur op 22 Julie 1843 aan die Wetgewende Raad kennis gegee dat 'n ordonnansie vir die NG Kerk voorberei is. Dit is beskryf as 'a code of laws more adapted to the present circumstances of the Church and the Colony, than those comprised in the Church Ordinance of Commissioner-General De Mist.' Dit is as 'The separation of Church and State Petition' ingedien en op 8 November 1843 as Ordonnantie 7 van 1843 geproklameer.

### DIE TIEN ARTIKELS VAN ORDONNANSIE 7

Volgens die tien artikels van dié ordonnansie is die kerkorde van De Mist herroep omdat dit nie meer as geskik beskou is vir die Nederduitse Gereformeerde Kerk 'of voor den Kerkelyken staat dezer Kolonie in het algemeen' nie. Daar is ook aan kerkgenootskappe en by name die Algemene Kerkvergadering of Sinode van die NG Kerk die bevoegdheid verleen om sy eie sake te reël.

Vroeëre wetgewing is herroep en die 'Wetten en Bepalingen' van 1842 is as die enigste geldendes van die Kaapse Kerk verklaar. Enige toekomstige wette en bepalings kon egter nie in stryd wees met Ordonnansie 7 nie. Laasgenoemde wetgewing het aan die Kaapse goewerneurs die bevoegdheid gegee om vakatures vir predikante te vul in gemeentes wat subsidies van die owerheid ontvang het. Die wetgewing sou ook 'n bevestiging wees dat die kerk die geloofsbelydenis van die Dordtse Sinode en die Heidelbergse Kategismus erken, aanvaar en bely. In geskille sou die lede wat hierdie belydenis onderskryf, beskou word as die ware gemeente, kerkraad, ring en sinode en as sodanig op alle fondse, voorregte, eiendomme en regte geregtig wees. Die NG Kerk sou beheer en tug uitoefen deur middel van kerkrade, ringsvergaderings en die sinodes.

Hierbenewens is bepaal dat die algemene kerkvergaderings (sinodes) te alle tye moes bestaan uit al die diensdoenende predikante van die Kaapse Kerk en een diensdoenende ouderling of oud-ouderling van elke kerkraad. (Net die Kerkraad van Kaapstad kon twee ouderlinge benoem.) Ordonnansie 7 het voorts wetlike voorsiening gemaak én voorskrifte gehad vir alle betrokkenes, asook vir klagtes, burgerlike regsaksies en selfs vir waarborge van die eiendomsreg van die kerk.

### DIE KERK WEER EENS ONDERGESKIK AAN DIE STAAT

Daar is gehoop dat Ordonnansie 7 van 1843 die Kaapse



No. 7—1843.

(Geteekend) GEORGE NAPIER.

**ORDONNANTIE**

*Vastgesteld door den Gouverneur van de Kolonie de Kaap de Goede Hoop, met Advies en Consent van den Wetgevenden Raad van dezelve.*

Tot het herroepen van de Kerk Regulatien van den 25sten Julij 1804, en het vaststellen van andere in derzelver plaats.

NADEMAAL de Kerk Regulatien gemaakt en gepubliceerd door den Commissaris Generaal van het toenmalige Bataafsche Gouvernement van de Kaap de Goede Hoop, Mr. J. A. DE MIST, gedateerd den 25sten Julij 1804, in vele opzigten hebben opgehouden geschikt te zijn voor de Nederduitsch-Gereformeerde Kerk, of voor den Kerkelijken staat dezer Kolonie in het algemeen: En nademaal het raadzaam is geworden, ten einde andere en meer gepaste voorzieningen in de plaats te stellen van zoodanige Regulatien bovengemeld, welke verouderd of ontoepasselijk zijn geworden, dat de gezegde Regulatien geheel zullen worden herroepen, en de zelfstandigheid van zoodanige, welke het wenschelijk is te behouden, expresselijk weder worden vastgesteld: Zoo wordt daarom vastgesteld, door den Gouverneur van de Kaap de Goede Hoop, bij en met advies en consent van den Wetgevenden Raad van dezelve, dat de gez. Kerk Regulatien van den 25sten Julij 1804, en alle andere wetten en costumen vóór deze in kracht binnen deze Kolonie, in zoo verre dezelve strijdig of onbestaanbaar zijn met eenige van de voorzieningen dezer Ordonantie, zullen zijn, en dezelve worden bij deze herroepen.

2. En wordt verder vastgesteld en verklaard, dat geen Godsdienstig Kerkgenootschap of Gezindte binnen deze Kolonie, is of zal geregtigd zijn, om als eene zaak van regt, uit Harer Majesteits inkomsten in deze Kolonie te vorderen eenige geldelijke contributie of toelage voor, of tot het onderhoud van het ministerie van zoodanig Kerkgenootschap of Gezindte, of voor eenig ander einde hoe ook genaamd, en dat alle zoodanige sommen welke van tijd tot tijd zullen worden verleend uit de gez. inkomsten, aan of ten voordeele van eenig zoodanig Kerkgenootschap of Gezindte, zullen moeten worden beschouwd als blootelijk vrijwillig, en

A

2

1. *Syaansig van die Parlementsgebou in Kaapstad, met die standbeeld van koningin Victoria, Britse monarg van 1837 tot 1902. Die proklamering van Ordonnansie 7 van 1843 het tydens haar bewind plaasgevind. Baie wetgewing wat die NG Kerk regstreeks geraak het, is in die Parlement deurgevoer.* FOTO: J VAN DER POLL
2. *Ordonnansie 7 van 1843. Die ordonnansie het die oorheersing van die staat oor kerkaangeleenthede verminder, maar die kerk steeds ferm beheer. Die bepaling van kerkgrense het meegebring dat die NG Kerk in 1862 noodgedwonge in vier sinodes moes verdeel. Die vae omskrywing van die belydenisskrifte het tydens die liberale stryd 'n negatiewe uitwerking gehad. Die ordonnansie is ná bykans 120 jaar op 3 Maart 1961 deur die Volksraad herroep.*
3. *Die eerste bladsy van die Heidelbergse Kategismus. Dit was oorspronklik bekend as die* Catechismus, of te Onderwyzinge in de Christelyke Leere, die in de Kerken, ende Scholen der Nederlandsche Gereformeerde Kerken geleert wert. *Alle ampsdraers en onderwysers was vroeër verplig om die belydenisskrifte te onderteken.*


Kerk groter vryheid sou gee om sy sake te reël. Dit het egter gou geblyk dat dit die kerk selfs meer aan bande gelê het ten opsigte van sy geestelike karakter en roeping as wat voorheen die geval was. Die Kaapse goewerneurs het steeds die reg behou om predikante wat deur die staat besoldig word, aan te stel. Die kerk is dus weer eens aan die staat ondergeskik gestel en dit kon in wese slegs met die goedkeuring van die owerheid bestaan.

Toe duisende lidmate met die Groot Trek uit die Kolonie getrek het, was daar reeds by baie twyfel of hulle nog in die vreemde aan die NG Kerk behoort. Die staat het hierna by wyse van Ordonnansie 7 van 1843 die karakter, organisasie, bevoegdhede en selfs die grense van die kerk bepaal. In 1862 sou die grense van die Kaapse Kerk deur die Loedolff-hofuitspraak vir die daaropvolgende 100 jaar beperk word. Hierdeur is die verband en bande met die NG Kerk se gemeentes in die Vrystaat, Natal en Transvaal verbreek.

Ordonnansie 7 van 1843 is eers op 3 Maart 1961 deur die Volksraad herroep toe die Private Wet op die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika aanvaar is. Hierdeur is voorsiening gemaak vir die totstandkoming van die Algemene Sinode van die NG Kerk en 'n algemene sinodale verband wat tans uit elf streeksinodes in Suid-Afrika, Namibië en Midde-Afrika bestaan.

Die eerste Algemene Sinode van die herenigde NG Kerk het uiteindelik in 1962 plaasgevind.

PIETER COERTZEN



3

CATECHISMUS,

OFTE

Onderwyzinge in de Chriſtelyke Leere, die in de Kerken, ende Scholen, der Nederlandſche Gereformeerde Kerken geleert werdt.

I. SONDAG.

1. Vraeg. Welk is uwen eenigen troost / beide in 't leven ende sterven?


Antw. Dat ik met lyf ende ziele / beide in 't leven en sterven / niet myn / maer myns getrouwen Saligmakers Jesu Christi eigen ben: die met zynen dierbaren bloede / voor alle myne zonden volkomelyk betaelt / ende my uit alle geweldt des Duivels verlost heeft: ende alzoo bewaert / dat zonder den wille myns Hemelschen Vaders geen hayr van mynen hoofde vallen kan / ja ook / dat my alle ding tot myner zaligheit dienen moet. Daerom dat hy my ook door zynen H. Geest des eeuwigen levens verzekert / ende hem voortaen te leven / van herten willig ende bereit maekt.

2. Vraeg. Hoe veel stukken zyn u noodig te weeten / op dat gy in dezen troost zaliglyk leven en sterven meugt?

Antw. Drie stukken. Ten eersten: hoe groot myne zonden ende elende zy. Ten anderen: Hoe ik van alle my-

A 2

3


1

# 1843. St Stephens: Kerk van vrygemaakte slawe

'Uiteindelik vry!' kon die slawe aan die Kaap op 1 Desember 1838 uitroep. Op wonderbaarlike wyse sou God 'n jaar later die eerste teatergebou in Suid-Afrika gebruik om ook geestelike vryheid aan duisende vrygemaakte slawe te gee. 'n Vrye Christelike gemeente – sedert 15 November 1857 bekend as die Nederduitse Gereformeerde Gemeente van St Stephens – het hieruit ontstaan.

## VAN TEATER TOT KERK

Sir George Yonge, indertyd Britse goewerneur aan die Kaap, het in 1799 'n verterende begeerte gehad om 'n teater op te rig. Dié gebou, aanvanklik bekend as die African Theatre, is op 17 November 1801 op die destydse Boerenplein (tans Riebeeckplein) geopen. Dit was volgens die bekende lady Anne Barnard 'a very fine building' en sy het die toneelspel ook geniet.

Onder die Bataafse bewind is daar na die teater as die Afrikaansche Schouwburg of Komediehuis verwys. Die gewildheid van die opvoerings het mettertyd gekwyn en sedeloosheid in en om die teater het toegeneem. Dit het in 1836 tot die sluiting daarvan deur die Britse owerheid gelei. Dit het die geleentheid geskep vir ds GW Stegmann van die Lutherse Kerk en dr J Adamson van die Presbiteriaanse moedergemeente om met hul werk onder die slawe te begin.

Die eerste diens is paslikerwyse op 1 Desember 1838, die slawe se Vryheidsdag, in die nabygeleë St Andrew's-kerk gehou. In 1839 is die voormalige Komediehuis vir kerk- en skooldoeleindes aangekoop. Op 30 April 1843 het die amptelike inwyding van dié 'slawekerk' plaasgevind.

Die naam van die nuwe gemeente sou 'St Stephens' wees. Dit is genoem na Stefanus, die eerste Christenmartelaar, wat onder 'n klippereën gesterf het. In hierdie geval het die klippe van vyandiges volgens oorlewering tydens 'n erediens skerwe stukkende glas uit die vensters van die vroeëre teater geruk. Hulle was glo beswaard omdat hulle sowel hulle slawe as hulle teater verloor het. Dit is die enigste NG Kerk wat na 'n beskermheilige genoem is.

In die daaropvolgende veertien jaar het dié klein gemeente in ywerige en liefdevolle diens gegroei en volhard. Ds Stegmann en dr Adamson het selfs 'n vereniging gestig wat getrou aan die leer van die apostels was. Dit is daarom De Apostolische Unie genoem. 'n Paar leraars is georden en gestuur na 'buitedistrikte' in gevalle waar vrygemaakte slawe dit versoek het.

## 'N ANDER SOORT SLAWERNY

'n Begeerte na hegter gemeenskap met mede-gelowiges het tot die inlywing van die St Stephens-kerk by die Nederduitse Gereformeerde Kerk op 15 November 1857 gelei. Dit was drie dae nadat ds Stegmann as predikant van die



2

NG Kerk gelegitimeer is en eerste leraar van dié gemeente geword het.

Die gemeente het hierna pynlik daarvan bewus geword dat hulle isolasie buite kerkverband verruil het vir isolasie binne kerkverband. Juis die sinode van 1857 het beslag gegee aan 'apartheid' binne die kerk. Van Christelike meelewing, behalwe die formele sittingsreg in ring en sinode, was daar min sprake. Die kruisweg is dikwels eensaam!

In 1881 het die Nederduitse Gereformeerde Kerk vir gekleurdes, die NG Sendingkerk, tot stand gekom. Die St Stephens-kerk was een van die groepie 'gekleurde' gemeentes wat toe probeer oorreed is om die moederkerk te verlaat. Die Kerk van die Vrygemaakte Slawe het egter geweier om onder dié skeiding te buig. St Stephens het onder groot en volgehoue druk 'n vrye gemeente van die NG Kerk gebly.

Die gemeente het hierna 'n betreklike beskeie 'lae profiel' gehandhaaf. Die verhoudinge binne kerkverband was meestal formeel en die optrede dikwels kwetsend. Eers in 1978 het dié kerk vir die eerste keer as gasheer-gemeente vir die ring opgetree.

Die gemeente het algaande toegekyk hoe die NG Kerk, sy kerk, die apartheidsideologie gesteun en help vestig het. Uiteindelik het die swaard van die Wet op Groepsgebiede hierdie gemeente ook getref – die lidmate is uit die Moederstad oor die Skiereiland versprei. Die pad na die huis van God op Riebeeckplein het al hoe verder, duurder en gevaarliker geword. Die Kerk van die Vrygemaakte Slawe het egter geweier om te swig onder hierdie 'slawerny'.

Mettertyd het die besef gegroei dat apartheid onskriftuurlik is – dat veral die kerk 'oop' moet wees. Die St Stephens-gemeente het vir sommiges 'n omstrede beeld gegee dat die NG Kerk wel nog altyd 'oop' was! Uit dikwels ernstige meningsverskil, het egter uiteindelik die bevrydende boodskap geklink: St Stephens moet bly! Die genade van God het deurgebreek en het van die gemeente 'n steeds vryer, warmer en meer meelewende gemeente van die NG Kerk gemaak.

God het hierdie gemeente, beskeie teken van vryheid, gebruik om mee te werk dat die Nederduitse Gereformeerde Kerk in sy geheel sáám mag bely: 'Die wet van die Gees wat aan jou in Christus Jesus die lewe gee, het jou vrygemaak van die wet van sonde en dood' (Rom 8:2).

HERBERT BRAND

1. *Afbeelding (ca 1820) deur HC de Meillon van die eerste teater in Suid-Afrika – ook die 'komediehuis' genoem. Markbedrywighede op die Boerenplein word hier uitgebeeld. Die gebou word sedert 1843 as NG Kerk gebruik. In 'n stadium toe die keldervertrekke vir die berging van wyn gebruik is, is die volgende rympie glo by die kerk se ingang aangebring:*
   The Spirit above is the spirit of love
   The spirit below is the spirit of woe.
   The Spirit above is the Spirit Divine
   The spirit below is the spirit of wine.
   KAAPSTAD ARGIEFBEWAARPLEK
2. *Gedagtenisteken wat gemeentelede vroeër by die voorbereidingsdiens vir die nagmaal ontvang het. Dit was onder meer om te verhoed dat persone wat onder sensuur was die nagmaal gebruik.* ST STEPHENS-GEMEENTE
3. *Ds G W Stegmann (1814-1890), eerste leraar van die St Stephens-gemeente, Kaapstad, met sy suster Maria, eggenote van ds Andrew Murray sr.* KAAPSTAD ARGIEFBEWAARPLEK
4. *Die vorige leraar, ds H Brand, op St Stephens-kerk se historiese preekstoel, 1985.* ST STEPHENS-GEMEENTE
5. *Gemeentelede van die St Stephens-kerk en die Groote Kerk ná afloop van 'n gesamentlike nagmaalviering, Oktober 2001. Die St Stephens-gemeente is een van die enigste NG Kerke in die land binne die grense van 'n ander gemeente.*
   FOTO: A PRETORIUS



3-4


5



1

# 1849. Die bode van die kerk

Die eerste uitgawe van *De Gereformeerde Kerkbode in Zuid-Afrika* het op 13 Januarie 1849 verskyn en is dus vandag die oudste bestaande gereelde tydskrif in Suid-Afrika. Die eerste uitgawe het byna ongemerk en onaangekondig verskyn en net *De Zuid Afrikaan* het op 15 Januarie 1849 daaroor gerapporteer.

Saterdae is deur *De Kerkbode* as die geskikste dag beskou om vars godsdiens- en kerknuus te publiseer en by lidmate te kry sodat dit veral op Sondae beskikbaar sou wees. Dit het hierna geslagte lank gebruiklik geword dat gesinne om die eetkamertafel of in die voorhuis rondom die blad vergader het. Die preek is aanvanklik dikwels gelees in die teenwoordigheid van gesinslede in hulle kisklere.

*De Kerkbode* het elke week in een van vyf kleure verskyn. Die teikengroep was 'het Christendom en vooral de leden van de Christelijke kerk in dit land'. Die hoofdoel was die verpreiding van godsdiens-kennis.

### AMPTELIKE MONDSTUK

Die kerkblad was aanvanklik in 'n groot mate die persoonlike visie van dr A Faure en 'n paar ander predikante uit die omstreke van Kaapstad. Faure se medewerkers was waarskynlik veral dr SP Heyns (sy kollega by die Groote Kerk), sy broer dr PE Faure en ds GWA van der Lingen van die Paarl. Laasgenoemde het die eerste artikel geskryf.

Die sinode het op 13 November 1852 besluit dat *De Kerkbode der Gereformeerde Kerk* voortaan zal worden beschouwd als het Officieel Orgaan der Kerk, waarvan een Exemplaar, van wege de Synode, aan elke kerkeraad zal worden toe gezonden'. Die blad was dus feitlik uit die staanspoor die amptelike mondstuk van die NG Kerk, hoewel dit eers vanaf 1884 deur die kerk gepubliseer is.

'n Ander dringende rede vir die totstandkoming van *De Kerkbode* in 1849 was om as mondstuk te dien om die behoudende teologie te verdedig teen die ontwakende liberale teologie. Dit was veral gemik op 'n gesonde leergrondslag en behoudende Woordbediening en moes as teenvoeter dien vir die liberale gees wat die pers destyds gekenmerk het. Prof NJ Hofmeyr het in 'n klaarblyklike verwysing na *De Volksvriend* wat in 1862 gestig is, by geleentheid gepraat van 'de couranten van den duivel' – tot groot ergernis van die liberaalgesindes.

Die destydse tydsgees het waarskynlik ook daartoe bygedra dat die aanvangsjare van *De Kerkbode* gekenmerk is deur 'n sterk geestelike aksent. Dit het gelei tot kritiek teen die blad dat daar 'niks oor sake van die dag' berig is nie. Van der Lingen het self egter gevra vir 'n koerant waarin behoorlik gedebatteer kon word. Die Bybel se sentrale posisie en die toepassing daarvan het in elk geval altyd soos 'n goue draad deur die geskiedenis van *Die Kerkbode* geloop.


### KONTROVERSIËLE KWESSIES

*Die Kerkbode* se standvastige aanvangsjare is gevolg deur stagnasie teen die einde van die negentiende eeu. Dit is ironies dat die blad hierna wel weer bloeitydperke beleef het in oorlogstye waarby Afrikaanse lesers ten nouste betrokke was.




2

1. *Grafiese voorstelling van die geskiedenis van* Die Kerkbode *(1849-1999). Feesuitgawe, Januarie 1999.* DIE KERKBODE
2. *NG Kerkalmanak, 1860. Publikasies soos hierdie is dikwels by hoeksteenleggings ingemessel.* FOTO: F MALHERBE
3. *Die mashoof van* Die Kerkbode *is sedert sy ontstaan in 1849 meermale verander. Dit is die enigste nog bestaande weekblad uit die negentiende eeu en het tot dusver 18 prominente kerkleiers as redakteurs gehad.* DIE KERKBODE


DE
Gereformeerde Kerkbode
IN ZUID-AFRIKA.
D. I. Zaturdag, Januarij 13, 1849. No. 1.

DE GEREFORMEERDE KERKBODE
IN ZUID-AFRIKA.
Deel XXX.] ZATERDAG, 28 SEPTEMBER, 1878. [No. 20.

De Kerkbode:
Het Weekblad der Nederduitsche Gereformeerde Kerk van Zuid-Afrika.
VRIJDAG, 30 MEI, 1884.

De Kerkbode:
HET WEEKBLAD DER NEDERDUITSCHE GEREFORMEERDE KERK VAN ZUID AFRIKA.
"Dit gebod hebben wij van Hem, dat die God liefheeft ook zijn broeder liefhebbe." —1 Johs. iv: 21.
No. 19 DONDERDAG, 10 MEI, 1906. Deel XXIII.

3

## FEITEFLITS

Abraham Faure was die stigter en eerste redakteur van *De Kerkbode* en staan ook bekend as die 'vader' van kerklike joernalistiek en van die Kweekskool op Stellenbosch. Hy het sy pioniersloopbaan in die joernalistiek in 1824 begin, as redakteur van *Het Nederduitsch Zuid-Afrikaansch Tydschrift.* Hierdie oorwegend godsdienstige tydskrif het aanvanklik tweemaandeliks verskyn met alternatiewelik Hollandse en Engelse uitgawes. Eersgenoemde uitgawe is tot 1843 gepubliseer. Tussen 1878 en 1893 het dié tydskrif herrys as *Het Zuid Afrikaansche Tijdschrift* met Jan Hendrik Hofmeyr (Onze Jan) as redakteur.

Dit was 'n primêre inligtingsbron vir eerstehandse nuus van gebeure en geliefdes tydens die Anglo-Boereoorlog, die Eerste Wêreldoorlog en selfs die Rebellie.

'n Kontroversiële saak wat hewige debatte ontlok het, was die plek van die rede in die verstaan van die Bybel. Die debat is veral gestimuleer deur die intreerede van prof BB Keet in 1920 en het breekpunt bereik met prof J du Plessis se liberale sienings. Dit het *Die Kerkbode* regstreeks geraak, aangesien Du Plessis vroeër vir twee termyne redakteur daarvan was. Die blad is hierna tydens die redakteurskap van PGJ Meiring gekritiseer oor sy 'kleurlose beleid' en Meiring is ook as 'n meeloper van Du Plessis beskou. Meiring het nietemin moontlik 'n kerkskeuring verhoed deur sy kalm en taktvolle optrede, asook deur sy sterk leiding.

Die drang en dwang van steeds veranderende tye het *Die Kerkbode* verplig om antwoorde te probeer vind vir allerlei kerklike en soms selfs politieke vraagstukke voor en tydens die Tweede Wêreldoorlog. In die na-oorlogse jare het veral dr AP Treurnicht en dr WJG Lubbe sterk polemies en apologeties na vore getree vir afsonderlike ontwikkeling as die oplossing vir rasse-uitdagings in die land en vir die kerk. Albei het as redakteurs van *Die Kerkbode* bedank ter wille van redakteurskappe van polities-gekleurde dagblaaie. Hulle het ook albei later regstreeks by die politiek betrokke geraak. Ds GSJ Moller het hierna as vredemaker weer rustigheid by *Die Kerkbode* probeer bring.

In 1986 het die Algemene Sinode twee belangrike beleidsdokumente goedgekeur. Dit was *Skrifgesag en Skrifgebruik* en *Kerk en samelewing.* Dié publikasies sou in die dienstermyn van dr FM Gaum, wat in Augustus 1986 redakteur geword het, 'n deurslaggewende rol speel.

*Die Kerkbode* het hierna ook 'n moderner voorkoms en benadering gekry. Die *Algemene Kerkbode* het, naas die tweeweeklikse uitgawes van *Die Kerkbode,* as maanduitgawe in Afrikaanse dagblaaie begin verskyn. Dit het grootliks die ideaal verwesenlik wat reeds in die beginjare gestel is, naamlik om *Die Kerkbode* na byna elke huis waar daar lidmate is te versprei. Die Tydskriftemaatskappy van die NG Kerk, wat ook vir die publikasie van *Lig* verantwoordelik is, het hierbenewens die leiding geneem in die stigting van die Christen-Netwerkgroep. In samewerking met die wyer Suid-Afrikaanse ekumeniese gemeenskap gebruik CNW die gedrukte en elektroniese media aktief en effektief in diens van kerk en koninkryk.

*Die Kerkbode* speel vandag steeds 'n leidende en onmisbare rol om lidmate op hoogte te hou van kerknuus en riglyne te gee oor kerklike standpunte.

ANDRÉ OLIVIER



I

# 1853. Die Hervormde Kerk – vry en onafhanklik

Die twee vernaamste probleme vir die Voortrekkers na hulle vestiging in die destydse Transvaal, was die verhouding met die Kaapse Sinode en die herderloosheid van die Transvaalse gemeentes.

Op 17 Januarie 1852 is die Sandrivier-konvensie tussen die Britse owerheid en die Voortrekkers gesluit, waarmee die staatkundige selfstandigheid en selfregering van die emigrante ten noorde van die Vaalrivier erken is. Dit het ook ingrypende gevolge vir die kerk gehad, want spoedig is daar geredeneer: 'Elk vrij en onafhanklijke volk, dat zijn eigen bestuur heeft, is ook verpligt zijn eigen kerklijk bestuur te regelen.'

## INLYWING BY DIE KAAPSE SINODE

Die Kaapse Sinode het ná die Sandrivier-konvensie besluit om 'n deputasie bestaande uit ds A Murray van Bloemfontein en ds JH Neethling van Prins Albert na die Transvaal te stuur. Tydens 'n kerkraadsvergadering in Potchefstroom op 21 Mei 1852 het ds Neethling onderneem dat die Kaapse Sinode onder sekere voorwaardes aandag sou gee aan die beroep van 'n predikant uit die Kaap na Transvaal. Die Transvaalse gemeentes was terdeë bewus daarvan dat hulle nie 'n predikant uit die Kaap sou kry indien hulle nie by die Kaapse Sinode ingelyf was nie. Die gevolg was dat die vergadering te Potchefstroom ingestem het tot inlywing onder die Kaapse Sinode. Dit is so meegedeel aan die Volksraad, wat dit bekragtig het.

Die Kaapse Sinodale Kommissie is ook van die besluit in kennis gestel. Neethling het die saak van die inlywing van die Transvaalse gemeentes tydens die sitting van 15 Oktober 1852 aan die Kaapse Sinode gestel. Hy was van mening dat die Transvaalse gemeentes wel onder die Kaapse Sinode kon ressorteer terwyl hulle in 'n vry en onafhanklike land gewoon het:

'De leraar is verantwoording schuldig in leer en wandel aan den Kerkeraad der verschillende gemeenten wier zielzorg hij waarneemt, en, te zamen met dezen Kerkeraad, geeft hij verantwoording aan de Synode van de Gereformeerde Kerk in Zuid-Afrika. De Synode bemoeit zich in het minste niet met de burgerlijke belangen dezer gewesten.'

Dr SP Heyns het daarop gewys dat Ordonnansie 7 van 1843 wat die kerkwet bevat, spesifiek verwys na die kerk binne die Kaapkolonie se grense. Die prokureur-generaal van die Kaapkolonie, William Porter, het die sinode egter ten gunste van inlywing geadviseer, omdat hy die kerk gesien het as 'n geestelike liggaam wat nie gebonde is aan koloniale grense nie. Ds Van der Lingen het ná hierdie besluit opgemerk dat dit nadelige gevolge sou hê, soos tien jaar later tydens die Loedolff-saak wel geblyk het.

## DIE TRANSVAALSE KERK VERWERP INLYWING

Ds Dirk van der Hoff se aankoms in die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) in 1853 het die grootste enkele kerklike probleem van die Transvaalse gemeentes opgeklaar, naamlik die gebrek aan 'n eie predikant. Hy is onmiddellik deur die Gemeente Potchefstroom erken as herder en leraar, en het in moeilike pioniersomstandighede met die bearbeiding van die gemeente begin.

Op 8 Augustus 1853 het die eerste Algemene Kerkvergadering (AKV) plaasgevind. Dit is byeengeroep deur die Rustenburgse krygsraad en die Kerkraad van Potchefstroom, met afgevaardigdes van die gemeentes Mooirivier, Rustenburg en Zoutpansberg. Vier sake is hier behandel:

∗ Die AKV het Van der Hoff eenparig as herder en wettige leraar van al die gemeentes in die ZAR erken en aan hom sy akte oorhandig.
∗ Van der Hoff het die AKV probeer oortuig om die inlywing by die Kaapse Sinode te aanvaar en hulle op die voordele daarvan gewys. Daar is heftig debat gevoer en die algemene gevoel was dat 'burgerlik vry en onafhankelik, wensen wij dit ook in het kerkelike'. Die AKV het uiteindelik eenparig besluit om die inlywing by die Kaapse Sinode 'niet goed te keuren'.
∗ Geen ander kerke as die Hervormde Kerk sou in die ZAR toegelaat word nie, gedagtig aan die Voortrekkers se gelofte om slegs die gereformeerde godsdiens onder hulle toe te laat.
∗ Ondanks besware van sommige lidmate sou die Transvaalse kerk voortgaan met die sing van gesange in die erediens.

Die besluite van die eerste Algemene Kerkvergadering is by sy gesamentlike sitting met die Volksraad op 22 November 1853 bekragtig en deurgevoer.

In die Kaapse Kerk was daar ontevredenheid oor die besluit van die Transvalers. Die Kaapse Sinodale Kommissie het gedurende 1855 'n herderlike skrywe in die Transvaal versprei waarin die lidmate van die Transvaalse gemeentes gewaarsku is dat hulle die gevaar van dwaalleer in die gesig staar. Dit was omdat die opsig van die Kaapse Sinode ontbreek.

In antwoord op die Kaapse Sinode se reaksie op die besluit van die AKV en vanweë die onsekerheid onder lidmate het die vierde Algemene Kerkvergadering besluit om ook 'n herderlike skrywe te versprei. Hierin is die redes uiteengesit vir die besluit om nie by die Kaapse Sinode in te skakel nie:
∗ Die Kaapse Sinode het nie aan hulle 'n predikant verskaf nie, en dus was hulle predikant op geen wyse onder die opsig van die Kaapse Sinode nie.
∗ Die Transvaalse Kerk was nie onderworpe aan die Kaapse sinodale wette nie. Daarbenewens was die Kaapse Sinode afhanklik van die Britse owerheid, omdat die kerk volgens die kerklike ordonnansie van die Britse owerheid gefunksioneer het.
∗ Die kerk en die land se grense het ooreengestem en daarom het die Kaapse Sinode geen gesag buite die grense van die Kaapkolonie gehad nie.
∗ Prakties was dit 'n veeleisende taak om vir vergaderings na die Kaap te reis, vanweë die afstand tussen die Kaap en die Transvaal en die swak verbindingsroetes en stadige vervoer.
∗ Laastens het die herderlike skrywe vir eensgesindheid in kerk en in staat gepleit.


Dit is duidelik dat die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika se bestaan as 'n selfstandige gereformeerde kerk in die Transvaal verklaar kan word vanuit die staatkundige werklikhede van die negentiende eeu. Met die totstandkoming van 'n vry en onafhanklike staat noord van die Vaalrivier, was dit vanselfsprekend dat daar ook 'n vry en onafhanklike kerk in die Zuid-Afrikaansche Republiek sou bestaan.

1. *'n Nagmaalstoneel op Potchefstroom gedurende die 1880's, met die kruiskerkie (1859) van die Nederduitsch Hervormde Gemeente Potchefstroom.* NED HERV KERKARGIEF, PRETORIA
2. *Die Nederduitsch Hervormde Gemeente Pretoria is in 1855 gestig. Prof PJ Muller het tydens die inwyding van die huidige kerk in 1905 vir die eerste keer 'n toga op die kansel gedra. Predikante het vroeër met 'n mantel en bef gepreek. 'n Gedenksteen ter nagedagtenis van Nederlanders wat tydens die Anglo-Boereoorlog gesterf het, is by die kerk aangebring. Onder die name verskyn dié van 'n broer van Vincent van Gogh.* NED HERV KERKARGIEF, PRETORIA
3. *Professore aan die Teologiese Fakulteit van die Nederduitsch Hervormde Kerk aan die Universiteit van Pretoria, 1940. Voor is vlnr proff SP Engelbrecht, JH Greyvenstein en B Gemser en agter vlnr proff HP Wolmarans en A van Selms.* NED HERV KERKARGIEF, PRETORIA
4. *Ds Dirk van der Hoff (1814-1881), eerste permanente predikant van Transvaal. Na Van der Hoff se aankoms op Potchefstroom, was dit sy taak om kerklike orde en stabiliteit in die nuwe gemeente te skep. 'n Algemene Kerkvergadering vir die Zuid-Afrikaansche Republiek is op 8 Augustus 1853 gekonstitueer en hy is terselfdertyd bevestig. Van der Hoff het ook 'n rol gespeel in die onderwysbeleid, opstel van die ZAR se grondwet en die ontwerp van die Vierkleur.* NED HERV KERKARGIEF, PRETORIA


2


3


4



1

# 1857. Die 'zwakheid van sommigen'

Tydens die negende sinodesitting van die NG Kerk in 1857 is die vraag gestel hoe daar gehandel moet word wanneer swart en blanke lidmate tegelykertyd aan die nagmaalstafel wil aansit.

Gedurende die eerste helfte van die negentiende eeu was dit die gebruik in NG gemeentes te Stellenbosch, Paarl, Kaapstad, Riversdal en Calvinia dat aparte sitplekke vir swart mense voorsien is. Tydens die sinode van 1829 het ds Spijker die vraag gestel of dit geoorloof is dat swart en blanke Christene saam aan die nagmaalstafel aansit. Ingevolge De Mist se kerkorde het die kommissaris-politiek destyds nog die sinodes namens die owerheid bygewoon. Hy het dit baie duidelik gestel dat so 'n vraag onvanpas is, aangesien die Bybel dit baie duidelik leer. Hierdie antwoord moet ook gesien word in die lig van die destydse Ordonnansie 50 van 1828 wat bepaal het dat die Koikoi en alle 'free people of colour' op grond van die nuwe wetgewing gelykgestel is met die blankes.

Die NG Kerk het in 1834 die standpunt van 1829 herhaal en 'n beroep op lidmate gedoen om dienooreenkomstig op te tree. In 1852 het die sinode in 'n herderlike brief lidmate opgeroep om te bly glo dat God die menslike geslag uit een bloed gemaak het en dat Hy geen aannemer van die persoon is nie. Dit beteken dat lidmate nie teen ander mense mag diskrimineer nie. Die geskiedenis bewys egter dat sulke diskriminasie tog in die kerk plaasgevind het. In 1845 het 'n aantal lidmate die Kerkraad van Swellendam versoek om nie saam met swart lidmate aan die nagmaalstafel aan te sit nie. Ds Robertson was teleurgestel oor hierdie standpunt van die blanke lidmate en het hulle gewys op die boodskap van die Skrif in dié verband, naamlik dat ons almal een is in Christus.

### 'N KOMPROMISBESLUIT

Tydens die sinode van 1857 is die vraag na gesamentlike nagmaal opnuut bespreek. Op voorstel van ds Andrew Murray sr van Graaff-Reinet het die sinode soos volg besluit:


'De Synode beschouwt het wenschlijk en schriftmatig, dat onze ledematen uit de Heidenen, in onze bestaande gemeenten opgenomen en ingelijfd worden, overal waar zulks geschieden kan; maar waar deze maatregel, ten gevolge van de zwakheid van sommigen, de bevordering van de zaak van Christus onder de Heidenen, in de weg zoude staan, de gemeenten uit de Heidenen opgerigt, of nog op te rigten, hare Christelijke voorregten in een afzonderlijk gebouw of gesticht genieten zal.'

Hieruit moet ons aflei dat die tweede deel van hierdie besluit 'n tweeledige kompromisvoorstel was, bedoel om slegs tydelik van aard te wees. Dit is andersyds baie duidelik dat die sinode hier deur die rasse-vooroordeel van sommige lidmate beïnvloed is. Hierdie besluit is in die loop van die geskiedenis verskillend geïnterpreteer. GBA Gerdener was van mening dat die NG Kerk met hierdie besluit amptelik die standpunt van aparte kerke vir swart en blanke lidmate ingeneem het. In die lig hiervan beweer hy dat 'Kleurlinge' uit eie beweging die blanke gemeentes verlaat het en hulle eie gemeentes begin het, wat in 1881 uiteindelik uitgeloop het op die stigting van 'n afsonderlike kerk. Die Hollandse predikant PDM Huet wat in Natal werksaam was, het hom uitgespreek teen die aparte behandeling van swart en blanke Christene.

Beskou teen die agtergrond van die geskiedenis van die NG Kerk is dit nou duidelik dat dié besluit vir 'n lang tyd 'n bepalende invloed op die lidmate van die kerk gehad het. Dit word veral duidelik uit 'n dokument soos *Ras, volk en nasie en volkereverhoudinge in die lig van die Skrif* van 1974, waarin 'n Bybels-teologiese fundering van die apartheidsbeleid en die bestaan van rasgeskeide kerke gelegitimeer is. Op hierdie onskriftuurlike grondslag is daar in die loop van die ge-



2




4

*1. Die Rynse Sendingkerk van 1857 (later 'n NG Sendingkerk), en die NG klipkerk (1883), Carnarvon.* KAAPSTAD ARGIEFBEWAARPLEK

*2. Die silwer-nagmaalservies van die Gemeente Stellenbosch. Die gesamentlike nagmaalbeker was 'n aanleidende faktor by die besluit oor aparte nagmaalsbediening.* FOTO: W MALHERBE

*3. Die NG Kerk, stadsaal en NG Sendingkerk (regs), Beaufort-Wes. Eerw Adam Barnard, vader van Chris en Marius, was jare lank hier sendingpredikant.* KAAPSTAD ARGIEFBEWAARPLEK

*4. Prof Chris Barnard (1922-2001), NG sendingseun en hartchirurg. In sy outobiografie meld hy dat die moederkerk en sendingkerk geskei is 'deur meer as voorkoms óf die wit mure van die stadsaal. In die kleur van die vel het die grootste verskil gelê ... Die twee predikante had dieselfde geloof, maar het in aparte preekstoele gestaan ... Die predikant van die groot kerk was Dominee. My pa was Eerwaarde ... '*

*5. Ds J Spijker. Hy het al in 1829 die gesamentlike nagmaalsbediening bevraagteken.* GROOTE KERK-VERSAMELING

*6. Ds Andrew Murray sr (1794-1866) het in 1857 voorgestel dat afsonderlike eredienste vir lidmate van kleur gehou word.* NG KERKARGIEF, KAAPSTAD


*7. Ds R Shand (1803-1876) van Tulbagh en sy vrou. Hy het dit as onchristelik beskou dat mense van kleur in afsonderlike kerkgeboue eredienste bywoon.* NG KERKARGIEF, KAAPSTAD

skiedenis Nederduitse Gereformeerde Kerke vir Kleurlinge (1881), swart mense (1910, 1932, 1951,1952) en Indiërs (1965) gestig.

Dit is verblydend dat daar in dié verband 'n groot verandering in die familie van NG Kerke gekom het. Die voormalige NG Sendingkerke en NG Kerk in Afrika het in 1990 verenig en die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika gevorm. Die NG Kerk met *Kerk en Samelewing* (1986 en 1990) afstand gedoen van hulle steun vir die apartheidsbeleid en terselfdertyd hulle steun vir kerkvereniging binne die familie van NG Kerke toegesê. Hierdie strewe na eenheid sal ongetwyfeld 'n positiewe uitwerking hê op die getuienis (sending) en diens van die kerk in ons Suid-Afrikaanse samelewing.

HANNES ADONIS

3





5

6



7





1

# 1859. 'n Kweekskool op eie bodem



2

In die skilderagtige Eikestad het daar op 1 November 1859 'n feestelike stemming geheers. In groot getalle het dorpenaars, maar ook belangstellendes van elders opgedaag. Eers was daar 'n gewyde diens in die Moedergemeente. 'n Prosessie van hoogwaardigheidsbekleërs en ander het deur die strate na die historiese Drosdy-gebou beweeg. Hier het die openingsrede by die ingebruikneming van die Teologiese Seminarium plaasgevind. Die verrigtinge is laatmiddag afgesluit met 'n uitvoering van orkes- en koorwerke onder die akkerbome in die tuin.

Bokant die ingang van die gebou het die woorde *Soli Deo Gloria* gepryk – aan God al die eer, want wat hierdie dag gebeur het, was weliswaar die ideaal van enkele kerkleiers, maar weldra die kleinood van die kerk as geheel. Die inwyding van die Seminarie het die seël geplaas op 'n lang geskiedenis, wat een van stryd was, maar ook een van geloof en moed.

## 'N VOORTDURENDE VRAAG NA PREDIKANTE

Vir meer as 'n honderd jaar ná die ontstaan van die Kaapse Kerk moes predikante van elders gewerf word om vakatures te vul. Eers laat in die agtiende eeu het 'n paar jong mans van die Kaap hulle oorsee gaan bekwaam vir die evangeliebediening. Die meeste predikante is uit Holland voorsien, waar die Klassis van Amsterdam tot 1775 nie minder as 44 predikante vir die kerk aan die Kaap bevestig het nie. Die Britse bewind ná 1806 het meegebring dat daar feitlik geen Nederlandse dominees meer na Suid-Afrika gekom het nie. Die getal plaaslike studente wat in die buiteland gaan studeer het, het van die aanvang van die negentiende eeu geleidelik toegeneem, maar dit was steeds ontoereikend vir die vraag. Die migrasie na die binneland en daarmee saam die ontstaan van nuwe gemeentes het daartoe gelei dat predikante in ander oorde gesoek moes word. Die owerheid met sy beleid van verengelsing het dan ook die oë op die Britse Eilande gerig, met die gevolg dat heelwat Skotse leraars hulle weg na die verre suidpunt van Afrika sou vind.

Die feit dat voornemende Kaapse teologiese studente boonop teen groot koste en opofferings oorsese opleiding moes ontvang, was per slot van sake een van die faktore wat die behoefte aan inheemse opleiding al hoe meer beklemtoon het. Die eerste sinode (1824) het selfs 'n ontwerpplan, 'Reglement Voor het Seminarium', op die agenda vir oorweging gehad, maar 'n gebrek aan fondse en min belangstelling van gemeentes het die saak vir jare laat sloer.

Tog het die planne en ideale rondom 'n eie seminarium sporadies opgeklink, want die tekort aan leraars het onrusbarend toegeneem. Die situasie was sodanig dat die Ring van





3· 4



5

1. *Die Teologiese Kweekskool of Seminarium, Stellenbosch. Sy huidige oorwegend Victoriaanse styl dateer uit 1905, toe dit waarskynlik vir die sewende keer verander is sedert die oprigting daarvan as drosdy.* A PRETORIUS
2. *Die standbeeld voor die Stellenbosse Kweekskool met die eerste twee professore – prof Nicolaas Hofmeyr (1827-1909) en prof John Murray (1826-1882). Hulle het saam met ds JH Neethling 'n driemanskap gevorm.* FOTO: W MALHERBE.
3. *Dr Abraham Faure (1795-1875), ook bekend as die 'vader van die Kweekskool'. Hy het sedert die eerste sinode van 1824 in 'n kommissie vir die oprigting van 'n teologiese seminarium gedien.* NG KERKARGIEF, KAAPSTAD
4. *Van die eerste kweekskoolstudente van Stellenbosch, 1872.* NG KERKARGIEF, KAAPSTAD
5. *Kweekskoolstudente van 1892 saam met proff IJ Marais, NJ Hofmeyr en PGJ de Vos. Prof De Vos (1842-1931) was later kanselier van die Universiteit van Stellenbosch.* KAAPSTAD ARGIEFBEWAARPLEK
6. *Die dosente van die Fakulteit Teologie aan die Universiteit van Stellenbosch in 2001 nadat dosente en studente van die Teologiese Fakulteit van die Universiteit van Wes-Kaapland by die Kweekskool aangesluit het. Die dekaan (voor in die middel) is prof D Louw.* KWEEKSKOOL, STELLENBOSCH

Graaff-Reinet selfs voorgestel het dat sekere leraars gebruik moes word as rondreisende predikers, wat dan beurtelings in vakante gemeentes pastorale werk moes verrig. Teen 1859 was daar in die Kaapkolonie alleen 16 vakatures, terwyl gemeentes in die pioniersomgewing van die Transgariep dringend geroep het om predikante.

Die vraag na leraars was nie die enigste oorweging vir die stigting van 'n seminarium nie. Daar was ook die kommer oor die gevare van die liberale stromings in die kerklikgodsdienstige lewe in Europa. Hierdie beskouinge het die kerkleiers aan die Kaap sterker laat kapsie maak teen die opleiding van die leraars van hulle kerk aan liberale oorsese (veral Nederlandse) fakulteite. Hierin is hulle gesterk deur onder meer 'n brosjure van die bekeerde Joodse Christen, Isac da Costa, getiteld *Wat er door de Theologische Faculteit te Leyden al zoo Geleerd en Geleverd wordt,* wat in 1857 in Amsterdam verskyn en nog dieselfde jaar in die Kaapse Sinode naklank gevind het.

## ALUMNI OP DIE KANSELS

Dit was die Kaapse Sinode van 1857 wat die oprigting van 'n teologiese seminarium sou finaliseer. Die nodige reglemente is opgestel en Stellenbosch sou die oord wees, die tweede oudste gemeente en oudste dorp – die plek waaroor *De Gereformeerde Kerkbode* ingenome opgemerk het: 'Nergens in ons land had men eene plaats zoo geschikt kunnen vinden voor de Kweekschool!'

Die eerste hoogleraars is uit die geledere van die kerk beroep. So gebeur dit dat ds John Murray van Burgersdorp en ds NJ Hofmeyr van Calvinia hulle in die loop van 1858 as eerste professore op Stellenbosch gaan vestig het. Dié twee leraars het 'n stewige fondament gelê vir die teologiese wetenskap van die toekoms. Hulle was geroep om suiwerheid in leer en lewe te handhaaf in hulle opleidingstaak. Die leerplanne het van die begin af die hoogs moontlike eise vir sowel intellektuele toerusting as vir geestelike vorming gestel.


Dit was gou duidelik dat die seminarium aan sy doel beantwoord het, want weldra is op feitlik elke kansel van die kerk alumni aangetref. Van sy stigting het die Teologiese Seminarium gereed gestaan om in die NG gemeentes se behoeftes te voorsien. Die Kweekskool het ook gesorg vir die geroepenes wat as sendelinge die evangelie wou gaan uitdra – nie net plaaslik nie, maar ook elders in Suider-Afrika, eers in Niassaland (vandag Malawi) en later nog verder noord.

Die Stellenbosch Gymnasium het in 1866 tot stand gekom as gevolg van die ywer van die 'driemanskap', proff Murray en Hofmeyr van die Kweekskool en ds JH Neethling, die dorpspredikant. Uit hierdie beskeie skooltjie, geleë aan Dorpstraat, het mettertyd die Universiteit van Stellenbosch ontwikkel.

FLIP VAN DER WATT



6



De CL
PSALMEN
Des Propheten
DAVIDS,
En eenige andere LOFSANGEN:
Uyt den Françoyschen in Nederlandschen Dichte overgeset
DOOR
PETRUM DATHENUM;
En tot gemack des Sangers op eenen Sleutel gestelt, door
CORNELIS DE LEEUW.
Mitsgaders
De Christelikke Catechismus, Formulieren en Gebeden der Gereformeerde Kercke.

t'AMSTELDAM,
By ABRAHAM WOLFGANGH, HENDRICK en de Weduwe van DIRCK BOOM.
ANNO clɔ Iɔc xc.

1

# 1859. Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika

Die stigting van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (soos dit vandag bekend staan) op 11 Februarie 1859 in Rustenburg het, histories beskou, 'n lang aanloop.

In die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing is daar uiteenlopende beskouings oor ds Dirk Postma, wat as stigter van die GKSA beskou word, se aankoms uit Nederland. Dit word enersyds beskou as 'n regstreekse uitvloeisel van die pogings van die beswaarde groep (die sogenaamde Doppers) in Suid-Afrika om 'n predikant van die Christelike Afgeskeie Kerk uit Nederland te bekom. Daar was egter ook verskeie ander bepalende faktore.

## BEDIENINGSNOOD EN EUROPESE STROMINGE

Die Nederduitsch Hervormde Kerk as die destydse staatskerk van die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) het jare lank slegs een predikant gehad – ds Dirk van der Hoff. Hierdie bedieningsnood het in Junie 1857 by die Sinode van Leiden onder die aandag van die Afgeskeie Kerk gekom, na aanleiding van 'n brief van J van der Ryst van Calvinia, 'n vroeëre lidmaat van dié kerk. Die Sinode van Leiden het dit toe aan sy Sinodale Kommissie opgedra om 'zich in correspondentie te begeven met de gemeenten aldaar, haar inlichtingen te geven en de bereidwilligheid der kerk te openbaren, om zooveel mogelijk in hare behoeften te voorzien'.

Internasionale stròminge het ook 'n regstreekse invloed op kerklike gebeure in Suid-Afrika gehad. Die agtiende eeu word in die geskiedskrywing algemeen beskou as die eeu van doodsheid, koudheid, traagheid en geloofsinsinking wat deur die rasionalisme meegebring is. Uit reaksie hierteen het metodisme en piëtisme weer eensydig die vrome gevoel beklemtoon, ten koste van verstand en rede. 'n Poging om gevoel en rede met mekaar te versoen, het tot die sogenaamde Verligting gelei, met sy wortels in die Engelse deïsme.

Aan die begin van die negentiende eeu het kommissaris-generaal JA de Mist met sy kerkorde, skoolorde en huweliksorde grootliks bygedra om die denkrigtings van die Verligting in Suid-Afrika te bevorder. Hierdeur is die weg gebaan vir die invloed van die liberalisme in die Kaapse Kerk.

## 'N BESWAARDE GROEP IN SUID-AFRIKA – DIE DOPPERS

Teen die begin van die negentiende eeu het veral die veeboere woonagtig in die noordoostelike distrikte van die Kaapkolonie teen hierdie tydsgees in verset gekom. Vanweë hulle kenmerkende lewensbeskouing, karaktertrekke en gewoontes het dié sogenaamde Doppers langsamerhand 'n eie identiteit binne die Suid-Afrikaanse samelewing gevestig. Afgesien van hulle afgesonderde leefwyse, het die Doppers 'n hegte eenheid gevorm omdat hulle grootliks uit 'n paar groot families bestaan het. Ondertrouery het dikwels plaasgevind. Daar was dus 'n band van gees- en bloedverwantskap.

Die Doppers was konserwatief en streng godsdienstig. Hulle strewe was altyd, soos prof John Murray hulle getipeer het, om 'de strengste soort van Calvinistische orthodoxie te bewaren'. Hierdie ortodoksheid kan hoofsaaklik toegeskryf word aan 'n deeglike studie van die Statebybel met kanttekeninge, 'n studie van die ou gereformeerde 'outeurs' en van die Formuliere van Eenheid.

## GESANGE – DIE KULMINASIEPUNT

Met sy aankoms in 1858 in die destydse Transvaal het ds Dirk Postma dadelik bewus geword van 'n kerkstryd tussen diegene wat die gesange sing en dié wat dit nie wou sing nie. Die stryd het sy kulminasiepunt bereik toe die destydse Evangeliese Gesange in 1814 in die Kaapse Kerk ingevoer is. Die beswaardes het geoordeel dat die invoering van die gesange naas die psalms die gelykstelling was van 'n menslike geskrif met die psalms wat die geïnspireerde Woord van God



2





3-4

1. *Titelblad van Pieter Datheen se Psalmboek (1690). Die sing van evangeliese gesange aan die Kaap vanaf 1814 het vir baie beswaardes 'n strydpunt geword. Paul Kruger het in 1891 die gedwonge sing van gesange as 'n aanleidende oorsaak van die Groot Trek bestempel.*
2. *Eerwaarde JJ Bell, dr PW Bingle (Gereformeerde prediker by die geleentheid) en prof JA Heyns by die inhuldiging van mnr FW de Klerk as Staatspresident op 20 September 1989 by Universiteitsoord, Pretoria. Mnr De Klerk is 'n meelewende lidmaat van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA).*
3. *President SJP Kruger (1825-1904). Hy was op 11 Februarie 1859 medestigter van die Gereformeerde Kerke by Rustenburg.* ERKENNING: H VAN HUYSSTEEN
4. *Ds Dirk Postma (1818-1890), stigter van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Hy was ook eerste dosent en later eerste professor aan die Teologiese Skool van die GKSA.*
5. *Nagmaal by die Dopperkerk in Pretoria, met die ou kerkie regs (1898).* V ALLEN: KRUGER'S PRETORIA

is. Die inslag van die gesange word deur dr H Berkhof van die Nederlandse Hervormde Kerk soos volg beskryf: 'Op zijn best kunnen wij deze bundel tweeslachtig noemen, een mengsel van Hervorming en Verlichting.'

Die Kerkraad van Cradock het reeds in 1833 die Ring van Graaff-Reinet vir advies genader oor lidmate wat weier om die evangeliese gesange te sing. Die ring se raad was om '... minzame pogingen aan te wenden om de weigerachtigen van hunne dwaling af te brengen'. Hierdie uitspraak, om sonder 'n Skriftuurlike regsinnigheidstoets 'n gesangbundel te verklaar as ooreenkomstig die Bybel, het konfessionele en kerkregtelike implikasies gehad wat deurlopend deur die gesangestryd sou figureer.

'n Groot deel van die beswaardes het veral onder leiding van kommandant Andries Potgieter aan die Groot Trek deelgeneem. Met die meer gereelde bediening van ds Van der Hoff en 'n gevestigde lewe in Transvaal het hulle die stryd hervat. Op die eerste Algemene Kerkvergadering van die Hervormde Kerk in die ZAR in 1853, is 'n versoek van die beswaardes geweier dat die gesange uit kerkdienste verwyder word. Ds Van der Hoff was ook nie bereid om toegewings te maak aan diegene wat nie gesange in die erediens wou sing nie.

## KERKSTIGTING

Op die Algemene Kerkvergadering van 10 tot 12 Januarie 1859 in Pretoria is dié aangeleentheid weer deur ds Van der Hoff geopper. Ofskoon ds Postma, wat 'n skeuring wou voorkom, gepleit het dat die sing van gesange aan die wysheid en die gewete van predikante oorgelaat word, is dit vir almal verpligtend gemaak. Die beswaardes het ervaar dat die hoogste gesag by die meerderheid berus het en nie by Christus en die Woord nie. Dit het gelei tot die stigting van die Gereformeerde Kerke op 11 Februarie 1859 by Rustenburg. Een van die stigterslede was Paul Kruger, die latere Staatspresident van die ZAR.

Die Doppers van Kaapland en die Vrystaat was dadelik gereed om hulle by die nuutgestigte Gereformeerde Kerke aan te sluit. Verskeie gemeentes het gevolglik in 1859 en 1860 ontstaan. Die betekenis van die destydse skeiding was vir die Gereformeerde Kerke meer as net die Hervormde Kerk sonder gesange. In leer, kerkregering en inrigting van die erediens is na die Sinode van Dordrecht van 1618-1619 teruggekeer.

Spoedig is ook aandag gegee aan die opleiding van predikante. Dit het in 1869 beslag gekry met die oprigting van die Teologiese Skool by Burgersdorp. In 1905 het hierdie inrigting na Potchefstroom verskuif, waar die Lettere-departement van die Teologiese Skool mettertyd tot die totstandkoming van die Potchefstroomse Universiteit gelei het.

Teen 2001 was daar 302 Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, Namibië en Zimbabwe.

PIETER BINGLE

5





De breede en de smalle weg.

1

# 1860. 'n Golf van herlewing

As gereformeerdes glo ons dat herlewing en vernuwing die wyse is waarop die Heilige Gees sorg vir groter gehoorsaamheid aan God, sy Woord én aan sy kerk. Die Hervorming van die sestiende eeu, wat gelei het tot die ontstaan van Protestantse kerke met 'n nuwe aard en karakter, was kenmerkend van só 'n herlewingsgolf in 'n gebroke wêreld waar die kerk voortdurend blootgestel word aan verstarring, dwaling en insinking.

'n Soortgelyke golf van vernuwing het van 1860 tot 1862 deur die Nederduitse Gereformeerde Kerk beweeg en 'n blywende verandering in sy aard veroorsaak. Hierdeur het die NG Kerk 'n evangeliese stempel bygekry, wat dit onderskei van die ander twee gereformeerde susterkerke, wat in 1853 en 1859 gestig is.

## PINKSTERBIDURE BEGIN

In 1861, op Pinkstersondag, het 'n gebeurtenis in die gemeente Paarl plaasgevind wat as die hoogtepunt van dié herlewings beskou kan word en wat 'n blywende invloed op die NG Kerk sou hê. Gedurende die tien dae na Hemelvaartdag, van 9 tot 19 Mei, het verskeie gebedsgroepe wat in die gemeente bestaan het, gebid om 'n herlewing én die werking van die Heilige Gees, soos met die oorspronklike pinkstergebeure. By die oggenddiens van 19 Mei 1861 het die plaaslike predikant, ds GWA van der Lingen, na aanleiding van die belofte van Lukas 24:49 gepreek oor die gawes van die Gees. Hy het ernstig gebid vir die vervulling van dié belofte. By die middagbyeenkoms het hy 'n visioen van Christus gesien wat hy as 'n openbaring van God beleef het. In die gemeente was daar 'n groot oplewing in toewyding en daar is besluit om jaarliks Pinkster op dieselfde wyse te vier. Die gebruik het na ander gemeentes versprei en daartoe gelei dat Pinksterbidure vandag algemeen in die NG Kerk aanvaar word.

Die gebeure van 19 Mei 1861 kan nie in isolasie gesien word nie. Dit was deel van 'n golf van herlewing in Suid-Afrika wat vanaf 1860 oorgespoel het van Amerika, Kanada, Ierland, Wallis, Engeland en Skotland. Die versugting na herlewing was by talle prominente predikante van die NG Kerk aanwesig. In kerkblaaie en by byeenkomste is daar ernstig gevra vir herlewing dwarsoor Suid-Afrika.

Reeds in 1842 het talle interkerklike bidure en konferensies gelei tot die stigting van Het Zuid-Afrikaansch Evangelisch Verbond (die latere Evangeliese Alliansie). Dié interkerklike alliansie wou 'n geestelike herlewing hê en het met die oog hierop 'n konferensie vir 18 en 19 April 1860 in Worcester beplan. Dr W Robertson het hier 'n referaat gelewer oor 'Herlevingen' en daar is inligting verstrek oor 'Revivals' in die VSA. Daar is baie vir herlewing gebid. Kort ná die konferensie in Worcester het herlewings op verskillende plekke plaasgevind en tot buite die grense van die Kaapkolonie uitgekring.


Oor die algemeen het die herlewings 'n emosionele inslag gehad. Dit het gepaard gegaan met gebed en skuldbelydenisse met trane, asook kreune en uitroepe en selfs mense wat in floute neergeval het. Hoewel dr A Murray, destyds van Worcester, beswaar gemaak het teen 'buitensporigheden' wat plaasgevind het, was die algemene gevoel onder kerkleiers dat die herlewings die werk was van die Heilige Gees. Dit op sigself het blywende vrugte van verdieping opgelewer. Orals was daar 'n sterk verlange na verlossing en heiligmaking. Die Kaapse Sinode van 1862 het die gebeure indringend bespreek en tot die gevolgtrekking gekom dat die herlewings 'een heerlijk werk des Heiligen Geestes, tot redding van Zielen, en tot verheerlijking des Heeren Jezus' was.

## 'N EVANGELIESE STEMPEL

Die herlewings van 1860 tot 1862 en dié wat vanaf 1874 gevolg het, het 'n blywende invloed op die NG Kerk gehad en het 'n groot bydrae gelewer tot die evangeliese karakter van die kerk. Dit het baie positiewe gevolge gehad:


* 'n Aktiewe gebedslewe is beklemtoon. Gebedsgroepe en gereelde bidure en sendingbidure het 'n instelling geword. Bybelstudie in die binnekamer en huisgodsdiens is aangemoedig.
* Die Pinksterbidure vir tien dae voor Pinkstersondag het 'n algemene gebruik in die NG Kerk geword.
* Die herlewings het gedien as bolwerk teen die invloed van rasionalisme en liberalisme. Die kragtige geloofslewe,

1. *Die bekende uitbeelding van die smal en breë weg wat vroeër talle lidmate se mure versier het. Dit was tipies van die spiritualiteit van die herlewingsgesindes en toon die maklike en algemeen bewandelde breë weg wat uitloop op die hel. Die trein op die breë weg weerspieël ook die agitasie teen Sondag-plesiertreine waarby Kaapse herlewingsgesindes betrokke was. Die smal weg lei verby die Kruis na die Hemelstad. Die Alsiende Oog van God word ook uitgebeeld.*
NASIONALE KULTUURHISTORIESE MUSEUM, PRETORIA
2. *Hierdie banier weerspieël die piëteit van herlewingsgesindes.*
NG KERKARGIEF, KAAPSTAD
3. *Ds GWA van der Lingen (1804-1869). Hy het in 1861 tydens 'n gebedsweek in die Paarl voor Pinkstersondag 'n besondere geestelike ervaring gehad, wat gelei het tot die Pinksterbidure. Dit is sedertdien kenmerkend van die NG Kerk.*
NG KERKARGIEF, KAAPSTAD
4. *Graf van ds GWA van der Lingen met sy Kaaps-Hollandse pastorie in die agtergrond. Dit word steeds as sodanig gebruik.*
FOTO: A PRETORIUS
5. *Dr Andrew Murray (1828-1917) en sy gesin, ca 1860. Hy het in 1860 predikant van Worcester geword en in dieselfde jaar 'n leidende rol in die herlewingskonferensie op die dorp gespeel. Dié geslaagde konferensie het hierna 'n tradisie in die NG Kerk gevestig. Konferensies word vandag nog voor of tydens rings- of sinodesittings gehou.* KAAPSTAD ARGIEFBEWAARPLEK



2


3


4


5

persoonlike piëteit en die aanvaarding van die sentrale geloofswaarhede van die Skrif is beklemtoon.

* Die herlewings het die sendingbetrokkenheid van die NG Kerk gestimuleer en bevorder. By die konferensie van Worcester van 1860 is dr W Robertson na die buiteland afgevaardig om sendelinge te gaan werf. Dit het tot die aanvang van sendingwerk buite die grense van die Kaapkolonie gelei.

* Die interkerklike sendingkonferensies wat ná Worcester plaasgevind het, het die sending telkens beklemtoon. Dit het by baie lidmate 'n nuwe belangstelling in die sending aangewakker, wat tot die stigting van vrouesendingverenigings en die Kindersendingkrans gelei het.

* Die prediking van die NG Kerk is deur die herlewings beïnvloed. Klem is gelê op bekering, verlossing en heiligmaking. In 1876 het die Kaapse Sinode 'n Kommissie vir Spesiale Evangelieprediking benoem, wat tot verdere geestelike herlewings gelei het. Die prediking in die NG Kerk het hierna 'n sterk evangeliese karakter vertoon.

* Die herlewings het kerksang beïnvloed deur evangeliese liedere te bevorder en die kerk voor te berei vir die sing van evangeliese gesange, wat aan die NG Kerk 'n eiesoortige liturgiese karakter gegee het. Dit word steeds in die *Liedboek* van 2001 weerspieël.

Kritiek op die herlewings het nie uitgebly nie. Daar is beweer dat dit metodisme in die NG Kerk bevorder het en te veel ruimte gelaat het vir emosionele belewenisse. Die kritiek het veral van liberaalgesinde predikante en uit die eng gereformeerde kamp gekom. Baie van wat as metodisme in die NG Kerk bestempel is, kan egter toegeskryf word aan die invloed van Calvinistiese piëtisme en die Nederlandse Reveil. Die NG Kerk het nooit die Arminiaanse uitgangspunte van die metodisme aanvaar nie.

In die geheel gesien, kan daar sonder twyfel aanvaar word dat die herlewings 'n instrument was waardeur die Heilige Gees die NG Kerk vernuwe en verryk het.

DIONNE CRAFFORD



1

# 1862. Drie hofsake skud die kerk

Die name Loedolff, Kotze en Burgers is soos drie groot branders wat oor die NG Kerk gebreek het. Hierdie name verteenwoordig 'n liberale aanslag, of liberalisme, soos dit later deur die kerkhistorikus prof TN Hanekom beskryf is. Die Loedolff-saak het ook 'n beslissende invloed gehad op die Nederduitse Gereformeerde Kerkverband. Al drie name hou verband met 'n sinodesitting wat op 14 Oktober 1862 begin het en deurslaggewend in die sogenaamde liberale stryd in die NG Kerk was.

In Nederland het die 'rigtinge los en weg van die Gereformeerde belydenis beweeg'. In Suid-Afrika het die 'teologiese liberalisme' gedurende 'n periode van stille voorbereiding van 1816 tot 1856 begin ingang vind, opgevolg deur 'n periode van storm en drang tussen 1857 en 1870. Die stryd teen die liberalisme is op die spits gedryf deur die botsing tussen die NG Kerk en die drie liberales, wat uiteindelik op hofsake uitgeloop het.

## DIE LOEDOLFF-SAAK

Die sinode van 1862 is bygewoon deur afgevaardigdes van buite die grense van die Kaapkolonie. Ouderling HH Loedolff het 'knaende beswaar geopper' teen hulle teenwoordigheid op grond van die bekende Ordonnansie 7 van 1843. Loedolff was 'n ouderling van Swartland en parlementslid vir Malmesbury. Hy was ook 'n ondersteuner van die liberale rigting, terwyl die afgevaardigdes van buite die Kaapkolonie bekend was as regsinnig.

Die aangeleentheid het uiteindelik in die hof beland. Op 26 November 1862 is in die Kaapse Hooggeregshof uitspraak gelewer in die saak waarin ouderlinge HH Loedolff en HH Smuts beswaar gemaak het teen die spesifieke teenwoordigheid van ds AA Louw van Fauresmith by die sinode. Die uitspraak was ten gunste van die klaers. Dit is dieselfde aand in die sinode voorgelees: 'That the said Andries Adriaan Louw be declared not entitled to sit, deliberate, and vote at the meetings of the said Synod, or to take any part in their proceedings.' Hierdie hofsaak is as 'n toetssaak beskou. Die gevolg was verslaenheid in die sinode en die pynlike vertrek van die afgevaardigdes van buite die Kolonie.

Die sinodale kommissie het tog later, na deeglike oorweging, nie by die owerheid aansoek gedoen om die wysiging van Ordonnansie 7 van 1843 nie. Dit het vir die afgevaardigdes wat moes vertrek 'n aanduiding gegee dat hulle op hulleself aangewese was. Die eenheid van die sinodale kerkverband van die NG Kerk wat in 1842 tot stand gekom, is egter deur hierdie besluit van 1862 verbreek. Dit het uiteindelik presies 'n honderd jaar geneem om te herstel. Die skeiding was beslis nie die begeerte van die meerderheid afgevaardigdes nie. Binne vier jaar na hierdie gebeure het daar nietemin drie afsonderlike kerkverbande buite die grense van die Kaapkolonie tot stand gekom. Dit is 'n aanduiding van die lewenskragtigheid van die NG Kerk en van hoe belangrik kerkverband geag is.

Hierdie proses was beslis ook 'n gevolg van die politieke spanning wat onder die lidmate van die kerk opgebou het teen die agtergrond van die beleid van die Kaapse regering. Die rol wat die owerheid gespeel het met sy betrokkenheid en inmenging in die kerk se sake sou nog lank 'n turksvy bly.


2


3


4


5

1. *Drie prominente liberaalgesinde NG predikante, ca 1865. Staande is ds DP Faure (1842-1916), stigter van die Vrye Protestantse (Unitariese) Kerk in Kaapstad. Sittende is ds TF Burgers en regs ds JJ Kotze.*
2. *Ds HCV Leibbrandt (1837-1911). Hy was saam met ds SP Naude in die nadraai van die 'liberale aanslag' betrokke. Hy was van 1881 tot 1908 Suid-Afrika se eerste staatsargivaris.*
3. *Ds JJ Kotzé (1832-1902), predikant van Darling. Hy het tydens die sinode van 1857 die liberale stryd laat ontbrand met sy opmerkings oor die erfsonde.*
4. *Thomas Francois Burgers (1834-1881), paradoksale liberaalgesinde predikant en verligte president. Hy het sy eie spogpastorie op Hannover ontwerp en later ook die weelde van 'n presidentswoning in die ZAR gesmaak. Hy het egter op 9 Desember 1881 as 'n swerwende, eensame en verarmde ná 'n lang siekbed in 'n buitekamer op Richmond gesterf. Sy laaste woorde was: 'Ik hoor zingen, ik hoor singen.'*
5. *Ouderling HH Loedolff (1804-1864), afgevaardigde van Swartland by die sinode van 1862. Toe sy beswaar teen afgevaardigdes van gemeentes buite die grense van die Kaapkolonie verwerp is, het hy hom op die burgerlike hof beroep. Die Loedolff-saak het gelei tot die stigting van NG sinodes in Natal, die Vrystaat en die ZAR.* NG KERKARGIEF, KAAPSTAD

## DIE SKORSING VAN BURGERS EN KOTZE

Toe ds TF Burgers in 1858 op Hanover sy intreepreek lewer, was sy teologiese rigting reeds duidelik. Prof SP Engelbrecht het sy prediking later só opgesom: 'Die innig religieuse kom in die preke nie soseer aan die woord nie. Burgers se belangstelling lê meer in lyn van beskawing, ontwikkeling, suiwere kennis, meer in lyn van die redelikheid van die geloof. Die wese van die sonde, waaragtige bekering, die kruis van Christus word nie geaksentueer nie.'

Ouderling PJ Joubert van Colesberg het Burgers by die sinode van 1862 op grond van uitsprake wat hy in private gesprekke gemaak het van onregsinnigheid beskuldig. Volgens Joubert het Burgers onder meer beweer dat daar geen duiwel is nie, het hy die sondeloosheid van Christus betwis en die voortbestaan van die siel na die dood bevraagteken. Burgers is in die sinode gewaarsku om voortaan versigtiger te wees.

Ds JJ Kotze van Darling het ook liberale teologiese menings gehuldig. In 1855 besoek Kotze Leiden, 'attracted by the teaching of the famous Scholten, eminent theologian of broadminded and liberal views', soos beskryf deur sy vader, senator John Kotze, burgemeester van Kaapstad. Leopold Marquard was ook 'n aanhanger van Scholten. Hy het 'n blad, *De Onderzoeker,* gestig wat as mondstuk gedien het vir liberale menings. Hierna het 'n lewendige polemiek in die pers ontstaan. Die behoudendes het as teenvoeter in 1859 die blad *De Wekker* gestig.


In die sinode het die stryd 'n keerpunt bereik na aanleiding van Kotze se mening oor 'n sleutelfrase in die Heidelbergse Kategismus. Volgens hom sou die woorde 'en nog steeds tot alle boosheid geneigd' (vraag 60) 'een taal behelzen, die niet eens in de mond van eenen heiden waarheid sou bevatten, of hij moest een duivel zijn, veel minder nog in dien van den Christen.' Die sinode het geëis dat hy die gewraakte woorde moes terugtrek.

Die NG Kerk het hom met mening verset teen die liberale rigting wat deur Kotze en Burgers ingeslaan is. Hulle is uiteindelik albei geskors, maar het hulle op die hooggeregshof beroep. Hulle het hulle sake gewen op grond van prosedurefoute van die kerk. Die sinode moes weer teësinnig aan albei leraars sittingsreg verleen, maar hulle het algaande gevoel dat hulle onwelkom was in die kerk. Hulle invloed het afgeneem en was later onbeduidend. Kotze het egter nooit van sy beskouings afgesien nie en hy het in 1894 afgetree as die laaste uitgesproke liberale dominee. Burgers is in 1872 tot president van die ZAR verkies en het die amp beklee tot met die anneksasie in 1877.

In 1885 het Henry Rawlings in 'n reeks artikels toegegee dat die liberale rigting gestuit is. Die totstandkoming van die Kweekskool het hierin 'n groot rol gespeel. Die opskerping van die ondertekeningsformule en invoeging van *Colloqium doctum* het die regsinnige rigting gebaat en 'geene leervrijheid' toegelaat nie. Die bestaan van *De Kerkbode* vanaf 1849 waarin die liberale rigting teengestaan is, het ook geen geringe rol gespeel nie.

Hierdie drie sake het die kerk op 'n harde manier geleer dat hy gewoonlik tweede viool speel in die burgerlike hof. Die rede is dalk omdat die Here die Woord as eerste orde gegee het ...

ANDRÉ OLIVIER




1

# 1864. 'n Klein sinode doen groot werk in Natal

Met die vestiging van die Voortrekkers in Natal ná die Slag van Bloedrivier, is die eerste NG gemeente noord van die Oranjerivier (tans die Gariep) in 1839 in Pietermaritzburg gestig. Daarna het die gemeentes Ladysmith (1854), Weenen (1859) en Greytown (1859) gevolg.

Aanvanklik was die Natalse Kerk volledig staatskerk. Met sy aanvaarding van die amp as 'goewerneur' het Piet Retief ook trou gesweer aan die kerk, en het hy gedien as kommissaris-politiek, op voetspoor van die gebruik in die Kaap. Dit beteken dat hy namens die Politieke Raad sittingsreg op die kerkvergaderings gehad het. Na sy dood het kerk en regering spontaan uitmekaar beweeg.

### 'N EIE RING

Die hofuitspraak van die Loedolff-saak in 1862 het lidmate van die NG Kerk wat buite die Kaapkolonie gewoon het, wetlik verhoed om amptelik lidmate van die Kaapse Kerk te wees. Tot in daardie stadium was al die gemeentes noord van die Oranjerivier saamgebind in die Ring van Transgariep. Na die hofuitspraak het dié ring verdeel in die ringe van die Oranje-Vrystaat en Natal. Die Natalse gemeentes het saam met die twee Transvaalse gemeentes die Natalse Ring gevorm. Die nuwe ring het op 30 April 1863 vir sy eerste sitting te Ladysmith vergader. Die kerkregtelike posisie van die ring was egter steeds onduidelik en gevolglik besluit die ring om die gemeentes in Natal in 'n afsonderlike kerkverband saam te voeg. Twee jaar later, op 7 Junie 1865, is die eerste Algemene Vergadering van die Sinode van Natal gekonstitueer, met ds John McCarter as voorsitter. Die sinode het elke jaar vergader en ook die pligte van 'n ring vervul. Eers in 1939 is daar weer ringsvergaderings ingestel.

Geldelik het dit swaar gegaan met die gemeentes en in 'n stadium was ds DM Huet van Pietermaritzburg se salaris 142 pond agterstallig. Die meeste lidmate in hierdie beginjare het min materiële goedere gehad. Baie het letterlik in Natal aangekom met besittings wat op 'n ossewa kon pas. Tog was dit moontlik om met 'n bestaansboerdery in die vrugbare Natal te oorleef. Hulle eenvoudige lewenswyse was sodanig dat die beperkte lewensmiddele tot hulle beskikking voldoende in hulle behoeftes kon voorsien.

Op geestelike gebied was daar tydens die vroeë sestigerjare van die negentiende eeu baie agteruitgang en het die NG Kerk in Natal 'n laagtepunt beleef. Lidmate was so vasgevang in 'n oorlewing- en vestigingstryd, dat daar nie veel




2

op die breë kerklike terrein beplan en gedoen is nie. Later het dit verander en het een van die kleinste sinodes binne die NG Kerk reusewerk op verskillende terreine begin doen.

UITREIKING

Sendingwerk is van die begin af gesien as 'n ononderhandelbare opdrag van die Here. Individuele lidmate het deur die jare informele sendingwerk op plase en onder werknemers gedoen. Die sendingfokus van kerkrade, ringe en die sinode was veral gerig op die Zoeloes en die Indiërs wat sedert 1860 op die suikerrietplase kom werk het. Met die eeufeesvieringe van die Groot Trek in 1938 het die ideaal by ds JCG Kotze ontstaan om ook 'n Geestelike Eeufees Monument (GEM) op te rig. Vanaf die plek waar Piet Retief en sy manskappe destyds om die lewe gebring is, moes 'n sendingaksie oor die hele Zoeloeland uitgaan om as 'n geestelike monument te dien. Later is die sendingstasie Dinganestat begin, wat tot 'n baken in eie reg ontwikkel het. Verskeie werksaamhede het op en om Dinganestat ontwikkel: 'n skool, 'n kinderhuis, 'n teologiese skool, 'n skool vir dowes, 'n sentrum vir gestremdes en 'n gemeente van die latere Verenigende Geref. Kerk in SA (VGKSA).

Op die terrein van diens van barmhartigheid het die Natalse Kerk ná die Anglo-Boereoorlog gestruktureerd dienste begin lewer. Na die Groot Griep van 1918 besluit die kerk om 'n kinderhuis te begin vir 'griep-wezen, andere wezen, verwaarloosde kinderen'. Die gevolg is die totstandkoming van die Greytown Kinderhuis in 1919. Met verloop van tyd is maatskaplike veldwerkers aangestel en kom die kerk en staat ooreen dat die werkers ook deur die staat gesubsidieer word. Tans bestuur die kerk se welsynsorganisasie drie kinderhuise, 'n tehuis vir bejaardes, verskeie maatskaplike veldwerkers en ander dienste.

Die jeug was nog altyd vir die NG Kerk in Natal belangrik en groot moeite is gedoen om die evangelie op 'n jeugvriendelike manier aan hulle oor te dra. Met die geweldige uitbreiding van die Spoorweë as teenvoeter vir die armoedevraagstuk van die twintiger- en dertigerjare van die vorige eeu, was dit veral die skoolverlaters en werkende jongmense wat die aandag van die kerk in gemeentelike en breër verband gevra het. In Pietermaritzburg en Durban is verskeie jeugsentrums gebou om in 'n groot verblyfbehoefte te voorsien. Toe omstandighede verander het, is hierdie eiendomme later verkoop. Die fokus van die NG Kerk van Natal se jeugbediening is tans hoogs suksesvolle



3

1. *Die NG kerkgebou, Utrecht. Die Gemeente Utrecht was tot 1862 deel van die Kaapse Sinode, daarna tot 1864 deel van die Natalse Ring en vervolgens in Transvaalse sinodale verband tot 1952. Die ses Natalse gemeentes in die Ring van Utrecht, is toe weer amptelik by die NG Kerk van Natal ingelyf.* NG KERKARGIEF, PRETORIA
2. *Die preekstoel van die Geloftekerk in Pietermaritzburg is teen 1840 voltooi en in 1861 verhoog. Die Voortrekkerhoofstad se naam is ontleen aan Piet Retief se voornaam en Gerrit Maritz se van, nadat daar op 23 Oktober 1838 tot die stigting van 'n hoofsetel aan die Boesmanrand besluit is. Een van die eerste take van die nuwe gemeente was die stigting van 'n noodfonds vir slagoffers van die Dinganestat- en Bloukransmoorde.* VOORTREKKERMUSEUM, PIETERMARITZBURG
3. *Ds DPM Huet (1828-1895), eerste moderator van die NG Kerk van Natal in 1865.* NG KERKARGIEF, KAAPSTAD
4. *Die Moderatuur van die Natalse Sinode, 2000.* DIE KERKBODE



4

skoolverlaterskampe wat sedert 1967 jaarliks aangebied word.

Die mees uitstaande kenmerk van die Natalse Kerk is dat dit 'n klein sinode is wat in 'n groot provinsie die evangelie van Jesus Christus moet uitdra en uitleef. Tans raak die geestelike en materiële nood in KwaZulu-Natal al groter, terwyl die NG Kerk aan die krimp is. Lidmate van die NG Kerk maak tans slegs 0,8% van die bevolking van Natal uit. Die uitdaging vir die NG Kerk van Natal in die nuwe millennium is om 'n groter wordende nood op 'n sinvolle manier deur 'n kleiner wordende kerk te beantwoord.

In hierdie eeu sal die NG Kerk sy staanplek moet vind en ken, en as dienskneg moet voortgaan om sy roeping uit te leef. Die woorde van ds HF Schoon in 1916 geld nou meer as ooit:

'Met de oog op hare kleinheid wat het zielental betreft, stelt de Nederduitsch Gereformeerde Kerk van Natal zich bescheidenlijk tevreden met de geringe plaats, door haar ingenomen; te meer, daar zij zich erin mag verblijden, dat's Heeren kracht in hare zwakheid volbracht wordt en Hij haar menigmalen Zij welbehagen in haar heeft laten blijken. Zijn Naam zij in alles geprezen!'

BOTHA VAN AARDE



I

# 1865. Die Vrystaatse Sinode 'uit den boesem der Gemeenten'

Die eerste sinode van die NG Kerk in die Oranje-Vrystaat wat vanaf 10 tot 13 Mei 1865 in Bloemfontein gehou is, was histories gesproke 'n regstreekse gevolg van die uitspraak van die omstrede Loedolff-saak in die Kaapse Hooggeregshof op 26 November 1862.

Ná hierdie verbreking van die kerkverband tussen die Kaapse Kerk en gemeentes in die noorde, was die eenheid in belydenis en kerkinrigting wel nog daar. Aanvanklik het die Vrystaters dus gehoop op 'n herstel van die sinodale band. 'n 'Kerkvergadering' waarop al elf NG gemeentes binne die destydse modelrepubliek van die Oranje-Vrystaat verteenwoordig was, het in September 1863 besluit om nie onmiddellik stappe vir die totstandkoming van 'n eie sinodale verband te neem nie. Miskien kon die Kaapse Sinode die gewraakte Kaapse Ordonnansie 7 van 1843 só wysig dat die Transgariepse gemeentes weer afgevaardigdes na die sinode kon stuur. Daarby wou die ses jeugdige Vrystaatse dominees dit aanvanklik nie sonder die wysheid van die grysheid in die Kaapse Sinode waag nie.

## 'N SINODALE VERBAND VIR DIE VRYSTAATSE GEMEENTES

Die Kaapse Sinode het egter geen stappe geneem om die kerkverband te herstel nie en ander weë en middele moes gevind word. Op 'n konferensie 'op last van den Transgariepschen ring' van 13 tot 15 Januarie 1864 in die Vrystaatse hoofstad was daar dus twee alternatiewe. Die eerste moontlikheid was 'n sinode vir alle NG gemeentes buite die Kaapkolonie in 'n 'vrye kerk' sonder enige staatsteun of -beheer. Die tweede alternatief was 'n 'landskerk' waarin elke sinodale verband tot die grense van 'n staat beperk was en aanspraak kon maak op die een of ander vorm van owerheidsteun. Die Vrystaatse regering het dit reeds in 1854 grondwetlik vasgelê dat die NG Kerk bevorder en ondersteun sou word.

Daar is uiteindelik besluit dat die Vrystaatse predikante en drie gekoöpteerde lede die Kaapse wette en bepalinge op 15 Junie sou hersien met die oog op die stigting van 'n NG Kerk in die Vrystaat. Nadat die opdrag uitgevoer is, is goedkeuring verleen vir 'n kerkkonferensie van 10 tot 15 November 1864 op Smithfield.

Op hierdie konferensie is die voorgestelde wette en bepalinge finaal hersien en bekragtig 'om als uit den boesem der Gemeenten de Synode van den Oranje Vrijstaat te constitueren'. Dié konstituering het op 15 November plaasgevind. Daarmee is die sinodale verband van die NG gemeentes in hierdie provinsie – sedertdien bekend as die NG Kerk in die Oranje-Vrystaat – gevestig. Dié verband het reeds bestaan toe die eerste Vrystaatse Sinode op 10 Mei 1865 in Bloemfontein byeengekom het.

Hierdie feit is bevestig toe die sinode op 11 Mei 1865 die Volksraad in kennis gestel het dat die NG Kerk in die Vrystaat sedert 15 November 1864 'een zelfstandig kerkgenootschap' vorm. Vanweë 'n wedersydse welwillendheid en respek het die sinode toe die 'kerkwette' vir kennisname aan die owerheid voorgelê. Die sinode het egter ook 'n ver-



2



3



4

1. *Die besoek van predikante en kerkraadslede van die Suidelike Ring van die Vrystaatse NG Kerk aan genl CR de Wet op sy plaas by Dewetsdorp, kort voor sy dood in 1922. Genl De Wet, met sy kenmerkende bokbaardjie, sit in die middel, met sy vrou langs hom.*
2. *Die Sinode van die Oranje-Vrystaat, 1912.*
3. *Ds AA Louw sr (1827-1908), assessor van die eerste sinode van die NG Kerk in die Vrystaat in 1865. Hy was die vader van die sendingpionier AA Louw jr van die Morgenster-sending, Zimbabwe. Morgenster se naam is ontleen aan ds Louw sr se eiendom in die Paarl.*
4. *Ds Gilles van de Wall (1828-1896), moderator van die eerste Vrystaatse sinode van die NG Kerk in die OVS in 1865.*
5. *Silwermodel van die bekende Tweetoringkerk van die NG Gemeente Bloemfontein. Die drie laaste predikante van die Vrystaatse modelrepubliek is hier ingehuldig. Verskeie presidente (soos pres MT Steyn) en predikante (soos dr JD Kestell) is ook uit die Tweetoringkerk begrawe. Die kerkgebou in die oorwegend 'Modern Romeinschen' (neo-Romaanse) styl is deur WB Hayes ontwerp en deur R Wocke aangepas. Dit is op 7 Mei 1880 ingewy en is die enigste tweetoringkerk in Suid-Afrika.*

FOTO'S: NG KERKARGIEF, BLOEMFONTEIN

soek gehad: die Volksraad moes artikel 22 van die Vrystaatse grondwet, wat staatsteun en -bevordering van die 'Nederlandsch Hervormd' Kerk gewaarborg het, wysig met die korrekte benaming 'Nederduitsch Gereformeerd'. Die Volksraad het in 1867 positief hierop reageer.

## STAATKUNDIGE GRENSE EN KERKLIKE TUG

Die Vrystaatse Sinode het gevolglik reeds by sy eerste sitting in 1865 die steun van 'n goedgesinde owerheid aanvaar en moontlik daarmee profetiese afstand van die staat ingeboet. Die sinode het hom op ongereformeerde wyse sodoende tot die staatkundige grense van die Vrystaat beperk én boonop – in die gees van die tyd – kollegialistiese terme soos 'kerkgenootskap' en 'kerkwette' gebruik. 'n Ander faset is terselfdertyd geopenbaar wat kenmerkend is vir die Vrystaatse Sinodes sedertdien: 'n sin vir gereformeerd wees en 'n gesonde behoudendheid.

Tydens die sinodesitting van 1865 is hierbenewens aanvaar dat elke gemeente naas sy predikant slegs een afgevaardigde sou benoem. Dit was volgens die voorsitter, ds Gilles van de Wall, in ooreenstemming met die Dordtse Kerkorde van 1619 wat teen enige vorm van ampsoorheersing was. 'n Voortdurende en moedswillige versuim van eredienste en die sakramente was vir die sinode voorts onderhewig aan sensuur – volgens die gereformeerde belydenis is tug een van die merktekens van die ware kerk.

Die eerste Vrystaatse Sinode het ook sy volle steun aan die Kaapse Sinode gegee in sy ywer vir die gesonde leer, diens en tug téén die teologiese liberalisme. Trouens, in die voorwoord van sy wette en bepalinge het die sinode uitdruklik verklaar dat hy hom stel op die leer en tug soos aanvaar by die Dordtse Sinode van 1618-1619. Dit was die Drie Formuliere van Eenheid 'als overeenkomstig met Gods Woord'.

Die eerste sinode van die NG Kerk in die Vrystaat in Mei 1865 het dus reeds 'n goeie verhouding met die Vrystaatse owerheid geopenbaar, asook 'n rustige koers en groot invloed in dié gebied. Dit is tradisies wat min of meer ongewysig tot vandag voortgesit word.

PIET STRAUSS



5



1

# 1867. Méér as die geskitter van diamante

Die ontdekking van diamante en die gevolglike industrialisasie het verreikende sosio-ekonomiese gevolge vir Suid-Afrika gehad. Die land sou hierna nie meer hoofsaaklik van landbouproduksie afhanklik wees nie. Die gepaardgaande verstedeliking het ook ongekende kerklik-maatskaplike gevolge gehad.

Die eerste diamant is in 1867 deur Erasmus Jacobs op die plaas De Kalk in die distrik Hopetown gevind. Daarna is diamante sporadies langs die Vaalrivier ontdek en verskeie delwersdorpies soos Klipdrift (die huidige Barkly-Wes) en Hebron (Windsorton) het oornag in droë delwerye langs die rivier ontstaan. Aan die begin van 1871 is diamante ontdek op die plase Dutoitspan, Bultfontein en Vooruitzigt. Dié plase was dadelik as New Rush bekend en is in 1873 tot Kimberley hernoem.

Duisende fortuinsoekers vanoor die wêreld het na die nuwe Eldorado gestroom. Teen 1873 was die bevolking van Kimberley reeds groter as dié van enige ander stad in Suid-Afrika.

Ten spyte van die geweldige groei, was die lewensomstandighede en gesondheidstoestande van die delwers haglik. Voedsel en ander gebruiksartikels moes van die kus vervoer word en was gevolglik baie duur. Die waterskaarste en 'n gebrek aan behoorlike sanitêre geriewe het tot epidemies gelei. Die delwers is ook geteister deur stofstorms, vlieë, versengende hitte gedurende die somer en ysige koue in die wintermaande. Die delwers het hulle verblyf as tydelik beskou en ryk en arm het aanvanklik die ongerief van tentwonings verduur.


Daar was gevolglik min sprake van die gewone sosiale en kerklike instellings van 'n permanente gemeenskap. Interkerklike dienste is wel sporadies in Engels of Hollands op die diamantvelde deur rondreisende predikante in die buitelug of in tente gehou. Later is 'n gemeenskapstent deur die delwers bekom. Met die toename in kerkbesoek het die verskillende kerkgenootskappe hulle eie dienste begin hou. Steen- en sinkkerke het algaande tente en rietstrukture vervang.



2

## DIE NG KERK RAAK BETROKKE

Die geestelike bearbeiding van die delwers is reeds vanaf die vroeë sewentigerjare by die Kaapse en Vrystaatse sinodes van die Nederduitse Gereformeerde Kerk bespreek. Verskeie predikante, soos di Charles Murray en AD Lückhoff, het periodiek geestelike werk op die diamantvelde verrig. Gedurende 'n besoek as afgevaardigde van die Sinodale Kommissie aan die diamantvelde in 1871 het ds GW Stegmann



3



4

ook gehelp met die oprigting van 'n groot tydelike NG kerkgebou van pale en riete op Hebron (Windsorton).

In 1872 is kerktente vervolgens by Dutoitspan en New Rush ingewy. Omdat die diamantvelde teen 1872 deel uitgemaak het van die Britse kroonkolonie van Griekwaland-Wes, het die twee gemeentes nie onder die Kaapse Kerk geval nie en het hulle as vrye gemeentes bestaan. Dit het in 1883 verander met die inlywing van die gemeentes by die Kaapse Sinode as deel van die Ring van Colesberg.

### DIE DUTOITSPAN-GEMEENTE, KIMBERLEY

Hierdie gemeente van Dutoitspan met sy kleurryke geskiedenis word as die oudste NG gemeente op die diamantvelde beskou. Reeds op 8 Julie 1871 het die lidmate van die NG Kerk by Dutoitspan 'n kerkkomitee gekies wat verantwoordelik was vir die oprigting van 'n kerktent in 1872. In Mei 1873 is proponent JC de Vries as predikant van die gemeente bevestig.

Met die opbloei van ander diamantmyne het Dutoitspan ontvolk en kon die gemeente teen 1875 voorlopig nie meer 'n leraar onderhou nie. Proponent SW Kuhn is in 1877 wel bevestig. Hy het ook Griekwastad besoek en wyke langs die Vaal- en Rietrivier bearbei.

In 1881 is 'n nuwe sinkkerkie ingewy; vir die bou van hierdie kerkie is sinkplaat teen groot koste per ossewa vanaf Port Elizabeth vervoer. 'n Kerkskool met 22 leerlinge is op 23 Mei 1883 geopen en is later omskep in 'n regeringskool, Dutoitspan Laerskool. Benewens die Dutoitspan-gemeente het proponent AP Kriel ook Duplooysburg, Kerkplaas en Doornfontein besoek. Uit die besoeke aan Doornfontein het die dorp Warrenton ontstaan. In 1920 het Duplooysburg as gemeente afgestig, asook die gemeentes van Modderrivier-Ritchie in 1950 en Diamantveld in 1955.

Met die hoeksteenlegging van die nuwe kerk op Dutoitspan in 1940 is die sinkkerkie uiteindelik vervang.

### DIE KIMBERLEY-GEMEENTE (NEWTON)

Aan die einde van 1871 is 'n kerktent op New Rush (Kimberley) in gebruik geneem. Agt maande later is die gemeente se eerste kerkgebou, die Sinkkerk, ingewy, met proponent JW Louw as eerste predikant. Hy is opgevolg deur ds BB Keet. In sy dienstyd is 'n baksteenpastorie gebou om die pastorietent te vervang.

Ds Keet is opgevolg deur ds JD Kestell, wat in moeilike omstandighede gewerk het vanweë die armoede in sy gemeente. Die meeste van sy gemeentelede het vir 'n arbeidersloon gewerk. Ds Kestell het nietemin daarin geslaag om geld vir die oprigting van 'n nuwe kerk in te samel. Hy het die klipgebou wat op 29 Mei 1886 ingewy is, self ontwerp!

Vanweë die groei van die Kimberley-gemeente, het verskeie nuwe gemeentes mettertyd ontstaan. In 1950 het die gemeentes van Kimberley-Noord en Kimberley-Wes afgestig, in 1968 Kimberley-Vooruitsig, in 1982 Kimberley-Suid (tans Harmonie) en Bakenskop in 1997.

Die gemeentes van Kimberley en Dutoitspan het gesamentlik verantwoordelikheid vir sendingwerk aanvaar. Die kerktent is ná die inwyding van die Sinkkerk vir eredienste vir swart en bruin mense gebruik. In April 1889 is die NG Sendingkerk in Handstraat, Newton ingewy. Die twee bruin gemeentes in Dutoitspan en Kimberley het later geamalgameer en is tans gesetel in Vergenoeg. Twee swart gemeentes is in Greenpoint en Galeshewe begin. In 1966 het 'n gemeente van die Reformed Church in Africa ook in Kimberley tot stand gekom. Die NG gemeentes van Kimberley en Dutoitspan het intussen in 1942 'n permanente sendingkommissie aangestel.

Die NG Kerk het dus 'n deurslaggewende rol op die diamantvelde gespeel, waar Suid-Afrika se industriële revolusie en verstedeliking gestalte gekry het. Vir die kerk was dit méér as net die geskitter van diamante!


VIDA LE ROUX ALLEN

1. *Die neo-Klassieke NG kerk van die Moedergemeente van Kimberley (Newton). Dit is deur ds JD Kestell ontwerp en op 29 Mei 1886 ingewy.* JOHN OXLEE (SPIX INTERNATIONAL)
2. *Ds JD Kestell (1854-1941) en sy gesin. Hy het sy bediening in Kimberley begin (1882-1893) en het hier 'n pioniersrol op kerklike, sosio-ekonomiese en kulturele vlak gespeel.* KAAPSTAD ARGIEFBEWAARPLEK
3. *Die sinkkerkie van die gemeente Kimberley (agter) is in 1872 opgerig.* MCGREGOR MUSEUM
4. *Adam Kok (1861-1875), Griekwa-kaptein op wie se grondgebied van die diamantvelde geleë was. Hy het tydens 'n probleemsituasie glo tot God gebid dat dit nie help om sy Seun te stuur nie – Hy moes self kom.* KAAPSTAD ARGIEFBEWAARPLEK
5. *Gruis uit die kleims by Kimberley se delwerye word verwyder deur 'n katrolstelsel.* MCGREGOR MUSEUM

5



1




# 1874. Die Hugenote Seminarie in die Wagenmakersvallei

Die Hugenote Seminarie is op 19 Januarie 1874 op Wellington geopen, met veertig inwonende dames en veertien persone wat in die dorp gebly het. Twee van die leerkragte, mej Abbie P Ferguson en mej Anna E Bliss, het studeer by die Mount Holyoke Seminary in Massachusetts in die VSA, wat volgens die Mary Lyon-stelsel gefunksioneer het. Beide hierdie dames sou onderskeidelik vanaf 1874 tot 1920 onafgebroke prinsipale van die Seminarie wees. Hulle name is ook verewig in Ferguson Hall en Bliss Hall op Wellington.

### DIENSVAARDIG MET HOOF, HAND EN HART

Dr Andrew Murray, destydse predikant van die NG Kerk op Wellington, het in 1872 diep onder die indruk van Mary Lyon se opvoedkundige metodes gekom. Daarin het hy die antwoord gevind vir sy ideaal vir die intellektuele, morele en geestelike ontwikkeling van jong meisies in Suid-Afrika. Dit het veral die ontwikkeling van hoof, hand en hart in die gees van Christelike diensvaardigheid behels. Die Seminarie het in 1875 benewens 'n aantal onderwyseresse sy eerste sending-rekruut, mej Johanna Meeuwsen, gelewer.

'n Verdere mylpaal was die totstandkoming in 1896 van 'n opleidingskollege vir onderwysers. Hierna het onderwysopleiding dus afsonderlik van die Seminarie gefunksioneer. Volgens die wetgewing van 1907 was die Hugenote Kollege oorspronklik net vir dames bedoel, maar kon mansstudente wie se ouers binne die skooldistrik van Wellington gewoon het, ook daar studeer.


Die Seminarie het mettertyd verdeel in 'n junior afdeling – die Hugenote Meisieskool – en 'n senior afdeling, die Hugenote Kollege, waar ook grade verwerf kon word. Die Hugenote Kollege het in 1916 'n konstituerende kollege van die Universiteit van Suid-Afrika geword. Dit is in 1920 na die Hugenote Universiteitskollege verander.

Mettertyd is verskeie doelmatige en sierlike geboue vir die Seminarie en die Kollege opgerig met donasies vanoor die hele Suid-Afrika en van oorsee. Goodnow was 'n groot weldoener en een van die geboue is na hom genoem. Benewens Goodnow Hall is daar die Murraysaal, Hoër Meisieskool (afgebrand in 1907), Bliss Hall (afgebrand in 2001), Cummings Hall en Ferguson Hall.

2



3



4



Tesame met die Hugenote Seminarie het Friedenheim ontwikkel. Dit het ontstaan uit 'n Bybelklas van mej Ferguson wat in 1904 tot 'n afsonderlike sendingopleidingskool vir dames gelei het. Dit was onder die vleuels van die destydse Vrouesendingbond van die NG Kerk. Kursusse is tot die einde van 1950 aangebied in sendingwerk, maatskaplike werk en Bybelstudie.

### GEMEENSKAPSGERIGTHEID VERSEKER VOORTBESTAAN

Die Hugenote Universiteitskollege moes reeds vanaf 1928 veg vir sy voortbestaan. Argumente wat toe vir die sluiting van die Kollege aangevoer is, was onder meer dat die tyd vir 'n aparte damesinrigting verby was en dat die lae studentegetalle die bedryfskoste per student te hoog gemaak het. Laboratorium- en biblioteekfasiliteite is ook as onbevredigend beskou. Daar was wel 'n geleidelike styging in die studentegetalle in die veertigerjare, maar dit was hoofsaaklik te danke aan mansstudente van die Sendinginstituut wat hulle admissiestudies aan die Kollege gedoen het. Pogings om 'n verhoogde staatsubsidie te bekom, was onsuksesvol. Die subsidie sou trouens ná 1950 gestaak word.

Intussen het onderhandelinge tussen die Armesorgkommissie van die Kaapse NG Kerk en die Kollegeraad plaasgevind wat daartoe gelei het dat die kerk die eiendomme, geboue en toerusting van die Hugenote Universiteitskollege oorgeneem het. Op 28 Februarie 1951 is die Hugenote Kollege van die NG Kerk amptelik geopen. Opleiding in sending en naastediens is hierdeur voortgesit.

Die Hugenote Kollege het die bande van sy voorganger met die Universiteit van Suid-Afrika behou, maar dit het tot 'n einde gekom toe die laaste admissiestudente van die Sendinginstituut in 1959 hulle kursusse voltooi het. Eers op 14 Maart 1975 is 'n nuwe ooreenkoms met Unisa onderteken, waarvolgens onder meer studente van die Kollege met matrikulasievrystelling vir die Universiteit se kwalifikasies voorberei sou word. Dit was die Baccalaureus Diaconiologiae en ooreenstemmende nagraadse kwalifikasies.


Dié maatreël het egter nie die probleem van staatsubsidies opgelos nie. Die Kollege het wel 'n beperkte subsidie op 'n *ad hoc*-basis ontvang, maar dit was kort-kort in die gedrang by die staat. In 1988 is weer eens 'n nuwe ooreenkoms met Unisa gesluit, waarvolgens die Universiteit die graad- sowel as diplomastudente van die Kollege onder sy vleuels geneem het en die Kollege via die Universiteit toegang tot staatsubsidies ontvang het. Die ooreenkoms het voorsiening gemaak vir die behoud van die historiese kerklike karakter van die Kollege en sy Christelike standpunte.

Die Hugenote Kollege bied graad- en diplomakursusse in maatskaplike werk, jeugwerk en sending aan. Die Departement Maatskaplike Werk is een van die grootstes in die land wat studentegetalle betref. Die jeugwerkopleiding is ook uniek in Suid-Afrika en selfs in 'n wyer konteks. Die sendingkursus is ongelukkig later gestaak weens afnemende getalle. Die kollege se studente kom vanoor die hele land. Alle bevolkingsgroepe het toegang en 'n groot verskeidenheid kerke word verteenwoordig.

Die Hugenote Kollege het reeds diep spore getrap, onder meer met die besondere opleidingsmodel vir studente in maatskaplike werk, die gemeenskapsgerigtheid van die opleiding, die inisiatief met die bekende Diensjaar vir Christus-projek en die stigting van die Vigsburo. Die handhawing van 'n Christelike lewens- en wêreldbeskouing op die kampus en in die akademiese onderrig is steeds vir die Kollege ononderhandelbaar. Die mosterdsaad wat byna 125 jaar gelede ontkiem het, het binne die NG Kerk gegroei 'en 'n boom geword en baie voëls het in sy takke kom nes maak'.

FLIP VAN DYK


1. *Die bekende hoofgebou van die Hugenote Kollege, vroeër die Hugenote Seminarie, Wellington.* DIE KERKBODE
2. *Ferguson Hall (1908), hoofkwartier van Lux Verbi.BM, is genoem na die Hugenote Seminarie se eerste prinsipale.* FOTO: LUX VERBI
3. *Die historiese NG Moederkerk, Wellington. Voor die kerk is die standbeeld van die gemeente se bekendste leraar, dr A Murray. Dié standbeeld van 'Oubaas Morrie' toon hom in 'n sittende posisie – soos hy op hoë ouderdom vanweë swak gesondheid gepreek het. Die standbeeld is tydens die apartheidsjare beskadig.* FOTO: A PRETORIUS
4. *Gedenkplaat van die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede by die geboukompleks van die Hugenote-Seminarie, Wellington.* FOTO: A PRETORIUS
5. *Goodnow Hall, Wellington.* FOTO: A PRETORIUS.
6. *Patmos, dr A Murray se strandhuis by Kalkbaai, waar besluit is om die bekende Mount Holyoke-Skool in die VSA te nader vir geskikte onderwysers vir die beoogde Hugenote Seminarie.*
7. *Dr Andrew Murray (1828-1917), stigter van die Hugenote Seminarie vir meisies in Wellington.* NG KERKARGIEF, KAAPSTAD
8. *Mej AE Bliss (1843-1925) en mej AP Ferguson was die eerste dosente van die Hugenote Seminarie. In 1887 was mej Bliss medestigter van die Christelike Strewersvereniging.* NG KERKARGIEF, KAAPSTAD
9. *Mej AP Ferguson (1837-1919), eerste prinsipale van die Hugenote Seminarie. In 1878 het sy en mej Bliss die Hugenote-Sendingvereniging vir dames gestig – 'n voorloper van die Vrouesendingbond van 1890.* NG KERKARGIEF, KAAPSTAD



6



7



8



9





1

# 1874. Van 'Christelijke jongelieden' tot Christen-studente

In sy jeugbediening het die NG Kerk deur die jare veral op skoliere, studente en werkende jongmense gekonsentreer. Tot die middel van die negentiende eeu is min aandag aan georganiseerde kerklike jeugwerk gegee, maar hierna was daar die sporadiese vorming van verskeie jeugverenigings.

## WERKENDE JONGMENSE

Die oorsprong van jeugbediening in Suid-Afrika lê hoofsaaklik in die internasionale Young Men's Christian Association wat op 6 Junie 1844 gestig is. Die byeenkomste het gesentreer om Bybelstudie, gebed en sang vir jongmense. Voortspruitend hieruit het die Bybelklas van prof NJ Hofmeyr op Stellenbosch in 1874 besluit om 'n Christeliike Jongeliede-vereniging van die NG Kerk te vorm. Dit was 'n baie aktiewe vereniging en die oprigting van die Hofmeyrsaal was 'n regstreekse voortvloeisel hiervan. 'n Bybelklasvereniging van die Vrystaat is ook in 1916 gestig. Dié verenigings het hulle veral toegespits op die geestelike ontwikkeling van jongmense.

Ná die totstandkoming van die voorloper van die Christelike Strewersvereniging in 1881 in die VSA, het Anna Bliss van die Hugenote Seminarie in 1887 die eerste Christelike Strewerstak in Suid-Afrika gestig. Die vereniging was interkerklik, maar daar het in 1901 'n skeiding oor taalgrense heen gekom. Die Christian Endeavour Union en die Strewersunie van die NG Kerk het hierna afsonderlik gefunksioneer.

Daar was mettertyd toenemende pogings om die Bybelklas-vereniging, die Strewers en die Christelijke Jongeliede-vereniging te amalgameer, hoewel al drie organisasies merendeels die erkenning van die NG Kerk gehad het. Verskeie sinodebesluite en die Randse Jeugkommissie van die Transvaalse Sinode (1948) het hierna 'n prominente rol gespeel. Dit het uiteindelik op 6 Julie 1951 tot die stigting van die Kerkjeugvereniging (KJV) van die NG Kerk gelei. Dit was 'n mylpaal in jeugbediening omdat die verskillende vertakkinge toe 'n verenigde front gevorm het en regstreeks by die NG Kerk ingeskakel is.

Die KJV het hierna veral werkende jongmense as teikengroep gehad, met skoliere en studente wat by die Christen-Studentevereniging (CSV) ingeskakel was. Lidmaatskap was volgens 'n voorgeskrewe prosedure, maar die KJV het nooit groot getalle getrek nie. Mettertyd het veral in die noordelike sinodes die oortuiging gegroei dat lidmaatskap van 'n vereniging binne die NG Kerk nie verantwoordbaar was nie. Landwye kongresse is gehou en druk is uitgeoefen om die KJV te verander na 'n kerkjeugaksie. Dit het behels dat alle belydende lidmate in die ouderdomsgroep van 18 tot 25 jaar kragtens hulle lidmaatskap van die kerk outomaties aan die Kerkjeugaksie behoort het. In 1976 het die Belydende Kerkjeugaksie (BKJA) gevolglik die KJV vervang. In die praktyk is lede en nielede vervang deur meelewende deelnemers enersyds en onbetrokkenes andersyds.

Sedert die jare negentig van die twintigste eeu het die formele strukturering van jeugaksies toenemend verander na informele groeperinge wat sterk klem op vriendskapsverhoudinge en Bybelstudie gelê het. Die groepe het dikwels hulle eie benaminge, maar word vir kerklik-organisatoriese doeleindes saamgevoeg onder die oorhoofse naam van die Belydende KJA van die NG Kerk.

## SKOOLGAANDE JEUG

Die Kindersendingkrans is vroeg in die twintigste eeu onder inspirasie van dr Andrew Murray en die personeel van die Hugenote Seminarie in Wellington gestig. Aanvanklik was dit 'n afdeling van die Vrouesendingbond. Die teikengroep was die voorskoolse- en laerskooljeug van die NG Kerk, met as hoofdoel om kinders in hulle eie idioom van kleins af te leer om God saam te dien. Spesiale projekte is jaarliks onder-

steun en die Sendingkrans het sedertdien 'n reuse-invloed op die vorming van 'n sendingywer en liefdesdiens onder kinders gehad.

Met die samesmelting van die Vrouesendingbond en Vrouehulpdiens in 1983 het die Kindersendingkrans die verantwoordelikheid van die Sinodale Jeugkommissie geword. Die oorspronklike naam het algaande in die volksmond verander na Kinderkrans, sonder om die klem op die sending te verloor. Nadat dit van 'n verenigingsbasis na 'n aksiebasis verander het, is die Kinderkrans ook soms die Junior KJA genoem.

Die hoërskooljeug is dekades lank grootliks deur die Christen-Studentevereniging as 'n interkerklike vereniging bedien. Sedert die jare sestig van die twintigste eeu het die behoefte egter ontstaan vir 'n eie organisasie vir hoërskoolleerlinge. Veral in die destydse Transvaal is sporadies 'n Junior KJV vir bepaalde gemeentes gestig. Gemeentes is ook aangemoedig om dié deel van die skoolgaande jeug in 'n Senior KJA te organiseer en te bedien. Dit het in 'n vennootskap met die destydse ACSV ontwikkel deurdat hoërskooljeug deur die ACSV bedien is en in gemeenteverband deur die Senior KJA. Hierdie reëlings lewer steeds goeie resultate.

As deel van die internasionale Christian Endeavour-organisasie is die Christen-Studentevereniging in 1896 in Wellington gestig vir die bediening van studente en skoliere. Een van die aksente was die bevordering van weeklikse Bybelstudiekringe. Gereelde kampe is aangebied en die beweging het 'n onmisbare rol in die jeugbediening by universiteite, kolleges en skole gespeel.

Vanweë die interkerklike karakter van die CSV het dit maklike toegang tot kampusse en skole gehad en al die taal- en kultuurgroepe bedien. Die Afrikaanssprekende deel het die talrykste geword – in só 'n mate dat ander groepe gekla het dat die Afrikaanse karakter te sterk bedien word. Dit het daartoe gelei dat dié vereniging in die dertigerjare in vyf afdelings verdeel is, maar steeds met 'n sentrale administrasie en een hoofbestuur.

In Januarie 1965 het die CSV ontbind en het elke afdeling sy eie vereniging gestig. Dit was die begin van die Afrikaanse Christen-Studentevereniging (ACSV), die Student Christian Organisation (SCO) vir Engelssprekendes en die Vereniging vir Christen-studente (VCS) vir die bruin jeug. In die negentigerjare het die aandrang gegroei dat die onderskeie verenigings weer saamsmelt. Die ACSV en die VCS het reeds verenig en die Verenigende CSV (VCSV) gevorm. Dit geniet die samewerking en ondersteuning van die NG Kerk in die bediening van die skoolgaande jeug.

## STUDENTE

Die CSV was die belangrikste kerkvereniging in die bediening van studente. Dit was ook die talrykste vereniging op die meeste kampusse en samewerking met die NG Kerk was altyd goed. Vir die meeste studente was die CSV die instrument waardeur die NG Kerk hulle bedien het.

Die aandrang sedert die sestigerjare dat die kerk nie meer van 'n vereniging gebruik moet maak nie, het daartoe gelei dat 'n Studente-kerkjeugvereniging in Pretoria gestig is. Die tendens het uitgebrei na ander kampusse, maar daar is afgesien van die stigting van 'n algemene Studente-KJV. Die kerk het eerder die studentebediening in volwaardige studentegemeentes georganiseer. Die samevoeging van studente in kategoriale studentegemeentes is vandag die bedieningspatroon van die NG Kerk vir studente.

Die uitdaging vir die jeugbediening van die NG Kerk is om in voeling te bly met die behoeftes van ons jongmense en dit te versoen met die kerk se doelstellings vir die toekoms.


ROCHÉ HEYNS


*1. Die meer gerigte geestelike bediening van die jeug het in die negentiende eeu sy beslag gekry toe die evangeliesgesinde predikante van die NG Kerk bekering en Bybelse riglyne sterk beklemtoon het. Die jeugverenigings en kategese moes dié lewensvormende waardes oordra. Katkisasieklas op Beaufort-Wes, ca 1910.* KAAPSTAD ARGIEFBEWAARPLEK

*2. Die neo-Klassieke Hofmeyrsaal in Kerkstraat op Stellenbosch, 2001. Die fasade herinner aan 'n Griekse tempel met 'n uitbeelding van Christus en sy dissipels in die pediment. Die Hofmeyrsaal het vroeër 'n belangrike rol gespeel toe dit die grootste plaaslike lokaal was. Dit is veral deur die studente gebruik vir vergaderings, kulturele en sosiale byeenkomste en selfs gradeplegtighede. Dit word deur die Moedergemeente onder meer as sendingsentrum gebruik.* FOTO: W MALHERBE

*3. Prof NJ Hofmeyr (1827-1909) het as professor aan die Kweekskool op Stellenbosch klem gelê op die geestelike opbou van die jeug. Sy populêre Bybelklas het in 1874 die kern van die Christelijke Jongelieden-vereeniging gevorm. Selfs met fondsinsamelings vir jeugaktiwiteite was Hofmeyr onblusbaar – hy het by geleentheid glo selfs 'byna die vroue se volstruisvere van hulle hoedens afgebedel'.* NG KERKARGIEF, PRETORIA

*4. 'n Groep studente van die VCSV op Stellenbosch besig met jaarbeplanning, 2001. Dit is steeds die getalrykste vereniging op die meeste Afrikaanssprekende universiteitskampusse. Die hoofkantoor van die VCSV is op Stellenbosch gesetel.* DIE KERKBODE


2


3

4





I

# 1875. Afrikaans – kombuistaal tot kanseltaal

Met die vestiging van die Nederlandse invloed in Suid-Afrika in 1652 is die oorsprong van Afrikaans ook gevestig. Benewens 'n 'kerkplanting' en 'volksplanting' was 6 April 1652 die dag van 'n 'taalplanting'.

Die Hollandse taal is in pioniersomstandighede hier met verloop van jare en eeue vereenvoudig, vervorm en aangepas tot 'n taal met die stempel van Afrika – Afrikaans. Dit het ontwikkel in 'n taal met 'n eie karakter wat deur sewentiende eeuse Nederlandse setlaars, die Koikoi en die slawe gemaak en gebruik is. Dit is van die Wes-Kaap al langs die Weskus, en tot op die Oosgrens verder versprei. Vandaar het dit na die noorde versprei en tot Transvaalse en uiteindelik standaardafrikaans ontwikkel.

Hoewel die stigting van die Genootskap van Regte Afrikaners (GRA) op 12 Augustus 1875 as die 'geboortedag' van Afrikaans bestempel en bepaal is, is die datum 'n arbitrêre en volgens sommiges 'n etnosentriese keuse. Die eerste geskrewe Afrikaans was immers al teen 1830 in Arabiese skrif. Die taal het toe ook reeds die onmiskenbare Oosterse invloed van Maleis en Islam gehad.

Dié taal uit eie bodem het dus reeds lank voor 1875 in die algemene omgang aan die Kaap, op die Oosgrens en op die trekpad ontstaan. Die gebruik daarvan as 'n spreektaal het Afrikaans teen al die aanslae van anglisering in die negentiende eeu laat oorleef. Engelse eredienste was toe veral in die Kaapse Kerk hoogmode. Dit het CP Hoogenhout, die GRA-taalstryder, moedeloos laat uitroep:

> *'Engels! Engels! Alles Engels! Engels*
> *wat jy siin en hoor;*
> *in ons skole, in ons kerke, word ons*
> *moedertaal fermoor.*
> *ag hoe word ons folk verbaster, daartoe*
> *werk ons leeraars saam.'*

Die behoefte aan Engelse eredienste is veral in plattelandse gebiede gevoel waar daar nog min Engelse kerke of ampsdraers was. Veral Engelse aanddienste is dus in NG kerke tot ná die Anglo-Boereoorlog gehou. Kansels van die NG Kerk is gevolglik nie slegs vir Nederlands, Frans en later Afrikaans gebruik nie, maar ook vir Engels.

Kort na die stigting van die Kweekskool in 1859 het Arnoldus Pannevis en CP Hoogenhout begin om Afrikaans as skryftaal uit te bou, met die oog op die vertaling van die Bybel in Afrikaans. SJ du Toit het ook die Genootskap van Regte Afrikaners vanaf 1875 en 'n jaar later *Di Patriot* begin gebruik as medium vir die verpopularisering en aanvaarding van Afrikaans. Parallel hiermee het 'Onze Jan' Hofmeyr Nederlands as parlementêre taal bevorder.

Soos vroeër met anglisering die geval was, het die reaksie teen Lord Milner se kultuurimperialisme vanaf 1902 Afrikaans as skryftaal verder bevorder. Die Taalbond het ook in 1903 herlewe. Skrywersfigure soos Eugene Marais, Totius, C Louis Leipoldt en Jan Celliers het die uitdrukkingsvermoë van Afrikaans onweerlegbaar aangetoon. Die stryd om amptelike erkenning van Afrikaans was nog nie verby nie en eers in 1925, onder aanvoering van CJ Langenhoven, is die grondwet gewysig om Afrikaans amptelik met Engels gelyk te stel. Met die Bybelvertaling in 1933 en die eerste Afrikaanse Psalm- en Gesangeboek in 1944 het Afrikaans ook sy plek volwaardig as kerktaal ingeneem.

Die weerstand en verset wat die eerste twee Afrikaanse Taalbewegings vanaf 1875 gekenmerk het, het bykans eenhonderd jaar later weerklank gevind in die Soweto-opstande wat op 4 Junie 1976 begin het. Dit was weer eens 'n taalstryd, toe swart leerlinge in opstand gekom het teen Afrikaans as onderrig-medium vir sekere vakke. Dr Andries Treurnicht, Minister van Onderwys en Opleiding (voorheen Bantoe-onderwys) en prominente voormalige ampsdraer van die NG Kerk, is deur die swart mense primêr verant-



2

woordelik gehou vir hierdie aandrang op Afrikaans. Dit het vir hulle die 'taal van die verdrukker' geword. Hierdie posisie het sedert 1976 drasties verander.

Deur hierdie smeltkroes en storm-en-drang-jare is Afrikaans omskep tot 'n moedertaal wat elke dag deur miljoene Suid-Afrikaners gepraat en gehoor word én as kommunikasiemedium gebruik word. Afrikaans is tans naas Zoeloe die taal wat deur die meeste Suid-Afrikaners gebruik word. 'n Ryk verskeidenheid van variëteite het ontwikkel, van Kaapse Afrikaans, Griekwa-Afrikaans en die kontrei-variëteite van Namakwaland, Boesmanland en die Richtersveld tot township-Afrikaans.

Vir baie is Afrikaans die enigste taal waarin hulle die Bybel lees en waarin hulle bid. Afrikaans in al sy variante word gebruik as kommunikasiemiddel, van die kombuis tot op die kansel. Dit dien steeds as inspirasie in prosa én poësie. Digters loof God in Afrikaans, verwoord hulle geloof of verantwoord hulle geloofstwyfel daarin. Ook hierin het die NG Kerk 'n stempel afgedruk – van Sutherland, die wêreld van NP van Wyk Louw en WEG Louw, tot by Schweizer-Reneke, die vroeë leefwêreld van die pastoriedogter Elizabeth Eybers. Die bekroonde digter TT Cloete is in 1990 aangewys as die teksdigter van die nuwe *Liedboek van die Kerk* en die digter-akademikus prof Lina Spies was lid van die Gesamentlike Psalmkommissie. Onder die einddigters van die *Liedboek* tel predikant-digter Isak de Villiers, Antjie Krog en Ina Rousseau.

Die Afrikaanse prosa en poësie het saam met die taal gegroei en verteenwoordig 'n ryk en veelsydige letterkunde. Daar word volstaan met 'n paar grepe uit die poësie, veral van digters met NG Kerk-assosiasies, waarin hulle verhouding tot die Drie-eenheid en die universele geloofstryd uitgebeeld word.

GEORGE HOFMEYR

VERVOLG




3



4




5



6

7·8



AFRIKAANSE VOLKSLIED

Want al die nasies het één God,
Hy re'el ider volk syn lot;
Hy het ver ider volk syn taal,
Syn land, syn reg, syn tyd, bepaal.
Wie dit verag sal Syn straf dra.
O God, beskerm Suid-Afrika!

A PANNEVIS,
CP HOOGENHOUT,
DF DU TOIT,
SJ DU TOIT

DIE DORPSONDAG

Sondaars kom, sondaars kom!
roep die klokke om en om ...

JAN FE CILLIERS

'N TEOLOOG

(17 DE EEU)

Hy is nie net gereformeer,
Maar – nota bene – streng!
Van al die Engele op die leer
Sien hy maar net die 'eng'

AG VISSER

'N PREDIKANT (18DE EEU)

Kom sê my die beduidenis
– Ek moet my so verwonder – :
Langdradig op die preekstoel is
So kort van draad daaronder.

AG VISSER

DIE STEM

Op U Almag vas vertrouend het ons vadere gebou
Skenk ook ons die krag, o Here, om te handhaaf en te hou –
Dat die erwe van ons vaad're vir ons kinders erwe bly:
Knegte van die Allerhoogste, teen die hele wêreld vry.
Soos ons vadere vertrou het, leer ook ons vertrou o Heer:
Met ons land en met ons nasie sal dit wel wees, God regeer.

CJ LANGENHOVEN

SÊ SJIBBOLET

(RIGTERS 12)

sê Sjibbolet
djulle wat djulle opdra in gabed
en glo djulle hoef is vet
moet olie vannie Here,

djulle wat sê óns verset
is tien die Here, ...

ADAM SMALL

BEDE

Laat dit dan wees, o Heer, dat ek
'n duisend jaar gelee teen God
en mens gesondig het ...
dan weet ek nou, op U bevel
is hierdie skurfte blootgestel ...

Laat my dan maar soos Lasarus
tevrede wees, met streling van
elk honger hondetong;
dan weet ek tog, dis u besluit,
die vloekstraf van 'n donker huid.
...

SV PETERSEN

VROEGHERFS


Die jaar word ryp in goue akkerblare,
...
O Heer, laat hierdie dae heilig word:
laat alles val wat pronk en sieraad was
of enkel jeug, en vér was van die pyn;
laat ryp word, Heer, laat U wind waai, laat stort
my waan, tot al die hoogheid eindelik vas
en nakend uit my teerder jeug verskyn.

NP VAN WYK LOUW

Van God durf ek skaars praat: ek ken hom min,
al ken Hy my tot in die laaste sel.
... van die dinge wat die mens bedink
ons smet se krag, ons wankele bestaan
die swaarste hoeke grond toe laat sink,
en buite wete, weet ek: daarvandaan
trek ons iets op wat ryk is soos die sin
van daardie woord van God in die begin.

NP VAN WYK LOUW
(SLOTGEBED BY SY ROUDIENS,
22 JUNIE 1970)

9



UIT: DIE PASSIE VAN ONS HEER

Avondmaal
Daar was stilte in die oppersaal
toe Hy met sterk, verhewe hand Hom draai
en sê: 'die man wat My vannag verraai,
sit saam met My aan hierdie avondmaal ...'

Toe het Hy brood geneem en God gedank,
dit met die hand gebreek en dit geseën:
die beker het Hy boordevol gegooi

met wyn wat dartel was en vonkelrooi –
maar, hoog gehou, was in geen hand voorheen
ooit wyn so rooi, ooit aardse brood so blank!

WEG LOUW

Onse Vader, groot hemelse Gees,
laat U naam geheilig wees.
Laat U koninkryk kom, laat U wil geskied,
soos in die hemel, so ook op aardse gebied.
Gee ons vandag ons daaglikse brood,
die krag vir ons arbeid, sterkte teen die dood.
Vergewe ons ons skulde en laat ons strewe
om so ook ons skuldenaars te vergewe.
Lewer ons nie oor aan die goddelose,
maar lei U ons, verlos ons van die Bose.
Want aan U, wat die krag en koninkryk ken,
behoort die heerlikheid ewig. Amen.

DJ OPPERMAN

MARIA

'n Engel het dit self gebring,
die vreugde-boodskap – en jy het
'n lofsang tot Gods eer gesing,
Maria, nooi uit Nasaret!


Die nag daar in die stal – geeneen
om in jou nood by jou te staan –
het jy geweet dat hy alléén
Getsemane sou binnegaan?

ELIZABETH EYBERS

10



11



12



NOTRE DAME DE PARIS

Palmsondag 11 April 1976
...
vieruur, klokke lui ver
in ou-ou klanke van die jare
ek ruik die boland in getrapte blare
hoor ouma calvinisties sing 'om u altare'
...
en laat u naam geheilig word
eer aan die allerhoogste God
God van genade en vergifnis U
wat was en kom en ewig is

IL DE VILLIERS

ELEGIE VIR FERDINAND (DEIST)
...
Van Wyk Louw had gelyk:
Alles is deurweek van sterflikheid,
Daar's niks romanties aan:
die wete van ons eindigheid maak seer.

Jy het gesê om by die Uitmeter van die tyd
te skuil met ons verganklikheid
is om versoen te wees daarmee
dat Hy, die Son van Geregtigheid,
ons daeraad en ons nag bepaal.

LINA SPIES

1. *Wapen van die Genootskap van Regte Afrikaners wat deur GR von Weilligh (1859-1932) ontwerp is.* NASIONALE AFRIKAANSE LETTERKUNDIGE MUSEUM
2. *Die Afrikaanse Taalmonument in die Paarl, wat in 1975 ingewy is.*
3. *Die stigtingsvergadering van die Genootskap van Regte Afrikaners, 14 Augustus 1875.* LEN LINDEQUE: NASIONALE AFRIKAANSE LETTERKUNDIGE MUSEUM
4. *Die Louw-gesin, 1927. Agter regs is die broers NP van Wyk Louw en WEG Louw.*
5. *Mevv M E Rothman (MER), Alba Bouwer (Hofmeyr) en Audrey Blignaut (De Villiers), bekende Afrikaanse skryfsters en lidmate van die NG Kerk.* NASIONALE AFRIKAANSE LETTERKUNDIGE MUSEUM
6. *Die Stem van Suid-Afrika (1918) deur CJ Langenhoven is in 1921 deur ds ML de Villiers in dié pastorie in Simonstad getoonset.* FOTO: A PRETORIUS
7. *'n Loflied van DJ Opperman oor die Namakwalandse blommeprag.* DIE BURGER
8. *In Adam Small se bundel* Kitaar my Kruis *(1961) word sy geloofsbelewenis binne die konteks van die apartheidswerklikheid uitgebeeld.*
9. *'n Gipsreliëf van NP van Wyk Louw (1906-1975).* NASIONALE AFRIKAANSE LETTERKUNDIGE MUSEUM
10. *Ds SJ du Toit (1847-1911). Hy was 'n veelsydige predikant, stigter van die GRA, kampvegter van die Afrikanerbond, Bybelvertaler, koerantredakteur, Superintendent van Onderwys, goudspekuleerder, skrywer, politikus, kerkstigter.*
11. *Izak de Villiers, digterdominee, outeur en joernalis. Sowat 67 van sy skeppings of verwerkings verskyn in die* Liedboek van die Kerk.
12. *CJ Langenhoven (1873-1932). Hy het Afrikaans as leestaal, skryftaal, amptelike taal, koeranttaal en taal van die volkslied bevorder.*


1

# 1877. Uitreiking in Afrika

Die besluit van die Kaapse Sinode van die NG Kerk in 1857 dat buitelandse sendingwerk so spoedig en wyd moontlik onderneem moet word, bring mee dat dié datum volgens sommige as die 'geboortedag' van die kerk se buitelandse sending beskou word. Gemeentelike herlewings gedurende 1860 het tot die eerste 'buitelandse' sendingwerk in die Transvaalse Soutpansberg gelei. Alexander Mackidd was die eerste pioniersendeling hier, vanaf 1863 tot 1865. Hy is opgevolg deur Stephanus Hofmeyr as eerste Afrikanersendeling buite die Kaapprovinsie.

Wat sendingwerk buite die grense van die huidige Suid-Afrika betref, word 1877 as die eintlike begindatum beskou. Die sendingaksie het toe 'n nederige begin in die huidige Botswana gehad. Die buitelandse sending is verder aangevuur deur die stigting van die Predikanten Zending Vereniging op 11 November 1886, op inisiatief van dr Andrew Murray.

Dit is onmoontlik om hier enigsins 'n gebalanseerde beeld te gee van die talle sendingbakens wat die NG Kerk in Afrika geplant het, en daar word dus met die hoogtepunte volstaan.

BOTSWANA (1877)


In Mei 1877 het eerw Pieter Brink en sy vrou as sendelingegpaar op Mochudi in die destydse Betsjoeanaland aangekom. Ondanks moeilike jare het dié arbeid ná eenhonderd jaar tot 'n selfstandige kerk, die Dutch Reformed Church in Botswana (1979), gegroei.


2

MALAWI (1889)

Op 28 November 1889 het AC Murray en TCB Vlok as sendelinge in die destydse Niassaland hulle tente langs 'n stroompie onder 'n groot wildevyeboom opgeslaan. Tot 1923 is 13 sendingposte deur die NG Kerk gestig met Mvera as eerste en Nkhoma as latere hoofstasie. Talle gemeentes het ook uit latere stedelike werk in Malawi ontstaan. Tesame met die Skotse Kerk is die Church of Central Africa Presbyterian (CCAP) gestig, met eie sinodes, waarvan die Nkhoma-sinode tans sowat 360 belydende lidmate het. Hierdie kerk het tans 300 000 belydende en dooplidmate. 'n Eie sendingaksie onder Moslems in sowel Malawi as Mosambiek is geloods.

Op dringende versoek van Malawiese Christen-trekarbeiders op die myne en plase in Zimbabwe, is eerw Vlok in


# ZIMBABWE: VAN SENDING TOT INHEEMSE KERK

## 'HUISE VAN KLIP'

Toe Rhodesië in April 1980 na 'n uitgerekte vryheidsoorlog onafhanklik geword het, het die land ook 'n nuwe naam gekry, 'n naam ontleen aan die oeroue, raaiselagtig klipruïnes in die Suide van die land: Zimbabwe, wat "huise van klip" beteken.

*'n Jong ds. Andrew en mev. Cinie Louw het die eerste bekeerlinge op Morgenster, Zimbabwe, gewerf.*

3



4



5




6

1912 vanaf Malawi na Zimbabwe gestuur. Uit hierdie arbeid van Vlok en sy opvolgers asook Malawiese evangeliste het 'n onafhanklike groep gemeentes as deel van die Malawiese Kerk met 'n eie sinode ontstaan, die Harare-sinode van die CCAP.

ZIMBABWE (1891)


Op 9 September 1891 het 'n skraal en sieklike jong leraar, Andries Adriaan Louw, uitgespan in die gebied van kaptein Mugabe, digby die Zimbabwe-bouvalle. Hier in die destydse Suid-Rhodesië (tans Zimbabwe) het die bekende Morgenster-sendingstasie vanaf 1901 tot 1954 verrys. Dit is gevolg deur die stigting van vyf ander gemeentes. Ook in stedelike gebiede het gemeentes van die NG Kerk ontstaan. Sendingwerk is veral onder die Vakaranga onderneem wat voorheen slawe was van die Matabele-koning Lobengula. Stephanus Hofmeyr het bykans 'n kwarteeu vir die aanvang van dié werk gebid en het destyds verskeie ekspedisies van evangeliste na Zimbabwe gestuur, onder wie Gabriël Buys en Petrus Kolkodo.

ZAMBIË (1899)


Vroeg in 1898 vra Mpezeni, opperhoof van die gevreesde Angoni's in die destydse Noord-Rhodesië (die huidige Zambië), die NG Kerk om sy volgelinge te kom bearbei. Op 5 Julie 1899 het PJ Smit en JM Hofmeyr as eerste buitelandse sendelinge van die Vrystaatse Kerk op die terrein van die eerste sendingstasie uitgespan. Dit was by Magwero, wat oorspronge beteken. Dit was in meer as een opsig 'n beson-

VERVOLG


7


8


9


10

dere geloofsdaad - ook vanweë die naderende Anglo-Boereoorlog. Sedert 1903 het nog agt sendingstasies van die kerk in Zambië tot stand gekom. In 1966 het dit gelei tot die selfstandige Reformed Church in Zambia.

### NIGERIË (1908)

Op versoek van dr Andrew Murray het dr Karl Kumm van die Sudan United Mission Suid-Afrika in 1907 besoek, onder meer om kragte te help mobiliseer teen die suidwaartse beweging van Islam. Dit het gelei tot die stuur van 'n groep werkers, onder wie ds JG Botha, om hulp te gaan verleen. Uit hierdie sendingarbeid onder die Tiv-bevolking in Sentraal-Nigerië is 'n aksie van die NG Kerk in 1916 gebore. In 1933 is die hoogtepunt bereik van 'n spontane geestelike ontwaking wat steeds vrugte dra.

In 1957 is die Kerk van Christus amptelik onder die Tiv met 'n eie sinode gestig. Ná jarelange onderhandelinge is die werk van die NG Kerk in 1961 aan die Christian Reformed Church (VSA) oorgedra. By die Kaapse Sinode van 1965 het ds Isholibo Saai, moderator van die Tiv-sinode verklaar: 'Die Tiv-kerk kan sy moederkerk nie vergeet nie ... U het die Bybel in hulle taal aan die Tiv-volk gegee.' Die kerk het sowat 150 000 belydende lidmate. Dit is merkwaardig dat ongeveer 1 000 000 persone hierbenewens gereeld eredienste van hierdie nakomeling van die NG Kerk bywoon.

### MOSAMBIEK (1909)

Na jarelange moeilike onderhandelinge het die Portugese owerheid die NG Kerk toegelaat om met sendingwerk in Portugees-Oos-Afrika (Mosambiek) te begin. Vanuit Malawi

het AG Murray hom in Mei 1909 op Mphatso gevestig. Nog drie sendingstasies het gevolg. Weens probleme met die owerheid en die Katolieke Kerk is die werk in 1922 gestaak, en moes 'n paar honderd lidmate en katkisante alleen agterbly. Toe die NG Kerk egter 50 jaar later na Mosambiek terugkeer, was daar nog vyf gemeentes met altesame 4 000 lidmate wat gelei is deur ouderlinge en diakens – sonder 'n predikant! Vandag bestaan die Igreja Reformada en Moçambique uit drie sinodes met sowat 25 000 lidmate.

### KENIA (1944)

Sedert 1930 het Afrikaanse lidmate kerkdienste vir die plaaslike bevolking in Kenia gehou. In 1944 is eerw en mev Eybers as eerste sending-egpaar verwelkom. Hierdie sendingarbeid is met die finansiële steun van die Transvaalse Kerk onderneem, totdat dit in 1960 aan die Gereformeerde Zendingsbond van Nederland oorgedra is. In Julie 1963 is die Reformed Church of East Africa formeel gestig.

### SWAZILAND (1946)

In 1946 het FJ Malan as sendeling van die Transvaalse Kerk na Swaziland gegaan en is later deur ander werkkragte gevolg. Die lidmatetal van die Reformed Church in Swaziland is steeds klein, maar die evangelie word ook deur studentewerkerskampe bevorder.

### NAMIBIË (1955)

Die NG Kerk het jare lank geldelike hulp verleen aan die Lutherse sending onder kontrak-Ovambo's, maar is in 1963 toegelaat om 'n eie sendingaksie in Kaokoveld te loods. Dit was twee jaar nadat FH Weich as eerste sendeling onder 22 000 Boesmans (San) begin arbei het. Die Vrystaatse Kerk het vanaf 1969 ook vrugbare werk in Oos-Caprivi gedoen. 'n Ovambo, ds NS Paulus, het van 1973-1978 met seën onder die Ovambo's gewerk. Hierdie werksaamhede het gelei tot die stigting van drie selfstandige kerke wat later lid geword het van die VGK.


### LESOTHO (1957)

Sendingarbeid in Lesotho is 'n gesamentlike onderneming van die Vrystaatse Kerk en die NG Kerk in Afrika. Daar moes noodgedwonge vanaf 1957 tot 1965 eers vanuit Vrystaatse grensdorpe gewerk word. Die gemeentes wat uit hierdie werk ontstaan het, maak vandag deel uit van die NGKA. Die sieletal tel reeds duisende.

Die NG Kerk het in elkeen van sy sendingaksies in Afrika 'n omvattende sendingbenadering gesoek: Volhardende gebed, volwasse en kinder-evangelisering, gewone en gespesialiseerde onderwys, mediese sorg en ander barmhartigheidswerk, landbou en industrie, asook die skryf en druk van geskikte lektuur, Bybelvertalings, die opleiding van inheemse werkkragte en ekumeniese samewerking. Hiervoor is sowel Suid-Afrikaners as inheemse werkers gebruik. Manne en vroue het selfs koninklike erkenning en eregrade ontvang. Die owerhede van verskeie lande het waardering betuig vir die werk van die NG Kerk.

Uit genade kan die NG Kerk steeds 'n integrale deel wees van Christus se sendende kerk in Afrika.

JANNIE DU PREEZ



11




12

1. *'n Groep kerkgangers in Noord-Mosambiek met ds A Welman van Gurue.*
2. *Kindergesiggies in Malawi, 'n Afrika-land met een van die hoogste persentasie vigs-weeskinders.*
3. *Ds AA Louw het in 1891 met ses evangeliste die Morgenster-sendingstasie naby die Zimbabwe-ruïnes gestig.*
4. *'n Skool op 'n buitepos in Malawi. Die buiteposstelsel het 'n sleutelrol gespeel in die NG sending.*
5. *Teruggekeerde Mosambiekse vlugtelinge ontvang Bybels.*
6. *Die NG Kerk in Namibië se sendingaksie in Kaokoland het tot die ontstaan van die Evangelies Gereformeerde Kerk in Afrika gelei.* NG KERKARGIEF, PRETORIA
7. *Verpleegsters in die sendingveld by Nyandje, 1965.*
8. *Teruggekeerde vlugtelinge by die ruïnes van 'n kerkgebou, Mosambiek.*
9. *Op pad na 'n geestelike konferensie met 'n NG evangelis, me Loubser.* NG KERKARGIEF, PRETORIA
10. *Dit neem soms jare vir arm gemeentes in Malawi om kerk te bou. Intussen word 'opelugdienste' tussen vier mure gehou.*
11. *Ds AC Murray (1862-1936). Hy het in 1889 met eerw TCB Vlok die Mvera-sendingstasie in Malawi gestig.* NG KERKARGIEF, PRETORIA
12. *Eerw A MacKidd (1821-1865) was saam met eerw HL Gonin die eerste buitelandse sendelinge van die Kaapse Kerk. Hy is in 1865 in die Soutpansberg deur Stephanus Hofmeyr opgevolg.* NG KERKARGIEF, PRETORIA
13. *'n Kerkdiens by Vergenoeg, Kenia – 'n veelseggende naam wat NG lidmate bykans 100 jaar gelede vir dié gemeente gekies het.*

TENSY ANDERS VERMELD, IS DIE ILLUSTRASIES VOORSIEN DEUR DIE KOMMISSIE VIR GETUIENISAKSIE, KAAPSTAD



13



I

# 1881. Die ontwaking van vaderlandsliefde

Die gebeure van 12 April 1877 het die verloop van Suid-Afrika se geskiedenis onherroeplik verander en die bediening van die kerk in 'n besondere rigting gestuur. Op dié dag het sir Theophilus Shepstone die Britse vlag in Pretoria gehys en die Zuid-Afrikaansche Republiek vir Brittanje geannekseer. Die gebeure wat hierop gevolg het, het ingrypende gevolge vir die hele land gehad.

Voor anneksasie was die ZAR op verskeie vlakke 'n verdeelde gemeenskap. Verskillende groepe inwoners was met mekaar haaks. Die verdeeldheid was ook op kerklike gebied sigbaar. Dat daar drie verskillende Afrikaanse kerke van gereformeerde belydenis ontstaan het, verraai iets hiervan. Die anneksasie en die gebeure wat daarop gevolg het, het aan die Afrikaners 'n eenheidsgevoel gegee en die kerk moes voortaan in sy bediening met ontwakende nasionalisme rekening hou.

Aanvanklik het die Kaapse Kerk nie juis op die anneksasie gereageer nie. Die meeste Kaapse predikante was nie opgewonde oor president TF Burgers nie. Hy was voorheen 'n predikant in die Kaapse Kerk en was teologies liberaal. Daarby het hulle reeds lankal Brittanje as die deur God gestelde owerheid in die Kaap aanvaar. Shepstone se optrede het volgens sommige selfs voordele ingehou. Verskeie predikante in die ZAR het ook dié siening gedeel.

GROEIENDE PROTES WORD 'N GODDELIKE OPDRAG

Die wapperende Britse vlag in die hoofstad van die nasate van die Groot Trek, wat juis vry van die koloniale mag wou wees, het iets geroer. Die verlies van vryheid en onafhanklikheid is ingrypend beleef. Drie Voortrekkerkinders, Paul Kruger, Piet Joubert en Marthinus Pretorius, het leiding geneem en gereageer teen die besetting. Hulle vryheid was vir hulle 'n Godgegewe saak en die herwinning daarvan ook. Hulle leiding het Afrikaners van oral laat reageer. Predikante van al drie Afrikaanse kerke het hulle ook al hoe meer agter die protes geskaar. In die ZAR staan die naam van ds Van Warmelo van die Hervormde Kerk uit. In die Kaap het ds SJ du Toit en ds WP de Villiers die protes as hulle roeping gesien.

In die ZAR het die kerke nie baie moeite ondervind om die groeiende protes vanuit die Woord van die Here te regverdig nie. Die ZAR was 'n soewereine staat en die anneksasie is vertolk as 'n daad waarin Brittanje hom vergryp het. Dit kan nie die seën van die Here wegdra nie, is geglo. Die herstel van die vergrype is beleef as 'n Goddelike opdrag. By verskeie vergaderings soos Wonderfontein en Paardekraal was die protesteerders dit eens dat hulle in die saak aan die Here gehoorsaam moet wees.

In die Kaap was dit nie so gou duidelik hoe die kerk die Woord van die Here in die saak moet bedien nie. Volgens Romeine 13 moet die gelowige aan die Godgestelde owerheid gehoorsaam wees. Vir die Kaap was dit Brittanje. Protes teen die besetting van die ZAR kon maklik as ongehoorsaamheid vertolk word. En, is dit nie die wil van die Here om Brittanje as owerheid te gee vir die sukkelende ZAR met sy liberale dominee-president nie? Ander het verskil. Romeine 13 handel oor die owerheid en onderdane. Dit is goed en wel vir die Kaap. Vir geloofs- en volksgenote in 'n soewereine land soos

1. *Terugkerende Britse troepe met gevangenes in Pretoria ná die Sekhukhuni-veldtog van 1879, kort na die anneksasie van die ZAR. Die trapgewel-kerkie – een van die eerste NG kerke noord van die Gariep – dateer uit 1854.* MUSEUM AFRICA
2. *Voor O'Neill se huisie by Amajuba met die ondertekening van die vredesooreenkoms ná die Eerste Vryheidsoorlog op 21 Maart 1881. In die voorgrond is genl Piet Joubert (tweede van links), pres M W Pretorius (vierde van links), visepresident SJP Kruger, pres JH Brand en sir Evelyn Wood.* KAAPSTAD ARGIEFBEWAARPLEK
3. *Ds WP de Villiers (1843-1908). Hy het met die oplewing van vaderlandsliefde die Republieke se belange bevorder.* NG KERKARGIEF, KAAPSTAD
4. *JH Hofmeyr (Onze Jan) (1845-1909). Hy het as leier van die Afrikanerbond vanaf 1883 'n invloedryke rol gespeel in die Afrikaner se politieke en kulturele ontwaking.* NASIONALE AFRIKAANSE LETTERKUNDIGE MUSEUM
5. *Wapen van die Afrikanerbond – in Onze Jan Hofmeyr se persoonlike besit.* HOFMEYR-FAMILIEMUSEUM, KAAPSTAD
6. *Detail van Sekhukhuni en sy sewe vroue as krygsgevangenes, 1879.* MUSEUM AFRICA

## FEITEFLITS

Sover bekend, is die woord 'Africaander' die eerste keer bewustelik op 6 Maart 1707 deur Hendrik Bhibault gebruik. Hy en 'n paar vrolike jongmanne was naby die drosdy in Stellenbosch met landdros Starrenburg en die meulenaar in 'n onderonsie betrokke. Na heelwat sweepslae het Bhibault uitgeroep: ''k ben een Africaander, al slaat den Landdrost mijn dood ...'


2



3



4



5




die ZAR geld Romeine 13 nie ten opsigte van Brittanje nie. Die teendeel is eerder waar. Brittanje het hom vergryp. Die Kaap en sy kerk was verdeeld. Simpatie het by geloofs- en volksgenote gelê, maar oor die boodskap van die Bybel was daar verskil.

Die protes het egter landwyd gegroei en is toenemend uit die Bybel geregverdig. Die protes was 'n uiting van 'n eenheidsgevoel en van vaderlandsliefde, of nasionalisme. Hierdie eenheidsband het op verskeie maniere uitdrukking gevind. In die Kaap is die Afrikanerbond onder leiding van JH (Onze Jan) Hofmeyr gestig. In die Paarl het die Eerste Taalbeweging momentum begin kry ná die stigting van die Genootskap van Regte Afrikaners in 1875.

### DIE VRYHEIDSTRYD VOED VADERLANDSLIEFDE

In die Transvaal het die protes op 13 Desember 1880 ná vrugtelose onderhandelinge oorgegaan in 'n wapenstryd. Met 'n volksvergadering by Paardekraal is die ou Volksraad van die ZAR weer 'onder biddend opzien tot God' ingestel. Met Geloftedag, 16 Desember 1880, het die eerste skote in Potchefstroom geval. Verskeie veldslae het gevolg.

Die kerk het grootliks deur gebed en bediening ingetree en orals is biddae vir vrede gehou. In die Kaap het predikante van die NG Kerk die regering gewaarsku dat die onafhanklikheid van die ZAR die Boere se erns is en dat voortgesette oorlog slegs die verhoudinge tussen Boer en Brit sal versleg.

Die sukses wat die Boeremagte met verskillende veldslae behaal het, is as 'n teken uit die hand van die Here verstaan. Dit was veral duidelik toe die Britse magte op die dag van die Here – Sondag 27 Februarie 1881 – die slag van Amajuba geforseer en verloor het. Die herstel van die ZAR as vrye en onafhanklike land is gesien as die wil van die Here.

Die nagevolge van die Eerste Vryheidsoorlog was ingrypend. In die hele Suid-Afrika het 'n Afrikaner-nasionalisme ontkiem en gegroei. Dit sou vir die grootste deel van die volgende eeu voortleef. Die viering van Geloftedag het hierna kenmerkend van Afrikaner-nasionalisme word.

Die NG Kerk moes met dié oortuiging rekening hou en nasionalisties gesinde lidmate bedien. Dit is 'n vraag of die kerk hom nie soms op sleeptou laat neem het nie. Christelik-nasionale standpunte is gevorm en verkondig. By tye het die profetiese stem stil geword. Dit sou hom in die volgende eeu wreek.

Die gevoel van eenheid wat die Eerste Vryheidsoorlog onder blanke Afrikaners geskep het, het verskillende verenigingspogings tot gevolg gehad. Hernieude pogings is in die ZAR van stapel gestuur om die NG Kerk en die Nederduitsch Hervormde Kerk te verenig, maar met beperkte sukses.

Die gebeure van 12 April 1877 het rimpelings tot diep in die twintigste eeu gehad. Afrikaner-nasionalisme het besondere eise aan die kerk en sy bediening gestel.

WILLIE BROWN

6



1



# 1881. Die NG Sendingkerk in afsonderlike kerkverband

Die totstandkoming van die NG Sendingkerk op 5 Oktober 1881 in Wellington het 'n lang aanloop in die NG Kerk gehad.

Dit het gekulmineer in 'n brief wat op 19 Maart 1880 in *De Christen* soos *De Gereformeerde Kerkbode* toe bekend was, verskyn het. Hierin het eerwaarde Jacobus Pauw die probleem aangeroer van 'n 'algeheel gemis aan kerklijke organisatie in ons Zendingwerk, waaronder én de arbeider, én het werk lijdt'. Die oplossing vir hom was dat die NG Kerk 'óf de Zendinggemeenten als leden van haar lichaam in haar lichaam opnemen, óf die gemeente zich tot eene eigene Inboorlingenkerk laten vormen'.

Vir die redakteur van hierdie kerkblad was die gedagte van opname onaanvaarbaar, omdat die kerk volgens hom nog nie ryp daarvoor was nie. Boonop was die Sinodale Sendingkommissie besig om 'n verslag voor te berei oor sendinggemeentes wat nie met dié kommissie in verband gestaan het nie. Dit sou wel by die volgende sinode aandag kry. Hoewel daar nie op Pauw se brief gereageer is nie, was dit nie die eerste keer dat hierdie onderwerp in dié kerkblad geopper is nie. In 1857 het twee briefskrywers, onder skuilname, reeds hulle menings gelug.

'Omikron' was besorg oor die 'ongelukkig vooroordeel ... tegen de toelating der kleurlingen ...' in die kerk. Die potensiële nadeel wat dit vir die kerklike sendingaksie ingehou het, het 'eene naauwere, meer evangelische vereeniging' tussen die twee kleurgroepe in die kerk genoodsaak. Om hierdie doel te bereik, is afsonderlike 'tempels' in plaas van 'afzonderlijke gemeenten' bepleit.

Op sy beurt het 'IT' (die latere prof NJ Hofmeyr van die Kweekskool) 'Omikron' ondersteun. Hy het sy pleidooi van 1853 vir die inlywing van 'de kleurlingen met de blanken' in 'n afsonderlike verband bevestig. Vir 'Omikron' en 'IT' was hulle voorstelle 'n middeweg om die doel van 'n uiteindelike vereniging van die twee kleurgroepe te bereik.

VROEË KERKVOOROORDEEL

Die Kaapse Sinode van 1857 het egter daarop gewys dat die droom van 'n vereniging van kleurgroepe nie so maklik verwesenlik sou word nie. Dit was wel reeds drie dekades vroeër ds Johannes Spijker se droom.

In hierdie geval is die saak op 'n spits gedryf toe die NG Kerkraad op Somerset-Wes die aansoek om lidmaatskap deur 'n 'Bastaard' in 1828 oorweeg het. Danksy ouderling HR de Vos se gloeiende getuienis, is Bentura Visser se aansoek goedgekeur op voorwaarde dat Visser uit 'Kristelijke nederigheid', laaste by die nagmaalstafel sou aansit. In antwoord op ds Spijker, die plaaslike predikant, se beswaar hierteen is verwys na gemeentes soos Stellenbosch en Caledon waar dit gebruiklik was. Toe Visser egter vir die eerste (en enigste) keer die sakrament van die nagmaal ontvang, het hy dit saam met van die ander lidmate gebruik. Dit was nie weens 'n gebrek aan nederigheid nie, maar uit hoofde van sy kerkbegrip.

Ds Spijker het tevergeefs probeer om 'n Bybelse benadering te vestig en 'n Babelse verwarring te voorkom. Uiteindelik moes die Ring van Kaapstad in 1829 die saak behandel, en later daardie jaar ook die sinode. Die kommissarispolitiek het gesorg dat die kerklike vergaderings die besluit teen diskriminasie neem, maar dit het nie die nodige hartsverandering meegebring nie.

Ds NJ Hofmeyr het op Calvinia ondervind dat daar mense was wat gekant was '... teen die "saamboerdery" van

2



blank en gekleurd in een kerk en aan een nagmaalstafel.' Sy voorstel om een Sondagmiddag 'n diens vir bruin mense in die kerk te hou, het dus nie aanklank gevind nie. Hy kon wel later die konsistorie vir dié doel gebruik, omdat gevrees is dat 'n ander kerk 'aan de gekleurde bevolking godsdienstig onderwys' sou gee.

Ds R Shand, die destydse konsulent op Ceres, het vergeefs probeer om die oprigting van 'n spesiale kerkgebou te verhoed en kon dit hoogstens vertraag. Hierdie gebou, wat in 1859 in gebruik geneem is, het as 'n oefeningshuis bekend gestaan, in onderskeid van die kerkgebou. Dit is later tot beskikking van NG Vos gestel '... vir die geestelike werk onder die gekleurdes'. Hieruit het die vorming van 'n werkkring gespruit wat later onder die Sinodale Sendingkommissie geressorteer het en uiteindelik 'n gemeente van die Sendingkerk geword het.

Die gemeente Wellington verteenwoordig 'n variant op hierdie ontwikkeling. In die Wagenmakersvallei het die Paryse Sendinggenootskap 'n gemeente uit hoofsaaklik slawe opgebou. Soos ander sendinggenootskappe kon hulle later nie meer die werk in stand hou nie. Gevolglik het die plaaslike NG Kerk die beheer van die gemeente oorgeneem en eerwaarde Pauw as sendeling in diens geneem. Sodoende het Pauw die probleem wat hy in sy brief in *De Christen* aangeroer het, persoonlik ervaar.

## SENDELINGKONFERENSIE EN STIGTINGSVERGADERING

'n Ander hoofmoment in die aanloop tot die stigting van die Sendingkerk is die Sendelingkonferensie van 1880. Die byeenkoms is klaarblyklik deur die Sinodale Sendingkommissie belê om sy dokument vir die vorming van 'n sendingkerk te bespreek.

Die konferensie was krities oor twee artikels van dié dokument (later bekend as die 'Constitutie' van die Sendingkerk), naamlik 'n bepaling dat deelnemende gemeentes hulle vaste eiendomme in trust aan die Sinodale Sendingkommissie moes oordra en die bepaling dat die Sinodale Sendingkommissie alle besluite van die toekomstige kerk kon veto. Die sinode van 1880 het egter voortgegaan om die twee omstrede artikels in die Constitutie te inkorporeer.

Op 5 Oktober 1881 het afgevaardigdes van vyf sendinggemeentes op Wellington byeengekom vir 'De Eerste Algemene Vergadering van de Nederduitsche Gereformeerde Zendingkerk'. Dit het toe geblyk dat net eerwaarde Paulus Teske van Beaufort-Wes nog die vorige jaar se besware teen die Constitutie gehuldig het. Só het die eerste aparte en ondergeskikte kleurbepaalde kerk in Suid-Afrika tot stand gekom.

1. *Die Rynse Verenigende Gereformeerde kerk op Stellenbosch in die Kaaps-Hollandse styl. Die oorspronklike deel van dié kerkgebou is opgerig deur Het Stellenbosche Medewerkend Zendelings Genootschap en op 5 Februarie 1824 ingewy. Veral die vrystelling van die slawe het 'n groter kerkgebou genoodsaak wat op 1 Desember 1840 ingewy is. In dieselfde jaar het die Rynse Sendinggenootskap die werksaamhede van die Stellenbosse Genootskap oorgeneem. Met die beëindiging van die Rynse Sendinggenootskap se werksaamhede in Suid-Afrika, is dié gemeente by die NG Sendingkerk ingelyf.*
FOTO: J OXLEE (SPIX INTERNATIONAL)
2. *'n Deel van meer as 7 000 feesgangers by die eeufeesvierings van die NG Sendingkerk in 1981 in Bellville.* D BOTHA
3. *Die Sinode van die NG Sendingkerk in Wellington, 1916. 'n Eie kerkorde is toe aanvaar, wat dié van 1881 vervang het. Die NGSK is op 5 Oktober 1881 gestig, in hierdie kerkgebou wat in 1845 opgerig is. Benewens die eerste sinode is sewe ander sinodes van die NGSK hier gehou. Die NG Sendinggemeente van Wellington moes uiteindelik na 'n ander deel van die dorp verskuif. Dié neo-Gotiese kerkgebou is toe gesloop om voorsiening te maak vir 'n parkeerterrein.* D BOTHA

Hierdie vergadering op 5 Oktober 1881 was dus die formalisering van afsonderlike dienste wat tot afsonderlike kerkgeboue en afsonderlike gemeentes gelei het. Dit het verreikende gevolge gehad wat die NG Kerkfamilie vandag nog raak.

CHRIS LOFF



3





1

# 1881. 'n Model vir lidmate met spesiale behoeftes

Die totstandkoming van 'n inrigting vir dowes in Worcester in 1881 was 'n nederige begin vir die NG Kerk se visie en betrokkenheid, eers by lidmate en later alle persone wat vanweë 'n gestremdheid besondere behoeftes in hulle lewe ervaar.

Die kerk het hiermee geantwoord op 'n noodkreet van gelowige ouers en hulle predikante om die Woord van God vir hulle dowe kinders, wat in 'n stil wêreld afgesonder was, toeganklik te maak en te ontsluit. In 1881 is die dowes se stilte vir die eerste keer deurbreek en is daar begin om hulle leerpotensiaal te ontsluit.

## INSTITUUT VIR DOWES - PIONIERSJARE

Die gedagte aan 'n skool vir dowes is reeds in 1881 deur ds George Thom in 'n brief aan die sinode geopper. By die vergadering van die ring van Tulbagh is daar op inisiatief en onder aansporing van ds Chris Rabie van Piketberg en ds William Murray van Worcester verklaar dat dié ringsvergadering dit beskou 'as hoogstwenschelijk dat voorsiening wordt gemaakt vir het onderwys onzen doofstommen kinderen'. Die Kaapse Sinode het op 17 November 1880 vervolgens besluit om 'eene inrichting voor onze Doofstommen en Blinden totstand te brengen'.

Daar is aanvanklik besin oor Worcester en Piketberg as moontlike setels vir só 'n inrigting, maar Worcester se sentraler ligging en makliker bereikbaarheid het die deurslag gegee. Geldelike bydraes is van gemeentes vanoor Suid-Afrika ontvang. Daar is goedgekeur dat gemeentes verantwoordelikheid moet aanvaar vir leerlinge wat na Worcester gestuur word. Daar is ook besluit om die eerste onderwyser, BJG (Jan) de la Bat, onverwyld na Groningen vir opleiding te stuur. Hy was die broer van 'Dowe Piet' de la Bat en was dus ontvanklik en sensitief vir die nood en behoeftes van dowes. Die eerste skool vir dowes is reeds op 15 Junie 1881 in Hoogstraat in Worcester begin, met Lenie du Toit as eerste leerling.

## MYLPALE

Die NG Kerk was van die begin af by alle aspekte van die menswees van dowes betrokke. Dit sluit sinodes, gemeentes, besture, onderwyspersoneel en lidmate in. Die mylpale, waarvan die detail boekdele beslaan, is kortliks die volgende:

* In 1897 het die Skool vir Blindes in Worcester tot stand gekom. In heelwat opsigte het dié twee inrigtings hierna parallel ontwikkel en dekades lank as die Instituut vir Dowes en Blindes bekend gestaan.

* Vanaf 1905 het die twee skole van die Instituut – vir blindes en dowes onderskeidelik – afsonderlik met eie hoofde begin funksioneer.

* In 1927 het ds Gawie de la Bat, seun van Jan de la Bat, die tweede skoolhoof van die Skool vir Dowes geword.

* Wet 9 van 1928 (Wet op Beroepsonderwys in Spesiale Skole) het die Skool vir Dowes vir die eerste keer as 'n spesiale skool geklassifiseer.

* Van 1932 is gebaretaalonderrig gestaak en vervang deur spraakonderrig en spraaklees.

* Die Ou Meule en die plaas Effrata naby Worcester is in 1944 aangekoop vir volwasse nasorg vir meervoudig-gestremde dowes.

* Die dood van ds G de la Bat het die einde van 'n era beteken waartydens vader en seun vir bykans 72 jaar onafgebroke die Skool vir Dowes as skoolhoofde gedien het. Beide van hulle het eredoktorsgrade vir hulle inisiatief en toewyding ontvang.

* 'n Kerk vir dowes is op 23 Maart 1980 in Bellville ingewy en in 1987 het die NG Gemeente Worcester De la Bat tot stand gekom.

* Tydens die eeufeesjaar in 1981 het die Instituut vir Dowes tot stand gekom.

* In 1994 is 'n minidorpie bekend as Lewensruimte op die kampus vir hulpbehoewende volwassene-dowes voltooi. Dit het die totale versorging en ontwikkeling van meervoudig-gestremde dowes moontlik gemaak.

* Die Instituut vir Dowes is sedert 1996 'n outonome staatskool. Die NG Kerk het via die Instituut sy belange behou deur die beskikbaarstelling van eiendomme, geboue en 'n borgskap. Die meerderheid van die direksielede word hierbenewens deur die NG Kerk benoem. Sodoende kan die Christelike etos van die Instituut met al sy eiendomme en geboue steeds gehandhaaf word.

### SAMEWERKING MET DIE STAAT

In die nuwe millenium en ná meer as 120 jaar is die Instituut vir Dowes dus nou in 'n posisie van naasbestaan met die staat, met wedersydse erkenning vir eietydse behoeftes en inagneming van die trotse tradisies en mylpale van die inrigting. 'n Kringloop is dus voltooi en 'n model van samewerking tussen kerk en staat geskep waarop in die toekoms ook in breër verband voortgebou kan word.

Deur onderhandelings en besluite, beleidsbepalings en die skepping van fasiliteite en die daadwerklike bydraes van talle toegewyde lidmate ten opsigte van spesiale onderwys, geestelike bearbeiding en versorging, het die NG Kerk 'n reusebydrae tot die lewe van dowes gemaak. Deur die kerk se toedoen is daar mettertyd dowe onderwysers voorsien wat dowes leer, asook kategese-handboeke, 'n Bybel vir dowes in Afrikaans, tolkdienste en nou selfs dowe kerkrade in spesiaal toegeruste kerke.

Die NG Kerk het deur sy empatie en betrokkenheid in die lewens van mense in nood ook baie ander inrigtings tot stand gebring waar spesiale onderwys én die versorging van gestremdes nog altyd 'n prioriteit was. Onder hierdie instansies is daar in die Wes-Kaap alleenlik die Instituut vir Blindes in Worcester, die Jan Krielskool vir Epileptici, die Alta du Toit-skool vir die onderrig en versorging van verstandelik erg gestremde kinders in Kuilsrivier en die Paarl-skool vir neuraal gestremde kinders in Brackenfell.

Hierdie en ander inrigtings dwarsoor Suid-Afrika het elkeen 'n unieke verhaal om te vertel oor die NG Kerk se daadwerklike betrokkenheid, aanvanklik by sy eie lidmate, maar wat intussen oor alle kultuurgrense heen uitgekring het en weerklank vind tot ver buite die grense van Suid-Afrika.

JOHAN HAMILTON

1. *Geloof, hoop en liefde: Gehoorgestremde kinders wat by die Instituut vir Dowes op Worcester spraakonderrig ontvang, 2001.* INSTITUUT VIR DOWES

2-3. *Ds W Murray (1829-1899) en ds C Rabie (1846-1921), medestigters van die Doofstomme- en Blinde-Instituut op Worcester. Hulle het in 1877 tydens 'n besoek aan buitegemeentes in die Piketberg-distrik in 'n kapkar oor gemeentesake gesels. Ds Rabie was bekommerd oor die dowe seun van 'n boer in sy gemeente wat óf na Holland óf na die Dominikaanse skool vir Dowes in die Kaap vir onderrig kon gaan. In die gemeente was verskeie ander dowes en in die Worcester-gemeente was Piet de la Bat, dowe seun van die onderwyser op Goudini. Die NG Kerk moes iets daadwerkliks doen. Hierdie gesprek, 'n klein begin in geloof, het binne vier jaar tot die stigting van die Instituut en uiteindelik tot 'n inrigting van wêreldformaat gelei.* NG KERKARGIEF, KAAPSTAD

4. *Dr BJG de la Bat (1858-1942), eerste skoolhoof van die Skool vir Dowes in Worcester van 1881 tot 1927, en by die leerlinge as 'Ou Meester' bekend. Hy is opgevolg deur sy seun, ds G de la Bat, op sy beurt bekend as 'Meneer', wat in 1953 in die tuig oorlede is. Die De la Bats het gesamentlik 72 jaar onafgebroke diens aan die skool gelewer.*


5. *Blindes van die Blinde Instituut op Worcester, 1893.* KAAPSTAD ARGIEFBEWAARPLEK


2


3


4

5





I

# 1882. Die eerste tehuise vir bejaardes

Die stukrag agter die ontstaan van versorgingsoorde vir bejaarde en behoeftige persone was ds Anton Daniël Lückhoff. Gedurende sy studiejare in Utrecht het hy 'n liefde vir 'armsorgwerk' ontwikkel. Dié belangstelling het hyself, sy vrou en 'n groepie gemeentelede in Kaapstad uitgeleef in 'n tydperk toe daar nog geen voorsiening vir ouderdomspensioene deur die staat was nie. Persone in nood was afhanklik van die bystand van kerklike liggame en ander liefdadigheidsorganisasies.

### DIE DORKAS-HUISE

Hierdie noodkreet het in Oktober 1881 gelei tot die eerste bestuursvergadering van die sogenaamde Dorcas Armenhuis in Kaapstad. 'n Geskikte perseel tussen Bree- en Nuwe Kerkstraat is aangekoop waarop 'n gebou wat 33 dames kon huisves ten bedrae van £5 000 opgerig is.

Die maatstaf vir opname was dames wat behoeftig is, verswakte gesondheid het, nie in staat is om in hulle lewensbehoeftes te voorsien nie en tot 'n Christelik-Protestantse kerkgenootskap behoort. 'n Belangrike riglyn was: 'Dit is nie die arme wat luid aan die deur klop nie, maar liewer die persoon wat haar verberg en in stilte ly, wat die meeste aanspraak maak op ons simpatie en hulp.'

Op 19 Februarie 1882 is die hoeksteen van die gebou deur die burgemeester van Kaapstad, W Flemming, gelê. Dit is amptelik op 16 April 1883 ingewy en mej Kuys is kort daarna as matrone aangestel. Die doel van die Dorcas Armenhuis was om kamers en kos teen 'n geringe huur van £1 per maand te voorsien. Die bywoning van huisgodsdiens soggens en saans, naas eredienste deur predikante, is aangemoedig. Later is ook 'n woonstel vir 'n emeritus-leraar aangebou. Ná sy aftrede was ds Lückhoff en sy vrou die eerste inwoners, tot met sy dood in 1916.

Die barmhartigheidswerk in die middestad was so geseënd dat meer grond aangekoop en geboue opgerig of bygekoop kon word. 'n Hospitaal is in 'n vleuel van die eerste tehuis ingerig om die siekes te verpleeg. In 1932 het die Dorkas-huise bestaan uit Dorkas I en II (twee dubbelverdiepinggeboue in Breestraat) benewens die Diakones-hospitaal en Ebenhaezer. Daar was ook 'n predikantswoning, vyf wonings vir diakones-verpleegsters oorkant die tehuis in Breestraat en vier aangrensende huise agter Dorkas II in Nuwe Kerkstraat.

Verskeie faktore het meegewerk tot 'n minder rooskleurige posisie ná 1932. Die belangrikste hiervan was die Depressie en die verandering van die Breestraat-omgewing van 'n woonbuurt na 'n industriële gebied. Die Diakones-hospitaal, wat mettertyd 'n finansiële las geword het, is in 1941 gesluit. Ná die Dorkas-stigting se sestigste herdenking is die Dorkashuise aan die Suid-Afrikaanse Bybelvereniging verkoop. Die Dorkas-inrigting het toe na 'n nuwe perseel in Rosebank verskuif.

### ROGELIM – 'N VEILIGE PLEK

Ds Lückhoff het intussen nie die bejaarde mans in die gemeente Kaapstad uit die oog verloor nie. Twaalf jaar na die begin van die Dorkas-huis, in 1894, is 'n vergadering in die konsistorie van die Groote Kerk gehou waar huisvesting vir mans oorweeg is. 'n Eiendom is vir dié doel in Faurestraat, Kaapstad, deur 'n anonieme dame geskenk.

'n Victoriaanse dubbelverdiepinggebou, 'Het Huis voor oude en hulpbehoewende mannen te Kaapstad', is teen £9 250 deur die bouaannemer, J Jenkinson, opgerig. Op die hoeksteen is die woorde 'Jehovah Jireh,' wat beteken 'eerbied vir die Here'. Die inwyding was op 9 Junie 1896. Die naam van die tehuis was Rogelim, '...'n veilige plek vir diegene wat te voet reis' (2 Samuel 19:31-37). Die eerste inwoners moes



2



3

1. *Die Victoriaanse Rogelim-tehuis vir mans wat in 1896 voltooi is. Die eertydse hospitaal, Monte Rosa, en die vroeëre verpleegsterstehuis, Huis Belofte, is later aan Rogelim verbind om een groot tehuis te vorm. Dit is vandag een van talle tehuise vir bejaardes wat deur die NG Kerk dwarsoor Suid-Afrika tot stand gebring is en bedryf word.* FOTO: J VAN DER POLL
2. *Ds AD Lückhoff (1830-1916), 'vader' van versorgingsoorde vir bejaardes. Hy was predikant van die Groote Kerk van 1875 tot 1886, maar het tot 1908 sekretaris van die Dorkas-huise gebly. Deur sy inisiatief het inrigtings soos die Diakones-hospitaal tot stand gekom. Dit het 'n waardevolle diens aan die gemeenskap gelewer deur verpleegpersoneel op te lei in 'n tyd toe sulke opleidingsfasiliteite skaars was.* NG KERKARGIEF, KAAPSTAD
3. *Die Dorkas Armen Huise in Breestraat, Kaapstad.* A DREYER, HISTORISCH ALBUM
4. *Ouderdom bring dikwels eensaamheid en gebreke. Gebrek aan tyd om die Bybel te lees en te oordink, is daar gelukkig nie.* SKDB, KAAPSTAD
5. *Die fisiese versorging van verswakte bejaardes is 'n voorreg wanneer soveel dankbaarheid en liefde teruggegee word aan die versorgers.* DIE KERKBODE
6. *Die inwoners van tehuise, die familie en die gemeenskap is genoodsaak om toenemend saam te werk vir fondsinsamelings. Die finansiële en ander eise wat gespesialiseerde versorging vereis, is hoog.* SKDB, KAAPSTAD

volgens hulle vermoë betaal. Streng maatreëls is deur die bestuur van die tehuis toegepas en inwoners moes oggend- en aandgodsdiens bywoon.

Die erf langs die destydse pastorie van die Groote Kerk, bekend as Monte Rosa, is in Julie 1896 bygekoop vir £2 725. 'n Private hospitaal is in 1898 hier ingerig. Die hospitaal, wat vir geringer ongesteldhede soos mangeloperasies gebruik is, het die tehuis se rol as gemeenskapsinrigting verder uitgedra. Daar is ook behandeling aan lede van die Suid-Afrikaanse Spoorweg- en Hawesiekefonds verskaf. Die hospitaal is uiteindelik in 1974 gesluit.

Bydraes van staatsweë is in 1912 vir die eerste keer ontvang. Daar is destyds aan 'n maksimum van tien sorgbehoewende bejaardes in die tehuis 'n bedrag gelykstaande aan R80 elk per jaar toegestaan.

Dames is slegs by een geleentheid in die aanvangsjare tydelik hier gehuisves. In April 1899 het 20 dames van die Old Ladies Home in Hoopstraat op die boonste verdieping gebly terwyl aan die tehuis gebou is. Daar was streng skeiding tussen mans en dames. Die maaltye is selfs afsonderlik voorberei en genuttig. Die dames is nie toegelaat op die onderste stoep waar die mans gesit het nie. Dit was eers in die sewentigerjare, na die sluiting van die hospitaal, dat die tehuis omskep is in 'n gemengde ouetehuis met die naam Rogelim en Monte Rosa – 'n ware tuiste vir bejaardes.

Die ontstaan van die oudste tehuis vir bejaardes in die gemeente van Kaapstad getuig van die algemene betrokkenheid van die kerk by die behoeftes van mense en 'n gees van onbaatsugtige liefde en barmhartigheid. Dit is hierdie gesindheid wat dit 'n draer van deernis tot ver buite die grense van die NG Kerk sou maak.

MARIANA BOTES

4




5



6





1

# 1885. Kerkvereniging in die ZAR

Soos in die geskiedenis van die wêreldwye kerk was daar in die Suid-Afrikaanse kerkgeskiedenis en veral in die Afrikaanse kerke periodiek toenaderingspogings, maar ook verwydering van mekaar.

Een van die belangwekkendste én bekendste toenaderings tussen Afrikaanse kerke het in 1885 in die Zuid-Afrikaansche Republiek plaasgevind toe die NG Kerk en die destydse Nederduitsch Hervormde Kerk besluit het om kragte saam te snoer. Hierdie kerkvereniging het tot die totstandkoming van die sogenaamde Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerk (NH of G Kerk) gelei, maar dit was van korte duur.

### 'N GEVOEL VAN SAMEHORIGHEID

Die aanloop tot hierdie kerkvereniging was tweërlei. Enersyds het daar binne dié twee kerke self 'n behoefte aan nouer samewerking ontwikkel. Die belangrikste faktore in die geval van die kerkvereniging van 1885 was die suksesvolle militêre stryd wat die Afrikaners ná die Britse anneksasie van Transvaal (1877) ten tye van die Eerste Vryheidsoorlog (1880-1881) gevoer het. Veral die oorwinning by die Slag van Amajuba het 'n sterk nasionalisme aangewakker en 'n groot samehorigheidsgevoel laat ontwikkel.

So is daar gedurende Oktober 1881 byvoorbeeld twee byeenkomste in Potchefstroom en Pretoria gehou waar die saak van kerkvereniging ter sprake was. Ná hierdie byeenkomste het selfs die Gereformeerde Kerke in April 1882 uitsprake ten gunste van kerkvereniging gemaak. President Paul Kruger, wat 'n stigterslidmaat van die Gereformeerde Kerke was, het verklaar dat as '... iemand van zijne christelijke gezindheid zou afwijken ...' só 'n persoon teen kerkvereniging gekant was.

Intussen het sowel die NG Kerk as die Hervormde Kerk hulle positief oor kerkvereniging uitgespreek. 'n Kommissie is vir die kerkgroepe benoem om gedurende Oktober 1882 verder daaroor te onderhandel. Hoewel die hoop bestaan het dat 'n afvaardiging van die Gereformeerde Kerke ook daaraan sou meedoen, het dit spoedig geblyk dat dié kerk, wat destyds 'n eenheid oor die hele Suid-Afrika gevorm het, beswaarlik sou meewerk aan 'n kerkvereniging wat slegs tot die destydse ZAR beperk was.

Die afvaardiging van die NG Kerk het bestaan uit ds HL Neethling en ds JH Neethling en dié van die Hervormde Kerk uit ds NJ van Warmelo en ds DP Ackermann. Dit was veral die kerkleer, die toelating van predikante en die naam van die nuwe verenigde kerk wat heelwat aandag geniet het.

Na verskeie gesamentlike en afsonderlike vergaderings is die akte van kerkvereniging in Januarie 1885 goedgekeur. Die eerste algemene kerkvergadering van die verenigde Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerk in de Zuid-Afrikaansche Republiek het uiteindelik op 7 Desember 1885 in Pretoria plaasgevind. Die eerste tekens van verdeeldheid was egter toe reeds aanwesig en daar was weinig hoop op sukses.

### DRIE KERKE IN PLAAS VAN EEN

Spoedig na dié kerkvereniging het dit geblyk dat 'n groeiende aantal lidmate van die vroeëre Hervormde Kerk nie genoeë geneem het met die veranderings nie. Hervormde lidmate van Witfontein (in die huidige Bronkhorstspruit-distrik) het geweier om te verenig en hulle sou voortaan bekend staan as die Nederduitsch Hervormde Gemeente der ZAR, distrik. Pretoria. Hulle het die voortbestaan van die Nederduitsch Hervormde Kerk in sy oorspronklike vorm gehandhaaf en in 1887 onder leiding van ds MJ Goddefroy die reorganisasie onderneem van die Hervormde lidmate in gemeentes wat nie wou verenig nie. Dit het tot 'n Algemene Kerkvereniging in 1888 gelei.

Die ontevredenheid oor die kerklike vereniging het allerlei oorsake gehad. Sommige Hervormers was ontevrede omdat die NH of G Kerk hom vir die sending beywer het, of oor die gevaar van gelykstelling tussen swart en wit, of oor moontlike Britsgesindheid. Die feit dat ander geestelike liedere naas die Psalms en Gesange gesing is en die hou van bidure of opwekkingsdienste in die Verenigde Kerk, soos dit ook bekend was, het voorts spanning veroorsaak.

Die gevoel dat die NH of G Kerk in 'n groot mate slegs die voortsetting van die vroeëre NG Kerk was, is versterk



2

1. *Nagmaalstoneel op Kerkplein in Pretoria, ca 1875.* NG KERKARGIEF, PRETORIA
2. *Detail van 'n saamgestelde poskaart van die kerkgeboue van die NG Kerk in Pretoria, ca 1910. Die plaaslike gemeente en die kerkgebou van 1885 (regs bo) het 'n prominente rol met kerkvereniging gespeel en daar is in 'n stadium na die Verenigde Gemeente verwys. Die NG Kerk van 1904 (onder), algemeen bekend as die Bosmanstraatkerk (genoem na ds HS Bosman), is in die neo-Renaissance-styl.* NG KERKARGIEF, PRETORIA
3. *Die eerste poskoets vertrek vanaf Heidelberg in die ZAR. Die bekende NG Kerk is in die agtergrond (1890).*
4. *Ds MJ Goddefroy (1848-1920), predikant van die Nederduitsch Hervormde Kerk, wat nie ten gunste van die Verenigde Kerk was nie.*
5. *Ds FL Cachet (1835-1899). Hy het hom beywer vir die vereniging van die kerk in die ZAR. Dit het aan hom die polemiese titel besorg van 'die Jood wat alles hier kom omkrap het'.*
6. *Ds DP Ackermann sr van Wakkerstroom het hom met di HS Bosman, FL Cachet en HL Neethling beywer vir 'n verenigde kerk in die Zuid-Afrikaansche Republiek.*
7. *Nagmaalsbord en snybordjie van 'n nagmaalservies. Dit is aan die begin van die twintigste eeu op plattelandse nagmaalsbesoeke gebruik.* NG KERKARGIEF, PRETORIA. FOTO: A SWIEGERS

deur die sinode van 1889, waar daar onder die sestien teenwoordige leraars slegs vier predikante was wat tot die oorspronklike Hervormde Kerk behoort het. Die feit dat NG lidmate wat van elders uit Suid-Afrika na die Transvaal verhuis het, hulle by die Verenigde Kerk aangesluit het, het die gevoel versterk dat hierdie kerk slegs die voortsetting was van die NG Kerk. Die lidmate van beide kerke is hierbenewens moontlik nie genoegsaam in die proses geken nie. Die sterk politieke motivering vir kerkvereniging was ook nie die regte benadering tot die saak nie.

Uiteindelik het dit geblyk dat daar teen 1890 in plaas van die een verenigde kerk van 1885, drie groepe ontwikkel het. Dit was die Verenigde Kerk, die Nederduitsch Hervormde Kerk wat deur ds MJ Goddefroy van Witfontein gereorganiseer is en die volgelinge van die sogenaamde Prokurasiekommissie. Dié Kommissie het wel in 1885 verenig, maar wou toe weer uit die Verenigde Kerk tree. Benewens die ontevredenheid van die beswaardes was daar onmin oor die naam van die kerk en oor kerklike eiendomme.

Met al hierdie verwikkelinge was die kerkvereniging van 1885 finaal tot mislukking gedoem en vanaf 1892 was daar voortaan naas die NH of G Kerk weer 'n volwaardige Nederduitsch Hervormde Kerk. Die Verenigde Kerk het dus nie lank bestaan nie. Die hele proses het heelwat blyke gegee van misverstand, vooroordeel, stryd en 'n gebrek aan verdraagsaamheid oor naam-, eiendom-, leer- en stylkwessies.

Die besondere eiesoortige historiese karakter en styl van die Nederduitse Gereformeerde Kerk en die Nederduitsch Hervormde Kerk het in hierdie proses duidelik na vore gekom. Dit verklaar waarom praktyke soos bidure, opwekkingsdienste en ander geestelike liedere selfs vandag nog nie by die Hervormde Kerk se lidmate ingang gevind het nie.



3

4




5



6



7






1



2

# 1886. Die kerk en die goue stad

Alhoewel die ontdekking van diamante die ontginning van die wêreld se grootste minerale rykdomme ingelui het, het die ontdekking van goud 'n nog groter impak op die ekonomiese opbloei van Suid-Afrika gehad.

Die ontdekking van die Witwatersandse hoofgoudrif in 1886 sou uiteindelik verreikende ekonomiese, sosiale en politieke gevolge vir die hele subkontinent van Suidelike Afrika hê. Dit het aan die grootskaalse industrialisering van die subkontinent momentum verleen en tot 'n sterk kapitalistiese samelewing en die uitbreiding van wit oorheersing tot laat in die twintigste eeu gelei. Dit het verder ingrypende verstedeliking en nuwe demografiese patrone tot gevolg gehad. Politieke ontwikkelinge vanweë die ontdekking van minerale het verhoudinge binne en buite die land drasties beïnvloed.

## DIE ROEPSTEM VAN DIE GOUDSTAD

Verstedeliking was ongetwyfeld die belangrikste sosiale gevolg van die grootskaalse ontdekking van minerale rykdomme in die Noord-Kaap vanaf 1867 en veral aan die Witwatersrand sedert 1886. Die ontstaan en meteoriese groei van Johannesburg as die wêreld se 'hoofstad' van goud het suigkrag geskep wat derduisende wit en swart mense vanuit die platteland getrek het. Naas die toenemende ontvolking van die platteland het dit al die sosio-ekonomiese implikasies van verstedeliking aan die gang gesit. Hierdie industrialisering en verstedeliking het veral in die swart gemeenskap grootliks tot die disintegrasie van tradisionele sosio-ekonomiese en kulturele strukture gelei. Materialisme het die oorheersende lewenswaarde geword, wat ingedruis het teen die basiese, behoudende waardes van die platteland.

In en om die Goudstad is Afrikane en Afrikaners deur 'n vreemde samelewing gekonfronteer. Daar was opvallende klasseverskille tussen ryk en arm en groot getalle is uitgelewer aan sosiale euwels soos sedeloosheid, dobbelary en drankmisbruik. Die stadsituasie het ook nuwe groepverhoudinge tot gevolg gehad. Teenoor die ekonomies meer ontwikkelde en gesofistikeerde Engelssprekende het die Afrikaner met sy landelike agtergrond en waardesisteem te staan gekom. Hierbenewens het trekarbeid onder swart mense spoedig tot ingrypende sosiale veranderings en verwarring gelei. Die vreemde Westerse kultuurpatrone het dikwels tot etniese verwarring en selfs periodieke stamgevegte in benarde lewensomstandighede gelei.

## GEVOLGE VIR DIE ZAR

Die ontdekking van goud het die ou Zuid-Afrikaanse Republiek (ZAR) feitlik oornag verander van 'n arm tot 'n welvarende staat. Dit het tot die grootste instroming van immigrante na Suid-Afrika in die negentiende eeu gelei. Terwyl tienduisende swart mense deur die goudmyne in diens geneem is, het meer as 75 000 Britte na Suid-Afrika geëmigreer. Die meeste van hierdie 'uitlanders' het hulle aan die Rand gevestig waar daar spoedig 'n aandrang op politieke deelname en/of regte was.

Die minerale rykdomme van veral die ZAR was een van die primêre politieke faktore wat uiteindelik gelei het tot die Anglo-Boereoorlog (1899-1902), die finale konflik van die negentiende eeu tussen Afrikaner-nasionalisme en Britse imperialisme. Die groter ekonomiese selfstandigheid wat die minerale rykdomme aan die Boere-republieke gebied het, het gelei tot reaksie én aksie van Britse imperialiste soos Cecil Rhodes. Dit het momentum gekry met die sogenaamde Jameson-inval van 1896 en uitgeloop op die oorlog, waarna die Afrikaner totaal platgeslaan was.

## DIE KERK RAAK BETROKKE

Die Afrikaanssprekende kerke, ook die NG Kerk, het in die heropbou van die moreel van die Afrikaner en selfs van sy



3




4

1. *Versierde verwelkomingsadres vir ds PGJ Meiring, met foto's van die eerste kerkraad van die Gemeente Johannesburg-Oos. Dit was gebruiklik om spesiale geleenthede van die verwelkoming en afskeid van predikante te maak.* NG KERKARGIEF, PRETORIA
2. *Ds HS Bosman (1848-1933) en sy vrou, Aletta. Hy was as leraar van Pretoria konsulent van die Gemeente Johannesburg met die stigting daarvan in 1887.* NG KERKARGIEF, PRETORIA
3. *Die Irene-Zaal van die Gemeente Johannesburg-Oos.*
4. *Kanselkleed van die Irene-gemeente, met die simbole van hoop daarop.* NG KERKARGIEF, PRETORIA. FOTO: A SWIEGERS
5. *Die eerste drie predikante van die Gemeente Johannesburg-Oos (Irene) – HA Lamprecht, PGJ Meiring en W Nicol - tydens die sitting van die Federale Raad in Johannesburg in 1919. Ds Meiring (1866-1938), die eerste predikant van die Gemeente Johannesburg-Oos, was veldprediker tydens die Anglo-Boereoorlog en het met die vredesluiting geweier om die eed van getrouheid af te lê. Dr Nicol (1887-1967) was predikant van Johannesburg-Oos van 1913 tot 1938 en later Administrateur van Transvaal.*
6. *Ds JN Martins (1857-1938), eerste predikant van Johannesburg, van 1887 tot 1920. As baanbreker op die 'Middellandse Goudvelde', is hy as 'de vader van de Goudvelden' bestempel.*
7. *Die kerkgebou van die NG Gemeente Johannesburg, wat op 6 April 1904 ingewy is.*

ekonomiese bemagtiging 'n omvattende rol begin speel. Afrikaanse organisasies soos die latere Reddingsdaadbond en die Afrikaner-Broederbond het in 'n groot mate in kerklike geledere in dié era aan die Rand ontstaan. Die grense tussen kerk, kapitaal en kultuur het hierdeur in baie opsigte vervaag.

Die toestroming van Afrikaners in groot getalle na die goudvelde het belangrike implikasies gehad én geleenthede geskep vir die uitbreiding van die NG Kerk aan die Rand. In 1896 is die gemeente van Fordsburg gestig, in 1897 Johannesburg-Oos en Jeppetown, en in 1899 Germiston. Dit was veral verarmde lidmate wat hulle aanvanklik in hierdie gemeentes gevestig het wat besondere uitdagings aan die NG Kerk gestel het. In die moeilike aanvangsjare het predikante soos ds AP Kriel en ds PGJ Meiring en later dr W Nicol sr 'n onuitwisbare rol gespeel.

Benewens die voorsiening in die behoeftes van die armes is daar ná die Anglo-Boereoorlog aandag gegee aan noodleniging vir veral weeskinders uit die Anglo-Boereoorlog. Dit het tot die stigting van bekende instellings aan die Witwatersrand soos die Abraham Kriel-kinderhuis en Maria Kloppers-kinderhawe gelei.

Ná die Anglo-Boereoorlog en kort daarna die Eerste Wêreldoorlog (1914-1918) het Suid-Afrika ondanks sy minerale rykdomme 'n ekonomiese insinking en uiteindelik 'n depressie beleef, wat tot arbeidsonrus en die mynstakings van 1922 gelei het. Dit het weerklank gevind in verskeie uitsprake van die Transvaalse Sinode van 1922. Waar die NG Kerk hom nie oor die onmiddellike oorsake van die gebeure wou uitspreek nie, het hy hom tog geroepe gevoel om oor die onregstreekse oorsake iets te sê. Hierdie ellende was volgens die kerk gebore uit die heersende sug na wêreldse en verganklike dinge. In die woorde van dié sinode:

'(Dit is omdat) die kapitalistiese geldsug en die opstandige sosialisme die ewige wêreld en die onverganklike skatte uit die oog verloor het, en hulle hart gevestig het op aardse goedere, dat daar twis en nydigheid gebore is. Werkers moet toesien dat daar 'n gesonde Afrikaanse Christelike gees in die bestuur van hulle sake aan die dag gelê word. Die verlange van die vergadering is dat daar by die werkers en werkgewer 'n gees van toenadering en verdraagsaamheid openbaar word. Op dié manier alleen kan rus en vrede op die gebied van nywerheid verkry word.'

HOFFIE HOFMEYR




5

6



7





1

# 1890. Van Vrouesendingbond tot Vrouediens

Die Suid-Afrikaanse kerkgeskiedenis steun swaar op die werk van vroue. Dit kan teruggevoer word na Maria van Riebeeck en haar werk onder die Koikoi en die slawe. Vir ons doeleindes begin ons byna 250 jaar later, toe die Vrouwen Zendings Bond op Wellington gestig is.

### VROUWEN ZENDINGS BOND

Die eerste presidente was mev Emma Murray, vrou van die bekende dr Andrew Murray.

Reeds by die stigtingsvergadering, op 21 Maart 1890, het die Bond besluit om drie vroue as sendelinge na die diamantvelde te stuur waar daar ernstige nood was. Dié vroue het hier onder die verarmdes en geestelik verwaarloosdes van alle kultuurgroepe gewerk. Die bediening was, tipies van daardie tyd, parallel en nie vermeng nie. 'n Aandskool is sodoende gestig vir wit jongmense. Onder ander kultuurgroepe is meer op die bekamping van drankmisbruik gekonsentreer.

Op Wellington het die Sendingbond hierbenewens saam met die Hugenote Seminarie begin om vrouesendelinge op te lei. Die buitelandse sending, wat op Mashonaland (Zimbabwe) gekonsentreer het, is uitgebrei met sendingpogings na Nyassaland (Malawi). Die vroue het hulle nie net op sieleheil toegespits nie, maar mense ook sosiaal en ekonomies probeer ophef. 'n Sendingkollege vir bruin vroue, die Minnie Hofmeyr-kollege in Worcester, het in 1931 ook beslag gekry. In 1943 het 'n sendingkollege vir swart meisies by Decoligny in die Transkei gevolg.

Binne minder as 20 jaar het die Vrouesendingbond 120 takke in die Kaapkolonie gehad. Die Transvaalse Vrouesendingvereniging is op 15 November 1905 in Pretoria gestig, met die eggenote van dr HS Bosman as presidente. In die Vrystaat het die Oranje-Vrouesendingbond op 7 Mei 1907 in Bethlehem tot stand gekom. Dit is gevolg deur die stigting van die Natalse Vrouesendingbond in Ladysmith in 1939 en die eerste Vrouesendingbond-tak in Mariental in Suidwes-Afrika (Namibië) in 1940. In 1957 is die stigtingsvergadering van die Midde-Afrikaanse Sendingvereniging in Bulawayo gehou.

Die sending van die NG Kerk in Suidelike Afrika is dus in 'n groot mate deur vroue gedra. In hulle alledaagse bestaan het hulle die sendingsaak ook in die kleine probeer bevorder – dit was 'n algemene reëling dat hoendereiers wat op Sondag gelê is, deur vroue verkoop is en dat die geld aan die sending geskenk is. Die Vrouesendingbond het inderdaad deur die jare groot bedrae geld met toewyding en integriteit ingesamel en bestuur.

Die landswye Kinder(sending)kranse wat vandag nog hulle werksaamhede voortsit, het ook hulle wortels in dié Bond gehad.

### VROUE(HULP)DIENS

Waar die Vrouesendingbond in die Kaap ontstaan het, het die Vroue(hulp)diens in die Transvaal (die huidige Gauteng)

ontstaan. Die Bond van Dienaresse, die amptelike vrouehulpdiens van die NG Kerk in die Transvaal, is op 17 November 1950 deur die sinode in die lewe geroep ná die mislukking van onderhandelings met die Suid-Afrikaanse Vrouefederasie om as kerklike vrouehulpdiens op te tree. Die Bond het onderneem om binne die kerk diens te verrig ten opsigte van kinders, die jeug en ander vroue.

Ondanks die groot omvang van die werk van die Bond van Dienaresse, was hulle verantwoordelik aan manlike kerkrade en sinodale kommissies. Op die stigtingsvergadering is toesprake slegs deur predikante gelewer. Deur dié Bond het die vroue onderneem om hulle moederlikheid tot diens van die hele kerklike samelewing te stel, en daarop gekonsentreer om aan die gesin in die samelewing weer sy regmatige posisie te gee. Dit het hulle nougeset uitgevoer – onder manlike toesig.

Inisiatief het egter van die vroue self uitgegaan om eenwording te bewerkstellig tussen die verskillende takke van die Vrouesendingbond en dié van die Vrouediens. Vroue van die NG Kerk kon nie langer slegs swartes as die fokus van sending beskou nie. Die vrouesendingaksies en die vroueaksies moes dus één word om na die samelewing in sy geheel uit te reik. Op 4 Februarie 1982 het die Algemene Vrouesendingkomitee en die Algemene Komitee van die Vrouediens tydens 'n seremonie by die Johannesburg Lughawe hulle eenwording verwesenlik en gevier. Hierna sou eenwording op sinodale streeksvlak volg. Op 5 November 1983 het die Vrouediens en die Vrouesendingdiens van die Transvaalse Kerk byvoorbeeld 'n eenwordingskonferensie gehou. Hierna was die vroue se sendingdiens nie meer onafhanklik van die vroueaksie in die algemeen nie.

### BEOORDELING

Die moderne vrouebeweging, wat sy oorsprong hoofsaaklik in die sestigerjare van die 20ste eeu gehad het, het drie doelstellings vir vroue se bevryding gestel. Hiervolgens moes vroue toegang tot die produkte van hulle arbeid hê, vry word van die stereotipiese beeld waarmee die samelewing hulle geassosieer het en toegang tot openbare en politieke mag hê.

Die Vrouesendingbond en die ander vroueaksies van die NG Kerk het moontlik nie hierdie drie ideale ten volle bereik nie. Vroue het meestal onbetaalde werk gedoen, hulle onderwerp aan die stereotipering van die vrou as dienares, en hulle nie buite die private sfeer van gesinsake en moederlikheid begewe nie.

Binne hulle tydsgees lê die bydrae van die vrouebewegings egter juis in die onbaatsugtige diens wat hulle aan behoeftiges gebied het. Daarmee het hulle die stereotipering van die vrou binne die huislike kring deurbreek en by gemeenskapsdiens betrokke geraak. Hierbenewens het hulle hulle moederlike sorg tot diens van ander in die samelewing gestel.

Die hedendaagse vrouebewegings binne die NG Kerk het 'n magtige stroom van vroue in beweging geword wat met deernis en empatie na mede-Suid-Afrikaners in nood uitreik.

CHRISTINA LANDMAN

1. *Die bestuur van die Afrikaanse Christelike Vrouevereniging, ca 1910. Die ACVV is in 1904 gestig en het nóú met die Vrouesendingbond saamgewerk.* KAAPSTAD ARGIEFBEWAARPLEK
2. *Bestuur van die Bond van Dienaresse, ca 1960. Mev G Groenewald (voorsitter) sit voor in die middel.* NG KERKARGIEF, PRETORIA.

3/4/5. *Drie medestigters van die Transvaalse Vrouesendingvereniging – mev dr HS Bosman, mev ds JM Louw en mev ds AP Burger.* NG KERKARGIEF, PRETORIA.

6. *Die Uitvoerende Komitee van die Vrouediens van Wes- en Suid-Kaap, 2001. Mev J Cillié (tweede van regs, voor) is die voorsitter.* FOTO:VROUEDIENS, KAAPSTAD

## FEITEFLITSE

1. Die missie (2002) van die Algemene Kommissie vir die Vrouediens is om vroue te 'begelei om op elke diens- en lewensterrein aktief as dissipels van Jesus Christus te lewe'.
2. Die Wes-Kaapse Vrouediens is regstreeks betrokke by die Vigsburo aan die Hugenote Kollege op Wellington.
3. Die Vrouediens van Noord-Transvaal het in 2001 as deel van die NG Kerk se Jaar van Hoop gehelp met die opvoering van *Simfonie van Hoop* in die Staatsteater, Pretoria.



2



3·4·5

6





1

# 1899. Die Anglo-Boereoorlog en die kerk

Dit het in die loop van 1899 al duideliker geword dat die diplomatieke stryd oor stemreg vir Uitlanders onafwendbaar afstuur op 'n gewapende stryd tussen die Boererepublieke en Brittanje. Vanaf kansels is vir vrede gebid en gepleit, en bidure is gehou. 'n Prominente leraar soos dr Andrew Murray uit die Kaap het as 'oudste leraar van die NG Kerk' in *Ons Land* en *De Kerkbode* by Engeland gepleit as 'die grootste Christelike nasie', om hom nie te vergryp aan twee jong republieke nie.

In April 1900, kort na die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog, het die drie Afrikaanse kerke ook in 'n ope brief aan mede-Christelike kerke in Engeland gepleit om die oorlog te beëindig. Die latere proff PJG de Vos en A Moorrees het persoonlik na Engeland gereis, waar hulle 'n goeie indruk op Emily Hobhouse gemaak het, maar 'n koue ontvangs by die owerhede gekry het.

Met al die weerbare mans op kommando is die georganiseerde kerklike lewe onvermydelik tydens die Anglo-Boereoorlog ontwrig. Geen kerkraadsvergaderings kon gehou word nie. Predikante het nietemin in moeilike omstandighede met die bediening van die Woord en pastorale werk volgehou. Tydens die guerilla-fase, toe dorpe en kerkgeboue verwoes is, die gemeenskapslewe verbrokkel het en baie predikante die republieke op parool verlaat het, het die werksaamhede van die NG Kerk op die platteland egter feitlik tot stilstand gekom.

In die stede kon daar met 'n mate van 'n gemeentelike bediening voortgegaan word. Die gewondes en siekes wat na die hospitale geneem is en die rebelle wat in tronke aangehou is, kon nog bereik word. Van die 238 rebelle wat ter dood veroordeel is, is net sommiges gefusilleer. Hulle is gewoonlik deur predikante met Woord en gebed bygestaan ter voorbereiding op die dood én as laaste skakel met agterblywendes. Dit het dikwels meegebring dat leraars die laaste nag saam met veroordeelde rebelle in dodeselle deurgebring het.



2

BURGERS OP KOMMANDO

Daar het altesaam sowat 60 000 burgers vir korter of langer tydperke gedurende die loop van die Anglo-Boereoorlog aan Boerekant geveg. Dit sluit byna 15 000 rebelle en 3 000 buitelanders in. By vredesluiting was daar nog sowat 25 000 persone te velde wat die wapen neergelê het. Dis aan die generaals opgedra om die burgers op kommando geestelik te bedien. Sodoende het mense soos genls CF Beyers, SW Burger en Ben Viljoen, asook kerkraadslede gereeld as predikers opgetree. Kommando-leraars en bevelvoerders het periodiek 'die kansel gedeel' – soos genl Smuts en ds AP Kriel dit meermale gedoen het.

Vir langer of korter tye het 64 predikante as kommando-predikers opgetree, insluitende vier teologie-studente wat hulle studies onderbreek het. Ses leraars van die NG Kerk was vir die volle duur van die oorlog by die kommando's, onder andere die bekende ds AP Kriel en ds JD Kestell.

Laasgenoemde, as die godsman, het saam met pres Steyn, die staatsman, en genl De Wet, die krygsman, die inspirerende Vrystaatse driemanskap gevorm. 'Vader' Kestell was ook geestelike leier en sekretaris by die vredesonderhandelinge in Vereeniging. Hy het op 31 Mei 1902 in Pretoria die gebed gedoen by die 'begrafnis van die twee republieke', soos waarnemende ZAR-president SW Burger dit destyds gestel het.

'n Ander prominente naam is dié van ds PH Roux, kommando-prediker wat veggeneraal geword het. As krygsgevangene op Ceylon het hy ook as leraar vir sy mede-gevangenes opgetree. Die predikante op kommando het dieselfde lydensweg as die burgers geloop, met geen soldy, toerusting of ander spesiale voorregte nie. Van hulle gesinne was in die konsentrasiekampe. Ds HJ Neethling se vrou is in die kamp oorlede en na die oorlog het hy sy ses kinders by vriende gekry.

Die predikante se bediening te velde het, benewens die pastorale gesprekke met treurendes en mismoediges, oggend- en aandgodsdiens ingesluit. Eredienste is op Sondae en kerklike feesdae gehou asook bidure en stiltetye voor en gedurende gevegte 'by die kanon of wa'. Bystand aan gewondes is verleen en begrafnisse gehou.

## IN KRYGSGEVANGEKAMPE EN KONSENTRASIEKAMPE

Daar was uiteindelik sowat 31 00 Boere-krygsgevangenes in die Anglo-Boereoorlog. Hulle is aanvanklik in kampe in Suid-Afrika gehuisves, maar later ook in buitelandse kampe op veral St Helena, Bermuda, Ceylon en Indië. Daar was ook 'n rebelle-vlugtelingekamp in Portugal, met sowat 580 persone. In die krygsgevangekampe in Suid-Afrika het plaaslike predikante steeds onverpoosd gewerk. Benewens 14 leraars wat as krygsgevangenes in die kampe was en hulle dienste daar voortgesit het, het 61 predikante vrywilliglik onder die gevangenes gaan werk. Die bekendste onder hulle was ds AF Louw op St Helena.

Die georganiseerde kamplewe het 'n 'gemeentelike' program moontlik gemaak, met gereelde eredienste, bidure, Bybelstudie, konferensies, broederlike onderhoude, Strewers, Sondagskool en katkisasie. Die daaglikse program tydens die oorlog het pastorale hulp aan eensames, siekes, mense onder oorlogspanning en gevangenes ingesluit. Uiteindelik is meer as 1 800 krygsgevangenes in die buiteland begrawe.

Die 'verskroeide aarde'-beleid van Roberts en Kitchener was daarop gemik om die Boere in hulle persoonlike en gesinsverband te knak en tot oorgawe te dwing. Dit het daartoe gelei dat 30 000 plase afgebrand is, tienduisende diere weggedryf of doodgemaak is en bykans 120 000 vroue, kinders en bejaardes met karige persoonlike besittings na 'n veertigtal konsentrasiekampe weggevoer is. Die haglike omstandighede in die kampe het tot 'n amptelike dodetal van 27 927 sterftes aan Boerekant gelei. Dit was meer as die gesamentlike getal gesneuweldes aan beide kante van die vegtendes.

Die verreikende gevolge van die Anglo-Boereoorlog op die Suid-Afrikaanse samelewing, het ook die NG Kerk nie gespaar gebly nie. Dit het groot uitdagings gestel aan die pastorale funksies van die kerk.

THYS NIEWOUDT





3 4 5


1. *Boere-krygsgevangenes met die onthulling op St Helena-eiland deur ds Wessels van 'n gedenkteken wat deur hulleself opgerig is, 1902.* KAAPSTAD ARGIEFBEWAARPLEK
2. *Belangrike besoekers aan die Merebank-krygsgevangenekamp, Durban, 1901.* KAAPSTAD ARGIEFBEWAARPLEK
3. *Genl (ds) Paul Roux (1862-1911) was met die uitbreek van die oorlog eers veldpredikant voordat hy veggeneraal geword het.*
4. *Mev Hendrina Joubert, eggenote van komdt-genl Piet Joubert. Hulle het eiendom in Pretoria geskenk vir die oprigting van die Voortrekker-Gedenksaal en latere Sinodale Sentrum.* NG KERKARGIEF, KAAPSTAD
5. *Ds AF Louw (1866-1960), predikant onder die krygsgevangenes op St Helena-eiland.* NG KERKARGIEF, KAAPSTAD
6. *Die NG kerk op Ladysmith is ná die Slag van Elandslaagte op 21 Oktober 1899 as Britse veldhospitaal gebruik.* KAAPSTAD ARGIEFBEWAARPLEK
7. *Deur die Bybel gered! 'n Koeël het gedurende die oorlog dié Bybel in genl CF Beyers se sak getref.* KAAPSTAD ARGIEFBEWAARPLEK
8. *Onderweg na een van 66 swart konsentrasiekampe gedurende die oorlog. Na raming het minstens 18 000 swart mense hier gesterf.* OORLOGSMUSEUM, BLOEMFONTEIN
9. *'Die Afskeid', 'n beeldegroep deur Danie de Jager by die Vrouemonument.* OORLOGSMUSEUM, BLOEMFONTEIN
10. *Herbegrafnis op 10 Maart 1903 van Danie Theron, baasverkenner van die 'rapportrijders', op die plaas Eikenhof by Kliprivier langs sy geliefde Hannie Neethling.*

6.7



8.9



10


## DERDE ERA

# 1902-1916



Toe die son opkom ná die nag van die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) was toestande in die meeste NG gesinne redelik droewig. Die meeste lidmate is direk of indirek deur die bitter driejarige oorlog met Brittanje geraak. Die ontberinge wat vanweë die Britse 'verskroeide aarde'-beleid en die konsentrasiekampe gely is, sou nie gou vergeet word nie. Die oorlog het 'die volk verslae en verarm uit die Vryheidsoorlog laat tree'. Die toestand het die kerk se simpatie opgeroep, wat - soos dr JD Vorster dit gestel het - 'die enigste ware tuiste vir die volk' is.

Die gewillige tuiste wat 'n verslae en verslane Boerevolk by die kerk gevind het, is in 'n groot mate die sleutel tot die derde era in die verloop van die kerk se geskiedenis. Indien ons daarbenewens die behoefte aan beveiliging in ag neem, teen die agtergrond van die ekonomiese en politieke weerloosheid van die Afrikaner, dan is dit duidelik hoe die begrippe 'kerk' en 'volk' tot 'volkskerk' kon versmelt.

### DIE BAND TUSSEN KERK EN VOLK

Die NG Kerk as kerk-vir-die-volk, om TN Hanekom se tipering te gebruik, moes lidmate deur moeilike tye begelei en versorg. Benewens die Anglo-Boereoorlog het die Rebellie en twee wêreldoorloë hulle tol geëis – dit alles in die bestek van vier en 'n halwe dekades. Telkens was die kerk by om lidmate met die Woord te bedien. Die kerk moes egter ook rekening hou met die innerlike stryd en onderlinge konflik wat vanweë politieke en ideologiese verskille dwarsdeur die kerk geloop het. Hoe nader die kerk aan die Afrikaner gestaan en bepaalde voorkeure gehad het, hoe meer het dit geleenthede én verleentheid vir die kerk beteken. Sprekend hiervan was die deelname van sommige predikante aan die aktiwiteite van die Ossewabrandwag, wat uiteindelik gelei het tot hulle inhegtenisnemings. Die kerk het nooit amptelik kant gekies nie, maar die hegte verhouding tussen kerk en volk het duidelike voorkeure verraai.

Ideologiese voorkeure in die betrokke era is grootliks deur die nagevolge van die Anglo-Boereoorlog bepaal. Vir die meeste lidmate sou Brittanje nog lank 'die ou vyand' bly. Toe Suid-Afrika die Britse Imperiale magte in die twee wêreldoorloë moes ondersteun, het dit tot groot konflik gelei. Daar was egter ook baie lidmate wat Brittanje goedgesind was.

Baie lidmate het sterk aanklank gevind by die opkomende Duitse romantisisme, en latere Nasionaal-Sosialisme en fascisme. Daar is gevoel dat aansluiting by hierdie denkrigtings die Afrikanerdroom van 'n eie republiek sou verhaas. Die vereenselwiging met Duitsland is verder versterk deur twee gemeenskaplike vyande: enersyds Brittanje en andersyds die kommunisme, wat deur sommige gesien is as 'n gevaarlike verleiding vir die arm massas in Suid-Afrika.

Die NG Kerk het die Afrikanervolk op 'n besondere manier begelei en bedien tydens droogtes, depressie en verstedeliking wat tot die armblankevraagstuk aanleiding gegee het. Lidmate is op 'n daadwerklike manier deur die kerk bygestaan, onder leiding van kampvegters soos JD (Vader) Kestell. Hy en baie ander het reusewerk gedoen om die Afrikaner letterlik ekonomies te laat opstaan, deur onder meer die Reddingsdaadbond.

### DIE SKADUKANT

Die besondere band tussen die NG Kerk en die Afrikaner het ook 'n skadukant gehad. Die moederkerk het met oorgawe na haar eie lidmate in hulle nood omgesien, maar het die tweederangse bestaan van lidmate van die dogterkerke met minder besorgdheid aanskou. Die moederkerk het wel telkens vir respek en deernis vir die regte van ander gepleit, maar die dogter het tog verstoteling geword, in die woorde van Chris Loff. Die fokus op die behoeftes van die eie, het die nood van ander minder dringend gemaak. Dit sou die NG Kerk later bely.

Daar was wel enkele profete, soos prof J du Plessis, wat vroeg al gepleit het vir meer meelewing met die nood van

ander. Hy het gemaan dat die grondkwessie aandag moes geniet, omdat hy raakgesien het dat, as swart mense nie gehelp word om eiendom te bekom nie, dit later 'n groot vraagstuk sou word. Die houding van die NG Kerk teenoor ander bevolkingsgroepe was egter dié van voog - die 'moeder' moes die 'dogters' versorg en begelei, maar dit moes verkieslik op 'n afstand wees. Dieselfde het in 'n mate vir die sending gegeld.

### TEOLOGIESE AGTERGROND

Teologiese ontwikkelings en sienings destyds het grootliks hierdie houdings bepaal. Die eerste drie dekades van die twintigste eeu is gekenmerk deur verskillende nuwe teologiese invloede wat die NG Kerk ingrypend sou verander. Die Kuyperiaanse inslag van die Vrye Universiteit van Amsterdam het ná 1910 die grondslag gevorm van die volgende geslag professore uit Suid-Afrika wat hulle nagraadse opleiding in Nederland ontvang het. Sterk fundamentalistiese invloede uit veral die VSA het 'n rol begin speel. Neo-Calvinisme, of Boere-Calvinisme soos al daarna verwys is, het in Suid Afrika posgevat en is aangepas by die sosio-politieke behoeftes van die Afrikaner.

Du Plessis het gewaarsku dat, as die NG Kerk sou opgaan in die 'Dopperse' rigting, hy hom sou isoleer. Du Plessis was dalk te kras in sy aanval op hierdie benadering en veral op die Gereformeerde Kerke en tog het dit inderdaad in die NG Kerk gebeur. Die verwikkelinge het wel die wins meegebring dat die belydenisbenadering van die kerk bevestig is en dat die vertolking van die Skrif gevrywaar is van negatiewe invloede van die liberalisme en rasionalisme. Die verlies was egter dat gesonde debat oor die verstaan van die Skrif met die skorsing van prof du Plessis in 1932 byna tot stilstand gekom het. Dit het daartoe gelei dat die ontwikkeling van 'n kritiese teologiese benadering onderdruk is. Daar is reeds in verskillende publikasies uitgewys dat die nagevolge van die Du Plessis-saak die weg gebaan het vir die ontwikkeling van 'n apartheidsteologie.

Die historiese inslag van 'n evangeliesgesinde teologie, soos verpersoonlik deur Andrew Murray, het ook in die slag gebly. Sy gewildheid vandag dui op die verlies wat destyds gely is. Daar word dikwels te simplisties na Murray gekyk, met die kritiek dat hy metodistiese vroomheid bevorder het. Die vraag is of 'n gebalanseerde teologiese benadering, soos voorgestaan deur Murray en andere, nie in die NG Kerk se soeke na sy identiteit sterker verreken moet word nie.

In die dekades van stryd oor die spiritualiteit, soos weerspieël in die kerklied, kom die hunkering na 'n meer evangeliesgesinde benadering telkens na vore. Daar is te dikwels 'n saak uitgemaak vir óf die leer óf die lewe, met 'n gepaardgaande oordrewe vroomheidsbesef óf charismatiese aksent. Daar is wel in die NG Kerk 'n tradisie om akkommoderend te wees van verskillende maar tog aanvullende rigtings, om sodoende die ware identiteit van die NG Kerk te probeer uitstraal. Dit is juis getrou aan die NG Kerk, omdat ons voedingsbronne veral Nederlands en Skots was. Leer en lewe moet in gesonde balans met mekaar wees en aangevul word deur 'n gesonde liefde vir God se Woord en erns met gebed.

Die sendingbeleid wat in die dertigerjare van die 20ste eeu beslag gekry het, het sterk trekke vertoon van die inheemse aksente en eiening van die evangelie in volksverband. Dit was ook 'n erfenis van die Duitse teologie. Hierdie beleid het uiteindelik 'n deurslaggewende rol gespeel in die ontwikkeling van die idee van afsonderlike ontwikkeling, asook die ontwikkeling van 'n apartheidsteologie as antwoord vir die rassevraagstuk.

### MYLPALE

Die NG Kerk het in dié stormagtige tydperk gegroei en op talle terreine 'n hoogbloei beleef. Die kerk het bydraes gemaak tot hulpbehoewendes, tot die onderwys en die sending. Lidmate kon ook vir die eerste keer in hierdie era uit 'n Afrikaanse Bybel lees en Afrikaanse psalms en gesange sing.

Die strewe uit die vorige eeu om eenheid in kerkverband te bewerkstellig, het in die twintigste eeu voortgeleef en momentum gekry. Die totstandkoming van 'n Federale Raad aan die begin van dié era was vordering op dié pad. Die tydperk is afgesluit deur die eerste Algemene Sinode in 1962. Die ideaal van kerkvereniging tussen die 'moederkerk' en 'dogterkerke' ontwyk egter steeds. Dit is opvallend dat verenigingsprosesse tussen kerk en staat in hierdie era saamgeloop het. Die totstandkoming van die Federale Raad van Kerke in 1907 is gevolg deur Uniewording in 1910. Die koms van die Republiek in 1961 het weer die Eerste Algemene Sinode in 1962 voorafgegaan.


Benewens die belangrike tema van Afrikaner-nasionalisme versus Britse imperialisme, was daar 'n ander parallele stroming wat algaande momentum gekry het. Afrikanernasionalisme het teen Afrika-nasionalisme te staan gekom. Die prosesse waardeur die heersende minderheid in die land uiteindelik gestuit sou word, het al in dié periode opgebou. Uit die oogpunt van die meeste blankes is dit as 'n rassevraagstuk en as die 'swart gevaar' beskou. Dit het weer die vrees vir gelykstelling opgeroep. Die NG Kerk het hierdie verwikkelinge nie vrygespring nie. Steun is verleen aan regeringspogings om ruimte vir eie ontwikkeling te skep, wat sedertdien as gewraakte apartheidspraktyke uitgewys is.


Vir die NG Kerk het 'n oomblik van waarheid aangebreek toe die volle ontwikkeling van die apartheidsideologie die wêreld laat fokus het op die verhouding tussen die moederkerk en die dogterkerke. 'n Ongemaklike tyd het vir die kerk aangebreek toe ander lede van die kerk van Christus binne en buite Suid-Afrika die kollig op die hierdie stief verhouding laat val het. Die NG Kerk het mettertyd ingesien dat die verhouding tussen kerk en volk te verstrengel geraak het en dat die prioriteite deurmekaar geloop het. Die pad vir die NG Kerk kon nie anders as om uiteindelik deur die Jabbokdrif te loop nie.

In hierdie era is terugskouend en selektief gekyk na hoogtepunte en laagtepunte. Die selektiewe aard daarvan is bepaal deur ons menslike oë binne die konteks van ons tyd. Die era het egter ook voor die oë van die Lewende God afgespeel, wat elke verhaal ken.

ANDRÉ OLIVIER

*Die verwoesting van die Anglo-Boereoorlog (1899-19020) het 'n era van herontwaking en heropbou vir die Afrikaner en die kerk ingelei wat deur Anton van Wouw se beeldegroep by die Vrouemonument versimboliseer word.* OORLOGSMUSEUM, BLOEMFONTEIN






1.2

# 1902. Herontwaking en heropbou ná die Anglo-Boereoorlog

Die konflik tussen Boer en Brit – of tussen Afrikaner-nasionalisme en Britse imperialisme – wat uitgeloop het op die Anglo-Boereoorlog (1899-1902), is een van die belangrikste bakens in die Suid-Afrikaanse geskiedenis. Dit kan vergelyk word met ander hoofmomente in die land se geskiedenis, soos die vestiging van die Nederlandse invloed aan die Kaap tydens die VOC-era, die opkoms van swart nasionalisme en die uiteindelike 'struggle' tussen swart en wit, veral in die laat twintigste eeu.

Die belangstelling in en navorsing oor die aanloop, verloop en afloop van die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) het met die eeufeesherdenkings omvattende aandag geniet. Talle boeke en ander publikasies het sedert 1999 die lig gesien. Nuwe insigte het ook na vore gekom, onder meer rakende die 'verskroeide aarde'-beleid en die heroïese rol van vroue, kinders en swart mense.

## TUISKOMS EN VERSOENING

Die Anglo-Boereoorlog het die twee Boere-republieke in puin gelaat. Ook kerkgeboue het nie altyd gespaar gebly nie. Burgers het nie net hulle vryheid en in baie opsigte hulle selfrespek verloor nie, maar was ook verarm en ontredderd. Hulle het 'n onseker toekoms tegemoet gegaan, veral op verskroeide plase. Dié wat die oorlog oorleef het, was in baie gevalle nou wewenaars, weduwees, kinderlose ouers en ouerlose kinders. In die ongelyke driejarige stryd teen 'n Britse oormag het hulle só baie verloor en só min gewen!

Hiernaas was daar 'hensoppers', 'joiners' en 'scouts' wat vanweë hulle samewerking met die Britse magte hulle eiendomme behou het. Voor die oorlog was die gemeenskappe en gemeentes 'n eenheid, maar hierna was daar skeidslyne wat deur gesinne, families, vriende en bure geloop het. Hierdie skeidslyne het na die kerk geroep om uitgewis te word.

Daar word vandag algemeen aanvaar dat die NG Kerk met die bydraes van onvergeetlike figure soos 'Vader' Kestell, ds AP Kriel en ds AF Louw ná die oorlog in die proses van heropbou en versoening waarskynlik 'n groter diens aan mede-Afrikaners gelewer het as selfs in die traumatiese oorlogsjare. Die 'hensoppers' is as swakkelinge verwyt en soms vermy, maar is op sosiale en kerklike vlak nietemin verdra. Die 'joiners' en 'scouts', wat vir persoonlike gewin die Britse oorlogspoging ondersteun en selfs die wapen teen hulle eie mense opgeneem het, is beskou as verraaiers wat teen God gesondig het. Hulle het selfs die gebruik van die sakramente verbeur.


Die meeste kerkrade het beslis dat hierdie sondaars vir hulle sedelik-godsdienstige ontrou alleen langs die weg van berou, skuldbelydenis en die kerklike tug weer tot die nagmaaltafel toegelaat kon word. Die meerderheid het hierdie pad geloop en uiteindelik heling en versoening verkry. 'n Klein groepie onboetvaardiges het egter met die finansiële hulp van die owerhede die 'Scoutkerk' gestig. Toe regeringsteun mettertyd onttrek is, het dié kerk by ds SJ du Toit se 'Gemeentes onder die Kruis' aangesluit. Dié gemeentes het later by die Gereformeerde Kerke aangesluit.

## HEROPBOU EN ONTWIKKELING

Die Afrikaner het ná die pynlike ervarings van die oorlog geleidelik weer met die langsame proses van heropbou begin. Mettertyd is daar op byna elke lewensterrein opnuut geloofsmoed en lewenskrag gemobiliseer om 'n nuwe toekoms te skep. Dit was in wese dieselfde proses – weliswaar op 'n ander vlak – wat aan die einde van die twintigste eeu bepaalde parallelle sou vertoon met die heropbou van die sogenaamde nuwe Suid-Afrika.

Die vredesooreenkoms ná die Anglo-Boereoorlog het aan die Britse owerheid baie ruimte gelaat om sy beleid van verengelsing en denasionalisering van die Afrikaner te help

1. *Die NG kerk op Frankfort is tydens die Anglo-Boereoorlog deur Britse soldate verwoes.* OORLOGSMUSEUM, BLOEMFONTEIN
2. *'Het Boeren Zending Instituut' op Worcester is op 12 Februarie 1903 geopen ná 'n besluit in 1902 by 'n Conferentie van Leeraren oor die totstandkoming van so 'n inrigting vir terugkerende krygsgevangenes. Sowat 175 jong mans is hier by die Ou Drosdy in Worcester opgelei as sendelinge of onderwysers. Die Instituut het later 'n industriële skool geword.*
3. *Mev Tibbie Steyn, vrou van pres MT Steyn en dogter van ds Colin Fraser jr. Sy het baie gedoen om die moreel van die Boeregemeenskap ná die Oorlog weer op te bou. Met die opkoms van Afrikaner-nasionalisme het sy 'n Afrikaner-ikoon geword.*
4. *Dr JD (Vader) Kestell (1854-1941) het besielende leiding aan die NG Kerk gegee tydens die naoorlogse jare van heropbou.*
5. *Dr A Moorrees (1855-1938), moderator van die Sinode van die Kaapse Kerk in 1906. By dié geleentheid het hy die sentiment van die Afrikaanse Kerke teenoor verteenwoordigers van die Engelse Kerke verwoord.* GROOTE KERK-VERSAMELING
6. *Pres MT Steyn tydens die Anglo-Boereoorlog.* NG KERKARGIEF, KAAPSTAD
7. *Melrose-huis in Pretoria, waar die Vrede van Vereeniging op 31 Mei 1902 gesluit is – die verdrag het nóg vrede nóg vereniging gebring.*
8. *Die onthulling van die Vrouemonument op 16 Desember 1913.* OORLOGSMUSEUM, BLOEMFONTEIN

3-4



5



6



7



8

deurvoer. Hierdie benadering het uiteindelik egter die teenoorgestelde uitwerking gehad. Die nadraai van die oorlog het tot 'n ongekende en ongetemperde ontwaking van Afrikaner-nasionalisme én 'n heropstanding gelei.

Die Afrikaanse kerke het ná die Anglo-Boereoorlog ten nouste saamgewerk aan die heropbou en ontwikkeling van 'n platgeslane volk. Op talle terreine het die NG Kerk hom duidelik laat geld. Dit sluit die herstel van versteurde menseverhoudings in, asook die heropbou, herstel en herinrigting van kerkgeboue wat in die oorlogstyd óf beskadig óf byna heeltemal vernietig is. Die kerk het 'n sleutelrol gespeel in die heropbou en hermotivering van die gemoedstoestand en godsdienstige gevoelens van die Afrikaners. Hernieude aandag is verder gegee aan die onderrig en opvoeding van kinders, veral in die skole vir Christelik-Nasionale Onderwys.

Hulpverlening aan behoeftiges, weduwees en wese, en die politieke en lewensbeskoulike motivering van die Afrikaner was ook prioriteite vir die kerk. As deel van die heropbouprogram het die NG Kerk baanbrekerswerk verrig deur met visie en groot finansiële opofferings tydens 'n algemene depressie kinderhuise vir die oorlogswesies by onder meer Langlaagte, Bethlehem, Winburg en Bloemfontein te vestig. Ondanks uiters beperkte materiële middele het dit die kerk hier nie aan wilskrag, inisiatief en geloofsdurf ontbreek nie.

Die ingrypende en langdurige gevolge van die Anglo-Boereoorlog het gedurende die afgelope 100 jaar 'n onuitwisbare rol in die psige, kultuur en politieke uitlewing van Afrikaners gespeel. Dit het ook neerslag gevind in die denkrigtings en optrede van die NG Kerk, wat onvermydelik vervleg is met die Afrikaner as volksgroep. Die rimpelings hiervan word nog steeds gevoel.

THYS NIEUWOUDT EN HOFFIE HOFMEYR



1

# 1907. Die strewe na kerklike eenheid

'Wij gevoelen thans, wat wij nooit tevoren zoo innig en zoo sterk hebben gevoeld en verstaan, beseft en verwezentlijk, dat één hart in onzen boezem klopt, dat één bloed in onze aderen vloeit, dat één gevoel ons aan elkander snoert en dat wij aan elkander gehecht en verknocht zijn als nooit tevoren.'

Met dié woorde het die bejaarde ds AI Steytler met die opening van die Federale Raad van NG Kerke op 13 Maart 1907 die gesindheid onder die afgevaardigdes verwoord.

'n Moeisame pad het tot hierdie dag gelei. Dit het reeds in 1862 begin toe die Hooggeregshof op grond van Ordonnansie 7 van 1843 bepaal het dat die Kaapse Kerk tot die politieke grense van die Kaapkolonie beperk word. Gemeentes buite die grense kon nie meer op sinodale vlak met die Kaapse Kerk vergader nie. Só het daar tussen 1864 en 1866 vier sinodes van die NG Kerk tot stand gekom. Die skeiding was egter gedwonge en verskeie pogings is deur die vier sinodes geloods om te herenig. Op versoek van die Kaapse Sinode van 1897 is Ordonnansie 9 van 1898 uitgevaardig, wat aan die sinode die reg gegee het om buite sy grense uit te brei. Die sinode het ongelukkig nie die reg gekry om in 'n algemene sinodale verband met ander sinodes te tree nie.

### SAMEHORIGHEID BRING HERENIGING

Die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) het die noodsaak vir hereniging onderstreep. Tydens die oorlog is die Boeremagte deur die drie Afrikaanse (suster-)kerke en leraars van die vier NG Sinodes bedien. Die samehorigheid wat bestaan het, het die skeiding tussen sinodes en kerke weerspreek. Eenheid is nie net gemotiveer uit die praktyk van die bediening nie, maar ook uit die Bybel. Hereniging was dus logies.

In die loop van 1903 het die vier sinodes van dié NG Kerk vergader en almal was dit eens dat hereniging móét kom. Dit was die eerste prioriteit en vereniging met die twee ander Afrikaanse kerke moes eers wag. Vereniging met die NG Sendingkerk is ook nie nodig geag nie, aangesien dit volgens die destydse verstaan van die situasie nie geskei van die NG Kerk was nie.



2

Die Kaapse Sinode het leiding geneem in die herenigingspogings. 'n Konferensie in Augustus 1905 op Colesberg, met afgevaardigdes van die vier sinodes, was die eerste stap in die rigting van hereniging. Die vraag was nou watter vorm die strukturele eenheid moes aanneem - 'volkome vereeniging' of 'federatie'? Vir volkome vereniging was die klei ner sinodes skrikkerig, omdat die Kaapse gemeentes dan kon oorheers. Voorkeur is dus gegee aan 'n federale vereniging. Die uiteindelike aanbeveling was dus dat die vier sinodes byeen moet kom in 'n vergadering wat bekend sou staan as De Raad der Nederduitsche Gereformeerden Kerken in Zuid-Afrika. Elkeen van die meewerkende sinodes sou 'wetgewende, regsprekende en administratiewe mag' behou. Die Federale Raad se besluite was slegs adviserend en moes as voorstelle by elke sinode dien. Verder is aanbeveel dat die raad uit 30 lede bestaan.

### DIE FEDERALE RAAD - 'AAN ELKANDER GEHECHT EN VERKNOCHT'

By al die sinodesittings van 1906 is die konferensie se voorstelle vir 'n Federale Raad van Kerke goedgekeur. Die groot

3


4


1. *Die Raad van Kerke, 1909. By dié vergadering op Stellenbosch is verskeie voorstelle tot kerklike vereniging van die NG Kerk bespreek. Bybelse en nasionalistiese oorwegings het verskeie afgevaardigdes entoesiasties vir vereniging gemaak.* NG KERKARGIEF, BLOEMFONTEIN
2. *Ds HS Bosman (1848-1933) met sy bejaarde vriend en vertroueling , dr Andrew Murray. Ds Bosman was ondervoorsitter van die eerste vergadering van die Raad van Kerke in 1907 en voorsitter van die tweede vergadering in 1909.* KAAPSTAD ARGIEFBEWAARPLEK
3. *Die konferensie van kerkleiers van die NG Kerk op Colesberg op 10 Augustus 1905 het regstreeks gelei tot die stigting van die Raad van Kerke twee jaar later. Dit was destyds bekend as 'De Commissie tot Vereeniging der Kerken'.* NG KERKARGIEF, BLOEMFONTEIN
4. *Die Moderatuur van die Federale Raad van Kerke onder voorsitterskap van prof EP Groenewald, 1960. Onder sy leiding het die Federale Raad die aanvoorwerk gedoen vir die totstandkoming van die Algemene Sinode in 1962.* NG KERKARGIEF, PRETORIA
5. Die Kerkbode *het spoedig een van die verantwoordelikhede van die Federale Raad van Kerke geword. Die verenigde blad moes dien as amptelike orgaan van die gefedereerde sinodes van die NG Kerk, soos hier versimboliseer word.* DIE KERKBODE
6. *Ds A Steytler (1840-1922), voorsitter van die eerste vergadering van die Raad van Kerke in 1907.* GROOTE KERK-VERSAMELING

dag was 13 Maart 1907, toe die afgevaardigdes in die Susannasaal in Pretoria gekonstitueer het.

Terreine van gemeenskaplike belang is intussen geïdentifiseer en aan die raad toevertrou. Die eerste regstreekse gevolg was die vereniging van die amptelike mondstukke van die meewerkende sinodes – *De Kerkbode* (Kaap), *De Fakkel* (OVS) en *De Vereeniging* (Transvaal). Die verenigde blad het bekend gestaan as *De Gereformeerde Kerkbode* met ds (later prof) J du Plessis as redakteur. Ander federale kommissies wat hieruit voortgevloei het, was die Sondagskoolkommissie (1925), Armesorgraad (1933), Sendingraad (1942), Jeugraad (1945), Raad vir Bestryding van Maatskaplike Euwels (1946) en Evangelisasieraad (1952).

Die strewe na eenheid was in die lug – nie net op kerklike gebied nie, maar ook staatkundig. Op 31 Mei 1910 het die Unie van Suid-Afrika tussen die twee voormalige Boererepublieke en die twee Britse kolonies tot stand gekom. Dit was 'n verdere stimulus tot groter eenheid tussen die sinodes. Reeds met sy tweede vergadering van 1909 op Stellenbosch het 'De Raad der Nederduitsche Gereformeerden Kerken in Suid-Afrika' voorstelle vir organiese vereniging bespreek. Die motivering vir hierdie voorstel het Bybelse, praktiese en nasionalistiese oorwegings behels.

Dit was juis die nasionalistiese faktor wat 'n struikelblok veroorsaak het. In sommige ou Kaapse gemeentes was lidmate van gekleurde afkoms. Die gelykstelling van blank en bruin lidmate was steeds 'n kwessie. In die Transvaal is die toelating van bruin mense as lidmate uitdruklik verbied en in die Vrystaat en Natal is hulle stilswyend lidmaatskap ontsê. 'n Ooreenkoms is mettertyd bereik dat die bruin lidmate hulle lidmaatskap sou behou solank hulle in die Kaap woonagtig was, maar by die NG Sendingkerk moes inskakel indien hulle na 'n ander provinsie verhuis.

Ondanks dié brandende kwessie het die Federale Raad voortgegaan met pogings om groter vereniging te bewerkstellig. Voorstelle is aan die onderskeie sinodes gemaak dat die Algemene Sinode 'n verkleinde sinode of *synodus contracta* moes wees. Wet 23 van 1911 (De Nederduitsche Gereformeerden Kerken Vereenigingsacte) het aan die Kaapse Sinode die reg gegee om in 'n algemene sinode te tree, maar het ook voorgeskryf dat kerkrade met minstens 75% ten gunste van vereniging moes besluit. Dit sou daarna ook vir elke sinode geld.

Kort na die proklamering het die proses begin. Die saak is druk bespreek. Toe dit by die stemming kom, het die voorstel vir vereniging egter nie die vereiste goedkeuring gekry nie. Die redes wat daarvoor aangegee is, was die gelykstelling van lidmate van kleur en die *synodus contracta.*

Hierdie mislukte poging het nie die begeerte tot hereniging vernietig nie en in 1919 is nuwe voorstelle gemaak. Die herenigingsdroom is egter eers met die totstandkoming van die eerste Algemene Sinode in 1962 bewaarheid - tóé eers kon die Federale Raad van Kerke formeel ontbind.

WILLIE BROWN

5



6




1

# 1914. Die Rebellie – 'n krisis vir die kerk

Op 4 Augustus 1914 het Brittanje tot die Eerste Wêreldoorlog toegetree. Op 9 September het die Parlement van die Unie van Suid-Afrika aangebied om die verpligtinge van die Britse garnisoen in die Unie oor te neem en besluit dat die hawens en radiostasies van Duits-Suidwes-Afrika beset moes word.

Afrikaners was verdeeld hieroor. Daar was emosionele, politieke en geloofsbesware. Om net meer as 'n dekade ná die Anglo-Boereoorlog saam met Brittanje teen Duitsland te veg, 'n moondheid wat die eertydse Boererepublieke goedgesind was, was te veel gevra. Die kabinetskrisis van 1912 met genl Hertzog se ontslag, die inwyding van die Vrouemonument in 1913 en die stigting van die Nasionale Party in 1914 het Afrikaner-nasionalisme aangevuur. En, is gevra, was dit God se wil om in 'n oorlog betrokke te raak?

Die beswaardes het probeer om hulle saak te stel, maar die regering het heftig gereageer. Toe genl De la Rey per ongeluk by 'n padblokkade doodgeskiet is, het van die beswaardes gerebelleer. In die Vrystaat het meer as 7 000 en in Transvaal sowat 3 000 'protesterende burgers' hulle onder eertydse generaals, kommandante en offisiere van die Anglo-Boereoorlog geskaar.

### DIE KERK VOOR 'N KRISIS

Die NG Kerk moes lidmate van beide oortuigings bedien. Oral het predikante en kerkvergaderings probeer om gemoedere te kalmeer en om leiding uit die Woord te gee. Die regering is vermaan oor sy besluit om Duits-Suidwes-Afrika in te val en rebelle is gevra om nie teen die Godgestelde owerheid in opstand te kom nie. Kenmerkend van die spiritualiteit van die Afrikaanse kerke is spesiale biddae gehou.

Die toestand het vererger toe genl Manie Maritz na die Duitse magte in Duits-Suidwes-Afrika oorgestap het. Die Eerste Minister, genl Louis Botha, het krygswet afgekondig en op 27 Oktober 1914 het die eerste skote by Rooiwal naby Pretoria geklap.

In die destydse Transvaal het genl Botha deur bemiddeling van sy neef, ds Paul Nel, moderator van die sinode, en twaalf predikante sonder welslae probeer om die gemoedere te kalmeer. In Kaapland is die Rebellie by wyse van 'n ope brief deur hoogleraars en predikante afgekeur. Dié skrywe is orals versprei, maar dit het nie die gewenste uitwerking gehad nie. Genl Botha het ook die moderators van die vier sinodes gevra om hulle invloed te laat geld. In die Kaap het ds AI Steytler die ope brief per telegram versprei. Ds HF Schoon van Natal het lidmate versoek om nie teen die wettige regering ontrou te wees nie. Ds JD Kestell van die Vrystaat en ds Paul Nel van die Transvaal het hulle egter van 'n openbare reaksie weerhou. In die eertydse Boererepublieke is die Rebellie anders begryp en belewe as in die ander provinsies. Kerklike voorspraak vir die regering het ontevredenheid uitgelok.

Die Rebellie was gou oor. Op 12 November 1914 is genl De Wet verslaan en kort daarna in hegtenis geneem. Op 8 Desember het genl Beyers in die Vaalrivier verdrink. Op 16 Desember is Jopie Fourie in hegtenis geneem en vier dae later verhoor en tereggestel. Dit het gebeur nadat kerkleiers soos dr DF Malan op die vooraand van die teregstelling tevergeefs probeer het om vir begenadiging by genl Smuts te vra.




2



# Proklamatie

betreffende de herstelling van de

## Zuid Afrikaansche Republiek.

### Aan het volk van Zuid-Afrika!

De dag van verlossing is aangebroken. De Boerenbevolking van Zuid-Afrika is alreeds opgestaan en heeft de vrijheidsoorlog

**tegen di ongewilde en opgedwongene Britsche heerschappij**

begonnen. — De troepen van de nieuw gestichte Zuid-Afrikaansche Republiek hebben al den strijd tegen de troepen van de Britsche Regeering aangevangen.

De Regeering van de Zuid-Afrikaansche Republiek wordt voorloopig vertegenwoordigd door de Weled. heeren

Generaal Maritz,
Kommandant de Villiers,
„ Jan de Waal-Calvinia.

De regeering zal aan het volk van Zuid-Afrika de lang ontbeerde vrijheid, die ons voor twaalf jaren geleden door Engeland ontroofd werd, weer terug geven.

Burgers, Landgenooten en allen, die Zuid-Afrika vrij willen zien, verzuimt

**uw plicht tegenover de fierbare en schoone vierkleur vlag**

niet!

De Duitsche Regeering, wier zegeviering reeds zeeker is, heeft,

**als eerste groote Mogendheid, de Zuid-Afrikaansche Republiek het recht van bestaan toegekend**

en daardoor bewezen dat zij geen voornemen heeft om Zuid-Afrika te veroveren zooals door de heeren Botha en Smuts in het Unie Parlement verklaard werden.

Kakamas, Z. A. R., Oktober a. D. 1914.

De Regeering van de Zuid-Afrikaansche Republiek.

Geteekend Maritz, de Villiers, Jan de Waal.

7. Proklamasie wat in 1914 by Kakamas uitgevaardig is.

4



5



6



3

# 64

1. *Die begrafnis van pres M T Steyn op 3 Desember 1916 met genl C R de Wet as spreker by die Vrouemonument. Genl De Wet (1854-1922) het met die uitbreek van die Rebellie beswaar gemaak teen die regering se besluit oor deelname aan die Eerste Wêreldoorlog en is toe in hegtenis geneem.*
   OORLOGSMUSEUM, BLOEMFONTEIN
2. *Die Raad van Kerke moes by sy vergadering in 1915 antwoorde gee op netelige kwessies oor die Rebellie. Daar was groot meningsverskil of rebelle tugwaardig is of nie.*
   KAAPSTAD ARGIEFBEWAARPLEK
3. *Jopie Fourie (1878-1914) is op 16 Desember 1914 in hegtenis geneem en vier dae later tereggestel. Die regeringsoptrede het rebelgesindes ontstel, veral nadat vertoë van dr D F Malan en andere misluk het.*
4. *'n Regeringsproklamasie van die ZAR het die 'volk van Zuid-Afrika' tot optrede in 1914 aangemoedig.*
5. *Genl Christiaan Beyers (1869-1914) het uit protes teen die regeringsbesluit tot deelname aan die Eerste Wêreldoorlog as kommandant-generaal van die Weermag bedank. Hy het op 8 Desember 1914 in die Vaalrivier verdrink terwyl hy voor regeringsmagte gevlug het.*
6. *Genl Koos de la Rey was gekant teen die besluit tot oorlogsdeelname en hy is in 1914 onderweg na Potchefstroom noodlottig gewond by 'n padblokkade wat vir die berugte Forster-bende opgestel is. Ná sy begrafnis is 'n reeks protesvergaderings gehou.*

## DIE KERK SE ROEPING

Vir die kerk het die tweespalt die ernstige gevaar van verdeeldheid ingehou. Die vraag was hoe om die Rebellie te verstaan en te beoordeel, en kerklike tug toe te pas. Sommige kerkrade het die rebelle, en ander kerkrade het weer regeringsgesindes onder sensuur geplaas. Vader Kestell het vaderlik daarop gewys dat die kerk besig is om te skeur en dat 'n buitengewone vergadering van die Raad van NG Kerke dringend nodig is.

Hierdie vergadering het vanaf 27 Januarie 1915 in Bloemfontein byeengekom. Dit is deur 'n konferensie van predikante uit al die gereformeerde kerke gevolg, nadat die geëerde kerkvader dr Andrew Murray, reeds 87 jaar oud, versoek het dat die geleentheid met 'n godsdienstige konferensie begin. Die temas was 'De Heer der Gemeente', 'De Gemeente des Heeren' en 'De Dienaar des Heeren'. Daar is ernstig na die leiding van God gevra. En Hy het gelei. Die vergadering het mekaar gevind, maar daarmee is verskillende strydpunte nie besweer nie.


Daar is by die konferensie nie net besin oor die politieke en kerklike situasie nie, maar ook oor die standpunte van die NG Kerk met betrekking tot die owerheid, volksbewegings, die kerk se roeping en die kerklike tug. Die kerk het sy diepe smart uitgespreek oor die verdeeldheid en verbittering op politieke gebied en homself as 'n instrument gesien om die verskeurdheid te heel. Kerkrade is versoek om te waak teen verdeeldheid en om nie klagtes of besware te oorweeg voor die Wêreldoorlog verby is en gemoedere gekalmeer het nie.

Daar was wel 'n verskil van mening oor die kerklike standpunt ten opsigte van die owerheid. Oor die formulering 'dat men om des gewetens wil zich tegen de wettige overheid niet verzetten mag, anders dan om zeer gewichtige en gegronde reden' was almal ook nie eenstemmig nie. Dit het volgens sommiges geïmpliseer dat die Rebellie nie onvoorwaardelik veroordeel word nie. Die voorstel is egter aanvaar en dit was voorlopig die beste besluit. Die NG Kerk is verder opgeroep om protes in die vorm van volksbewegings met groot omsigtigheid te hanteer. Die kerk se besondere roeping teenoor Afrikaners het nietemin beteken dat predikante nie by partypolitiek betrokke moet raak nie. In die kerklike tug is gemeentes aangeraai om versigtig te wees en 'n onderskeid te maak tussen politieke opstand en ander growwe misstappe.

Die besluite van die Raad van Kerke het baie gehelp. In slegs twee gemeentes het die Rebellie uiteindelik tot skeuring gelei. In Winburg het Rietfontein vir rebelsgesindes tot stand gekom en in Potchefstroom is Mooirivier vir regeringsgesinde lidmate gevorm.

Die Rebellie was 'n krisis, maar met God se leiding het die NG Kerk tog daarin geslaag om lidmate van verskillende politieke en emosionele oortuigings te bedien en aan hulle leiding te verskaf.

WILLIE BROWN



1

# 1915. 'n Reddingsaksie vir armoede

Die jaar 1915 was nie die begin van die NG Kerk se barmhartigheidsdienste nie, maar wel van sinodaal-georganiseerde dienste. Op grond van die gereformeerde belydenis dat barmhartigheid tot die wese van die kerk behoort, is dit vanaf die vestiging van die VOC-invloed in 1652 vanselfsprekend beoefen.

Hierdie taak is aanvanklik slegs deur die diakonieë op gemeentevlak onderneem, maar sedert ongeveer 1880 ook deur die sinodes. Omvangryke dienste is onderneem, soos die skole vir buitengewone onderwys in Worcester vanaf 1881, arbeidskolonies, soos by Kakamas vanaf 1898, en verskeie weeshuise vir oorlogswesies, soos Langlaagte ná 1902. Hierdie uitreikings het gewoonlik op inisiatief van individue binne die NG Kerk plaasgevind.

## SENDING NA BINNE

Die Kaapse Sinode van die NG Kerk het in 1915 besluit om 'n sinodale kommissie vir die 'inwendige sending' te benoem ('n naam ontleen aan die Duitse 'Innere Mission'). Die opdrag was om 'n organiserende sekretaris en personeel, soos benodig, aan te wys, die werksaamhede te orden en nuwe behoeftes te identifiseer. Die dienste is later as 'Armesorg' uitgebou en uiteindelik onder die evangeliese naam van 'Dienste van Barmhartigheid' tuisgebring.

Die sinodes van Transvaal (1919), Vrystaat (1922) en Natal (1939) het die Kaapse inisiatief gevolg. Ná 1933 het die onderskeie kommissies in 'n oorlegplegende liggaam, die Federale Armesorgraad, byeengekom. Landwye behoeftes en onderhandelings met die staat kon nou koördinerend gehanteer word. Sedert die totstandkoming van die Algemene Sinode in 1962 is hierdie liggaam as die Algemene Kommissie vir die Diens van Barmhartigheid (AKDB) bekend.

Hiermee is die weg voorberei vir een van die grootste barmhartigheidstake waartoe 'n kerk geroep kan word: om 'n gemeenskap van veragtering en ondergang te red. 'n Proses van verarming het ontstaan wat bekend geword het as die 'armblankevraagstuk'. Bydraende faktore was ondoeltreffende onderwys, industrialisering en daarmee saam die ongelyke stryd tussen die Boere-bevolking en die beter toegeruste buitelanders ná die ontdekking van diamante en goud. Die 'verskroeide aarde'-beleid van die Anglo-Boereoorlog, die Rebellie, die Groot Griep en uiteindelik die droogtes en depressie van 1927-1933 het ook 'n wesenlike rol gespeel.


Sedert 1892 het die NG Kerk reeds besorgdheid uitgespreek oor hierdie 'zinkend deel' van veral die Afrikanergemeenskap. 'n Reeks kongresse is tussen 1893 en 1923 gehou om na oplossings te soek. Dit was tevergeefs, want die Carnegie-verslag het bevind dat die probleem van 80 000 armes in 1916 gegroei het tot bykans 300 000 in 1930. Die Federale Armesorgraad het tot die oortuiging gekom dat die probleem slegs opgelos kon word as die staat, die kerk en die private sektor dit gesamentlik op 'n wetenskaplike wyse aanpak. Daarvoor sou 'n volkskongres nodig wees, om 'n indringende studie oor 'Die armblankevraagstuk in al sy aspekte' te maak: die aard, omvang en gevolge daarvan. Behoeftes moes bepaal word. Kom dit landswyd of geïsoleer voor? Watter hulpbronne bestaan? Die volksgewete moe wakker gemaak word sodat almal kon saamwerk. Die roeping van die NG Kerk is raakgevat in die woorde: 'Die siel van die redding is die redding van die siel'.

## DIE REDDING VAN DIE VOLK

Die Volkskongres, soos dit algemeen bekend was, is uiteindelik van 3 tot 5 Oktober 1934 in Kimberley gehou. Dit is gevolg deur 'n kerkkongres op 6 en 7 Oktober. Sowat 600 persone het die kongres bygewoon, waar veral ds P du Toit, dr HF Verwoerd en adv en mev EG Jansen sterk na vore getree het. Daar is 109 besluite geformuleer wat aan 'n voortsettingskomitee opgedra is vir uitvoering.

Dié bepalende kongres se besluite het onder meer gelei tot die stigting van die Departement van Volkswelsyn, onder leiding van ds Du Toit as kommissaris. Universiteitsopleiding vir gespesialiseerde geesteswetenskaplikes, soos

2


3


4


*1. Die kilometerlange kanaalstelsel wat water uit die magtige Garieprivier (vroeër Oranjerivier) vir boerderydoeleindes beskikbaar gestel het, het 'n lushof by Kakamas geskep.*

*2. Eerw CHW Schröder (1836-1912), eerste superintendent en leraar, van 1898 tot 1905, van 'n arbeidskolonie wat by Kakamas tot stand gebring is. Sy ondervinding van waterleiding tydens sy bediening onder die Korannas by Upington het hom besonder goed vir die taak toegerus.*

*3. Japie Lutz (1859-1955) en sy vrou. Hy het legendaries geword vir sy aandeel in die Kakamas-skema vir verarmde NG lidmate. Sy vermoë om as leke-ingenieur dié kanale uit te meet en te bou, was merkwaardig.* S LUTZ

*4. Dié NG kerkie is teen die laat negentiende eeu vir melaatses op Robbeneiland gebruik.* KAAPSTAD ARGIEFBEWAARPLEK

*5. Die Voortsettingskomitee van die Volkskongres van 1934 was 'n uitvloeisel van die Carnegie-ondersoek na die armblankevraagstuk. Dit het gelei tot die oprigting van die Departement Volkswelsyn.* KAAPSTAD ARGIEFBEWAARPLEK

*6. 'n Maatskaplike werkster van die NG Kerk, mej M du Plooy, besoek verarmdes in nood aan die Rand, ca 1960.* NG KERKARGIEF, PRETORIA

*7. 'n Maatskaplike werkster voer 'n onderhoud, ca 1960.* NG KERKARGIEF, PRETORIA

maatskaplike werkers, is ook uitgebou. Die NG Kerk se eie opleidingsentrum, die Hugenote Kollege op Wellington, het 'n pioniersrol in opleiding in Christelike maatskaplike werk gespeel. Werkverskaffing aan 'n wye front het ook uit die Volkskongres voortgevloei en staatsubsidies vir sekere gestandaardiseerde dienste is gelewer.


'n Samewerkingsooreenkoms wat bekend sou word as die 'vennootskapsbeleid', het hierbenewens tussen die staat, die kerke en private welsynsorganisasies tot stand gekom. Dit het daarop neergekom dat die staat finansiële ondersteuning in die vorm van sub-ekonomiese lenings aan 'n kerk of private welsynsorganisasie sou gee vir die oprigting van inrigtings soos kinderhuise en tehuise vir bejaardes. Subsidies is ook beskikbaar gestel vir die salarisse van geesteswetenskaplikes én vir bedryfsuitgawes.

Hierdie gesamentlike strategie het die gewenste uitwerking gehad. Die groeiende verarming onder Afrikaners is nie net gestuit nie, maar die armblankevraagstuk was ondanks die ontwrigtende gevolge van die Tweede Wêreldoorlog 'n dekade of wat daarna grootliks iets van die verlede. Die materiële armoede was verbreek, en 'n visie is ontwikkel om sorgbehoewendheid in al meer vorme raak te sien.

Die NG Kerk het die geleenthede benut en kon spoedig gespesialiseerde dienste op alle terreine lewer. Hierdie netwerk word steeds in stand gehou en wissel van hulpbehoewende gemeentesorg en studiebeurse en -lenings, tot sorg vir alkoholiste, bejaardes en gestremdes. Daar is ook die versorging van blindes, dowes en epileptici, benewens gesinsorg, die versorging van kinders in kinderhuise en hospitaal- en gevangenisbediening.

Die NG Kerk het dus nie net die nood onder sy lidmate raakgesien en daadwerklik aangepak nie, maar bewys op tasbare maniere barmhartigheid aan hulpbehoewendes op alle gebiede en alle vlakke van die samelewing.

THYS NIEUWOUDT



5



6

7





1



2

# 1924. Die erediens: toe en nou

Die patroon van die erediens was 'n goeie anderhalwe eeu ná die vestiging van die kerk aan die Kaap op die lees van die Nederlandse gereformeerde kerke geskoei. Mettertyd het ander aksente en invloede bygekom – die Franse Hugenote, die Duitsers, die Britse Setlaars en die Skotte. Dit het algaande gelei tot 'n meer eiesoortige erediens. Hierdie invloede was egter hoofsaaklik op die kerkmusiek, byvoorbeeld die sing van liedere en die inskakeling van kore, en minder op die orde van die erediens gerig.

## PREDIKING STAAN SENTRAAL

Soos in Nederland, was die erediens hoofsaaklik 'n preekdiens, waar die preek die kern van die erediens uitgemaak het. Dikwels is die kollekte in die middel van die preek opgeneem om predikant en gemeente kans te gee om asem te skep! Die ander elemente van die liturgie was eintlik 'n 'versiering' van die erediens. Ander liturgiese elemente is verskuif tot vóór die preek en uiteindelik selfs tot voor die formele aanvang van die diens.

Hieruit het die amp van die voorleser ontstaan. Na die tweede gelui het die voorleser voor die kansel verskyn om die aankondigings te doen, huweliksgebooie af te kondig, 'n gedeelte uit die Bybel voor te lees en 'n gebed te doen. Hy sou ná die derde gelui 'n lied of twee opgee. Die prediker sou dán eers na die kansel opgaan en die diens begin deur die votum uit te spreek, sy teks aan te kondig en die hoofpunte van sy preek uit te stip. Hierna het sang en dankoffers gevolg en dan – die hoogtepunt! – die preek. Ná die preek was daar geleentheid vir doop, nagmaal en huweliksbevestigings. Met 'n gebed, lied en seën is die diens afgesluit.

Hierdie patroon het lank só bly voortbestaan. Die prediking in die pioniersjare was hoofsaaklik leerstellig en moraliserend van aard. Daar is voortdurend gemaan teen dron-



Die Wel-Eerwaarde Heer J.R. Albertyn. B.A; B.D.
Eerste Leraar van die Ned.Geref.Gemeente Willowmore.
3 Maart 1906, tot 5 Sept. 1926.

Wel Eerwaarde Heer en Seer Geliefde Leraar,

3

kenskap, sedelike verval, 'quaad huishouden', kaartspel, lotery en dans. Dans is veroordeel as 'oneerbare ijdelhijt ... ligtveerdige dertelheid, omdraaijingen, de kapriolen, de boks of geitje sprongen en dat hantgeklap'.

In die tweede eeu nadat die gereformeerde geloofstradisie hier gevestig is, het die prediking dikwels aansluiting gevind by die geestestrominge van die liberalisme en die verligting, en op die 'redelikheid' van die geloof gefokus. Tesame hiermee, dikwels in teenreaksie, was daar die begeerte na geestelike verdieping. Dit het neerslag gevind in 'n konferensie in 1860 op Worcester met die oog op herlewing. Pinkster-



4



5


bidure, herlewings en 'n gepaardgaande sendingbelangstelling het hieruit gevolg.

Die evangeliese grondtoon van die prediking in die NG Kerk het in 1924 'n besondere hoogtepunt bereik. Die Kaapse Sinode het in dié jaar die voortou geneem om 'toegeruste manne af te sonder om die gemeentes met spesiale evangelieprediking te besoek'. Ds P van der Merwe is aangestel en dit het gou geblyk dat 'n groot behoefte hiermee vervul is. Die pos was ook selfversorgend uit donasies van gemeentes wat besoek is. In Transvaal is ds JCG Kotzé in 1937 vir 'n soortgelyke pos beroep. Hy het gemeentes vir nege tot tien dae besoek waartydens 'n reeks opwekkingsdienste gehou is.

## DIE LITURGIE VERANDER STADIGAAN

Ander liturgiese veranderings het besonder stadig plaasgevind. By die eerste sinodes was die heersende erediensorde so vanselfsprekend dat geen besluite hieroor geneem is nie. Die eerste besluite rakende die erediens is eers by die sinode van 1862 geneem. Dié besluite het meestal gegaan oor die vryheid al dan nie van leraars om die formuliere te hanteer. Die sinode het uiteindelik 'n einde gemaak aan die rol van die voorleser en die liturgiese elemente weer by die amptelike erediens ingesluit. Huwelike is van die Sondag na die week verskuif en daar moes twaalf maal per jaar oor die Heidelbergse Kategismus gepreek word.

Die sinode van 1890 het aan gemeentes vryheid gegee om die nagmaal na goeddunke in te rig. Op die spoor van die Nederlandse kerke het groepe lidmate by die nagmaalstafel aangesit. In 1888 het ds JR Albertyn in Riversdal met nagmaalbediening in die banke begin, waarvoor lakens oor die banke geplaas is. Die gebruik van nagmaalkelkies, in navolging van 'n Engelse kerkgebruik, is in Oktober 1918 deur dr William Nicol in Johannesburg-Oos ingevoer. Dit was na



6

En hiermede bevelen wij u biddende Gode en den woorde zijner Genade, die magtig is u op te bouwen, voor struikelen te bewaren en onstraffelijk te stellen in de toekomst van onzen Heere Jezus Christus.

Afgegeven op den dag der openlijke inzegening aan

Hendrika Johanna Walker (geb. Ketter)

geboren den 9de November 1845

*Uit naam des Kerkeraads,*

*Predikant,*

*Kaapstad, den* 20sten *van* October

*In het jaar onzes Heeren* 18 89.

Vrees niet, want Ik heb u ver... Ik heb u by uwen naam ge... gy zyt Myne. Jes 43:1

Hy die u roept is getrou die het ook doen zal.


2 Thess 5: 24

6

aanleiding was die Groot Griep van 1918, toe gevrees is dat die griep deur die gebruik van gemeenskaplike bekers oorgedra kon word.

Liturgiese vernuwings in die buiteland het stadigaan ook 'n invloed in Suid-Afrika gehad. Die eerste volledige verslag oor die wese en inrigting van die eredienste, *Rondom die erediens,* het voor die eerste Algemene Sinode van 1962 gedien. In 1976 is die eerste vrug van die liturgiese vernuwing in die vorm van *Die Kerkboek* gepubliseer. In 1988 verskyn die *Handboek vir die erediens.*

VERVOLG



7



8



9



10


Onlangse jare is gekenmerk deur 'n lewendige belangstelling in die erediens, veral die herontdekking van die liturgie rondom die preek. Die erediens word as 'n geïntegreerde aanbiddingservaring gesien. Toenemend word erken dat ons arm geword het aan simbole en rituele en uit voeling geraak het met die res van die wêreldkerk. Heelwat gemeentes lê nou groter klem op die verskillende seisoene in die kerklike jaar en vertoon die kleure van die kerklike seisoene. 'n Ekumeniese leesrooster, wat deur 'n navorsingsgroep van BUVTON (Buro vir Voortgesette Teologiese Opleiding en Navorsing) saamgestel word, word in al hoe meer gemeentes gebruik. Eeue oue gebruike herleef dus weer.

Saam met die ou gebruike wat ons help om 'n ervaring van God se misterie te hê, vra al hoe meer gemeentes óók na lewendige, opgewekte eredienste waar 'n mens kan sien dat

11



12


13



14


1. *Outydse pen- en inkhouer. Tienduisende preke het sodoende gestalte gekry.* NG KERKARGIEF, PRETORIA. FOTO: A SWIEGERS
2. *Silwer doopbak (1752) en staander.* GROOTE KERK-VERSAMELING. FOTO: J VAN DER POLL
3. *Verwelkomingsadres (1926) aan ds JR Albertyn (1847-1920), na wie Abertinia genoem is.* NG KERKARGIEF, PRETORIA
4. *Ds J Rabie by die doop van sy kleinkind, ca1960.* NG KERKARGIEF, PRETORIA
5. *Arnold en Nicola du Piesanie by die doop van Elzé Marie, 2001.*
6. *By die aanneming (belydenisaflegging), 1859.* NG KERKARGIEF, KAAPSTAD. FOTO: J VAN DER POLL
7. *Nagmaal op Ermelo deur Erich Mayer, 1937.* C GERICKE. FOTO: A SWIEGERS
8. *Nagmaalservies van die gemeente Vergenoeg, Kenia.* NG KERKARGIEF, PRETORIA. FOTO: A SWIEGERS.
9. *Doop en kollektebak van die reisende sendinggemeente in Kenia.* NG KERKARGIEF, PRETORIA. FOTO: A SWIEGERS
10. *Pastorie-ouers André en Retha Olivier met die belydenisaflegging van hulle dogter Driske, 2000.*
11. *Springbokvleuel Pieter Rossouw en sy bruid Elzé op hulle troudag, met ds Cassie Carstens, 1999.*
12. *Ds JR Albertyn en dr Andrew Murray was albei bekend vir hulle besondere voordrag in die prediking.* KAAPSTAD ARGIEFBEWAARPLEK
13. *Die Kasteel in Kaapstad, die oudste kerk in Suid-Afrika, bly gewild vir huweliksgeleenthede. Die Nel-egpaar staan voor die Kat.* CASTEEL DE GOEDE HOOP
14. *Kerk met sipresse soos uitgebeeld deur 'n volkskunstenaar, Gert Coetzee, in sy geslagsregister.* NASIONALE KULTUURHISTORIESE MUSEUM
15. *Die staatsbegrafnis van oud-president FW Reitz met genls Hertzog en Smuts in die begrafnisstoet, Kaapstad, 1934.* NG KERKARGIEF, KAAPSTAD

die Gees wérk. Daarom leen NG gemeentes tans ook heelwat by charismatiese kerke, veral van hulle liedere en aanbiddingstyl. Die vrees bestaan dat ons eredienste in die proses toenemend 'n kerklike mengelslaai kan word, waar 'n wye verskeidenheid gebruike en style ewe maklik uit hoogliturgiese (formele) en laag-liturgiese (informele) kerke geleen word, sonder 'n integrerende norm en sonder dat die gereformeerde karakter nog herken kan word.

Daar word dus gepleit vir 'n liturgiese vernuwing waar die grondmotiewe van die gereformeerdheid steeds die basis vorm en die Skrifteks van die dag die 'storielyn' van die liturgie bepaal.

JOHAN VAN DER MERWE

15

I

# 1932. Die NG Kerk versus Du Plessis

Gedurende die 350 jaar van gereformeerde geloof in Suid-Afrika was daar nog altyd omstredenheid oor hoe ons die Bybel moet verstaan. Sommige mense bevraagteken die Bybel as 'Woord van God', ander probeer om die 'onverstaanbare' dinge verstaanbaar te beredeneer of selfs om die Bybel gelyk te stel met ander geestelike boeke of geskrifte. Hierdie kwessies was al aan die orde tydens die sake teen Loedolff, Burgers en Kotze in die sestigerjare van die negentiende eeu. Die mees ingrypende saak in hierdie verband was egter die tugsaak teen prof Johannes du Plessis.

By die opening van die sinode op 9 November 1932 is die konfrontasie tussen die NG Kerk en Du Plessis op die spits gedryf toe die moderator, ds GJ Hugo, op dramatiese wyse voorstel dat Du Plessis se dienstyd aan die Kweekskool beëindig moet word. Hy het aangevoer dat dit strydig met die wense van die groot meerderheid van die kerk sou wees as Du Plessis aanbly. Na 'n uitgebreide debat het die sinode die voorstel met 270 stemme teen 111 aanvaar.

Die destydse *De Kerkbode* het 'met beklemmende besorgdheid de droewige verdeeldheid die er in de kerk ontstaan, gadegeslaan'. Dr JD Vorster, ooggetuie, het dit later soos volg beskryf : 'So iets was daar nie voor die tyd in die kerk nie, en ook nie daarna nie. Daardie dag is die trane van groot manne opgemerk.'

Gedurende die voorafgaande vier jaar is daar kort-kort bedenkinge uitgespreek teen die uitlatings van Du Plessis. In 1928 was hy die eerste hoogleraar in die NG Kerk wat amptelik van 'onregsinnigheid in die leer' aangekla is. 'n Klagskrif is deur GJ Hugo, DG Malan en DR Snyman opgestel en na die Ring van Stellenbosch verwys. Twee onverkwiklike jare het gevolg. Op 12 Maart 1930 is Du Plessis vir 'n onbepaalde tyd geskors, maar hy het by die Kaapse Hooggeregshof teen sy skorsing geappelleer. Op 15 Januarie 1932 is uitspraak, ironies genoeg, in sy guns gelewer. Die sinodebesluit in November 1932 het egter die deurslag gegee.

WAAROOR HET DIT GEGAAN?

Die saak teen Du Plessis is uit die weg geruim deur van hom ontslae te raak, maar die beginsels waarom dit gedraai het, het vandag nog reperkussies.

Du Plessis het, soos ander voor hom én baie ná hom, geworstel met die rol van die rede in die verstaan van die Bybel. Die Kuratorium het hom aangekla omdat hy die gesag van die Bybel ondermyn het; omdat hy onderskeid gemaak het tussen die saligmakende kennis in die Skrif en die historiese gedeeltes. Hy is 'vaag en veralgemenend' daarvan beskuldig dat hy die resultate van die hoër kritiek 'onomwonde aanvaar' het. Die kuratore was verder oortuig dat hy die gesag van Christus aangetas het deur wesenlike onkunde en menslike beperkinge aan hom toe te skryf. Hy het gefouteer omdat hy sy beskouings wêreldkundig gemaak het voordat hy dit aan die sinode geopenbaar het.

Du Plessis het die blad, *Het Zoeklicht,* gestig om sy menings te lug en om debat te stimuleer, veral oor sake soos die bydrae van die sogenaamde hoër kritiek en die godsdienshistoriese kritiek. Hy het 'n sterk teenstander in die persoon van dr Dwight Snyman gekry, wat Du Plessis met die ondersteuning van prof EE van Rooyen in *De Oude Paaie* skerp oor sy uitlatings gekritiseer het.

WIE WAS PROF JOHANNES DU PLESSIS?

Prof Du Plessis was 'n geliefde professor by sy studente en

'n uiters begaafde teoloog en kerkman. Hy was twee dienstermyne lank redakteur van *De Kerkbode* en het uitgebreide reise in Afrika onderneem. Hy het reusewerk op sendingvlak verrig en internasionale erkenning daarvoor gekry. Die rigtinggewende publikasie van DJ Richter, *Geschichte der evangelischen Mission in Afrika* (Deel 3) is aan Du Plessis opgedra. Uit sy sendingbydrae is dit duidelik dat hy, ondanks sy sogenaamde liberale sienings, 'n kind van sy tyd was deurdat hy hom vir afsonderlike inheemse kerke beywer het.

Du Plessis was in talle opsigte ook 'n profeet. Hy het in sy tyd al dringend gewys op die noodsaaklikheid om Suid-Afrika se grondkwessie te hanteer. Sy stem het ook helder gewaarsku dat die NG Kerk geïsoleer sal raak indien hy nie deel van die breër teologiese debat bly nie. Hy was baie bekommerd oor fundamentalisme en wat hy genoem het die 'verdoppering' van die NG Kerk.

Du Plessis het as 'n testamentêre bepaling 'n biografie oor dr Andrew Murray geskryf. Hy het ook 'n standaardwerk, *The history of Christian missions*, gepubliseer.

Du Plessis kon dus ongetwyfeld 'n groot bydrae tot die kerk en die teologie lewer. Die geskiedenis was egter teen hom. Depressie, droogte, die sogenaamde armblankevraagstuk en die opbloei van Afrikaner-nasionalisme het lidmate ongeduldig gemaak met 'n ingewikkelde en uitgerekte kerksaak. Du Plessis was ook lief vir debat en het dikwels skerp gereageer op sy kritici.

Johannes du Plessis is in 1935 skielik oorlede as 'n gebroke man. Sy oorskot het teen Papegaaiberg 'n laaste rusplek gekry, met die grafskrif 'God verdedig die reg'.

## TERUGSKOUEND

Het Du Plessis werklik gedwaal? Was hy nie sy tyd vooruit nie? Hy was definitief nie die volbloed-modernis of -liberalis, soos hy dikwels beskou word nie. Die meeste van sy beskouings word vandag aanvaar. Hy het nietemin 'n ietwat subjektiewe vertrekpunt in sy vertolking gehad. As die basis van geloof nie meer gefundeer word op objektiewe waarheid, soos dit onder meer in die Woord en in die belydenisskrifte verwoord word nie, is die pad oop vir elkeen om 'n eie siening te hê.

Vandag word aanvaar dat Du Plessis 'n groot bydrae gemaak het om die intellektuele debat te stimuleer. Deur Du Plessis te stuit het die kerk die ontwikkeling van 'n kritiese teologie benadeel. 'n Vakuum het ontstaan wat plek gemaak het vir 'n onkritiese en selfs meganistiese verstaan van die Bybel. Die onkritiese aanvaarding van kerkleiers se interpretasie van die Bybel deur lidmate het die weg gebaan vir die kerklike ondersteuning van die beleid van apartheid.

Du Plessis was enersyds sy tyd vooruit, omdat ons vandag met presies dieselfde vrae gekonfronteer word. Andersyds was hy in voeling met die kwelvrae van die res van die wêreldkerk, veral in Europa, gedurende die negentiende eeu.


Hierdie begaafde seun van die NG Kerk sal hopelik uiteindelik die erkenning kry wat hy verdien wanneer sy standbeeld na jare se rondswerf weer by die Kweekskool geplaas word – waar dit hoort!

ANDRÉ OLIVIER

1. *Prof Johannes du Plessis (1868-1935). Hy was onder meer briljante akademikus, sendingreisiger wat Afrika deurkruis het en skrywer van* The history of Christian missions. *'n Standbeeld van hom in pienk marmer is algemeen op Stellenbosch as 'Pienk Piet' bekend.* NG KERKARGIEF, KAAPSTAD
2. *Die verbatim-boek oor die Du Plessis-saak, 1931.*
3. *Dosente aan die Kweekskool, Stellenbosch. Vlnr is proff A Moorrees, EE van Rooyen, BB Keet en J du Plessis.* NG KERKARGIEF, PRETORIA
4. *Die ewige kerkdebat duur voort, asook die 'gebruik' om mekaar die monde te snoer.* SPOTPRENT: FRED MOUTON, DIE KERKBODE
5. *Dr Dwight Snyman (1891-1978). Hy was predikant van Stellenbosch (1927-1947) en 'n leidende figuur in die kerkraad se besware teen Du Plessis.* NG KERKARGIEF, KAAPSTAD
6. *Prof J du Plessis as enigste kind by sy vader, ds JH du Plessis, en sy moeder, ca 1870. Beide vader en seun was redakteurs van* De Kerkbode. KAAPSTAD ARGIEFBEWAARPLEK


DIE KERKSAAK
TUSSEN
Prof. J. DU PLESSIS
EN DIE
Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika.

'n Woordelike Verslag van die Verrigtinge, met die Uitspraak, in die Hooggeregshof, Kaapstad, November–Desember 1931.



2.3



4





5

6




1

# 1933. Die Bybel in Afrikaans

Daar kan vir 'n kerk en taalgemeenskap geen groter lig op die reispad as 'n vertaling van God se Woord in die moedertaal wees nie.

Die jaar 1933 was by uitstek 'n baken vir die Afrikaanse kerke én vir almal wat Afrikaans as voertaal het. Daar was veral twee belangrike datums vir die feestelike ontvangs van die eerste Bybel in eie taal. Die eerste mylpaal was op 29 Mei 1933, toe die eerste besending van 10 000 eksemplare van die Bybel uit Brittanje in Kaapstad aangekom het. Dit is met groot verwagting en entoesiasme begroet. Op 27 Augustus het die drie Afrikaanse kerke die Bybel in Bloemfontein amptelik en gesamentlik by 'n seremonie in die ou Gedenksaal in ontvangs geneem.


Dié geskiedkundige dag in Augustus is in *Die Afrikaanse Bybelvertaling* liries deur proff PJ Nienaber en Heyl beskryf:

'Dit is die dag waarop die bekroning plaasvind van die werk wat deur SJ du Toit begin is, en eers nou, hoewel op ander wyse, voltooi is. Dit is byna een en sestig jaar gelede dat Pannevis die oorsetting in sy bekende koerantartikel bepleit het [*De Zuid-Afrikaan*, 7 September 1872]. Dit is in Augustus 1875 toe die beweging vir 'n Afrikaanse skryftaal begin is, met die einddoel om die Bybel in Afrikaans te vertaal. Dit is weer in Augustus, maar nou 58 jaar later (1933) dat ons die hele Bybel in die landstaal feestelik inhaal in ons kerk. Voorwaar 'n betekenisvolle dag ... 'n feesdag in die ware sin van die woord, 'n jubeldag.'

### AFRIKAANSE BYBEL DEEL VAN 'N TROTSE TRADISIE

Deur die geskiedenis het toonaangewende amptelike vertalings van die Bybel telkens die taal gedien waarin dit vertaal is. Dit was die geval met die King James Version, asook met Luther se vertaling in Duits en met die Statenbijbel. Met die vertaling van die Bybel in Afrikaans was dit ook so. Veral twee faktore wat die Afrikaanse gelowige na aan die hart lê, het hier 'n rol gespeel: die Afrikaanse taal én die Bybel in Afrikaans. Die geskiedenis van die Afrikaanse Bybelvertaling het dus saamgehang met dié van die onderskeie Afrikaanse Taalbewegings.

In die voorbereiding van die 1933-vertaling het die vyf eindvertalers ten nouste met die taaladviseurs saamgewerk. Dit het meegehelp dat die Afrikaanse taal hom losgewikkel



2

het uit die formele styl van die Statenbijbel. Die pioniers van die 1933-vertaling het daarby dieselfde probleme met aspekte soos die meervoudsuitgange gehad as wat later die geval was met die 1983-vertaling.

'IN ONS EIE TALE'

Vir 'n kerk as geloofsgemeenskap wat die Woord verkondig, is dit 'n deurslaggewende motief om die Bybel in eie taal daar te stel. Soos Abraham van ouds is die kerk en elke gelowige geroep en bestem om 'n 'seën vir alle nasies' te wees (Gen 12:3, 22:18 en 26:4). Christus se opdrag aan sy dissipels - en deur hulle aan die kerk van alle tye - is om alle mense sy dissipels te maak (Matt 28:19) en sy getuies tot by die uithoeke van die wêreld te wees. Dit het met die uitstorting van die Heilige Gees op Pinksterdag sy 'amptelike' beslag gekry. In die krag van die Gees het die apostels in die tale van die aanwesiges getuig, met die gevolg dat die skare spontaan uitgeroep het: 'Ons hoor hulle in ons eie tale praat oor die groot dinge wat God gedoen het' (Hand 2:11).

In die lig van hierdie Bybelse roeping is die baken van 27 Augustus 1933 dus van die grootste belang vir die Afrikaanse kerke. Dit is gevolg deur die hersiene Bybelvertaling in 1953 – presies 20 jaar later – en in 1983 – presies 50 jaar ná die geloofsbaken van 1933.

Dit is insiggewend om te let op die tempo waarmee die vertaling van die Bybel in die tale van die wêreld toegeneem het. Dit kom ooreen met die profetiese rede van Christus dat die einde sal kom wanneer 'hierdie evangelie van die koninkryk in die hele wêreld verkondig word' (Matt 24:14). Die 1933-weergawe was die 182ste volledige Bybelvertaling in die wêreld. Vyftig jaar later, met die hersiene vertaling in 1983, was daar reeds 'n toename van presies 100 Bybelvertalings.

Die groot verskil tussen die 1983-vertaling en die voorafgaande vertalings was dat daar in 1933 doelbewus gekies is vir 'n 'letterlike vertaling' van die Bybel. Dit is insiggewend dat die vertalers erken het dat 'de manieren van spreken der Hebreeuwen en Grieken' nie altyd gevolg kon word nie. Die uitgangspunt was dat dit nie 'n vrye vertaling was nie, maar 'n 'letterlike oorsetting van die Heilige Skrif'.

Die nuwe vertaling van 1983 is nie soseer 'n nuwe baken op die Afrikaanse kerke se reispad nie, maar 'n verdere bevestiging van die groot belang van die vertaling van die Bybel in Afrikaans. Die doelstelling van die vertalers was om die boodskap van die grondteks in idiomatiese Afrikaans weer te gee. Alle Afrikaanssprekendes, hier of in die buiteland, moes in staat wees om die groot dade van God in Christus deur die Heilige Gees in hulle eie taal te lees en te hoor!


PIETER VERHOEF



1. *Die eindvertalers van die Bybel in Afrikaans wat op 27 Augustus 1933 in Bloemfontein in ontvangs geneem is. Vlnr is prof JD du Toit (Totius), prof EE van Rooyen, dr JD Kestell, prof HCM Fourie en prof BB Keet.* NG KERKARGIEF, BLOEMFONTEIN
2. *Dr JD Kestell (1854-1941), hoofvertaler van die Bybel van 1933 soos uitgebeeld deur WH Coetzer.* NG KERKARGIEF, BLOEMFONTEIN
3. *Die eerste besending van 10 000 Afrikaanse Bybels is op 1 Junie 1933 by die Bybelhuis in Kaapstad ontvang.* KAAPSTAD ARGIEFBEWAARPLEK
4. *Tekenprent deur Len Lindeque waarin die verhaal van die Bybel in Afrikaans uitgebeeld word.* NASIONALE AFRIKAANSE LETTERKUNDIGE MUSEUM
5. *Die gedenkplaat wat tydens die feestelike ontvangs van die Bybel in 1933 in Bloemfontein onthul is. Vanweë sy sentrale ligging was Bloemfontein ook die aangewese sentrum vir die ingebruikneming van die Psalm- en Gesangeboek in 1944.* NG KERKARGIEF, BLOEMFONTEIN
6. *Die nuwe Afrikaanse Kinderbybel wat 'n ou verhaal met behulp van moderne tegnologie nuut aanbied. Die Eerste Kinderbijbel deur ds J Murray (1856), die Afrikaansche Kinderbijbel (1907) deur ds A McGregor en ds WJ Conradie se Afrikaanse Kinderbybel was waardige voorgangers.* DIE KERKBODE





3







4-5




6



1

# 1935. Die sendingbeleid kry gestalte

Die sending van die vroeë gereformeerde kerk aan die Kaap het van 'n ietwat stadige begin in 1652 met die verloop van 150 jaar op dreef gekom. In hierdie tydvak het sommige van die slawe en Koikoi die Christelike geloof aanvaar en lidmate van die Kaapse Kerk geword. Blankes, slawe en Koikoi het in dieselfde kerk aanbid, maar gedurende eredienste is van vroeg reeds afgebakende sitplekke aan laasgenoemde twee groepe toegeken.

Daar is in die loop van die NG Kerk se geskiedenis allerlei vrae gestel oor die deelname van slawe, Koikoi en blanke lidmate aan die nagmaal. Die sinode van 1829 het hom ten gunste van gesamentlike nagmaal uitgespreek, maar die kwessie is in 1857 heeltemal anders benader. Daar is toe ruimte gemaak vir die vooroordele van blanke lidmate in die kerk. Hierdie 'toegewing' het onder meer gelei tot die stigting van afsonderlike gemeentes en in 1881 tot 'n aparte NG Sendingkerk (NGSK) vir 'Kleurlinge'.

Veel later het die kwessie van die gelykstelling van die verskillende rasse- en kleurgroepe 'n belangrike saak in die NG Kerk geword. Die begrip segregasie het 'n sleutelwoord geword en is op feitlik alle terreine van die lewe toegepas. Dit was weer kerk versus staat! Mettertyd is slegs blankes toegelaat om lidmate van die NG Moederkerk te word.

### 'N 'AFSONDERLIKE' SENDINGBELEID

Algaande het daar 'n sterk behoefte in die NG Kerk ontstaan aan groter duidelikheid oor sy sendingbeleid. Bepaalde en bepalende sake soos rasseverhoudinge in die kerk, die verhouding tussen die 'sendingkerke' en die NG Kerk, asook sendingopvattinge binne internasionale sendingkringe (Jerusalem, 1928) het dit aangehelp. Tydens 'n sendingkongres in Kroonstad in 1929 het die NG Kerk begin om só 'n beleid te formuleer. In 1935 het 'n duidelik omskrewe sendingbeleid 'n werklikheid geword. Die wese en implikasies van hierdie beleid het veral betrekking gehad op die fokus van die evangeliebediening en die vestiging van gedifferensieerde kerkverbande:

* Die belangrikste doel van sendingwerk vir die NG Kerk sou voortaan die verkondiging van die evangelie aan ongelowiges wees deur gebruikmaking van, byvoorbeeld, die onderwys en gesondheidsdienste.
* Die evangelieverkondiging moes lei tot die stigting van volkome selfsregerende en selfuitbreidende 'dogterkerke'.
* Vanweë die 'tradisionele vrees by die Afrikaner vir gelykstelling' is sosiale differensiasie en geestes- of kulturele segregasie as integrale deel van die sendingbeleid aanvaar.
* Sendingwerk het dus die totstandkoming van afsonderlike dogterkerke beoog vir die bruin en swart mense wat as 'selfrespekterende Christenvolkere' hulle plek in die Suid-Afrikaanse samelewing kon vul. In sy verhouding tot hierdie dogterkerke het die NG Kerk hierna in die proses van selfstandigwording hulp verleen ten opsigte van 'ekonomiese geregtigheid, beter behuising, gesondheidsdienste en algemene sosiale opheffing'.

Vanweë die omvangryke sendingaktiwiteite van die NG Kerk in Suid-Afrika én Suider-Afrika het daar in die loop van die geskiedenis tien Sendingkerke tot stand gekom. Ses van dié kerke is in Suid-Afrika gestig en gevestig:

* Die NG Sendingkerk in Suid-Afrika (vir bruin mense) in 1881
* Die NG Sendingkerk in die Oranje-Vrystaat (vir swart mense) in 1910
* Die NG Sendingkerk van Transvaal (vir swart mense) in 1932
* Die NG Bantoekerk in Kaapland (vir swart mense) in 1951
* Die NG Sendingkerk van Natal (vir swart mense) in 1952
* Die Indian Reformed Church (vir Indiërs) in 1968

In 1963 het die vier sinodes van die NG Sendingkerke van die Oranje-Vrystaat, Transvaal, Kaapland en Natal verenig tot een kerk – die NG Kerk in Afrika. Die NG Sendingkerke vir swart mense, bruin mense en Indiërs het saam met die blanke NG Moederkerk as die familie van NG Kerke bekend gestaan.

Sedert die totstandkoming en die implementering van die sendingbeleid is daar vanuit verskillende kerke, insluitende die NG Kerk, kritiek uitgespreek. Dit was veral gerig teen

die grondgedagte dat die aparte bestaan van rasgeskeide kerke binne die familie van NG Kerke só 'n oorheersende saak geword het. Daar is onder meer verwys na die ooreenkomste tussen die sendingbeleid en die verkiesingsmanifes van die Nasionale Party in 1948.

### VERHOUDINGS BINNE DIE NG KERKFAMILIE

Die onderlinge verhoudings binne die familie van NG Kerke was 'n saak wat oor 'n lang tyd en by talle kerklike vergaderings voortdurend aandag gekry het. Die kwessie van die eenheid van die kerk is ten nouste hiermee gemoeid. In dié verband is die vraag oor die sogenaamde Bybelse fundering van apartheid voortdurend gestel. Dit het daartoe gelei dat die NG Sendingkerk die bekende belydenis van Belhar opgestel en in 1986 aanvaar het. Agt jaar later vind vereniging met die NG Kerk in Afrika plaas.

Met dié kerkvereniging is die muur van skeiding in Christus afgebreek, soos Paulus in Ef 2:14 skryf. Reeds aan die begin van die gesprekke oor kerkvereniging tussen dié twee kerke is die wens uitgespreek dat die ander lede in die NG Kerkfamilie ook spoedig deel moet word van die verenigingsproses.

Dit was inderdaad 'n blye dag toe die NG Kerk by sy sinode van 1990 die apartheidsbeleid as onbybels verklaar het. Gedurende 2001 is 'n konvent in Wellington gehou oor eenheid tussen streeksinodes van die NG Kerk en die VGK. Hierdie byeenkoms is as baie positief deur die meeste betrokkenes ervaar. 'n Groeiende getal lidmate van die NG Kerkfamilie is vol hoop en vertroue dat dit die begin van 'n nuwe gesamentlike toekoms van één Nederduitse Gereformeerde Kerk sal wees.

HANNES ADONIS

1. *Sendelinge se vervoermiddel tot sowat 80 jaar gelede – voor die dae van 4X4's! Die toneel is by die Alheit-sendingstasie in Zimbabwe wat genoem is na ds WA Alheit van Ceres.* NG KERKARGIEF, PRETORIA
2. *Lede van die konstitueringsvergadering van die NG Sendingkerk in die destydse Transvaal, 1932.* NG KERKARGIEF, PRETORIA
3. *Die uitnodiging wat die gemeentelede van die Valleisig NG Kerk in Pretoria begroet wanneer hulle die erediens verlaat. Die nood van mense is nie slegs daar ver nie maar ook om ons. Die grense van die sendingveld het van die buiteland tot binne ons gemeentegrense verskuif.* FOTO: A SWIEGERS
4. *Die kerkgebou van 'n wyksgemeente van die VGK naby Nongoma, KwaZulu-Natal. Die styl daarvan herinner aan 'n tabernakel.* KOMMISSIE VIR GETUIENISAKSIE, KAAPSTAD
5. *Eerw DJH Ruijtenbeek (1819-1904), wat in 1851 na Suid-Afrika as sending-onderwyser gekom het. Hy is in 1881 tot eerste moderator van die NG Sendingkerk verkies.* NG KERKARGIEF, KAAPSTAD
6. *Prof GBA Gerdener (1881-1967), sendeling onder Moslems, dosent aan die Sendinginstituut in Wellington en hoogleraar in Sendingwetenskap en Kerkgeskiedenis aan die Teologiese Kweekskool, Stellenbosch. Hy was eerste voorsitter van die Federale Sendingraad in 1942 en het 'n belangrike rol as sendingskrywer en -strateeg gespeel, asook in die formulering van die sendingbeleid.* NG KERKARGIEF, PRETORIA


2



3


4


5


6



1

# 1938. 'n Teologiese fakulteit vir Tukkies

Met die totstandkoming van die teologiese fakulteit aan die Universiteit van Pretoria in 1938 is die eerste nuwe opleidingsentrum vir predikante van die NG Kerk ná die stigting van die Kweekskool op Stellenbosch in 1859 gevestig.

### STEMME DAARVOOR EN DAARTEEN

Die stigting en uitbouing van die Fakulteit Teologie by Tukkies is in baie opsigte 'n verhaal wat nie in isolasie met ontwikkelinge elders in die NG Kerk beskou kan word nie. Dit het heelwat teenstand ontlok, maar is terselfdertyd met geloofsmoed en daadkrag aangepak.

Die eerste pleidooie vir die selfstandige opleiding van NG predikante in die Noorde is reeds teen 1916 gehoor. Ds Paul Nel sr van Ermelo het vervolgens by die sinode van 1922 voorgestel dat daar met die Universiteit van Pretoria hieroor onderhandel word. Hy het sy saak sterk en duidelik gestel: Daar is geen kerkpolitiek by betrokke nie en dit was nie teen die bestaan van die fakulteit op Stellenbosch gerig nie. Daar sou ook nie 'n verbrokkeling van kragte plaasvind nie, maar dit moes 'n natuurlike ontwikkeling in die groot geheel van die kerk wees. Volgens ds Nel sou die NG Kerk vanselfsprekend volledige toesig oor die leer en lewe van die dosente behou.

Daar was egter ook teenstand teen die voorstel. Daar is aangevoer dat die band tussen die vier gefedereerde NG Kerke van die destydse Kaapprovinsie, Natal, die Oranje-Vrystaat en Transvaal verswak sou word en dat die staat seggenskap oor die opleiding van predikante sou verkry. Volgens 'n ander standpunt het die Transvaalse Kerk in elk geval 'n billike kwota gekry van predikante wat in Stellenbosch opgelei word.

Die verhoudinge tussen die Transvaalse en Kaapse NG Kerk is in die betrokke tyd en omstandighede deur die Du Plessis-saak versuur. Klagtes van 'onregsinnigheid' teen prof Johannes du Plessis het in 1932 tot sy ontheffing uit sy pos as teologiese professor by die Kweekskool gelei.

Dié gebeure het nagevolge op teologiese opleiding in die algemeen, maar in die besonder op die Kweekskool gehad. Dit het teologiese besinning oor kontensieuse en kontemporêre aangeleenthede gestimuleer, maar ook verdeeldheid en onsekerheid by die Kweekskool tot gevolg gehad. Dit het uitgekring en 'n mate van spanning tussen die Transvaalse en Kaapse Kerk meegebring toe ds Nel as lid van die Kuratorium van Stellenbosch beswaar gemaak het teen die Kaapse Sinode se hantering van die Du Plessis-saak.

In die loop van die 1920's en die 1930's het die noodsaaklikheid van teologiese opleiding vir die NG Kerk aan die Universiteit van Pretoria telkens weer ter sprake gekom. By die Transvaalse Sinode van 1934 is die saak pertinent geopper. Teologiese opleiding in die Noorde was nie net belangrik vir die provinsie nie, maar ook vir die universiteit en vir die Transvaalse Kerk.

Die waarde daarvan vir studente uit Transvaal is opgeweeg, asook die besondere Transvaalse kerkkonteks. Dit het faktore ingesluit soos dié van mededingende kerke met hulle eie opleiding, asook industrialisering en die groeiende verstedeliking van swart mense, wat besondere eise aan die samelewing in die Noorde gestel het. Intussen was dit nie 'n maklike taak om die sinodes van die ander provinsies te oortuig oor die wenslikheid van nog 'n setel vir teologiese opleiding nie.

### 'N VOLDONGE FEIT


Uiteindelik het die Transvaalse Sinode van 1937 daartoe oorgegaan om voorsiening te maak vir 'n fakulteit vir teolo-



2







3 4 5

*1. Die eerste vier professore aan die Universiteit van Pretoria, 1938. Vlnr is proff EP Groenewald, JH Kritzinger, GM Pellisier en DJ Keet.* NG KERKARGIEF, PRETORIA

*2. Die kerk van die gemeente Universiteitsoord in Pretoria. Sedert die inwyding daarvan in 1967 was dié reusekerk die geestelike tuiste van duisende Tukkies – 'n naam wat afgelei is van die voormalige Transvaalse Universiteitskollege.* FOTO: A SWIEGERS

*3. Ds Paul Nel (1867-1943). Hy het in 1902 voorgestel dat die Noorde 'n eie teologiese opleidingsentrum kry. Hy was 'n lid van die eerste fakulteitskommissie.* NG KERKARGIEF, PRETORIA

*4. Prof GM Pellisier (1881-1954), professor van die Fakulteit Teologie (Afdeling B) van UP, 1935 tot 1954. Hy het 'n groot invloed gehad op die opleiding van teologiese studente as herders en leraars.* NG KERKARGIEF, PRETORIA

*5. Prof JA Heyns (1928-1994), professor in Dogmatologie aan UP van 1970 tot 1994, was 'n bekende kerkleier. Hy het in 'n kritieke stadium in die NG Kerk én Suid-Afrika se resente geskiedenis sterk leiding geneem. Hy is die ontvanger van die Orde van Voortreflike Diens.* DIE KERKBODE

*6. Dosente van die NG Kerk aan die Teologiese Fakulteit van die Universiteit van Pretoria, 1999. Die dekaan van die Fakulteit (derde van regs, voor) was prof CJ Wethmar.* FAKULTEIT TEOLOGIE, UP

giese opleiding aan die Universiteit van Pretoria. Dit het op 16 Maart 1938 'n voldonge feit geword toe die eerste vier teologiese hoogleraars – proff GM Pellisier, EP Groenewald, DJ Keet en JH Kritzinger – in die amp bevestig is.

Die Teologiese Fakulteit van die Nederduitsch Hervormde Kerk (Afdeling A) het toe reeds aan UP bestaan. Die verhouding tussen die twee fakulteite was nie altyd goed nie, maar die geskiedenis het samewerking vereis en mettertyd bewerkstellig. Die NG Kerk se Teologiese Fakulteit aan UP het hierna bekend gestaan as Afdeling B om dit van die reeds bestaande fakulteit van die Hervormde Kerk te onderskei. Waar daar aanvanklik slegs ses studente in Afdeling B was, het die groeiende behoefte aan voldoende ruimte en funksionele klaslokale daartoe gelei dat die fakulteit uiteindelik in 1951 'n gedeelte van die Nuwe Letteregebou betrek het.

Die ontwikkeling en groei van die NG Kerk se Fakulteit Teologie aan die Universiteit van Pretoria was sedert sy klein begin in 1938 bestendig. Veral in die sewentigerjare het daar 'n groot uitbreiding in die studente- en dosentegetalle plaasgevind. Die groei in studentegetalle sou egter teen die middel van die negentigerjare afneem, veral vanweë die ooraanbod van afgestudeerde studente en die dalende behoefte aan predikante as gevolg van finansiële oorwegings.


Met die wisseling van die eeu asook die millennium was daar ingrypende verskuiwings by UP, soos ook by die ander teologiese fakulteite van die NG Kerk. Owerheidsdruk het bygedra tot die omskepping van dié Teologiese Fakulteit in 'n meerkerklike opleidingsinstelling. Die eerste volwaardige vennoot sedert 2000 was die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. Dit het die afskaffing van die twee afdelings meegebring. In 2002 het die Presbiteriaanse Kerk van Suidelike Afrika ook by die fakulteit aangesluit. Intussen is verskeie binne- en buitelandse samewerkingsooreenkomste met verskillende teologiese instellings gesluit.

Die groei van 'n teologiese fakulteit van die NG Kerk aan die Universiteit van Pretoria was dus gestadig, maar dit het uiteindelik uitgegroei tot een van die toonaangewende teologiese inrigtings in Suidelike Afrika. Dit hou tred met die eise van 'n nuwe tyd en samelewing, asook die veranderde en steeds veranderende rol en roeping van die NG Kerk.

HOFFIE HOFMEYR




6



1

# 1938. Kerk, volk en kultuur

Uit 'n kerklike perspektief beskou, het die mens sy kultuuropdrag van die Skepper ontvang in die woorde van Genesis 1:28: 'Wees vrugbaar, word baie, bewoon die aarde en bewerk dit.' Dan volg die opdrag om ook oor die skepping te heers. Die Bybelse kultuuropdrag beteken daarom dat die mens God se skeppingswerk moet voortsit: dit is kultuur in die praktyk!

Kultuur hang saam met jou volle menswees, wat die verheffing en verfyning van die gees op terreine soos die skone kunste, die taal en musiek insluit. Tereg het prof Johan Heyns, kerk- én kultuurleier, in 1992 tydens 'n FAK-kongres verklaar dat 'die enkeling en elke kultuurgroep 'n adres nodig het waarheen hy voortdurend kan teruggaan, waar hy permanent kan bly, homself kan vind en van waaruit hy ook na buite kan optree... Hierdie tuiste van 'n volk is sy kultuur.'

Die wêreldkerk het deur die eeue sy kultuuropdrag uitgevoer, selfs in die donker Middeleeue toe die kerk deur sy geskrifte, navorsing en biblioteke die lig van die beskawing brandend gehou het. Die Protestantse kerke het ook ná die Hervorming hierdie kultuurtaak voortgesit. Dink maar aan Luther se bydrae deur sy vertaling van die Bybel in Duits en die bevordering van evangeliese liedere.

### KERK EN KULTUUR LOOP HAND AAN HAND

Met die vestiging van 'n VOC-verversingspos en uiteindelik 'n Hollandse nedersetting aan die Kaap het die setlaars sedert 1652 nie net die gereformeerde geloof nie maar ook hulle kulturele erfgoed met hulle saamgebring. Kinders het uit die Hollandse Bybel en preekboek leer lees en gewyde liedere is gereeld gesing, ook tydens die Groot Trek. Later het die NG Kerk 'n leidende rol gespeel in die verskillende vertalings van die Bybel in Afrikaans, die samestelling van die Afrikaanse *Psalm- en Gesangeboek* en die nuwe *Liedboek van die Kerk.* Kerkleiers was ook kultuurleiers deur hulle betrokkenheid by die taalaktiwiteite van die Genootskap van Regte Afrikaners in 1875.

Die NG Kerk het oor die jare 'n belangrike sentrum van kulturele bedrywighede gebly deur sy eredienste, nagmaalsaamtrekke en verenigingslewe. Dit geld ook vir die stigting van jeug-, vroue- en welsynsorganisasies. Diens is gelewer by wyse van gemeentelike ondersteuningsfondse en beursfondse, asook die versorging en nasorg van gestremdes en alle mense in nood. Die kerk het telkens 'n kultuurtaak verrig deur inisiatief te neem om oplossings te vind vir die materiële armoede van sy lidmate. Talle predikante het oor die jare baanbrekerswerk in dié verband verrig om op 'n wyer kulturele vlak aan hulle lidmate 'n 'tuiste' te bied.

Baie predikante van die NG Kerk was ook kultuurleiers in hulle eie gemeenskap en hulle eie reg. Dr JD Kestell, kerk- en kultuurleier, dien in dié verband as uitnemende voorbeeld. Hy was onder meer moderator van die Vrystaatse Kerk, redakteur van *Die Kerkbode,* rektor van Grey-Universiteitskollege, asook oprigter van tuistes vir verwaarloosde kinders en weeskinders. Die stigting van die Reddingsdaadbond met Kestell se oproep ''n Volk red homself' het grootliks bygedra tot die ekonomiese opheffing van die Afrikaner. Daar was verskeie ander kerk- en kultuurleiers soos dr NJ van der Merwe en ds JH Neethling, benewens die kulturele bydraes van kerkfamilies soos die Murrays en Hofmeyrs.

Nog 'n terrein waar die kerk oor die jare uitgemunt het in sy bydrae op kultuurgebied, is die onderwys. Ter behoud van die Nederlandse en later die Afrikaanse taal as onderwysmedium en 'n Christelike karakter is talle skole deur die toedoen van die NG Kerk tot stand gebring. Voorbeelde hiervan is Grey-Kollege in Bloemfontein, Paarl-Gimnasium, Heidelberg-Volkskool in Transvaal en selfs die Bothashofskool in die huidige Zimbabwe.

### STEUN VIR KULTUURORGANISASIES

Die NG Kerk het hierbenewens veral in die storm-en-drangjare van die opbloei van Afrikaner-nasionalisme rondom die eeufeesherdenking van die Groot Trek in 1938 'n onder-



2



3



4

1. *Die geskiedenis van die Groot Trek word versimboliseer in dié tapisserie by die Voortrekkermonument, Pretoria, volgens 'n ontwerp van WH Coetzer. Dit sluit die gewelmotief van die Geloftekerkie in, asook 'n draak wat chaos verteenwoordig en die anker van hoop.* FOTO: STEPHEN KEET
2. *Dr en mev JD Kestell beweeg deur 'n Voortrekker-erewag by die Stadsaal, Bloemfontein tydens 'n huldigingsfees vir hom deur die FAK op 4 Oktober 1938.*
3. *Dr en mev JD Kestell (middel) met mnr Henning Klopper (regs). Hy was hoofleier van die simboliese Ossewatrek (1938) en voorsitter van die Uitvoerende Komitee van die ATKV, wat dié herdenkings georganiseer het. Mev Klopper is links op die foto. Die Ossewatrek het tot 'n ongekende opwelling van Afrikaner-nasionalisme gelei. Daar was ongeveer 130 000 persone teenwoordig by die Voortrekkermonument se hoeksteenlegging op 16 Desember 1938 en sowat 250 000 mense by die inwyding op 16 Desember 1949.*
4. *Anna Neethling-Pohl, doyenne van die Afrikaanse toneel. Sy het historiese rolle vertolk, soos dié in* Voortrekker *en* Majuba. NASIONALE AFRIKAANSE LETTERKUNDIGE MUSEUM
5. *Huweliksfoto van dr en mev WL Hofmeyr op 24 Desember 1940. Omstreeks 1938 was daar talle huwelike van lidmate van die NG Kerk in Voortrekkerdrag.*

steunende rol ten opsigte van kultuurorganisasies gespeel.

Die Kaapse Sinode het in Oktober 1938 sy waardering uitgespreek vir die simboliese Ossewatrek na die noorde vanaf 8 Augustus tot 16 Desember 1938. Dit was in 'n groot mate die geesteskind van die ATKV-stigter, Henning Klopper. Hoewel die gedagte vir hierdie reuse-kultuurprojek by die Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging (ATKV) ontstaan het, is dit deur die Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings (FAK) georganiseer. Die NG Kerk was by talle van die reëlings op veral plaaslike vlak vir die 'ontvangs' van die gedenkwaens onderweg na Pretoria verantwoordelik. By baie kerke is die spore van die waens letterlik in sement ingebed om as inspirasie vir die toekoms te dien.

Tussen die NG Kerk en die FAK het daar ook sedert die ontstaan van dié landswye kultuurorganisasie 'n noue band van samewerking ontstaan. Dit is onder meer verwoord in 'n besluit van die Tussenkerklike Kommissie in 1939 waarin waardering uitgespreek word 'vir die mate waarin die Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings hom in die verlede in dié rigting beywer het ... Dit is ook 'n rede vir waardering dat die FAK steeds verband met die kerk gesoek het in sy werksaamhede.'

Die gebeure rondom 1938 toon hoe nóú verweef kerk en kultuur was. Dit was in 'n stadium toe Afrikander-nasionalisme allesoorheersend was en die kerk dikwels ondergeskik was aan kultuur – in 'n enger sin van die woord. Die grense tussen die kerk, kultuur en die staat het in 'n groot mate verskraal en versmelt. Om die Afrikaner se kerk te verstaan, moet sy kultuur in die destydse konteks verstaan word – ook en verál in die storm-en-drang-jare – van die Ossebrandwag se *Stormjaers* tot by die *Smelters* op staatkundige front. Die betrokkenheid van predikante en lidmate van die NG Kerk by die Afrikaner-Broederbond (AB), kan ook in hierdie lig beskou word.


Wat Johan Heyns in 1992 in breër verband gesê het, geld steeds die Nederduitse Gereformeerde Kerk as geheel



5

en sy lidmate as kultuurskeppers en kultuurdraers: 'Ons is nie deur die strome van die geskiedenis per ongeluk op die kus van Suidelike Afrika uitgespoel nie. Ons glo ons is deur God self hier geplant.'

HENNO CRONJÉ



1

# 1939. Kapelaansdienste in tye van oorlog en vrede

Met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog in 1939 was twee van die slegs drie kapelane in die staande mag afkomstig uit die NG Kerk. Dit was ds AGO Coertze en ds GR van Rooyen. Op 28 September 1939 het die moderature van die NG Kerk 'n gesamentlike verklaring uitgereik dat soldate geestelik bedien moes word. Dr William Nicol het in sy gereelde rubriek 'Uit Transvaal' in *Die Kerkbode* gepleit dat predikante hulle as veldpredikers moes aanmeld. Talle het hierop gereageer, waaronder die legendariese oud-Springbok ds George Daneel.

### VELDPREDIKERS EN DIE TWEEDE WÊRELDOORLOG

Op 12 Maart 1940 het 'n interkerklike kommissie van die drie Afrikaanse kerke 'n suksesvolle besoek aan genl J Smuts gebring om veldpredikers, soos die kapelane aanvanklik bekend was, beskikbaar te stel. Dié kommissie sou as skakel met die regering dien. Veldpredikers se taak was om dienste te hou, besoeke te bring en pastoraat te bedien, maar daar is nie gemeentes gestig nie. Jongmanne wat hulle by die kerk wou aansluit, het by die Voortrekkerhoogte-gemeente ingeskakel. Tydens die oorlog het 517 veldpredikers van verskillende Suid-Afrikaanse denominasies op talle fronte diens gedoen. Ds Daneel en ds Coertze is uiteindelik met hoë toekennings beloon. Ds MDV Cloete is ook by verskeie geleenthede vereer vir diens in veral die Koreaanse Oorlog.

Die positiewe bydrae van die veldpredikers het vir die NG Kerk by baie lidmate aansien herwin teenoor die skade wat deur sommige predikante en lidmate veroorsaak is. Die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog het saamgeval met 'n opwelling van Afrikaner-nasionalisme en afkeer van Brittanje as 'die ou vyand'. Baie Afrikaners het eerder by Duitsland aansluiting gevind, want 'n moontlike oorwinning vir die Nazi's is onder meer gesien as 'n potensiële hupstoot vir die realisering van die droom van 'n republiek. Kommunisme was 'n gemeenskaplike vyand omdat dit 'n aantreklike ideologie vir die arm massas kon wees. Talle predikante het by die Ossewabrandwag (OB) aangesluit en selfs leiersrolle vervul. Hieronder was ds CR Kotzé, voorsitter van die Groot Raad. Die OB het destyds Afrikaner-kultuurbelange, soos vergestalt deur die simboliese Ossewatrek van 1938, bevorder.

Daar was ook lidmate wat genl Smuts in sy oorlogspogings aan die kant van Brittanje ondersteun het – Smuts het selfs in die Britse oorlogskabinet gedien. Hierdie lidmate het aanstoot geneem aan die betrokkenheid van die predikante by die bedrywighede van die Ossewabrandwag. Toe dié organisasie betrek is by die militante aktiwiteite van die Stormjaers het die NG Kerk baie kritiek verduur. Dr DF Malan het gewaarsku teen die verkeerde rigting wat die OB ingeslaan het en ds CR Kotzé het toe bedank. Hy is deur ander gevolg.

Die NG Kerk moes noodwendig kritiek verduur toe predikante van die kerk ingeperk is. Dr JD Vorster het in die

Sentrale Gevangenis in Pretoria tronkstraf uitgedien. Ds JJ Fick het op 10 Oktober 1941 die eerste predikant geword wat eers in Ganspan en later in Koffiefontein geïnterneer is. Eerw MSF Grobler is ook tydelik aangehou, waartydens hy sy mede-geïnterneerdes geestelik bygestaan het.

Die emosiebelaaide verhale oor die sogenaamde rooilussies het ook lank bly spook. Soldate wat 'n spesiale eed van getrouheid aan die Britse Kroon onderteken het om in die noorde te gaan veg, is soms kerklik koud ontvang, die deur gewys of daar is geweier om hulle kinders te doop. Skerp kritiek teen die kerk deur prominente politici het ook nie uitgebly nie.

Die NG Kerk wou destyds nie party-polities betrokke raak nie. In die algemeen het die kerk hom wel teen oorlog uitgespreek, maar was versigtig om hom amptelik uit te laat oor deelname al dan nie. Die Vrystaatse Sinode was egter openlik teen enige oorlogsdeelname gekant.

### KAPELAANSDIENSTE NÁ DIE TWEEDE WÊRELDOORLOG

Op 1 Oktober 1946 is die Suid Afrikaanse Korps van Kapelane as 'n eenheid van die staande mag gestig, met sy vertakkinge van die Leër, Lugmag en Vloot. Die kapelaansdienste was later ten nouste betrokke by die militêre optrede teen Swapo en invalle in Angola van 1966 tot 1989 op die noordelike grens van die destydse Suidwes-Afrika.

Daar was egter ook die skadukant van die 'Bosoorlog'. Die stryd is deur die owerhede geregverdig omdat dit 'teen 'n godlose kommunistiese ideologie' gevoer is. Jong dienspligkapelane het dus met ontsteltenis verneem van Bybels wat in die sakke van gesneuwelde lede van die vyand gevind is. Toe ondergetekende dit by bevelvoerders aangeroer het, is hy gemaan tot swye. Gedurende hierdie tydperk was daar 'n stroom van gebede van lidmate van die NG Kerk 'vir die manne op die grens' en 'teen die vyand op die grens'. Dit het algaande deurgedring dat 'die vyand' nie altyd Kubane was nie, maar ook medeburgers.

Die kapelaansdienste het op 'n breër front 'n onmisbare rol gespeel in die vestiging en uitbreiding van die werksaamhede van die NG Kerk in Europa. In die buiteland was die kerk in Londen en elders 'n geestelike tuiste vir duisende Suid-Afrikaners. Ná die demokratiese verkiesings in 1994 is die kapelaansdienste in vredestyd in die buiteland beëindig.

Ná die inhuldiging van pres Mandela op 27 April 1994 is daar dadelik begin met die integrasieproses van statutêre en nie-statutêre magte in die nuutgestigte Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag. Kapelane van die voormalige MK (4), APLA (1) én TBVC-lande (16) is saamgevoeg. Godsdiensrade vir die onderskeie denominasies is later gestig om verskillende geloofsbelange te bedien. Tot en met die aanstelling van die huidige Anglikaanse kapelaan-generaal is dié pos sedert 1967 deurgaans deur ampsdraers van die NG Kerk beklee.

Die kapelaansdienste is tot vandag toe die voertuig waarmee die kerk die evangelie in die lewe van duisende soldate indra.

ANDRÉ OLIVIER


1. *'n Tipiese toneel tydens die Bosoorlog in Namibië. Waar die hart van die plaaslike bevolking uiteindelik sou lê, sou die uitslag van dié oorlog bepaal.* BURGER-VERSAMELING: NASIONALE BIBLIOTEEK VAN SA
2. *Kapelaansvroue op die 'tuisfront'. Hulle het 'n groot rol gespeel in die 'moederlike' versorging en ondersteuning van tienduisende soldate op die grens.* DIE KERKBODE
3. *'n 'Boomrol' met die name van gesneuweldes in die noorde van Namibië, ca 1980.* BURGER-VERSAMELING: NASIONALE BIBLIOTEEK VAN SA
4. *'n Veelseggende geskenk in 1986 van die Suid-Afrikaanse staatshoof, mnr PW Botha, aan die kapelaanshoof, kapelaan-generaal JA van Zyl. Laasgenoemde het in 1979 die Orde van die Ster van SA (silwer) ontvang.* NG KERKARGIEF, PRETORIA

## FEITEFLITSE

1. Die begrip 'kapelaan' is afkomstig van Marthinus van Tours wat sy mantel *(capa)* geskeur en dit toe met 'n bedelaar gedeel het. Sedertdien is 'n geestelike wat 'die mantel bewaar het', bekend as 'n cappelanus. In 1967 is die Suid-Afrikaanse benaming van veldprediker vervang met dié van kapelaan.
2. Die eerste twee 'skakelkapelane' is aangestel met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog. Hulle was dr WM Nicol en ds SH van der Spuy.



2





3·4



1

# 1943. Die kerk noord van die Zambezi

In die annale staan 3 Julie 1943 aangeteken as die stigtingsdatum van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk van die Oranje-Vrystaat in Rhodesië. Die plek was Madzimoyo in die ooste, fokuspunt van die destydse NG Kerk in die OVS se sendingwerk in Noord-Rhodesië, tans Zambië. Veertien gemeentes, afkomstig uit Zambië en Bulawayo in Zimbabwe, het die nuwe kerkverband gevorm.

Die naam was op sigself reeds 'n aanduiding dat hierdie eerste sinode van 'n nuwe kerkverband, in 'n hoofsaaklik swart, veeltalige gemeenskap noord van die Zambezi, nie die finale stap kon wees nie. Daarvoor was die naam te Vrystaats, te veel dié van die sendeling, eerder as dié van die ongeveer 14 000 lidmate waaruit die nuwe sinodale verband bestaan het. Dit is daarom nie vreemd nie dat die sinode in 1957 hierdie naam na African Reformed Church en in 1968 na bloot Reformed Church in Zambia (RCZ) verander het. Hierdie laaste naamsverandering het gevolg nadat lidmate gedurende die 1960's beheer oor die eiendomme en fondse oorgeneem het en 'n groter sê gekry het. Met die naam Reformed Church in Zambia is beklemtoon dat hierdie gereformeerde kerk oop is vir almal.

En tog getuig die gebeure van 3 Julie 1943 op Madzimoyo van baie jare se opoffering en diens deur die sinodale verband van die NG Kerk in die Oranje-Vrystaat. In 'n se-



2

kere sin kon die lede van die Sinodale Algemene Sendingkommissie (SASK) van dié sinode, wat hier teenwoordig was, tog genoegdoening smaak. Ondanks 'n streep paternalisme was 1943 óók die uitkoms van 'n taak wat met toewyding deurgevoer is.

VRYSTAATSE SENDINGAKSIE

Dit was die Vrystaatse Sinode van 1897 wat besluit het dat sy gemeentes voortaan ook buite die grense van die Vrystaat gesamentlike sendingwerk moes doen. Hierdie kans sou kom toe hoofman Mpezeni van die Angoni's in die ooste van die huidige Zambië in 1898 versoek het dat die NG Kerk ook in sy gebied moes kom sendingwerk doen. Wat die NG Kerk se sendingbenadering vir hom so aantreklik gemaak het, was die feit dat 'n omvattende bediening gevolg is. Naas die evangelie het hulle ook skole, ekonomiese opheffing en hospitale gebring. Dit was alles aspekte wat sy mense kon help om met die Britse kolonialiserende invloede in sy land mee te ding.

Die Vrystaat het dus, merkwaardig genoeg, onder die donker wolke van die naderende Anglo-Boereoorlog (1899-1902) by die huidige Zambië betrokke geraak. Op 29 Mei 1899 het eerw PJ Smit en ds JM Hofmeyr op Mvera aangekom om die werk te begin. Tipies gereformeerd, het die stigting van verskeie gemeentes eers na 'n aantal jare van behoorlike evangelisering en kategese gevolg. Die tradisie wat so gevorm is, het waarskynlik ook die deurslag gegee toe die RCZ hom in die laaste jare van die twintigste eeu van 'n ongesonde charismatisering gesuiwer het. Hier het die rol van ouderlinge 'n beslissende bydrae gelewer.

RYP VIR SINODALE VERBAND


Die grootste enkele gebeurtenis wat die ontstaan van die sinodale verband in 1943 bespoedig het, was die stigting van die Kerk in Midde-Afrika Presbiteriaans in 1924. Die begeerte van die gemeentes in Zambië om deel hiervan te word, is in 1928 onder sekere voorwaardes deur die Vrystaatse Sinode goedgekeur. Hulle voorbehoude het hoofsaaklik te doen gehad met kommer oor die handhawing van die gereformeerde belydenis in die nuwe kerk.

Die gemeentes in Zambië en hulle Sendingraad, wat uit 1909 dateer, was in 1928 nog onder die vleuels van die Sinodale Algemene Sendingkommissie en sy opdraggewer, die Sinode van die NG Kerk in die Oranje-Vrystaat. Die volgende sinode, dié van 1931, het egter hierdie goedkeuring herroep. In 1939 het die Gemeenteraad van Zambië die versoek herhaal. Dit is deur die SASK in die Vrystaat afgewys, wat besef het dat die gemeentes in Zambië ryp was vir 'n kerkverband.

Met aanmoediging en druk van die Sinodale Algemene Sendingkommissie het 14 gemeentes op die ou end op 3 Julie 1943 'n nuwe en eie kerkverband aanvaar. Dié prosedure is egter vanuit die NG Kerk in die Oranje-Vrystaat bepaal en gedryf: die goedkeuring van 'n konstitusie vir die nuwe 'sendingkerk', die datum van 3 Julie 1943 én die konstituering van die kerkverband deur die voorsitter van die SASK, ds HSM Botha.

Téén die draad van die gereformeerde kerkverstaan in, het kerkverband hier dus nie primêr vanuit die betrokke gemeentes gekom nie, maar van 'n eksterne oord. Die eerste


3


4

1. *Afvaardiging van die NG Kerk na Zambië in 1991 by die destydse president dr Kenneth Kaunda. Vlnr voor is ds Feston Sakala, prof Pieter Potgieter (leier van die afvaardiging), dr Kaunda, prof Johan Heyns en dr Frits Gaum.* DIE KERKBODE
2. *Die bekende 'Botie van Magwero', Ella Botes. Die Skole vir Blindes en vir Dowes op Magwero, Zambië is 'n tasbare herinnering aan haar pionierstaak van meer as 50 jaar sedert 1912, onder veral blindes. 'n Britse MBE en eredoktorsgraad is aan haar toegeken.* NG KERKARGIEF, PRETORIA
3. *Eerw PJ Smit het op uitnodiging van hoofman Mpezeni in 1899 met ds JM Hofmeyr in 'n fonteinryke hooglandgebied tussen Zambië en Malawi 'n sendingstasie gestig. Dit is Magwero genoem, wat 'Oorspronge' beteken. Smit het vir 38 jaar in Zambië gewerk tot met sy emeritaat in 1937.* NG KERKARGIEF, BLOEMFONTEIN
4. *Ds JM Hofmeyr was medestigter van die Magwero-sendingpos in 1899. Hy het ná agt jaar 'n beroep na Somerset-Oos aanvaar.* NG KERKARGIEF, BLOEMFONTEIN
5. *Ná 67 jaar het die NG Sinode van die Vrystaat in 1962 hulle werksaamhede en eiendomme in Zambië aan die Reformed Church in Zambia oorgedra. Ds MW Khonkowe, moderator van die sinode van die RCZ, ontvang hier die oordragakte van die Vrystaatse moderator, ds PSZ Coetzee.* NG KERKARGIEF, PRETORIA

Moderatuur het ook bestaan uit vier sendelinge wat – ooreenkomstig die destydse NG standpunt – nie lidmate van enige van die 14 gemeentes was nie.

Hiermee is die fondamente gelê vir 'n kerk wat algaande sou groei om in 2002 die derde grootste kerk in Zambië en verantwoord inheems te wees. Dit was ten spyte daarvan dat die jare ná 1943 soms met storm-en-drang gepaard gegaan het.

PIET STRAUSS



5




1

# 1944. Die *Psalm- en Gesangeboek:* 'n Triomf vir kerk en taal

Die besondere spiritualiteit van die drie Afrikaanse susterkerke word by uitstek uitgedruk deur die afwagting en vreugde met die verskyning van die eerste Afrikaanse vertaling van die Bybel in 1933 én die Afrikaanse *Psalm- en Gesangeboek* in 1944.

In 1920 is die stryd ten gunste van Afrikaans as kerktaal finaal beslis. Die spreektaal was oral Afrikaans, maar die Bybel was nog in Nederlands (die 'Statenvertaling') en so ook die Psalmboek (in die weergawe van 1773) en die Gesangeboek (in die weergawe van 1806). Die Psalmboek van 1773 het goeie momente bevat, maar ook groot leemtes. Hier was veral die kleiner geeste aan die werk en die groot digters van die Nederlandse Goue Eeu het die daaraan verbygegaan.

Daar was 'n groeiende begeerte vir 'n sangbundel in Afrikaans. Dit is versterk deur verskillende besluite van die Kaapse Sinode van die NG Kerk, deur die verskyning van die Bybel in Afrikaans en deur die Tweede Afrikaanse Taalbeweging. Reeds in 1915 het die Kaapse Sinode besluit om 'n kommissie aan te stel om meer geskikte melodieë te vind vir die 'onsingbare wysies' van die Nederlandse bundel. Daar is ook gevoel dat die bestaande gesangebundel uitgebrei moet word. In 1924 het die NG Kerk finaal besluit dat die Nederlandse *Psalm- en Gesangeboek* in Afrikaans vertaal moes word. Die taak is opgedra aan die Suid-Afrikaanse Bybelvereniging, en die medewerking van die ander Afrikaanse kerke is hierin gesoek.

### DIE PSALMS IN AFRIKAANS

Intussen het die Sinode van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA) reeds in 1920 aan dr JD du Toit (Totius) opdrag gegee om die beryming van die psalms in Afrikaans te onderneem. In 1923 is reeds 'n bundel met 36 psalmberymings deur Totius gepubliseer, getoonset deur FW Jannasch. Dit was 'n private onderneming.

Eers in 1934 het 'n gesamentlike kommissie van die drie Afrikaanse kerke besluit om Totius amptelik te vra om die psalms te berym en dat sy bestaande berymings aanvaar sal word as basis van die toekomstige psalmboek. Berymings van ander digters kon ook deur die kommissie oorweeg word. 'n Kommissie van Reviseurs is gevolglik benoem, met die opdrag om die voorgelegde berymings te hersien en goed te keur én met volmag om hieruit 'n nuwe psalmboek saam te stel. Groot verskille, botsings en wrywing het die werk egter vertraag.

Die manuskrip met die 150 psalms is op 13 Maart 1936 by 'n spesiale plegtigheid op Bethulie aan die Sinode van die Gereformeerde Kerke oorhandig. Die psalms is in 1937 deur die Gereformeerde Kerke in gebruik geneem. Totius het die berymingstaak hoofsaaklik hanteer as 'n vertaling van die Staatsberyming van 1773.

### AFRIKAANSE GESANGE

Die vrye Bybelse lied het eers geleidelik en uiteindelik na groot stryd as die *Evangelische Gezangen* in Nederland tot stand gekom. Dit is gedurende 1803–1805 in opdrag van die sinodes van die Nederlandse Hervormde Kerk saamgestel en is in 1806 deur dié kerk in gebruik geneem. In 1814 is die bundel met 192 liedere in Suid-Afrika ingevoer.

Daar het 'n groeiende behoefte ontstaan om ook die Nederlandse Gesange in Afrikaans te verwerk. Kort na die aanvaarding van die *Psalmboek* in 1936, is dus begin met die




2

herdigting van die gesange. Die sowat 100 gesange wat deur dr GBA Gerdener bewerk is en in 1931 in *Die Nuwe Halleluja* gepubliseer is, is as basis gebruik.

Die liedere moes getrou aan die Bybelse inhoud wees. Daar moes gewaak word teen ongewone of individualistiese taalgebruik en ander digterlike wendinge. Die toon en stemming moes pas by die gelowige gemeente. Verder moes die ou kerktradisie van die Nederlandse teks en veral die melodieë in ag geneem word. Die Nederlandse versmaat, waarop die melodie berus, moes dus behou word. Hierdie versmaat was gebaseer op die Nederlandse taalstruktuur met sy baie slepende uitgange. 'n Aantal van die Nederlandse gesange is weggelaat en met ander vervang.

In die Afrikaanse Gesangeboek, soos dit uiteindelik gepubliseer is, het 37 nuwe 'wysies' verskyn waarvan 26 van Afrikaanse komponiste afkomstig was. Die eerste eksemplare van die nuwe Afrikaanse *Psalm- en Gesangeboek* het in Julie 1944 van die pers gekom. Dié bundel is landswyd op luisterryke wyse en met groot entoesiasme op Hervormingsondag, 29 Oktober 1944 in gebruik geneem.

In die voorwoord van die Gesange lees ons: 'Met die oorsetting van die Heilige Skrif en die beryming van die Psalms in Afrikaans, vorm dit een van die belangrikste gebeurtenisse in die geskiedenis van die Afrikaanssprekende Kerk in Suid-Afrika.' Prof EC Pienaar het op 18 Oktober 1944 in *Die Kerkbode* geskryf die nuwe Afrikaanse sangbundel is 'nie alleen 'n nuwe triomf van Afrikaans nie, maar van nog groter betekenis tussen ons Kerk en ons Taal ... Want Kerk en Taal vorm seker twee van die magtigste saambindende elemente in die lewe van 'n volk.' Later skryf prof B Gemser: ''n Nuwe Psalmberyming is vir die kerklike en persoonlike geestelike lewe van 'n volk 'n ingrypende saak ... Dit is in sekere sin nóg ingrypender as 'n nuwe Bybelvertaling, aangesien Psalmverse gewoonlik inniger vervleg is met eie geestesbesit as Bybeltekste.'

Daar is besluit dat die nuwe *Psalm- en Gesangeboek* die amptelike sangbundel in die NG Kerk is en dat geen ander bundel enige status in die kerk sou hê nie. Vir lidmate was dit ongetwyfeld 'n besondere ervaring om vir die eerste keer in die kerk en elders gewyde liedere in hulle eie taal te kon sing.


Die gewysigde *Psalm- en Gesangeboek* van 1978 en die *Liedboek van die Kerk* van 2001 is, net soos die bundel van 1944, op Hervormingsondag in gebruik geneem.

ATTIE BARNARD



1. *Die titelblad van die bekende sangbundel* Lofzangen Israels *van Jacob Groenewegen van 1800. Volgens die skutblad het dié bundel behoort aan Dewald Arnoldus Hattingh (gebore 1810). Danksy die Ou-Testamentiese opdrag om jou vader en moeder te eer, het pioniers, ondanks hulle daaglikse bestaanstryd, familiegegewens neergeskryf. Godsdienstige simbole het dikwels voorgekom, soos die Alsiende Oog wat hier deel van die versiering vorm.* NASIONALE KULTUURHISTORIESE MUSEUM
2. *Dr W Nicol by die onthulling van 'n gedenkplaat vir die Afrikaanse* Psalm- en Gesangboek *in Pretoria. Die bundel het op Hervormingsondag in 1944 verskyn.* NG KERKARGIEF, PRETORIA
3. *Prof JD du Toit (Totius), professor aan die Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerk in Potchefstroom, was verantwoordelik vir die beryming van die psalms. Hierdie reusetaak word as sy letterkundige hoogtepunt bestempel.* NASIONALE AFRIKAANSE LETTERKUNDIGE MUSEUM
4. *Die geliefde Gesang 47 van 1978 se* Psalm- en Gesangeboek *(Lied 509 in die* Liedboek*) was in die bundel van 1944 as Gesang 7 bekend. 'Op berge en in dale' was reeds in die Nederlandse beryming gewild. Die oplaag van een miljoen kopieë van die* Psalm- en Gesangeboek *van 1978 bly steeds 'n rekord vir die Afrikaanse boekebedryf.*

3



4



I



# 1948. Van predikant tot premier

'Afrikaner, *quo vadis,* waar gaan jy heen?' Dit was die woorde van dr DF Malan by die inwyding van die Voortrekkermonument op 16 Desember 1949. Hy was toe op die kruin van sy lewe as staatsman, kerkman en kultuurman, soos die kultuur-historikus prof Bun Booyens dit stel. Hoe die geskiedenis leiersfigure later anders beoordeel in die lig van 'n groter geheel, blyk uit die herbenaming op 30 September 2001 van DF Malan-rylaan in Johannesburg tot Beyers Naudé-rylaan.

### DIE JONG MALAN

Daniël Francois Malan is op 22 Mei 1874 op die plaas Allesverloren naby Riebeeck-Wes gebore. Ná sy skoolopleiding, het hy die BA-graad in 1895 op Stellenbosch behaal en toe besluit om predikant te word. Hy het saam met sy kweekskool-studies 'n MA-graad voltooi. Jan Smuts, wat hy van sy kinderdae af geken het, het hom op Stellenbosch genooi om hom by die Uniedebatsvereniging aan te sluit.

Op Stellenbosch het ds JH Neethling en prof NJ Hofmeyr 'n sterk invloed op hom gehad. By die Universiteit van Utrecht, waar Malan in 1905 die graad Doctor Theologiae met lof behaal het, het hy vir Nicolaas Beets, digter en vroeëre teologie-professor, leer ken. Hy het sy hart teenoor hom oopgemaak oor sake soos die Anglo-Boereoorlog. Sy vermoë om 'n gedagte skriftelik te verwoord en oor te dra, het reeds in Utrecht na vore gekom.

Die jong Malan se ontmoeting met pres SJP Kruger en pres en mev MT Steyn in Europa het hom ook diep beïndruk. Sy beskouinge oor politieke en kulturele sake is wesenlik deur sy vriendskap met pres Steyn gevorm. Hy het al meer bewus geraak van sy sterk verbondenheid met die Afrikaner.

Dr DF Malan het in 1905 sy bediening begin as hulpprediker in Heidelberg, Transvaal. Ses maande later het hy na Montagu vertrek waar hy hom beywer het vir die opheffing van die verarmde Afrikaner en die erkenning van Afrikaans. In kerklike kringe het hy gereeld gepraat oor onderwys, die sending en armsorg. Hy het verder gepleit vir eenheid tussen die NG Kerke van die vier kolonies en in die Federale Raad der Kerken gedien.

### IN DIE BRANDPUNT VAN DIE POLITIEK

Toe dr Malan in 1913 predikant op Graaff-Reinet word, het 'n nuwe fase in sy lewe begin. Hy is diep geraak deur die Eerste Wêreldoorlog en die Rebellie en was deel van 'n deputasie wat tevergeefs gepleit het vir die begenadiging van Jopie Fourie. Toe die bitterheid van die Rebellie dreig om die NG Kerk te skeur, het hy sterk leiding geneem by 'n predikante-konferensie in Bloemfontein.

In 1915 het DF Malan die eerste redakteur van *De Burger* geword. Algaande het hy 'n vertolker geword van die nasionale aspirasies van die Afrikaner. Sy verkiesing tot die hoofbestuur van die Nasionale Party het meegebring dat hy binne drie maande in die brandpunt van die politiek sou

staan. Pogings is ook aangewend om vir Malan 'n setel in die Parlement te kry. Hy was deel van 'n afvaardiging na Europa wat gepleit het vir die herstel van die onafhanklikheid van die Boere-republieke en het ná 1924 se verkiesing lid van die Hertzog-kabinet geword.

Dr Malan is spoedig in regeringskringe beskou as 'n politieke strateeg, knap debatteerder en administrateur. Hy en CJ Langenhoven het in 1925 'n prominente rol gespeel in die erkenning van Afrikaans as taal en hy het ook die vlagkwessie in 1927 suksesvol gehanteer.

Die fase vanaf ongeveer 1933 het 'n belangrike finale aanloop tot Malan se premierskap gevorm. Dit was die jare van intense stryd tussen die 'Smelters" van Smuts en Hertzog enersyds en Malan se 'Gesuiwerdes'. Dit het, volgens die bekende koerantman Piet Cillié by 'n Hertzoggedenklesing in 1980, in hierdie tyd gegaan oor volkwees teenoor nouer skakeling met nie-Afrikaners, suiwerheid teenoor assosiasie. Die tydperk van die Tweede Wêreldoorlog het 'n stryd om legitimiteit tussen Hertzog en Malan geword. Cillié meen dat Malan met sy inwaartsheid die veld behou het vanweë die oorlog en die verdwyning van genl Hertzog van die politieke toneel.

## MALAN SE PREMIERSKAP

By die stembus in 1948 het die Nasionale Party onder dr Malan onverwags vir Smuts en sy Suid-Afrikaanse Party verslaan. Met sy premierskap het hy terselfdertyd die sentrale figuur geword in die formulering en uitvoering van die apartheidsbeleid. Hierin was hy onder groot druk van veral JG Strijdom, HF Verwoerd, P Sauer en TE Dönges. Vanaf 1948 het die Suid-Afrikaanse politiek 'n kleurdimensie gekry wat uiteindelik tot die isolasie van die land en die kerk gelei het.

Ná 1948 was daar 'n tendens onder kerkleiers om hulle tot die politiek te wend. Só was daar dr AP Treurnicht en dr WGJ Lubbe, albei predikante wat ook redakteurs van *Die Kerkbode* was. Dr Dawie de Villiers, predikant en Springbokkaptein, was later ook 'n kabinetslid. Daar het dus 'n nouer band tussen die regering en veral die NG Kerk ontwikkel – in so 'n mate dat daar dikwels spottenderwys na die kerk verwys is as die Nasionale Party in gebed.

Dr Malan het in 1952 in sy boodskap by die Van Riebeeckfees van die 'blanke volksplanting' gepraat. In dieselfde jaar het prof Ben Marais gewaarsku dat die kleurkwessie 'dinamiet' gaan word, soos die geval vroeër was met slawerny. Op die internasionale front is konnotasies van rassisme, kolonialisme en diskriminasie spoedig gekoppel aan apartheid (later versag tot afsonderlike of eiesoortige ontwikkeling).

DF Malan, enigste NG predikant wat regeringshoof geword het, sal in die geskiedenis onthou word as die persoon wat, in die woorde van GW Brink, 'n teologiese kenner oor Malan, soos 'n Nehemia die Afrikanerdom help herbou het. Daarnaas sal sy naam egter ook voortleef as die grondlegger van die apartheidsbeleid, wat later deur ander verfyn is. Dat apartheid sedert 1948 'n uiters negatiewe invloed op menseverhoudings in Suid-Afrika gehad het, word vandag allerweë aanvaar.

JOHAN BOTES

1. *Dr DF Malan lewer sy bekende toespraak 'Afrikaner,* quo vadis?' *tydens die inwyding van die Voortrekkermonument op 16 Desember 1949.* BURGER-VERSAMELING: NASIONALE BIBLIOTEEK VAN SA
2. *Die inwyding van die Voortrekkermonument op 16 Desember 1949 is deur sowat 250 000 mense bygewoon. Die amfiteater is op die voorgrond, met die monument, wat deur Gerard Moerdijk ontwerp is, en 'n deel van die tentedorp op die agtergrond.* BURGER-VERSAMELING: NASIONALE BIBLIOTEEK VAN SA
3. *Tydens 'n besoek van dr en mev HF Verwoerd en hulle seun Wynand aan dr en mev DF Malan op Môrewag op Stellenbosch. Dit was kort nadat dr Verwoerd op 3 September 1958 vir dr Malan as premier opgevolg het.* BURGER-VERSAMELING: NASIONALE BIBLIOTEEK VAN SA
4. *Dr DF Malan as redakteur van Die Burger. Hy het van 1915 tot 1923 dié pos beklee.* BURGER-VERSAMELING: NASIONALE BIBLIOTEEK VAN SA
5. *Dr Andries en mev Engela Treurnicht tydens 'n parlementsopening. Dr Treurnicht was, soos dr Malan, 'n prominente NG predikant wat tot die politiek toegetree het. Hy was onder meer kabinetslid en stigter van die Konserwatiewe Party.* BURGER-VERSAMELING: NASIONALE BIBLIOTEEK VAN SA



2




3





4·5


1


2

# 1952. Die Van Riebeeckfees – volksfees of kerkfees?

Die 350ste herdenking van die Nederduitse Gereformeerde Kerk se ontstaan val noodwendig saam met die herdenking van die aankoms van Jan van Riebeeck in 1652. Dit bring verskeie vrae ter sprake. Wat kan byvoorbeeld as die stigtingsdatum van die NG Kerk in Suid-Afrika beskou word? In watter mate het eeufeesherdenkings die verhouding tussen die kerk en die staat weerspieël, veral met die landswye Van Riebeeckfees van 1952?

Die kern van die betekenis van die jaar 1652 vir die kerk word op 'n gedenkplaat by die Sinode-gebou in Kaapstad vervat: 'Die Nederduitse Gereformeerde Kerk voer sy ontstaan terug tot die aankoms van Jan van Riebeeck aan die Kaap op 6 April 1652.' Dié dag is, soos die plaket lui, 'n dag van 'kerkplanting'.

Vir die NG Kerk was dit daarom die dag van die vestiging van die Protestants-gereformeerde geloof, wat onuitwisbaar deel van die Suid-Afrikaanse samelewing sou word. Buiten die uitbreiding van die VOC se handel, wat uit die opkomende ontdekkingsdrang van die Renaissance voortgevloei het, was die Christelike 'religie' sterk op die voorgrond. Die VOC-amptenare moes aan die kerk 'n vaste staanplek in die nuwe nedersetting help gee in 'n tyd toe daar min verskil tussen kerk en staat was.

## HERDENKINGS DEUR DIE EEUE

Dat die NG Kerk vroeg reeds 6 April 1652 as ontstaansdatum herdenk het, blyk onder meer uit die aandag wat dié datum deurlopend gekry het. Op 6 April 1652 het Jan van Riebeeck hom reeds plegtig verbind om dié dag as 'een vastblijven danck- en bededach' af te sonder.

Ná 100 jaar, in 1752, is 'n belangrike kerkherdenking gehou. Ds Petrus van der Spuy, die eerste Suid-Afrikaans gebore predikant, het op 8 April die feesrede gelewer. Sy teks was Psalm 147:12–14. Sy boodskap met die tema 'Dankaltaar, Gode ter eere opgericht', was 'n kerklike woord en die herdenking 'n kerklike saak.

Daar was destyds onverbloemde aanvaarding van en onderwerping aan wat die gereformeerde staat genoem is. Daar was lof vir die 'uitnemende regeerstyl' van die VOC en die hoop is uitgespreek dat 6 April tot openbare vakansiedag verklaar sou word. Die gepubliseerde gedenkrede van Van der Spuy was waarskynlik die eerste bydrae tot die Suid-Afrikaanse kerkgeskiedskrywing.

In 1852 is met dankbaarheid op twee geseënde eeue teruggekyk. By die gedenkdiens in die Groote Kerk op Dinsdag 6 April 1852 was daar 'n historiese oorsig en beskrywing wat beskou kan word as die ontkieming van die saadjie wat in 1752 geplant is. Die prediker was dr Abraham Faure en sy teks Psalm 68:32. Daar was weer eens slegs 'n kerklike woord by die herdenking! As gekyk word na die temas in Faure se feesrede, is dit duidelik dat die Kaapse Kerk in die voorafgaande 200 jaar aan sy eie geskiedenis beslag gegee het. Verwysings na die ontwikkeling van die kerk, die Hugenote en pleidooie vir 'n kweekskool was deurweef met die versugting om van die staat bevry te word.

## DIE VAN RIEBEECKFEES VAN 1952

In 1952 was die saak anders, toe kerk en staat mekaar se hande gevat het. 'n Sentrale feeskomitee is saamgestel onder voorsitterskap van dr AJ van der Merwe, jare lange leraar van




3

1. *'n Replika van die Drommedaris wat in 1952 vir die Van Riebeeckfees gebou is. Die hooffees in Kaapstad het bestaan uit tentoontellings, voorstellings, optogte, gedenkdienste en kultuurherdenkings. Tien spesiaal geboude poskoetse na die voorbeeld van die ossewaens in 1938 en die rapportryers van 1949 het uit verskillende landstreke na Kaapstad gereis.* BROSJURE: DIE FEES IN BEELD
2. *Die standbeeld van Jan van Riebeeck, 1911. Dit is deur Cecil Rhodes aan die Suid-Afrikaanse nasie geskenk.* ERKENNING: N WORDEN
3. *Voorblad van die gedenkboek van die NG Kerk wat in 1952 onder redaksie van prof TN Hanekom gepubliseer is. Dit toon die embleme van die destydse vier provinsiale sinodes van die NG Kerk.*
4. *Titelblad van die gedrukte feesrede van ds Petrus van der Spuy op 8 April 1752 – 100 jaar ná die aankoms van Jan van Riebeeck. In sy dagboek op 6 April 1654 was daar reeds melding van 'n besluit om dié dag 'tot Godes eere met dancksegginghen te vieren ende voor altijt tot een vastblijvenden danck- ende bededacht in te stellen'. Die gelofte van Sarel Cilliers van 1838, herinner sterk aan Van Riebeeck se 'gelofte'.*

die Groote Kerk. Die Van Riebeeckfees was in wese 'n kultuur- en volksfees, waarby die kerk volledig geïntegreer is. Dr Van der Merwe was op 6 April in die Groote Kerk die feesprediker by die nasionale gedenkdiens en sy teks was Psalm 16:6: 'Die meetsnoere het vir my in lieflike plekke geval, ja, my erfenis is vir my mooi.' Met 'Ons groot erfenis' as tema het Van der Merwe in sy preek gesê dat met die koms van Van Riebeeck 'hier 'n volk gebore is met 'n eie siel ... 'n eie bestemming'.

Teen die agtergrond van die Nasionale Party se oorwinning van 1948 en die stuwende volksgevoel wat 'n sterk inwaartse fase ingelui het, het Van der Merwe se boodskap deel van die nasionale dekor van sy tyd gevorm. Hy het op genuanseerde wyse die teologiese stutwerk vir die godsbestemming van die volk voorsien.

Dr Van der Merwe het hom óók ten opsigte van 1652 georiënteer, maar anders as sy voorgangers met die worstelinge van hulle tyd in 1752 en 1852, was dit nie die kerk wat voorop gestaan het nie. Volgens hom het die kerk die reg gehad om met die Van Riebeeckfees mee te spreek omdat hy 'n aandeel 'in die verlede aan die proses van ons nasiewording gehad het'.

Moontlik was dit die volkskarakter wat al sterker aan die NG Kerk begin kleef het, en ook die vervloeiing van die grense tussen kerk en staat wat die behoefte aan 'n herdenking in 1965 gevoed het. Die koms van die eerste predikant van die Kaapse Kerk in 1665 was dus 'n gerieflike kapstok vir nog 'n 300-jarige fees. By dié geleentheid het die ds HC Hopkins se gedenkboek *Die Moeder van ons almal,* verskyn. Daar was duidelik 'n behoefte aan kerklike verantwoording, wat nie met die fees van 1952 tot sy reg gekom het nie.

Die Van Riebeeckfees is in Nederland met gemengde gevoelens ontvang. Die Suid-Afrikaanse politiek het die Nederlandse pers toe reeds teen die bors gestuit. Dit was 'n voorloper van die felle apartheidstryd wat in die volgende dekades sou ontwikkel.

NP van Wyk Louw se feesdrama in 1952, *Die Vonnis,* het gehandel oor Van Riebeeck se 'vermorste jare aan die Kaap'. Dit doen egter geen afbreuk aan die betekenis van die gebeure van 6 April 1652 nie, gebeure waarvan die nagevolge steeds uitkring, en 'n krag en invloed op die Suid-Afrikaanse samelewing uitoefen. Dit word weer gemanifesteer deur die herdenkings van 2002.

JOHAN BOTES

4


DANK-ALTAAR,
GODE TER EERE OPGERICHT;
OF
EENE PLEGTIGE
REDENVOERING,
TER GELEGENTHEID
Van 's Ed. Comps Hondert Jaarige Possessie
des GOUVERNEMENTS van
CABO DE GOEDE HOOP,
In eene Verklaaring, en Toepassing van
Ps. CXLVII. vers 12, 13, en 14.
*Uitgesprooken den 8. April des Jaars 1752.*
DOOR
PETRUS VAN DER SPUY,
*Bedienaar des H. Euangeliums aan*
CABO DE GOEDE HOOP.

*Te UTRECHT,*
By GYSB. TIEME VAN PADDENBURG,
EN
ABRAHAM VAN PADDENBURG,
Boekverkopers, 1753.



1

# 1957. 'n Kerk vir die land van die Namib

Op 5 Maart 1957 het 27 NG gemeentes in Suidwes-Afrika (die huidige Namibië) in Windhoek vergader. Hulle het die verklaring van dr JD Vorster, aktuarius van die Kaapse Sinode, aangehoor: '(Ek) verklaar nou ... dat die gemeentes van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suidwes-Afrika 'n selfstandige kerk, die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suidwes-Afrika is ... en dat die NG Kerk in SWA vanaf hierdie historiese moment as sodanig sy werksaamhede ... en roeping sal vervul.'

### 'N BRAAKLAND VIR BARMHARTIGHEIDSDIENSTE

'n Klompie NG gemeentes het in 'n vreemde land op eie versoek 'n selfstandige sinodale kerkverband gevorm, om dié uitgestrekte land en sy mense op 'n wye front te kon dien. Dit was nadat hulle vir baie jare by die Kaapse Sinode ingeskakel was.

Voorheen was die Suidwesters via die Kaapse Sinode by sinodale aksies soos die sending in Masjonaland, Nigerië en Niassaland en by Kaapse barmhartigheidsdienste soos kinderhuise, ouetehuise en skole vir buitengewone onderwys betrokke. In Suidwes-Afrika was geen dienste van hierdie aard nie, wat natuurlik onbevredigend was. Gemeentes het op klein skaal met aksies begin, soos die Kleurlingwerkkring op Mariental. Daar is ook 'n driehoek-ooreenkoms met die Rynse en Finse sendings aangegaan om die salarisse van evangeliste vir die bearbeiding van die Ovambo-trekarbeiders te voorsien.

Vanaf 1940 het die SWA-gemeentes in 'n eie ringsverband byeengekom en onmiddellik begin aandag gee aan plaaslike behoeftes. Met die totstandkoming van 'n tweede ring, was die gemeentes egter weer sonder 'n onderlinge plaaslike verband. Vir enige aksie wat die ringe gesamentlik wou onderneem, moes die saak eers by elke ring afsonderlik goedgekeur word en dan vir uitvoering aan 'n interringse raad of skakelkommissie opgedra word.

Toe die ringe byvoorbeeld in 1954 met 'n daadwerklike NG sending in die Kaokoland begin het, moes 'n Suidwessendingraad daarvoor gestig word. Toe binnelands groot probleme ondervind is met wetgewing oor openbare sedelikheid (drank, nudisme, bordele en Sondagontheiliging), en met onderwysaangeleenthede (ouerseggenskap en moedertaalonderrig), moes skakelkomitees saamgestel word om die kerk se stem hoorbaar te maak. Dieselfde het vir die barmhartigheidsdienste gegeld. Die omvang van die taak word geïllustreer deur die antwoord op die ringe se poging om maatskaplike dienste in vennootskap met die staat in die land gevestig te kry: die enigste maatskaplike probleem in die land was tog net die stokkiesdraaiery by die skole – en dáármee kon 'n onderwyser help!

In 'n pioniersland waar aan alles nog vorm gegee moes word, was 'n kerkverband vir beplande, doelgerigte eenheidsoptrede in die braakland van Suidwes-Afrika gevolglik dringend noodsaaklik. Daarom het die gemeentes en ringe van Suidwes aan die Kaapse Sinode van 1953 'n selfstandige sinode gevra, wat op 5 Maart 1957 in Windhoek 'n werklikheid geword het.

### DIE KAMEELDORING GEDY

As daar ooit 'n 'dag van kleine dinge' was, 'n oomblik van waagmoed en 'n geloofsdaad, was dit sekerlik dié gebeurtenis. Die betrokke 27 gemeentes was verspreid oor 'n gebied twee derdes so groot soos die Republiek van Suid-Afrika. Die standaardvereiste vir gemeentestigting in Suidwes-Afrika was dat 'n voorgestelde gemeente se oppervlakte tog net nie groter as dié van die Oranje-Vrystaat (60 000 vierkante myl) moes wees nie!

Oor hierdie groot gebied was die lidmate yl verspreid in gemeentes wat in wyke gefunksioneer het. Slegs vyf van die gemeentes het al oor eie kerkgeboue in 'n sentrale wyk beskik. Die ander het hoogstens 'n saaltjie gehad vir elke wyk

– of anders het hulle in skoolgeboue, in private huise of onder bome byeengekom. 'n Ouderling het getuig dat hy nog nooit in 'n kerkgebou met 'n toring aanbid het nie. Verskeie van die 27 gemeentes se getal lidmate was minder as 200. En tog het hulle 'n sinode gestig - met 'n reuse-taak maar sonder enige eiendom of fondse en sonder kantore of personeel.

Die koste van die eerste vergadering is uit beskeie ringsfondse gedek. As bruidskat sou £5 000 oor 'n tydperk van drie jaar oorbetaal word. Die nuwe sinode moes, daarteenoor, nog vir die eerste jaar ná afstigting sy volle kwota heffinge, sinodale kollektes en sy sendingaandeel aan die Kaapse Sinode oorbetaal. Hierna moes vir die volgende twee jaar onderskeidelik twee derdes en een derde daarvan (altesaam vyf keer soveel as die 'bruidskat') betaal word. Toe daar aan een van die senior predikante van destyds gevra is, 'Hoe het julle dit reggekry?' was sy antwoord: 'Ons was in die posisie van 'n jong boertjie wat vir sy toekoms 'n eie grondjie moes hê – ten alle koste!'

Daardie boompie – waarvan die kameeldoring op die embleem van die Sinode van Namibië steeds 'n gepaste simbool is – het gegroei en staande gebly. Sy sendingarbeid het uitgebrei tot alle bevolkingsgroepe. Die lidmate en gemeentes wat uit hierdie sendingaksie gebore is, het uiteindelik 'n tuiste gevind óf in die Verenigende Gereformeerde Kerkverband, óf by die NG Sinode van Namibië, soos in die geval van vyf gemeentes vir inheemse gemeenskappe. Die NG Kerk gaan in die land van die Namib ook nog voort met sy eie sendingaksies. Sy barmhartigheidsdienste beskik oor 'n landwye netwerk van gesinsorgdienste met maatskaplike en geesteswetenskaplike werkers en drie ouetehuise, 'n kinderhuis, 'n versorgingsoord en 'n jeugsentrum. Daar is ook die bediening aan alkohol- en dwelmverslaafdes, uitreik-aksies en die oprigting van kampterreine.

Op ekumeniese vlak en in kerk-staat-verhoudinge word die profetiese stem van die NG Kerk in Namibië onmiskenbaar vanuit die gereformeerde tradisie gehoor. Die sinodale kantore met amptenary en personeel word in 'n vyfverdieping-kerksentrum met 'n sinodale saal en argief gehuisves. Gemeentelike ontwikkeling het nie agtergebly nie en op een na het alle gemeentes nou doelmatige kerkgeboue.

Die NG Kerk is in Namibië gevestig en is besig om op skriftuurlik-gereformeerde wyse sy 'werksaamhede en roeping (te) vervul' - soos met sy stigting in die vooruitsig gestel is.

THYS NIEUWOUDT



2

1. *'n Erediens onder 'n kameeldoringboom op Geloftedag, 1916. Die geharde kameeldoring vorm, saam met die opkomende son, die embleem van die NG Kerk in Namibië.* MM NIEUWOUDT
2. *Eerw (later ds) EJ Leonard (1884-1939). Hy was grondlegger van die NG Kerk in die destydse Duitswes-Afrika en het die kerk van 1909 tot 1939 bedien. Hy was bykans tien jaar lank die enigste predikant in die hele gebied. Die dorpie Leonardville is na hom genoem.*
3. *'n Opelugdiens op Strydfontein tydens 'n besoek van ds JH Hugo, 1908.* MM NIEUWOUDT
4. *Eerste sinode van die NG Kerk in Suidwes-Afrika, Maart 1957.* NG KERK IN NAMIBIË


## SINODE VAN MIDDE-AFRIKA

Die Sinode van Midde-Afrika (SMA van die NG Kerk) is in 1957 as streeksinode van Transvaal gestig. Dit is sedert 1962 'n deelnemende sinode van die Algemene Sinode en het aanvanklik 29 gemeentes met 11 834 lidmate in die huidige Zimbabwe en Zambië, asook Oos-Afrika gehad. Vanweë die onafhanklikwording van die betrokke lande en emigrasie het dié sinode in 2002 slegs 2 057 lidmate.

3 4








1

# 1960. Die Cottesloe-beraad

Die Cottesloe-beraad, wat van 7 tot 14 Desember 1960 in Johannesburg gehou is, het 'n tyd van spanning ingelui – 'n spanning wat die kerke nie onaangeraak gelaat het nie.

In dié tyd is Suid-Afrika se rassebeleid onder 'n vergrootglas geplaas. Daar was rassekonflik in Sharpeville, Langa en ander swart woonbuurte wat tot groot onrus én lewensverlies onder swart mense gelei het. Kerklidmate van onder meer die NG Kerk, toegerus met vuurwapens, het snags kerkgeboue bewaak en vroue het sop en toebroodjies vir die 'nagwagte' voorsien.

Die Britse premier, Harold Macmillan, het sy bekende 'winde van verandering'-toespraak op 3 Februarie 1960 gelewer. Daar was in dieselfde jaar 'n sluipmoordaanval op dr HF Verwoerd. Bruisende Afrikaner-nasionalisme het gelei tot 'n oorweldigende ja-stem oor Republiekwording op 5 Oktober 1960. Die skrif was aan die muur vir Suid-Afrika se bande met die Statebond. Die ANC en PAC is ook te midde van 'n noodtoestand verban.

Die kerklike toneel was destyds nie minder gekompliseerd en verwikkeld nie. Die NG Kerk het 'n gunstelingposisie by die staat geniet. In 1952 het kerk en staat saam fees gevier. Op 28 Maart 1959 was dr HF Verwoerd die hoofspreker by die Gereformeerde Kerke se eeufeesvierings. Hy het by dié geleentheid gesê dat in 'n tyd van groot veranderinge, 'geanker in ons volk ... geanker in ons kerk ... sal kerk en staat weer hand aan hand ook daardie sware, kommervolle toekoms help mooi maak'. Maar sou dit?

### SUID-AFRIKAANSE KERKE BYEEN

In hierdie klimaat en konteks het die Cottesloe-beraad op inisiatief van die Wêreldraad van Kerke plaasgevind. Binne kerklike geledere was daar spanning, veral tussen die Afrikaanse kerke en ander Suid-Afrikaanse kerke. Die Kaapse en Transvaalse sinodes van die NG Kerk, asook die Nederduitsch Hervormde Kerk, was toe nog lede van die Wêreldraad.

Memoranda is deur die afvaardigings van die Transvaalse en Kaapse NG Kerk by die ekumeniese beraad voorgelê. Hierdie memoranda is deur kundiges op verskillende gebiede voorberei, hoewel dit nie sinodale goedkeuring gehad het nie. Die finale verklaring van die kerkeberaad getuig uiteindelik van 'n goeie verstandhouding en eenstemmigheid oor sekere kernsake tussen die verskillende kerke. Die voorleggings van die NG afvaardigings het 'n groot bydrae tot hierdie verklaring gelewer, soos blyk uit die feit dat dit in 'n groot mate op hierdie dokumente gebaseer was.

Die Cottesloe-verklaring sluit onder meer die verwerping in van onbillike diskriminasie en bevestig die reg van permanente inwoners van alle rasse om as inheems beskou te word. Die liggaam van Christus is ook as 'n eenheid aanvaar en niemand wat in Hom glo, kan op grond van ras of kleur van enige kerk uitgesluit word nie. Hierbenewens is grondbesitreg erken en die noodsaak van gesamentlike getuienis oor gemeenskaplike sake. Tog het die afgevaardigdes van die NG Kerk apartheid nie prysgegee nie.

Wat is dan die betekenis van die eindresultaat? Die algemene sekretaris van die Wêreldraad van Kerke, WA Visser 't Hooft, het hierna gemeen dat daar 'n verskuiwing van beginsel na metode plaasgevind het. Dit het beteken dat as apartheid, gesien as metode, êrens sou faal of op punte onreg meebring, daar 'n hersiening of aanpassing van die metode moes wees. Apartheid as beginsel het ook hier begin vervaag.

### 'N OOMBLIK VAN WAARHEID

Ná afloop van die beraad is die afgevaardigdes van die NG Kerk geïsoleer – iets wat reeds begin het met die afgevaardigdes van die Hervormde Kerk se distansiëring van die Cottesloe-besluite. In sy nuwejaarsboodskap van 1961 het Verwoerd ook met 'n hamerslag gereageer. Hy het die mandaat van die NG Kerk se afgevaardigdes betwyfel en daarmee beroering in dié kerk veroorsaak wat gelei het tot die stelselmatige afsondering van baie persone wat by Cottesloe betrokke was.

Die daaropvolgende sinodes van die NG Kerk in 1961 het die Cottesloe-verklaring verwerp en die kerk het die geledere agter die volk gesluit. En só was die 'volk' weer eens bepalend in 'n baie strategiese moment van die geskiedenis van die kerk. Die implikasies van hierdie kerklik-ekumeniese episode was veelkantig. Die NG Kerk het met goeie bedoelings en al, finaal 'n etiket as apartheidsvennoot en apartheidskerk gekry. Die getuienis van die kerk is geneutraliseer en het dermate met sy omgewing versmelt dat daar in 'n krisistyd nie genoeg afstand was om werklik rigting te gee nie.

Terugskouend was die Cottesloe-beraad vir die NG Kerk 'n oomblik van waarheid, waar die kerk kon kies om volgens die wese van die kerk uit te reik, te luister, te reformeer en te bekeer. Die nawerking van Cottesloe in kerkge-

Iedere kon egter nie gestuit word nie. Die debat wat met Cottesloe aan die orde gestel is, het onherroeplik verskuif van 'die siel van die volk' (AJ van der Merwe) na die hart van die kerk.

By Cottesloe het dit in wese gegaan oor wat bepalend vir die kerk en sy optrede is. Dit is 'n tema wat hierna deurlopend die agendas van die kerk sou haal en bepaal. Dit sluit kerklike beleidstukke in soos *Ras, volk en nasie* (1974) en *Kerk en samelewing* (1986).

Die toespraak van president FW de Klerk op 2 Februarie 1990, presies 30 jaar ná Macmillan se optrede, was 'n ingrypende staatkundige keerpunt. Vir die NG Kerk het die waterskeiding eers gekom met die besluit van die Algemene Sinode van 1990 in Bloemfontein dat die kerk 'die ideaal van een kerkverband tussen die familie van NG Kerke onderskryf'. Ds Kobus van der Westhuyzen het sy voorstel by dié geleentheid gemotiveer deur te sê dat na soveel jare die NG Kerk nie kon bekostig om langer aan een kant van die drif te staan nie. 'Dit is nou die oomblik om deur die rivier te gaan.'

Dit was die begin van 'n nuwe tydperk vol uitdagings vir die NG Kerk, al sou daar nog baie driwwe wees om deur te gaan!

JOHAN BOTES

1. *Dr AH Lückoff het die beslissende Cottesloe-beraad met sy boek* Cottesloe *(1978) in perspektief probeer plaas.*
2. *Gespanne verhoudings onder leiers van die NG Kerk en Anglikaanse Kerk, 1958. Vlnr is biskop Bill Burnett, aartsbiskop Joost de Blank, ds PSZ Coetzee, ds AM Meiring, biskop Ambrose Reeves en ds CB Brink.*
   BURGER-VERSAMELING: NASIONALE BIBLIOTEEK VAN SA
3. *Dr AJ van der Merwe oorhandig 'n amptelike Bybel aan dr HF Verwoerd, 1961 – simbolies van die destydse noue verbondenheid tussen kerk (NG Kerk) en staat (Nasionale Party).*
   BURGER-VERSAMELING: NASIONALE BIBLIOTEEK VAN SA
4. *Mnr Nelson Mandela tydens die hoogverraadsaak – 'n tyd van hoogspanning en polarisasie.*
   BURGER-VERSAMELING: NASIONALE BIBLIOTEEK VAN SA

## FEITEFLITS

Volgens prof Willie Jonker in sy boek *Selfs die kerk kan verander,* was die NG Kerk ná die Cottesloe-beraad bereid om op 'n gematigde wyse oor ons land se probleme te oordeel. Dr Verwoerd het egter in sy nuwejaarsrede op 1 Januarie 1961 die Cottesloe-besluite verwerp. Hy het gemeen dat daar genoeg konserwatiewe leiersfigure in die NG Kerk sou wees wat hom steun.



2






3-4

VIERDE ERA

# 1962-2002



Kenmerkend van die vierde era van die NG Kerk se verhaal is nadenke oor wat gereformeerdheid behels en daarmee saam vrae oor die Skrif en Skrifgesag, asook die voortsetting en voltooiing van die NG Kerk se 'reis met apartheid' en deurlopende gesprekke oor kerkeenheid en kerkvereniging.

### GEREFORMEERDHEID - 350 JAAR LATER

Coenie Burger identifiseer in sy boek, *Ons weet aan wie ons behoort. Nuut gedink oor ons gereformeerde tradisie* (2001) vyf dryfvere van die gereformeerde tradisie waaraan die NG Kerk die afgelope 350 jaar meer of minder getrou was, en wat ons opnuut moet ontdek en ons eie maak vir die pad vorentoe:

* *Om te lewe voor die aangesig van God.* 'Die Reformasie was nie in die eerste plek 'n akademiese of teologiese beweging nie; dit was 'n kerkhervormingsbeweging wat God weer sentraal wou stel in die kerk.'
* *Gebondenheid aan die Woord.* 'Die God van Wie ons praat, is die lewende, drie-enige God wat ons in die Bybel leer ken.'
* *Gerigtheid op die lewe.* 'Die God van die Bybel voer ons nie uit die wêreld weg nie, maar rig ons juis daarop.'
* *Bewustheid van ons swakheid.* 'So ernstig en vasberade as wat gereformeerdes was om 'n verskil in die wêreld te maak, so meedoënloos eerlik kon hulle wees oor die gebrokenheid van die lewe en oor hulle eie mislukkings en swakheid.'
* *In die krag van die Gees.* 'Ons kan bekostig om so eerlik oor die lewe en oor ons eie swakheid en sonde te wees, omdat ons weet dat God die Gees se liefde en genade nog groter as ons sonde is.'

### HOE MOET ONS DIE BYBEL LEES?
### WAT IS DIE BYBEL SE GESAG?

Die afgelope dekades is gekenmerk deur ernstige nadenke oor die Bybel. In die jare tagtig het die teenstrydige standpunte oor bepaalde Skrifbeskouings en die Skrifhantering in die NG Kerk juis tot 'n kommissie van ondersoek aanleiding gegee. Daar is gevoel dat die teenstrydige en botsende standpunte van vooraanstaande teoloë oor die Skrif onrus in die breë kerklike lewe veroorsaak en 'n verlammende invloed op die geloofslewe van veral die jeug het. Die NG Kerk se drie teologiese fakulteite is versoek om elk 'n stuk oor Skrifgesag en Skrifgebruik op te stel. Die verwerkte dokument is deur die Algemene Sinode van 1986 goedgekeur en dit vorm die basis van die NG Kerk se amptelike siening oor dié sake. Hierin word onder meer verklaar:

* 'Ons aanvaar dat die Heilige Skrif in sy geheel en verskillende dele die Woord van God is en dat dit onmoontlik is om in die Bybel te skei tussen wat van God en wat van die mens kom, of tussen die inhoud van Gods Woord en die menslike vorm waarin dit tot ons kom.'
* 'Die Bybel hanteer die geskiedenis van God se heilsdade nie op 'n modern-Westerse manier nie, streef nie na wetenskaplike presisie en volledigheid nie en mag daarom nie onderwerp word aan eise wat nie rekening hou met die historiese en kulturele bepaaldheid van die Bybelverkondiging nie.'
* '(Dit gebeur soms) dat mense dit moeilik vind om die menslike karakter van die Bybel te aanvaar, en dit gee aanleiding tot 'n fundamentalistiese houding en hantering van die Bybel, wat nie reg laat geskied aan die eie aard van die Bybel soos dit aan ons gegee is nie.'
* 'Die Bybel het ... in homself gesag, of dit erken word of nie, maar hierdie gesag kom eers in werking ... wanneer die mens deur die werking van die Heilige Gees voor dié gesag gestel word.'

### DIE NG KERK SE REIS MET APARTHEID

In die vierde era van die NG Kerk se verhaal was die kerk steeds onderweg met sy 'reis met apartheid' (in 1997 beskryf in *Die verhaal van die NG Kerk se reis met apartheid: 1960-1994 – 'n getuienis en 'n belydenis*).

Nadat al die sinodes van die NG Kerk die besluite van die Cottesloe-kerkeberaad van 1960 verwerp het, het die NG Kerk met sy studie oor rasseverhoudings in die land voortgegaan. In die jare sestig het die amptelike NG Kerk-siening oor afsonderlike ontwikkeling en dié van die regering van die dag na aan mekaar beweeg. Die NG Kerk was in die jare nadat die Cottesloe-besluite met soveel oortuiging verwerp is, opnuut daarvan oortuig dat apartheid/afsonderlike ontwikkeling die weg is waarlangs die oplossing vir Suid-Afrika se verhoudingsvraagstukke gevind moet word. Daarom is die stryd teen dr Beyers Naude, sy medestanders, die Christelike Instituut en *Pro Veritate,* in dié jare fel gevoer. Daar moet bygevoeg word dat die Christelike Instituut en *Pro Veritate* mettertyd al hoe radikaler en militanter geword het, en dat hulle doen en late met reg gekritiseer kan word.

Oproepe dat die NG Kerk apartheid moes repudieer, was aan die einde van die jare sewentig van die 20ste eeu aan die orde van die dag. Die Sinode van die NG Sendingkerk het hom in 1978 duidelik hieroor uitgespreek. Verdere momentum is verleen deur die Hervormingsdaggetuienis van agt teoloë van die NG Kerk wat met Hervormingsfees 1980 in *Die Kerkbode* gepubliseer is. Dit is gevolg deur *Stormkompas* in 1981, met proff David Bosch en Nico Smith, bekende teologiese kritici van apartheid, onder die skrywers. Die 'Ope Brief aan die NG Kerk' wat met 123 ondertekenaars op 9 Junie 1982 in *Die Kerkbode* gepubliseer is, het aanleiding gegee tot die boek *Perspektief op die Ope Brief.* Daar was ook die besluite van die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke in 1982.

In 1982 het die Sinode van die NG Sendingkerk sy besluit van 1978 herbevestig dat apartheid 'n sonde is, dat die morele en teologiese regverdiging daarvan 'n bespotting van die evangelie is en dat die NG Kerk se volgehoue ongehoorsaamheid aan die Woord van God 'n 'teologiese kettery' is. Die sinode het 'n *status confessionis* oor die kwessie verklaar en begin met die opstel van die Belydenis van Belhar.

Met die aanvaarding in 1986 van *Kerk en samelewing* het die NG Kerk se reis met apartheid stoom verloor, en in die jare negentig skouspelagtig tot stilstand gekom. In die 26 stellings aan die einde van *Reis met apartheid* word onder meer gesê:

* 'Die NG Kerk het baie jare lank alte teoreties na afsonderlike ontwikkeling bly kyk.'
* 'Daar moet teenoor lidmate, oud en jonk, erken word dat die leiding wat kerklike vergaderings ten opsigte van samelewingsake gegee het, in die afgelope dekades soms te kort geskiet het. Daaroor is die NG Kerk diep en opreg jammer.'

## KERKEENHEID, KERKVERENIGING

Die gereformeerde tradisie het 'n diep verbintenis aan die eenheid van die kerk. By die NG Kerk was dié verbintenis die afgelope veertig jaar egter nie altyd ewe sterk nie.

In die era het die NG Kerk se siening hieroor verskeie fases deurgemaak. In 'n stadium is aanvaar dat elke volk sy 'eie' kerk moet hê – veral in navolging van die Duitse sendingkenner, Gustav Warneck. Die gedagte was dat elke kultuur- en taalgroep die evangelie die beste in sy eie kultuurmilieu kan verstaan en daar sy eie kan maak. Dié opvatting word problematies as dit algaande tot isolasie van mekaar en tot eksklusiwiteit lei.

Die NG Kerk het in ooreenstemming met hierdie siening 'dogterkerke' tot stand help bring wat veral vir 'n bepaalde kultuurgroep bedoel was, byvoorbeeld die Reformed Church in Africa vir die Indiërs. Die oortuiging het egter mettertyd posgevat dat sigbare eenheid in die NG Kerkfamilie noodsaaklik is, hoewel dit nog onseker is hoe die eenheidskerk uiteindelik daar sal uitsien sodat eenheid tot sy reg kom sonder om verskeidenheid te minag.

Wat die Afrikaanse 'susterkerke' betref – die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, en die Nederduitse Gereformeerde Kerk - was dit nog altyd die siening van die NG Kerk dat kerkvereniging noodsaaklik is; trouens, dat die voortbestaan van drie afsonderlike kerke met dieselfde belydenisgrondslag en kultuuragtergrond sonde is. Dié siening is nie so sterk deur die ander twee kerke gedeel nie, veral nie deur die Nederduitsch Hervormde Kerk nie. Intussen het verskeie verskilpunte na vore gekom. Daar word tans geprobeer om in die Tussenkerklike Kommissie veral klem te lê op raakpunte. Die noodsaak van vereniging tussen dié kerke is egter met die verloop van tyd enigsins op die agtergrond geskuif.

In die NG Kerkfamilie het talle struikelblokke tot dusver die vordering op die pad na kerkvereniging belemmer. Die Belydenis van Belhar het hierin 'n rol gespeel, asook spanning tussen die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika (VGKSA) en die NG Kerk in Afrika. Daar is egter al meer bemoedigende tekens van vordering met kerkvereniging.


## DADE VAN HOOP

Die NG Kerk het tydens die Algemene Sinode van 1998 besef dat woorde nie meer genoeg is nie, maar dat dade van hoop nodig is om te toon dat die kerk opreg was toe daar op verskillende maniere skuld bely is oor sy aandeel aan apartheid. Dade van hoop moet toon dat verreweg die meeste lidmate van die NG Kerk hierdie land as hulle en hulle nageslag se enigste vaderland beskou en dat hulle saam met die ander inwoners van Suid-Afrika hier 'n toekoms wil bou. Daarom het die NG Kerk met die Jaar van Hoop in 2001 probeer om deur dade eerder as deur woorde – veral met versoening, armoedebestryding en die herstel van morele waardes - 'n verskil te maak.

FRITS GAUM

*Die kruis is jare lank in gereformeerde kringe só met die Rooms-Katolieke Kerk vereenselwig dat hierdie universeel-Christelike simbool nie in die NG Kerk tot sy reg gekom het nie. In die afgelope twintig jaar het daar 'n wending gekom, en tans word die kruis – ten regte – dikwels as simbool in die argitektuur en liturgie van die NG Kerk gebruik. Dié ruwe 'aardse' kruis is ook 'n simbool van die NG Kerk se verbondenheid aan Afrika.*

*FOTO: J OXLEE (SPIX INTERNATIONAL)*




1

# 1962. Een liggaam en een Gees

Die behoefte aan die herstel van die algemene sinodale kerkverband van die NG Kerk, wat in 1862 deur die Loedolff-saak in die Kaapse Hooggeregshof verbreek is, het in die loop van die twintigste eeu al groter geword.

Die Raad van Kerke, wat in 1907 hoofsaaklik as 'n adviserende liggaam tot stand gekom het, het gedurende die vyftig jaar van sy werksaamhede gehelp om die onderlinge band tussen die verskillende provinsiale NG sinodes in stand te hou. Dit het ook die weg help baan op pad na groter eenheid in die NG Kerk. Teen die middel van die twintigste eeu sou hierdie ideaal uiteindelik verwesenlik word.

Intussen het die Afrikanervolk al sterker nasionalistiese en republikeinse gevoelens begin koester en die behoefte aan samehorigheid om verdere ideale te bereik het al sterker geword. Afrikaners was ná die Anglo-Boereoorlog in baie opsigte platgeslaan, maar het in die daaropvolgende dekades deur die prosesse van persoonlike, ekonomiese, politieke en geestelike heropbou gegaan en hulle algaande gevestig as die nuwe politieke mag in die land. Die strewe na 'n 'Afrikanervolkseenheid' waarvoor dr DF Malan hom op politieke terrein beywer het, het 'n kerklike parallel gevind in die soeke na groter kerklike eenheid in die geledere van Afrikaners. In die NG Kerk was dit die ideaal dat die algemene sinodale verband herstel moes word.

## DIE PROSES KOM OP DREEF

Een van die laaste maar ook moeilikste struikelblokke in die proses van hereniging van die NG Kerk was die herroeping van die bekende Ordonnansie 7 van 1843. Alhoewel hierdie ordonnansie in sy tyd groot waarde gehad het, het die herroeping daarvan nou byna vanselfsprekend geword. Dit het egter intussen die krag van 'n wet behou en kon alleen by wyse van 'n parlementêre akte herroep word. Die herroeping van Ordonnansie 7 van 1843 sou egter nie enige verandering in die leer, organisasie of regering van die NG Kerk noodsaak nie.

Die Kaapse Sinode van die NG Kerk het reeds in 1953 besluite geneem wat die weg berei het vir die herroeping van dié ordonnansie en dit is uiteindelik herroep deur 'n private wet op die NG Kerk wat op 3 Maart 1961 sonder teenstem in die Parlement aanvaar is. Die Goewerneur-generaal van Suid-Afrika het dus Wet 22 op 27 Maart 1961 onderteken.

Die weg was nou gebaan vir die Kaapse Sinode om op die grondslag van 'n gemeenskaplike konsep-kerkorde met die ander NG sinodes in een sinodale verband te tree. Gedurende die sewe-en-twintigste vergadering van die Raad van Kerke in Maart 1961 is volmag aan die Moderatuur gegee om die nodige praktiese reëlings te tref in verband met die ontbinding van die Raad en die oordrag van sy funksies, eiendomme, fondse en ander verpligtinge aan die Algemene Sinode. Gedurende 1960 en 1961 het die onderskeie sinodes die konsep-kerkorde met enkele wysigings aanvaar en formeel besluit om tot een algemene sinodale verband toe te tree.

Die Moderamen van die Raad van Kerke het die opdrag ontvang om saam met die lede van die vyf moderature van die konstituerende sinodes die leiding te neem om die eerste vergadering van die Algemene Sinode byeen te roep en die agenda voor te berei. Op 24 Mei 1962 is 'n voorbereidende vergadering in Pretoria gehou en daar is besluit dat 'n konvensie in Kaapstad sou plaasvind.

## 'N HONDERD JAAR LATER – 14 OKTOBER 1962

Dié konvensie het in die destydse Hugenote Gedenksaal in Kaapstad byeengekom. Prof EP Groenewald, die voorsitter van die Raad van Kerke, het die konvensie geopen. Die skriba van die Raad van Kerke het as skriba van die konvensie opgetree en na afloop van die konvensie het die aanwesige lede van die Raad van Kerke vergader om die Raad te ontbind.

Altesaam 450 predikante en ouderlinge uit al vyf provinsiale sinodes van die NG Kerk (die destydse Kaapprovinsie, Oranje-Vrystaat, Natal, Transvaal en Suidwes-Afrika) het na afloop van die formele opening die vergadering gekonstitueer. Die konvensie het vervolgens die konsep-kerkorde behandel en aanvaar, en die amptelike kerknaam – die Nederduitse Gerefor-



2

1. *Die amptelike seël van die NG Kerk in die tradisionele Protestantse sirkelvorm. In dié ontwerp deur C Pama is daar sewe brandende kerse (Op 1:12) en 'n neerdalende duif (Matt 3:16). Dié posseël is in 1965 uitgegee ter herdenking van die 300-jarige bestaan van die eerste selfstandige gemeente van die NG Kerk.* SA FILATELIEDIENS
2. *Prof EP Groenewald spreek die konvensie vir die totstandkoming van 'n Algemene Sinode van die NG Kerk in 1962 in Kaapstad toe, met ds AJV Burger by hom. Prof Groenewald, destydse voorsitter van die Raad van Kerke, het as voorsitter van die konvensie opgetree.* FOTO: DIE BURGER
3. *Die Moderatuur van die eerste Algemene Sinode van die NG Kerk, 1962. Vlnr dr JD Vorster (aktuarius), ds PSZ Coetzee (assessor), dr AJ van der Merwe (moderator) en ds AJV Burger (skriba).* NG KERKARGIEF, PRETORIA
4. *Die ingangsportaal van die Hugenote Gedenksaal in die NG Kerksentrum, Kaapstad. Die Algemene Sinodes van 1974 en 1986 het in dié sinodesaal vergader.* DIE KERKBODE
5. *Die Moderatuur van die Algemene Sinode van 1998. Vlnr ds Cassie Carstens (skriba), dr Mike Smuts (assessor), prof Pieter Potgieter (moderator) en prof Pieter Coertzen (aktuarius).* DIE KERKBODE


meerde Kerk – goedgekeur. Hierna het die Algemene Sinode tot stand gekom, toe die Raad van Kerke amptelik ontbind is. As Moderatuur is verkies dr AJ van der Merwe (moderator), ds PSZ Coetzee (assessor), dr JD Vorster (aktuarius) en ds AJV Burger (skriba).

Die amptelike opening van die eerste Algemene Sinode het op 14 Oktober 1962 in die Groote Kerk plaasgevind – presies 'n honderd jaar na die historiese hofuitspraak. Prof Groenewald, laaste voorsitter van die Raad van Kerke, het uit Sag 6:13 gepreek. Dit was dieselfde tekswoorde wat ds Andrew Murray jr op 14 Oktober 1862 by die sinodesitting in dieselfde kerkgebou gebruik het. Sy treffende woorde by dié geleentheid vind tot in ons tyd weerklank en het relevansie vir die verenigingsproses van die NG Kerkfamilie: Ons vergader hier 'om te getuig: waarlik die Here het in ons midde sy kerk gebou, en Hy het hieruit vir Hom heerlikheid berei'.

Die verwesenliking van die langgekoesterde ideaal van 'n algemene sinodale verband het op gepaste wyse gestalte gekry in die leuse van die Algemene Sinode, soos dit op sy kerkseël verskyn: 'Een liggaam en een Gees' (1 Kor 12:13).



3





4-5

HOFFIE HOFMEYR
(IN OORLEG MET EVERT GROENEWALD)



1

# 1963. Die NG Kerk in Afrika

Die NG Kerk het met verloop van tyd in afsonderlike kerkverbande in die destydse vier provinsies van Suid-Afrika, Suidwes-Afrika asook Noord- en Suid-Rhodesië bestaan en gewerk, hoewel dié kerke geestelik, histories, deur belydenis, kerkregering, liturgie en spiritualiteit ten nouste aan mekaar verbonde was. Die Federale Raad van NG Kerke het as oorkoepelende en konsulterende skakel tussen die sinodes gedien.

Die afsonderlike kerke het in eie kring, in eie gebied en in groot dele van Suidelike Afrika, tot so ver as die Soedan en Nigerië, met groot vrug sendingwerk gedoen. Selfstandige gemeentes het oral ontstaan wat dikwels tot selfstandige kerke onder die vaandel van die NG Kerk gelei het.

Tussen 1881 en 1957 het daar sodoende tien selfstandige 'sendingkerke' tot stand gekom. Ses van dié kerke is in Suid-Afrika gevestig en vier buite ons grense. Die vier buitelandse kerke wat diep spore getrap het, was:
* Die Kerk van Midde-Afrika (Presbiteriaans), saam met Skotse sendelinge (1926).
* Die NG Sendingkerk van die OVS in Rhodesië (tans Zimbabwe) in 1943.
* Die Shona-Gereformeerde Kerk in die huidige Zimbabwe (1952).
Die NG Kerk in Benue, Nigerië (1956)

SOEKE NA GROTER EENHEID

Daar was oor die algemeen beperkte finansies asook min regstreekse skakeling, min leiding, min beplanning, min koördinering en min sprake van 'n sendingbeleid tussen die kerke onderling. Die Federale Raad van NG Kerke het wel in 1925 'n Commissie over Naturellen-Zaken gestig om te help met die organisasie en koördinasie van sendingwerk deur die verskillende provinsies. In 1938 is ook besluit om die Federale NG Sendingraad te stig om die werksaamhede van die Commissie oor te neem en uit te brei. Dié Raad het in 1942 met sy werksaamhede begin, met *Op die horison* as mondstuk (sedert 1943).


Van die Suid-Afrikaanse kerke met NG Kerk-bande het in die vyftigerjare van die twintigste eeu by die Wêreldraad van Kerke aangesluit. Daar was dus kerklike skakeling op wêreldvlak, maar nie in Suid-Afrika nie. Sedert 1955 het die Federale Raad hom wel begin beywer vir groter eenheid onder die onderskeie NG Sendingkerke. Ná verskillende pogings, is daar in 1960 'n Raad van Kerke van gereformeerde belydenis in Suider-Afrika gestig, wat in 1964 omskep is in die Federale Raad van NG Kerke.

Tot die 1950's het skakeling met die sogenaamde 'jongkerke' (die sendingkerke) goed gefunksioneer. Hierna



2

3





4



5

1. *'n Onlangse sinodesitting van die NG Kerk in Afrika.* DIE KERKBODE
2. *Die Sendingsinode van 1916.* D BOTHA
3. *Die mediese sending speel dikwels 'n belangrike rol. Met verloop van tyd het talle sendinghospitale in verskillende dele van Suid-Afrika en in die buiteland tot stand gekom waar die Woord aan pasiënte verkondig is.* NG KERKARGIEF, PRETORIA
4. *Mnr Justus Tshungu, brugbouer van die destydse NGKA. Hy is reeds bykans 20 jaar by Radiokansel betrokke en was ook 'n pionier-omroeper by die voormalige Radio Bantoe.* DIE KERKBODE
5. *'n Evangelis en sy gesin in die Makhatini-gebied in KwaZulu-Natal.* KOMMISSIE VIR GETUIENISAKSIE, KAAPSTAD
6. *Ds ETS Buti (1910-1979) het in 1975 die eerste Swart leraar geword wat tot moderator van die Algemene Sinode van die NG Kerk in Afrika verkies is.* NG KERKARGIEF, PRETORIA
7. *Ds SS Tema, eerste swart predikant wat in 1956 tot die Moderatuur van die NG Sendingkerk in Transvaal verkies is. Tot 1954 kon slegs blanke leraars in die Moderatuur dien.* NG KERKARGIEF, PRETORIA

het daar ingrypende veranderings begin intree omdat die sendingkerke op hulle outonomie of selfstandigheid begin aandring het. Andersyds het die ontwaking van Afrika-nasionalisme en die ontstaan van selfregerende state dikwels die taak van sendelinge geraak.

Die NG Kerk se groeiende begeerte tot groter eenheid het in 1962 in die Algemene Sinode gekulmineer. Die sinode het hierna steeds gestreef om bande met die sendingkerke te behou en terselfdertyd hulle selfstandigheid in eie strukture te help verwesenlik.

Die brandende kwessie van rasseverhoudings het destyds toenemend na vore gekom. Daar was vanuit swart geledere 'n soeke na bevryding en verhoudings is verpolitiseer. Die staat se beleid van politieke skeiding het die kerke in die stryd betrek. Daar was die vrese dat gedwonge kerkeenheid aangegryp sou word as hefboom om kerklike mag te verkry. In die NG Kerk self was daar leiers wat apartheid teologies wou regverdig en ander was weer heftig daarteen gekant. In die stigting van eie sinodes vir die sendingkerke, het praktiese oorwegings in dié omstandighede noodwendig 'n groot rol gespeel.

### DIE TOTSTANDKOMING VAN DIE NG KERK IN AFRIKA

Dit is opvallend dat daar tydens die verenigingspogings van die Nederduitse Gereformeerde Kerk en tydens die eerste Algemene Sinode in 1962 min aandag aan die beoogde stigting van die NG Kerk in Afrika gegee is. Hierna het die funksies van die Federale Raad van Sendingkerke oorgegaan na die Algemene Sinodale Sendingkommissie.

Die stigting van die NG Kerk in Afrika het op 7 Mei 1963 op Kroonstad plaasgevind. Dit het die NG Sendingkerk in die OVS, die NG Sendingkerk in Transvaal, die NG Bantoekerk in Suid-Afrika en die NG Sendingkerk in Natal ingesluit. Daar is besluit dat dié kerk hierna bekend sou staan as die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika. Die belydenis, kerkorde en liturgie daarvan kom grootliks ooreen met dié van die NG Kerk.


Die sinode het ook bepaal dat die amptelike taal van die Algemene Sinode voorlopig Afrikaans sou wees, maar die 'Bantoetale sal volle erkenning geniet'. Daar is verder bepaal:

'Ander Bantoekerke wat deur die sendingarbeid van die NG Kerk of NG Bantoekerk binne of buite die grense van die Republiek tot stand gekom het, mag na goedkeuring van die Algemene Sinode, en op voorwaarde dat hulle hierdie kerkorde aanvaar, ook ingeskakel word as streeksinodes van die Algemene Sinode.'


Die NG Kerk in Afrika het jare lank as deel van die NG Kerkfamilie samesprekings gevoer oor kerkeenheid. In 1994 het 'n groot deel van die NG Kerk in Afrika saam met die NG Sendingkerk die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika gevorm. Dele van die NG Kerk in Afrika het egter nie met die vereniging saamgegaan nie. Hofsake het gevolg en uiteindelik het die NG Kerk in Afrika met sinodes in die Vrystaat en Noord-Kaap bly voortbestaan, en 'n Algemene Sinode wat dié twee sinodes insluit.

ATTIE BARNARD

6 7








1

# 1965 Van NG Indiërkerk tot Reformed Church in Africa

Die Reformed Church in Africa (RCA) is gebore uit die sendingwerk van die Nederduitse Gereformeerde Kerk waarin die kerk in Kaapland die voortou geneem het.

## BEGINJARE

Dr G Gerdener het in 1916 onder die Moslemgemeenskap van Kaapstad begin arbei. Die St Stephens-gemeente in Kaapstad het by hierdie werk betrokke geraak toe ds PS Latsky dit in 1943 op 'n deeltydse basis behartig het. In 1956 is ds DJ Pypers deur die Kaapse Sinode aangestel om sendingwerk onder die Indiërgemeenskap te onderneem. Die NG Sendingkerk het vanaf 1966 die bedieningswerk onder Kaapse Moslems en bruin gemeenskappe oorgeneem.

Die NG Indiërkerk is in 1965 in Rylands, Kaapstad, gestig met ds Pypers as predikant. In 1971 is ds EJ Manikkam as die eerste Indiërpredikant van die gemeente georden. 'n Tweede kerkgebou is in 1974 in Cravenby, Kaapstad, opgerig. In 1974 is 'n gemeente in Malabar, Port Elizabeth, gestig wat gevolg is deur 'n uitreik-aksie na Kimberley.

Intussen het die NG Kerk in 1945 onder Indiërs in Pietermaritzburg begin werk. Dit het gelei tot die vestiging in 1957 van die eerste gemeente in KwaZulu-Natal, met ds J Pretorius as eerste leraar. Mettertyd is ander gemeentes gevestig, waaronder die gemeentes van Durban-Suid (1965), Durban-Noord (1971), Merebank (1979) en Phoenix (1981).

Ds C Greyling is in 1955 as sendeling onder die Indiërs na die destydse Transvaal beroep. 'n Gemeente met drie leraars en drie evangeliste is toe vir die gebiede van Benoni, Germiston en Laudium gestig. In 1972 is daar ook 'n gemeente in Pretoria gevestig, wat opgevolg is deur een in Lenasia.

## RIGTINGGEWENDE SINODES IN DIE STORM-EN-DRANG-JARE

Die eerste sinode van die NG Indiërkerk is op 27 Augustus 1968 in Pietermaritzburg gehou, waar 'n kerkorde en ooreenkoms met die NG Kerk aanvaar is. Dié kerk het sodoende die jongste en kleinste 'dogterkerk' van die NG Kerk geword.

Vanaf die sinodesitting in 1970 is kerkeenheid bepleit. Tydens die sitting van 1976 is die kerk se naam van die NG Indiërkerk na die Reformed Church in Africa (RCA) verander. Die implikasie hiervan was dat lidmaatskap nie meer tot die Indiërgemeenskap beperk was nie en dat blanke sendelinge ook as volwaardige lede van die RCA aanvaar is.

Veral gedurende die tagtigerjare van die twintigste eeu het die donker wolke van onrus, geweld, wantroue en rassehaat oor Suid-Afrika gehang. In die oë van die wêreld was dit 'n land wat nie sy Rubicon kon oorsteek nie. God werk egter dikwels deur krisis en katarsis. In hierdie dekade van eb en vloed het die RCA sy profetiese plig sterk uitgeleef en diepliggend betrokke geraak. Die sinodesitting van die RCA in 1980 word in hierdie periode van transformasie sterk afgeëts.

Duidelike standpunte is tydens dié sitting teen die Wet op Gemengde Huwelike, die Groepsgebiedewet, die Ontugwet, asook aanhouding sonder verhoor en die driekamerparlement ingeneem. Die RCA het destyds ook lid van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke geword. Kort daarna was die sinode onder felle politieke druk, veral nadat die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke besluit het om die teologiese regverdiging van apartheid as kettery te verklaar.

Reeds voor die ontmoeting van die sinodale komitee en die sinodesitting het die Transvaalse Ring van die RCA begin




2



3



4

1. *Ds Dennis Naidoo op die preekstoel van die Sunthosham-gemeente van die Reformed Church in Africa (RCA) in Rylands, Kaapstad. Die naam van dié gemeente beteken vrede en vreugde. Die NG Indiërkerk is in 1965 hier gestig.* FOTO: A PRETORIUS
2. *Die Moderamen van die Sinode van die Reformed Church in Africa in 1998. Die moderator, dr Nobin Shunmugan, staan tweede van regs. Ds Perold de Beer (middel) is al dekades lank by die RCA betrokke. Die sinode is gehou in die RCA-gemeente Emmanuel in Sydenham, Durban.* REFORMED CHURCH IN AFRICA
3. *Afgevaardigdes by die sinode van die RCA in Durban wat in 1998 by die Emmanuel-gemeente gehou is.* REFORMED CHURCH IN AFRICA
4. *Die ruim nuwe kerkgebou van die RCA in Pietermaritzburg, 2001. Dit het die kerkie van 1948 vervang en versinnebeeld die groei van die RCA.* NG KERK IN NATAL
5. *'n Klein begin in die oudste kerkgebou van die RCA in Pietermaritzburg. Die hoeksteen is op 26 September 1948 gelê. Dit is een van die kleinste erfenisterreine in Suid-Afrika (voorheen bekend as nasionale gedenkwaardighede).* NG KERKARGIEF, PRETORIA

steun werf vir die verbreking van bande met die NG Kerk. Drie leraars het selfs hulle oorspronklike legitimasie neergelê. Die gevolg hiervan was dat die gemeentes van Lenasia en Benoni die RCA met geboue en al verlaat het. Die destydse leraar van die Rylands-gemeente in Kaapstad het ook die politieke speelveld betree en sy status as leraar verloor.

By die sinodesitting van die RCA in 1986 was apartheid weer in die gedrang. Op grond van die definiëring van kettery as 'n verwerping van die sentrale leer van die Skrif, het die sinode hom daarvan weerhou om apartheid as kettery te verklaar. Die Wêreldbond se besluit om die teologiese regverdiging en die ondersteuning van apartheid as onskriftuurlik en onchristelik te verklaar, is egter ondersteun. Die sinode het dit voorts betreur dat afgevaardigdes van die NG Kerk gepoog het om apartheid tydens die sitting van die Wêreldbond teologies te regverdig. 'n Ernstige pleidooi is tot die NG Kerk gerig dat lidmate nie apartheid prakties moes uitleef nie.

Die sinode van die RCA het later wel die NG Kerk krediet gegee omdat weggebreek is van die regverdiging van apartheid, asook vir die duidelike verandering in gesindhede en lewenswyse van lidmate. Tydens dieselfde sitting het die RCA 'n besluit geneem om sy posisie as evangelies-gereformeerde kerk te handhaaf. Dit het gelei tot die Laudium Verklaring wat tydens die sinodesitting van 1990 opgestel is. Die sinode het ook besluit om verdere eenheidsgesprekke te voer.

## OP DIE KEPER BESKOU


Diegene binne die Indiërgemeenskap wat die Christelike geloof aanvaar, beweeg in 'n groot mate teen gesins-, familie-, gemeenskaps- en kultuurverwagtings in. Hierdie kultuurkloof wat met geloofsoorgawe gepaard gaan, is 'n dwingende werklikheid. Binne die konteks van die religieuse leefwêreld in die Indiërgemeenskap is dit steeds 'n uitdaging wat hoë eise stel. Die Laudium Verklaring is weens hierdie dinamika van die uiterste belang, aangesien dit as 'n geloofsverklaring die RCA-getuienis binne en buite die gemeenskap beklemtoon.

Daar is tans twaalf gemeentes en twee sendinggebiede binne die RCA. Sterk uitreik-aksies bestaan na armes en noodlydendes. Daar is ook sendelinge in ander lande. Die RCA bly steeds toegewy aan sy opdrag om die sout van die aarde en die lig vir die wêreld te wees. Hierdie boodskap word uitgedra deur leraars, evangeliste, tentmakers, kerkrade en lidmate van die Reformed Church in Africa.

*Soli Deo Gloria. Soli Fidi.*

DENNIS NAIDOO

5








1.2

# 1969. Media in diens van die evangelie

Op 17 Oktober 1969 het ds Jan Lange van Riversdal in die Kaapse Sinode opgestaan en téén die stroom in gepleit dat die sinode R10 000 beskikbaar moet stel sodat die Hugenote Kollege op Wellington met 'n Bybelkorrespondensiekursus kon begin. Dit was nadat dr Johan van der Merwe, rektor van dié kollege, reeds tevergeefs gevra het dat die sinode ruim moes dink en raaksien wat ander groepe al met sulke kursusse reggekry het.

Die Kaapse Sinode het gelukkig daardie dag 'n regsomkeer gemaak, al was dit met 'n effens teësinnige houding van: 'Goed, begin met so 'n kursus, maar hou in gedagte dat vorige pogings misluk het.'

BYBELKOR BEVORDER BYBELSTUDIE

Dít was die begin van Bybelkor. Die eerste Bybelkorrespondensiekursus, oor die Twaalf Artikels, het in 1971 verskyn onder die titel *Só glo ek.* Sedertdien het Bybelkor talle kursusse en gidse uitgegee en is miljoene eksemplare daarvan versprei – tot ver buite Suider-Afrika. Bybelkor het as werktuig van God daarin geslaag om gelowiges te help om selfstandig Bybelstudie te doen.

Die opkoms van Bybelstudiegroepe in die sewentigerjare en tagtigerjare van die twintigste eeu is grootliks aangehelp deur die beskikbaarheid van betroubare en geskikte studiemateriaal. Bybelkor het 'n groot bydrae gelewer om gelowiges hiermee toe te rus. Dit geld ook vir die twee Bybelinstitute wat uit Bybelkor ontstaan het – die Hugenote-Bybelinstituut, wat diplomakursusse in Bybelse vakke in samewerking met die Universiteit van Pretoria aanbied, en die Nehemia-Bybelinstituut, wat basiese teologiese opleiding aan die leiers van onafhanklike kerke in veral Suidelike Afrika verskaf.

Nadat Mema (Moderne Evangelisasie-media vir Afrika) deel van Bybelkor geword het, is die naam na Bybel-Media (BM) verander. Baie aandag is daarna gegee aan die verskaffing van video- en klankmateriaal in diens van die evangelie. Goeie Nuus-Media (GNM – voorheen bekend as Gospel Recordings) het ook deel van dié familiegroep geword. Spesiale aandag is toegespits op persone wat nie kan lees nie of nie 'n leeskultuur het nie.

Ondergetekende was vanaf 1971 tot 1986 uitvoerende direkteur van Bybelkor en ds Hans Linde sedert 1986. In 1999 het Lux Verbi en Bybel-Media onder die naam Lux Verbi.BM as 'n bedryfsentiteit begin funksioneer. Dit is reeds 'n markleier in Christelike lektuur. NG Kerk-Uitgewers, uitgewer van amptelike boeke van die NG Kerk soos die *Liedboek van die Kerk,* is tans ook deel van dié groep. Dr Willem van Zijl het tussen die jare 1966 en 1995 die NG Kerk-Uitgewers tot groot hoogtes gevoer. Stephan Spies is in 2002 die besturende direkteur van Lux Verbi.BM en Hans Linde dié van NG Kerk-Uitgewers.

DIE BEHOEFTE AAN CHRISTELIKE LEESSTOF

Die NG Kerk het sedert die vorige eeu baie gedoen om landswyd geestelike leesstof tot in die voorhuise van gemeentelede te bring. Benewens *Die Kerkbode,* amptelike blad van die kerk, is die gesinstydskrif *Die Voorligter* (deesdae *Lig*) wyd bekend. Op 1 Desember 1937 het die eerste uitgawe van *Die Voorligter* as maandblad van die Transvaalse Kerk verskyn. Dit was veral danksy die ywer van ds AJV Burger, destyds predikant op Paulpietersburg.

*Die Voorligter* moes, volgens die stigters, 'n goed geïllustreerde, populêre maandblad wees. Die oplaag was aanvanklik 35 000 en het mettertyd gegroei tot 'n hoogtepunt van byna 180 000 eksemplare. Die redakteurs van *Die Voorligter* was ds PJ Viljoen (1937-1946), ds AJV Burger (1947-1970),




3





4 5

1. *CNW Media en Radiokansel het in 2002 'n samewerkingsooreenkoms gesluit. Die NG Kerk is via die Tydskriftemaatskappy (Tm) 'n aandeelhouer in CNW Media.* DIE KERKBODE
2. *CNW Radio vervaardig Radiosondergrense (RSG) se Christelike radioprogramme, insluitende eredienste op Sondagoggende.* DIE KERKBODE
3. *Die Andrew Murrayprys is in 1978 ingestel. 'n Vroeë ontvanger was prof AC Barnard (links) vir* Die Erediens. DIE KERKBODE
4. *Ligskyfies en projektors is deur die jare dikwels in evangelisasieprojekte gebruik.* NG KERKARGIEF, PRETORIA. FOTO: A SWIEGERS
5. *Dr Flip Loots, aanbieder van die CNW-program 'Oop Gesprek'.* DIE KERKBODE
6. Die groot gedagte *deur Gideon Joubert, met verstommende feite oor die heelal en God se Almag, is in 1998 met die Andrew Murrayprys bekroon.* DIE KERKBODE
7. *Lux Verbi.BM is die grootste uitgewer van Christelike boeke.* DIE KERKBODE
8. *Solly Ozrovech is Suid-Afrika se suksesvolste skrywer ooit van Christelike boeke – veral Bybel-dagboeke. Lux Verbi.BM het reeds 1,2 miljoen eksemplare daarvan verkoop.* DIE KERKBODE
9. *Die NG Kerk se gesinstydskrif,* Die Voorligter *(1937), staan tans as* Lig *bekend, met* kolLig *vir die jeug.* DIE KERKBODE

mnr WL Maree (1970-1989) en ondergetekende (1989 -).

Onder ander tydskrifte wat deur kommissies van die NG Kerk gepubliseer is en later opgeneem is in *Die Kerkbode* en *Die Voorligter*, tel *Môrelig, Die Kindervriend, Die Sendingblad* en *Ons Jeug.*

Die Christelike Lektuurfonds (CLF) is in 1957 gestig met die doel om fondse in te samel vir die ontwikkeling en verspreiding van Christelike lektuur in Afrikatale. Vanweë die groot behoefte hieraan, word hierdie fonds steeds uitgebou. CLF druk traktaatjies in 33 tale wat in Suider-Afrika gepraat word en publiseer ook Christelike boeke oor 'n groot verskeidenheid onderwerpe in 15 tale. Die *Ned Geref Teologiese Tydskrif* word ook deur CLF-Uitgewers gepubliseer.

## MEDIA-NETWERKE


In die vroeë 1990's het die direksie van die Tydskriftemaatskappy van die NG Kerk (uitgewers van *Die Kerkbode, Die Voorligter/LIG* en die *Jaarboek* van die NG Kerke) besef dat die media van die NG Kerk in die besonder en van die Christelike media in die algemeen nie gereed was vir die revolusionêre veranderings in die elektroniese media óf die radikale veranderings wat op politieke en staatkundige gebied in Suid-Afrika aan die gebeur was nie. Die Tydskriftemaatskappy het toe fondse beskikbaar gestel om die moontlikheid van Christelike televisie-uitsendings te ondersoek. Dit het gelei tot die stigting van Christen-Netwerk TV (CNW TV) en die weeklikse uitsending van Christelike televisieprogramme op M-Net se Gemeenskapsdiens-Netwerk (GDN).

'n Belangrike ekumeniese deurbraak is gemaak deurdat al hoe meer kerke amptelik met CNW begin saamwerk het, sodat daar in 2002 reeds 20 hoofstroomkerke betrokke is. Dat die inisiatief wat van 'n Afrikaanse kerk uitgegaan het, soveel ekumeniese media-samewerking kon bewerkstellig, bied rede tot dankbaarheid.

CNW TV is mettertyd opgeneem in CNW Media, wat ook Christelike radioprogramme vir Radiosondergrense vervaardig en met ander groepe in C-Web saamwerk om die internet vir die kerke toeganklik te maak.

FRITS GAUM


6




7





8





9






1




2

# 1974. Jeug tot jeug

Op 10 Januarie 1974 het sowat 60 jongmense, vyf spanleiers en 'n koorleier op Achterberg-kampterrein buite Krugersdorp saamgetrek vir drie weke se opleiding. Dit was die begin van elf maande waarin hierdie groep betrokke sou wees by 'n jeug- en evangelisasieprogram wat 'n groot impak op duisende mense en die NG Kerk as geheel sou hê.

Die Algemene Sinode het in 1970 besluit dat 1974 in die NG Kerk as evangelisasiejaar bekend sou staan. In opvolging hiervan het ds Mike Smuts sr 'n memorandum aan die Algemene Kommissie vir Ampsbediening en Evangelisasie voorgelê waarin die wenslikheid van 'n Jeug-tot-Jeugaksie uiteengesit is. Dit is deur dié Kommissie en die Algemene Jeugkommissie as hulle verantwoordelikheid aanvaar. Die aksie is daarna ook deur die onderskeie sinodes gesteun.

### UITGANGSPUNTE

Die beplanning van die aksie is deur verskeie sleuteluitgangspunte bepaal:

* Die NG Kerk het reeds beskik oor die Kerkjeugaksie (KJA). Daar sou dus in 1974 geen nuwe organisasie gestig word nie, maar die bestaande jeugwerk van die gemeentes en die kerk sou uitgebou en vernuwe word.
* Die aksie sou sy dienste slegs op uitnodiging aan sinodes en gemeentes beskikbaar stel en sou nie met 'n vooropgestelde program werk nie.
* Jeugwerk in gemeenteverband sou beklemtoon word.
* Die aksie was nie daarop gerig om slegs 'n verbygaande entoesiasme aan te wakker nie. 'n Toerustingsprogram van drie weke waarvoor jongmense kon inskryf, is beklemtoon. Hierin is aandag gegee aan Bybelstudiemetodiek, dinamiese jeugwerk, leierskap en evangelisasiemetodiek.

### WERKWYSE

Die Jeug-tot-Jeugaksie is voorafgegaan deur uitgebreide beplanning wat 'n effektiewe infrastruktuur daargestel het:

* Die aksie het bestaan uit 56 jongmense wat in agt sogenaamde kombi-spanne ingedeel is, elk met 'n spanleier. Die hoofleier was ds Mike Smuts sr bygestaan deur ds Malan Nel, ds Johnny Hay, mnr Eddie de Hart en ondergetekende. Hierbenewens was daar 'n koorleier en ondersteuningspersoneel, insluitende 'n werktuigkundige wat agtien voertuie op die pad moes hou.
* Die totale begroting vir die aksie het uit vrywillige bydraes bestaan. Na afloop daarvan is die oorskot tussen die verskillende sinodes se jeugkantore verdeel.
* Tien sentra is gedurende 1974 onderskeidelik drie weke lank besoek. Kursusse vir studente is dikwels saans aangebied - op Stellenbosch het meer as 1 000 studente drie weke lank saans om tienuur met die kursus begin. Uiteindelik het meer as 23 000 jongmense vir sertifikate gekwalifiseer.
* Daar is aanvanklik beplan dat die leiers die kursusse sou aanbied en dat spanlede ondersteunend as gesprekleiers sou optree. Die vraag na die kursus was egter so oorweldigend dat spanlede self 'n groot deel van die opleiding behartig het. Die leiers het opgelei, begelei en ondersteun.
* Met die aanbieding van kursusse, gebaseer op gedrukte inligtingsmateriaal, het die spanlede 'n aansteeklike entoesiasme oorgedra.
* Aangesien musiek 'n sleutelrol in alle jeugwerk speel, is

1. *Die jeug – die toekoms van die kerk.* DIE KERKBODE.
2. God en die tiener *(1974) was 'n blitsverkoper met 'n uiteindelike verspreidingsyfer van 70 000 boeke. Dit het saamgeval met 'n geestelike herlewing onder jongmense met die Jeug-tot-Jeugaksie.*
3. *KJA-lede in gesprek tydens Bybelstudie in Groenkloof, Pretoria – ca 1980.*
4. *Die Jeug-tot-Jeugaksie is in Mei 1973 deur die premier, adv BJ Vorster, geloods. Hier verskyn hy (tweede van links) met dr JS (oom Kosie) Gericke, voorsitter van die trustees, dr J D (oom Koot) Vorster, raadslid en broer van adv Vorster en ds M Smuts sr, sekretaris en toerleier.*
5. *Groepsaktiwiteite by 'n jeugkamp naby Kaapstad, 2001.* FOTO: M VAN ZYL


3


4


5

besluit om Awie van Wyk as koorleier aan te stel. Hy het daarin geslaag om 'n goeie balans van liedere aan te bied wat in eredienste sou slaag én by informele jeugbyeenkomste gepas het.

* By die sentra wat besoek is, is die derde week van die opleiding gekoppel aan massasaamtrekke, waarna die opgeleide kursusgangers die geleentheid gekry het om geestelike gesprekke met ander jongmense en kinders te voer en met hulle saam te bid op paviljoene en op sportvelde. Uiteindelik is 180 saamtrekke binne die jaar gehou wat na beraming deur meer as 250 000 jongmense bygewoon is.

* Op Sondae is die agt kombi-groepe tussen die vier leiers verdeel wat altesame 210 eredienste waargeneem het.

* Gedurende die dag het die span op uitnodiging by skole opgetree en tydens pouses het die spanlede gewoonlik op die speelgrond in klein groepies met die skoliere gesprekke gevoer en saamgebid. Besoeke is ook aan tersiêre inrigtings en weermagbasisse gebring.

* Dit was 'n belewenis om die aksie se span op reis te sien. Die konvooi het bestaan uit agtien voertuie, insluitende agt kombi's en agt bakkies wat woonwaens gesleep het. Al die voertuie was groen met die embleem van die Jeug-tot-Jeugaksie daarop.

TERUGBLIK

Naas die waarde wat die aksie regstreeks vir duisende tieners en jongmense gehad het, kan die volgende met stelligheid verklaar word:

* *Die jeug-tot-jeugbeginsel:* Hoewel dié benadering voorheen gebruik is, is dit nooit in sy volle konsekwensies deurgevoer soos by die aksie nie. Die waarde hiervan is herontdek en het 'n blywende invloed op die benadering van jeugwerk gehad.

* *Die diepte-dimensie van opleiding:* Die beklemtoning van opleiding het meegebring dat talle gemeentes hierna getuig het dat hulle jare lank met vrug op die aksie se werksaamhede kon voortbou.

* *Vrugbare evangelisasie:* Jongmense en tieners het betrokke geraak by evangelisasie-inisiatiewe op 'n jeug-tot-jeuggrondslag soos nooit tevore nie.


* *Toestroming na teologiese fakulteite:* Al drie teologiese fakulteite van die NG Kerk het ná 1974 'n toestroming van studente beleef. Waar die NG Kerk in die voorafgaande tydperk 'n tekort aan predikante gehad het, was daar 'n dekade ná die aksie 'n ooraanbod van proponente. Dit kan volgens al drie fakulteite regstreeks aan die Jeug-tot-Jeugaksie toegeskryf word.

* *Jeug opnuut opgewonde oor hulle geloof in Christus:* Jare ná die aksie het die plaaslike inisiatiewe steeds voortgegaan, wat gekenmerk is deur 'n nuwe entoesiasme vir die Christelike geloof.


* *Nuwe lojaliteit teenoor die NG Kerk:* Die uitgangspunte van die aksie oor diensbaarheid aan en binne die kerk, het 'n nuwe toegeneentheid en lojaliteit vir die NG Kerk by jongmense meegebring.

Die Jeug-tot-Jeugaksie van 1974 was dus 'n besondere moment in die geskiedenis van die NG Kerk waarvoor God al die dank en eer toekom.

MIKE SMUTS




1



2

# 1974. Stemme vir en teen apartheid

Op 17 Oktober 1974 het die Algemene Sinode van die NG Kerk sy stempel geplaas op 'n belangwekkende beleidstuk oor rasse-aangeleenthede in Suid-Afrika. Dit was *Ras, volk en nasie en volkereverhoudinge in die lig van die Skrif.* Hierdie dokument was die resultaat van pogings in die NG Kerk, ná die Cottesloe-beraad van 1960, om in die lig van die Bybel groter duidelikheid te kry oor die aanvaarbaarheid al dan nie van apartheid. Afsonderlike ontwikkeling, soos dit in die politiek-korrekte taal van die tyd genoem is, was landsbeleid en ook die Afrikaanse kerke moes sê waar hulle staan.

## DIE NADRAAI VAN COTTESLOE

Na die Sharpeville-onluste van 1960 is die Cottesloe-kerkeberaad gehou, maar die besluite van hierdie beraad is in die loop van 1961 deur al die sinodes van die NG Kerk verwerp. Hierdeur is die invloed van diegene in die NG Kerk wat téén die stroom beweeg het, geknou. Beyers Naudé en die Christelike Instituut was in die jare sestig 'n stem roepende in die woestyn.

Die NG Kerk het met sy amptelike studie oor rasseverhoudings in die land voortgegaan. In 1965 het 'n kommissie nie minder nie as agt verslae oor die rassekwessie aan die Kaapse Sinode voorgelê, met twee teenstellende denkrigtings. Dit is meegebring deur die eweredige verdeling van die kommissie tussen diegene wat hulle met die Cottesloeberaad vereenselwig het en diegene wat hulle daarvan gedistansieer het.


Die hoofverslag is ná heelwat wysigings deur die Kaapse Sinode aanvaar en het as vertrekpunt gedien vir 'n studie wat op Algemene Sinodale vlak onderneem is. Dit het uiteindelik in 1974 gelei tot die aanvaarding van *Ras, volk, nasie en volkereverhoudinge in die lig van die Skrif* as beleidstuk. Hierdie dokument het onder meer tot die gevolgtrekking gekom dat die Ou Testament die kerk lei om 'die moderne neiging te vermy om ongekwalifiseerd alle verskeidenheid tussen volke uit te wis'. Daar is ook verklaar dat 'onder bepaalde omstandighede en voorwaardes die Nuwe Testament ruimte laat vir die reëling van die saambestaan van verskillende volkere in een land langs die weg van afsonderlike ontwikkeling'.

Die NG Kerk was met die aanvaarding van *Ras, volk en nasie* daarvan oortuig dat die beleid van die destydse regering 'skriftuurlik geregverdig' kon word. Terwyl die kerk klem daarop gelê het dat die beleid toegepas moes word met die gebod tot naasteliefde as die etiese norm, is geen indringende aandag gegee aan die ellende wat die toepassing van die beleid in swart en bruin gemeenskappe veroorsaak het nie. Dit was nie voldoende om byvoorbeeld te sê dat trekarbeid tot die opbreking van huisgesinne, die skeiding van wettig getroudes, die verwaarlosing van die gesinslewe en morele aftakeling gelei het nie.

'n Hele gedeelte in die konsepverslag oor swart mense in die stede is geskrap omdat dit op politieke vlak sou beweeg. Oor rasgemengde huwelike het die sinode besluit dat dit nie net 'ongewens' is nie, maar ook 'ongeoorloof' – met ander woorde, verbode.

## *RAS, VOLK EN NASIE* LOK KRITIEK UIT

Kritiek teen dié beleidstuk van die NG Kerk het algaande toegeneem. Die Switserse Protestantse Kerkfederasie het in April 1979 'n agtal kerkleiers van die NG Kerk na Switserland genooi. Hier het hulle 'n week lank, toegesneeu in 'n konferensiesentrum naby Neuchâtel, saam met Switserse teoloë oor *Ras, volk en nasie* en die Switserse siening daarvan beraadslaag. Op die ou end is onder meer saamgestem dat die kerk van Christus hom nooit regstreeks of onregstreeks met enige bepaalde politieke stelsel kan vereenselwig nie, en dat paragrawe in dié beleidsdokument wat die indruk skep


3

1. *Dr Johann Kinghorn was die redakteur en hoofskrywer van* Die NG Kerk en apartheid, *wat in 1986 gepubliseer is en waarin die NG Kerk en die apartheidsbeleid gekritiseer is. Die Hervormingsdaggetuienis (1980) en Stormkompas (1981) het byna gelyktydig verskyn en waarskynlik 'n rol gespeel in die hersiening van* Ras, volk en nasie.
2. *'n Foto wat* The Star *gepubliseer het en wat wêreldwyd opslae gemaak het: 'n Skolier met die sterwende Hector Petersen tydens die Soweto-opstand, Junie 1976.* FOTO: PETER MAGUBANE
3. *Betogings by die St Mary's-katedraal naby die Parlement in Kaapstad, 1992.*
4. *Ds Herbert Brand van St Stephensgemeente, Kaapstad, vroeër redaksielid van* Die Kerkbode, *was 'n bekende gesig by protesaksies teen apartheid en die destydse regeringsbeleid. Op die foto sit hy langs mevv Farieda Omar en Dorothy Boesak tydens 'n protesvergadering, ca 1980.*
BURGER-VERSAMELING: NASIONALE BIBLIOTEEK VAN SA
5. *Ná die Cottesloe-beraad het dr HF Verwoerd in sy nuwejaarsboodskap op 1 Januarie 1961 gesê dat besluite wat toe geneem is, net die sienings van individue verteenwoordig en dat die kerk nog nie deur sy vergaderings gepraat het nie. Die byskrif by David Marais se spotprent van 5 Januarie 1961 in* The Cape Times *was: 'I said: The voice of the Churches has not yet been heard!'*

dat die NG Kerk die destydse politieke stelsel goedkeur, verander moes word.

Nog ander stemme van kritiek het opgegaan. Die 'Hervormingsdaggetuienis' van agt teoloë, onder andere WP Esterhuyse, WD Jonker, BA Müller en JA Heyns, wat met Hervormingsfees in 1980 in *Die Kerkbode* gepubliseer is, het wye reaksie ontlok. Daarin het die teoloë gevra dat die NG Kerk moes streef na die uitskakeling van liefdelose en rassistiese gesindhede en kwetsende handelinge wat die boodskap van God se versoenende genade sy krag ontneem. Daar is ook gepleit vir 'die solidariteit van die Christelike liefde met almal wat deur sosiale praktyke, ekonomiese wanverhoudinge en politieke maatreëls in omstandighede van verhelpbare lyding en nood gedompel word'.

*Stormkompas* het vervolgens in 1981 verskyn en inderdaad 'n storm in kerkgeledere veroorsaak. Onder die skrywers van dié boek was van die bekendste destydse teologiese kritici van die beleid van apartheid, soos David Bosch en Nico Smith. Een van die stellings aan die einde van die boek lui: 'Dit het tyd geword dat die NG Kerk dit duidelik sal sê dat die apartheidsbeleid in Suid-Afrika baie wrange vrugte gedra het, ten spyte van die goeie bedoelings van die owerheid om bevolkingsgroepe afsonderlik te laat ontwikkel. Daarom behoort die kerk dit duidelik te stel dat die Christen dié beleid nie sonder meer kan onderskryf nie.'

Die 'Ope Brief aan die NG Kerk' deur 123 ondertekenaars wat op 9 Junie 1982 in *Die Kerkbode* gepubliseer is, het hier en in die buiteland baie aandag getrek. In die 'Ope Brief' is onder meer gesê dat ''n bestel waarin onversoenbaarheid tot 'n samelewingsbeginsel verhef word en die verskillende dele van die bevolking van Suid-Afrika van mekaar vervreem, onaanvaarbaar is.' 'n Boek, *Perspektief op die Ope Brief,* is later daaroor gepubliseer.

Nie al die kerklike stemme wat teen die einde van die sewentigerjare van die 20ste eeu opgegaan het, was noodwendig krities oor die beleid van afsonderlike ontwikkeling in staat en kerk nie. JD Vorster (samesteller) het saam met agt medeskrywers (onder wie FJM Potgieter, EPJ Kleynhans en AP Treurnicht) in 1978 'n boek getiteld *Veelvormigheid en eenheid* gepubliseer. Hierin is eiesoortige ontwikkeling in die lig van die Skrif bepleit.

Waaroor almal uiteindelik tog saamgestem het, is dat *Ras, volk en nasie* hersien moes word. Die Algemene Sinode van 1982 het só 'n opdrag gegee, en in 1986 is die belangwekkende dokument *Kerk en samelewing* aan die Algemene Sinode voorgelê.

FRITS GAUM

4

5




1

# 1978. 'n Teologiese fakulteit vir die Vrystaat

Die eerste saak op die agenda van die Algemene Sinode se sitting in Bloemfontein op 26 Oktober 1978 was die versoek van die Vrystaatse Sinode vir die daarstelling van 'n teologiese fakulteit in die OVS. Dit was op aanbeveling van die Tydelike Kommissie vir Algemene Sake ooreenkomstig die kerkorde. Die versoek is sonder enige teenstem aanvaar en met 'n spontane handegeklap begroet. Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat het ook onmiddellik met entoesiasme gereageer en die sinodebesluit verwelkom.


Die besluit van die Algemene Sinode was vir die Vrystaatse Kerk die vervulling van 'n langgekoesterde ideaal. Daar was trouens al by die Vrystaatse Sinode van 1884 'n voorstel van Harrismith se kerkraad dat die sinode moet oorweeg of die tyd nie ryp was 'om plannen te beramen tot het oprichten van een Seminarie of Kweekschool in den Oranje-Vrijstaat, tot opleiding der aanstaande Evangeliedienaars'. Die pleitbesorger was ds Aart Anthony van der Lingen, seun van die bekende ds GWA van der Lingen van die Paarl. Die Vrystaatse Sinode het egter gevoel dat daar voorlopig gewag moes word. Dit is ten spyte daarvan dat Grey Kollege in Bloemfontein daardie jaar nie minder nie as dertien admissiestudente vir die Kweekskool op Stellenbosch gelewer het!

### PLANNE WORD EINDELIK BERAAM

Die gedagte aan 'n eie teologiese fakulteit vir die Vrystaat het eers weer op die sinode van 1964 aan die orde gekom. Op voorstel van dr ZB Loots en dr PSZ Coetzee is 'n kommissie benoem om die stigting daarvan te ondersoek en met die universiteit oor die uitvoerbaarheid van die voorstel te onderhandel. In 1968 het die sinode die Moderatuur versoek om die aangeleentheid met die universiteit te bespreek.

Die eerste samesprekings het op 12 November 1970 plaasgevind. Dit was dadelik duidelik dat die Raad van die UOVS graag die stigting van 'n teologiese fakulteit wou bevorder. Die Algemene Sinode moes egter eers toestemming gee, waarvoor daar aanvanklik huiwering was op grond van die argument dat daar nog genoeg ruimte vir uitbreiding by die teologiese fakulteite van Stellenbosch en Pretoria was. Vir dié universiteite was die teenwoordigheid en behoud van 'n beduidende getal admissiestudente (110 in 1974 en 136 in 1977) egter klaarblyklik belangrik.

In 1975 het die Vrystaatse Sinode die saak weer oorweeg en besluit dat dit tyd geword het om 'n dringende versoek tot die Algemene Sinode te rig dat toestemming verleen word vir die oprigting van so 'n fakulteit aan die UOVS.




2

1. *Die Tweetoringkerk in Bloemfontein (1880) was nog altyd 'n 'laaste skans' – soos pres MT Steyn as lidmaat dit genoem het. Die Gemeente Bloemfontein, wat in 1848 gestig is, is deur bekende predikante soos Andrew Murray jr en JD ('Vader') Kestell bedien. Beide van hulle was by Grey Kollege betrokke – die latere Universiteit van die Vrystaat. Soos dr Kestell was prof E Kleynhans predikant van die gemeente en later ook moderator van die Vrystaatse Sinode.*
2. *President Brandstraat in Bloemfontein met sy unieke argitektuur. Die geboue is (kloksgewys van bo) die Ou Presidensie, die Appélhofgebou, die Jubileumgebou en die Ou Raadsaal.*
3. *Die Teologiese Fakulteit aan die Universiteit van die Vrystaat het reeds drie moderators van die Vrystaatse Sinode opgelewer. Op dié foto van die Moderatuur van 1995 verskyn twee van hulle: Prof Pieter Potgieter (middel voor – hy was in 1990 en 1998 ook moderator van die Algemene Sinode) en prof Piet Strauss (links voor.)* DIE KERKBODE
4. *Die eerste ses professore van die Vrystaatse Teologiese Fakulteit in 1982 was proff Pieter Potgieter, Mauritz Klopper, Koos Smit, Evert Kleynhans, Mias de Klerk en Jan du Rand. Daar is tans 327 voor- en nagraadse studente aan dié Fakulteit (Jaarboek, 2002).* FAKULTEIT TEOLOGIE, BLOEMFONTEIN



3



4

Daar is onder meer geargumenteer dat dit sou help om die tekort aan predikante in die NG Kerk uit te wis, dat dit vir plaaslike studente goedkoper en geriefliker sou wees en dat gemeentes die voordeel sou hê van studente wat hulpdiens kon verrig. Kleiner klasse sou hierbenewens beter opleiding en meer persoonlike aandag aan studente meebring.

Andersyds was daar natuurlik ook sake wat met die universiteit uitgeklaar moes word, veral die finansiële implikasies. Die NG Kerk sou byvoorbeeld moes onderneem om ruim by te dra tot die vestiging van 'n doelmatige teologiese biblioteek en om vir dertig persent van die vergoeding van dosente verantwoordelik te wees. Sodoende sou die kerk egter die voordeel hê van regstreekse betrokkenheid by die aanstelling van dosente en by die leerplanne van die fakulteit. Die wyse waarop die NG Kerk deur sy Kuratorium toesig sou behou oor kerklike dosente en sy studente, is ook bevredigend opgelos.

### VOLHARDING IN DIE LEER

Ná die goedkeuring van die Algemene Sinode in 1978 het die proses vir die daarstelling van die fakulteit vinnig op dreef gekom. Teen 1979 is die ooreenkoms met die UOVS gefinaliseer en onderteken en op Sondag, 17 Augustus 1980 is die eerste ses professore by 'n erediens in die gemeente Universitas bevestig. Die voorsitter van die Kuratorium, dr SJ Eloff, se teksvers by dié geleentheid was 2 Tim 4:16: 'Let op jouself en op die leer; volhard daarin ...'


Die amptelike opening van die Fakulteit Teologie aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat het by 'n kleurryke geleentheid op 4 Februarie 1981 plaasgevind. Op 9 Februarie het die lesings vir die eerste 30 teologiese studente van die nuwe fakulteit begin.

Dit was uit die staanspoor duidelik dat die fakulteit sy merk sou maak, sowel op kerklike vlak as in die akademiese wêreld. Studente wat hier afgestudeer het, is oor die algemeen baie gunstig in die bediening ontvang. Die dosente het spoedig sterk leiding geneem en rigting gegee in sinodale en algemeen-sinodale werksaamhede. Hulle het ook uitnemend gepresteer op die akademiese terreine van onderrig, navorsing en gemeenskapsdiens – getrou aan die fakulteit se leuse: *In Deo theologiae lux* (teologie in God se lig).

PIETER POTGIETER




1



2

# 1982. 'n *Status confessionis* lei tot die Belydenis van Belhar

Teen 1982 het die apartheidsideologie en die toepassing daarvan die Suid-Afrikaanse samelewing oorheers. Die kerklike en teologiese bydrae daartoe was onmiskenbaar en hoogs omstrede.

Reeds in 1857 het die Kaapse Sinode beslis dat vanweë die 'zwakheid van sommigen' nagmaal wel afsonderlik gebruik kan word. Afsonderlike aanbidding, gemeentes en selfs kerkverbande en kerke was egter gou die norm. Toe die beleid van apartheid in 1948 staatkundig begin vorm aanneem het, was die NG 'Kerkfamilie' reeds op rassegrondslag in verskillende kerke verdeel.

Die NG Kerk het die apartheidsbeleid en -praktyk op allerlei maniere godsdienstig en Bybels ondersteun en geregverdig. *Die Kerkbode* het in 'n hoofartikel op 22 September 1948 geskryf: 'As kerk het ons ... steeds doelbewus aangestuur op die skeiding van ons twee volksgroepe (wit en swart). In hierdie opsig kan daar met reg gepraat word van apartheid as 'n kerklike beleid.' Die meeste lidmate het geglo dat apartheid God se wil is en wie nie daarmee saamstem nie, polities geïnspireer en verdag was.

### APARTHEID TEENOOR EENHEID

Die meeste lidmate van die NG Sendingkerk, die NG Kerk in Afrika en die Reformed Church in Africa het apartheid verwerp. Hulle het op talle maniere gely vanweë die onreg van die stelsel en toenemend die invloed van dié ideologie in kerk, teologie en die alledaagse lewe bestry.

Binne die NG Kerkfamilie is 'n hewige debat gevoer oor die eenheid van die kerk. Baie wit lidmate het geargumenteer dat eenheid tussen gelowiges wel belangrik is, maar dat dit bloot geestelik en daarom onsigbaar is. Veral uit die swart kerke is geoordeel dat dié eenheid ook sigbaar moes word – in tipies gereformeerde kerkverband tussen gemeentes en ringe – anders sou die verkondiging van die evangelie ongeloofwaardig word.

In 1978 het die NG Sendingkerk apartheid nadruklik verwerp, omdat dit volgens hulle berus het op 'n verloëning van die krag van die versoening in Christus. Daar is geredeneer dat wie in apartheid glo, daarmee te kenne gee dat natuurlike en kulturele verskeidenheid en verskille só sterk is dat mense nie in staat is om te versoen en in vrede saam te lewe nie – al is hulle gelowiges in Christus en met God én mekaar versoen.

Intussen het die kritiek van ekumeniese kant al sterker geword. Die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke het in Augustus 1982 in Ottawa gevolglik 'n *status confessionis* oor die teologiese regverdiging van apartheid verklaar. Só 'n staat van belydenis was deur die kerkgeskiedenis 'n teken dat

3 

*1 Die buiteblad van 'n uitgawe met die volledige teks en 'n eenvoudige uitleg van die Belydenis van Belhar. 'n Sinodale Kommissie van die NG Sendingkerk het in 1986 besluit 'om die breë kerk met 'n eenvoudige uitleg te dien. Daarmee hoop die Kommissie om die Belydenis van Belhar meer toeganklik vir alle lidmate te maak'. Belhar is 'n Kaapse voorstad waar die Gestig-gemeente geleë is en waar die belangwekkende besluite oor die belydenis geneem is.*
DIE BELYDENIS VAN BELHAR: 'N EENVOUDIGE UITLEG, 1988.

*2 Dr Alan Boesak (links) as moderator tydens die Sinode van die NG Sendingkerk in 1982 wat 'n waterskeiding vir dié kerk was. Langs dr Boesak sit ds Nick Apollis.* DIE KERKBODE

*3 Prof Jaap Durand, voorheen viserektor van die Wes-Kaapse Universiteit, het saam met dr Gustav Bam en prof Dirkie Smit 'n belangrike rol in die opstel van die Konsepbelydenis van Belhar gespeel. By prof Durand op die foto is prof Bernard Combrink, dekaan van die Fakulteit Teologie aan die Universiteit van Stellenbosch toe 'n ooreenkoms in 2000 bereik is dat studente van die VGK ook daar opgelei word.* DIE KERKBODE

*4 Patrick Petersen se gedig 'Belhar' in die vorm van 'n vraagteken uit sy bundel* Amandla ngawethu *wat in 1985 deur die Genadendalse Drukkery gepubliseer is.* GROOT VERSEBOEK 2000

gelowiges, 'n kerk of kerke oordeel dat "'n oomblik van waarheid' aangebreek het. Dis 'n oomblik waarin die evangelie na hulle oordeel op die spel staan. Meningsverskille tussen gelowiges kan nie meer geduld word sonder dat die waarheid van die evangelieboodskap sélf in die gedrang kom nie.

### BELHAR BY DIE KRUISPAD

Die Sinode van die NG Sendingkerk moes hierna by sy sitting in Belhar, Kaapstad, besluit oor die verslag van hulle afgevaardigdes na Ottawa. Die vraag of die sinode saamstem dat só 'n staat van belydenis in Suid-Afrika bestaan, was ook ter sprake. Ná 'n lang debat het die sinode hom met die afkondiging van 'n staat van belydenis vereenselwig. Daar is besluit om 'n belydenis uit te spreek om dit aan hulle lidmate en ander betrokkenes duidelik te stel waarom hulle ná jare van debat op daardie tydstip verklaar het dat die evangeliese waarheid sélf op die spel was. Diep onder die indruk van die erns van die oomblik is op 6 Oktober 1982 'n konsepbelydenis aanvaar.

Ná vier jaar se wye bespreking in die NG Sendingkerk is die Belydenis van Belhar amptelik op 26 September 1986 aanvaar. Die doel van die belydenis was om die geloof wat reeds in lidmate leef, te verwoord en te bely. Watter geloofsoortuigings het die lidmate van die NG Sendingkerk tot die besef gebring dat apartheid verkeerd is en die Bybelse fundering daarvan vals? En waarom was die NG Sendingkerk van oordeel dat die evangelie van Christus self op die spel was in dié oomblik van waarheid? Uit vroeëre besluite was twee sake reeds duidelik, naamlik die eenheid van die kerk en die versoening in Christus. Teen 1982 het 'n derde diepgewortelde en wyd verspreide oortuiging posgevat, naamlik dat apartheid onregverdig was en in stryd met die geregtigheid van God, die Hulp van die hulpeloses wat omgee vir diegene in nood.

Die Belydenis van Belhar is soos volg uiteengesit: In die voorwoord is geloof bely in die drie-enige God wat die kerk deur sy Woord en Gees versamel en versorg. In 'n eerste artikel word geloof bely in die geleefde eenheid van die kerk, in 'n tweede artikel in die ware versoening in Christus, en in 'n derde artikel die ontfermende geregtigheid van God. In die slot is bely dat gehoorsaamheid hieroor verskuldig is aan Jesus Christus die Here, al sou teenstand ondervind word. 'n Begeleidende brief het in vier paragrawe die gesindheid, gesag, bedoeling en verwagting rondom die Belydenis van Belhar verwoord. Daar is ook 'n uiteensetting gegee hoe die sinode sélf die gebeure verstaan en bedoel het.

Daar is doelbewus besluit om apartheid as sodanig nie in die Belydenis van Belhar te vermeld nie, vanweë die tipies gereformeerde siening van belydenisskrifte. 'n Belydenisskrif ontstaan weliswaar om historiese redes, maar die waarheid en geldigheid van die inhoud moet egter aan die evangelie ontleen word, sodat dit ook later in 'n ander verband betekenis kan hê. Die oortuigings op grond waarvan apartheid teengestaan en verwerp is, en waarop die aanspraak op waarheid van die Belydenis van Belhar berus, is algemene Christelike waarhede gegrond op die evangelieboodskap self.

Die Belydenis van Belhar het uiteindelik die basis gevorm van die vereniging tussen die NG Kerk in Afrika en die NG Sendingkerk, met die totstandkoming van die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika op 14 April 1994. Die nuwe kerkorde het sigbare gestalte gegee aan die Belydenis van Belhar.

Sedert 1982 is die NG Sendingkerk en sedert 1994 die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika, getuies van die geleefde eenheid, die ware versoening en die ontfermende geregtigheid waarvan dié kerk glo dat God dit skenk. God eis dit terselfdertyd telkens weer – ook in nuwe omstandighede.

DIRKIE SMIT

4

**belhar**
in
die volk se gewete
breek die waarheid toe hier aan
die sand het
voetjie
vir
voetjie
weggeloop
oor die afgrond van ons geloof
die kairos het hoë koors gekry
waar liefde en haat broers is,
het waarheid soos 'n koel hand-
haat in toue vasgeslaan en nou
bly hierdie drie: geloof hoop liefde
maar hiervan is die grootste:
h
o
o
p



1

# 1982. Vroue in die kerkraad en op die kansel

Die Vrouesendingbond, wat in 1890 gestig is, het in die loop van die daaropvolgende eeu 65 vroue as sendelinge na sendingvelde in Suid-Afrika en elders in Afrika gestuur. Tog sou dit nog presies 'n eeu duur voordat vroue in 1990 in die NG Kerk toegelaat is as ouderlinge en predikante, 'bedienaars van die Goddelike Woord'.

## DIENARESSE IN DIE SKADUWEES

Die Vrystaatse Sinode van die NG Kerk het vanaf 1944 vroue toegelaat om die manlike diakens as diakonesse by te staan deur eensame vroue te besoek. Die diakonesse het egter nie formeel 'n amp beklee nie en kon ook nie aan enige besluitneming deelneem nie. Diakones-wees was dus nie 'n amp nie, maar 'n funksie – dit het ingepas by die kerk se siening van vroue as 'dienaresse'.

In 1966 was dit die Sinode van Midde-Afrika wat versoek het dat die kwessie van vroue in ampte op die agenda van die Algemene Sinode geplaas word. Die saak is toe na 'n kommissie verwys wat aanbeveel het dat vroue nie as diakens bevestig word nie. Vanaf 1970 sou drie sinodes dan ook konsekwent teen vroue in die diakenamp stem.

Die argumente was telkens gebaseer op die aanname dat vroue in die NG Kerk moes dien en nie moes (oor)heers nie, én dat dit in ooreenstemming is met wat die Bybel aan die vroulike 'natuur' voorskryf. Daar is gereeld verwys na Calvyn se interpretasie van Korintiërs waarvolgens mans oor vroue moet heers en vroue moes swyg. Vroue is nietemin by elke sinodesitting hartlik bedank vir hulle onbaatsugtige diens aan die kerk. Dit was in 'n tyd toe predikantsvroue, byvoorbeeld, nog agter die skerms en in die skaduwees van hulle mans op baie vlakke reusewerk gedoen het.



2

Dit was eers in 1982, sestien jaar ná die oorspronklike versoek, dat die Algemene Sinode vroue as diakens toegelaat het. Die sinode het toe begin wegbeweeg van die siening dat vroue net in ooreenstemming met hulle die 'vroulike natuur' kon dien.

Daar is egter nog steeds 'n onderskeid gemaak tussen die amp van diensverrigting (die diakenamp) naas die ampte van opsiening (ouderlinge) en lering (predikante), wat vir vroue ontoeganklik gebly het.

Daar was ook onenigheid onder die manne oor die wysheid van die besluit om vroue selfs net as diakens te gebruik. In 1983 het prof EPJ Kleynhans juis sy intreerede aan die Vrystaatse Universiteit oor 'Die vrou en die amp in die Nederduitse Gereformeerde Kerk' gelewer. Hierin het hy reguit gepraat oor die onheiligheid wat hy sien kom as vroue moontlik predikante sou word. Terselfdertyd het ds Adelbert Scholtz sy magisterverhandeling getiteld 'Die amp en die vrou in die kerk' ingedien waarin hy as predikant hom ten gunste van vroue in al die ampte in die kerk uitgespreek het.

## UITEINDELIK GELYK

Dit sou nog agt jaar duur voordat vroue tot die amp van ouderling en predikant toegelaat is. Dit was toe die Algemene Sinode van 1990 uiteindelik besluit en erken het dat al die ampte van die gelowiges – diaken, ouderling én predikant – gelyk is. As vroue kan dien as diakens, was hulle sekerlik ook geskik as ouderlinge en predikante. Vier jaar na hierdie historiese sinodebesluit is die eerste vrou, Gretha Heymans, in 1994 in die Vrystaatse gemeente Kovsiekampus as predikant georden en bevestig.

Tot in daardie stadium is die argumente en die stryd vir of teen die ordening van vroue meestal deur mans op sinodale vlak en in akademiese publikasies gevoer. Vanaf 1995 kom die Buvton-vrouenavorsingsgroep aan die Teologiese Fakulteit van die Universiteit van Stellenbosch jaarliks bymekaar. Hulle bespreek veral die probleem van opgeleide vroue wat nie as predikante beroep word nie.

Onder leiding van drie afgestudeerde vroueproponente het hierdie navorsingsgroep 'n werkstuk opgestel wat as beskrywingspunt deur die Wes- en Suid-Kaapse Moderamen op die agenda van die Algemene Sinode van 1998 geplaas is. In dié dokument is gevra vir billike arbeidspraktyke in gemeentes wat vroue sal insluit, asook restitusie vir vroue wat lank reeds afgestudeer is, maar as ongeordendes nie toegang tot 'n pensioenfonds het nie. Daar was ook 'n skuldbelydenis deur die kerk vir die onreg wat vroue aangedoen is deur hulle geslagte lank van kerklike ampte uit te sluit.

Die gevolg van dié beskrywingspunt was dat die Algemene Sinodale Kommissie van die NG Kerk 'n vrouekonferensie vir 15 en 16 September 2000 by die Andrew Murray-gemeente in Johannesburg belê het. Dit is deur lede van die Algemene Sinodale Kommissie, vrouepredikante en vroueproponente bygewoon. Elna Mouton, wat toe pas as die eerste vroueprofessor aan die Teologiese Fakulteit op Stellenbosch aangestel is, was ook teenwoordig.

'n Sentrale tema van dié konferensie was vrouepredikante se frustrasie dat hulle nie beroep word nie én dikwels as goedkoop arbeid in gemeentes diens moes doen sonder dat hulle georden en bevestig word. 'n Konkrete gevolg van dié konferensie was dat die Algemene Sinodale Kommissie weer eens 'n skuldbelydenis teenoor vroue gedoen het vir die jare van uitsluiting en marginalisering. Daar is terselfdertyd 'n *ad hoc*-moniteringskommissie aangewys om die posisie van die vrou in die NG Kerk dop te hou en daaroor aan die Algemene Sinode van 2002 verslag te doen.

1. *'n Kunstenaarsvoorstelling van vier bekende kerkvroue van 2002 op die Anreith-preekstoel (1789) van die Groote Kerk in Kaapstad. Hulle is vlnr mev Cecile Cilliers (lid van die Algemene Sinodale Kommissie), prof Christina Landman (hoofnavorser van die Navorsingsinstituut vir Teologie en Religie aan Unisa), prof Elna Mouton (hoogleraar in Nuwe Testament, Teologiese Fakulteit, Stellenbosch) en ds Elsje Büchner (tentmakerpredikant, NG Gemeente Garsfonteinpark).* DE WET VAN DEVENTER, DIE KERKBODE
2. *Mev Amelia Murray en haar ses dogters tydens die Victoriaanse era, ca1890. Sy was die dogter van 'n Wesleyaanse sendeling, John Bailie. Sy is in 1861 met ds Charles Murray getroud wat met sy vader, Andrew Murray, gesamentlik 82 jaar lank predikant op Graaff-Reinet was. Van hulle veertien kinders was vier seuns en twee dogters op die sendingveld in Malawi betrokke.* KAAPSTAD ARGIEFBEWAARPLEK
3. *Ds JH en mev Mary Neethling van Stellenbosch, ca 1900. Mev Neethling (1831-1912) was die moeder van twaalf kinders en het verskeie godsdienstige werke geskryf waarvan sommige vertaal is. Soos menige NG predikantsvroue vóór en ná haar, het sy haar eggenoot se roeping as haar eie aanvaar.* NG KERKARGIEF, KAAPSTAD
4. *Van die eerste vroue wat as proponente in die NG Kerk gelegitimeer is, was Bettie Wagner en Mariëtte Gous. Hulle het hulle studies in 1990 aan die Teologiese Fakulteit, Universiteit van Pretoria, voltooi.* FOTO: BEELD

Volgens die Jaarboek van die NG Kerke was daar in 2001 sestien vroue as predikante in die NG Kerk bevestig, waarvan nege voltydse predikante en sewe tentmakers was. Aangesien daar 2 132 geordende predikante in diens van die kerk was, beteken dit dat slegs 0,75% daarvan vrouepredikante was. Nog dertien vroue was as proponente beroepbaar. Heelwat meer as net hierdie 29 vroue is al in die NG Kerk as predikante opgelei. Nog sowat dertig afgestudeerdes het óf 'n ander heenkome gevind óf is deur die Verenigende Gereformeerde Kerk beroep óf hulle het die diens van die kerk verlaat.

Ondanks heelwat struikelblokke wat nog oorkom moet word, bring die vrouepredikante van die NG Kerk 'n nuwe stem en 'n unieke styl die kerk binne waarby die liggaam van Christus luisterryk en kleurryk baat.


CHRISTINA LANDMAN




3

4








1.2

# 1986. Met *Kerk en samelewing* deur die Rubicon

Daar sal nog lank bespiegel word oor die Rubicon van die NG Kerk met betrekking tot die apartheidsbeleid. Was dit die Algemene Sinode van 1986 met die beleidsdokument *Kerk en samelewing*? Of was dit eerder die eerste duidelike skuldbelydenis oor apartheid by die Algemene Sinode van 1990? Vir ander is dit moontlik die gebeure by die Rustenburg-beraad 'n week later, of die Algemene Sinode van 1998 wat apartheid in sy essensie as sondig erken het. Of lê die Rubicon moontlik selfs nog in die toekoms wanneer kerkvereniging binne die NG Kerke 'n werklikheid word?

## 'N WATERSKEIDING OOR RASSESKEIDING

Op die keper beskou, was die keerpunt inderdaad die sinode van 1986, waar die deurslaggewende keuse gemaak is. Meer radikale besluite wat by daaropvolgende sinodes geneem is, het onvermydelik hieruit voortgevloei – selfs al was die druk tot herroeping van die gewraakte dokument oor *Kerk en samelewing* en ander sinodebesluite wat daarmee verband hou, baie sterk.

Dit het mettertyd duidelik geword dat die belangwekkende dokument van 1974, *Ras, volk en nasie en volkereverhoudinge in die lig van die Skrif*, nie meer aanvaarbaar was nie. Die kommissielede wat aangewys is om dit in opdrag van die sinode van 1982 te hersien, kan nie verkwalik word dat hulle veel meer as 'n blote hersiening en in werklikheid 'n nuwe beleidstuk aan die Algemene Sinode van 1986 voorgelê het nie. Die sprekende titel was: *Kerk en samelewing – 'n getuienis van die Ned Geref Kerk*. Dit was vir die opstellers van die grootste belang dat hulle Skrifberoep vir die onderliggende beginsels van die dokument op deeglike eksegese moes berus.

Beduidende wysigings is deur amendemente op die konsepdokument aangebring. Dit is ook duidelik dat die Algemene Sinode van 1986 versigtig was om nie té ingrypend te wees in sy kritiek op apartheid nie. Selfs 'n voorstel dat dit as religieus-gekleurde ideologie 'n dwaling is wat, alhoewel onbedoeld, veral in sy praktiese toepassing, tot baie leed, lyding en bitterheid bygedra het en waaroor dus belydenis gedoen moes word, is afgewys. Uiteindelik het die betrokke paragraaf gelui: 'Die Ned Geref Kerk is oortuig dat die hantering van apartheid as 'n politieke en maatskaplike sisteem wat mense veronreg en een groep onregmatig bo 'n ander bevoordeel, nie op Christelik-etiese gronde aanvaar kan word nie.'

Selfs al was dié sinode uiters versigtig in sy formulerings, is daar met beslistheid wegbeweeg van die vroeëre regverdiging van apartheid op Bybelse en teologiese gronde. In daardie opsig was die Algemene Sinode van 1986 'n onbetwisbare keerpunt. Dit word ook bevestig deur die feit dat die sinode vir die eerste keer ondubbelsinnig verklaar het dat die lidmaatskap van die NG Kerk 'oop' is.

## AFLOOP

Hierdie formulering het noodwendig beroering in die NG Kerk veroorsaak. Dit was klaarblyklik een van die belangrikste redes

3


4



1. *Die buiteblad van* Kerk en samelewing *(1986). Dié getuienis het groot beroering in die NG Kerk veroorsaak en onder meer daartoe gelei dat sowat 30 000 lidmate en 100 predikante die kerk verlaat het om in 1987 die Afrikaanse Protestantse Kerk te stig.*
2. Perspektief op die Ope Brief *(1982) is gepubliseer na aanleiding van die 'Ope Brief' wat deur 123 persone onderteken is en op 9 Junie 1982 in* Die Kerkbode *verskyn het. Dit het ongetwyfeld bygedra tot die Algemene Sinode se besluit om die beleidstuk* Ras, volk en nasie *te laat hersien en uiteindelik* Kerk en samelewing *te aanvaar.*
3. *Studente van die Hugenote Kollege op Wellington ontspan saam. Dit was in 1986 nog 'n eksklusiewe wit NG Kerkkollege. Ná* Kerk en samelewing *en die omwentelinge van die vroeë jare negentig het moontlikhede wat voorheen as onwaarskynlik beskou is, algemene praktyk geword.*
*DIE KERKBODE*
4. *Ds (later dr) Dawie de Villiers was 'n gewilde Springbokrugbykaptein toe hy in 1967 studentepredikant van Wellingon-Moedergemeente geword het. Hy het in 1973 parlementslid geword en was as minister en onderhandelaar oor die nuwe Grondwet bekend vir sy verligte standpunte. Dié foto is tydens verkiesingstyd op Piketberg geneem.*
*BURGER-VERSAMELING. NASIONALE BIBLIOTEEK VAN SA*

waarom 'n beduidende aantal lidmate die NG Kerk verlaat het om die Afrikaanse Protestantse Kerk te stig. Die AP Kerk beperk sy lidmaatskap steeds eksklusief tot blanke Afrikaners.

'n Verdere gevolg van die sinodebesluite was dat 'n groep beswaardes kort ná die sinodesitting van 1986 in Pretoria vergader het. Dit het onder meer gelei tot die opstel van 'n beswaarskrif, *Geloof en protes,* wat moes dien as 'n antwoord op *Kerk en samelewing.* In sy reaksie op hierdie dokument het die NG Kerk se Algemene Sinodale Kommissie daarop gewys dat die beswaardes, wat die sinode van 'n nuwe, vrysinnige Skrifgebruik beskuldig het, juis nie genoegsame erns met gesonde gereformeerde beginsels gemaak het nie. Die Kommissie het gesê dat die uitgangspunt van die opstellers van *Geloof en protes* was dat apartheid tot elke prys in staat en kerk gehandhaaf moes word.

Die sinodebesluite van 1986 het sonder twyfel beduidende gevolge vir die breër Suid-Afrikaanse samelewing gehad. In dieselfde tydvak was daar reeds op politieke vlak sterk aanduidings van 'n nuwe benadering tot volkereverhoudings. 'n Deel van die regerende Nasionale Party het trouens sterk daarop aangedring. Uit gesprekke met destydse senior parlementslede wat ook lidmate van die NG Kerk was, blyk dit duidelik dat hulle wel deeglik geraak is deur die sinodebesluite. Die feit dat die NG Kerk nie meer 'n Bybelse of teologiese regverdiging vir apartheid kon gee nie, het hierna 'n belangrike faktor in politieke besluitneming geword.

By die afsluiting van die Algemene Sinode op 25 Oktober 1986 was dit reeds duidelik dat die dokument *Kerk en samelewing* nie die finale woord sou wees nie. In die daaropvolgende jare is dit wyd en indringend dwarsdeur die NG Kerk bespreek. Ingrypende wysigings wat die kerk verder sou voer in die rigting waarvoor hy in 1986 prinsipieel gekies het, is vervat in die dokument *Kerk en samelewing 1990* wat in daardie jaar by die Algemene Sinode van Bloemfontein goedgekeur is. Hierin is onomwonde oor apartheid verklaar:

'Enige sisteem wat in die praktyk só funksioneer, is in die lig van die Skrif en die Christelike gewete onaanvaarbaar en moet as sondig van die hand gewys word. Enige poging van 'n kerk om so 'n sisteem Bybels-eties te probeer regverdig, moet as 'n ernstige dwaling beskou word, dit wil sê as in stryd met die Bybel.'

Die grondslag vir verklarings soos hierdie en vir al die belangwekkende verwikkelings gedurende die afgelope vyftien jaar binne die NG Kerk – wat veel wyer as net dié kerk uitgekring het – is reeds in Kaapstad by die Algemene Sinode van 1986 gelê.

PIETER POTGIETER



I

# 1990. Belydenis, vergifnis en versoening by Rustenburg

Die merkwaardige gebeurtenis by Rustenburg op 3 November 1990 het die land aan die praat gehad. 'n Kerkeberaad is daar gehou wat deur verteenwoordigers van die meeste kerke in Suid-Afrika bygewoon is. Die Rustenburg-beraad was die mees inklusiewe kerklike byeenkoms sedert die Cottesloe-beraad presies 30 jaar vroeër. Dit was slegs 10 maande ná pres FW de Klerk se epogmakende toespraak van 2 Februarie 1990.

BELYDENIS EN BEROERINGE

Vroeg in die beraad het prof Willie Jonker van Stellenbosch as genooide spreker uit eie beweging aan die einde van sy toespraak verklaar:

'Ek bely voor u en voor God nie net my eie sonde en skuld nie, en my persoonlike verantwoordelikheid vir die politieke, sosiale, ekonomiese en strukturele onregte waaronder u en ons hele land nog ly nie, maar plaasvervangend waag ek om dit ook namens die NG Kerk te doen, waarvan ek 'n lidmaat is, en vir die Afrikaners. Ek het die vryheid om dit te doen, want die NG Kerk het apartheid op sy afgelope Algemene Sinode (Oktober 1990) tot sonde verklaar en sy eie skuld van nalatigheid beken dat hy nie lank gelede daarteen gewaarsku en homself daarvan gedistansieer het nie.'

Aartsbiskop Desmond Tutu het ná die belydenis van prof Jonker ook uit eie beweging en sonder vooraf raadpleging dit onomwonde gestel dat hy die skuldbelydenis aanvaar en nie aan die opregtheid daarvan twyfel nie. Die amptelike afvaardiging van die NG Kerk was ook nie vooraf bekend met Jonker se voorneme om so 'n belydenis te doen nie, maar het reeds aan die begin van die byeenkoms besef dat dit die tyd en plek was om die een of ander verklaring oor die NG Kerk se standpunt in verband met apartheid te maak. Jonker se toespraak het die geleentheid daarvoor geskep.

Prof Pieter Potgieter, leier van die afvaardiging (die ander lede was dr Pierre Rossouw, dr Dirk Hattingh en ondergetekende) het in die lig van die Algemene Sinode se besluite wat die vorige week in Bloemfontein geneem is, die dag ná Jonker se belydenis die beraad meegedeel:

'Die afvaardiging van die NG Kerk wil dit onomwonde stel dat ons ons volledig vereenselwig met die verklaring van prof Jonker oor die posisie van hierdie kerk. Hy het op stuk van sake die besluite van ons Algemene Sinode in Bloemfontein weergegee. Ons wil graag dié besluite van die sinode as die basis van versoening met alle mense en alle kerke beskou.'

Ná Potgieter se verklaring – wat in doodse stilte aange-

hoor is – het biskop Tutu, soos die vorige dag, na die podium gegaan en erken dat hy baie kritiek moes verduur omdat hy klaarblyklik sonder magtiging die skuldbelydenis van Jonker aanvaar het. Sommige kerklui het gemeen dat die NG Kerk se skuld nie so maklik vergewe kan word nie, het hy gesê. Maar by hom was daar geen twyfel nie: As skuld bely word, vergewe die Here. Só moet Christene mekaar ook vergewe - tot sewentig maal sewe keer!

Daar was ná die dramatiese gebeure steeds diegene wat ongelukkig gevoel het. Die afgevaardigdes van die NG Sendingkerk en die NG Kerk in Afrika het geoordeel dat die mense van die NG Kerk nie regtig bedoel wat hulle sê nie, en dat hulle meesters is van die kuns om met woorde te speel (soos ds Nick Apollis van die NG Sendingkerk dit gestel het).

### ONRUSTIGHEID NÁ DIE RUSTENBURG-BERAAD

Verskeie pogings is hierna aangewend om die afgevaardigdes van die NG Kerk, die NG Sendingkerk en die NG Kerk in Afrika nog tydens die beraad by Rustenburg byeen te bring om sake uit te praat. Toe hulle uiteindelik bymekaarkom, is daar reguit met mekaar gepraat. Daar is besluit om so gou moontlik weer bymekaar te kom om oor ongelukkighede te praat. In die daaropvolgende dekade sou nog baie sulke gesprekke volg.

Ná die Rustenburg-beraad was daar noodwendig woelinge in die NG Kerk, net soos na afloop van die Cottesloe-beraad drie dekades vroeër. Die Algemene Sinodale Kommissie (ASK) van die NG Kerk, wat oor spoedeisende sake besluit as die Algemene Sinode nie vergader nie, het kort daarna, op 4 Desember 1990, in Pretoria byeengekom en die Rustenburg-belydenis tot laat daardie aand bespreek. Uiteindelik is 'n besluit geneem waarin prof Jonker oor die vingers getik is omdat hy 'hom op die besluite van die Algemene Sinode beroep het, ofskoon hy nie die hele verband van die sinode se besluite vermeld het nie.' 'n Beskuldiging in dieselfde trant is tot die NG Kerk se afvaardiging gerig.

Dié besluit van die Algemene Sinodale Kommissie het algaande in die vergetelheid verdwyn, maar die gebeure by die Rustenburgse beraad het in die gedagtes bly voortleef as merkwaardige oomblikke van belydenis, vergifnis en versoening. Van Cottesloe in 1960 tot by Rustenburg in1990 was vir die kerke in Suid-Afrika, ook vir die NG Kerk, 'n lang reis. 'n Sirkel is voltooi. Afgevaardigdes van die kerke wat in 1960 uitmekaar is en dertig jaar lank nie amptelik met mekaar gepraat het nie, het in 1990 weer byeengekom en mekaar herontdek. Meningsverskille is algaande uit die weg geruim.

*Die Kerkbode* het in 'n hoofartikel op 16 November 1990 die betekenis van die Rustenburg-beraad soos volg opgesom:


'Vir die NG Kerk is die belydenis oor apartheid 'n oomblik van bevryding. Skuldbelydenis is nooit maklik nie: nie teenoor God nie, nie teenoor jou man of vrou of kind nie, nie teenoor 'n ander volk of 'n ander kerk nie. Maar as dit eers in die Naam van Christus gedoen is, is daar altyd by God vir jou vergifnis en, gelukkig, dikwels ook by ander mense – selfs by ander kerke. Dit het verlede week by Rustenburg op 'n aangrypende, onvergeetlike wyse gebeur.'

FRITS GAUM

1. *Dr Beyers Naudé in gesprek met 'n joernalis tydens die Rustenburgse kerkeberaad in 1990. Hy was by die beplanning van die beraad betrokke, wat 'n keerpunt in die Suid-Afrikaanse kerkgeskiedenis was. Dit is deur president FW de Klerk na aanleiding van 'n voorstel van prof Johan Heyns aangevoor.* DIE KERKBODE
2. *Aartsbiskop Desmond Tutu as voorsitter van die Waarheid-en-versoeningskommissie in die geselskap van die Moderatuur van die NG Kerk se Algemene Sinode van 1994. Vlnr is dr Frits Gaum (skriba), ds Freek Swanepoel (moderator), ds Kobus van der Westhuysen (assessor) en prof Pieter Coertzen (aktuarius). Aartsbiskop Tutu het 'n belangrike versoenende rol by die Rustenburgse kerkeberaad gespeel en het die belydenis van prof Willie Jonker oor apartheid sonder huiwering of voorbehoud aanvaar.* DIE KERKBODE
3. *Pres Nelson Mandela op 11 Februarie 1990, die dag van sy vrylating ná 27 jaar se gevangeneskap. Hy spreek hier 'n groot skare voor die stadsaal van Kaapstad toe. Mnr Mandela het sedertdien 'n sleutelrol gespeel om vergifnis en versoening in Suid-Afrika te bevorder.* C LEDOCHOWSI
4. *Prof Willie Jonker by prof Dirkie Smit, sy skoonseun en latere opvolger in die Departement Sistematiese Teologie op Stellenbosch. Prof Jonker het tydens die Rustenburgse kerkeberaad persoonlik en namens die NG Kerk belydenis gedoen oor die 'politieke, sosiale, ekonomiese en strukturele onregte waaronder … ons hele land nog ly'.* DIE KERKBODE


2


3


4




1

# 1994. Die eenheid van die gelowiges

Sendingwerk deur die Kaapse Kerk het vanaf 1652 tot feitlik aan die einde van die agtiende eeu sporadies en hoofsaaklik deur individuele inisiatief plaasgevind. 'n Paar van die eerste sieketroosters en predikante het wel pogings aangewend om die evangelie aan die Koikoi te verkondig. Die doop in 1662 van die eerste bekeerling, 'n Koi-meisie, Krotoa, en die verandering van haar naam na Eva is welbekend.

Origens was daar min volgehoue pogings tot sendingwerk. Daar was geen sistematiese pogings om die evangelie onder die slawe te verkondig nie en teen die einde van die agtiende eeu was daar min slawe wat gedoop is. Sendingwerk, in soverre dit wel plaasgevind het, was gevolglik toe deel van die pastoraat eerder as 'n vorm van apostolaat. Slawe wat gedoop is, moes hulle vryheid ontvang. Dit het vanselfsprekend geensins hulle kerstening aangemoedig nie.

### 'N NUWE SENDINGYWER LEI TOT VERSKILLENDE BENADERINGS

Met die oplewing van sendingbelangstelling in Europa teen die einde van die agtiende eeu, het daar ook aan die Kaap 'n nuwe sendingywer ontstaan. Onder aansporing van ds HR van Lier, predikant van die gemeente Kaapstad vanaf 1786 tot 1793, het 'n groepie van sowat sestig lidmate byvoorbeeld begin om die evangelie aan hulle werknemers en slawekinders te verkondig. Ook by Roodezand (Tulbagh) ontstaan 'n sterk oplewing onder die bediening van ds MC Vos. Waar plaaslike NG gemeentes na mense van kleur uitgereik het, is die bekeerlinge aanvanklik meesal gewoon as lidmate opgeneem.

Vanaf 1792 het verskeie buitelandse sendinggenootskappe hulle in die land kom vestig, terwyl die Zuid Afrikaansch Genootschap (later bekend as die SASG) plaaslik in 1799 gestig is. Die sendinggenootskaplike benadering het meesal direk tot die vorming van afsonderlike inheemse gemeentes gelei.

Met die aanstelling in 1826 van eerw L Marquard as die eerste sendeling van die NG Kerk is 'n sendelingamp binne die kerk geskep wat eers in 1962 opgehef is. Die werk van hierdie 'eerwaardes' was beperk tot die bediening aan mense van kleur. Die bekeerlinge is wel as lidmate van die NG Kerk beskou, maar in die meeste gevalle is hulle algaande afsonderlik bedien as 'n soort aanhangsel of filiaalgemeente van die plaaslike NG gemeente.

### AFSONDERLIKE GEMEENTEVORMING EN KERKVORMING

Die verwarring meegebring deur verskillende benaderings is verhoog deur uiteenlopende en soms teenstrydige uitsprake deur sinodes van die NG Kerk vanaf die dertigerjare tot die sestigerjare van die negentiende eeu. Die probleem waarmee geworstel is, was veral die beginsel van die eenheid van alle gelowiges teenoor die eiesoortige behoeftes van nuutgekerstendes. Daar was ook nog weerstand teen te noue assosiasies met

gelowiges 'uit die heidendom' by sommige 'gebore Christene'.

Dit het gelei tot die gewraakte besluit van 1857 wat die geleentheid geskep het vir die afsonderlike bediening van die nagmaal aan gelowiges van kleur. Gesamentlike bediening aan beide kultuurgroepe binne gemeenteverband het plek gemaak vir afsonderlike bediening, afsonderlike gemeentevorming en uiteindelik afsonderlike kerkvorming.

Die ontstaan van die NG Sendingkerk in 1881 en die totstandkoming van die NG Sendingkerk van die Oranje-Vrystaat in 1910 het 'n patroon gevestig wat hierna telkens herhaal is - binne én buite die grense van die land. Die NG Kerk het dus besluit wanneer die tyd vir afstigting ryp was, waarna dan 'n kerkorde of konstitusie vir die te stigte 'dogterkerk' opgestel is en die kerk gekonstitueer is. Dié kerke het egter nog onder die jurisdiksie van die NG Kerk gestaan, wat veral binne Suid-Afrika lank 'n vetoreg ten opsigte van sinodebesluite behou het.

Tot en met die dertigerjare van die twintigste eeu het die NG Kerk egter grotendeels voortgegaan met sendingwerk en die stigting van 'sendingkerke' sonder 'n duidelik omskrewe beleid. Daar is gebruik gemaak van allerlei vorms van hulpdienste soos onderwys, mediese werk en maatskaplike opheffing.

Die NG Kerk het hom destyds toenemend laat lei deur die wyd aanvaarde beginsels van Henry Venn, sekretaris van die Church Missionary Society. Volgens sy bekende benadering van die 'drie selwe' is kerke gevestig wat selfonderhoudend, selfregerend en selfuitbreidend moes wees. Vroeg in die twintigste eeu het die gedagterigtings van persone soos die Duitse sendingkenner Gustav Warneck ook al sterker inslag gevind. Hy het veral die belangrikheid van identiteit, die behoud van die volkseie en die gevolglike nasionale of 'volkskerke' beklemtoon.

## VAN KERKPLANTING TOT EENWORDING

In 1932 het die Kaapse Kerk 'n voorlopige sendingbeleid aanvaar wat in 1935 die grondslag gevorm het vir 'n amptelike beleid vir al die NG Kerke. Dit het die gedagterigtings van Venn en Warneck se benaderings geïnkorporeer. Die oortuiging dat dit in die beste belang van die swart bevolking is om op alle terreine selfstandig en afsonderlik van die blankes te funksioneer, sou goed inpas by die latere apartheidsbeleid. Daar is geargumenteer dat kerkeenheid nie in gedrang hoef te kom wanneer daar afsonderlike en onafhanklike kerke bestaan nie, veral nie as hulle dieselfde belydenisgrondslag het nie.

Met die totstandkoming van die Algemene Sinode van die NG Kerk in 1962 het 'n nuwe 'sendingreglement' deel van die kerkorde geword. Die 'wesenlike eenheid van die NG moeder- en dogterkerke' asook die 'volwaardigheid en selfstandigheid' van die 'dogterkerke' word beklemtoon met as motivering dat 'elkeen in sy eie taal die groot dade van God kan hoor en verkondig'. In 1986 is 'n hersiene sendingreglement goedgekeur waarin veel sterker klem op die eenheid van die reeds bestaande kerke van die NG Kerkfamilie gelê is. Die eerste konkrete stap tot groter eenheid het agt jaar later gevolg toe die Verenigende Gereformeerde Kerk (VGK) tot stand gekom het – egter sonder die NG Kerk, maar met 'n vierde belydenis – die Belydenis van Belhar.

Met die nuwe bedeling in Suid-Afrika ná 1994 het die tyd het aangebreek dat die NG Kerkfamilie saam as één kerk sal besin oor die wát en die hóé van sending. Heelwat vordering is reeds gemaak: die eenheidstrewe en onlangse vordering op die gebied van kerkvereniging; die totstandkoming in 1991 van 'n verenigde Kommissie vir Getuienisaksie vir die NG Kerkfamilie in die Wes- en Suid-Kaap en van die Algemene Kommissie vir Getuienisaksie (AKGA) in 2001 op nasionale vlak; die byeenbring van die VGK en die NGK se teologiese opleiding op Stellenbosch in 2000 en die Konvent van Eenheid van 2001. Dit is van die aspekte wat reeds die weg gebaan het vir 'n nuwe en vars benadering tot die sendingsaak en -taak van die één verenigde Kerk in Suider-Afrika.

MARTIN PAUW




2

1. *Die Zending Klas van 1904: Studente voor Huis Samuel by, die Sendinginstituut op Wellington.* ERKENNING: D BOTHA
2. *Die nuwe Suid-Afrikaanse landswapen. Die leuse in die Koi-taal is 'n oproep dat persone van verskillende herkoms hulle sal verenig.*
3. *Eerw Stephanus Hofmeyr (1839-1905), sy vrou en seun as sendingpioniers, ca 1890. Hy het hom sy lewe lank aan sendingwerk gewy en was die eerste Afrikaanse sendeling. Hofmeyr is deur die Moedergemeente van Stellenbosch na Soutpansberg gestuur.* HOFMEYR FAMILIEMUSEUM, KAAPSTAD
4. *Eerw Adam en mev Maria Barnard met gesinslede, ca 1940. Hy was vir sy hele bediening aan die NG Sendingkerk op Beaufort-Wes verbonde. Agter (weerskante van eerw Barnard) is Chris en Marius wat albei later as hartchirurge bekendheid verwerf het.* C BARNARD: EIE LEWE


### FEITEFLITS

Die Sendinginstituut op Wellington se amptelike ontstaansdatum was 1 Oktober 1877 met die aankoms van die eerste dosent, ds GR Ferguson. Hy was die broer van mej AP Ferguson, prinsipale van die Hugenote Seminarie.

3 4






1

# 1994. Die Sinode van Versoening

Toe die negende Algemene Sinode in Oktober 1994 in Pretoria vergader, was alle oë op die NG Kerk gerig. Lidmate het nog vrae gehad oor die beleidsdokument *Kerk en samelewing 1990,* die belydenis by Rustenburg en kerkeenheid. Mense wou ook sien hoe die kerk sy rol in die 'nuwe' Suid-Afrika gaan vervul.

Reeds voor die Sinode het daar stemme opgegaan oor die belangrikheid van verandering en versoening. Die redakteur van *Die Kerkbode* het geskryf:

'Die kerk kan nie toelaat dat die toekomsskok waarmee hy in die jare negentig te doen gekry het, hom lamlê nie. In gemeentelike verband, en in wyer kring, moet die kerk met nuwe planne en nuwe strategieë vorendag kom om aan die nuwe eise te voldoen.'

Die groot verantwoordelikheid wat op die sinode van 1994 gerus het, is vroeg in die vergadering tydens die sogenaamde 'broederlike onderhoud' deur prof Johan Heyns beklemtoon toe hy gesê het dat die boodskap van versoening nie net deur die kerk verkondig moet word nie, maar ook op konkrete wyse oorgedra moet word. Die nuwe Moderatuur is op 11 Oktober 1994 verkies. Dit het bestaan uit ondergetekende as moderator, ds Kobus van der Westhuyzen as assessor, prof Pieter Coertzen as aktuarius en dr Frits Gaum as skriba.

## VERHOUDINGS EN KERKEENHEID

Ná die vreedsame verloop van die eerste demokratiese verkiesing vroeër in 1994 en die ordelike oorgang van die regering, was daar algemene instemming oor die regte gesindheid wat tussen mense moet heers. Die sinode van 1994 het dan ook 'n studiestuk aanvaar oor vooroordeel en negatiewe houdings. Lidmate is opgeroep om op persoonlike ontmoetingsvlak die inisiatief te neem met die oog op die verbetering van verhoudings en gesindhede. Kerkrade en lidmate is verder gevra om alles in hulle vermoë te doen om in vrede met almal te lewe.


Die sinode het hierbenewens duidelik getoon dat gemeenskapsbetrokkenheid, veral ten opsigte van die tydelike nood van mense en die vigs-pandemie, van die grootste belang is. Daar is dus nie slegs kommentaar gelewer oor die nuwe regering se Heropbou- en Ontwikkelingsprogram (HOP) nie, maar ook samewerking belowe.

Anders as by vorige sinodes, was daar in 1994 'n poging om die debat oor eenheid in die NG Kerkfamilie vroeg in die sitting aan die orde te stel. Op die derde sittingsdag, 13 Oktober 1994, is daar ná 'n lang debat besluit om 'aan die proses van kerkeenheid groter momentum te gee'. In wese is daar besluit om 'n gesamentlike kommissie te vorm om 'n konsepkerkorde vir één kerkverband saam te stel.

Terselfdertyd is goedkeuring verleen dat kerkrade, ringe en sinodale kommissies deurlopend op die hoogte van die proses gehou sou word en dat hulle kommentaar en insette deurlopend gevra sou word. Die strewe om met kerke in breër verband te skakel, is bevestig deur die besluit om vir waarnemerstatus by die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke aansoek te doen. Die NG Kerk het ook teenoor die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke verklaar dat hy graag weer as volle lid aanvaar wou word.

## STEMME VAN LIDMATE

Ná die sinode van 1990 het sommige lidmate se besware teen die beleidsdokument *Kerk en samelewing 1990* veral gestalte gevind in memorandums van die Afrikaanse Gereformeerde






2.3



4

1. *Pres Mandela tydens sy besoek aan die Algemene Sinode van die NG Kerk in Oktober 1994. By hom is prof Pieter Coertzen, aktuarius en ds Freek Swanepoel (links), moderator.* ERKENNING: BEELD
2. Die verhaal van die NG Kerk se reis met apartheid, 1960-1994. 'n Getuienis en 'n belydenis *is ook aan die Waarheid-en-versoeningskommissie beskikbaar gestel.* DIE KERKBODE
3. *Ds Freek Swanepoel, moderator van die Algemene Sinode van die NG Kerk, 1994.* DIE KERKBODE
4. *Die Sondag ná die Parlementsopening in Februarie 1995 het pres Mandela die Groote Kerk in Kaapstad tydens die oggend-diens besoek. Op dié foto is hy saam met ds Johan Botes, gemeenteleraar, voor die Anreith-preekstoel.* CAPE ARGUS
5. *Pres Mandela het in April 1994 saam met die Verenigende Geref Kerk in Belhar nagmaal gebruik kort voor sy inhuldiging as president. Langs hom sit dr Alan Boesak, destyds ANC-leier in die Wes-Kaap en voormalige moderator van die NG Sendingkerk.* BURGER-VERSAMELING: NASIONALE BIBLIOTEEK VAN SA
6. *Prof Ben Marais het die Algemene Sinode van 1994 besoek, waar hy as 'profeet' gehuldig is omdat hy van binne die kerk standpunt ingeneem het teen die Skrifuurlike regverdiging van die apartheidsbeleid.* NG KERKARGIEF, PRETORIA

Bond en die sogenaamde Voortsettingskomitee. Die Algemene Sinode van 1994 het egter ná bespreking besluit om *Kerk en samelewing 1990* te handhaaf as 'die kerk se reaksie op 'n bepaalde historiese situasie'. Die sinode het tog met 'n pastorale hart na beswaarde lidmate uitgereik en sy begrip uitgespreek oor die ongelukkigheid en verwarring wat die aanvaarding daarvan meegebring het.

Vir die eerste keer het die NG Kerk ook erkenning gegee aan lidmate wat hulle profetiese stem laat hoor het teen apartheid en politieke dienstigheid. Daar is met spyt erken 'dat daar in die verlede dikwels van kerklike kant op 'n onbarmhartige en onsaaklike wyse teenoor sulke persone gehandel is'.

## BELANGRIKE BESOEKERS

Deur 'n sameloop van omstandighede kon dié erkenning tydens die sinodesitting persoonlik aan twee leidende figure in hierdie verband oorgedra word. Op 14 Oktober het prof Ben Marais, emeritus-professor van die Teologiese Fakulteit aan die Universiteit van Pretoria, die sinode besoek. Die moderator het hom geëer as ''n profeet wat binne die mure van die NG Kerk' opgetree het. Op 20 Oktober het dr Beyers Naudé en sy vrou, Ilse, ook die sinode besoek. Die moderator het hom toe gehuldig as ''n profeet wat buite die mure van die NG Kerk' opgetree het, aangesien Naudé mettertyd lidmaat van die NG Kerk in Afrika geword het. Daar is toe spontaan 'n seënpsalm vir hulle gesing.

Pres Nelson Mandela kon nie as genooide die amptelike opening van die sinode bywoon nie, aangesien hy toe in die buiteland was. Hy het egter met sy terugkeer versoek om die sinode op 13 Oktober te besoek. In sy toespraak, wat hy in sy geheel in Afrikaans gelewer het, het president Mandela melding gemaak van die onontbeerlike rol van die NG Kerk in die opbou van 'n regverdige en vreedsame Suid-Afrika. Hy is ná sy toespraak staande toegejuig en in 'n onbestrede mosie van volgehoue voorbidding verseker.

'n Versoenende gees het ook na ander uitgegaan. Só is die vorige staatspresident, mnr FW de Klerk, geloof vir sy Christenskap tydens sy termyn. Oor die viering van 16 Desember is gesê 'dat die regte verstaan van die betekenis van Geloftedag en versoening en vrede in Suid-Afrika, met mekaar versoenbaar is'.


In *Die Kerkbode* van 28 Oktober 1994 het Frits Gaum as redakteur soos volg geskryf:

'Die negende Algemene Sinode van die NG Kerk wat verlede week hier ten einde geloop het, is gekenmerk deur 'n gees van versoening en was ongetwyfeld een van die merkwaardigste sinodesittings sedert die eerste vergadering van die Algemene Sinode wat in 1962 gehou is. Dit was die Sinode van Versoening.'

## FREEK SWANEPOEL

5 6







I

# 1994. 'n Nuwe era – 'n nuwe barmhartigheidsdiens

Die dramatiese gebeure van 1994 het ook 'n nuwe era en nuwe uitdagings vir die NG Kerk se barmhartigheidsbediening ingelei.

Die verslag van die Algemene Sinode se Kommissie vir die Diens van Barmhartigheid (AKDB) aan die sinode van 1994 het dit reeds uit verskillende gesigspunte beskou. Die verslag was enersyds 'n eerlike soeke na oplossings vir Suid-Afrika se toenemende maatskaplike probleme, maar 'n vernuwende barmhartigheidsbediening is ook aangedui. Hiervolgens sou die gemeentelike diakonaat sentraal staan en deur 'n omvattende vakkundige diens ondersteun word.

### DIE STAATSTRUKTUUR EN DIE STATUS VAN DIE KERK VERANDER

Teen 1994 het die NG Kerk reeds 'n omvattende vakkundige barmhartigheidsdiens deur die verskillende sinodale kommissies vir die diens van barmhartigheid (SKDB's) bedryf. Dié dienste sluit inrigtingsorg in vir ouer persone, kinders en verstandelik erg-gestremdes, asook maatskaplike uitreikingsdienste en rehabilitasieprogramme. Daarby onderneem die kerk gemeenskapsprojekte soos dienssentrums vir ouer persone en programme vir vaardigheidsontwikkeling en armoedebestryding. Ten opsigte van MIV/vigs bestaan daar voorkomings- en beradingsprogramme vir geïnfekteerde én geaffekteerde persone en hulle families.

Om dié dienste te kan lewer en aanspraak te hê op die regte en voorregte wat deur welsynswetgewing, soos staatsubsidies, moontlik gemaak is, het SKDB's en die Algemene Kommissie vroeër as welsynsorganisasies geregistreer. Die 'gesistematiseerde kerk-staat-samewerking' of 'vennootskap met die staat' soos dit bekend was, strek terug tot by die Armblankevolkskongres van 1934.

Hierdie posisie van 'bevoorregting' het vanaf 1994 vir die NG Kerk se barmhartigheidsdienste drasties verander. Twee bepalende beleidsraamwerke wat kort voor die demokratiese verkiesings van daardie jaar verskyn het, het die eerste rimpelings vir die NG Kerk se barmhartigheidsdienste veroorsaak. Die een dokument was die Heropbou- en Ontwikkelingsprogram (HOP), 'n beleidsraamwerk om 'n demokratiese, nie-rassige en nie-seksistiese bestel vir Suid-Afrikaners op veral ekonomiese vlak te skep. Die voorgestelde welsynsbeleid van die staat, wat geskoei was op die visie en beginsels van die HOP, was hierbenewens van primêre belang.

Die nuwe bedeling en nuwe beleidsrigtings het die NG Kerk bekommerd laat wonder of daar nog ruimte sou wees vir die eiesoortige karakter van sy barmhartigheidsdiens en of die nuwe regering die vennootskap met die kerk sou voortsit. Ander kwelvrae was dié van voortgesette staatsubsidies en hoe die aftakeling van apartheid die kerklike barmhartigheidsdienste sou raak.

Die Algemene Sinode van die NG Kerk van 1994 het veral twee belangrike besluite oor die Heropbou- en Ontwikkelingsprogram geneem wat sy worsteling daarmee duidelik weerspieël. Die eerste besluit het 'n versoek behels 'dat die HOP vanuit 'n Bybels-teologiese perspektief beoordeel word en 'n kerklike standpunt aan die Algemene Sinodale Kommissie voorsien word.' In die tweede resolusie het die Algemene Sinode erken 'dat Suid-Afrika 'n program van opbou en ontwikkeling nodig het en besluit om vir sover dit vir hom moontlik is, samewerking met die HOP te soek en op alle terreine wat dit moontlik is, sy samewerking te bied' (*Acta,* 1994).

### 'N NUWE TYD VRA HERBESINNING

Die Algemene Kommissie vir die Diens van Barmhartigheid het terselfdertyd by die Algemene Sinode van 1994 sy konsepbeleid vir die NG Kerk voorgelê. Dit was geskoei op *Kerk en samelewing* van 1986. Die beginsel wat deurgaans vooropgestel is, was die diakonale taak van die plaaslike gemeentes. Dit was bedoel om opnuut die aandag daarop te vestig dat die kerk se barmhartigheidsbediening in die barmhartige harte van lidmate en gemeentes begin. Die gemeentediakonaat kon egter op die vakkundige bystand van maatskaplike werkers en ander vakdissiplines en inrigtings steun.

'n Ander aspek waaroor die AKDB by die sinode van 1994 verslag gedoen het, was die 'diakonaat oor kerkgrense heen'. In dié besinning is die dogterkerke betrek. Die gesprekke het uitgeloop op die droom van één kommissie vir 'die Diens van Barmhartigheid en Geregtigheid binne die NG Kerkfamilie'. 'n Konsep-reglement hiervoor is terselfdertyd deur die sinode aanvaar.



2

1. *'n Plakkershut-kerkie dra die boodskap van die eenvoud en egtheid van die evangelie van Christus oor.* SKDB, KAAPSTAD
2. *Die NG Kerk is aktief betrokke by opheffingswerk onder haweloses. In Kaapstad is daar die* Straatwerker-*bediening wat al dekades lank uitreik na haweloses, prostitute en dwelmverslaafdes. In Johannesburg is die uitgebreide MES-aksie.* DIE KERKBODE
3. *Die NG Kerk se omvattende betrokkenheid by 'n nuwe barmhartigheidsdiens in 'n nuwe era word hier uitgebeeld. Probleme soos armoede, geweld, werkloosheid en vigs moet dringend aangepak word. Die nege sinodes van die NG Kerk se maatskaplike dienste-afdelings het in 1994 meer as 500 programme en gemeenskapsprojekte bedryf, waarby sowat 7 000 vrywilligers en meer as 3 000 personeel betrokke was.* SKDB, KAAPSTAD

Die Algemene Sinode van 1994 het voorts kennis geneem dat die Algemene Kommissie deel geword het van 'n ekumeniese beweging, CHRISNET. Dit is 'n alliansie van Christelike kerke wat by welsynsdienste betrokke is en wat daarop ingestel is om uit een mond oor welsynsake met die owerheid te onderhandel.

## 'N NUWE ERA – NUWE GELEENTHEDE


Die sensitiwiteit vir die nood van Suid-Afrikaners het reeds by die Algemene Sinode van 1990 duidelik geword toe die sinode besin het oor die Carnegieverslag II. Dit was 'n omvattende opname oor armoede in Suid-Afrika wat lidmate opgeroep het tot persoonlike betrokkenheid en ondersteuning van die barmhartigheidsdienste van gemeentes.


Die era vanaf 1994 kan egter beskou word as die werklike begin van 'n 'diakonale reformasie' waarin die NG Kerk opnuut moes besin oor sy diakonaat. In die 'Nuwe Suid-Afrika' is die kerk onmiddellik gekonfronteer met die ongekende nood in die land, maar die gemeentediakonaat het oor die jare só 'onmondig' geword dat dit nie gereed was vir al die nuwe uitdagings nie. Die Algemene Kommissie kon nietemin reeds in 1994 oor 'omvangryke aksies' deur talle gemeentes rapporteer. Die Algemene Sinode het toe die AKDB versoek om deurlopend toe te sien dat omvattende aandag aan die armoedevraagstuk van die land gegee word.

Nóg 'n brandende vraagstuk wat deur die verslag van die Algemene Kommissie vir die Diens van Barmhartigheid aan die orde gekom het, is dié van MIV/vigs. Die kerk is sedertdien daadwerklik betrokke by dié pandemie wat reeds ongekende afmetings aangeneem het en toenemende implikasies vir kerk en staat het.

Daar is dus talle aanduidings dat die NG Kerk en sy lidmate die nuwe geleenthede en uitdagings in 'n nuwe Suid-Afrika aangryp om die omvattende barmhartigheidstaak en nood van alle noodlydendes te verlig. Dit gaan vir die NG Kerk lankal nie meer net oor die nood van 'ons mense' nie. Dit is en bly 'n taak en prioriteit wat gedryf word deur God se omgee vir alle mense in nood.

WILLIE VAN DER MERWE







1 2

# 1994. Toekomsskok of toekomsvisie?

Dit was prof Johan Heyns wat net voor die verkiesing in 1994 gewaarsku het dat daar 'n 'toekomsskok' op baie lidmate van die NG Kerk wag. Die veranderinge wat aan die kom is, het prof Heyns gewaarsku, 'gaan ons heeltemal onkant vang as ons nie betyds skeppend en vernuwend dink en doen en die nuwe situasie só "bestuur" dat dit nie vir ons 'n verleentheid nie, maar 'n groot geleentheid word'.

En wat 'n toekomsskok was 1994 nie vir die Afrikaner in die algemeen en die NG Kerk in die besonder nie! Groot veranderinge op politieke, ekonomiese, maatskaplike, sedelike en godsdienstige vlak het plaasgevind. Skielik het die prominente en bevoorregte posisie van die NG Kerk in die samelewing dramaties verander.

## NUWE UITDAGINGS

Waar die NG Kerk in die apartheidsjare 'n groot invloed op die regering uitgeoefen het, is kerklike uitsprake hierna meestal deur die owerheid (en media) genegeer of as apartheidskerkpolitiek afgemaak. Hierdie verlies aan status en seggenskap het vir baie lidmate 'n identiteitskrisis geskep. Die gevoel was dat die NG Kerk ongeloofwaardig geword het en geen bestaansdoel of plek in die nuwe Suid-Afrika het nie. Vir baie was dit die 'dood' van die NG Kerk, wat saamgehang het met die politieke proses van ontmagtiging en ontnugtering sedert 1994.

Hiermee saam was daar die verlies aan lidmaatgetalle oor 'n lang tydperk. Waar die NG Kerk een van die grootste kerke in die land was, het demografiese verskuiwings en die verarming van lidmate baie gemeentes ernstig geknou. Volgens gegewens in die *Jaarboek van die NG Kerke 2001* het meer as 50 gemeentes al saamgesmelt of selfs hulle deure gesluit. Kerkgeboue is verkoop of gesloop.

Sommige gemeentes se doelwit was om net nog 'n jaar of wat finansieel te oorleef. Ander het probeer voortbestaan deur krampagtig aan uitgediende strukture en bedieninge vas te hou en só lidmate tot elke prys te behou. Baie lidmate is na meer



Sluipmoord op Heyns ruk SA

Leiers spreek skok en afgryse uit oor koelbloedige gruweldaad

In die vreugde van die versoeningsgees is die sluipmoord op prof. Johan Heyns soos 'n skadu wat oor die NG Kerk, die Afrikanervolk en ons almal geval het - dr. Beyers Naudé.

Kerkman het voorheen verskeie dreigoproepe ontvang


3

charismatiese kerke omdat hulle behoeftes nie meer bevredig is deur die NG Kerk met sy tradisionele bedieningsfunksies, liturgie en strukture nie.

In reaksie op hierdie identiteitskrisis, het sommige gemeentes begin om eie krisisbestuur toe te pas, wat tot nog groter verwarring gelei het. Individualisme by sommige leraars en kerkrade het gelei tot spanning en verdeeldheid in gemeentes. Veral by eredienste is daar in so 'n mate geëksperimenteer, dat sommige lidmate begin voel het 'my kerk is gesteel' (*Die Kerkbode*, 2 Februarie 2001). Gereformeerdheid het plek gemaak vir 'n soort charismatiese spiritualiteit. 'Die vraag na sukses, effektiwiteit en relevansie het sterker as die vraag na getrouheid en outentiekheid geword' (dr Coenie Burger).

Ander kerkleiers het ook hulle kommer oor hierdie vernuwingstendense uitgespreek, soos prof Willie Jonker oor 'die charismatisering van die kerk'. Prof Ferdinand Deist het weer gewaarsku teen 'markgerigte foefies' om mense in die kerk te probeer kry én te hou: 'Vir my is die probleem dat Christene





4 5

1. *'n Nuwe era – 'n groep jong NG lidmate sing hartlik saam.*
2. *Die kerk van die NG Gemeente Moreletapark in Pretoria met gemeentelede wat entoesiasties deelneem aan 'n erediens, 2001. Die gemeente het duisende lidmate en is al as die NG Kerk se 'mees charismatiese gemeente' bestempel.* FOTO: A SWIEGERS
3. *Prof Johan Heyns is op 5 November 1994 in sy woonhuis vermoor. Dié gebeure het Suid-Afrika geruk.* BURGER-VERSAMELING: NASIONALE BIBLIOTEEK VAN SA
4. *'n Groep Durbaniete wat deelgeneem het aan die Bybelgenootskap van SA se Bibliathon-projek vir Bybelverspreiding in 2000.* BYBELGENOOTSKAP VAN SA
5. *Dr. Christo Wiese, sakeman en lidmaat van die Gemeente Kaapstad, tydens 'n funksie in die Kampsbaai-wyk, 2001. Hy het in 1995 in die* Algemene Kerkbode *gesê: 'Die sakewêreld is soos die Bybelse wingerd: Ons moenie daarin werk vir eie belang nie, maar om God te verheerlik.'* FOTO: M VAN ZYL
6. *Daar is ruimte vir verskillende soorte musiek in die kerk.* DIE KERKBODE
7. *Jonger predikante van die NG Kerk, soos ds Deon van den Berg van die Valleisig-gemeente, Pretoria, het 'n nuwe styl en bedieningswyse. Die swart toga en wit das word al minder gedra.* FOTO: A SWIEGERS

vergeet het wat dit beteken om navolgers van Christus te wees tussen die honger mense in die krotbuurte en tussen die prostitute en belastinggaarders, en húlle te dien. Die kerk is nie daar vir homself nie ... Die kerk is daar vir die stukkende, honger, verontregte, werklose en daklose mense ... want God laat sy son skyn en sy reën val oor alle mense.'

## NUWE LEWE

Gelukkig is daar landswyd in die NG Kerk tekens van spontane, dinamiese nuwe lewe wat aan die hedendaagse eise (en ware kerk-wees) voldoen. Oor kerk- en kultuurgrense word daar al hoe meer hande gevat om met die liefde van Christus op 'n praktiese manier na mense in nood uit te reik. Die uitruikoperasies in die apartheidsjare is getransformeer tot uitreik-aksies! Voorbeelde van hierdie nuwe lewe is die volgende uit Gauteng:

* Die Agapé-gemeenskapsentrum van Kemptonpark-Wes-gemeente voorsien omvattende maatskaplike dienste en kos. Vroeëre kategeselokale word gebruik om hawelose gesinne te huisves. 'n Gesamentlike uitreik-aksie van ongeveer 60 Christelike gemeentes in Kemptonpark/Tembisa – die Kempbisa-projek – is onlangs aangepak met die visie dat elke huis in die stad besoek sal word. Gesamentlike gebedsnagte en 'n Jesusmars is deel van hulle gesamentlike kalender.

* In Pretoria ontstaan die Arcadia Faith Community as 'n wykskerkraad van die Pretoria-gemeente. Jong swart Christenstudente in die ongeveer 350 woonstelblokke van Arcadia, Sunnyside en Meintjieskop getuig van die 'tuiste' wat hulle hier gevind het terwyl hulle ver van die huis af studeer. Aktiwiteite behels onder meer geestelike toerusting, gemeenskapsdiens en 'n vigsprojek in die middestad saam met ander kerkgroepe.

* Die gemeente Fontainebleau in Randburg is só gefokus op die bediening aan die breër, diverse gemeenskap dat hulle naam amptelik verander is na die Fontainbleau-Gemeenskapskerk/Community Church.


* In die Moreletapark-gemeente in Pretoria, met sy bykans 10 000 lidmate, word eredienste, soos in baie ander gemeentes, op 'n minder rigoristiese styl gehou. Dit voldoen aan baie se behoefte aan 'n spontaner, vriendeliker en gemakliker aanbidding met 'n minder gestruktureerde liturgie.

* Oral het selgroepe ontstaan waar lidmate aktief betrokke raak. Die duisende kleingroepe en Bybelstudiegroepe landswyd is al hoe meer gemoeid by mense wat in geestelike en materiële nood verkeer. Die sendingveld het verskuif van buite ons landsgrense na binne ons eie leefruimte en ons harte.

Wat voor 1994 ondenkbaar was, gebeur nou oral spontaan. Die NG Kerk het uit sy kluisenaarsbestaan en gemaksone ontwaak en vat hande met ander kerke om die gemeenskap te bedien. So is ons besig om ons ware identiteit te herwin – 'a compassionate church, because we are driven' (prof Piet Naudé). En dít maak die NG Kerk weer geloofwaardig en relevant in die nuwe Suid-Afrika.

NOËL SCHREUDER

6 7








1

# 1995. Die NG Kerk word 'n wêreldkerk

Die politieke veranderinge ná 1994 het nie net die posisie en werksaamhede van die NG Kerk binnelands drasties verander nie, maar het ook die horisonne vir die kerk se bediening wêreldwyd verbreed.

Suid-Afrika se hertoetrede tot die Statebond in 1994 het nuwe geleenthede en kanale vir Suid-Afrikaners geskep om hulle in groot getalle tydelik of permanent buite Suid-Afrika te vestig. Oral in wêreldstede, veral binne die Statebond, het sterk Afrikaanse gemeenskappe ontwikkel. Die Afrikaner én die NG Kerk het deel geword van die wêreldgemeenskap.

## WÊRELDWYE BEDIENING

Reeds in die 1960's het die NG Kerk die behoefte aan die bearbeiding van lidmate in Europa geïdentifiseer en is predikante wat besig was met nagraadse teologiese studie in Nederland gevra om waar moontlik dienste te hou. In 1969 is ds J Hough as eerste voltydse reisende predikant na Engeland gestuur om Suid-Afrikaners in Wes-Europa te bedien. In daardie stadium was daar 725 Afrikaners in hierdie buitelandse 'gemeente', waarvan 500 lidmate van die NG Kerk was.

In die volgende twee dekades was die fokus van die bediening veral gerig op die Suid-Afrikaanse diplomatieke missies en die Suid-Afrikaners wat daarmee geskakel het. Ds Ockie Raubenheimer sr het in 1970 die eerste voltydse kapelaan in Europa geword. Vanuit Parys het hy Suid-Afrikaners bedien by 22 preekpunte, versprei oor 17 lande – van Helsinki tot Lissabon en Athene tot Teheran. Sy werksaamhede het die grondslag gelê vir die NG Kerk se wêreldwye bediening.

Hierdie werksaamhede het in die begin van die negentigerjare gegroei tot drie buitelandse gemeentes, in Londen, Parys en Washington. Die voltydse predikante wat destyds in die buiteland diens gedoen het, was di J Hough (1968-1970), Ockie Raubenheimer sr (1970 –1975), Gert Kruger (1976-1978), Maans Steyn (1979-1981), Willem van Niekerk (1981-1984), Nic Ackerman (1984-1987), Henno Cronje (1987-1990), Kobus van Zyl (1987-1990), Johan van Loggerenberg (1990-1994), Dirk Oosthuizen (1990-1994) en Chris Naude (1990-1994). Naas dié voltydse predikante was daar ook 'n aantal deeltydse leraars wat gehelp het met die bediening in Suid-Amerika en die Verre-Ooste.

Hoewel hierdie taak in noue samewerking met die destydse Departement van Buitelandse Sake en die Weermag onderneem is, was dit 'n selfstandige kerklike bediening vir talle Suid-Afrikaners van uiteenlopende agtergrond. Om in die vreemde ver van die huis af in Afrikaans as jou moedertaal kerk by te woon, te bid, kinders te doop en nagmaal te gebruik, skep blywende indrukke. Dit was geseënde werk en die feit dat eredienste in groot getalle bygewoon is, het bevestig dat mense

groot waarde heg aan hulle geestelike versorging. Eredienste is deur baie Suid-Afrikaanse toeriste bygewoon, en in 'n toenemende mate deur lidmate wat tydelik oorsee gewoon en gewerk het.

In die beginjare was dit dan ook die verklaarde beleid van die NG Kerk dat buitelandse bediening moes fokus op lidmate wat tydelik in die buiteland woonagtig is en wat beplan om weer terug te keer na Suid-Afrika. Lidmate wat permanent na die buiteland verhuis het, is aangemoedig om in te skakel by plaaslike gemeentes met 'n aanvaarbare gereformeerde belydenis in die nuwe land van hulle verblyf.

### DIE WÊRELDKERK BOU 'N BRUG

Die wêreldwye bediening van die NG Kerk het veral sedert 1994 'n nuwe aangesig gekry. Die era van die kapelaan is veral vanweë politieke en militêre oorwegings afgesluit. Dit is gevolg deur gemeentestigting en groter samewerking met plaaslike gemeentes in die buiteland. Lidmate het self die leiding geneem om te verseker dat daar op geestelike vlak voorsiening vir hulle en hulle kinders gemaak word. Van verskillende plekke oorsee waar lidmate hulleself georganiseer het, is predikante uit Suid-Afrika genooi om besoeke te bring en dienste waar te neem. In Australië, Nieu-Seeland en Kanada is ook begin om Afrikaanse dienste te hou. Suid-Afrikaners skakel hierbenewens in by plaaslike gereformeerde kerke en help dienste in Afrikaans organiseer as deel van plaaslike gemeentes se aktiwiteite.

Die NG Kerk as wêreldkerk is nog in 'n ontwikkelingsfase, maar groei vinnig. Sedert die bevestiging van die SA Gemeente Londen se eerste predikant, dr Francois du Toit, in Januarie 1995 het die gemeente binne ses jaar gegroei tot die eerste makro-gemeente van die NG Kerk in die buiteland. In 2002 is dit 'n gemeente met drie voltydse predikante (Gavin Meister, Dawie van Vuuren en ondergetekende), 2 300 lidmate, drie wyksgemeentes, agt preekpunte, 80 kerkraadslede en 65 aktiewe selgroepe, asook 'n uitgebreide bediening vir tieners, mans en vroue.

Die SA Gemeente Londen onderhou hierbenewens sendelinge in Frankryk, Roemenië en Egipte. Die gemeente is 'n ekumeniese bedieningsentrum wat 'n geestelike tuiste bied aan mense van verskillende kerklike agtergronde. Die jeugwerk van die gemeente waarby weekliks 1 200 jongmense betrokke is, bedien die grootste konsentrasie jong Afrikaanssprekendes in die buiteland.

Daar het intussen ook Afrikaanse bedienings tot stand gekom in Perth, Sydney, Auckland, München, Zürich, asook in Nederland en Kanada. Daar is 'n toenemende aantal NG predikante wat beroepe aanvaar het na ander kerke in die buiteland. Hierdie predikante skakel op verskillende maniere met Afrikaners in die buiteland en baan ook die weg vir nog ander om in hulle voetspore te volg.

Die buitelandse bediening van die NG Kerk skep 'n brug vir oorsese Suid-Afrikaners om 'n ontmoeting met God te kan hê. Dit is ook 'n brug na mense van ander kulture en kerke – 'n brug wat lidmate in staat stel om betrokke te raak by en diens te lewer aan die omvattende nood van die wêreld.

OCKIE RAUBENHEIMER JR

1. *Pres Paul Kruger tydens 'n kerkdiens in Utrecht, Nederland, in geselskap van ander afgevaardigdes uit Suid-Afrika, 1902. Pres Kruger sit voor in die middel. Ander bekende figure is genls Louis Botha en Christiaan de Wet (links). Die afvaardiging is met groot eerbetoon in Nederland ontvang in 'n stadium toe daar goeie betrekkinge tussen gereformeerde kerke in Suid-Afrika met Nederland was.* NG KERKARGIEF, KAAPSTAD
2. *'n Groep jongmense by 'n diens van die SA Gemeente Londen. Ná die onlangse politieke veranderings het Suid-Afrikaners weer wêreldburgers geword. Daar is teen 2002 'n geraamde 300 000 Suid-Afrikaners in Londen. Baie van hulle is Afrikaanssprekendes met NG Kerk-verbintenisse. Jong Suid-Afrikaners met hulle Calvinistiese werketiek, is in groot aanvraag in die buitelandse arbeidsmark.* DIE KERKBODE
3. *Die Oos-Transvaalse Sinode van die NG Kerk het in 1994 goeie betrekkinge met die Presbiteriaanse Kerk in Korea aangeknoop.* NG KERKARGIEF, PRETORIA
4. *Dr Francois du Toit is in 1994 na die NG gemeente in Londen beroep. Dié gemeente beleef 'n ongekende groei as die enigste NG makro-gemeente buite die grense van Suid-Afrika.*



2



LETTER OF CONFIRMATION

EASTERN TRANSVAAL SYNOD OF DUTCH REFORMED CHURCH

We hereby confirm that KYOUNGCHUNG SYNOD OF GENERAL ASSEMBLY OF PRESBYTERIAN CHURCH IN KOREA wishes to establish friendly relations with EASTERN TRANSVAAL SYNOD OF DUTCH REFORMED CHURCH through the Korean Evangelical Mission Fellow ship in Southern Africa.

9TH of March 1994.


Chairman of Synod, Dae Hwan Kim

Director of Kyoung Chung World Mission, B.K. Woo

자매결연기념패



3.4



1

# 1995. Vordering op die ekumeniese weg

'I propose that the Dutch Reformed Church be granted observer membership of the South African Council of Churches.' Dit was die woorde van niemand anders nie as dr Beyers Naudé, wat op 6 Julie 1995 voorgestel het dat die NG Kerk weer ná 56 jaar toegelaat moet word tot die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke. Dit was ewe verstommend dat hierdie voorstel deur die bekende kerkman en apartheidsaktivis, ds Sam Buti, gesekondeer is!

In 'n sin het die spreekwoordelike harte en deure van die meeste ander kerke in Suid-Afrika en in die buiteland op daardie dag in Julie 1995 dramaties oopgegaan. Dit was 'n hoogtepunt op die pad van ekumeniese samewerking met sy baie fasette.

### DIE SUID-AFRIKAANSE RAAD VAN KERKE (SARK)

Die voorstel van dr Beyers Naudé op 6 Julie 1995 oor waarnemerstatus vir die NG Kerk in die Raad van Kerke is oorweldigend deur die vergadering aanvaar. Talle afgevaardigdes was bewoë toe die president van die SARK (dr Khoza Mgojo) daardie dag in 'n aangrypende seremonie die NG Kerk terugverwelkom het. Ds Freek Swanepoel het waardering betuig vir die toegeneentheid van hierdie invloedryke liggaam teenoor die NG Kerk.

Sedertdien word die NG Kerk deur die Raad van Kerke beskou asof dit volle lidmaatskap het en word die kerk by feitlik alle aktiwiteite betrek. Die goeie verhouding en gesindheid binne die Raad word weerspieël deur die feit dat die voorsitter van die Raad se finansiële komitee (wat miljoene rand hanteer) 'n predikant van die NG Kerk is. Die tyd is sekerlik ryp vir die NG Kerk om volwaardige lidmaatskap van die SARK te oorweeg.

### DIE WÊRELDBOND VAN GEREFORMEERDE KERKE (WBGK)

Intussen het die NG Kerk ook weer betrekkinge met die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke hervat. Dié Bond is in 1877 gestig en is dus die oudste Protestantse ekumeniese liggaam. Dit bestaan tans uit 223 lidkerke met sowat 80 miljoen lidmate. Hoofsaaklik vanweë die ondersteuning van apartheid en die verdeeldheid binne die NG Kerkfamilie, is die NG Kerk in 1982 in Ottawa uit die Wêreldbond geskors. Dr Alan Boesak was destyds president van die Bond.

Tydens die drie-en-twintigste vergadering van die Bond in Augustus 1997 is die NG Kerk voorwaardelik hertoegelaat tot dié grootste gereformeerde ekumeniese liggaam. Die toelatingsvoorwaarde het behels dat die Algemene Sinode van die NG Kerk in Oktober 1998 tot bevrediging van die Bond teen apartheid moes standpunt inneem. Die Algemene Sinode van 1998 het uit eie oortuiging die vereiste besluit geneem. Daarmee het die NG Kerk weer 'n volwaardige lid van die WBGK geword. Hierdie lidmaatskap impliseer ook dat die NG Kerk by die Suider-Afrikaanse Bond van Gereformeerde Kerke (SABGK) betrokke is. Dit fokus uiteraard op die behoeftes en belange van 'n groot deel van die gereformeerde kerke op die Afrika-kontinent.

### GEREFORMEERDE EKUMENIESE RAAD (GER)

Dié liggaam was een van die min organisasies wat gedurende die jare van isolasie sy bande met die NG Kerk behou het. Dit bestaan uit 38 lidkerke met sowat nege miljoen lidmate. Die Raad is ten nouste gemoeid met die probleme waarmee kerke in veral sentraal-Afrika worstel. Talle gesamentlike projekte

word geloods om opleiding en gemeenskapsontwikkeling te bevorder. Die NG Kerk het nog altyd 'n belangrike bydrae tot die instandhouding van die Ekumeniese Raad gelewer.

### FEDERALE RAAD VAN NG KERKE

Die NG Kerkfamilie is reeds vir dekades saamgevoeg in 'n Federale Raad. Tydens die jare van politieke onrus in Suid-Afrika was daar ernstige woelinge en twis binne die Federale Raad. In sekere sin het die Raad uitmekaargespat toe die NG Sendingkerk (nou deel van die Verenigende Gereformeerde Kerk) in die 1990's uitgestap het. Hierdie en ander faktore het die funksionering van die Federale Raad lamgelê.

Tydens die vergadering van die Gereformeerde Ekumeniese Raad in Indonesië in 2000 het die NG Kerkfamilie terselfdertyd ernstig besin oor die wenslikheid van die voortbestaan van die Federale Raad. Dit was veral die kerke noord van die Limpopo-rivier wat gepleit het dat die Federale Raad moes herorganiseer. Aan hierdie versoek is voldoen en dit is hierna weer gekonstitueer, maar 'n gebrek aan fondse maak dit moeilik om vergaderings vir die betrokke kerke in Afrika te belê.

### TUSSENKERKLIKE KOMMISSIE

Die Tussenkerklike Kommissie (TKK) van die drie Afrikaanse 'susterkerke' – die Nederduitse Gereformeerde Kerk, die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika en Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika – is aktief betrokke by onderlinge samewerking. Benewens gereelde vergaderings van die reeds bestaande Tussentydse Komitee, kom verteenwoordigers van dié drie kerke tweejaarliks vir werksessies byeen.

Vandat daar gesamentlik besluit is om nie meer die eenheidstrewe van die drie susterkerke op die spits te dryf nie, vind meer openhartige gesprekke oor gemeenskaplike werksaamhede plaas. Op verskeie vlakke bestaan daar ook amptelike strukture waardeur samewerking geformaliseer is. Dit geld onder meer vir die Tussenkerklike Kommissie vir Publikasies (wat in 2001 betrokke was by die publikasie van die nuwe *Liedboek*), benewens gesamentlike bediening (met die Ned Herv Kerk) in Zambië. Die Afrikaanse Protestantse Kerk het sedert 2001 waarnemerstatus by dié Kommissie.

### EKUMENIESE BANDE IN DIE BINNE- EN BUITELAND

Dit is merkwaardig dat gesprekke tussen die NG Kerk en ander kerke in Suid-Afrika deurgaans tydens die jare van politieke stryd plaasgevind het. Dit kan onder meer toegeskryf word aan individuele kerkleiers wat te midde van spanninge met belangrike gesprekke volhard het. Hierdie bilaterale gesprekke word steeds op gereelde basis voortgesit met onder meer die Metodiste Kerk, Presbiteriaanse Kerk, Katolieke Kerk, Anglikaanse Kerk en die Evangeliese Lutherse Kerk. Sedert die normalisering van staatkundige en kerklike verhoudings, het die NG Kerk ook talle vrugbare gesprekke met kerke in Noord-Amerika, Europa, Australië en Nieu-Seeland gevoer.

Die NG Kerk is dankbaar dat kerke in die buiteland én in Suid-Afrika hulle deure en harte steeds oopmaak om sinvolle ekumeniese verhoudinge te vestig en te bevorder.

WILLIE BOTHA



2


1. *Aartsbiskop Desmond Tutu, prof Johan Heyns en ander godsdiensleiers ná samesprekings met pres F W de Klerk in Tuynhuys, 1991.* BURGER-VERSAMELING. NASIONALE BIBLIOTEEK VAN SA
2. *Die Biblia-wisseltrofee simboliseer die Biblia Evangelie aan Seelui en Vissers, 'n ekumenies-gerigte bediening wat in 1942 begin is.* NG KERKARGIEF, PRETORIA. FOTO: A SWIEGERS
3. *Aartsbiskop F Ashourcor, vise-voorsitter van die Moskouse Patriaraat van die Russies-Ortodokse Kerk, tydens 'n besoek aan die Algemene Sinode in 1998. By hom is vlnr ds Pieter de Wet, dr Willie Botha en prof Piet Meiring.* DIE KERKBODE
4. *Dr Brigalia Bam, destydse algemene sekretaris van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke, spreek die wêreldkonferensie van die Wêreldbiddag vir Vroue in Kaapstad toe in 1999. Die NG Kerk se vrouelidmate was nog altyd aktief betrokke by die Wêreldbiddag.* DIE KERKBODE
5. *Tydens 'n sendingkonferensie gedurende 1968 van die destydse Gereformeerde Ekumeniese Sinode in Baarn, Nederland. Ds D Botha van die NG Sendingkerk (tweede van links) is hier saam met drie Nigeriese kerkleiers en ds Paul Schrootenboer (regs), sekretaris van die GES.*
6. *Ds Kobus Potgieter, moderator van die Algemene Sinode, 1982, ná die NG Kerk se skorsing deur die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke in Ottawa, 1982.* DIE KERKBODE. SKETS: ATTIE LACOCK



3





4



5.6






1

# 1997. Waarheid en versoening

'Ons is baie dankbaar dat julle hier is ... Ons loof die Here wat u aangespoor het om u voorlegging te kom maak.' Met hierdie woorde het die voormalige Anglikaanse aartsbiskop Desmond Tutu die amptelike afvaardiging van die NG Kerk, bestaande uit ds Freek Swanepoel (moderator van die Algemene Sinode) en dr Willie Botha (direkteur vir Ekumeniese Sake) verwelkom. Dit was by 'n sitting van die Waarheid-en-versoeningskommissie (WVK) in Oos-Londen op 19 November 1997.

Dit was nie vanselfsprekend dat die NG Kerk teenwoordig sou wees nie. Die Waarheid-en-versoeningskommissie het laat blyk dat belangegroepe soos die kerke en ander geloofsgemeenskappe, akademici, regslui, besigheidsmense, die media en politieke partye genooi sou word om voor die WVK te verskyn om oor hul rol in die verlede te getuig. Hieroor was daar verdeeldheid in die Algemene Sinodale Kommissie (ASK), asook in die kerklike pers. Aanvanklik was die ASK dus onwillig om die uitnodiging te aanvaar.

Die groot meerderheid swart en bruin Suid-Afrikaners het die proses verwelkom en as genesend ervaar, maar onder die meeste blankes, ook lidmate van die NG Kerk, was daar baie vrae oor die proses. Sommige het dit verwelkom, vir ander was dit 'n verleentheid. Party het dit as 'n heksejag afgemaak. Die geloofwaardigheid van die WVK is bevraagteken. Daar is gevra of dit die gepaste forum was vir die NG Kerk om sy verhaal ten opsigte van apartheid te vertel en sy skuld te bely.

Al was ondergetekende as ampsdraer van die NG Kerk 'n lid van die WVK, was dit vir die NG Kerk aanvanklik moeilik om sy verhouding tot die Kommissie te bepaal. Talle ontmoetings tussen die kerkleiding en veral dr Desmond Tutu, WVK-voorsitter en voormalige aartsbiskop, het gedurende 1996 en 1997 plaasgevind.

Predikante en lidmate van die NG Kerk het op baie plekke waar verhore gehou is met begeleiding van slagoffers en amnestie-aansoekers gehelp. In Oktober 1996 het die Ring van Stellenbosch 'n aangrypende verklaring voor die WVK gelê waarin hulle hulle skuld oor baie jare bely het. Dit was nie net vir die dade van die verlede wat medebroers en -susters in Christus gemarginaliseer en verontreg het nie, maar vir die teologiese begronding van apartheid waaraan teoloë en predikante vanuit Stellenbosch deur die jare deel gehad het.

### DIE UITNODIGING WORD AANVAAR

Vroeg in November 1997, toe talle kerke en ook ander geloofsgemeenskappe in die land laat weet het dat hulle die WVK se uitnodiging aanvaar om in Oos-Londen te getuig, het die Sinodale Kommissie opnuut oor die saak besin. Sonder 'n teenstem is toe goedgekeur dat die moderator wel die NG Kerk se verhaal moet gaan vertel.

Drie dae lank het die een kerk ná die ander getuienis gelewer - ook Moslems en Hindoes, Jode en Boeddhiste. Uiteindelik was dit die NG Kerk se beurt. 'Dit is vir die NG Kerk van wesensbelang om by die proses van waarheid en versoening betrokke te raak,' het Freek Swanepoel begin. 'Ons wil na ander mense se verhale luister, ons wil erns maak met hul pyn, ons wil by die proses van genesing betrokke raak.'

Ontwapenend eerlik het ds Swanepoel gerapporteer dat nie almal wou hê dat hy moes getuig nie. 'Ek kan en mag nie sê dat ek namens die hele NG Kerk praat nie ... Ek glo egter dat



2



3

1. *Aartsbiskop Desmond Tutu by sy afskeidspreek as aartsbiskop van die Anglikaanse Kerk in die St Georges-katedraal, 1995. Hy is in 1996 as voorsitter van die Waarheid-en-versoeningskommissie (WVK) aangestel.*
BURGER-VERSAMELING: NASIONALE BIBLIOTEEK VAN SA
2. *Dr Desmond Tutu as voorsitter van die Waarheid-en-versoeningskommissie. Hy het 'n eie stempel op die verrigtinge afgedruk. Teenwoordiges was altyd bewus daarvan dat hy in die eerste plek as geestelike opgetree het, met empatie en sy kenmerkende humor in spanningsvolle omstandighede. Dr Tutu het in 2001 na aanleiding van onder meer sy WVK-ervarings gesê: 'In die hele versoeningsproses in Suid-Afrika het die NG Kerk 'n geweldige groot bydrae om te lewer. Julle het dit al gedoen ... Beyers Naudé is in die NG Kerk gekweek! Ek twyfel nie daaraan dat die Gees van God in die NG Kerk werk nie.'*
BURGER-VERSAMELING : NASIONALE BIBLIOTEEK VAN SA
3. *Lede van die WVK kort ná hulle aanstelling in 1996. Langs dr Tutu staan dr Alex Borraine, ondervoorsitter.*
BURGER-VERSAMELING: NASIONALE BIBLIOTEEK VAN SA
4. *Nadat dr Tutu as voorsitter van die WVK aangewys is, het die Moderatuur hom by Bishop's Court, sy ampshuis in Kaapstad, besoek. Ds Freek Swanepoel, moderator van die Algemene Sinode van 1994, is hier saam met dr Tutu.* DIE KERKBODE

die groep wat positief ingestel is ... tans die sterkste is.' Met erns het hy vertel van die lang pad wat die kerk moes stap, van die dae toe apartheid verdedig en toegepas is, tot met die dag waarop die NG Kerk by die sinode van 1986 van apartheid afskeid geneem het - en sy Bybelse interpretasie daarvan as ernstige dwaling moes bely.

Die moderator het ook gepraat van die sinodes van 1990 en 1994, toe die kerk sy lidmate om verskoning gevra het omdat hulle dekades lank op 'n verkeerde pad gelei is - verskoning ook aan die 'profete' in eie kring wat in die verlede duur moes betaal vir hul veroordeling van apartheid. Die kerk se oë was nie oop genoeg vir die nood van swart en bruin medeburgers nie. 'Onbegrip, onwilligheid en ongehoorsaamheid by lidmate en ampsdraers ten opsigte van die nood in die samelewing is ook as skuld voor die Here bely. Teenoor hierdie mense vra die NG Kerk ook verskoning dat sy stem van protes en deernis te sag was.'


Die voorsitter, dr Desmond Tutu, het na die afvaardiging van die NG Kerk gedraai. 'Ek het groot waardering vir wat u sê. Dis moeilik om te bely en om vergiffenis te vra. Maar dis omdat God sy genade op ons uitstort dat ons dit kan doen ... U kerk het 'n geweldige belangrike rol in die geskiedenis van ons land te speel ... My gebed is dat die Here die NG Kerk op 'n wonderlike manier gaan gebruik. Ek sê altyd as 'n Afrikaner eers die lig gesien het, draai hy nie halfpad om nie. Ons het die afgelope jare gesien hoe die eens verstote kerk teruggekom het, sy skuld bely het, teenoor die volk én sy eie lidmate erken het dat hy gefouteer het, hoe hulle hulle eie profete wat hulle jare lank in die koue laat staan het, terugverwelkom het: Ek het lus om vir die duiwel te sê: "Pasop, hier kom die NG Kerk!" 'n Groot stuk genesing het reeds plaasgevind. Ek is bly julle is deel van die proses van versoening.'

Die voormalige Anglikaanse aartsbiskop het Freek Swanepoel gevra om voor te gaan in gebed. Toe het dr Tutu, Nobelvredesprys-wenner én vredemaker, as voorsitter van die Waarheid-en-versoeningskommissie opgestaan en die moderator van die NG Kerk versoenend omhels.

PIET MEIRING



4


I

# 2001. 'n Jaar van Hoop word 'n era van hoop

Lynnwoodrif in Pretoria se groot kerkgebou was op 28 Januarie 2001 volgepak met die amptelike aanbreek van die NG Kerk se Jaar van Hoop.

Op die verhoog was prof Pieter Potgieter, moderator van die Algemene Sinode van 1998, en langs hom prof Piet Naudé. Daar was ook verteenwoordigers van baie ander kerke: Hervormdes, Gereformeerdes, Metodiste en Anglikane, asook Presbiteriane, Lutherane en Katolieke. Prof Naudé het Romeine 15:13 as teksvers gebruik: 'Mag God, die bron van hoop, julle deur julle geloof met alle vreugde en vrede vervul, sodat julle hoop al hoe sterker kan word deur die krag van die Heilige Gees!'

### AANLOOP

Die Jaar van Hoop het twee jaar tevore by die Algemene Sinode van 1998 sy beslag gekry. Op die eerste dag van dié vergadering was daar 'n mosie oor 'n lywige agenda vol verslae en statistiek, maar met min voorstelle of riglyne oor wat lidmate van die NG Kerk kan doen om êrens 'n verskil te maak in 'n veranderde Suid-Afrika. Baie lidmate was verslae en verward oor wat om hulle aan die gebeur is. Daar was so baie wat veral op die terreine van versoening, armoede en morele herstel dringend gedoen moes word.

Hierdie mosie het gelei tot die aanwysing van die Kommissie vir Versoening, Armoede en Morele Herstel onder voorsitterskap van ondergetekende. 'n Jaar lank is raadgewers genooi – leiers van verskillende kerke, joernaliste, politici, ekonome, filosowe, sosioloë – en aan elkeen is drie vrae gestel: Hoe kan ons verstaan wat in ons land aan die gebeur is? Wat is daar wat kerke kan doen om 'n verskil te maak? Wat is daar wat veral die NG Kerk – gegewe sy apartheidsverlede – kan doen?

Na 'n jaar van luister was die verslag van die Kommissie vir Versoening, Armoede en Morele Herstel in 1999 gereed. Daar is gesê:

'Ons raadgewers, van wie sommige in die verlede skerp kritici van die NG Kerk was, praat uit een mond. Hulle sê dat die tyd aangebreek het dat Afrikaners in die algemeen – en NG lidmate in die besonder – ... weer betrokke raak in die samelewing. Hulle het die kerk se apologie oor apartheid, oor al die dinge van die verlede, gehoor en hulle aanvaar dit. Die NG Kerk sal egter 'n ander rol moet ontgin: die profeet van die verlede wat die regering – en die hele samelewing – se oor gehad het, sal moet plek maak vir die dienskneg, wat soos ons Meester laag kniel om die voete van die mense om hom te was, om die nood en die pyn van miljoene Suid-Afrikaners te help verlig.'

### HOOP IN 'N HOOPLOSE WÊRELD

Die Algemene Sinodale Kommissie van die NG Kerk het feitlik dadelik goedkeuring verleen dat 2001 as 'n Jaar van Hoop gevier word. Die jaar is in vier kwartale verdeel.

Die eerste drie maande van 2001 is aan bewusmaking gewy. Dit was veral daarop toegespits om ampsdraers en lidmate betrokke te kry om weer die sout van die aarde en lig vir die wêreld te wees. Skep moed en staan op, was die boodskap. God is in beheer van die geskiedenis - ook van ons land en sy mense. Hy is op pad met ons almal, Hy is besig om sy plan uit



2



3

*1. Dr Johan Pienaar, predikant van die NG gemeente Riviera (links), lees uit die Bybel voor tydens 'n besoek aan die sinkhuis van die Leola-gesin in Mamelodi by Pretoria, 2001. Die besoek was deel van die kongres oor armoede tydens die Jaar van Hoop, waartydens van die kongresgangers 'n nag in 'n plakkershut in Mamelodi deurgebring het. Langs dr Pienaar sit Neels Jackson, godsdiensverslaggewer van die dagblad* Beeld, *en langs hom Lydia Leola en ander gesinslede.* BEELD

*2. Kongresgangers van die NG Kerkfamilie luister aandagtig na die sprekers tydens 'n vigsbyeenkoms in Pietermaritzburg gedurende 2001. Die vigspandemie was 'n fokuspunt van die Jaar van Hoop wat versoening, armoedeverligting en morele herstel as hooftemas gehad het.* NG KERK VAN NATAL

*3. Die sanger-dominee Jan de Wet tussen 'kerse van hoop'. Tydens die Jaar van Hoop in 2001 was 'n kers die simbool van hoop. Dit is dwarsoor Suid-Afrika tydens eredienste aangesteek.* DIE KERKBODE

*4. Pres Nelson Mandela het by 'n paar geleenthede NG gemeentes besoek met 'n boodskap van hoop en versoening. Hier gesels hy met kerkgangers en gee handtekeninge vir jongmense by die gemeente Lynnwood in Pretoria gedurende 1997.* DIE KERKBODE

te voer en wil ons gebruik om hoop in 'n hooplose wêreld te bring. Spesiale leesstof is in die gemeentes versprei.

Vir die tweede kwartaal van 2001 moes besin word oor morele herstel, en hoe Christene hulle verantwoordelikhede moet nakom in 'n land waar misdaad en korrupsie, oneerlikheid en geweld, die ineenstorting van morele standaarde en die verbrokkeling van honderde duisende gesinne aan die orde van die dag is. Daar is veral in dié tyd gepraat en besprekings gehou oor die versterking van die gesinslewe, die rol wat kerke in die onderwys kan speel, en die getuienis van lidmate by die werkplek.

Die derde kwartaal, in die hartjie van die winter van 2001, is aan armoede gewy. 'n Spesiale handleiding is gedurende Julie aan gemeentes gestuur oor hoe hulle by armoedeverligting betrokke kan raak – veral by vigslyers en hulle afhanklikes, die armste van die armes. Talle projekte is aangepak en 'n geslaagde interkerklike armoedekongres gehou. Verskeie groepe in die kerk en samelewing wat hulle op die versorging van vigslyers toespits, het hulle kragte saamgesnoer om NG gemeentes aan die werk te kry.


Die laaste kwartaal van 2001 het oor versoening gegaan. Aan die hand van 'n spesiale handleiding het baie predikante en gemeentelede saam in die Bybel na riglyne oor versoening gaan soek. Daar is ook versoeningsprojekte aangepak. Mense het mekaar leer ken, na mekaar se stories geluister, mekaar se smart, vrese en frustrasies begin verstaan. Versoeningsdienste is op 16 Desember en op Kersdag gehou.


Vir baie lidmate van die NG Kerk was die Jaar van Hoop 'n positiewe en inspirerende ervaring waarin die kerk 'n nuwe rol gevind het. Kerklike media en kommissies het met entoesiasme saamgewerk. Teologiese fakulteite het hulle programme by die Jaar van Hoop aangepas. Onder leiding van Louis Dressel, skriba van die kommissie, het Vlerke van Hoop as 'n landswye vrywilligersnetwerk sy beslag gekry. Een van baie aangrypende gebeurtenisse was die Simfonie van Hoop wat deur meer as honderd senior lidmate – bygestaan deur 'n groep skoolkinders van alle kultuurgroepe – in die Staatsteater in Pretoria aangebied is. Na alle verwagting sal die Jaar van Hoop 'n era van hoop word waarin die NG Kerk en ander kerke volgehoue aandag aan die VAM-saak sal gee: versoening, armoedeverligting en morele herstel.

Die kerkklokke het op Oujaarsaand 2001 die Jaar van Hoop afgesluit, maar terselfdertyd 'n nuwe era ingelui, waar ons 'hoop al hoe sterker kan word deur die krag van die Heilige Gees'. Terselfdertyd is 'n feesjaar vir die NG Kerk ingelui, met die herdenking in 2002 van die vestiging van ons gereformeerde geloof 350 jaar gelede in Suid-Afrika.

PIET MEIRING

4






1

# 2001. Nuwe hoop vir kerkeenheid

'Die onlangse Konvent vir Eenheid ... het my nie net laat moed skep vir kerkvereniging nie, maar ook weer laat droom oor die onontbeerlike rol wat 'n verenigde NG Kerk, Verenigende Geref Kerk, Reformed Church in Africa, NG Kerk in Afrika en ander gereformeerde kerke in Suid-Afrika kan speel.'

Ds Nico Koopman, dosent aan die Fakulteit Teologie van die Universiteit van Stellenbosch, se artikel in die *Algemene Kerkbode* van 14 September 2001 het in baie harte weerklank gevind. Na 'n anderhalwe eeu van onenigheid, wou dit voorkom of die droom van hereniging tóg bewaarheid kan word.

Voor die Konvent is daar al vir dekades oor kerkeenheid in die NG Kerkfamilie besin, geskryf en gepraat. Vanaf 1986 het agtereenvolgende sinodes hulle tot dié ideaal verbind en is uitvoerige besluite daaroor deur gesamentlike kommissies geneem. Dié probleem het byna 150 jaar tevore begin, by afsonderlike eredienste en nagmaalvierings, en daarop uitgeloop dat die één NG Kerk uiteindelik in vier aparte kerke verdeel is.

Die beleid van verdeling wat die NG Kerk hierna gevolg het – nie altyd bewustelik nie – asook die wyse waarop die kerk apartheid en die gepaardgaande pyn en onreg later verdedig het (en selfs teologiese gronde daarvoor verskaf het), het letsels gelaat wat nie meteens kon verdwyn nie. Selfs toe die NG Kerk tydens die Algemene Sinode van 1986 'n ander weg begin inslaan het en daar by die sinode van 1990 afskeid van apartheid geneem is, was dit nie vanselfsprekend dat die 'dogterkerke' die *bona fides* van die NG Kerk sou aanvaar nie. Die geloofwaardigheid van die NG kerk was ook op die spel toe die kerk by die sinodes van 1994 en 1998 sy skuld bely het teenoor Suid-Afrikaners, sy eie lidmate en teenoor die 'profete' in die kerk wat jare lank teen apartheid gewaarsku het.

Binne die kring van die NG Sendingkerk, die NG Kerk in Afrika en die Reformed Church in Africa was daar gedurende die 1970's en 1980's reeds hoë verwagtings oor die herenigingsproses. Daar is in 1974 al gehoop dat die NG Kerk 'n oorkoepelende sinode sou goedkeur, wat nie gebeur het nie. Nadat die NG Sendingkerk in 1986 die Belydenis van Belhar aanvaar het, het hulle gepleit dat die NG Kerk dit ook moes doen – wat ook nie gebeur het nie.

Uiteindelik het die NG Sendingkerk en die NG Kerk in Afrika besluit om dan maar alleen die eerste stap na kerkhereniging te neem. Dit was met die konstituering van die Verenigende Gereformeerde Kerk van Suider-Afrika in April 1994. Die naam 'Verenigend' was op sigself veelseggend, want die proses kan nie sonder die NG Kerk en die Reformed Church in Africa (RCA) voltooi word nie.

'n Kompliserende aspek was die feit dat 'n aantal swart predikante en gemeentes – byna almal uit die Vrystaat en die Noord-Kaap – kort ná die stigting van die Verenigende Gereformeede Kerk vanweë ontevredenheid met die herenigingsproses uit die nuwe verband getree het. Hulle het hierdeur die ou NG Kerk in Afrika laat voortleef. Hofsake in die Hooggeregshof en Appèlhof het gevolg.

Die konsekwente eis wat die VGK gestel het – dat die NG Kerk eers die Belydenis van Belhar moes aanvaar voordat daar van kerkeenheid sprake kon wees – het sake nie vergemaklik nie. Die NG Kerk het uiteindelik besluit dat die Belydenis van Belhar op sigself nie met die Drie Formuliere van Eenheid in stryd is nie, maar die kerk wou dit nie as vierde amptelike belydenisskrif aanvaar nie. Dit was ook die reaksie nadat kopieë van die Belydenis aan alle NG gemeentes in Suid-Afrika gestuur is. Frustrasies na alle kante het toegeneem. En toe kom die Kaapse Konvent.

### DIE KAAPSE KONVENT

Afvaardigings van gemeentes van die NG Kerk se streeksinodes in die Wes-en-Suid-Kaap, asook van die Sinode van Oos-Kaap, het saam met afgevaardigdes van die gemeentes van die Verenigende Gereformeerde Kerk in Kaapland in September 2001 op Wellington vergader. Hier is met groot erns na mekaar geluister – en toe hande na mekaar uitgereik.



2



3

1. *Oor kerkvereniging in die NG Kerkfamilie is die afgelope dekades dikwels meer gesê en geskryf as gedoen. Daar is 'n toenemende drang tot kerkeenheid en kerkvereniging binne die NG Kerkfamilie wat 'n klinkende daad van hoop vir oud en jonk kan wees.* DIE KERKBODE
2. *Konventgangers by die Kaapse Konvent vir Eenheid, September 2001. Vlnr (agter) is prof Russel Botman (VGKSA), dr Coenie Burger (NG Kerk), ds James Buys (VGKSA), dr Sam Pick (VGKSA) en dr Danie Nel (NG Kerk). Voor staan ds Johnny Hartley (VGKSA) en prof Dawid de Villiers (NG Kerk). Die konvent het die hoop laat opflikker vir kerkvereniging.* DIE KERKBODE
3. *Prof Russel Botman lei die gesamentlike opelugdiens by die Kleinkaroo-Nasionale Kunstefees op Oudtshoorn, 2001. Prof Botman, teologiese professor aan die Universiteit van Stellenbosch en ondervoorsitter van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke, beywer hom aktief vir kerkvereniging.* DIE KERKBODE
4. *Studente van die VGKSA en NG Kerk tydens registrasie by die Teologiese Fakulteit op Stellenbosch, 2000. Die rasionalisering van gesamentlike teologiese opleiding is 'n belangrike mylpaal onderweg na kerkvereniging.* DIE KERKBODE
5. *Die NG Kerkfamilie het deur die jare gereeld saamgewerk en saamgepraat oor kerkvereniging, maar nog nie die Rubicon oorgesteek nie. Tydens gesamentlike gesprekke (ca1980) is die NG Kerk verteenwoordig deur dr JM Cronje, sendingsekretaris, en dr EPJ Kleynhans, moderator (links agter).* DIE KERKBODE

Daar was 'n sterk verbintenis om één kerk te vorm en om die eenheid van die kerkfamilie te herstel. Daar is besin oor hoe die wese van die Belhar-belydenis in 'n verenigde kerk opgeneem kon word, asook oor die wyse waarop die beste eenheidsmodel sáám ontwikkel kon word. By die konvent is 'plek gemaak vir die vertel van stories en ervarings, drome en verwagtings, pyn en hartseer, vrese en angs, verwyte en hoop'. Die drie moderators het die toon aangegee deur hulle harte oop te maak. Ds Koopman het verder berig: 'Ons het na mekaar geluister – soms vir die eerste keer – en gevolglik vooroordele en stereotipes begin begrawe en opnuut 'n verbintenis aan mekaar en aan God gemaak.'

Die goeie nuus oor en van die Kaapse Konvent, wat voortaan elke twee jaar sal vergader totdat kerkeenheid bereik is, het ook noord van die Garieprivier weerklank gevind. Die Moderatuur van die Oos-Transvaalse Sinode het 'n dringende vergadering met kollegas uit die VGK gehou. Die sinodes van Noord-Transvaal en Suid-Transvaal wat in September 2001 byeengekom het, het hulle ook tot só 'n konvent verbind.

Die toenemende versugting na eenheid binne die NG Kerk as geheel móét lei tot 'n gedagtesprong – 'n paradigmaskuif – deur die kerk om te bereik wat reeds sedert 1990 teen alle verwagtings en vrese in op politieke vlak bereik is. Dit is 'n groeiende droom en visie van groot getalle lidmate en ampsdraers dat sowat tweeduisend gemeentes by nagmaaltafels weer één brood en één beker van danksegging met mekaar deel!


PIET MEIRING



4



5



1

# 2001. Kom, laat ons sing!

Op Hervormingsondag, 28 Oktober 2001, is die nuwe *Liedboek van die Kerk* feestelik in gemeentes van die NG Kerk en die Nederduitsch Hervormde Kerk in gebruik geneem. Die hooffees het dié middag in die stadsaal van Pretoria plaasgevind.

Hierdie gebeurtenis het 'n nuwe bedeling in die kerksang en die erediensbelewing in die NG Kerk ingelui. Die verskyning van die *Liedboek* was die vervulling van baie jare se toegewyde werk deur tientalle medewerkers. Dat die lidmate die bundel grotendeels met groot opgewondenheid ontvang het en dat gemeentes dit met oorgawe gebruik, is 'n bewys dat daar in 'n groot behoefte voorsien is.

DIE KERKE SIT DIE BAL AAN DIE ROL

Die bestaande psalmberyming is in 1937 deur prof JD du Toit (Totius) uit die Nederlandse vertaling van 1773 in Afrikaans verwerk. Dit het toe in 1944 as deel van die eerste Afrikaanse *Psalm- en Gesangeboek* verskyn. In die verwerkte *Psalm- en Gesangebundel* van 1978 is Totius se psalmberymings weer onveranderd gepubliseer toe die kopiereghouers van die Totius-teks nie wou goedkeur dat die psalms vernuwe word nie.

Omdat daar 'n groeiende behoefte was aan 'n eietydse Afrikaanse omdigting van die psalms het die Algemene Sinode van die NG Kerk reeds in Oktober 1978 ten gunste van 'n nuwe beryming besluit. Die Nederduitsch Hervormde Kerk het in 1983 besluit om saam te werk en later het die Gereformeerde Kerke, die Verenigende Gereformeerde Kerk en die Afrikaanse Protestantse Kerk ook aangesluit.

Die behoefte aan 'n grondige hersiening en uitbreiding van die ryk liedereskat van die gesange is ook in 1983 geïdentifiseer. Die Nederduitsch Hervormde Kerk en die NG Kerk het onderskeidelik in 1992 en 1994 ten gunste van hierdie projek besluit. Die ander drie genoemde kerke was as waarnemers betrokke.

KOMMISSIES, DIGTERS EN KOMPONISTE WERK SAAM

Verskeie kommissies van die medewerkende kerke, met teoloë, musici, digters en ander taalkenners, het oor baie jare aan die daarstelling van die *Liedboek* meegewerk.

Die Psalmkommissie met 43 lede onder voorsitterskap van prof Attie Barnard, het in 1986 in alle erns met sy werk begin. Riglyne vir die herberyming is bepaal en digters en komponiste is uitgenooi om bydraes te lewer. In 1990 het die bekroonde digter, prof TT Cloete, met die voltydse omdigting van die psalms begin. Hy is deurgaans bygestaan deur werkgroepe waarin eksegete, musici en letterkundiges gedien het.

Terselfdertyd is hard gewerk om te verseker dat die melodieë van die nuwe psalmbundel maklik gesing kan word. Ná jare se toewyding is die eindproduk in die *Liedboek* geïnkorporeer, met 150 omdigtings van TT Cloete en 13 alternatiewe tekste van onder andere die digters Lina Spies en Antjie Krog. Die geliefde en bekende melodieë is behou en maklik singbare melodieë is uit talle ander bronne verkry. Hieronder is nuwe melodieë van Suid-Afrikaanse komponiste soos H Pieter van der Westhuizen, Gawie Cillié, Izak Grové en Gerrit Olivier.

Die Tussenkerklike Kommissie vir Publikasies het ook in 1986 tot stand gekom om onder meer die daarstelling van die *Liedboek* te beplan en te bestuur. Verteenwoordigers van al die betrokke kerke het onder voorsitterskap van ds Freek Swanepoel in dié Kommissie gedien.


Die Gesangekommissie het eers in November 1995 sy eerste vergadering gehou en die hersiening van die gesange het




2



3





4·5

in 1996 in alle erns begin. Altesaam 42 persone was mettertyd lede van die Kommissie, met prof Cas Vos as voorsitter. As vrug van die Gesangekommissie se werk is 452 liedere in die *Liedboek* vervat, waarvan talle uit buitelandse bronne afkomstig is. Tesame met die 150 psalms is daar dus 602 liedere. Dit is die werk van 57 digters en 206 komponiste - van dié komponiste is 29 uit eie bodem.

## VERSKEIDENHEID EN KWALITEIT

Die *Liedboek* is uniek vanweë die ryke verskeidenheid daarvan. Dit wissel van Geneefse melodieë wat eeue oud is tot eietydse en moderne teks en musiek. Dit bevat Suid-Afrikaanse komposisies, asook musiek uit baie ander lande.

Die 602 liedere bied voorts genoeg vir elke behoefte en teikengroep. Daar is veral aandag gegee aan liedere wat kinders en jongmense graag sing. Dit word weerspieël deur die feit dat daar selfs 'n kitaarbegeleiersboek gepubliseer is, met kitaardrukke wat by sowat die helfte van die totale aantal liedere gebruik kan word. 'n Spesiale kleuruitgawe is ook vir die jeug gedruk. Dit is afgesien van die standaard-, hardeband-, grootdruk- en luukse-uitgawes wat deur NG Kerk-Uitgewers beskikbaar gestel is. Die *Liedboek* is op ingevoerde Franse papier van hoë kwaliteit gedruk. Dit verseker dat die boek van bykans 900 bladsye tog kompak bly en maklik hanteerbaar is.

Die *Liedboek* sal ongetwyfeld baie bydra tot die Afrikaanse kerke se kerksang en erediensbelewing. As boek van lofprysing en as gebedeboek sal die wye gebruik daarvan lei tot geestelike verdieping én verryking.

HANS LINDE

1. *Die* Liedboek van die Kerk *het in 2001 verskyn – 23 jaar ná die* Psalm-en-Gesangeboek *van 1978. Die* Liedboek *is feestelik op 28 Oktober 2001 deur die NG Kerk en die Nederduitsch Hervormde Kerk in gebruik geneem.* DIE KERKBODE
2. *Ou Kaapse* Liedeboeke *was handgeskrewe, versierde boekies met hoofsaaklik geestelike liedere van 1775-1825. Dit het sy oorsprong in Nederlandse tradisies en die piëtisme gehad. Geskikte liederebundels was skaars en geliefde liedere is met die hand oorgeskryf. Dié* Liedeboek *van Hester van den Heever is deur die onderwyser-volkskunstenaar Hendrik Penninghof versier.* NASIONALE KULTUURHISTORIESE MUSEUM
3. *Ds Kobus van der Westhuysen (regs), voorsitter van die direksie van NG Kerk-Uitgewers, het in Augustus 2001 die drukproses van nagenoeg 400 000 eksemplare van die* Liedboek *geaktiveer. Saam met hom is vlnr mnr Stephan Spies, besturende direkteur van Lux Verbi.BM, ds Freek Swanepoel, voorsitter van die Tussenkerklike Kommissie vir Publikasies (TKKP), ds Paul de Beer, van die Nederduitsch Hervormde Kerk en sekretaris van die TKKP en ds Cassie Carstens, eindredakteur van die* Liedboek. DIE KERKBODE
4. *Die digter TT Cloete, wenner van die Hertzogprys, was verantwoordelik vir die omdigting van die 150 psalms soos dit in die* Liedboek *verskyn. Hy het in 2002 die Andrew Murrayprys daarvoor ontvang.* DIE KERKBODE
5. *Kom laat ons sing! Die* Liedboek *laat lidmate met nuwe geesdrif die lof van God besing.* DIE KERKBODE




I

# 2002. Die NG Kerk se feesjaar

Die jaar 2002 is inderdaad 'n feesjaar!

Die Verenigde Oos-Indische Compagnie (VOC) se stigting 400 jaar gelede in 1602 en die koms van die eerste Nederlandse setlaars onder leiding van kommandeur Jan van Riebeeck op 6 April 1652 was bepalende faktore vir die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Ons herdenk juis daarom met dankbaarheid die vestiging van ons gereformeerde geloof in Suid-Afrika 350 jaar gelede.

Op 31 Mei 2002 word ook die einde van die Anglo-Boereoorlog 100 jaar gelede herdenk. Dit was 'n gebeurtenis wat nie net in Afrikanergeledere nie, maar ook binne die konteks van die NG Kerk wyd uitgekring het en bepalend was vir die gebeure van die daaropvolgende 100 jaar.

Elkeen wat hierdie boek of gedeeltes daarvan gelees het, sal hopelik 'n beeld hê van die NG Kerk se suksesse, maar ook sy tekortkomings oor 'n tydperk van 350 jaar. Lesers mag in die algemeen saamstem met hierdie weergawe van die ontvouing van die kerk se geskiedenis, of oor aspekte daarvan verskil. Elkeen kyk onvermydelik vanuit 'n eie invalshoek en perspektief na gebeure. Interpretasies bly subjektief en die eindresultate lyk nie altyd soos ons vooropgestelde verwagtings nie.

Ons kyk egter in hierdie feesjaar met dankbaarheid terug op die verhaal van ons 'geestelike moeder' – die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Ons neem die positiewe aspekte in oënskou, maar ook die kere toe ons die pad byster geraak het. Of ons in die Here roem oor wat die NG Kerk in 350 jaar vermag het, en of ons ons dwalinge bely, neem niks weg van die betekenis van die NG Kerk as ons geestelike tuiste nie.

Die NG Kerk is in Afrika gevestig, gewortel in die besef dat sy roeping van Bo kom, geborge in die belofte dat die doodskaduwee hom nie sal oorweldig nie, omdat die kerk leef met die belydenis dat Christus die Seun van God en die Verlosser van die wêreld is. Hoe die NG Kerk hier tot stand gekom het, word in hierdie feesboek oorsigtelik beskryf. Hoekom die NG Kerk tot lewe geroep is, is 'n vraag wat sy antwoord in die Woord en weë van God sal vind.


In 'n sekere sin is die vestiging van 'n kerk mensewerk, maar as dit slegs mensewerk was, sou die kerk nie kon standhou nie. Almal wat daarmee gemoeid was en is, is mense agter wie God self staan en wat sy ewige heilsplan uitvoer. Die kerk is immers God se instrument waarmee Hy sy koninkryk dien en wat sy effektiewe werktuig moet wees.

Die NG Kerk het tye beleef toe hy as werktuig van God teleurgestel het:

* Die kerk het nie altyd sy roeping vervul nie.
* Die kerk het nie altyd die Woord reg verstaan en toegepas nie.
* Die kerk het nie altyd gehoor gegee aan teregwysings nie
* Die kerk het nie altyd kerklike sake op 'n kerklike wyse hanteer nie.

Net God kan oordeel of hierdie tekortkomings die gevolg van swakheid of moedswilligheid was. Die slae en kritiek wat die NG Kerk hiervoor ontvang het – en nog steeds ontvang – was nie gering nie. As dit sou blyk dat die NG Kerk soms dwaalligte vir sterre aangesien het, dan moet die kerk groot genoeg wees om klein genoeg te word. Slegs dán kan ons voor God belydenis doen.

Die NG Kerk mag dan ook in die Here roem omdat hy




2

1. *Die logo vir die feesjaar 2002 ontwerp deur Willem Jordaan. Die vrou (wat die kerk voorstel) en die woorde 'Die hoop beskaam nie' (Rom 5:5) is reeds vir bykans 250 jaar deel van die NG Kerk se tradisie.*
2. *Dié ontwerp op die Bybelgenootskap van Suid-Afrika se kalender vir 2002 is deur Sekunjubwe Dumezweni, wenner van die eerste prys in 'n kompetisie van die Bybelgenootskap vir jongmense.* BYBELGENOOTSKAP VAN SA
3. *Die reliëfpaneel by die Vrouemonument in Bloemfontein waarin 'n konsentrasiekamptoneel gedurende die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) uitgebeeld word die woorde lui: 'Ik zal U niet begeven. Ik sal U niet verlaten.' Dit is op 31 Mei 2002 presies eenhonderd jaar ná die Vrede van Vereeniging.* OORLOGSMUSEUM, BLOEMFONTEIN
4. *Die omslag van die* Jaarboek *van die NG Kerk vir die feesjaar. Dit is 'n litografiese afdruk deur H de Meillon van die Kaapse Moederkerk, 1704.* KAAPSTAD ARGIEFBEWAARPLEK
5. *Die kerkklok van 1726 deur Jan de Grave met 'n VOC-monogram daarop in die Groote Kerk-toring. Gedurende 2002 word die stigting van die VOC 400 jaar gelede (in 1602) én die 'kerkplanting' in 1652 (350 jaar gelede) herdenk.* FOTO: J VAN DER POLL
6. *Die logo vir 2002, in die kerkblad van die NG Gemeente Kaapstad, vir 'n maandelikse rubriek oor die geskiedenis van die gemeente. Dit beeld die nog bestaande kerktoring van 1704 uit.* ERKENNING: M SMUTS-WILES

tog iets verstaan het van sy Goddelike roeping. Hoeveel seuns en dogters van die NG Kerk het nie hulle lewe daaraan gewy om die koninkryk van God tot diens te wees nie! Hoeveel gedenktekens in die vorm van kerke, skole, hospitale en ander inrigtings dien nie as stille getuies van 'n kerk se liefde en barmhartigheid vir die minderbevoorregte naaste nie!

Die NG Kerk mag in die Here roem omdat dit 'n werktuig van die Here is en sy suksesse slegs aan die genade van God toegeskryf mag word. In die woorde van Paulus: 'Wie wil roem, moet in die Here roem.'


Die NG Kerk kan inderdaad met dankbaarheid terugkyk op 350 geseënde jare van die gereformeerde kerk se heilsgeskiedenis hier in Afrika. Die kerk is oud genoeg om oor meer as drie eeue terug te kyk én nog jonk genoeg om sy toekomsvisie vir die nuwe eeu én millennium entoesiasties uit te spel.


Ons glo dat God steeds die Nederduitse Gereformeerde Kerk se lamp as deel van sy plan vir ons sal gebruik (Op 2: 5). Solank die kerk maar volhou om ernstig te vra wat God se roeping juis vir die NG Kerk is en met toewyding daarna strewe om dit te vervul.

KOBUS VAN DER WESTHUYZEN


3.4.5.6





350
GROOTE KERK
1652-2002



# N G Kerk: Waarheen?

Daar is probeer om in hierdie boek op 'n positiewe, maar ook eerlike en kritiese wyse die eerste 350 jaar van die Nederduitse Gereformeerde Kerk se geskiedenis in Suid-Afrika in oënskou te neem.

Daar is met woord en beeld besin oor 100 belangrike bakens of hoofmomente in die NG Kerk se unieke verhaal. Met 'n 'galery' van historiese kerkfigure en 'n verskeidenheid ander illustrasies, asook feiteflitse, tydlyne, kaarte en statistiese gegewens, is 'n poging aangewend om 'n lewende én lewendige dimensie aan die storie van die kerk te verleen. Aktuele vrae rondom die Nederduitse Gereformeerde Kerk, soos waar die kerk vandag staan en wat die toekoms inhou, is ondersoek. Die boek is dus 'n bestekopname, wat terselfdertyd as grondslag dien vir die daarstelling van 'n toekomsperspektief, sover dit menslik moontlik is.

DIE NG KERK IN OËNSKOU

Die algemene en kerklike geskiedenis van Suid-Afrika sou sonder die NG Kerk ongetwyfeld aansienlik anders daar uitgesien het. Omdat die gereformeerde geloof sedert die vestiging van die Nederlandse invloed in 1652 'n integrale deel van die Suid-Afrikaanse geskiedenis was, is dit onvermydelik dat die kerk 'n bepaalde rol sou speel - hetsy positief of negatief.

Die geskiedenis bestaan uit hoogtepunte en laagtepunte, ligbakens en skadukante, suksesse en krisisse. Daar was tye in die verlede wat byna bomenslike eise aan die mensdom gestel het. Dit is ook die geval met die NG Kerk, waar ons na die eerste 350 jaar besin oor die kerk se veelkantige verhaal.

Daar was baie ligbakens op die pad van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die vestiging, ontwikkeling en opbou van ons land. Hierbenewens het die kerk 'n bydrae gelewer tot die verspreiding van die evangelie deur Woordverkondiging, pastorale betrokkenheid, sending en evangelisasie tot ver buite ons grense. Die NG Kerk se sendingba-

kens hier en elders lewer tot vandag bewys dat die kerk in Afrika gewortel is. Die kerk se ondersteuning en uitgebreide aktiwiteite rakende barmhartigheidswerk en onderwys in Suid-Afrika is ook noemenswaardig, asook sy besondere bydrae tot jeugwerk en jeugbediening. Kerkleiers het dikwels 'n veelsydige rol in die gemeenskap gespeel en lidmate in krisistye besiel, soos met en ná die Anglo-Boereoorlog.

Die verhaal van die NG Kerk oor 350 jaar het egter ook 'n skadukant. Die kerk se onvermoë om vroeër in sy geskiedenis 'n eie inheemse karakter te ontwikkel was 'n belemmering. Die aanvanklike gebrek aan 'n sendingvisie en -ywer én die eksklusiwiteit van die kerk is vandag opvallend. Die worsteling, veral in die vroeë negentiende eeu en laat twintigste eeu, om 'n duidelike gereformeerde karakter te midde van uiteenlopende invloede te handhaaf en uit te bou, was ook nadelig vir kerk en koninkryk.

Die NG Kerk word trouens tans weer gekniehalter deur sy onvermoë om sy plek en rol in die nuwe Suid-Afrika oortuigend te definieer. Die aandeel van die NG Kerk in die vestiging en uitbou van apartheid gedurende die twintigste eeu, en daarmee saam die verslegtende verhoudinge met die sogenaamde dogter- en susterkerke sal altyd aan sy debietkant reflekteer. Dit is egter stof tot dankbaarheid dat Afrikaans nie meer die taal van die verdrukker is nie en dat die NG Kerk nie meer die kerk van die verdrukker is nie.

### *QUO VADIS?*

Waarheen is die NG Kerk op pad in 'n nuwe eeu, 'n nuwe millennium en met 'n nuwe problematiek in die komplekse wêreld waarin ons staan? Die antwoord hierop is dat dit slegs die evangelie van ware liefde, vrede en vryheid is wat hoop aan 'n wêreld in nood kan gee. Dit is en bly een van die primêre take en uitdagings vir die NG Kerk.

Suid-Afrikaners in die algemeen, en die NG Kerk in die besonder sal meer betrokke moet raak in die gemeenskap en sy nood. Die lidmate het die kerk se apologie oor apartheid en die negatiewe aspekte van die verlede aanvaar en grootliks verwerk. Dringende probleme waarmee ons medemens op 'n daaglikse grondslag te kampe het, moet nou aangepak word. Dit moet ons doen met inagneming van die kompleksiteit van die werklikheid van ons 'wye en droewe land', maar juis ook in dankbaarheid vir al die positiewe faktore. Daar kan en moet meer gedoen word om empatie en selfs antipatie af te breek en nuwe weë te help baan.

Dr DF Malan se wekroep op 16 Desember 1949 op Monumentkoppie in Pretoria was 'Afrikaner, *Quo vadis.* Waar gaan jy heen?' Dié vraag is in 2002 ewe geldig as 'n dringende en dwingende wekroep vir Suid-Afrikaners in die algemeen, en vir die Afrikaners en die NG kerkfamilie in die besonder – waar gaan ons heen?

Daar is wel oral positiewe tekens in die NG Kerk se verhaal, soos ook in hierdie boek weerspieël word. Die buitelandse sendingaksies het verskuif na uitreikaksies én interaksies binne ons onmiddellike omgewing. Daar is toenemende betrokkenheid oor taal- en kleurgrense heen.

As deel van 'n 'nuwe' kerk in 'n 'nuwe' Suid-Afrika, sal die NG Kerk egter 'n nóg sterker en duideliker historiese bewussyn moet ontwikkel, wat veral sedert 1994 uit die oog verloor is. Deur 'n bestekopname van waar ons vandag staan, sal ons nie slegs die beste in ons kerklike en ander tradisies moet laat voortleef nie, maar ook ons identiteit, gereformeerdheid en spiritualiteit moet herdefinieer.

### DIE NUWE ROL VAN DIE NG KERK

Die NG Kerk sal ook sy nuwe rol op pad na die toekoms verder moet uitspel en aandui. Die kerk as profeet van die verlede wat 'n invloed kon uitoefen op gesaghebbende instellings en leidende figure, moet plek maak vir die *dienskneg* wat ander se nood moet help verlig en ander se voete was. Van die dringendste probleme wat toenemend deur die kerk in Suid-Afrika aangespreek moet word, is dié van vigs, armoede, veiligheid, asook morele verval én die lae kollektiewe moraal.

Die NG Kerk en sy lidmate het ná die Anglo-Boereoorlog teen uitdagings soos die sogenaamde armblankevraagstuk te staan gekom. Vandag het die armoedevraagstuk geen kleur meer nie, en die kerk beskik oor die kennis en ervaring om 'n groot bydrae te lewer. Dat daar 'n sterk wil is om die probleme aan te spreek en om as kerklike vennote saam te werk, is duidelik. Ons moet sout vir die aarde en lig vir die wêreld word.

Soos telkens in die verlede kan én moet die NG Kerk weer 'n leidende rol speel in 'n herontwaking van die lidmate van die kerkfamilie. Die nuwe politieke bedeling ná 1994 het enersyds geregtigheid en nuwe hoop gebring, maar andersyds ook onsekerheid, ontnugtering of teleurstelling. Die fase van ontkenning én erkenning word tans landswyd deur 'n kentering en 'n hernieude waardering van ons gesamentlike gereformeerde én kulturele erfenis gekenmerk. Die kerk kan 'n belangrike rol speel om lidmate te besiel en aan te moedig om deel van hierdie proses te wees en dit te bevorder.

In aansluiting hierby het kerkvereniging 'n dringende noodsaaklikheid geword. Veral die eenwording van die NG Kerk, die Verenigende Gereformeerde Kerk en die Reformed Church in Africa het 'n hoë prioriteit geword. Die NG-kerkfamilie moet nog in 'n geestelike sin die politieke geestesprong of paradigmaskuif van 1994 'n werklikheid maak. Die verenigende kerk móét 'n verenigde kerk word! Dan kan en móét die kerk uit een mond praat en brandende vraagstukke soos vigs en werkloosheid in die openbaar en in die media openhartig aanspreek.

Binne die NG-kerkfamilie weet ons gelukkig dat God in beheer van die geskiedenis is - ook dié van Suid-Afrika en ál sy mense. Hy bring hoop in 'n hooplose en dikwels hopelose wêreld. Ons Christelike geloof en waardes is en bly ná 350 jaar die belangrikste en bepalendste onveranderlike in 'n snel veranderende en veranderde wêreld.

*Soli Deo gloria – aan God die eer.*

HOFFIE HOFMEYR

*Christus in Getsemane (kunstenaar en datum onbekend). Hierdie skildery is uit die Von Dessin-bemaking.*
*GROOTE KERK-VERSAMELING. FOTO: J VAN DER POLL*

# 1936-1996. Statistiese tendense van die NG Kerk

INLEIDEND

Statisties gesproke is die gevestigde kerke in Suid-Afrika (Anglikane, Metodiste, Presbiteriane, Lutherane, Baptiste en die Rooms-Katolieke) op die oomblik in 'n afwaartse fase. Die Nederduitse Gereformeerde Kerkfamilie is deel van dié tendens. In die nuwe millenium sal waarskynlik nog meer gemeentes verdwyn vanweë 'n verskeidenheid faktore, soos demografiese verskuiwings. Aan die ander kant is daar groeiende NG-gemeentes vir wie die nuwe millenium nie 'n bedreiging inhou nie. Die huidige stand van sake, die tendense sedert 1936 en laastens 'n interpretasie van dié inligting word kortliks hieronder weergegee.

HUIDIGE SITUASIE

Gegewens uit die Suid-Afrikaanse bevolkingsensus gee die beste oorhoofse en langtermyn-aanduiding van kerklike en geloofstendense in ons land. Die tabel hieronder weerspieël die posisie van die NG Kerk, soos blyk uit Sensus '96 (die jongste beskikbare gegewens). Die data word ten opsigte van die nege provinsies asook die bevolkingsgroepe gegee. Die laaste kolom ('Ander') verwys na persone wat tydens die sensus nie wou aandui tot watter bevolkingsgroep hulle behoort nie. Dit was 'n verstaanbare reaksie op die bevolkingsklassifikasie van die verlede.

TABEL 1
AANTAL LIDMATE VAN DIE NG KERK
EN VERENIGENDE GEREFORMEERDE KERK
VOLGENS SENSUS '96

| | SWARTES | BRUINES | INDIËRS | BLANKES | ANDER | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|
| WES-KAAP | 32,821 | 404,855 | 348 | 310,652 | 10,983 | 759,659 |
| OOS-KAAP | 165,647 | 46,551 | 169 | 100,474 | 1,251 | 314,092 |
| NOORD-KAAP | 26,934 | 116,470 | 58 | 69,401 | 1,639 | 214,502 |
| VRYSTAAT | 400,818 | 21,399 | 108 | 168,963 | 1,657 | 592,945 |
| KWAZULU-NATAL | 102,059 | 1,008 | 896 | 67,381 | 727 | 172,071 |
| NOORDWES | 278,852 | 8,759 | 74 | 87,748 | 1,985 | 377,418 |
| GAUTENG | 216,682 | 19,607 | 520 | 468,312 | 4,081 | 709,202 |
| MPUMALANGA | 85,513 | 3,380 | 141 | 96,220 | 669 | 185,923 |
| NOORDELIKE PROV | 144,349 | 1,550 | 23 | 47,691 | 1,046 | 194,659 |
| TOTAAL | 1,453,675 | 623,579 | 2,337 | 1,416,842 | 24,038 | 3,520,471 |

Die NG Kerk, insluitende die Verenigende Gereformeerde Kerk (VGK), het dus volgens Sensus '96 'n totale lidmaattal van sowat 3,5 miljoen gehad. Dit verteenwoordig 8,7% van die totale bevolking en is naas die *Zion Christian Church* (9,5%) die grootste denominasie. Persone wat 'no religion' aangedui het en dus geen geloof aanhang nie, het 11,4% van die populasie verteenwoordig.

Die provinsie met die meeste lidmate is die Wes-Kaap (21,6% van die totaal) en daarna volg Gauteng (20,1% van die totaal). In die Wes-Kaap is daar 'n beduidende aantal bruin lidmate - trouens die meeste van enige van die provinsies.Gauteng het andersyds die meeste blanke lidmate en heelwat swart lidmate. Die meeste swart lidmate woon in Noordwes, gevolg deur Gauteng.

3. TENDENSE SEDERT 1936

Drie tabelle word hier weergegee. Die eerste hiervan dui die geloofsverskuiwings aan onder die bevolkingsgroepe in Suid-Afrika sedert 1936, asook dat die persentasie Christene onder die bruin en blanke populasie aanvanklik baie stabiel gebly het. Dit het sedert die tagtigerjare begin daal. By die swart en Indiërbevolkings was daar andersyds 'n toename in die persentasie Christene – by die swart bevolking meer dramaties as by Indiërs.

4. INTERPRETASIE

Die ondergenoemde stellings toon die implikasies van dalende lidmaatgetalle vir die bediening in die NG Kerkfamilie aan.

* Die fokus van teologie en die kerk se bediening moet gerig wees op die gewone lidmaat in sy/haar leefwêreld en gemeente.
* Die lidmaat wat geestelik gaan oorleef, is die roepingsbewuste en betrokke lidmaat wat as Christen getuig en die kerk dien by kerklike óf by sekulêre geleenthede.
* Plaaslike gemeentes is die beste daartoe in staat om die aanpassings in die bedieningspraktyk te ontdek en uit te bou.
* Lidmaatskap-verlies sal nie noodwendig bekamp word deur programverbeterings of beter prosesbestuur nie. Slegs 'n herontdekking van identiteit, gefundeer op ons Christelike geloof en op die uitvoering van die Bybelse opdrag, sal die verandering teweegbring wat die kerk weer kwalitatief en kwantitatief sal laat groei.
* Leierskapstyl word in die proses van verandering geherdefinieer.
* Die rol en etos van die kerkverband moet in die proses ook herdefinieer word.
* Die hantering van diversiteit en pluralisme is een van die grootste uitdagings waarvoor kerke in Suid-Afrika staan.
* Vir 'n meer volledige bespreking van die bevolkingsensusgegewens kan die 1999-2000 uitgawe van die *South African Christian Handbook* geraadpleeg word.

JURGENS HENDRIKS EN JOHANNES ERASMUS

*DIE VIGS-PANDEMIE*




**Suid-Afrika**
2001: 12% VAN BEVOLKING
2006: 17% VAN BEVOLKING


**Afrika**
1994: 9,0 MILJOEN
2001: 28,1 MILJOEN

**Wêreld**
1996: 18,6 MILJOEN
2001: 44,5 MILJOEN


FIGUUR 1: CHRISTENE IN BEVOLKINGSGROEPE




FIGUUR 2: LIDMAATSKAP VAN NGK




FIGUUR 3: CHRISTELIKE MARKAANDEEL VAN NGK




*Beide die bruin en blanke kerkgetalle het met sowat 10% afgeneem. Bruines se statistieke het sodoende van 33,6% in 1946 na 22% in 1996 gedaal en dié van blankes van 51,2% in 1936 tot 41,4% in 1996. Onder swart mense het dié persentasies andersyds oor dieselfde tydperk gestyg van 4,7% tot 6,2%, hoewel dit in 1970 'n hoogtepunt van 8,3% gehaal het.*

*Uit Figuur 2 blyk dit dat die totale lidmaattal van die NG Kerk/VGK aanvanklik toegeneem het tot met Sensus '91. Die aantal lidmate het hierna begin daal. Indien gegewens oor die onderskeie bevolkingsgroepe nader beskou word, is dieselfde tendens by swartes, bruines en blankes aanwesig. Beide die bruin en blanke kerklike bevolkings se hoogtepunt was tydens Sensus '80. Swart lidmate het andersyds nog tot 1991 gestyg, waarna dit begin daal het.*

*Figuur 3 bied 'n verdere perspektief op die data. Dit dui die persentasie van die Christelike 'markaandeel' van die NG Kerk/VGK binne elke bevolkingsgroep aan, asook as deel van die totaal. In 1936 het dié kerke 'n Christelike 'markaandeel' van 23% gehad, wat die grootste denominasie was. In 1996 het dieselfde statistiek tot 11,7% gedaal!*

| | BLANKES | BRUINES | INDIËRS | SWARTES | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|
| 1936 | 971,139 | 223,530 | 0 | 150,398 | 1,345,067 |
| 1946 | 1,074,962 | 284,793 | 0 | 248,699 | 1,608,454 |
| 1951 | 1,107,482 | 291,087 | 0 | 297,382 | 1,695,951 |
| 1960 | 1,324,052 | 440,370 | 0 | 524,706 | 2,289,128 |
| 1970 | 1,512,066 | 583,838 | 0 | 909,861 | 3,005,765 |
| 1980 | 1,693,640 | 678,380 | 2,240 | 1,122 | 2,158 |
| 1991 | 1,597,633 | 564,276 | 1,122 | 1,731,253 | 3,894,286 |
| 1996 | 1,421,090 | 629,682 | 2,158 | 1,450,446 | 3,527,070 |
| | | | | | |
| 1936 | 51.2 | 31.5 | 0.0 | 0.0 | 23.0 |
| 1946 | 48.0 | 33.6 | 0.0 | 0.0 | 22.3 |
| 1951 | 44.2 | 28.8 | 0.0 | 0.0 | 19.7 |
| 1960 | 45.7 | 32.1 | 0.0 | 0.0 | 19.5 |
| 1970 | 42.7 | 31.5 | 0.0 | 0.0 | 18.3 |
| 1980 | 40.8 | 29.8 | 2.2 | 2.2 | 16.3 |
| 1991 | 40.5 | 26.7 | 0.9 | 0.9 | 14.0 |
| 1996 | 41.4 | 22.0 | 1.1 | 1.1 | 11.7 |

# Vroue in kerkstrukture

Vrouelidmate van die NG Kerk is al getipeer as 'susters' wat koeksisters bak en basaars reël. Dit blyk dat die rol van die vrou in die kerk nog steeds dié van 'n kerklike agterbanker is. Teologies en teoreties is ál die kerkdeure sedert 1990 vir die vrou oop. In die praktyk is dit egter nog nie die geval nie.

'N STEEKPROEF BEVESTIG DIT:

ALGEMENE SINODE

Sover vasgestel kon word, was daar uit die 394 afgevaardigdes na die Algemene Sinode van 1990 geen vroue-afgevaardigdes nie.

In 1994 was daar vier vroue-afgevaardigdes uit 'n totaal van 383 persone by die Algemene Sinode.

In 1998 was daar nege vroue uit 393 afgevaardigdes.

STREEKSINODES

Dieselfde tendens blyk uit die posisie in 'n paar (streek-) sinodes:

WES- EN SUID-KAAPSE SINODE

1995: Die eerste vroue-predikant woon dié sitting as afgevaardigde by en die eerste vrou word tot die Moderamen verkies.
1999: 62 vroue uit 872 afgevaardigdes
2001: By die eerste *Konvent vir Eenheid* was daar agt vroue uit 162 afgevaardigdes.

NOORD-TRANSVAALSE SINODE

1993: 28 vroue uit 572 afgevaardigdes
1995: 24 vroue uit 545 afgevaardigdes

OOS-TRANSVAALSE SINODE

1995: 12 vroue uit 359 afgevaardiges
1999: 21 vroue uit 347 afgevaardigdes

VRYSTAATSE SINODE

1991: 3 vroue uit 513 afgevaardigdes
1995: 5 vroue uit 515 afgevaardigdes
1999: 10 vroue uit 328 afgevaardigdes

SINODALE KOMMISSIES

In die Algemene Sinode se 'permanente' of vaste kommissies dien daar in April 2002 veertien vroue uit 274 lede. Twee vroue is in 1998 as ouderlinge tot die Algemene Sinodale Kommissie (ASK) verkies: dr Cecile Cilliers en mev Anna van der Westhuizen.

In die Wes- en-Suid-Kaapse kommissies is daar twaalf vroue uit 316 lede, in Noord-Transvaal drie vroueverteenwoordigers uit 101 lede en in die Vrystaat vyf lede uit 195 persone.

WAT SÊ DIÉ FEITE?

Daar is tans min kerkrade in die land waarin daar nie vroue dien nie. As die kerkrade afgevaardiges na 'meerdere vergaderings' stuur, is dit egter in verreweg die meeste gevalle mans wat benoem word.

Die vrou kom uit 'n verlede waar sy kerklik selfs afsonderlik moes sit en net haar stem kon laat hoor deur vroue-organisasies binne die kerk. Ná meer as 'n dekade ná haar toelating tot ál die ampte in die kerk, is die vrou se verteenwoordiging in breër kerklike liggame steeds baie beperk.

Net 'n handjievol vroue dien sedert 1990 in breër kerklike kommissies en kerkrade. Dit is dikwels as *ex officio*-verteenwoordigers van die Vrouediens.

Vanweë historiese redes is die NG Kerk enersyds nog te veel 'n 'predikante-kerk' met 'n oorwig aan predikante in leiersposisies op breër vlak. Andersyds 'n dit 'n 'mannekerk' met 'n oorweldigende persentasie mans in daardie posisies.

Daar is wel rede tot dankbaarheid. Daar dien 'n paar vroue in moderamens van sinodes en in sinodale kommissies. Prof Elna Mouton (Nuwe Testamentikus aan die Teologiese Fakulteit op Stellenbosch) is die eerste vroueprofessor wat NG predikante help oplei. By 'n vrouekongres in 2000 kon veral vrouepredikante hulle harte uitpraat.

Die Algemene Sinodale Kommissie het in 2000 erken dat die vrou in die verlede nie in kerklike strukture tot haar reg gekom het nie. 'n *Ad hoc*-kommissie is toe aangewys om die posisie van die vrou in die kerk te monitor.


HENDA GAUM




# Die sendingvelde van Afrika

Uit beskikbare statistieke blyk dit dat die werksaamhede van die NG Kerk en sy geaffilieerde kerke op die sendingvelde van Afrika baie geseënd was. Dit dra nog steeds goeie vrugte en leef én bestaan voort in groot dele van veral Suider-Afrika. Dié huidige statistieke is konserwatief bereken en hou byvoorbeeld nie rekening met die feit dat sowat 1 000 000 nie-lidmate gereeld eredienste van die kerk in Nigerië bywoon nie.

| | *GEMEENTES* | *SIELETAL* |
|---|---|---|
| NKST (Kerk van Christus in die Soedan onder die Tiv, Nigerië) | Onbekend | 150 000 |
| RCEA: Kenia | 28 | 8 000 |
| Church of Central Africa Presbyterian (CCAP): Nkhoma Synod, Malawi | 96 | 360 000 |
| Reformed Church in Zambia | 65 | 150,000 |
| Reformed Church in Zimbabwe | Onbekend | 75,000 |
| CCAP: Harare Synod, Zimbabwe | 15 | 7,000 |
| Igreja Reformada en Mocambique | 9 | 30,000 |
| DRC in Botswana | 10 | 8,000 |
| Swaziland Reformed Church | 4 | 1,000 |
| Evangelies Gereformeerde Kerk in Afrika, NGK (Namibië) | Onbekend | 50,000 |
| Reformed Church in Caprivi | 14 | 2,000 |
| TOTAAL | | 841,000 |




JANNIE DU PREEZ EN MARTIN PAUW




# Bibliografie


Adonis, JC 1982. *Die afgebreekte skeidsmuur weer opgebou*. Amsterdam: Rodopi.

Algemene Sinode van die NG Kerk 1974. *Ras, Volk en Nasie en Volkereverhoudinge in die Lig van die Skrif.* Kaapstad: NG Kerk-Uitgewers.

Barnard, AC 1981. *Die Erediens*. Pretoria: NG Kerk-Boekhandel.

Behr, A L &Macmillan, RG 1966. *Education in South Africa*. Pretoria: JL van Schaik Beperk.

Beyers, C 1967. *Die Kaapse Patriotte*. Pretoria: JL van Schaik Beperk.

Boëseken, AJ [geen datum]. *Die Nuusbode* [1652-1952]. Kaapstad: Nasou Beperk.

Booyens, B 1965. *Kerk en Staat 1795 – 1843*. Argief-jaarboek vir SA Geskiedenis, jg 28 deel II. Kaapstad: Staatsdrukker.

Booyens, B 1969. *Die Lewe van DF Malan*. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers.

Borchardt, CFA &Vorster, WS 1980 – 1993. *South African Theological Bibliography/Suid-Afrikaanse Teologiese Bibliografie (Vol 1-8)*. Pretoria: Unisa.

Bosch, D J, König, A & Nicol, WD (reds) 1982. *Perspektief op die Ope Brief*. Kaapstad: Human en Rousseau-Uitgewers.

Botes, E J 1971. *Van Moeras tot Palmbos*. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Brink, AP 2000. *Groot Verseboek 2000*. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers

Cameron, T (hoofredakteur) 1986. *Nuwe Geskiedenis in Suid-Afrika in Woord en Beeld*. Kaapstad: Human & Rousseau-Uitgewers.

Cillié, GG 1983. *Waar kom ons Gesange vandaan?* Kaapstad: NG Kerk-Uitgewers.

Claasen, JP 1977. *Die Sieketroosters in Suid-Afrika 1652 – 1866*. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Coertzen, P 1988. *Die Franse Hugenote in Suid-Afrika 1688-1988*. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers.

Crafford, D 1982. *Aan God die dank, I.* [oor binnelandse sending] Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Crafford, D (red) 1992. *Trailblazers of the gospel*. Bloemfontein: Pro Christo Publications.

Cronjé, JM 1981. *Aan God die dank, II.* [oor buitelandse sending] Pretoria: NG Kerkboekhandel.

De Jager, T *1970. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Midde-Afrika 1895-1970*. Salisbury.

De Jongh, PS 1987. *Sarel Cilliers. 'n Biografie oor die Voortrekkerfiguur Sarel Cilliers*. Johannesburg.

De Klerk, JJ (red) 1990. *Die Diens van Barmhartigheid en die Nederduitse Gereformeerde Kerk*. Kaapstad: NG Kerk-Uitgewers.

De Kock, WJ e.a. 1968-1987. *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek* (5 bande). Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.

De Villiers, DW 1957. *Die Kategese in die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika*. Kaapstad.

De Wet, GC 1981. *Die vryliede en vryswartes in die Kaapse nedersetting, 1657 – 1707*. Kaapstad: Historiese Publikasie-Vereniging.

Dreyer, A 1912. *Historisch Album van de Nederduitsche Gereformeerde Kerk in Zuid-Afrika*. Kaapstad: Cape Times Beperk.

Dreyer, A 1936. *Boustowwe vir die geskiedenis van die Ned. Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika 1804-1836 (Deel III)*. Kaapstad.

Dreyer, WA 1999. *Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika (1652-1902)*. Pretoria: Kital.

Du Plessis, J 1911. *A History of Christian Missions in South Africa*. London: Longmans Green.

Du Plessis, J. 1920. *Het leven van Andrew Murray*. Kaapstad: De Zuid-Afrikaanse Bijbelvereniging.

Du Toit, AE 1954. *The Cape Frontier. A Study of Native Policy with special reference to the years 1847-1866*. Archives Year Book for SA History, jg 17, Deel I Kaapstad: Staatsdrukker.

Du Toit, JHH (red) 1983. *'n Geskiedenis van die Afrikaanse Protestantse Lied*. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Engelbrecht, SP 1953. *Geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika*. Kaapstad-Pretoria: HAUM – JH de Bussy.

Ferreira, IL 1979. *Die Teologiese Seminarium van Stellenbosch 1858-1963*. Pretoria.

Fensham, FC 1986. *Drie eeue van genade*. Kaapstad: NG Kerk-Uitgewers.

Fransen, H & Cook, MA 1980. *The Old Buildings of the Cape*. Kaapstad: AA Balkema

Gaum, FM (samesteller) 1997. *Die verhaal van die Ned Geref Kerk se reis met apartheid 1960-1994*. Wellington: Hugenote-Uitgewers.

Gaum, FM 1981. *Die Kerk en die toekoms van Suid-Afrika*. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Gerdener, GBA 1934. *Ons Kerk in die Transgariep: Geskiedenis van die Ned. Geref. Kerke in Natal, Vrystaat en Transvaal*. Kaapstad: Nasionale Pers.

Gerdener, GBA 1951. *Reguit koers gehou. Die wording, wese en werking van die NG Kerke se sendingbeleid*. Kaapstad.

Giliomee, H & Elphick, R 1982. *'n Samelewing in Wording: Suid-Afrika 1652-1820* Kaapstad: Longman Penguin Suider-Afrika (Edms) Bpk.

Hanekom, TN 1959. *Helperus Ritzema van Lier. Die lewensbeeld van 'n Kaapse predikant uit die 18de eeu.* Kaapstad: NG Kerk-Uitgewers.

Hanekom, TN (red) 1952. *Ons Nederduitse Gereformeerde Kerk. Gedenkboek by ons Derde Eeufees 1952.* Kaapstad: NG Kerk-Uitgewers.

Heese, HF 1984. *Groep sonder grense.* Bellville: Universiteit van Wes-Kaapland.

Heyns, JA 1966. *Die Evangelie in Krisis.* Kaapstad.

Hofmeyr, JW & Cross, KE 1986 – 1993. *History of the church in Southern Africa: A Select Bibliography of Published Material* (Vol 1-3). Pretoria: Unisa.

Hofmeyr, JW & Pillay, GJ 1994. *A History of Christianity in South Africa.* Pretoria: HAUM

Hofmeyr, SM 1993. *Carl Otto Hager van Stellenbosch.* Uitgegee deur Stellenbosch Museum: Reliance Printing Works.

Hoge, J 1938. *Die Geskiedenis van die Lutherse Kerk aan die Kaap.* Argief-jaarboek vir SA Geskiedenis, jg 1,deel II. Kaapstad: Staatsdrukker.

Hopkins, HC 1965. *Die Moeder van ons almal – geskiedenis van die gemeente Kaapstad, 1665 – 1965.* Kaapstad: NG Kerk-Uitgewers.

Hugo, AM & Van der Bijl, J 1963. *Die Kerk van Stellenbosch 1686 – 1963.* Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers.

Jonker, WD 1998. *Selfs die Kerk kan verander.* Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers.

Keet, DJ (red) 1942. *Wonderdade van God. Jubileum-Gedenkboek 1842-1942.* Johannesburg.

Kinghorn, J (red) 1986. *Die NG Kerk en Apartheid.* Johannesburg: MacMillan.

Kleynhans, EPJ 1973. *Die Kerkregtelike Ontwikkeling van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika 1795 – 1962.* Bloemfontein.

Kotze, CS 1978. *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk en die Ekumene 1780-1910.* Ongepubliseerde D.Th-proefskrif, Universiteit van Stellenbosch.

Kotze, JCG 1961. *Ras, Volk en Nasie in terme van die Skrif.* Stellenbosch.

Kotze, JJ & De Wet 1888. *Beknopte geskiedenis van de Nederduitsche Hervormde Kerk aan de Kaap de Goede Hoop sedert de stichting der volksplanting in 1652 tot 1804.* Kaapstad: Juta.

Kriel, JM 1963. *Die Geskiedenis van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in Suid-Afrika.* Paarl: Paarlse Drukpers Maatskappy.

Kritzinger, JJ 1988. *Die onvoltooide sendingtaak in Suid-Afrika.* Pretoria: ISWEN.

Loff, CJA 1981. *Dogter of Verstoteling?* Kaapstad: Predikantebroederkring.

Loff, CJA 1998. *Bevryding tot Eenwording. Die NG Sendingkerk in Suid-Afrika 1881–1994.* Kampen: Theologische Universiteit.

Lombard, RTJ 1981. *Die Nederduitse Gereformeerde Kerke en rassepolitiek.* Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Louw, AA 1954. *Die môrester in Mashonaland.* Stellenbosch: CSV-Boekhandel.

Lubbe, WJG (red) 1965. *Die Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Natal 1865-1965.* Durban.

Lückhoff, AH 1978. *Cottesloe.* Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers.

Maeder, GA & Zinn, C 1917. *Ons Kerk-album van Hollandse Kerken en leeraren.*

Marais, BJ 1952. *Die Kleur-krisis en die Weste.* Johannesburg: Goeie Hoop.

Marais, MM 1943. *Armsorg aan die Kaap onder die Kompanjie, 1652-1795.* Kaapstad: Argief-jaarboek vir SA Geskiedenis, jg 6. Kaapstad: Staatsdrukker.

Maree, WL 1962. *Lig in die Soutpansberg.* Johannesburg.

Meiring, PGJ & Joubert, SJ (reds) 1992. *Fokus op die Kerk.* Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.

Moorrees, A 1937. *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika 1652 – 1873.* Kaapstad: SA Bybelvereniging.

Muller, CFJ (red) 1969. *Vyfhonderd Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis.* Pretoria.

Nienaber, PJ 1946. *Dr JD Kestell. Vader van die Reddingsdaadbond.* Kaapstad: Nasionale Pers.

Nieuwoudt, MM 1979. *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suidwes-Afrika.* Goodwood: Nasionale Boekdrukkery.

Oberholster, JAS 1956. *Die Gereformeerde Kerke onder die Kruis in Suid-Afrika.* Kaapstad.

Oberholster, JJ (red) 1964. *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Oranje-Vrystaat.* Bloemfontein.

Olivier, AR 1998. *Bode op die spoor van die Woord.* Kaapstad: Lux Verbi.

Olivier, PL (red) 1952. *Ons gemeentelike Feesalbum.* Kaapstad: NG Kerk-Uitgewers.

Pakenham, T 1981. *Die Boere-Oorlog.* Johannesburg: Jonathan Ball-Uitgewers.

Pauw, CM 1980. *Mission and church in Malawi.* Lusaka: Baptist Mission Press.

Pont, AD 1994. *Algemene kerkgeskiedenis – 'n inleiding tot die Nederlandse kerkgeskiedenis van die beginjare tot 1795.* Pretoria: HTS Bylae 6.

Potgieter, DJ e.a. 1970-1976. *Standard Encyclopaedia of Southern Africa (SESA).* Cape Town: Nasou Limited.

Potgieter, JF 1971. *Die Militêre Kapelaan.* (DD-proefskrif), Universiteit van Pretoria.

Pretorius, JC 1992. *Die geskiedenis van volkskuns in Suid-Afrika.* Kaapstad: Vlaeberg Uitgewers.

Pretorius, JC 1998. *Al laggende en pratende. Kaapse vroue in die 17de en 18de eeu.* Kaapstad: Human & Rousseau.

Pretorius, SP 1986. *Die kerkvereniging van 1885. Sy aanloop en mislukking.* Ongepubliseerde D.D proefskrif, Universiteit van Pretoria.

Retief, MW 1951. *Herlewings in ons geskiedenis.* Kaapstad.

Schoeman, K 1996. *JJ Kicherer en die Vroeë Sending, 1799-1806.* Kaapstad: SA Biblioteek.

Schoeman, K 1997. *Dogter van Sion. Machtelt Smith en die 18de-eeuse samelewing aan die Kaap, 1749-1799.* Kaapstad: Human & Rousseau.

Scholtz, GD *1956. Die Geskiedenis van die Nederduitse Hervormde of Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika 1842-1885.* Kaapstad: NG Kerk-Uitgewers.

Scholtz, GD 1956. *Die Geskiedenis van die Nederduitse Hervormde of Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika 1885-1910.* Johannesburg.

Schoon, HF 1916. *Ons Kerk Album.* Kaapstad: Maatschappij BPKT.

Sleigh, D 1993. *Die Buiteposte. VOC-buiteposte onder Kaapse Bestuur, 1652-1795.* Pretoria: HAUM Uitgewers.

Smit, AP 1952. *Die Abraham Kriel-kinderhuis vier sy Jubelfees 1902-1952.* Johannesburg.

Smith, NJ 1972. *Die planting van afsonderlike kerke vir Nie-Blanke bevolkingsgroepe deur die Nederduitse Gereformeerde kerk in Suid-Afrika.* (Ongepubliseerde D.D-proefskrif), Universiteit van Pretoria.

Smith, NJ, Geldenhuys, FE O'Brien & Meiring, P (reds)1981. *Stormkompas.* Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers.

Spoelstra, B 1963. *Die Doppers in Suid-Afrika 1760-1899.* Kaapstad: Nasionale Boekhandel.

Spoelstra, C (red) 1906-1907. *Bouwstoffen voor de Geschiedenis der Nederduitsch Gereformeerde Kerken in Zuid-Afrika.* (Deel 2). Amsterdam-Kaapstad: HAUM.

Steyn, JC 1998. *Van Wyk Louw. 'n Lewensverhaal. Dele I en II.* Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers.

Stoker, HG & Vorster, JD 1941. *Koers in die Krisis.* Stellenbosch: Pro Ecclesia.

Strauss, PJ 1983. *Die Ned Geref Kerk en die Gereformeerde Kerke in Nederland: betrekkinge rondom die Suid-Afrikaanse rassevraagstuk.* (Ongepubliseerde D.D-proefskrif), Universiteit van Pretoria.

Van Broekhuizen, HD 1922. *Die wordingsgeskiedenis van die Hollandse kerke in Suid-Afrika, 1652-1804.* Pretoria: JH de Bussy.

Van Heerde, GL 1951. *Twee Eeue van Sendingwerk. 'n Oorsig oor ons Kerk se sendingwerk in Suid-Afrika 1652-1857.* Kaapstad.

Van der Merwe, WJ 1936. *The Development of Missionary Attitudes in the Dutch Reformed Church in South Africa.* Cape Town: Nasionale Pers.

Van der Vyver, GCP e.a. 1959. *Die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika 1859-1959.* Johannesburg: Dagbreekpers Beperk.

Van der Watt, PB & Hanekom TN 1974. *Na 150 jaar. Op die sinodale weg van die Nederduitse Gereformeerde Kerk.* Kaapstad.

Van der Watt, PB 1976-1987. *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1652-1975* (4 bande). Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Van Jaarsveld, FA 1971. *Van Van Riebeeck tot Verwoerd, 1652-1966.* Johannesburg.

Van Jaarsveld, FA 1979. *Die Evolusie van Apartheid.* Johannesburg.

Van Zijl, WJ 1992. *Van skeepskis tot wakis tot boekrak.* Kaapstad: Lux Verbi.

Visagie, JC 2000. *Voortrekkerstamouers.* Pretoria: Unisa.

Vorster, JD 1981. *Die Kerkregtelike Ontwikkeling van die Kaapse Kerk onder die Kompanjie 1652-1795.* Kaapstad: NG Kerkuitgewers.

Vorster, J M 1981. *Die kerk en die kleurvraagstuk vandag.* Johannesburg: De Jongh.

Wallis, F 2000. *Nuusdagboek. Feite en Fratse oor 1000 Jaar.* Kaapstad: Human & Rousseau.

PERIODIEKE PUBLIKASIES

*1. Kerkbode* (sedert 1849)

*2. Jaarboek van die Nederduitse Gereformeerde Kerke* (sedert 1850)

*3. Voorligter* (1937-1999)

*4. Lig* (sedert 1999)

*5. NG Teologiese Tydskrif* (sedert 1959)

*Titelblad van die 'Catalogus' van Joachim von Dessin se 'gehele biblioteecq' van 3 856 volumes wat hy in 1761 aan die Caabsche Kerk bemaak het as 'grondslag van eene publicque biblioteecq, ten nutte van 't algemeen …' Die versameling het in 1820 die kern gevorm van die huidige Nasionale Biblioteek van Suid-Afrika.*

*NG KERKARGIEF, KAAPSTAD. FOTO: J VAN DER POLL*

# Beknopte Register

Abraham Kriel-kinderhuis, 75, 81
Ackerman, ds DP, 150, 151
Afrikaanse Gereformeerde Bond, 222
Afrikaanse Protestantse Kerk, 25, 217, 231, 238
Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging (ATKV), 181
Afrikanerbond, 22, 142
Afrikaner-Broederbond, 153
Albertyn, ds JR, 169, 171
Algemene Jeugkommissie, 100
Algemene Kommissie vir Ampsbediening en Evangelisasie, 206
Algemene Kommissie vir die Diens van Barmhartigheid (AKDB), 166, 224
Algemene Kommissie vir Getuienisaksie, 221
Algemene Sendingkommissie, 185, 201
Algemene Sinodale Kommissie, 215, 219, 224, 234
Algemene Sinode, 24, 102, 107, 163, 197, 198-199, 201, 206, 208, 210, 214, 215, 216, 217, 218, 221, 222, 223, 224
Algemene Sondagskoolkommissie, 100
Alheit-sendingstasie, Zimbabwe, 177
Andrew Murrayprys, 205, 239
Anglo-Boereoorlog, 22, 23, 125, 140, 152, 153, 156-157, 158, 160-161, 164, 198, 243
Anreith-kansel, 19, 57, 65, 66, 215
Armesorg, 166
Armesorgkommissie, 131
Back, Ernestus, 33, 42
Backerius, ds Johannes, 18, 31, 56
Bam, ds Gustav, 67, 213
Barnard, prof AC, 205, 238
Barnard, eerw Adam, 115, 221
Bataafse bewind, 19, 29, 43, 63, 76, 108
Bax van Herentals, goew J, 35, 39
Beaufort-Wes, 115, 145, 221
Belydenis van Belhar, 25, 197, 212-213, 221, 236
Berlynse Sendinggenootskap, 20
Berrangé, ds Jan C, 86, 87
Bijbelvereeniging, 82-83
Bloedrivier, Slag van, 20, 95, 96
Bloemfontein-gemeente, 21, 127, 211
Boesak, dr Alan, 213, 230
Borcherds, ds Meent, 49, 59, 86, 87
Bosch, ds David, 79, 197, 209
Bosman, ds HS, 151, 154
Botha, dr Willie, 231, 232
Brand, ds Herbert, 67, 109, 209
Britse Besetting, Eerste, 13, 19
Britse Besetting, Tweede, 29, 43, 86
Burger, Coenie, 196, 226, 237
Burger, ds AJV, 199, 204
Burgers, ds (later pres) TF, 122-123, 142, 172
Burgersdorp-gemeente, 85, 117
BUVTON, 101, 170, 215
Bybel in Afrikaans, 25, 83, 174-175
Bybelgenootskap van Suid-Afrika, 82-83
Bybelkor, 25, 101, 204
Bybel-Media, 204
Cala, 85
Calvinia-gemeente, 117, 144
Calvinisme, 47, 48, 55, 64, 70, 71, 78, 118, 121, 159
Calvyn, Johannes, 12, 13, 54, 214
Carnegieverslag, 166, 225
Carstens, ds Cassie, 199, 239
Christelijke Jongelieden Vereniging, 22, 132
Christelike Instituut, 24, 25, 197, 208
Christelike Lektuurfonds (CLF), 205
Christelike Strewersvereniging, 132
Christelik-Nasionale Onderwys, 161
Christen-Netwerkgroep (CNW), 111, 205
Christen-Studentevereniging (CSV), 132-133
Christian Reformed Church (Tiv-sinode), 140
Cilliers, Sarel, 94, 96
Cloete, prof TT, 238, 239
Coertzen, prof Pieter, 199, 219, 222
Coetzee, ds PSZ, 185, 195, 199, 210
Cottesloe-beraad, 194, 197, 208, 209, 218
Cradock-gemeente, 85, 119
De Chavonnes, goew Maurits, 39, 42
De Klerk, mnr FW, 25, 119, 219, 223, 231
De la Bat, dr BJG, 146-147
De la Bat, ds G, 146-147
De Mist se kerkorde, 19, 57, 69, 71, 76-77, 86, 102, 106, 114
De Mist, komm JA, 29, 36, 42, 76
De Villiers, dr Dawie, 189, 217
De Villiers, ds WP, 142, 143
De Vos, prof PGJ, 117, 156
*De Zuid-Afrikaan*, 89, 174
Decoligny, 85, 154
Diakoniefonds, 36, 60
*Die Kerkbode*, 51, 75, 110-111, 117, 123, 144, 156, 163, 173, 180, 182, 197, 209, 212, 219, 223, 226, 236
*Die Nuwe Halleluja*, 187
Dienste van barmhartigheid, 164
Dingaansdag, 96
Dinganestat-sendingstasie, 125
Doppers, 13, 14, 118
Dordrecht, Sinode van, 15, 90, 92, 119
Dordtse kerkorde, 14, 63, 127
Drakenstein-gemeente, 44, 54-55, 58, 62, 72
Du Plessis, prof J, 15, 23, 24, 79, 110, 158, 159, 163, 172-173, 178
Du Toit, ds SJ, 137, 142, 160
Du Toit, prof JD (Totius), 175, 187, 238
Dutch Reformed Church in Botswana, 138
Dutoitspan-gemeente, 129
Edmonds, John, 69, 72
Edwards, William, 69, 72
Eerste Wêreldoorlog, 23, 164
Efata Skool vir Blindes en Dowes, 85
Emmanuel-gemeente van die RCA, Sydenham, 203
Eva (Krotoa), 18, 34, 38, 44, 220
Evangelies Gereformeerde Kerk in Afrika, 141
Evangeliese gesange, 91, 118, 121, 186
Evangeliese stroming, 14, 75, 79, 121, 159
Faure, dr PE, 43, 110
Faure, ds (later dr) Abraham, 21, 43, 47, 69, 71, 73, 75, 86, 87,110, 190
Federale Armesorgraad, 163, 166
Federale Evangelisasieraad, 163
Federale NG Sendingraad, 163, 177, 200
Federale Raad van NG Kerke, 162, 163, 188, 198, 199, 200, 231
Federale Sondagskoolkommissie, 163
Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings (FAK), 181
Fleck, ds C, 47, 83
Fort de Goede Hoop, 33, 34, 35, 38
Fraser, ds Colin, 47, 78, 79
Gaum, dr Frits, 111, 185, 205, 219, 222
Gekombineerde Kerkvergadering, 19, 45, 60, 62, 86
Gelofte, 20, 96
Geloftedag, 97, 142, 221
Geloftekerk, 53, 95, 97
*Geloof en protes*, 217
Genadendal (Baviaanskloof), 45, 59, 69, 93
Gerdener, prof GBA, 177, 187, 202
Gereformeerde Ekumeniese Sinode, 15,24, 231
Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, 91, 118-119, 150, 194, 197, 238
Gereformeerde tradisie, 12, 36, 47, 55, 74, 103, 118, 122, 196, 234-235
Goddefroy, ds MJ, 150, 151
Goeie Nuus Media (GNM), 204
Gonin, H, 21, 141
Graaff-Reinet, 41, 70, 73
Graaff-Reinet-gemeente, 29, 86, 114, 188
Grey, sir George, 21, 43, 75, 84
Groenewald, prof EP, 163, 179, 198, 199
Groot Griep, 161, 164, 169
Groot Trek, 74, 84, , 94-95, 96-97, 98, 100, 102, 104, 107, 119, 124, 180, 181
Groote Kerk, 29, 37, 39, 56-57, 63, 86, 87, 89, 90, 149
Hager, Carl Otto, 51-52, 65,
Heidelberg (Transvaal), 151, 188
Heidelbergse Kategismus, 12, 18, 42, 107, 123, 169
Here XVII, 36, 55, 63, 64
Herrnhut, 58-59
Hervormingsdaggetuienis, 209
Heyns, ds SP, 69, 110, 112
Heyns, prof JA, 25, 179, 180, 181, 185, 209, 222, 226, 231
Hoets-orrel, 90-91
Hofmeyr, ds (later prof) NJ, 14, 66, 110, 117, 132, 133, 144, 188
Hofmeyr, ds JM, 139, 185
Hofmeyr, eerw Stephanus, 138, 139, 141, 221
Huet, ds DPM, 114, 124, 125
Hugenote Gedenksaal, 47, 87, 174, 198, 199
Hugenote Kollege, 130, 165, 204, 217
Hugenote Seminarie, 130-131
Hugenote, 12, 54-55
Hulsenaar, ds P, 35, 39
Igreja Reformada en Moçambique, 141
Indian Reformed Church, 176
Instituut vir Blindes, 22, 147
Instituut vir Dowes, 22, 147
Jaar van Hoop, 197, 234
Jannasch, FW, 91, 186
Janssens, goew, 42, 76
Jeugraad, 163
Jeug-tot-jeugaksie, 206
Johannesburg-gemeentes, 153, 169
Jonker, prof Willie, 79, 195, 209, 218, 219, 226
Kaapse Kerk, 12, 20, 29, 38, 41, 44, 63, 71, 92, 95, 102, 106, 113, 116, 126, 142, 162, 190, 221
Kaapse Sinode, 103, 112, 117, 120, 121, 126, 129, 138, 140, 144, 146, 162, 164, 180, 192, 194, 198, 212
Kaapstad-gemeente, 29, 53, 63, 86, 88, 90, 101, 102
Kakamas-besproeiingskema, 36, 164, 165
Kalden, ds Petrus, 19, 35, 41, 44, 56, 67, 93
Kasteel, 29, 35, 47, 53, 56, 171
Keet, ds (later prof) BB, 79, 111, 173, 175
*Kerk en samelewing*, 25, 111, 115, 195, 197, 209, 216, 222, 224
Kerk van Midde-Afrika (Presbiteriaans), 138, 185, 200
Kerkjeugaksie, 132, 206
Kerkjeugvereniging, 132
Kestell, ds (later dr) JD, 75, 127, 129, 156-157, 158, 160, 161, 162, 175, 180, 181, 211
Kicherer, eerw (later ds) JJ, 45, 69, 71, 72
Kimberley-gemeente (New Rush), 128-129
Kinderbybel, 175
Klassis van Amsterdam, 12, 13, 45, 46, 58, 62, 64, 86
Kleynhans, prof EPJ, 209, 211, 215, 237
Kolver, ds A, 19, 65
Kommissie vir Versoening, Armoede en Morele Herstel, 234
Konferensie vir vrouepredikante, 215
Konvent van Eenheid, 177, 221, 236
Kotze, ds (later dr) JJ, 29, 67, 83, 122-123, 172
Kotze, ds JCG, 125, 169
Kriel, ds Abraham (AP), 36, 75, 81, 129, 153, 156-157, 160
Kruger, pres SPJ, 23, 66, 119, 142, 188, 229
Landman, prof Christina, 215
Langlaagte-weeshuis, 81, 161, 164
Laudium Verklaring, 203
Le Sueur, ds FC, 47, 60, 62, 63
Leonard, eerw EJ, 193
*Liedboek van die kerk*, 25, 83, 91, 121, 134, 180, 187, 231, 238-239
*Lig*, 111, 204
Lindley, eerw Daniel, 95, 98, 104-105
Loedolff, HH, 29, 122, 123
Loedolff-saak, 75, 107, 112, 122-123, 124, 126, 172, 198
Londense Sendinggenootskap, 19, 69, 72, 75, 84
Louw, ds AA jr, 127, 139, 141
Louw, ds AF, 157, 160
Lubbe, dr WJG, 111, 189


Lückoff, ds AD, 128, 148, 149
Luther, Martin, 15, 54, 180
Lutherse Kerk, 13, 19, 64-65, 66, 73, 80, 108
Lutz, eerw Japie, 36, 75, 165
Lux Verbi.BM, 204, 239
MacKidd, eerw Alexander, 21, 138, 141
Madzimoyo, 184
Magdalena-tehuis, 37
Magwero-sendingstasie, 139, 185
Malan, dr DF, 162, 188-189, 198, 243
Mandela, mnr Nelson, 67, 195, 219, 221, 235
Mankadan, Sybrand, 41, 48
Marais, prof Ben, 79, 189, 223
Marquard, ds L, 20, 123, 220
Meiring, ds AM, 60, 195
Meiring, ds PGJ, 111, 153
Minnie Hofmeyr-skool, 23, 154
Mochudi-sendingstasie, 138
Moederkerk, Kaapstad, 90-91, 93
Moffat, eerw R, 20, 69
Möller, mev Margaretha A, 72, 80-81
Mooirivier-gemeente, 105
Moorrees, ds Le Febre, 61
Moorrees, prof Adriaan, 61, 156, 161, 173
Morawiese sending, 12, 19, 45, 58-59, 68-69
Moreletapark-gemeente, 227
Morgan, ds George, 47, 78, 83
Morgenster-sendingstasie, 127, 139, 141
Mouton, prof Elna, 215
Mphatso-sendingstasie, 141
Murray jr, dr Andrew, 21, 43, 67, 73, 75, 79, 105, 112, 120, 130, 138, 140, 155, 156, 159, 163, 172, 199, 211
Murray sr, ds Andrew, 14, 20, 47, 57, 71, 78, 87, 109, 114
Murray, ds (later prof) J, 14, 79, 85, 105, 117, 175
Murray, ds Charles, 71, 128, 215
Murray, ds W, 36, 146
Murray, eerw A, 138, 141
Mvera-sendingstasie, 138, 141, 185
Natalse Sinode, 22, 124-125
Naude, prof Piet, 227, 234
Naude, dr Beyers, 71, 79, 188, 197, 208, 219, 223, 230, 233
Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, 21, 105, 112-113, 142, 150, 194, 197, 231, 238
Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerk, 22, 150
Nederlandse Bybelgenootskap, 82
Nederlandse Geloofsbelydenis, 12, 18
Nederlandse Sendinggenootskap, 69, 94
Neethling, ds HL, 150, 151
Neethling, ds JH, 49, 112, 150, 180, 185, 215
Nel, ds Paul, 162, 178, 179
NG Bantoekerk in Kaapland, 176
NG Kerk in Afrika, 14, 24, 141, 201, 212, 219, 223, 236
NG Kerk in Benue, Nigerië, 200
NG Kerk-Uitgewers, 83, 204, 239
NG Sendingkerk van die OVS in Rhodesië, 139-140, 184
NG Sendingkerk, 14. 73, 129, 144-145, 163, 176-177, 212, 219, 221, 231, 236
Nicol sr, ds W, 153, 169, 182, 183, 187
Nkhoma-sendingstasie, 138
Normaalskool vir onderwysstudente, Kaapstad, 22, 43
*Ons weet aan wie ons behoort*, 196
Ope brief aan die NG Kerk, 197, 209
Ordonnansie nr 50, 20, 114
Ordonnansie nr 7, 29, 106, 126, 162, 198
Ordonnansie nr 9, 162
Ossewabrandwag, 158, 182
Ossewatrek, 24, 181
Pauw, eerw J, 144, 145
*Perspektief op die Ope Brief*, 197, 209, 216, 217
Philip, dr John, 20, 69, 75
Pietermaritzburg-gemeente van die RCA, 203
Pietermaritzburg-gemeente, 21, 101
Politieke Raad, 28, 42, 46, 48, 60, 63, 64, 86
Postma, ds Dirk, 118
Potchefstroom-gemeente, 104-105, 113, 163
Potgieter, prof Pieter, 185, 199, 211, 218
Predikanten Zending Vereniging, 37, 138
Presbiteriaanse Kerk van Suidelike Afrika, 179
Prins Albert-gemeente, 53, 112
*Pro Veritate*, 197
*Psalm- en Gesangeboek*, 24, 83, 91, 134, 175, 180, 186-187, 238, 239
Raad van Nederduits Gereformeerde Kerke, 23, 162
Raad vir Bestryding van Maatskaplike Euwels, 163
Rabie, ds C, 36, 146
Randse Jeugkommissie, 132
*Ras, volk en nasie*, 25, 114, 195, 208, 216
Rebellie, 158, 162, 164
Reddingsdaadbond, 153, 158
Reformed Church in Africa, 14, 129, 202-203, 212, 236, 241
Reformed Church in Zambia, 140, 184
Reformed Church of East Africa, 141
*Reis met apartheid*, 196, 197
Rietvlei-sendingstasie, 85
Robertson, ds W, 114, 120, 121
*Rondom die erediens*, 169
Roodezand, 19, 41, 42, 60-61, 63, 73, 220
Roux, ds (later genl) Paul (PH), 157
Rustenburg-beraad, 25, 218-219, 222
Rynse Sendingkerk-gebou, Stellenbosch, 93, 114, 145,
SA Bond van Gereformeerde Kerke, 230
SA Gemeente Londen, 229
SA Gestig, 73, 93
SA Gestig-gemeente, 73, 213
SA Kinderhuis, 81
SA Raad van Kerke (SARK), 24, 202, 222, 230, 237
SA Sendinggenootskap, 19, 69, 72-73, 220
Schmidt, Georg, 12, 44, 58-59
Schoon, ds HF, 125, 162
Schröder, eerw CHW, 36, 165
Sendinginstituut, 177, 221
Serrurier, ds JP, 60, 69, 80
Shand, ds R, 61, 115, 145
Shona Gereformeerde Kerk, 200
Simfonie van Hoop, 155, 235
Simond, ds Pierre, 49, 55, 62
Sinodale Jeugkommissie, 133
Sinodale Kommissie vir die Diens van Barmhartigheid, 37
Sinode van Midde-Afrika (SMA van die NG Kerk), 193, 214
Sinode van Namibië, 192
Sinode van Versoening, 25, 222-223
Skool vir Blindes, 146
Skool vir Dowes, 146
Skots-Presbiteriaanse Kerk, 13, 47, 78-79
*Skrifgesag en Skrifgebruik*, 111, 196
Smit, eerw PJ, 139, 185
Smit, Erasmus, 94-95
Smit, mev Machtelt, 68, 69
Smit, prof Dirkie, 213, 219
Smith, ds A, 47, 87
Smith, prof Nico, 197, 209
Smuts sr, dr Mike, 199, 206, 207
Snyman, ds Dwight (DR), 172, 173
Somerset, lord Charles, 13, 20, 46, 75, 78, 79
Spies, Stephan, 204, 239
Spijker, ds J, 114, 115, 144
St Stephens-gemeente, 21, 67, 93, 108-109, 202
Statebybel, 82-83, 174, 180, 186
*Status confessionis*, 25, 197, 212-213,
Stegmann, ds GW, 73, 108, 109, 129
Stellenbosch Moederkerk, 39, 50-53
Stellenbosch-gemeente, 48-49, 58, 86, 88
Steyn, mev Tibbie, 161
Steyn, pres MT, 23, 99, 161, 185, 188
Steytler, ds AI, 66, 162, 163
*Stormkompas*, 197, 209
Strewersunie van die NG Kerk, 132
Sutherland, ds Henry, 47, 78, 79
Swanepoel, ds Freek, 219, 230, 232, 238, 239
Swellendam, 41, 70-71, 73
Swellendam-gemeente, 19, 114
Swellengrebel, goew, 39, 59, 60, 71
Teologiese Fakulteit van die Nederduitch Hervormde Kerk, 178-179
Teologiese Fakulteit, UOVS, 25, 210-211
Teologiese Fakulteit, UP, 24, 178-179, 223
Teologiese Kweekskool, US, 21, 43, 47, 49, 75, 87, 116-117, 123, 172, 173, 177, 178, 237
Teologiese Skool van die Gerformeerde Kerke, 187
Thom, dr G, 46, 79, 87, 146
Transvaalse Sinode, 132, 141, 153, 194
Treurnicht, dr AP, 111, 134, 189, 209
Truter, sir JA, 73, 86
Tulbagh, goew Rijk 19, 38, 39, 60, 65, 89
Tulbagh-gemeente (Roodezand), 19, 39, 54, 60, 61, 63, 115
Tussenkerklike Kommissie, 181, 231, 239
Tutu, biskop Desmond, 218, 219, 231, 232, 233
Uitenhage, 77
Valleisig-gemeente, 67, 177
Van Arckel, ds Joannes, 18, 33, 34, 35, 46, 56
Van de Graaff, goewerneur Cornelis Jacob, 71
Van der Hoff, ds Dirk, 13, 105, 112-113, 118, 119
Van der Kemp, dr JT, 19, 69, 72
Van der Lingen, ds GWA, 110, 112, 120, 121, 210
Van der Merwe, dr AJ, 67, 190, 195, 199
Van der Spuy, ds P, 47, 63, 190, 191
Van der Stael, Pieter, 32, 42
Van der Stel, goewerneur Simon, 18, 39, 48, 50, 56
Van der Stel, goewerneur Willem Adriaen, 19, 35, 41, 44, 55, 67, 70
Van der Westhuysen, ds Kobus, 66, 195, 219, 222, 239
Van Imhoff, baron Gustaf, 19, 42, 60, 61, 64
Van Lier, ds Helperus Ritzema, 47, 66, 68, 80, 220
Van Meerhoff, Pieter, 34, 44
Van Reede tot Drakestein, Hendrik Adriaan, 35, 42, 48, 55, 92
Van Reede van Oudtshoorn, baron Pieter, 38
Van Riebeeck, Johan Anthoniszoon (Jan), 18, 27, 31, 44, 77, 190
Van Riebeeck, Maria (De la Quellerie), 30-31, 154
Van Riebeeck-gebed, 31, 44
Van Rooyen, prof EE, 172, 173, 175
Van Warmelo, ds NJ, 142, 150
*Veelvormigheid en eenheid*, 209
Verenigde Oos-Indiese Kompanjie (VOC), 12, 15, 19, 26-27, 28, 30, 34, 37, 39, 40, 46, 47, 48, 54, 63, 68, 70, 75, 76, 92, 160, 164
Verenigende Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika (VGKSA), 25, 125, 141, 193, 197, 213, 215, 221, 236, 238, 241
Vergenoeg-sendingstasie, Kenia, 141, 171
Verwoerd, dr HF, 24, 164, 189, 195, 209
Vigsburo, 131
Vlok, eerw TCB, 138, 141
Volkskongres, 164, 165
Von Manger, ds JH, 70-71, 87
Voortsettingskomitee, 223
Vorster, dr JD, 158, 172, 182, 192, 199, 207, 209
Vos, ds MC, 19, 61, 68, 69, 72, 73, 220
Vrouediens, 154-155
Vrouemonument, 23, 159, 161
Vrouesendingbond, 154-155, 214
Vrystaatse Sinode, 22, 126-127, 141, 183, 185, 210, 214
Waarheid-en-versoeningskommissie, 25, 219, 232-233
Wagenaer, kommandeur Zacharias, 33, 34, 35
Warneck, Gustav, 197, 221
Wellington-gemeente, 131, 145
Wêreldbond van Gereformeerde Kerke, 25, 202, 212, 222, 230
Wêreldraad van Kerke, 15, 24, 194, 200
Wesleyaanse sending, 84, 94
Wetten en Bepalingen, 102-103
Wijland, Willem Barendtszoon, 18, 31, 32, 42, 44
Winburg-gemeente, 98-99, 163
Worcester-gemeente, 120, 121, 168
Zandvliet, 44, 93
Zwartland-gemeente, 19, 41, 42, 54, 60-61



*Hierdie gedenkboek vertel die N G Kerk se verhaal oor 350 jaar van gereformeerde kerkwees. Die hoofmomente, met suksesse en tekortkominge, word openhartig deur meer as 50 kenners in 100 bakens toegelig. Sowat 650 foto's en afbeeldings, asook feiteflitse, 'n galery van kerkfigure en 'n tydlyn gee 'n insiggewende visuele beeld. N G Kerk 350 bied 'n sleutel tot die verstaan van die rol van die N G Kerk en sy verwante kerke, nie net in die verlede nie, maar ook vandag en in die toekoms. Dit is 'n boek vir elkeen wat in ons land en sy erfenis belang stel.*

350 JAAR GEREFORMEERD · DIE HOOP BESKAAM NIE ·

FEESJAAR 2002



LUX VERBI.BM